


*Die
Grammatika van
Standaard-Afrikaans*

J L van Schoor



*Die Grammatika van
Standaard-Afrikaans*

Die Grammatika van Standaard-Afrikaans

JL van Schoor



LEX PATRIA

Lex Patria Uitgewers, Kaapstad en Johannesburg
Kopiereg © 1983
Alle regte voorbehou
Eerste uitgawe, eerste druk 1983

Geset, gedruk en gebind deur
Galvin & Sales, Kaapstad

ISBN 0 628 02389 8

VOORWOORD

As daar nou een ding is waaraan Afrikaans 'n behoefte het, is dit 'n omvattende beskrywende grammatika, breed opgeset maar met fyn aandag aan alle detail. Hierdie grammatika van J.L. van Schoor is 'n belangrike baken op die pad soontoe. Dis 'n saamgroepering van baie van ons huidige grammatikale kennis, spesifiek opgestel om vir onderwysers en studente van diens te wees. Met hierdie oorsig het die skrywer reuswerk gedoen, en veral het die Sintaksis aandag gekry, wat 'n weerspieëling is van die feit dat die Afrikaanse sintaktiese beskrywing sedert die middeljare van Sestig die meeste aandag van alle taalkundige dissiplines hier te lande ontvang.

Die grammatika is tradisioneel of ook soos die manne deesdae sê taksonomies opgestel. Maar daar is 'n eenheid van beskrywing in, met baie goed geordende en verantwoorde gegewens. Die grammatika is natuurlik ook hoofsaaklik normatief, maar daar word versigtig voorskrywend te werk gegaan. Dit gaan tog oor die standaardgrammatika en die standaard is maar uit sy aard normatief, alhoewel baie beskrywers die teendeel sou wou beweer.

Ek meen die werk voorsien in 'n belangrike behoefte, en ek wens hom 'n goeie leeftyd toe.

L.C. Eksteen M.A., D. Litt.
Professor in Afrikaanse Taalwetenskap
Universiteit van Pretoria

TER VERANTWOORDING:

'n Grammatika van Afrikaans, die standaardtaal, het nodig geword.

Vandat die onderrig van die grammatika sedert die vroeë vyftigerjare steeds minder aandag in die skool kry, het 'n paar skoolgeslagte daarsonder gematrikuleer en gegradueer. Vir sommige mense het "grammatika" 'n skelwoord geword: die skool beklemtoon "taalgebruik", die universiteit behandel (gewoonlik) die "taalkunde".

Gedurende dieselfde tyd, maar ook sedert 'n paar dekades vroeër, het die taalbeskouing sy werkwyse verander. Daar is tereg weggebreek van die gewoonte om die grammatika van elke taal in te dwing in die patrone wat die klassieke tale (veral Latyn en Grieks) gebied het. Die taalondersoek is op die werklike taalgebruik gebaseer en die taalwetmatighede wat daarin gevind is, is beskryf. Maar dié "werklike taalgebruik" toon velerlei vorme; in elke lewende taal is dit só 'n warboel dat beskrywing onmoontlik word (tensy die beskrywer ook maar weer willekeurig kies wat hy by sy beskrywing wil betrek of wil laat).

In elke taalgemeenskap is daar 'n groot groep wat dié veelheid van vorme in hulle taalgebruik uitgesif het; daar is 'n beskryfbare patroonmatigheid in hulle taal wat vir almal geld. Baie invloede werk op dié siftingsproses in, waarvan die tradisie binne die beskaafde gebruik die belangrikste en die sterkste is. Dit gee dan die standaardtaal, wat hier beskryf word. Dit bring ook die enkele onderskeidings tussen reg en verkeerd (of substandaard) mee.

Dié werk vat hoofsaaklik aanvaarde sieninge saam, hoewel daar enkele eie bevindinge voorkom. Dit is bedoel vir ontwikkelde studente (ook uit ander vakgebiede) wat Afrikaans goed verstaan en nou helderheid op gesigspunte van die grammatika soek. Dit kan egter ewe goed dien om 'n stelselmatige studie van die grammatika te maak; dit begin die taal van voor af ondersoek. Daarom die tradisionele stelwyse en beskouing.

Dit is geen "volledige" grammatika nie; wat ook al as "volledig" beskou kan word, sal 'n veel groter werk vereis en ek laat dit graag aan ander oor! Dit raak egter na my beste wete alle gesigspunte van die beskrywende grammatika aan.

Die werk probeer egter nog twee dinge bereik: dit probeer verklaar — vandaar die soms breë verduidelikings, die kruisverwysings en die terminologielys — en dit probeer konsekwent wees. Dus moes sommige interessante studies en proefskrifte ongebruik bly.

Deur 'n leeftyd se omgang met grammatikas, studies en handleidings word dit later moeilik om te sê waar jy aan 'n sekere insig kom. Die paar belangrikste bronne word ter plaatse genoem; die talle ander het soms ou insigte bevestig, soms nuwe onbruikbare sieninge aangebied maar wel ook waardevolle fasette belig wat verwerking gestimuleer het. In elk van die werke waarna wel verwys word, is daar uitgebreide bronnelyste oor die betrokke veld. Waar nié na werke verwys word nie, is dit juis omdat op dié veld óf nuttige bronne ontbreek, óf die tradisie die hantering bepaal.

INHOUD

Hoofstuk 1: Oriëntering

- 1.1 Wat is die taal wat ons in die taalbeskouing ondersoek? 1
- 1.2 Vorm en betekenis 2
- 1.3 Taaleenheid en taalgebruik: woord en sin 2
- 1.4 Volgorde en plek 4
- 1.5 Funksie 6
- 1.6 Vormelemente 7
- 1.7 Betekeniselemente 8
- 1.8 Die komponente van 'n grammatika 9

DEEL 1: SINTAKSIS EN SINTAKTIESE MORFOLOGIE

Hoofstuk 2: Die ontleding van die sin en sy dele: sinsdele 13

- 2.1 Uiting en sin 13
- 2.2 Konteks 14
- 2.3 Die basiese struktuur van die sin 15
- 2.4 Die sinskern 16
- 2.5 Predisering, werkwoord en predikaat 17
 - (a) Die kopulapredikaat 18
 - (b) Die meerledige predikaat 19
 - (c) Die predikaat met voorsetselwerkwoord 20
- 2.6 Die boustukke van die sin 20
- 2.7 Konstruksies 21
- 2.8 Sinsdele 23
 - 2.8.1 Predikaat en onderwerp 23
 - 2.8.2 Direkte voorwerp 24
 - 2.8.3 Belanghebbende voorwerp 24
 - 2.8.4 Voorsetselvoorwerp 25
 - 2.8.5 Bywoordelike bepaling 25
 - 2.8.6 Samevatting 26
 - 2.8.7 Ander elemente soos: byvoeglike funksie, voorbepalings en nabepalings, besitters 26
 - 2.8.8 Sinstukke buite sinsverband; sinsverbinders, vorm en volgorde van sinsdele nie norme nie 27
 - 2.8.9 Oefening in ontleding 30
- 2.9 Sinstipes 31
 - (a) Stelsin 31
 - (b) Vraagsin 32
 - (c) Bevelsin 32
 - (d) Uitroep 33
- 2.10 Sinsvorm: Aktief en passief 33
- 2.11 Hiërargie in die sinstruktuur 34
 - 2.11.1 Enkelvoudige sinne 34
 - 2.11.2 Newegeskikte sinne 35
 - 2.11.3 Onafhanklike sinne 35
 - 2.11.4 Sinsverbinders 36
 - 2.11.5 Ondergeskikte klouse 36
 - 2.11.6 Onderskikkende voegwoorde 38
 - 2.11.7 Neweskikkende voegwoorde 39
 - 2.11.8 Samevatting 39
- 2.12 Die om-te-infinitiefkonstruksie 41
- 2.13 Volgorde en woordorde 43
 - 2.13.1 Volgorde binne 'n sinsdeel (ander as die predikaat) 43

- 2.13.2 Volgorde van lede van die predikaat 45
- 2.13.3 Volgorde by onderwerp en predikaat: woordorde 46
 - 2.13.3.1 Onafhanklike woordorde 46
 - 2.13.3.1.1 Normale (onafhanklike) woordorde 47
 - 2.13.3.1.2 Omgekeerde (onafhanklike) woordorde 48
 - 2.13.3.2 Afhanklike woordorde 48
- 2.13.4 Volgorde van sinsdele in 'n sin 50

Hoofstuk 3: Die ontleding van die sin in woorde: die woordsoorte 52

- 3.1 Die verhoudingswoorde (voorsetsel en voegwoord) 52
- 3.2 Die werkwoord 53
- 3.3 Die naamwoordgroep (s.nw., b.nw., lidwoord, voornaamwoord, telwoord) 53
- 3.4 Die bywoord 59
- 3.5 Die bepalende sinsdele en woordsoorte: probleme 60
- 3.6 Taaleenhede buite sinsverband 60
- 3.7 Transposisie of funksiewisseling 61
- 3.8 "Grammatiese homonieme" 62
- 3.9 Gronde waarop woordsoorte ingedeel word 62
- 3.10 Ope en geslote woordsoorte 63
- 3.11 Woorsoorte en kategorieë 64

Hoofstuk 4: Die sintaksis van die voorsetsel 67

- 4.1 Die voorsetselkonstruksie 67
- 4.2 Die funksie van die voorsetsel 72
- 4.3 Die betekenis van die voorsetsel 75
 - 4.3.1 Voorsetsels met leksikale semantiese waarde 77
 - 4.3.1.1 Die partitief of deelbegrip 77
 - 4.3.2 Voorsetsels met grammatiese semantiese waardes 78
 - 4.3.2.1 Werkwoorde met voorsetselsupplemente 78
 - 4.3.2.2 Byvoeglike naamwoorde met voorsetselsupplemente 79
 - 4.3.2.3 Groter groepe met vaste voorsetsels 80
- 4.4 Die voorsetsel 'n geslote woordsoort 80
- 4.5 Aantekening oor voorsetsels 81

Hoofstuk 5: Die Sintaksis van die voegwoord 85

- 5.1 Neweskikkende voegwoorde 87
 - 5.1.1 Neweskikkende voegwoorde wat klouse/sinne skakel 87
 - 5.1.2 Neweskikkende voegwoorde wat newegesikte sinsdele skakel 89
 - 5.1.3 Besondere voeg- en ander woorde 90
- 5.2 Onderskikkende voegwoorde 93
 - 5.2.1 Die onderskikkende voegwoord bring afhanklike woordorde teweeg 94
 - 5.2.2 *Dat, of* en die reeks met *-dat* 94
 - 5.2.3 Die onderskikkende voegwoorde; voorbeelde 95

Hoofstuk 6: Die sintaksis van die bywoord 100

- 6.1 Die bepalende bywoorde: adjunkte 102
 - 6.1.1 Tydbywoorde 102
 - 6.1.2 Plekbywoorde, rigting 105
 - 6.1.3 Hoedanigheidsbywoorde 110
 - 6.1.4 Graadbywoorde 111
 - 6.1.5 Ander adjunkte 113
 - 6.1.6 Negatiewe, ontkenning en die komplement *nie* 113
 - 6.1.7 Volgorde van bywoorde in sinne 113
- 6.2 Bywoorde wat skakel; konjunkte 115
- 6.3 Bywoorde wat 'n houding van die spreker gee: disjunkte 119
 - 6.3.1 Sintaktiese verskynsels 120
 - 6.3.2 Semantiese groepering 121

6.4 Voorbeelde uit natuurlike taalgebruik 123

Hoofstuk 7: Die sintaksis en morfologie van die werkwoord 125

- 7.1 Vormkategorieë by die predikaat 127
 - 7.1.1 Die presens 127
 - 7.1.2 Die perfek 127
 - 7.1.3 Die imperfek *was* 128
 - 7.1.4 Modale predikate 128
 - 7.1.5 Die finiete werkwoord 129
 - 7.1.6 Samevatting: die vormkategorieë 130
- 7.2 Betekeniskategorieë by die predikaat 130
 - 7.2.1 Tyd 131
 - 7.2.1.1 Die teenwoordige tyd 131
 - 7.2.1.2 Die verlede tyd 132
 - 7.2.1.2.1 Verlede tyd met perfek en modale predikate 132
 - 7.2.1.2.2 Verlede tyd met “historiese presens” 132
 - 7.2.1.2.3 “Die kwasie-lopende beskrywing” met presens 135
 - 7.2.1.2.4 Chronologiese geskiedenisopsomming met presens 135
 - 7.2.1.2.5 Die “toekoms in die verlede” 136
 - 7.2.1.3 Die toekomende tyd 136
 - 7.2.1.4 Buitetydse gebruik 137
 - 7.2.2 Aspek 138
 - 7.2.2.1 In hoofsinne 138
 - 7.2.2.2 In bysinne 138
 - 7.2.3 Modaliteit 140
 - 7.2.3.1 Modale leksikale betekenis 141
 - 7.2.3.2 Modale grammatiese betekenis: wyse (modus) 141
 - 7.2.4 Samevatting: vorm- en betekeniskategorieë by die predikaat 142
 - 7.2.4.1 Van die betekenis uit gesien 142
 - 7.2.4.2 Van die vorm uit gesien 143
 - 7.2.5 Die imperfek (*was, wis, had, dag/dog*) 144
 - 7.2.5.1 Die gebruik van imperfekte en modale predikaattipe *kon doen* 145
 - 7.2.6 Voorbeelde uit natuurlike taalgebruik 145
- 7.3 Die gebruik van modale hulpwerkwoorde 147
 - 7.3.1 Betekenis by modale hulpwerkwoorde 148
 - 7.3.1.1 Primêre betekenis 148
 - 7.3.1.2 Sekondêre betekenis 150
 - 7.3.2 Semantiese kategorieë en predikate met modale patroon 151
 - 7.3.2.1 As modaliteit neutraal is 152
 - 7.3.2.2 Meer as een modale hulpwerkwoord 153
 - 7.3.2.3 Modale predikate in die passief 154
 - 7.3.2.4 Die irrealis 154
 - 7.3.2.5 Aanvaarding (“Logiese hipotese”) 155
 - 7.3.2.6 Twee verboë vorme saam 156
 - 7.3.2.7 Voorwaardesinne en die kondisionalis 157
 - 7.3.2.8 Samevatting: Voorbeelde uit natuurlike taalgebruik 160
- 7.4 Ander predikaatkonstruksies 161
 - 7.4.1 Koppelwerkwoord en predikatief 162
 - 7.4.2 Die voorsetselwerkwoord 162
 - 7.4.3 Die meerledige predikaat 162
 - 7.4.3.1 Bywoordsupplemente 163
 - 7.4.3.2 Byvoeglike naamwoorde as supplemente 164

- 7.4.3.3 Selfstandige naamwoorde as supplemente 164
- 7.4.3.4 Voorbeelde 164
- 7.4.4 Veelvoudige predikate 167
 - 7.4.4.1 *Bly* (doen) 167
 - 7.4.4.2 *Gaan, loop, kom* (doen) 167
 - 7.4.4.3 *Begin, probeer* (doen) 168
 - 7.4.4.4 *Aanhou, ophou* (doen) 169
 - 7.4.4.5 *Staan, sit, lê* (dink) 170
 - 7.4.4.6 *Leer, help* / (doen) 170
 - 7.4.4.7 *Laat, maak* (doen) 170
 - 7.4.4.8 *Hoor, sien, voel, ruik* (brand) 171
 - 7.4.4.9 *Kry* (lê) 172
- 7.4.5 Werkwoordelike hendiadis (*sit en slaap*) 173
- 7.4.6 *Ge- (doen) kom/raak/kry/hê* 174
- 7.4.7 *Gaan / raak / maak / kry aan die (lag)* 175
- 7.4.8 *Aan die (werk) wees / bly* 175
 - besig wees met / om te (doen) 175
- 7.4.9 *Vat-vat* 176
- 7.5 Sinsvorm: aktief en passief 176
 - 7.5.1 Die korrelasie: aktief $\neq$ passief 177
 - 7.5.1.1 Volkome omsetting 177
 - 7.5.1.2 Onvolkome omsetting 178
 - 7.5.2 Voorkeure by aktief $\neq$ passief 179
 - 7.5.2.1 Passiewe sonder aktief-korrelate 179
 - 7.5.2.2 Aktiewe sonder passief-korrelate 180
 - 7.5.2.3 Sinsvorme met *wil* 181
 - 7.5.2.4 Sinsvorme by voorsetselwerkwoorde 182
 - 7.5.2.5 Stilistiese oorwegings by keuse van sinsvorm 182
 - 7.5.3 Passief $\neq$ toestand 182
 - 7.5.4 Ander passiefkonstruksies 183
 - 7.5.5 Passiefvorm met aktiefbetekenis 184
- 7.6 Groepering van werkwoorde 185
 - 7.6.1 Oorganklike $\neq$ onoorganklike werkwoorde 186
 - 7.6.1.1 Oorganklike wwe. mèt en sonder voorwerp 186
 - 7.6.1.2 Die "sintuiglike" werkwoorde: homonimie of polisemie? 187
 - 7.6.1.3 "Gewone" werkwoord $\neq$ meerledige predikaat 187
 - 7.6.1.4 Homonieme 188
 - 7.6.1.5 Mediale werkwoorde 188
 - 7.6.1.6 Tipe: "Die motor ry lekker" 188
 - 7.6.1.7 Tipe: "Die wind waai sy koring plat" 189
 - 7.6.1.8 Onderskeidings by "voorwerp" $\neq$ byw. bepaling 189
 - 7.6.1.9 Tipe: Hy slaap die slaap van die regverdige 191
 - 7.6.1.10 Voorbeelde 191
 - 7.6.2 Die soorte hoofwerkwoorde 192
 - 7.6.2.1 Die voorsetselwerkwoord 192
 - 7.6.2.2 Die wederkerende werkwoord 195
 - 7.6.2.3 Die onpersoonlike werkwoord 197
 - 7.6.2.4 Die kopula of koppelwerkwoord 198
 - 7.6.2.5 Die gewone hoofwerkwoord 207
- 7.7 Die vorme van die hoofwerkwoord 209
 - 7.7.1 Die infinitief 209
 - 7.7.2 Die presens 211
 - 7.7.3 Die imperfek 212
 - 7.7.4 Die voltooid deelwoord 212

- 7.7.4.1 Die swak voltooide deelwoord 213
- 7.7.4.2 Die sterk voltooide deelwoord 216
- 7.7.5 Die onvoltooide deelwoord 218
- 7.7.6 Die voltooide infinitief 220

Hoofstuk 8: Die sintaksis van die naamwoordkonstruksie: die naamwoordgroep 222

- 8.1 Groepvorming 222
- 8.2 Rangorde binne die konstruksie 222
- 8.3 Drie soorte voorbepalings 223
 - 1 Attributiewe bepalings: byvoeglike naamwoorde
 - 2 Hoeveelheidswoorde
 - 3 Die lidwoordparadigma
- 8.4 Nabepalings 224

Hoofstuk 9: Die sintaksis en sintaktiese morfologie van die selfstandige naamwoord 225

- 9.1 Die funksies wat die s.nw. verrig 225
 - 9.1.1 Funksionele s.nw. 225
 - 9.1.2 Aanhalingsgeval (selfnoemfunksie) 225
 - 9.1.3 Voorsetskonstruksies in nw. funksie 226
 - 9.1.4 Besittersfunksie 226
- 9.2 Naamgewing of benoemingswaarde 227
- 9.3 Transposisie 227
 - 9.3.1 S.nw. $\neq$ ww. 228
 - 9.3.2 S.nw. $\neq$ bw. 229
 - 9.3.3 S.nw. $\neq$ b.nw. 231
- 9.4 Soorte selfstandige naamwoorde
 - Die tradisionele indeling 235
 - 9.4.1 Eiename 236
 - 9.4.1.1 Meestal sonder lidwoord 236
 - 9.4.1.2 Eienaam $\neq$ taaleenheid? 236
 - 9.4.1.3 Eiename met hoofletters begin 237
 - 9.4.1.4 Eienaamkomplekse 237
 - 9.4.1.5 Woordgroepe as eiename 238
 - 9.4.1.6 Lande, volke, b.nw., ens. 238
 - 9.4.1.7 Afwykings 238
 - 9.4.2 Soortname 239
 - 9.4.3 Massaname 239
 - 9.4.3.1 Nie-telbaarheid 240
 - 9.4.3.2 Sonder bepaalde telwoord of 'n 240
 - 9.4.3.3 Geen meervoudsvorm 240
 - 9.4.3.4 Afwykings t.o.v. telwoorde, mv. 241
 - 9.4.4 Maatname 241
 - 9.4.5 "Funksionele" s.nw. 246
- 9.5 Kategorieë van die s.nw. 246
 - 9.5.1 Getal 246
 - 9.5.1.1 Mv. by eie- en massaname 247
 - 9.5.1.2 Enkelvoudsvorm met meervoudsbetekenis 248
 - 9.5.1.3 Meervoudsvorm sonder enkelvoud 249
 - 9.5.2 Verkleinwoorde 250
 - 9.5.3 Geslag 251
 - 9.5.3.1 Korrelasie s.nw. $\neq$ vnw. t.o.v. geslag 252
 - 9.5.3.2 Manlik sluit vroulik in 252
 - 9.5.3.3 Personifikasie by onsydiges 253
 - 9.5.4 "Naamval / Casus" 254

- 9.5.4.1 Besitter 254
- 9.5.4.2 Taalfossiele 254
- 9.6 Sintagmatiese verhoudings by die s.nw. 255
 - 9.6.1 s.nw. + s.nw. 255
 - 9.6.2 s.nw. sonder lidwoord 256
 - 9.6.3 Die s.nw. en konvensionele betekenis 256
 - 9.6.3.1 Werkwoord + s.nw. 256
 - 9.6.3.2 B.nw. + s.nw. 258

Hoofstuk 10: Die sintaksis en sintaktiese morfologie van die byvoeglike nw. 260

- 10.1 Die funksie van die byvoeglike naamwoord 260
 - 10.1.1 Predikatiewe en attributiewe b.nwe. 260
 - 10.1.2 Attributiewe b.nwe. 260
 - 10.1.2.1 Intrinsieke eienskap $\neq$ mening 260
 - 10.1.2.2 B.nw. en sy "saak" 261
 - 10.1.2.3 Attributief vóór of ná 261
 - 10.1.2.4 Net attributief 261
 - 10.1.2.5 Betekenisverskil: net attr. $\neq$ beide attr. en pred. 261
 - 10.1.2.6 Bw. $\neq$ attr. b.nw. 262
 - 10.1.2.7 Die /ə/-verbuiging 262
 - 10.1.3 Predikatiewe b.nwe. 263
 - 10.1.3.1 Net predikatief 263
 - 10.1.4 Afwykende predikatiewe 264
 - 10.1.5 Voorsetselkonstruksies met byvoeglike funksie 265
 - 10.1.6 Nabepalings 266
 - 10.1.7 "Met hande gevou = met gevoude hande" 268
 - 10.1.8 B.nw. + b.nw. 269
- 10.2 Die groep: B.nw. + nw. 269
 - 10.2.1 Konvensionele betekenis 270
 - 10.2.2 Tipe: Musikale stem $\neq$ musiekaand 270
 - 10.2.3 Tipe: Junior en senior 271
 - 10.2.4 Tipe: Silwer skynsel $\neq$ silwerlepel 271
 - 10.2.5 Reekse byvoeglike naamwoorde 272
- 10.3 Kategorieë van die byvoeglike naamwoord 273
 - 10.3.1 Trappe van vergelyking 273
 - 10.3.1.1 Stellende trap 273
 - 10.3.1.2 Vergrotende trap 273
 - 10.3.1.3 Oortreffende trap 274
 - 10.3.1.4 B.nwe. sonder trappe van vergelyking 275
 - 10.3.2 Versterkte vorme 276

Hoofstuk 11: Die telwoord: sy voorkoms en skryfwyse in sinne 278

- 11.1 Soorte 278
- 11.2 Lidwoord $\neq$ telwoord $\neq$ byvoeglike naamwoord 280
- 11.3 Telwoordgebruike 282
 - 11.3.1 Breuke 282
 - 11.3.2 Tydsduur 283
 - 11.3.3 Tydstip 283
 - 11.3.4 Skryfwyse van getalle 284

Hoofstuk 12: Die sintaksis van die lidwoord 285

- 12.1 Die lidwoord in die s.nw.-konstruksie 285
- 12.2 Bepaalde en onbepaalde lidwoord 286
- 12.3 Differensiasie: s.nw. met/sonder lidwoord 287

Hoofstuk 13: Die sintaksis en die morfologie van die voornaamwoord 289

- 13.1 Die persoonlike vnw. 289
 - 13.1.1 Funksies van die persoonlike vnw. 290
 - 13.1.2 "Naamval" 290
 - 13.1.3 Die pers. vnw. *dit* 290
 - 13.1.4 Voornaamwoordelike bywoorde 292
 - 13.1.5 Personifikasie en geslag 293
 - 13.1.6 Tabel 293
 - 13.1.7 Die voornaamwoord *self* 294
- 13.2 Die besitlike vnw. 294
 - 13.2.1 Naamwoordelike gebruik 295
 - 13.2.2 In die lidwoordparadigma 295
 - 13.2.3 Tabel 296
 - 13.2.4 As deiktiese bepaler 296
 - 13.2.5 *Behoort aan* ≠ *behoort tot* 297
 - 13.2.6 *Jou = die, 'n* 297
- 13.3 Die wederkerende voornaamwoord 297
 - 13.3.1 Die vorm 298
 - 13.3.2 Toevallig wederkerende ww. 298
 - 13.3.3 Wederkerende vnw. met *-self* 299
 - 13.3.4 "*Sig*" 300
 - 13.3.5 *Laat* + ww. + wederkerende vnw. 300
 - 13.3.6 Wederk. vnw. by nie-persoonlike vnw. 300
- 13.4 Die wederkerige vnw. 300
- 13.5 Die onpersoonlike vnw. 301
 - 13.5.1 Met die onpersoonlike ww. 301
 - 13.5.2 Met ander ww. 302
 - 13.5.3 Met kopula + predikatiefklous 302
 - 13.5.4 In die gesplete sin 302
 - 13.5.5 In ander gebruike 303
- 13.6 Die vraende vnw. 303
 - 13.6.1 *Wie* en *wat* 303
 - 13.6.2 *Waar-* + voorsetstel 304
 - 13.6.3 *Watter, waffer, wat se* 304
 - 13.6.4 *Waar, wanneer, waarom, hoe* 305
- 13.7 Die betreklike vnw. 305
 - 13.7.1 Sy funksie 305
 - 13.7.2 *Waar-* + voors. 307
 - 13.7.3 *Wie* 308
 - 13.7.4 Betr. vnw en antesedent 308
- 13.8 Die aanwysende vnw. 309
 - 13.8.1 In die naamwoordparadigma 309
 - 13.8.2 In die lidwoordparadigma 310
 - 13.8.3 *Daardie* en *hierdie* 311
- 13.9 Die onbepaalde vnw. 311
 - 13.9.1 In die naamwoordparadigma 311
 - 13.9.2 In die lidwoordparadigma 312
- 13.10 Groepvorming by die vnw. 313
- 13.11 Dieselfde woordvorm as verskillende vnwe. 313

Hoofstuk 14: Sinsverband in samegestelde (en veelvoudige) sinne 314

- 14.1 Sinsverband 314
 - 14.1.1 Afhanklike en onafhanklike klouse/sinne 314
 - 14.1.2 Newegesikhte en ondergesikhte klouse 315
 - 14.1.3 Hoofsin en bysin 315
 - 14.1.4 Onafhanklike sinne met sinsverband 316

- 14.1.5 Inlywing 318
- 14.1.6 Konteks en inlywing 318
- 14.2 Klouse in naamwoordfunksies 319
 - 14.2.1 Voorwerpsinne 319
 - 14.2.2 Onderwerpsinne 320
 - 14.2.3 Gesegdesinne 321
 - 14.2.4 Klouse as voorsetselvoorwerp 321
 - 14.2.5 Klouse as bystelling by s.nw. 322
- 14.3 Klouse in byvoeglike funksie 322
- 14.4 Klouse in bywoordelike funksie 324
- 14.5 Inlywing van taaleenhede van ander ordes 325
- 14.6 Ontleding van die samegestelde sin 326
- 14.7 Die sin is méér as die som van woordbetekenisse 327
 - 14.7.1 Afgeronde sinne 328
 - 14.7.2 Sinne met gevoelswaarde 328
 - 1 Sinsklem en volgorde 328
 - 2 Uitroep 329
 - 3 Disjunkte 329
 - 4 Stopwoorde en -sinsnedes 329
 - 5 Retoriese vrae 330
 - 6 Verskuiwing van ontkenningswoord 330
 - 7 Herhaling 330
 - 8 Stylfigure en beeldspraak 330
 - 14.7.3 Die suggestiewe sin 330
 - 14.7.4 Die elliptiese sin 331
 - 14.7.5 Die verklarende sin 332
- 14.8 "*Dit/daar*"-sinne 333
 - 14.8.1 *Dit* vervang 'n voorgenoemde taaleenheid 333
 - 14.8.2 *Dit* vervang niks nie — onpersoonlik 333
 - 14.8.3 *Daar* is/was — onpersoonlik 333
 - 14.8.4 *Dit/daar* as voorlopige stut 333
 - 1 *Dit* as voorlopige onderwerp; aktiewe sinne 333
 - 2 *Dit/daar* as voorlopige onderwerp in passiewe sinne 334
 - 3 *Daar* in onderwerpsposisie by voorsetselww. in passief 334
 - 4 *Dit* as voorlopige voorwerp 335
 - 5 *Daar* (+ voorsetsel) as voorlopige voorsetselvoorwerp 335
 - 6 *Dit / daar* in onbepaalde gebruik 335
 - 14.8.5 *Dit* in die gesplete sin 335
 - 14.8.6 *Dit* in verskeie gebruike (aanhaling) 336
- 14.9 Negatiewe sinne 337
 - 14.9.1 Gewone gebruik: Neutrale houding, onafhanklike sinne 337
 - 14.9.2 Neutrale houding, afhanklike woordorde 339
 - 14.9.3 Spesiale houding 339
 - 14.9.4 Ontkenning in ontvangsinne 340
 - 14.9.5 *Nie* in ander posisies; onnodige *nie* 341
 - 14.9.6 Ontkenning by vraagsinne 341
 - 14.9.7 Ontkenning by bevelsinne 342
 - 14.9.8 Vraag en negatiewe antwoord 342
- 14.10 "Direkte" en "indirekte rede" 343
 - 14.10.1 Die "direkte rede" 344
 - 14.10.2 Die "indirekte rede" 344
 - 14.10.3 Omsetting as oefening 345
- 14.11 "Taalfoute" 345

DEEL 2: MORFOLOGIE

Hoofstuk 15: Die morfologie: teoretiese grondslae 349

- 15.1 Woord $\neq$ lekseem 349
- 15.2 Simplekse en komplekse 350
- 15.3 Morfeem $\neq$ morf 351
- 15.4 Soorte morfeme 351
- 15.5 Stamorfeme 352
 - 15.5.1 Woordmorfeme 352
 - 15.5.2 Selfstandige stamme 353
 - 15.5.3 Onselfstandige stamme 353
- 15.6 Gebonde morfeme 353
 - 15.6.1 Fleksiomorfeme 353
 - 15.6.2 Afleidingsmorfeme 354
 - 15.6.3 Metamorfeme 355
 - 15.6.4 Paramorfeme 355
- 15.7 Woordbou met stamorfeme: komposita 356
 - 15.7.1 Samestelling en samekoppeling 357
 - 15.7.2 Fonologiese / morfologiese, semantiese en funksionele eenheid 359
 - 15.7.3 Die verhouding tussen die dele van die samestelling 360
 - 15.7.4 Bepaler en kern 360
 - 15.7.5 Analogie 361
- 15.8 Die woordvorm oorheers die onderdele 362
 - 15.8.1 Die kompleks word as geheel geflekteer 362
 - 15.8.2 Ordening in bou 362
 - 15.8.3 Morfeembou $\neq$ sillabebou 363
 - 15.8.4 Aksentverskuiwing 363
- 15.9 Produktiewe en onproduktiewe morfeme 364
- 15.10 Allomorfe 365
 - 15.10.1 Vormvariasie 365
 - 1 Vormvariasie by stamme 366
 - A Voorspelbare vormvariasie 368
 - B Onvoorspelbare vormvariasie: 370
 - 2 Vormvariasie by gebonde morfeme 373
 - 15.10.2 Betekenisvariasie 374
- 15.11 Samestellende afleiding 376
- 15.12 Die morfologie van leenwoorde 376

Hoofstuk 16: Die morfologie van sekere Afrikaanse komplekse 378

- 16.1 Fleksie 378
 - 16.1.1 Fleksie by die werkwoord 379
 - 16.1.2 Fleksie by die selfstandige naamwoord: getal 379
 - 16.1.3 Fleksie by die byvoeglike naamwoord 382
 - 1 Die /ə/-verbuiging 382
 - 2 Die trappe van vergelyking 383
- 16.2 Afleiding t.o.v. geslag en verkleining 386
 - 16.2.1 Die opposisie manlik $\neq$ vroulik 386
 - 16.2.2 Verkleinwoorde 388
- 16.3 Enkele aspekte van die morfologiese struktuur van Afrikaans 391
 - 16.3.1 Die struktuur van simplekse (na F.F. Odendal) 391
 - 16.3.2 Insake die morfologiese struktuur van die ope woordsoorte 392
 - 16.3.3 Insake die morfologiese struktuur van die geslote woordsoorte 393

DEEL 3: FONOLOGIE

Hoofstuk 17: Fonetiese grondslae 397

- 17.1 Akoestiese en auditiewe kenmerke 397
- 17.2 Fone, allofone, foneme 398
 - 17.2.1 Fone 398
 - 17.2.2 Allofone 398
 - 17.2.3 Foneme 398
 - 17.2.4 Allofone alleen binne 'n bepaalde konteks 398
 - 17.2.5 Foneme, allofone is taalgebonde 399
 - 17.2.6 Posisionele (e.a.) allofone; koartikulasie 399
- 17.3 Sintagmatiese en paradigmatisiese verhoudings by foneme 401
- 17.4 Aksent, klemtoon en intonasie 402
 - 17.4.1 Toonhoogte 402
 - 17.4.2 Aksent 403
 - 17.4.2.1 Klemtoon 403
 - 17.4.2.2 Woordaksent 404
- 17.5 Fonetiese verandering 405

Hoofstuk 18: Enkele aspekte van die gesproke taalvorm van Afrikaans 406

- 18.1 Standaarduitspraak: skrifbeeld en klankvorm 406
 - 18.1.1 Standaarduitspraak: SU 406
 - 18.1.2 Letteruitspraak 406
 - 18.1.3 Assimilasie 407
 - 18.1.4 Nasalering en vokalisering 408
 - 18.1.5 Ontronding 409
 - 18.1.6 Posisionele allofone in Afrikaans 409
 - 18.1.7 Palatalisasie 412
 - 18.1.8 Sillabifikasie 413
 - 18.1.9 Oorgangsklanke 413
 - 18.1.10 Woordaksent 413
 - 18.1.11 Vokaalreduksie 414
 - 18.1.12 Ander uitspraakverskynsels 415
- 18.2 Taalverandering deur fonetiese verskynsels 415
 - 18.2.1 Klankwysiging 415
 - 1 Assimilasie 415
 - 2 Dissimilasie 416
 - 3 Umlaut 416
 - 4 Diftongering 416
 - 5 Metatesis 416
 - 18.2.2 Klanktoevoeging 417
 - 1 Protese 417
 - 2 Epentese 417
 - 3 Paragoge 417
 - 18.2.3 Klankverlies (elisie) 417
 - 1 Prokopee 417
 - 2 Sinkopee 418
 - 3 Apokopee 418
- 18.3 Sommige verskynsels i.v.m. foneme 419
- 18.4 Die fonologie van leenwoorde 421

DEEL 4: SEMANTIEK

Hoofstuk 19: Semantiek 425

- 19.1 Deursigtige ≠ ondeursigtige woorde 425

19.2	Keuse en betekenis	426
19.2.1	Groepbetekenis en konvensionele betekenis	426
19.3	Betekenis op die vlak van verskillende taaleenhede	427
19.3.1	Sinsemantiek: 'n paar aspekte	428
19.4	Leksikale en grammatiese betekenisse by woorde	429
19.5	"Verwysing" en "sin"	430
19.6	Hiërargie in woordbetekenis	432
19.7	Dieselfde woordvorm met betekenisaaanpassings	433
19.7.1	Woorde: hulle beteken en noem	433
19.7.2	Primêre en sekondêre betekenisse	433
19.7.3	Betekenisoordrag	434
19.7.4	Oornoeming	434
19.7.5	Individuele betekenisse	434
19.7.6	Polisemie en homonimie	435
19.8	Betekenisvelde met paradigmatische verhoudings	437
19.8.1	Sinonimie	437
19.8.2	Antonimie	439
19.8.3	Betekenisvelde met lede wat mekaar uitsluit	440
19.8.4	Die "mal à propos"	441
19.9	Betekenisvelde met sintagmatiese verhoudings	441
19.10	Ander behandelde betekenisfasette	442

Bylae A: Inleiding tot die fonetiek 445

1.	Taal: klankbeeld en skrifbeeld	445
2.	Die Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA)	446
2.1	Die aard van die IFA	446
2.2	Ons gebruik van die IFA	446
2.3	Tegnieke by die IFA	447
3.	Die fonetiese tekens vir Afrikaans	448
3.1	Vokale	448
3.2	Konsonante	450
4.	Die indeling van spraakklanke	452
4.1	Stem	452
4.2	Ander spraakorgane	452
4.3	Vokale	453
4.4	Konsonante	455

Bylae B: Terminologielys 457

Die leser moet die volgende in gedagte hou:

1. Waar 'n grammatikaterm die eerste keer gebruik word (en dikwels ook daarna), kom dit in **swaar druk**. In bylae B van bladsy 457 af kan hy dan naslaan waar dié term volledig verklaar word.
2. *Kursiewe druk* word gebruik vir woorde en sinsnede wat as voorbeelde in die loop van die teks voorkom. Voorbeeldsinne staan gewoonlik in 'n ingekeepte posisie, maar soms tussen aanhalingstekens.
3. Die volgende tekens word gebruik:
 - § beteken "paragraaf" in die sin dat 'n gesigspunt daarin behandel word.
 - . . . (drie wyer gespaseerde punte) beteken dat daar meer voorbeelde in die groep is, ongeveer "ensovoorts".
 - (vier punte nader aan mekaar) beteken dat irrelevante dele uit die voorbeeldsin(-ne) weggelaat is.
 - = beteken "beteken, is gelyk aan, is dieselfde as".
 - ≠ beteken "teenoor, in teenstelling tot".
 - * (sterretjie) beteken "bestaan nie, is verkeerd" (by voorbeelde om foute uit te wys).
 - (pyltjie) beteken "word, verander tot".

ORIËNTERING

1.1 Wat is die taal wat ons in die taalbeskouing ondersoek?

Ons weet almal dat taal 'n kommunikasiemiddel is. Maar alle kommunikasiemiddele is nie taal nie; ook nie al die "tale" waarna mense in die omgang verwys, vorm deel van ons ondersoekmateriaal nie. As mense van die "taal van blomme", die "taal van die hart", selfs van die "taal" van diere praat, is dit duidelik dat dit om iets anders as die taal van ons studie gaan: ons bestudeer naamlik net die "instrument" wat mense vir onderlinge geestesverkeer gebruik. Maar sulke kommunikasiemiddele soos die telefoon, die radio en dies meer as tegniese ontwikkelinge val ook daarbuite.

Dit sou makliker gewees het as ons kon sê: die taal wat ons bestudeer behels net dié vorm van taal wat deur die menslike spraakorgane voortgebring word. Maar nou het die geskrewe taalvorm (waar ons dus eintlik ook maar net van sekere tegnieke gebruik maak om ons spraak te verduurzaam) reeds 'n plek in die taalgebruik ingeneem wat in 'n mate van die gesproke verskil, en het ook die gesproke taalvorm, wat die primêre taalvorm is, baie sterk beïnvloed.

Daarby kom nog iets: die menslike spraak bestaan nie net uit geluide nie; pouses en stiltes, tempowisseling, toonhoogte en toonwisseling, gesigsuitdrukkings en kopbewegings sowel as handgebare neem 'n plek van wisselende belang in die omgang tussen en met mense in. Heelwat hiervan is reeds stereotiep en kan in 'n mate beskryf word; daarvan maak die toneelspel in al sy vorme lank reeds gebruik. Die geskrewe taalvorm neem deels hiervan deur leestekengebruik kennis. Maar baie daarvan kan nie beskryf word nie; ander aspekte slegs baie moeilik en onderhewig aan baie meningsverskil.

Daarom beperk die grammatika hom tot 'n beskrywing van die taalgebruik in sy gesproke vorm maar met baie bewuste kennisname van die geskrewe taalgebruik, veral vir sover dié taalgebruik wetmatigheid toon.

Ons almal weet dat alle mense "dieselfde" taal nie eenders praat nie; ook dat enige "een taal" aan voortdurende verandering onderhewig is. Omdat die taal egter streng tot gebruik binne 'n "gemeenskap" (hoe klein ook al) beperk is, stel die gemeenskap die eis dat niemand die taal willekeurig kan verander nie; die taalgebruik berus op 'n "ooreenkoms" binne die gemeenskap. 'n Afwyking in die taalgebruik word dus soms as 'n "fout" beskou, soms as 'n "vonds". Dit sal afhang van die trefkrag van die afwyking in wat dit wil sê, maar ook en veral van wé die afwyking pleeg en wat sy status is. Digters, redenaars, joernaliste en leiers onder radio- en televisiepersoonlikhede verryk soms die taal deur sulke afwykings. Afwykings uit die wêreld aan die ander kant van die maatskappy word daarenteen as fout beskou. Hoewel nagenoeg alle mense, hoe geleerd of ontwikkel ook al, dalk af en toe iets sal pleeg wat deur 'n ander "kenner" as fout beskou sal word, maak dit bostaande uitgangspunt nie ongeldig nie; dit

word wel 'n groot jammerte as die toonaangeër effek by en applous uit “die wêreld aan die ander kant van die maatskappy” soek deur plat afwykings te bestendig.

1.2 Vorm en betekenis

Ons herken almal *mol* as deel van ons taal; ons kan dit sê en weet waarna ons verwys as ons dit sê. Maar dit geld nie vir **lom* nie; hoewel ons dit ewe maklik kan sê, bly dit slegs 'n klankgroep, 'n geluid sonder inhoud. Dit is moontlik om op skrif voorstellings te maak van klankgroepe wat ons nie kan sê nie (**lasm*, **ktif* . . .) en ons weet dat hulle nie deel van die taal is nie. Ons assosieer gewoonlik so 'n sêbare klankgroep met taal. Ons voorbeeld **lom* hierbo wys egter op die waarheid: alleen wanneer 'n klankgroep sêbaar is en 'n inhoud het vir die mense wat die taal gebruik, het ons met taal te doen.

Ons aanvaar dus dat 'n klankgroep 'n eenheid in die taal is slegs as dit vir die bepaalde taalgemeenskap (d.w.s. vir die sprekers van die bepaalde taal) 'n min of meer onveranderlike sêbare vorm het en vir dié taalgemeenskap 'n min of meer vaste inhoud of betekenis het in die samehang waarin dit gebruik word. (Dit is nodig om die “min of meer” en die “samehang” hier by te sê; in die dele oor die fonologie en oor die semantiek in die besonder, maar ook elders, word dit duidelik waarom.) Baie kort veralgemeen sê ons dus: elke **taaleenheid** is tweesydig; dit het 'n vaste vorm en 'n vaste betekenis.

Die taalkundige wat die belang van hierdie begrip uitgewys het, Ferdinand de Saussure, het verkies om van die “taalteken” te praat, omdat so 'n taaleenheid met enige teken dáárin ooreenkom dat dit alleen sinvol is as beide spreker en hoorder(-s) of waarnemer(-s) dieselfde betekenis aan 'n gegewe beweging, kleur of dergelik sigbare of hoorbare ervaring heg. As iemand sy kop heen en weer skud, beteken dit vir alle waarnemers “nee”; as 'n rooi vlag of lig in 'n pad of straat getoon word, beteken dit vir alle waarnemers (hier padgebruikers) ongeveer iets soos “gevaar, wees versigtig” of “hou stil”. Omdat die meeste mense maar hier, soos by die vorm van woorde en ander taaltekens, die uiterlike teken of die vorm vir die geheel aansien, sal ons in hierdie studie liefsvan die **taaleenheid** praat.

1.3 Taaleenheid (taalteken) en taalgebruik: woord en sin

In die voorgaande paragraaf het ons *mol* en **lom* en ander eenhede gebruik wat ons met die begrip **woord** verbind. Woorde is egter nie die enigste taaleenhede nie; daar is heelwat meer, 'n stuk of vier tot nege, na gelang van die ondersoeker se grammatiese beskouing. Hóéveel en watter 'n mens wil onderskei, is van min belang: sommige is van groot praktiese belang en dring hulle aan die ondersoeker op; ander is miskien slegs van akademiese belang.

Van veel groter belang is dit om daarvan bewus te wees dat die taalgebruik een groot komplekse geheel is: dit dra immers die volle omvang van die totale doen en denke van die mens. Maar so 'n groot komplekse geheel

kan nie meteen ondersoek word nie. Daarom ondersoek ons die taal uit verskillende hoeke; soos met enige geslote geheel bekyk ons een faset op 'n slag, maar mag nooit die geheel vergeet nie en moet dus altyd die verband behou.

In ons soek na sulke fasette val 'n eerste onderskeiding ons dadelik op: As iemand sê *mol* (met niks daaromheen nie), sal die hoorder seker effens skeef opkyk en dalk wonder of hy reg gehoor het: het die man gepraat of nie? Deur die gebruik van die enkele woord buite alle verband (as so iets moontlik is) het die spreker “niks gesê nie”.

As hy sou sê: “Die *mol* het vannag weer die hele bedding omgedol.” is dit anders: alles is duidelik binne die bepaalde situasie, 'n situasie wat min afhanklikheid van dinge buite om die taalsituasie toon.

As die spreker en die hoorder miskien sommer so 'n bietjie in die tuintjie rondluier, dalk oor allerlei gesels, kan die een miskien skielik effens verstyf, strak grond toe kyk en los van alle samehang met die gesprek gespanne sê: “*Mol!*” As die hoorder dan ook die rukkerige opstuwing van die grondkors oor 'n smal strepie sien, sal die enkele woord wel alles sê wat nodig is. Net, nou is dit binne 'n situasie los van die taalsituasie geplaas, maar dié buite-taalse-situasie gee die nodige samehang om die enkele woord ook sinvol te maak sodat die spreker daarmee alles sê wat vir begrip nodig is.

Hieruit maak ons die volgende afleidings:

'n **Woord** (soos *mol*) is klaarblyklik 'n taaleenheid (met sy vaste vorm en sy vaste betekenis), en het dus 'n eie onafhanklike bestaan in die taal, want, soos ons algaande sien, die spreker kan dit in 'n onbepaalde reeks taalsituasies plaas waar dit deel kan vorm van wat hy wil sê. In die beskouing van sommige taalkundiges word die woord dan ook as die kleinste onafhanklike taaleenheid met 'n vaste vorm en betekenis aanvaar.

'n **Sin** (soos *Die mol het vannag weer die hele bedding omgedol.*) kan ook as taaleenheid beskou word, want alleen in hierdie een vorm kan dieselfde inhoud gestel word. En alhoewel dit seker moontlik is dat dieselfde sin met dieselfde vorm en dieselfde betekenis in 'n ander samehang aangetref kan word, sien ons die sin glad nie in dieselfde lig as die woord nie; intendeel, waar die woord as **bousteen** gesien word, sien ons die sin as **bousel** waarmee iemand iets min of meer volledig sê. Daarom sien ons die sin eerder as eenheid in die **taalgebruik**; hoewel daar geen voorskrif van buite kan wees vir wát 'n mens moet sê en hóé jy dit moet sê nie, is dit duidelik dat die sin die kleinste eenheid van **taalgebruik** is. Alle kleiner taaleenhede bly onvolledige taaluitings, tensy die **konteks** die aanvulling verskaf. Die begrip “konteks” word vollediger in paragraaf 2.2 behandel, maar hierbo is voorlopig genoegsame aanduiding rondom die woord *mol* van waarom dit gaan.

Dit is belangrik om daarmee rekening te hou dat ons in ons gewone spraak nie altyd sulke netjies afgeronde sinne gebruik as dié wat in 'n geskrewe stuk voorkom nie. Daar is leemtes, herhalings, haggelry, verkeerd ingespanne dele en ander swakhede. Daar is taalkundiges wat ontken dat daar so iets soos ons geïdealiseerde sin bestaan (d.w.s. in natuurlike

spraak), en wat wil hê dat ons liever met die **uiting** moet werk, wat vir hulle die ongedokterde vorm is waarin 'n bepaalde spreker sy gedagte volledig stel vandat hy begin praat totdat hy uit eie beweging swyg. Dit sal die regte ding wees, maar die nadeel is dat ons dan in ons ondersoek met taalstukke van so 'n uiteenlopende aard moet werk dat daaruit waarskynlik nie orde te skep is nie.

Soos dit staan is dit reeds nodig om vir die doel van ons studie die taalstukke waarmee ons wil werk, aanvanklik te "redigeer" om hulle in vergelykbare vorm te kry, anders word dit te moeilik om die reëlmaat wat daar bestaan, raak te sien. Ons sal dit vollediger aantoon waar ons met die taalontleding in hoofstuk 2 begin.

1.4 Volgorde en plek

Een van die wonderre van die taal is vroeg reeds raakgesien: sy besondere spaarsaamheid. Behalwe die stembande het die mens geen spesiale "praatgereedskap" nie; alle dele wat vir praat gebruik word, het eintlik primêr 'n ander funksie: die tong, kleintongetjie, die lippe, tandkaste en verhemelte, waarna ons alles vollediger onder die fonologie kyk. Maar die eintlike wonder lê in die vermoë van die mensegees om met so min middele alles te sê waaraan hy behoefte het. In die formulering van die taalfilosof Wilhelm von Humboldt (1767 — 1835) "moet die taal van beperkte middele 'n onbeperkte gebruik maak".

Om dit moontlik te maak is dit in 'n taal soos Afrikaans baie belangrik dat elke taaleenheid (naas sy vaste vorm en vaste betekenis) sy bepaalde **plek** in die bepaalde stuk taalgebruik inneem, wat dan beteken dat die verskillende taaleenhede in 'n bepaalde **volgorde** voorkom. As iemand sê: "Die groot hond vreet geweldig baie vleis." kan dié sewe woorde net in hierdie volgorde voorkom as ons nie onsin wil praat of die taal wil verwing nie. Hoewel daar ten opsigte van die plek en die volgorde van taaleenhede in 'n uiting inderdaad soms 'n klein speling moontlik is, kan ons met sekerheid aanneem dat in amper alle gevalle daar 'n wysiging in die inhoud van 'n uiting, maar veral in die houding van die spreker teenoor sy uiting, met so 'n wysiging in die volgorde sal saamgaan. Boonop is dié wysiging in volgorde ook aan 'n vaste reëlmaat onderhewig wat deel van die grammatiese beskrywing vorm en wat die onderwerp van hierdie studie is.

Die belang van plek en volgorde geld nie net vir woorde in die sin nie. In die woorde *tak* en *kat* kom dieselfde drie spraakklanke voor, en die enigste verskil tussen hierdie twee woorde, elk met sy vaste vorm en vaste betekenis, lê net in die volgorde van die spraakklanke, of dan in die plek wat elkeen in die woord inneem. Die taal is vol van sulke gevalle (*mal/lam, rak/kar* . . .), maar dit maak ook die verskil tussen *Die motor het die man gestamp*/*Die man het die motor gestamp* . . .

Baie belangriker as dié speletjie is egter die feit dat ons in die taalgebruik gebind word deur die beperking van taaleenhede (sê maar vir ons doel: woorde) om net op sekere plekke te kan voorkom, d.w.s. die feit dat ons 'n vaste volgorde van sekere **soorte** woorde in 'n sin kry.

Ons neem weer die sin hierbo om dit aan te toon; ons vervang sommige woorde:

Die groot hond vreet geweldig baie vleis.

In plaas van *die* kan ons verskeie woorde gebruik, soos *daardie, hierdie, my* . . . soos in

Daardie/my groot hond . . .

maar nie woorde soos *loop, met, ek* . . . nie. Iets soos

*loop groot hond vreet . . .

bestaan nie.

In plaas van *groot* kan ons woorde soos *kwaai, bruin* . . . gebruik, maar nie woorde soos *loop, man* . . . nie:

Die kwaai/bruin . . . hond,

maar nie

*Die loop/man/met/daardie hond ---- nie.

In plaas van *hond* kan ons woorde soos *leeu, kat, man* . . . gebruik:

Die groot leeu/kat/man vreet baie vleis

maar nie woorde soos *bruin, sterk, sit* . . . nie.

In plaas van *vreet* kan ons ook ander woorde gebruik (hoewel op baie beperkter skaal, waarvoor ons later die rede sal sien) soos *verslind, verorber* . . . , meer bepaald woorde met 'n verwante of met dieselfde betekenis.

Dit is genoeg om te toon dat daar iets in die aard van woorde steek wat meebring dat ons hulle kan groepeer, in soorte of klasse kan indeel, onder andere op grond van waar hulle in sinne kan voorkom en watter ander woorde saam met hulle kan voorkom, d.w.s. in watter **konteks** hulle optree. Dié iets bring mee dat woorde soos *die, daardie, my* . . . optree vóór woorde soos *hond, kat, man, leeu* . . . maar dat woorde soos *groot, kwaai, lelike* . . . tussen die *die*-groep en die *hond*-groep kan voorkom, terwyl woorde soos dié in die *hond*-groep gevolg word deur woorde soos *vreet, verorber, loop, sien* . . .

Wanneer woorde (maar ook alle ander taaleenhede) mekaar kan vervang in 'n vaste samehang van ander woorde, d.w.s. wanneer sulke woorde in dieselfde konteks voorkom, vorm hulle 'n **paradigma**. Verskillende woorde wat so 'n paradigma vorm omdat hulle in die sin op dieselfde plek kan voorkom sonder om die sin andersins te versteur, behoort gewoonlik tot dieselfde **woordsoort** of **woordklas** of **rededeel**. Ons sal verder net die term **woordsoort** gebruik, omdat dit die bekendste is. So sal ons dan *hond, kat, man* . . . onder die selfstandige naamwoorde groepeer, *groot, kwaai, lelike* . . . onder die byvoeglike naamwoorde, *vreet, loop, sien* . . . onder die werkwoorde, en *die, daardie, my* . . . onder die lidwoord**paradigma** groepeer, hoewel hulle om ander redes binne ander woordsoorte val.

Die studie van hoe en waar woorde en ander taaleenhede in sinne optree en wat tydens hierdie optrede met hulle gebeur, is eintlik die grootste deel van die studie van 'n taal soos Afrikaans.

Dit sluit natuurlik die studie in van die hele struktuur waarbinne die taaleenheid optree. Die strukture waarbinne ons die plek, volgorde en optrede andersins van enige taaleenheid bestudeer, vorm altyd redelik

hegte groepe in vorm en in betekenis, en sulke hegte strukture met 'n tradisioneel hegte betekenis-samehang, noem ons **konstruksies**. Wanneer ons nou na die optrede van 'n taaleenheid in die samehang met sy onmiddellike bure kyk, praat ons van dié samehangende taaleenhede in hulle volgorde as 'n **sintagma**.

Taaleenhede van enige grootte wat in 'n aanvaarbare en hegte samehang met mekaar in 'n sin voorkom, vorm 'n **sintagma**; taaleenhede wat mekaar binne 'n bepaalde konteks (soos binne 'n sintagma) kan vervang, vorm 'n **paradigma**. Dié twee terme het die nut dat hulle begrippe aandui wat anders telkens 'n langerige omskrywing noodsaak. In 'n sin soos

Die klein seuntjie het uit woede sy karretjie flenters gegooi.
vorm die hele sin 'n sintagma, maar ook groepe soos /die klein seuntjie/, /sy karretjie/, /het uit woede sy karretjie flenters gegooi/. Maar ons sal net groepe soos /die klein seuntjie/, /uit woede/, /sy karretjie/ (wat almal ook sintagmas is) en /het flenters gegooi/ (wat nie 'n sintagma is nie) konstruksies noem. Om 'n sintagma te wees, moet die dele in daardie volgorde in 'n uiting voorkom; 'n konstruksie kan bymekaar gehaal word uit 'n uiting, solank die dele ook by mekaar kán voorkom, miskien elders, en 'n tradisionele betekenis-samehang het.

In dieselfde sin sal, binne die konteks van die sin of binne die konteks van die besondere sintagma, woorde soos *stout*, *moedswillige*, *siek*, *lelike*, *moedelose* . . . 'n paradigma vorm met *klein*, want hulle kan almal die woord *klein* in die sin vervang en nog 'n volkome aanvaarbare sin (hoewel met 'n gewysigde betekenis) gee. 'n Mens merk dadelik dat dit nie ewe maklik is om in so 'n hele sin 'n paradigma vir elke woord te vind nie; daar is te veel betekenisbindinge. Maar die speletjie om sulke paradigmas te bou, is ook glad nie die doel van die grammatika nie; die doel is om 'n beskrywing van aanvaarbare taalgebruik te gee wat vir 'n hele paradigma sal geld. Ons maak nie resepmatig die taal nie; ons beskryf die reëlmatige in die taal soos dit in natuurlike of spontane gebruik voorkom. Hoe dié volgorde lyk en watter plekke die verskillende paradigmas in 'n sin inneem, word breedvoeriger in §2.13 behandel.

1.5 Funksie

In paragraaf 1.2 het ons vasgestel dat taaleenhede tweesydig is: hulle moet 'n vaste vorm en 'n vaste betekenis hê. Dit gee aan hulle 'n identiteit wat hulle geskik maak om in 'n taalbousel ingebou te word, want dit is nóg 'n kenmerk van taal: dat dit 'n bousel is, of dat dit 'n struktuur het. Twee begrippe wat in die taalgebruik saam loop, is eerstens: dat van beperkte middele 'n onbeperkte gebruik gemaak word, en tweedens: dat die onbeperkte gebruik daarin bestaan dat elke uiting in die taalgebruik telkens opnuut gebou moet word uit die beperkte middele.

In die voorgaande paragraaf (1.4) het ons aangetoon dat dié beperkte middele (vir sover hulle uit woorde bestaan, maar ook andersins soos ons sal sien) vanself in soorte gegroepeer is waarvan die lede mekaar kan vervang: dié beperkte middele val in verskillende paradigmas uiteen vir die

doel om in taaluitinge ingebou te word. Dit beteken: so gou soos 'n taaleenheid in 'n uiting of 'n sin gebruik word, kom daar 'n derde faset by die bestaande tweesydigheid van vorm en betekenis, 'n faset wat ons funksie noem. Dit is die funksie van 'n woord (of 'n konstruksie of 'n ander taaleenheid) wat hom in 'n bepaalde paradigma plaas en wat dus meebring dat hy net op 'n sekere plek in die sin kan optree; **dit is die funksie van taaleenhede wat hulle volgorde bepaal.**

In hoofstukke 2 en 3 sal ons ingaan op die funksies wat taaleenhede in 'n sin verrig en dan sien dat die begrip “funksie” op veral twee vlakke geld, naamlik funksie op die breë vlak van die boustukke in die sin, waar nie net woorde nie maar baie dikwels ook groter taaleenhede (soos konstruksies en ingelyfde sinne) optree, en daarnaas funksie op die enger vlak van die woord in die sintagma.

Ons het vantevore gesê dat die komplekse geheel van die taal nie meteen ondersoek kan word nie. **Vorm, betekenis en funksie** is die komponente van hierdie komplekse geheel en is volkome met mekaar verstrengel. Die mate van verstrengeling hang met die aard van die besondere taal saam. Ons gebruik maar hierdie drie as die fasette van die taal waarna ons uit noodsaak afsonderlik kyk, maar omdat hulle so verstrengel is, moet ons amper soos 'n mot om 'n kers om en om uit verskillende hoeke 'n kykie neem om dié insigte te gebruik as ons weer na die daaropvolgende faset kyk. Daarom gaan ons nou in die volgende twee paragrawe net vlugtig enkele gesigspunte van die vorm en betekenis aanraak voordat ons met die werkseenheid in die taal, die sin, begin.

1.6 Vormelemente

As ons van die vorm van 'n taaleenheid praat, het ons altyd eerstens die klankvorm in die gedagte; die geskrewe vorm is sekondêr.

Laat ons maar weer die mees herkenbare taaleenheid neem as vertrekpunt: die woord. Vir enige bepaalde taal moet die taaleenhede, die woord en andere, **gesê** kan word. 'n Bekende gesegde wil dit hê dat elke voël sing soos hy gebek is; sprekers van elke taal kan die taaleenhede in hulle taal uitspreek, terwyl dit soms nie vir andertaalsprekers ewe maklik is nie. Dink maar aan 'n Afrikaanssprekende wat van “seven thousandths” op Engels moet praat of die woord “restaurant” op sy Frans wil sê. Die besondere klankkwaliteite en -waardes behandel ons in die grammatika onder die fonologie in deel 3, hoofstuk 17 en 18.

Uiteraard is die gesproke taalvorm baie millennia ouer as die geskrewe vorm; dié is maar 'n paar duisend jaar oud. Maar vandag is die geskrewe taal belangrik, en ons sit nog altyd met die tradisionele skryfwyse wat op die Griekse alfabet gebaseer is. Dit deug nogal heel goed, algemeen gesproke, maar so gou as ons baie presies óór die taal, meer bepaald oor die klankvorm, wil **skryf**, word die onmoontlikheid duidelik. 'n Bietjie meer as 'n eeu gelede het taalgeleerdes hieruit 'n uitweg gesoek deur die ontwerp van die Internasionale Fonetiese Alfabet, waar die algemeen gebruikte lettertekens gebruik en aangevul is met die oog daarop om veral vir elke

spraakklank 'n ànder sigbare voorstelling te vind. Omdat ons vir die presiese beskrywing wat soms nodig is, veral in die uitspraak en die fonologie, van dié noukeuriger skriftelike voorstelling van klanke gebruik moet maak, is die bylae A agter in dié werk nodig.

Ons het die woord *man*, en daarnaas *mans*, *manne*, *manlik*, *beman*, *bootsman*, *manmoedig*, *mansklere*. . . Dit is duidelik dat die vorm *man* die eenvoudigste vorm van die woord is; dit kan nie verder ontleed word nie. Ons noem so 'n vorm 'n **simpleks**, teenoor die ander genoemde vorme wat almal **komplekse** is omdat hulle uit verskillende dele opgebou is. Die dele waaruit sulke komplekse opgebou is, noem ons **morfeme**. Daar is 'n klaarblyklike verskil tussen 'n morfeem soos *man*- en 'n morfeem soos *-lik*, en ook 'n verskil tussen die *-s* by *mans* en die *-s* in *man-s-klere* of *boot-s-man*. Soms lê die verklaring in die sinsgebruik en word deel van die **sintaksis**; ander verskynsels vind hulle verklaring in die woordeskat-ontwikkeling. In die deel oor die **morfologie** behandel ons dit volledig.

1.7 Betekeniselemente

Ons het nou al telkemale van die (vorm en) betekenis van veral woorde gepraat en onder andere gesê dat 'n klankvorm ook 'n inhoud moet hê om as taaleenheid te geld, so asof alle taaleenhede se vorm en betekenis sonder meer identifiseerbaar is, en 'n mens sal maklik dink dat ons altyd met betekenis soos dié van woorde soos *mens*, *boek*, *loop*, *mooi* en dies meer te doen het. So eenvoudig is dit ongelukkig nie.

Wat beteken *op* in 'n sin soos

Hy maak staat *op* sy leier se vernuf.

of *in* in 'n sin soos

Ek het min geloof *in* sy integriteit.?

Dit is duidelik wat *staan* beteken in

Piet *staan* in die hoek.

maar wat beteken dit in

Hulle *staan* nie sulke eise toe nie.?

In die deel oor die **semantiek** of die betekenisleer word die aspekte van betekenis wat op dié vlak nodig is, almal stelselmatig behandel, en ons kyk dan ook na betekenis op die vlak van ander taaleenhede as die woord. Maar om 'n hele reeks verskynsels waarmee ons intussen te doen gaan kry, te begryp, maak ons 'n baie vlugtige en oppervlakkige onderskeiding ten opsigte van 'n paar betekenisbegrippe:

Woorde (en enkele morfeme) waarvan ons die betekenis kan identifiseer en gewoonlik kan stel soos 'n woordeboek dit doen, het **leksikale betekenis**. Ons kan met stelligheid aanvaar dat dit vir verreweg die meeste woorde geld. Daarby kan ons onthou dat die meeste woorde **veelduidig** of **polisemies** is, waarmee ons bedoel dat hulle na dinge verwys wat in baie hoë mate kan verskil maar tog minstens 'n enkele gemene kenmerk het, soos die woord *dop* wat óm 'n hoendereier en óm 'n druiwekorrel kan wees (en nog veel meer dinge ook, maar twee is genoeg!) maar andersins totaal van mekaar verskil.

Daarenteen het ons woorde soos *op* en *in* in die gebruik soos hiernaas sowel as baie ander, en ook enkele morfeme (soos die *-s* by *mans*) waarvan die betekenis net in terme van 'n grammatiese funksie aangedui kan word. Sulke taaleenhede het dan **grammatiese betekenis**.

Op hierdie stadium is dit dalk goed om weer eens te beklemtoon dat 'n taaleenheid 'n vaste vorm en 'n vaste betekenis moet hê, en alhoewel ons die "vaste" in hierdie sin darem nou nie te onbeweeglik wil stel nie, aanvaar ons daarmee net één vorm en net één betekenis, waarby ons veelduidigheid (polisemie) nog altyd as dieselfde betekenis sien. Maar so gou soos ons met twee betekenis te doen het (bv. *lig* vir "helderheid" en vir "nie swaar nie") het ons met twee aparte woorde te doen hoewel hulle eenderse vorme het. Sulke woorde noem ons **homonieme**.

Nog een baie belangrike betekenisaspek: As iemand sou sê: "Hy het haar dus dadelik soontoe geneem." voel ons dit as 'n volledige, grammaties korrekte sin aan; nogtans weet ons eintlik glad nie wat die spreker wou sê nie. As ons egter weet in watter **konteks** so 'n sin geplaas is, d.w.s. die verband waarbinne die sin gesê is, kry dit betekenis. Laat ons 'n konteks skep: "Jan Smit was nou die aand op pad na sy losieshuis toe, toe hy 'n vreemde dame langs die straat sien en sy hom vra waar 'n goeie hotel is. Hy kon sien sy was erg ontsteld en omdat sy vreemd was, sou dit nie deug om haar die pad te beduie nie. Hy wou haar graag help. Hy het haar dus dadelik soontoe geneem."

Nou weet ons wat die "leë" woorde beteken: *Hy* is *Jan Smit*, *haar* is die vreemde dame, *dus* dui op haar nood en Jan se gewilligheid om te help, en *soontoe* verwys na die hotel.

Woorde soos *hy*, *haar*, *dus* en *soontoe* in hierdie sin, wat op sigself nie 'n identifiseerbare inhoud of betekenis het nie maar volkome van die konteks vir hulle verwysing afhanklik is, word **deiktiese woorde** genoem en die verskynsel is **deiksis**, wat uit die Grieks oorgeneem is en daarop berus dat sulke woorde **verwys** na 'n genoemde (soms ook nog later voorkomende) iets in die konteks; eintlik neem hulle die betrokke inhoud weer op en dra dit in die nuwe sin in, sonder om die presiese woorde te moet herhaal. Hulle het almal 'n sekere vervangingswaarde en ons sal hulle onder die voor-naamwoorde en die bywoorde weer teëkom. In die taalgebruik is hulle van die allergrootste praktiese belang, omdat hulle 'n vlot voortgang in die gesprek moontlik maak sonder die stilisties hinderlike herhaling van dieselfde woorde. Hier het ons dus ook te doen met woorde met weinig, indien enige, leksikale betekenis, maar darem ook nie blote grammatiese betekenis nie.

1.8 Die komponente van 'n grammatika

Soos ander wetenskaplikes stem taalkundiges ook nie altyd oor alles saam nie, die minste van alles oor wat alles in 'n grammatika nodig is, en oor hoe dit aangebied moet word. Maar ondanks verskille oor die betreklike belang van elke onderdeel en die verhouding tussen die dele, is daar 'n mate van eensgesindheid daaroor dat dit gaan om 'n beskrywing van hoe sinne

lyk en wat die onderdele van 'n sin in die sin doen en hoe die onderdele dan lyk. Dit gaan dus vir hulle om die **sintaksis** en die **morfologie**, en party wil die grammatika tot hierdie twee dele beperk. Ander meen dat die klank-vorm van woorde, die **fonologie**, ook wesenlik deel daarvan vorm. Tot betreklik onlangs het die meeste die betekenis liefes vermy, maar sedert sommiges daarin geslaag het om aan die betekenis 'n wetenskaplike grondslag te gee, werk heelparty in die sogenaamde **semantiek**. Soms verkies hulle om die erg abstrakte te ontduik en liever maar met die konkrete taalmateriaal, die woord- en ander materiaal, te werk as die **leksikon**.

In hierdie werk sal ons op die spoor van die basiese taalondersoeker loop hoewel ons die moeisame daarvan sal vermy en kortpad kies: ons sal die sin begin ondersoek en ontleed; van die geheel na die onderdele toe beweeg, en altyd met die wese van die taal: die oordra van inhoude, rekening hou en uiteindelik soveel van die betekenis orden as wat ons nodig ag. Ons doel sal wees om die wetmatige te beskryf soos ons dit in die taal vind. Daarom sal die orde wees:

Deel 1: Die sintaksis, met inbegrip van die sintaktiese morfologie

Deel 2: Die morfologie ten opsigte van die woord en sy bou

Deel 3: Die fonologie

Deel 4: Die semantiek

Ons sal dan ook leer wat verskeie wyse manne gevind en op verskeie ander maniere gesê het: ondanks die taalwette bly die taal 'n middel waardeur die taalgebruiker iets wil sê; sy bedoeling en die konteks heers oor die wette.

DEEL 1

SINTAKSIS EN

SINTAKTIESE MORFOLOGIE

DIE ONTLEDING VAN DIE SIN IN SY DELE: SINS-DELE

2.1 Uiting en sin

Omdat die mens van die beperkte taalmiddele onbeperkte gebruik maak om draer van die ganse kompleks van sy gedagtes te wees, is daar geen moontlikheid om 'n voorskrif vir die vorm te gee waarin die mens die taal moet gebruik nie, en ons gaan ons nie laat bind deur enige van die paar honderd definisies wat reeds deur taalondersoekers aangebied is vir die sin nie. Ons aanvaar dat die taalgebruiker dikwels nie 'n baie bevredigende vorm aan sy taaluiting gee nie, veral in die mondelinge taalgebruik, maar dat daar tog vir die min of meer ontwikkelde taalgebruiker, veral in sy eie of natuurlike of moedertaal, 'n geïdealiseerde vorm is wat hy as 'n aanvaarbare aanbieding van sy gedagte beskou. Hierdie geïdealiseerde **eenheid van taalgebruik** noem ons die **sin**.

Taalondersoekers uit die vroegste tye en uit verskillende wêreldes het van allerlei motiewe uit na die aard van sinne gesoek, en dit lyk asof daar ondanks uiteenlopende formuleringe tog 'n sekere ooreenkomstige siening is wat ons miskien kan neerbring op drie fundamentele eise vir 'n bevredigende sin:

1. Dit moet uit woorde bestaan wat **sintagmaties** verband hou, d.w.s. uit woorde wat tot dié soorte woorde behoort wat langs mekaar kàn voorkom, bv.:

lidwoord - b.nw. - s.nw.: die gawe man

of vnw. - ww. - s.nw.: hy koop lekkers

en dies meer. Anders sal dit slegs 'n woordelys wees sonder om 'n gedagte-inhoud te dra. Iets soos

Die seun speel in die kamer.

is 'n sin, maar nie

*Die daardie my vir op agter werk want. nie.

Die woorde moet dus **morfologies** en **sintakties** met mekaar **versoenbaar** wees; dan is die uiting **grammaties**, of **grammaties aanvaarbaar**.

2. Die woorde moet ook in **betekenis versoenbaar** wees. 'n Voël kan *vlieg* of *broei* . . . , hy kan nie bv. "lees" of "bed opmaak" . . . nie. Iets soos

*Bont verf stap rustig en gejaagd met die hoekpaal langs.

is dus nie 'n sin nie; dis onsin, hoewel dit morfologies en sintakties met die norm konformeer. Dit is **semanties onaanvaarbaar**. As die uiting semanties aanvaarbaar is, sê ons dit is **beduidend**.

3. Die sin moet volledig wees, d.w.s. dit moet die **gedagte volledig stel**. Groepe soos *"my vriend woon" of *"hoog in die lug vlieg" is gewoonlik nie sinne nie; hulle gee net 'n deel van 'n eenheid soos 'n taalgebruiker dit aanvoel: Hulle "sê niks".

Hier moet ons egter met die konteks rekening hou; dit is moontlik dat die konteks dit sinvol kan maak. Ons moet 'n sin **nóóit** buite sy konteks beoordeel nie.

Hierby sluit 'n skynbare vanselfsprekendheid aan: die sin moet ook ineen **klaar** gesê word. 'n Mens kan nie soos by sommige ander strukture ('n storie, 'n huis . . .) êrens in die bouproses ophou en anderdag vervat nie; die gedagte is eers daar as die sin voltooi is:

Die kruier het my bagasie ----(gedra; verloor; afgelewer?)

Die **eenheid** van die sin blyk dus ook uit die tydseenheid by die sê daarvan; ook hier oorheers die **geheel**.

2.2 Konteks

In paragraaf 1.7 het ons reeds oor dié begrip gesels: die konteks waarna ons in paragraaf 1.4 verwys het, is 'n gespesialiseerde geval. Dit is nodig om hierdie hele saak in perspektief te kry, want daarsonder kom ons telkens voor onnodige lastigheid te staan.

Weer eens moet ons begin by die feit dat die taal in die verkeer tussen mense gebruik word. Daar is 'n spreker/skrywer en 'n hoorder/leser (van wie ons vervolgens net as spreker en hoorder gaan praat).

Wat die spreker aan die hoorder wil oordra, hang van die situasie af. Dié situasie noem ons die **konteks**, en dit bestaan **nie** noodwendig **net** in **taalgebruik** nie.

- A Wanneer persoon A op 'n nouerige plek moet deurloop waar 'n paar mense staan en gesels, vereis die **konteks** dat hy iets soos "Verskoon my, asseblief." sal sê. Hierdie uiting ontstaan uit 'n suiwer buitetaalse konteks.
- B Persoon B kan reeds 'n uur lank by mense in 'n motor ry en hulle gesels oor allerlei. B merk skielik 'n gevaarsituasie waarteen hy die bestuurder wil waarsku, en hy sê: "Oppas!" Die konteks waarbinne die uiting nodig is, is die gevaarsituasie, nie die uurlange gesprek tussen die mense in die motor nie.
- C 'n Groepie mense bespreek die politieke toestand op 'n bepaalde oomblik en die jongste beleidsaanpassing by die omstandighede. Op 'n stadium sê C: "*Maar* ek meen *nog steeds* dat *daarmee* geen oplossing bereik sal word nie." Hier is die gesprek die konteks waarbinne dié uiting sin en betekenis het. Buite dié konteks het *maar*, *nog steeds* en *daarmee* weinig of geen betekenis nie. Omdat die woorde hier egter na taaleenhede en begrippe binne die konteks heenwys, kry dit sin en word die geheel beduidend.
- D (Ons behou die konteks van C hiervoor.) Daarop sê D, een van die groep: "Ek stem saam." Ook dit is 'n uiting wat van die konteks afhanklik is, maar op 'n ander manier: Waar die uiting in C selfstandig is, soos ook dié in A en B, is D nie selfstandig nie; daar kom iets kort. Binne die konteks kan die hoorders dit aanvul; as dit alleen gestaan het, was dit sinledig. *Saamstem* is 'n onvolledige begrip wat deur "met iets" aangevul moet word: "Ek stem (met jou bewering) saam." of binne die konteks ook "Ek stem *daarmee* saam." Hoewel "Ek stem saam" nie 'n aanvaarbare sin is nie, maak die konteks dit beduidend en dus aanvaarbaar.

E Die sinne

Piet eet waatlemoen.

en Piet ry 'n entjie.

is aanvaarbaar (§ 2.1) omdat albei se woorde met mekaar sintakties, morfologies en semanties versoenbaar is. As ons hulle verander tot

Piet eet 'n entjie.

en Piet ry waatlemoen.

is albei by die eerste aanblik semanties onaanvaarbaar (veral omdat ons met die vorige inhoute in die kop sit). As ons egter vir *Piet* sien as 'n seuntjie met 'n roomys waarvan hy vir sy maatjie ook wil gee, is dit nie snaaks nie: Piet eet 'n entjie en gee dan weer die maat 'n kans! Op dieselfde manier is dit gewoon vir die Sandveldboer om waatlemoen mark toe te ry met die vragmotor, soos ander weer druiwe of gerwe of groente ry. Die regte kontekstuering kan die (skynbaar onaanvaarbare) uiting semanties aanvaarbaar maak.

- F In 'n gesprek sal die uitinge dikwels effens deurmekaar loop: mense val mekaar in die rede en praat gelyk en vul ander se halwe uitinge op hulle eie manier en met hulle eie gedagtes aan. In 'n vraag-en-antwoord-gesprek is die antwoorde selde volledige sinne in die geïdealiseerde vorm; net die gevraagde word gestel:

“Waar was jy gisteraand?”

“By die huis.”

Die antwoord is beduidend binne die konteks, en dus aanvaarbaar. Maar 'n volledige sin is dit natuurlik nie; die volledige sin is:

“Ek was gisteraand by die huis.”

en eers na die redigering kan dit vergelykend ontleed word. Waar ons vir die grammatika sinne ontleed, sal ons net van sulke volledige, “geredigeerde” sinne gebruik maak, anders is ons materiaal onhanteerbaar.

2.3 Die basiese struktuur van die sin

Alle sinne doen nie 'n mededeling nie; daar is verskeie verhoudings in die menslike omgang. Maar met watter doel die kommunikasie tussen spreker en hoorder ook al aangegaan word en wat ook al met enige uiting of sin beoog word, bly die filosofiese uitgangspunt van die vroegste Westerse taalondersoekers in hoë mate geldig: 'n mens **praat van iets** en jy **sê iets daarvan**; daar is 'n voorgelegde saak en daar is kommentaar daarop. Dit geld vir die stelsin; ander soorte sinne bekyk ons later.

In die sin

“Jan sit.”

is *Jan* die iets waarom dit gaan, die voorgelegde saak, en *sit* sê iets van *Jan*, is dus die kommentaar.

In die sin

“Die reën het dié jaar weg gebly tot lank nadat die saaityd verby was.”
sê *die reën* waaroor gepraat word en die res is wat die spreker van *die reën* wil sê.

Tradisioneel word dié twee dele onderskeidelik die **onderwerp** en die **gesegde** of die **predikaat** genoem. Met die term “onderwerp” (hoewel ’n verwarrende vertaling op pad uit die oorspronklike Grieks) kry ons nie juis moeilikheid nie, maar “gesegde” en “predikaat” skep probleme. In die volgende aantal paragrawe sal ook dié probleme aan die orde kom. In hierdie werk gebruik ons die term **predisering** vir dié begrip: dit wat van die onderwerp gesê word, dus om alles in die sin wat nie onderwerp is nie, te dek. In ons voorbeeldsinne is *Jan* en *die reën* onderskeidelik die onderwerpe, terwyl *sit* en *het dié jaar . . . verby was* die onderskeie prediserings is.

Ons het ’n term nodig wat moet verwys na dié element in die sin wat in wese die bestaansrede vir die sin is, die “iets nuuts” waarom die sin gebou is. “Belangrik” is nie die term nie, want wat belangrik in ’n sin is, is onderhewig aan subjektiewe oordeel. As ons aanvaar dat die spreker die onderwerp van die sin gewoonlik as van genoegsame waarde of belang of status beskou dat hy daarvan iets wil sê, dan is die onderwerp normaalweg die bestaansrede vir die sin en dit staan eerste in die sin. Dit is egter nie altyd so nie. Die volgende toon dit:

Die gesprek gaan om die slegte wind wat so onplesierig is, wat die droë blare so rondwaai, wat stof oral laat neersak. Nou kan iemand sê: “Gister was dit nog veel erger. Nêrens was jy veilig teen die stof nie.” Hier word *gister* en *nêrens* sterk **beklemtoon** omdat hulle die bron van die gedagte in die onderskeie sinne is, en daarom word hulle voorop geplaas; die onderwerpe *dit* en *jy* is nou van weinig belang vir die inhoud van die sinne. Die spreker neem nou ’n ander **houding** teenoor die inhoud van die sin in: vir hom is iets anders as die onderwerp nou die vertrekpunt. Hier dien die **beklemtoning** as rede vir die **voorplasing**; in ’n sin met ’n **normale houding van die spreker, staan die onderwerp eerste**.

As ’n ander sinsdeel beklemtoon word, word dit voor geplaas. Die omgekeerde is ook waar: as ’n ander sinsdeel as die onderwerp eerste in ’n stelsin voorkom, dien dit as beklemtoning daarvan. Ander sinne as stelsinne tree anders op. Ons behandel hulle o.a. in § 2.9

2.4 Die sinskern

Laat ons die volgende sinne beskou:

- A My pa slaap (elke middag na ete ’n rukkie in die stoepkamer).
- B My broer maak (vir sy vrou) ’n kassie (vir die skoonmaak-materiaal).
- C My vriend woon (sedert sy troue) op ’n plaas.

Ons merk dat in elke sin die deel tussen hakies heeltemal in die sin pas maar beslis nie noodsaaklik is nie, terwyl die res telkens alles daar móét wees anders is die sin (as dit buite konteks gehanteer word — en selfs binne ’n konteks ook!) onklaar en dus nie ’n sin nie. Maar nou is die verskil tussen die drie sinne belangrik:

Sin A bestaan net uit die onderwerp *my pa* en die woord *slaap*: “my pa slaap” kan ’n volledige sin wees.

Maar nie sin B se **“my broer maak”* of sin C se **“my vriend woon”* nie; hulle is onklaar. By B móét daar iets soos **“n kassie”* of **‘n speelding/iets . . . bykom*; by C móét daar iets wat ‘n plek aandui soos *op ‘n plaas/by die rivier/in daardie groot huis . . . bykom*.

Daar is iets in woorde soos *slaap, maak* en *woon* wat meebring dat *slaap* ‘n volledige predisering kan wees, maar *maak* en *woon* kom iets kort voordat hulle elk ‘n volledige predisering kan wees. Ons sal woorde soos *slaap, maak* en *woon* as **werkwoorde** onderskei, en dit is die betekenis en die funksie van sulke werkwoorde wat die **basiese patroon** van die sinne waarin hulle voorkom, bepaal.

In alle sinne, ongeag watter werkwoord daarin voorkom, kan nóg dele naas die onderwerp en die werkwoord optree, en al sulke bykomende dele word **uitbreidings** genoem. In die sinne hierbo sluit dit telkens alles behalwe die eerste drie woorde in.

Noodsaaklike uitbreidings, dus dié waarsonder die struktuur onklaar sou wees en dus nie ‘n sin nie, word **komplemente** genoem, omdat hulle aanwesigheid van die struktuur ‘n volledige (= komplete) sin maak. In B is **n kassie* en in C is *op ‘n plaas* sulke **komplemente**.

Ons beskou dus die werkwoord as die **kern** van die sin, want dit is die besondere aard van die betrokke werkwoord wat die **sinspatroon** bepaal vir sover dit die noodsaaklike dele van die sin raak. Hierby moet ons ook onthou dat die aard van die werkwoord soms meebring dat hulle sommige soort uitbreidings uitsluit. Voordat ons hierdie verskynsels in besonderhede ondersoek, moet ons net eers na nóg ‘n ander soort kenmerk van die werkwoord kyk.

2.5 Predisering, werkwoord en predikaat

Ons het reeds besluit dat alles in die sin wat nié onderwerp is nie, die predisering vorm. In die voorgaande paragraaf het ons woorde soos *slaap, maak* en *woon* as werkwoorde onderskei, en dis belangrik dat ons hier met **woorde** te doen het. Kyk nou na die volgende sinne:

- D Die boompies *het* in die afgelope maande baie mooi *gegroeï*.
- E Die skrynwerker *moet* die kassie nog voor die naweek klaar *maak*.
- F Die verliefde kêrel *wou* liever by sy nooi *gekuier het* as by sy ouma.

In sin D is *die boompies* die onderwerp en die res (**het in . . . gegroeï**) is die predisering. Die sin sou volledig gewees het as dit gelui het: “Die boompies het gegroeï.” maar nie net **“die boompies het”* of **“die boompies gegroeï”* nie. Dit is duidelik dat *het gegroeï* saam optree; *gegroeï* is ‘n **ander vorm** van die werkwoord *groeï*: dit het presies dieselfde leksikale betekenis as *groeï* maar kom in ‘n sin nooit alleen voor nie, maar net saam met *het*. (Dieselfde geld nie sonder meer by alle ander werkwoorde nie. Waar die volledige uiteensetting in § 7.7.4.1 kom, word dit duidelik dat dit nie die wese van die uiteensetting hier verander nie.) Daarnaas het *het* ook nie ‘n leksikale betekenis nie, net die grammatiese betekenis dat dit saam met ‘n werkwoordvorm soos *gegroeï* (weer eens: ook met ander in sekere

omstandighede, wat hierdie uiteensetting nie raak nie) voorkom waar sekere betekenisbindinge dit vereis (in hierdie geval: 'n afgehandelde proses). Die groep soos *het* . . . *gegroeï* vorm dus in hoë mate 'n eenheid, maar is duidelik nie een woord nie. In hierdie werk sal ons vir so 'n groep wat deur sekere grammatiese betekenisse (en vir sulke vae inhoude gebruik ons liefds die uitdrukking: **semantiese waardes**) tot 'n eenheid saam gebind word met 'n werkwoord as vormkern, die naam **predikaat** gebruik.

In ons voorbeeldsin D is die onderwerp dus “die boompies”, die **predisering** is “het in die afgelope maande baie mooi gegroeï”, maar die **predikaat** is “het gegroeï”.

In sin E is dit ewe duidelik: die onderwerp is “die skrynwerker” en die **predisering** is “moet die kassie nog voor die naweek klaar maak”. Die posisies van *moet* en *maak* en hulle betekenisse toon dat hulle saam die predikaat vorm omdat hulle ook die kenmerke van die werkwoord het, hoewel dit duidelik is dat *maak* die eintlike betekenisdraer is (die skrynwerker máák die kassie, hy móét nie die kassie nie). Maar dis ewe duidelik dat *moet* nie so sonder leksikale betekenis is as *het* in sin D nie: *moet* dui op 'n sekere verpligting by die “maak” van die kassie. Hier het ons dus 'n predikaatkonstruksie wat anders as dié in sin D gebou is: *moet maak* teenoor *het gegroeï*; 'n verskil in vormbou wat met 'n verskil in grammatiese betekenisbou saamhang.

In sin F het ons 'n derde predikaatkonstruksie, *wou* . . . *gekuier het*, wat wéér 'n ander betekenisbou het: *wou* dui op 'n geneentheid tot, *kuier* is die eintlike betekenisdraer, en die vorm *gekuier* en *het* vorm hier weer die eenheid waarvan ons in D reeds kennis geneem het, maar 'n eenheid wat in die groter eenheid *wou gekuier het* ingebou is met die **semantiese waarde** van ongeveer: “het die lus of geneentheid gehad om te kuier maar kon nie/is verhinder”.

Daar is 'n paar sulke verskillende predikaatstrukture met samehangende semantiese waardes. Ons bekijk hulle vollediger in § 7.1. Hier wys ons een belangrike kenmerk van dié tipe uit: hulle is al drie net uit werkwoorde opgebou, weliswaar werkwoorde van uiteenlopende aard (soos ons in § 7.1, § 7.6 sal aantoon), maar *groeï*, *maak*, *kuier*, *het*, *moet* en *wou* het almal duidelik werkwoordkenmerke (§ 7.1).

Daar is ook andersoortige predikaatstrukture, naamlik dié waarin 'n werkwoord of meer as een werkwoord nog die vormkenmerke van die predikaat dra, maar waarin andersoortige woorde deel van die predikaat is. Ons kan veral drie onderskei:

(a) **Die kind is siek.**

In hierdie sin is *die kind* die onderwerp en *is siek* die predisering maar ook die predikaat. Hiermee het ons sommer meteens een van die heel moeilikste sake in die Afrikaanse grammatika om te verduidelik, omdat ons nie meer die vormveranderinge het wat in die tale (Grieks en Latyn) wat ons dié onderskeidinge gegee het, bestaan het nie. Ons het baie ander onderskeidinge weg gegooi; hoekom nie hierdie ook nie? Om baie goeie

redes: In hierdie soort sin het ons 'n unieke verskynsel in die taal. Let op dat *siek* nie van *is* iets sê nie; dit kan nie, want *is* het geen leksikale betekenis nie. *Siek* verwys na *die kind*, en *is* dien bloot as werkwoordvorm om die predisering by die onderwerp te laat aansluit.

Dié soort predikaat kom in nog 'n vorm voor:

My seun word advokaat.

Let op dat *my seun* en *advokaat* op dieselfde entiteit, dieselfde “iets” slaan. Dit is die enigste sinstruktuur in die taal waar 'n mens dié verskynsel kry: dat twee dele van die één sin na dieselfde iets verwys deur dit te noem (soos ons later sal sien) met 'n naamwoord.

Ons noem die werkwoorde wat só gebruik word, **koppelwerkwoorde** — ook 'n misleidende vertaling uit die oorspronklike — (of internasionaal: 'n **kopula** — kopulas) en die woord wat saam met die kopula die predikaat vorm, 'n **predikatief**. Hiervan sien ons meer onder die selfstandige naamwoord (§ 9.1.1) en die byvoeglike naamwoord (§ 10.1.3).

Die basiese kopulas is *wees* en *word* met al hulle vorme, maar enersyds word dié twee ook in ander hoedanighede gebruik waar veral *wees* sinoniem met ander werkwoorde gebruik word, en andersyds kom enkele ander werkwoorde in gebruike voor waar hulle as kopulas optree, soos:

Die kind *voel* *siek*.

Dit word in § 7.6.2.4 behandel.

Die kopula met sy predikatief is dus die eerste soort predikaat waarin 'n ander woordsoort saam met die werkwoord optree.

(b) Kyk na die volgende pare sinne:

G Hy *wend* hom tot die gehoor.

H Hy *wend* 'n bietjie salf op die wond *aan*.

G Hy *maak* 'n stoel.

H Hy *maak* die deur *toe*.

Ons sien dadelik 'n belangrike verskil tussen die G-sinne en die H-sinne: die betekenis van *wenden* *maak* in die G-sinne kan maklik geïdentifiseer word: *wend* in G beteken “draai, keer”; *maak* in G beteken “fabriseer, skep, tot stand bring”. Maar in H het *wend* alleen geen betekenis nie; slegs saam met *aan* beteken *wend aan* ongeveer “toedien, gebruik, smeer”. *Wend aan* vorm in so 'n mate 'n eenheid dat hulle in die sin met die ander volgorde aanmekaar geskryf word: *aanwend* en *aangewend*. Die eenheid is so sterk gevoel dat hulle tradisioneel as “skeibaar samegestelde werkwoorde” aangedui is. Maar klaarblyklik vorm *wend* en *aan* nie een woord nie; buitendien kan geen “een woord” ooit geskei word nie, en so 'n aanduiding deug dus nie. In Engels word hulle “phrasal verbs” genoem; in Afrikaans word ook van “deeltjiewerkwoorde” gepraat. In hierdie werk sal van sulke strukture as **meerledige predikate** gepraat word: die werkwoord is nog altyd *wend*, en *aan* is 'n **supplement** by die werkwoord, dus 'n aanvulling wat egter nie noodwendig 'n voltooiing is (soos die komplemente) nie.

In die ander H-sin verskil die *maak* ook klaarblyklik van die *maak* in G; alleen saam met *toe* het dit hier sy betekenis van “sluit”. *Maak toe* is dus

hier ook 'n meerledige predikaat; die werkwoord is *maak* en *toe* is die supplement. In § 7.4.3 is daar 'n vollediger uiteensetting van die meerledige predikaat met die verskillende soorte supplemente.

In Afrikaans vorm die meerledige predikate 'n baie groot deel van ons taatgebruiksvoorraad, en dikwels het dit 'n deurslaggewende invloed op die sinstruktuur. Dan is dit nodig om helder bewys te wees van die feit dat dié soort predikaatstruktuur ook uit 'n werkwoord en 'n ander soort woord bestaan.

(c) Vergelyk

I Die beseerde *berus* maar moeilik *in* sy ongelukkige toestand.

J Die afleiding *berus* eintlik net *op* een verkeerde voorstelling.

K Die finale besluit *berus* alleen *by* die hoof.

In dié drie sinne het ons dieselfde woordvorm *berus* met klaarblyklik drie verskillende betekenisse, of, anders gestel, met homonieme, d.w.s. drie verskillende woorde met dieselfde vorm. (Terloops, die vorm *berus* het nog meer betekenisse, maar vir ons doel is bostaande genoeg.) Dit is duidelik dat die *voorsetsel* (hoofstuk 4) wat in elke geval saam met *berus* gebruik word, t.w. onderskeidelik *in*, *op* en *by*, onafskeidelik deel vorm van die onderhawige gebruike van *berus*.

L Sy *dweep* met die jong digter.

Hier het ons nog 'n voorbeeld van 'n werkwoord wat nooit sonder die voorsetsel kan voorkom nie, in dié geval ook al is daar nie ander betekenisse by die vorm *dweep* nie (wel miskien graadverskille). Daar is inderdaad geweldig baie sulke werkwoorde wat vir 'n bepaalde betekenis aan 'n sekere voorsetsel gekoppel sit, en ons noem hulle *voorsetselwerkwoorde*. Voordat ons hier met 'n taaleenheid kan werk, d.w.s. voordat ons met 'n vaste woordvorm en sy vaste betekenis kan werk, moet ons die werkwoord en die voorsetsel in berekening hou.

Hier is die voorsetsel dus ook 'n supplement by die werkwoord, en soos ons later aantoon, volg daar op die voorsetsel nog 'n naamwoord. By sulke voorsetselwerkwoorde het ons dus 'n voorsetsel as supplement met 'n naamwoord van die een of ander aard as komplement. (Sien § 4.3.2.1 en § 7.6.2.1) Hiermee het ons dus die derde soort predikaat wat uit 'n werkwoord en 'n ander woordsoort bestaan.

2.6 Die boustukke van die sin

Sover het ons nog, naas *uitinge*, gewoonlik van *sinne* en *woorde* gepraat. 'n Heel eenvoudige toets toon egter dat *sinne* nie uit afsonderlike woorde opgebou word nie; vir die sinstruktuur word eenhede van 'n ander orde gebruik. Ons neem 'n sin soos:

Verskeie groepe mense het sedert vroeg die oggend op die feesterrein begin opdaag.

Dit is moontlik om na gelang van klemtoon en houding dele van die sin om te stel:

Sedert vroeg die oggend het verskeie groepe mense op die feesterrein begin opdaag.

Op die feesterrein het sedert die oggend vroeg verskeie groepe mense begin opdaag.

Op die feesterrein/het/verskeie groepe mense/sedert die oggend/vroeg/begin opdaag.

Die skeistrepe in die laaste geval toon hoe die groepe woorde wat telkens saam beweeg, by mekaar gegroepeer kan word.

As ons dié verplasingstoets op baie sinne toepas, sal ons sien:

- (a) dat die dele wat so geskuif kan word, eintlik die boustukke van die sin is;
- (b) dat dié dele soms uit 'n enkele woord bestaan, maar baie meer dikwels uit 'n groepie woorde wat so in dieselfde volgorde by mekaar moet bly en so as sintagma saam geskuif kan word;
- (c) dat die predikaat van 'n sin soms uit 'n enkele werkwoord bestaan, maar (soos ons in § 2.5 gesien het) meer dikwels uit meer as een werkwoord bestaan en dan is die dele van die predikaat van mekaar geskei as daar nog dele in die sin is wat hulle kàn skei (in teenstelling tot die ander groepe wat as groep by mekaar bly).

So 'n groep woorde wat saam moet skuif en saam as 'n boustuk in 'n sin optree, noem ons 'n **konstruksie** (en ons het reeds in § 1.4 daarna verwys). Sulke konstruksies behou hulle vorm solank hulle betekenisbou konstant bly; hulle het 'n konvensionele betekenisverband, en vorm 'n sintagma. Ons ondersoek hulle verder in die volgende paragraaf (§ 2.7).

Die boustukke van die sin, of hulle enkele woorde of konstruksies is, noem ons die **sinsdele**, en ons ondersoek hulle in § 2.8.

2.7 Konstruksies

Ons kies opsetlik 'n voorbeeldsin wat ons so kan manipuleer dat dit kan aantoon wat ons wil wys; dit is nie altyd met alle sinne moontlik nie.

Die stout seuntjie het sy ma se baie duur nuwe mat gruwelik met sy waterverf bemors.

Dit is maklik om in hierdie sin die reeks konstruksies, groter en kleiner, uit te haal, soos: /die stout seuntjie/ , /het bemors/ , /het gruwelik bemors/ , /met sy waterverf/ , /sy ma se/ , /sy ma se baie duur nuwe mat/ ensovoorts. Maar eintlik wil ons dié sin afbreek totdat net die kleinste deeltjie oorbly wat nog 'n volledige sin sal vorm, en in die proses na sekere dinge oplet, veral na watter dele eerste kan padgee:

Die seuntjie het sy ma se duur mat gruwelik met sy waterverf bemors. Let op: *stout* kan maklik verval; so ook *nuwe*; *baie* kan verval en *duur* kan bly, maar as *duur* sou verval, móét *baie* ook verval. Nog verder:

Die seuntjie het (die) mat gruwelik met sy waterverf bemors. (Om ruimte te bespaar gee ons nie al die moontlike tussenstadiums nie.)

Tot nou toe het ons net dele weggelaat wat met *seuntjie* en met *mat* saamgaan. Ons kan bv. nie iets kry soos die volgende nie:

*Die stout het se mat gruwelik met sy waterverf bemors.

Hiermee het ons probeer aantoon dat *seuntjie* en *mat* in die taalstruktuur van dié sin 'n onontbeerlike plek inneem. Let op dat *die* (by *seuntjie*) en iets

soos *sy (ma se)* of weer *die* of *'n* by *mat* ook noodsaaklik is, maar op 'n ander manier. Ons sê dan dat *seuntjie* in die konstruksie *die stout seuntjie* die **hoof** van die konstruksie is, en dat *die* en *stout* aan *seuntjie* **ondergeskik** is. Sommige van die ondergeskikte dele kan weggelaat word en nog 'n aanvaarbare sinstruktuur laat, maar ander kan nie so weggelaat word nie. (Waar ons na die naamwoordkonstruksie kyk in hoofstuk 8 sal ons op die verskil ingaan.)

Op dieselfde manier is *mat* die hoof van die konstruksie *sy ma se baie duur nuwe mat* en die ander dele is aan *mat* ondergeskik. In die konstruksie *sy ma se* is *ma* die hoof; in *baie duur* is *duur* die hoof en *baie* is daaraan ondergeskik. Let egter op dat *duur* en *nuwe* aan mekaar **newegesik** is; enigeen kan weggelaat word en die ander kan behou word (maar *baie* word deur *duur* saamgesleep).

Maar ons sin kan nog verder uitgedun word:

Die *seuntjie* het die *mat* bemors.

Nou het ons *gruwelik* en *met sy waterverf* uitgehaal; hulle is albei aan *bemors* ondergeskik (en aan mekaar **newegesik**, want ons kan ook net enige één uithaal). In hierdie groep is *bemors* dus die hoof en die ander dele is daaraan ondergeskik.

Die belang van hierdie oefening is ook dat ons daaruit sien dat daar 'n vorm van 'n sin is wat ons as die kleinste, die basiese vorm van die sin kan beskou. In § 2.4 het ons gesien dat dié basiese sinstruktuur van die werkwoord afhang wat in daardie sin die betekenisdraer is.

As ons *baie* sinne ondersoek (soos die taalondersoeker natuurlik moet doen, maar hier maak ons maar net van dié taalondersoeker se bevindinge gebruik) sal ons ook sien dat elke stelsin (in teenstelling tot bevelsinne) uit minstens 'n onderwerp en 'n predikaat sal bestaan, hoewel die konteks soms enige van dié dele kan impliseer sonder dat dit eksplisiet daar staan.

So 'n ondersoek sal ook toon dat waarskynlik verreweg die meerderheid van alle sinne uitbreidings by die onderwerp en die predikaat sal bevat, waarvan sommige baie dikwels komplemente en dus noodsaaklik is om die **basiese sinspatroon** te bevredig, terwyl ander *vrye* uitbreidings is wat vir die basiese sinspatroon ontbeer kan word (maar natuurlik vir die inhoud wat die spreker wou oordra, nodig is).

In ons oefening hierbo het ons gesien dat enige deel wat as boustuk in die sin voorkom en wat ons 'n sinsdeel noem, uit 'n enkele woord of uit 'n konstruksie kan bestaan, en dat so 'n konstruksie as 'n eenheid optree en soms as geheel in 'n sin kan skuif na gelang van die houding van die spreker en wat hy wil beklemtoon. Dit vloei ook daaruit voort dat dit eintlik die hoof van so 'n konstruksie is wat die bepaalde funksie in die sin verrig, d.w.s. as dié bepaalde sinsdeel optree, maar dat ondergeskikte dele dikwels saam met die hoof by die sinsdeel inbegryp word. Ons sal sien dat dit geld vir alle ondergeskikte dele by naamwoorde (sien hoofstuk 8 en 9), maar dat ondergeskikte dele by werkwoorde gewoonlik besondere funksies verrig wat afsonderlik aangedui word (§ 2.8).

2.8 Sinsdele

In voorgaande paragrawe het ons in werklikheid reeds met nagenoeg alle moontlike sinsdele kennis gemaak, sonder egter om hulle almal te identifiseer. Die ontleding van 'n sin in sy sinsdele is geen geregverdigde werksaamheid op sigself nie, maar dit is noodsaaklik dat enige taalstudent die sinsdele ken en in 'n sin herken. Dit is maklik genoeg: daar is net ses. Ons rangkik hulle na aanleiding van enkele voorbeeldsinne:

2.8.1

My pa slaap.

Hierin herken ons *slaap* as die **predikaat** en *my pa* as die **onderwerp**.

Hoewel ons eenkeer gesê het dat die onderwerp in 'n sekere sin die hoofsaak, die “belangrikste” in 'n sin is, begin ons altyd deur na die predikaat te “soek”: met “soek” tussen aanhalingstekens omdat dit selde nodig is om te soek; 'n mens herken dit gewoonlik dadelik. Maar daar is tog enkele geleenthede wanneer daaromheen sekere probleme lê (veral rondom die in § 2.5 (a) genoemde kopulas) en dié sal ons te gelegener tyd bekijk.

2.8.2

Hy het 'n nuwe motor gekoop.

Hier is *het gekoop* die predikaat, *hy* die onderwerp en '*n nuwe motor* noem ons die **direkte voorwerp**. Dit het geen sin om in die naam “direkte voorwerp” enige aanduiding van sy funksie te soek nie; die taalgebruiker snap die funksie heel spontaan (hy gebruik immers die sin reg!), en die taalstudent kan dit ewe maklik herken. Al wat nodig is, is dat hy die ietwat betekenislose naam by die regte funksie moet vashaak! Met die direkte voorwerp het ons met een van die komplemente te doen wat met sekere werkwoorde saamhang: 'n mens kan nie sonder meer “koop” nie, jy moet noodwendig “iets koop”. Daarteenoor kan jy nie “iets sit” nie; jy “sit sonder meer”. Hierdie verskil kloof die ganse werkwoordvoorraad in twee: sommige werkwoorde het 'n direkte voorwerp nodig, ander kan nie 'n direkte voorwerp neem nie. Ons noem dié wat 'n direkte voorwerp moet hê **oorganklike** of **transitiewe werkwoorde**, en die ander wat dit nié kan neem nie, **onoorganklik** of **intransitief** (§ 7.6.1). 'n Mens moet hierby tog onthou dat dieselfde werkwoordvorm soms 'n oorganklike en anders 'n onoorganklike gebruik kan hê, maar slegs in beperkte gevalle:

Die wasgoed *hang* aan die draad.

Sy *hang* die wasgoed aan die draad.

Hier het die eerste sin geen voorwerp nie, terwyl die *hang* in die tweede voorbeeld oorganklik is, albei met skynbaar dieselfde betekenis. As 'n mens dit egter mooi oordink, is dit duidelik dat die twee woorde *hang* inderdaad twee verskillende “handelinge” verteenwoordig. Ons het dus hier met polisemiese woorde te doen. Waar ons later die werkwoord volledig bekijk, sal ons verder op dié saak ingaan.

2.8.3

Die man wil vir sy vrou 'n mooi geskenk koop.

In hierdie sin kom daar nou, in vergelyking met die voorgaande, 'n nuwe element by: *vir sy vrou*. Ons sal sonder meer 'n *mooi geskenk* as die direkte voorwerp herken: dit is die sinsdeel wat die handeling wat in die werkwoordbetekenis steek, ondergaan. Ons kan dit só sien:

In hierdie sin is die onderwerp, *die man*, die een wat die handeling van “wil koop” pleeg, aktief doen. Daarenteen is 'n *mooi geskenk* die een wat dié handeling passief ondergaan. Maar *sy vrou* het belang by die handeling as 'n derde party; sy gaan die ontvanger van die geskenk wees. Ons noem hierdie sinsdeel die **belanghebbende (of indirekte) voorwerp**: in hierdie werk sal ons net van **belanghebbende voorwerp** praat, want die ander naam skep by taalstudente voortdurend verwarring. Dit is nodig om te beklemtoon dat die belanghebbende voorwerp nie net altyd iets moet “wen” as derde party nie; dit kan ook iets prysgee. Baie werkwoorde met voorvoegsels *ont-* vereis so 'n belanghebbende voorwerp:

Hulle ontnem *hom* sy voorregte.

Slegs die werkwoorde met grondbetekenis “gee” en “ontneem” het beide 'n direkte en 'n belanghebbende voorwerp as komplemente nodig, en hulle is maar 'n klein getal. Ons kan met *gee* naamlik nie sonder beide voorwerpe 'n volledige sin hê nie, hoewel een van die voorwerpe soms in 'n bepaalde konteks nie eksplisiet aanwesig is nie:

Hy het die japsnoet 'n oorveeg gegee.

Maar as mense praat oor wat vir die kerkbasaar nodig is, kan iemand sê:

My vrou gee liefs droëkoekies.

Hier is “vir die kerkbasaar” geïmpliseer.

In die sogenaamde klassieke tale, o.a. Grieks en Latyn, en sommige moderne tale, bv. Duits, word verskillende woordvorme (naamvalsforme) vir naamwoorde in die verskillende funksies, ook die twee voorwerpe, gebruik. Sprekers van sulke tale onderskei spontaan tussen die funksies en gebruik “outomaties” die regte vorme. Baie moderne tale, o.a. Afrikaans en Engels, onderskei nie meer vormlik tussen die twee voorwerpe nie, en dit verminder seker die behoefte daaraan om grammaties tussen hulle te onderskei, en dikwels word enigeen en albei sommer net “voorwerp” genoem. Dit is ook goed genoeg. Maar nou is daar tog enkele gebruike waarin die keurige taalgebruiker van dié funksieverskil kennis neem: die belanghebbende voorwerp word dikwels saam met *vir* gebruik (soos hierbo *vir sy vrou*), terwyl hulle *vir* saam met 'n direkte voorwerp as substandaard aanvoel — en dan is hierop ook weer afwykings! Ook sinne in die passief word hierdeur geraak. Ons kyk volledig daarna in § 9.1.3.

Dit word egter dringender wanneer ons by sekere tipes konstruksies kom waar ons klaarblyklik met 'n voorwerp te doen het, maar hoe pas dit?

A Ek help *hom*.

B Wat *my* betref, ek is daarmee tevrede.

C Sover dit *hom* aangaan, hy sal daarmee genoë neem.

D “As ek daaraan dink dat dit *my* ook nog voorlê . . .” en

E “Na vanoggend se wederverarings kom dit *my* voor asof . . .”
(Audrey Blignault)

By E kan ons sien dat *asof* ’n deel van die sin inlei wat ’n direkte voorwerp kan wees, en dat *my* dus ’n belanghebbende voorwerp is. Maar in sinne B, C en D is dit anders: ons sien *my*, *hom* en *my* as belanghebbende voorwerpe bloot omdat dit duidelik is dat hulle nie as “passiewe ondergangers” beskou kan word nie; die persone wat deur *my*, *hom* en *my* onderskeidelik aangedui word, is belanghebbendes. Dit is ook ’n feit dat dit byna-byna uitsluitlik mense, persone, is wat as belanghebbende voorwerpe moet dien, uiteraard, (maar hierbo het ons ’n kerkbasaar!) en daarom word van die belanghebbende voorwerp soms as van die “persoonsvoorwerp” gepraat (wat goed genoeg sou wees, as dit nie was dat baie direkte voorwerpe ook persone is nie). In A is dit veel moeiliker om sekerheid te kry: alleen ’n mens of ander lewende wese kan “gehelp” word, maar of dit van hom ’n belanghebbende voorwerp maak? Hier neem ons geriefshalwe ons toevlug daarheen om dit bloot ’n voorwerp te noem; dit maak hier ook nie saak nie.

2.8.4

Hy glo in die edelheid van die mens.

Hier herken ons die voorsetselwerkwoord *glo* met sy voorsetselsupplement *in*. Soos ons later sal sien, word ’n voorsetsel altyd deur ’n naamwoord gevolg; *die edelheid* is hier die voorsetselvoorwerp wat by ’n voorsetselwerkwoord as komplement dien. By al die honderde voorsetselwerkwoorde in ons taal kry ons telkens so ’n voorsetselvoorwerp. Maar dit is ewe noodsaaklik dat ons moet onderskei: alle naamwoorde wat op ’n voorsetsel volg, is nie voorwerpe nie. Daarom kyk ons nou dadelik eers na die volgende sinsdeel om só tussen twee effens eenderse vormvoorkomste te onderskei.

2.8.5

Hy staan in die hoek van die kamer.

Hierdie sin lyk baie soos die vorige: ’n voorsetsel *in* gevolg deur ’n naamwoord *die hoek*. Maar let op: die werkwoord *staan* is nie ’n voorsetselwerkwoord nie; *staan* kan deur enigeen van ’n hele reeks moontlike voorsetsels gevolg word, na gelang van die leksikale betekenis van die voorsetsel en wát die spreker wil sê: “staan op ’n stoel, . . . voor die spieël, agter die lessenaar, by die deur . . .” almal plekaanduidings, sowel as verskeie ander soos “staan in die oggend, na twee-uur . . .” of glad geen voorsetsel nie soos “staan elke dag daar . . .”

Die konstruksie *in die hoek* dui ’n plek aan, *in die oggend* dui tyd aan; hierdie voorsetselkonstruksies (d.w.s. konstruksies wat met ’n voorsetsel begin) dien as bywoordelike bepalings. Ons gebruik die term *bepaling* as ’n gerieflike veralgemening vir ’n woord of konstruksie of ander taaleenheid wat die betekenis, die geldigheid, van ’n ander woord (of ander taaleenheid) begrens, bepaal, presieser aandui. In die geval van *in die hoek* en die

ander voorsetselkonstruksies wat ons in die plek daarvan kan plaas, het ons 'n konstruksie wat 'n **bywoordelike funksie** in die sin verrig. Dit is nie net voorsetselkonstruksies wat hier sulke bywoordelike funksies kan verrig nie: ook ander konstruksies kan, soos

Hy staan *die hele dag lank*.

en natuurlik ook 'n enkele woord, wat dan 'n **bywoord** is, soos

Hy staan *stil / regop / rustig* . . .

Die verskil tussen die voorgaande twee gevalle is:

Die voorsetselwerkwoord en sy supplement hoort by mekaar: *glo in* hoort saam, en hulle het 'n voorsetselvoorwerp *die edelheid*.

Die werkwoord *staan* word bepaal deur die voorsetselkonstruksie *in die hoek* met bywoordelike funksie; *in* hoort by *die hoek*.

2.8.6

Daarmee het ons nou die ses sinsdele onderskei, t.w. predikaat, onderwerp, direkte voorwerp, belanghebbende (of indirekte of persoons-) voorwerp, voorsetselvoorwerp, bywoordelike bepaling.

Hoewel ons later volledig aandag daaraan gee, is dit seker goed om nou voorlopige antwoorde te gee op waarskynlike vrae wat 'n taalstudent op hierdie stadium sal stel:

Die indeling in sinsdele is dus gebaseer op die boustukke van die sin, wat seker meestal nie net uit 'n enkele woord bestaan nie, maar dikwels uit konstruksies (en, soos ons later sal sien, ook uit taaleenhede van 'n nog groter orde wat ons **bysinne** noem).

Die kern van 'n sin is die werkwoord, wat saam met ander werkwoorde en soms nog ander woordsoorte, die predikaat vorm.

Die onderwerp en al drie voorwerpe (direkte, belanghebbende en voorsetsel-) se hoofelement is 'n naamwoord. (Ons sal later sien dat daar naamwoorde is wat gewoonlik alleen optree, terwyl ander as hoof van 'n konstruksie voorkom.) Die term **naamwoord** is 'n versamelwoord vir 'n paar soorte woorde wat ons later (§ 3.3) verder onderskei.

Die sinsdeel of sinsdele wat bywoordelike funksie verrig en wat ons 'n bywoordelike bepaling noem, is of 'n enkele bywoord of 'n konstruksie waarvan die hoof weer eens 'n naamwoord is en wat baie dikwels 'n voorsetselkonstruksie vorm. Teen dié tyd weet ons ook reeds dat 'n voorsetsel altyd deur 'n naamwoord gevolg word. Hierdie bywoordelike bepalings hou baie dikwels verband met die predikaat van die sin (maar nie altyd nie — miskien nie eens meestal nie — soos ons in hoofstuk 6 oor die bywoord sal sien).

2.8.7

Maar nie net die predikaat word bepaal nie; nagenoeg elke taaleenheid in die sin kan bepaal word. As 'n naamwoord bepaal word, word tradisioneel 'n ander naam aan die bepalende taaleenheid gegee, naamlik **byvoeglike naamwoord**. Ook hier kan 'n konstruksie as bepaling dien, en dan het so 'n konstruksie byvoeglike funksie, of internasionaal: **adjektiewiese funksie**, en

die woord is 'n **adjektief**. Dit val op dat 'n byvoeglike naamwoord in Afrikaans gewoonlik vóór die bepaalde naamwoord staan (en dan is dit 'n **voorbepaling**), maar soms om stilistiese en soms om grammatiese redes onmiddellik ná die naamwoord voorkom (en word dan 'n **nabepaling** genoem). As 'n voorsetskonstruksie as byvoeglike bepaling dien, is dit gewoonlik 'n nabepaling, hoewel enkele geykte uitdrukkings reeds as voorbepalings optree (soos 'n *voor-die-hand-liggende rede*).

'n Heel besondere uitbreiding by die naamwoord is die **besitter**, wat in twee vorme voorkom:

Die seun se moeder het hom mooi maniere geleer.

Hier is *moeder* die hoof van die konstruksie wat as onderwerp in die sin dien, en *die seun se* tree as besitterskonstruksie by *moeder* op. Die besitterskonstruksie met *se* is altyd 'n voorbepaling.

Die moeder van die seun het hom mooi maniere geleer.

Hier is *moeder* nog altyd die onderwerp en die *die vóór moeder* hoort by die onderwerp. *Van die seun* is 'n voorsetskonstruksie met besittersbetekenis wat nou as nabepaling by *moeder* dien. Ons sal later op hierdie besitterskonstruksies terugkom en na hulle besondere kenmerke kyk (in §9.1.4, 13.2.5), maar noem nou net twee: hulle bind baie heg met die naamwoord by hulle, en hulle beteken nie altyd 'n suiwer besitterskap nie, soos in

die voorsitter van die vereniging se bedanking . . .

waar die "voorsitter" immers nie die besitting van die "vereniging" kan wees nie, en "bedanking" hang met "voorsitter" saam en nie met "vereniging" nie. Sommige mense verkies dus (met goeie rede) om liefs die ou naamvalsterm "genitiefskonstruksie" te gebruik: dit sluit die besitter in maar ook die ander gebruike. Besitterskonstruksies het ook die buitengewone vermoë om teoreties 'n onbeperkte reeks te vorm: "die man se seun se huis se dak se panne . . .".

Ons sal ook later aantoon dat die besitterskonstruksie, hoewel 'n bepaling by die naamwoord, tog nie 'n byvoeglike of adjektiewiese funksie verrig nie; dit val in die lidwoordparadigma. (§ 9.1.4, § 8.3)

Om moontlike wanopvatting te vermy: die bepaling by die naamwoord is nie dieselfde as die predisering by 'n onderwerp nie; die bepalende byvoeglike naamwoord en die predikatief tree verskillend op en hulle funksie sowel as die betekenisbou van die sin waarin hulle voorkom, verskil: In "die gawe man . . ." sê *gawe* van watter man die spreker iets (anders) wil sê: *gawe* bepaal van watter *man* hy praat. In "die man is gaaf" is *gaaf* dit wat die spreker van die *man* wil sê: *gaaf* is die predisering saam met *is*; dit vorm die predikatief. *Gaaf* is nou nie 'n bepaling nie.

2.8.8

Ons het vroeër gesê dat dit 'n ongeregverdigde bedryf is om sinne bloot net te ontleed (soos vroeër jare vir eksamendoeleindes dikwels gedoen is); trouens, dit kan as heeltemal doelloos beskou word. Maar omdat dit dikwels nodig is om van die sinsdele te kan praat, moet enige student tog

deeglik daarmee vertrouwd wees. Voordat ons nou daarvan afstap, noem ons enkele belangrike onderskeidinge maar ook waarskuwings wat dalk die onderskeidinge makliker herkenbaar maak, en dan gee ons 'n aantal gewone sinne wat vir die oefening en die verkryging van helderheid ontleed kan word in hulle sinsdele.

Dit is belangrik om die volgende in die gedagte te hou:

- A Ons kry soms dele binne die omvang van 'n sin wat egter nie deel van die sinspatroon is nie, maar eintlik buite die sinspatroon staan; eintlik 'n aparte stuk (van 'n ander sin waarvan die res ontbreek) wat maar net lyk of dit in die onderhawige sin hoort:

Wat my betref, hy kan na die hoenders gaan!

Maar moenie hier so baie stof maak nie, *allawêreld!*

Dit geld naastenby vir alle uitroepe wat by 'n sin ingebou is. Ons sê dat sulke stukke buite die sinspatroon, ongeskakel, **disjunk**, is. Daar is grade van losheid. Meestal lê dit buite ons ondersoek, want ons hou ons mos met die sin besig, en hulle lê telkens effens buite die sin. Maar onder die bywoorde bekyk ons tog 'n disjunkte gebruik deegliker (§6.3). Ook by bevele en vrae kom dit voor:

Jan, waar het jy my tas gesit?

Kinders, kom ons gaan stap 'n bietjie in die veld.

Neem julle gewere, *manne*, en gaan sit die bokke daar anderkant voor!

'n Soort sin waarmee ons ons wel besig moet hou, is dié waarby die spreker dit nodig vind om 'n verband wat tussen twee (of meer) gedagtes bestaan, gedagtes wat elk in 'n afsonderlike sin gestel word, sterker uit te "spel" as wat normaalweg blyk. Dan doen hy dit soms met behulp van stembuiging (toonduur en toonhoogte) en met leestekens op skrif, of nog sterker met behulp van **sinsverbinders** soos **konjunkte bywoorde** (sien § 2.11, 6.2) en **neweskikkende voegwoorde** (§2.11 en hoofstuk 5). Voorbeelde is:

Ek het 'n afspraak vir vyfuur, *gevolglik* sal ek nie dan kan kom nie.

Die jongmense het gedans *en* die oumense het gesit en gesels.

- B Met inagneming van wat in A hiervoor gesê is, is dit dan waar dat elke sin slegs kan bestaan uit die genoemde sinsdele. Anders gesê: in alle sinne, hoe eenvoudig of hoe gekompliseerd ook al, sal ons alleen dié dele terugvind wat ons as sinsdele van 'n sin geïdentifiseer het. Dit beteken nie dat alle sinne uit al ses sinsdele bestaan nie; dit het ons immers reeds gesien. Dit beteken wel dat elke sin naas moontlike disjunkte dele gewoonlik uit minstens twee, maar ook uit enige getal uit die ses, sinsdele sal bestaan, en net dié wat ons onderskei het. Dan moet ons net onthou dat enige sinsdeel uit 'n enkele woord of uit 'n konstruksie of ook uit 'n groter struktuur kan bestaan, en baie dikwels selfs uit 'n struktuur wat al die kenmerke van 'n sin het, behalwe dat dit by 'n groter sin ingebou is en as 'n sinsdeel van daardie groter sin dien. Dié verskynsel kry ons by **samgestelde en veelvoudige sinne**, dus by sinne waarby ander ingelyf is. (§ 14.1)

- C Juis omdat daar 'n "gewone" volgorde van die sinsdele in sinne is, dus 'n volgorde wat ons as die natuurlike beskou, val 'n mens maklik in die versoeking om die volgorde as 'n maatstaf te neem by die ontleding van die sin. Maar die taalgebruiker begaan selde dié fout in die gewone taalgebruik; alleen in onbewaakte oomblikke kom dit voor en lei dan tot misverstand.

In 'n gesprek tussen 'n paar mense oor 'n vreemdeling kan dit gebeur dat een van die gespreksgenote iets sê soos:

"Dié kêrel het ons nog nooit hier gesien nie."

In dié samehang sal geeneen van die gespreksgenote dink dat die spreker bedoel dat die *kêrel* nog nooit vir hulle daar gesien het nie; almal weet die spreker bedoel dat hulle groepie nog nooit dié *kêrel* daar gesien het nie. Met ander woorde, die groepie geselsers sal weet dat *dié kêrel* die voorwerp en *ons* die onderwerp van die sin is, alhoewel *ons* nou nie in die "gewone" posisie, nl. eerste in die sin, staan nie. Die sinsposisies verander om die klem, soos ons reeds gesien het (§ 2.3). Om dié rede bepaal ons by die ontleding eers die predikaat, want dan kan ons baie maklik vasstel wie/wat die onderwerp is en die sin se bou verder vasstel.

- D Ons het reeds op die verskil tussen 'n voorsetselvoorwerp en 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie gewys (§ 2.8.4/5). Dit is nie die enigste gevalle waar verskillende sinsdele eenders lyk maar in funksie en semantiese waarde verskil nie. Daar is veral nog twee soorte:

A Hulle het *die dag* op die strand gespeel.

B Hulle het *die dag* op die strand deurgebring.

In A sê *die dag* wanneer hulle op die strand gespeel het; in B sê *die dag* "wat" hulle op die strand deurgebring het. *Speel* is hiër 'n onoorganklike werkwoord: hier staan nie wát hulle gespeel het nie, maar bloot wánnêr. *Deurbring* is 'n oorganklike werkwoord; 'n mens moet noodwendig "iets" deurbring, gewoonlik tyd of geld. Hier is dit tyd, *die dag*. Weer eens is dit die betekenis van die werkwoord wat die aard van die sin bepaal. Deur die skynbare eendersheid heen moet 'n mens die verskil kan sien. (§ 7.6.1.8)

Kyk nou na die volgende:

C Hy was eensaaam. Hy skryf toe maar vir sy moeder 'n brief.

D Sy moeder het haar regterarm gebreek. Hy skryf toe maar vir sy moeder 'n brief aan sy sussie op universiteit.

Daar is 'n duidelike verskil tussen die funksie en betekenis van *vir sy moeder* in die twee gevalle. In C is dit gewoon 'n belanghebbende voorwerp: sy moeder is die ontvanger van die brief. In D beteken *vir* "namens"; hy in plaas van sy moeder skryf die brief, en nou is *vir sy moeder* 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie.

Die belangrike hier is nie die skynbare hareklowery nie; die belangrike is dat die taal van skynbaar eenderse vorme vir verskillende inhoude gebruik maak en ons moet maar net daarvan bewus wees sodat ons nie

die vorm alleen vir die hele taaleenheid met vorm en betekenis aansien nie.

2.8.9

Nou kan ons die volgende paar sinnetjies in hulle sinsdele ontleed:

- a) Ouma sit op die stoel voor die venster.
- b) 'n Piet-my-vrou roep die hele dag lank na 'n maat.
- c) Sy sien die tuinier by die struikie staan.
- d) Die bestuurder het die personeel op 'n skemerpartytjie onthaal.
- e) Jannie het al sy maatjies lekkers gegee.
- f) Hy gun ons niks.
- g) Die bode was kastig weens siekte afwesig.
- h) Op sulke fris oggende in die herfs sal jy hulle op die sand langs die water sien ronddwaal met dik truie aan.

Nadat die student self 'n bietjie geprobeer het, kan ons die antwoorde ondersoek en motiveer waar nodig:

- a sit predikaat
Ouma onderwerp
op die stoel bywoordelike bepaling (van plek — as 'n mens die betekenis wil by gee — want dit verwys na “sit”, die predikaat)
voor die venster kan of as bywoordelike of byvoeglike bepaling beskou word na gelang daarvan of dit verwys na waar sy sit, of na watter stoel ter sprake is
- b roep na predikaat
'n piet-my-vrou onderwerp
'n maat voorsetselvoorwerp
die hele dag lank byw. bep. (waar “lank” die hoof van die konstruksie is en “die hele dag” 'n graadbepaling by “lank”, albei bywoordelik)
- c sien staan predikaat
sy onderwerp
die tuinier (direkte) voorwerp
by die struikie byw. bep.
- d het onthaal op predikaat
die bestuurder onderwerp
die personeel direkte voorwerp
'n skemerpartytjie voorsetselvoorwerp
("Op 'n skemerpartytjie" kan hier ook as byw. bep. van manier gesien word.)

- e het gegee predikaat
 Jannie onderwerp
 al sy maatjies belanghebbende voorwerp
 lekkers direkte voorwerp
- f gun predikaat
 hy onderwerp
 ons belanghebbende voorwerp
 niks direkte voorwerp
- g was afwesig predikaat (met kopula “was” en predikatief “afwesig”)
 die bode onderwerp
 weens siekte byw. bep. (van rede)
 kastig byw. bep. (disjunk — gee spreker se houding t.o.v. die rede)
- h sal sien ronddwaal predikaat
 jy onderwerp
 hulle direkte voorwerp
 op sulke fris oggende byw. bep. (van tyd — sê wanneer jy hulle sien ronddwaal)
 in die herfs byw. of byv. bep.; sê dit iets van “sien ronddwaal” of van “oggende”?
 op die sand byw. bep. (van plek, bepaal “ronddwaal”)
 langs die water byw. bep.
 met dik truie aan (Het dit op “ronddwaal” of op “hulle” betrekking? Is dit dus byw. of byv.? Maak dit saak?)

2.9 Sinstipes

Om die struktuur van die sin te toon, het ons tot nou toe van net een tipe sin gebruik gemaak en gemaak asof daar geen ander soorte is nie. Dit was om die verduideliking, wat reeds so baie fasette het, nie nog verder te kompliseer nie. Maar hoewel die saak nie so eenvoudig is nie en daar nogal heelwat meningsverskil bestaan, behou ons die tradisionele onderskeiding in drie tipes, met inagneming van 'n moontlike vierde, nl. (a) die stelsin, (b) die vraagsin, (c) die bevelsin en soms (d) die uitroep.

- (a) Die stelsin of beweringsin is die “gewone” sin waarin 'n bewering gemaak word, soos in die meeste sinne van enige vertelling, beskrywing of uiteensetting, bv.

Piet het gister hier aangekom.

Die wolke pak al digter saam.

Die ekonomie beleef 'n opbloeit.

Toe ons die gevaar sien, was dit te laat om te vlug, sodat ons ons
maar op weerstand moes voorberei.
In geskrewe taal sluit ons 'n stelsin met 'n **punt** af.

(b) A Die **vraag** of **vraagsin** kan veral twee vorme aanneem:

Ons kan bloot 'n bevestiging of ontkenning as antwoord eis in vrae van
die tipe:

Het hy die werk voltooi?

Werk hy nog daar?

Hier is dit moontlik om slegs met *ja* of *nee* te antwoord. As sekere
bepalende woorde deel van die vraag vorm, is dit nie altyd moontlik
nie, bv.

Drink hy **nog**?

Die *nog* maak dit moeilik: as hy nooit gedrink het nie, is *nee* nie
voldoende as antwoord nie.

Ons kan 'n stelling as antwoord eis, soos by

Wanneer kom hy? Waar woon hy?

Hoe het hy dit reggekry?

Die antwoord kan natuurlik soms slegs 'n enkele woord wees, wat tog
beduidend is in die konteks, soos vir die eerste vraag (sê maar):
Dinsdag. wat dan beteken: Hy kom Dinsdag.

By hierdie soort vraagsin gebruik ons die vraagwoorde *wie, wat, waar, wanneer, waarom (hoekom), hoe* . . . Omdat almal (behalwe *hoe*) met
'n *w* begin, praat mense soms van die *w*-vraagsin.

B Dis belangrik om hierby in gedagte te hou dat **klem** (by name
sinsklem) 'n baie groot rol speel (soos ook by die stelsin). In *Werk hy
nog daar?* kan die uitwerking getoets word as ons telkens 'n ander
woord beklemtoon.

C Ons kan ook 'n vraag stel deur slegs die intonasie van 'n sin in die
stelvorm te verander, gewoonlik deur die toonhoogte teen die einde
van die sin te laat styg. Toets dit met

Hy werk nog daar. teenoor

Hy werk nog daar?

Daar is 'n belangrike verskil in die **woordorde** tussen stel- en vraagsinne
(ander as die laasgenoemde), waarop ons te geleger tydens ingaan. In
geskrewe taal gebruik ons 'n **vraagteken** aan die end van 'n vraagsin.

(c) Die **bevel** of **bevelsing** onderskei hom daardeur dat die persoon (of
ander) wat die handeling (moet) verrig, nie 'n plek in die sinspatroon
het nie, bv.

Staan op!

Voorwaarts mars!

Gaan huis toe en gaan haal die boek!

In hierdie gevalle is die doener altyd *jy* of *julle*. As die bevel negatief is,
gebruik Afrikaans byna altyd die vorm *moenie*:

Moenie opstaan nie!

Moenie te na aan die wal loop nie!

Waar die doener wel genoem word, staan dit buite die sinspatroon:

Kosie, staan op!

Manne, moenie te na aan die wal loop nie!

Daar is verskeie sinsgebruike wat nouliks van die bevelsin te onderskei is in bedoeling, maar hulle kom nie altyd daarmee ooreen in vorm nie:

Kom ons gaan huis toe!

Laat hy maar self aansukkel.

Hier het ons eintlik met 'n soort bevel te doen wat op die eerste persoon en die derde persoon onderskeidelik betrekking het.

Ons verwys na ander aspekte van die bevelsin by taalvorme wat daarmee saamhang, waar ons sulke aspekte teëkom.

By bevelsinne gebruik ons in geskrewe taal dikwels 'n uitroepteken om mee te sluit.

Dit is nodig om die "versoeksin" te onderskei, 'n soort sin wat die vraagsin en die bevelsin verenig:

"Meneer Smit, sal u die gegewens vir my bymekaarbring, asseblief?"

Dit het die vraagvorm, maar kan nie met *ja* of *nee* beantwoord word nie: dit eis nie 'n antwoord nie, maar 'n optrede. Dit is eintlik 'n baie hoflike bevel. So ook in:

"Sal u asseblief weer vir my daardie probleem verduidelik, Meneer?"

Dit sal nie help dat die onderwyser met "Ja." antwoord nie: hy moet verduidelik.

- (d) Die uitroep is alleen 'n sin insoverre dit dikwels 'n alleenstaande uiting is, en van so 'n (dikwels tradisionele) vorm dat die hoorder tog verstaan wat die spreker wil sê, soos

Hoera! Eina! Allawêreld! Pragtig, nè!

Dit kan uit een of meer woorde bestaan (net soos ander sinne) maar die betekenis van die woord of die groep is dikwels nie presies identifiseerbaar nie. In die studie van emosionele taal neem dit 'n belangrike plek in; andersins behandel ons dit hier nie in die sintaksis nie.

2.10 Sinsvorm: Aktief en Passief

Ons weet reeds dat byna alle sinne (eksplisiet of implisiet) iets **noem** en dan **van die iets iets sê**. Nou, soms beteken die sin dat die genoemde iets, die onderwerp, self **doen** (hoe flou hierdie doenigheid ook al mag wees!), dus **aktief** of **bedrywig** is; soos

Die man hoor die voëls.

My pa slaap.

Jan maak speelgoed.

Sulke sinne waarin die onderwerp aktief of bedrywig is, staan in die **aktief** of **aktiewe vorm**.

Anders is dié iets **lydelik** of **passief**; daarmee word iets gedoen, soos

Die goedere word per trein gestuur.

Dié pak klere is deur 'n deskundige gemaak.

Sulke sinne waarin die onderwerp passief of lydelik is, staan in die **passief** of **passiewe vorm**.

Vir aktief en passief word in Afrikaans dikwels die geërfde foutiewe Nederlandse vertalings van die internasionale terme gebruik, nl. **bedrywende** en **lydende vorm**.

Die aktief en passief — die **sinsvorm** — word volledig in § 7.5 behandel.

Opmerking: Ons het hier na die verskillende sinstipes en na die twee sinsvorme verwys net sodat ons weet waarom dit gaan as ons in die verdere behandeling dié verskynsels weer noem. Want ons gaan in die behandeling altyd net die vorm van die stelsin bekijk, en net waar dit nodig is, die nodige aanpassings maak vir die ander sinstipes. Daar is so 'n wesenlike verskil tussen die aktief en die passief dat ons voortaan oral waar nodig na dié verskil sal verwys, maar eers wanneer ons vollediger kennis dra van dié taalaspekte wat by die sinsvorme betrokke is, sal ons die passiewe sinsvorm volledig ondersoek (in paragraaf 7.5).

2.11 Hiërargie in die sinstruktuur

Tot nou toe het ons ons bespreking beperk tot sinne waarin net een predikaat voorgekom het. Sulke sinne staan egter verreweg in die minderheid in die taalgebruik, meer nog in die geskrewe taalgebruik. Want die mens se geestesverkeer met ander mense is nie 'n klomp los flarde gedagtes nie; die mens is daarvoor te ontwikkel: daar is 'n verband tussen die gedagtes wat hy oordra. Hierdie verband tussen gedagtes vorm gewoonlik reeds die grondslag van die gedagtes self; die mens het nie eers die los gedagtes wat hy dan bewustelik in hulle samehang plaas nie. Maar ons gaan nou máák asof dit so gedoen word, net om te toon hoe die struktuur van sulke verwikkelde sinne lyk. Daarvoor kies ons opsetlik bruikbare voorbeelde; die meeste sulke verwikkelde strukture kan nie so resepmatig verwerk word nie!

Ons veronderstel die drie gedagtes:

Die wind was baie sterk.

Die deining het die bootjie rondgeslinger.

Die opvarendes het baie beangs geword.

Ons moet onthou dat dié gedagtes in 'n bepaalde konteks geplaas is en die spreker sy mededeling 'n sekere kleur wil gee wat dan die verhouding tussen die drie gedagtes sal raak. Na gelang dáárvan kan ons verskillende aanbiedinge kry:

2.11.1

In 'n sekere stylaard kan die spreker die drie gedagtes naak stel en die samehang aan sy hoorders oorlaat:

A Die wind was baie sterk. Die deining het die bootjie rondgeslinger.

Die opvarendes het baie beangs geword.

Hier het ons nou nog die drie afsonderlike sinne, telkens met net een

predikaat daarin (“was sterk”, “het rondgeslinger” en “het beangs geword”). Sulke sinne met net een predikaat word tradisioneel **enkelvoudige sinne** genoem.

2.11.2

Die spreker kan die stroefheid van die vertelling effens temper:

B Die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger. Die opvarendes het baie beangs geword.

Daar is min verandering: die eerste twee gedagtes is nou in een sin ingebou met behulp van die **voegwoord en**. Verder lyk die twee dele nog net soos hulle gelyk het voordat hulle in een sin verenig is. Daarvoor vestig ons op dié stadium die aandag spesiaal op die volgorde van die onderwerp en die dele van die predikaat in die onderhawige sinne:

Let op dat die onderwerp telkens eerste staan (soos ons dit vantevore reeds as die “gewone” onderskei het) met die predikaat onmiddellik daarna. Hier moet ons egter ’n oomblik stilstaan: in die eerste sin is die predikaat *was (baie) sterk*, d.w.s. ’n kopula met predikatief; dus ’n predikaat wat uit twee dele bestaan. Ook die tweede sin se predikaat bestaan uit twee (inderdaad drie) dele, nl. *het en rond en geslinger*, alhoewel ons *rondgeslinger* vas skryf. In die derde sin is die predikaat ook ’n kopula met predikatief, maar die kopula kom in die vorm *het geword* voor met *(baie) beangs* as predikatief. Toe ons nou hierbo aan die begin van die paragraaf gesê het dat die predikaat onmiddellik op die onderwerp volg, het dit eintlik beteken die **eerste werkwoordlid van die predikaat** as dit uit twee of meer dele bestaan; anders wel die enigste lid van die predikaat. Ons voorbeeldsinne is spesiaal met meer as een lid in die predikaat gekies, omdat juis hierdie aspek van groot belang vir die stuktuur van die Afrikaanse sin is.

Ons sien dus dat die inbou in een sin met behulp van *en* niks aan die bou van die betrokke sinne verander nie. Ons noem die klein getal woorde wat soos *en* optree, **neweskikkende voegwoorde**; die sinne weerskante van die neweskikkende voegwoorde is **newegesikte sinne**.

2.11.3

Soos ons voorbeeldsinne in A gebruik word en nou ook in B voorkom, is hulle almal **onafhanklike sinne**, omdat hulle in daardie vorm as enkelvoudige sin kan voorkom. Let op: ’n enkelvoudige sin word so genoem omdat dit net een predikaat het; ’n onafhanklike sin word so genoem omdat die onderwerp en die (eerste werkwoordlid van die) predikaat onmiddellik langs mekaar staan, soos dit as enkelvoudige sin ook voorkom, maar dit is nie noodwendig ’n enkelvoudige sin nie; dit kan in ’n sin voorkom met meer as een predikaat soos in B hierbo.

Die eienskappe van neweskikkende voegwoorde word volledig by die voegwoord in hoofstuk 5.1 behandel.

2.11.4

Daar is nog baie ander moontlikhede vir ons voorbeeldsinne. Die spreker kan die verband tussen die gedagtes effens helderder stel:

C Die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger. Die opvarendes het daarom baie beangs geword.

Die woord *daarom* is 'n deiktiese woord; dit verwys ons na die voorgaande sin vir die rede van die beangstheid van die opvarendes. Alhoewel *daarom* eintlik geen ware inhoud het nie, sê dit tog dat daar 'n rede bestaan vir die inhoud van die sin waarin dit voorkom. Ons noem dit 'n **konjunkte bywoord** omdat dit in die sin 'n bywoordelike funksie (van rede) verrig. Onder die bywoord in § 6.2 en die voornaamwoord in § 13.1.4 behandel ons dit verder. Die belangrike op die oomblik is dat die invoeging van *daarom* hier niks verder aan die sinstruktuur verander nie.

Daar is egter 'n variasie moontlik:

D Die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger. Daarom het die opvarendes baie beangs geword.

Nou staan *daarom* aan die begin van die tweede sin, en ons onthou dit as die posisie wat deur 'n beklemtoonde element in die sin ingeneem word (§ 2.3). Die funksie is presies dieselfde as in C; net die posisie in die sin het verander, en let nou op hoe die volgorde van onderwerp en (eerste werkwoordlid van die) predikaat daarmee saam verander: nou kom die *het* eerste na *daarom* en dan eers volg die onderwerp *die opvarendes*. Nog altyd is die sin (*Daarom het die . . . geword.*) 'n enkelvoudige sin en dus **onafhanklik**, sodat die onderwerp en eerste lid van die predikaat onmiddellik langs mekaar staan, maar omgekeerd: éérs predikaat, dan onderwerp. (In §2.13 behandel ons hierdie verskynsel apart en volledig.)

Nog altyd is *daarom* 'n konjunkte bywoord, en soos in baie ander gevalle is die voorplasing hier nie ongewoon nie. Maar nou is daar 'n verdere afwyking-moontlik:

E Die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger; daarom het die opvarendes baie beangs geword.

Net die interpunksie het verander. Die gebruik van 'n kommapunt in plaas van 'n punt maak die assosiasie nog enger, hoewel dit aan die sinstruktuur nie verander nie. Dit lyk egter nou na een sin (wat dit ook is); *daarom* lyk ook nou na 'n voegwoord, wat dit nié is nie; dit is bloot 'n bywoord wat as **sinsverbinder** optree. As dit voegwoord was, sou dit óf geen invloed op die woordorde gehad het nie, soos *en* hierbo in B, óf die afhanklike woordorde (sien net hierna in F) tot gevolg gehad het.

2.11.5

Die spreker kan die samehang nóg enger maak:

F Die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger sodat die opvarendes baie beangs geword het.

Die eerste deel van die sin (*Die wind . . . rondgeslinger*) bly onveranderd; maar *sodat* bring 'n belangrike verandering in die laaste deel teweeg: die onderwerp staan eerste (na *sodat*), maar die hele predikaat in omge-

draaide volgorde het nou na die end van die sin verskuif: *beangs geword het*. *Sodat* is naamlik 'n **onderskikkende voegwoord** en maak van die deel wat op hom volg, 'n **ondergeskikte sin**, want in die vorm wat die sin nou het, kan dit nie 'n enkelvoudige sin wees nie en dus nie onafhanklik staan nie. Daarom noem ons die volgorde wat die onderwerp en die predikaat in só 'n sin ten opsigte van mekaar inneem, die **afhanklike woordorde** (wat ons saam met die ander woordordeverskynsels in § 2.13 volledig behandel).

So 'n ondergeskikte of afhanklike sin vorm altyd 'n sinsdeel van die sin waarby dit **ingelyf** is. In F hierbo verrig die deel *sodat . . . geword het* 'n bywoordelike funksie (van gevolg); ons noem dit dan 'n bywoordelike **bysin**, terwyl die voorgaande twee sinne wat aan mekaar newegesik is, albei **hoofsinne** is.

Natuurlik kan die spreker die verhouding tussen die gedagtes ook andersom sien:

G Omdat die wind baie sterk was en die deining die bootjie rondgeslinger het, het die opvarendes baie beangs geword.

Daar is nog altyd drie "sinne" wat die drie gedagtes dra. Ons gebruik "sinne" tussen aanhalingstekens; daar is 'n hinderlike ongerymdheid in die

Voetnoot oor die term *klous*

Dit is duidelik dat ons 'n ernstige behoefte aan 'n term het vir die veelheid van strukture waarin ons die basiese kenmerke van sinne herken maar wat in groter strukture soos die saamgestelde sin ingebou is, en waarvoor die Engelse grammatika "clause" gebruik, uit die Frans oorgeneem van 'n Latynse woord wat min of meer "afgeslotenheid" kan beteken — dus maar min met die begrip in die grammatika te doen het, tensy dit op die eenheid van die sinsvorm kan dui. Dit is heeltemal onwetenskaplik om te praat van "'n sin wat uit meer as een sin bestaan". Daarom is daar in Afrikaans reeds verskeie terme aan die hand gegee, maar telkens 'n woordvorm wat ook vir ander begrippe gebruik word, wat maklik misverstand of dubbelsinnigheid in die hand werk.

Ponelis (1968) het "klous" ingevoer, hoewel met 'n effens ander gebruik as wat dit hier in die gees van die tradisionele grammatika gebruik word. Sedertdien het hy in 1979 oorgeslaan na die Engelse term "clause". Die uitspraak en skryfwyse, veral in die meervoud, skep probleme. Vir my is die term "klous" aanneemlik

eerstens, omdat alle taalstudente in Suid-Afrika deur hulle kennis van Engels reeds die begrip ken, en ondanks sy skynooreenkoms met Engels nie te hinderlik hoef te wees nie;

tweedens, omdat daar in sy uitspraak en skryfwyse niks strydigs met Afrikaans in steek nie;

derdens, omdat Afrikaans reeds sy kwasie-verkleinwoord "klousule" ken en gebruik.

Hoewel enige student enige voorgestelde term kan gebruik en skrywer self enigeen wat amptelike status sal kry, maklik sal aanvaar, word "klous" dus hierin gebruik.

siening dat ons “drie sinne in een sin” kan hê. Daarom gaan ons in hierdie werk voortaan die oplossing van die Engelse grammatika oorneem en sulke “sinne” wat binne ’n groter “sin” opgeneem is, ’n **klous** (sien voetnoot) noem. ’n Ondersoek van die posisies van die onderskeie onderwerpe en predikate toon:

die wind baie sterk was $\neq$ die wind was baie sterk

die deining die bootjie rondgeslinger het $\neq$ die deining het die bootjie rondgeslinger

het die opvarendes baie beangs geword $\neq$ die opvarendes baie beangs geword het (in F) $\neq$ die opvarendes het baie beangs geword (as onafhanklike sin)

Ons lei dan af: eerstens, dat *omdat* aan die begin van die sin meebring dat die klous “die wind baie sterk was” nou ’n **ondergeskikte klous** is omdat dit die **afhanklike woordorde** het, nl. die onderwerp *die wind* aan die begin en die werkwoorddeel van die predikaat heel aan die end.

Tweedens dat die tweede klous “(en) die deining die bootjie rondgeslinger het” ook ’n **ondergeskikte klous** is met **afhanklike woordorde**, nl. eers die onderwerp *die deining* met die predikaat in die vorm *rondgeslinger het* heel aan die end van die sin;

derdens, dat “het die opvarendes baie beangs geword” met sy **onafhanklike woordorde**, eerste werkwoordlid van die predikaat en onderwerp onmiddellik langs mekaar (*het die opvarendes*) nou die **hoofsin** moet wees.

Ons lei ook nog af:

dat die onafhanklike woordorde in die laaste klous, die hoofsin, nou omgekeerd is omdat die bysinne voorafgaan; die onderwerp van die hoofsin staan nie heel eerste in die totale sin nie;

dat die neweskikkende voegwoord *en* ook hier geen invloed het op die volgorde van die sinsdele in die sin (hier die klous) wat dit inlei nie; die afhanklike woordorde wat deur die **onderskikkende voegwoord** *omdat* veroorsaak word, word nie geraak nie; *omdat* beheers die woordorde van beide klouse wat as rede vir die gedagte in die hoofsin dien.

2.11.6

Die volgende variant van ons sin dien om net een kenmerk te toon:

H Die opvarendes het baie beangs geword omdat die wind baie sterk was en die deining die bootjie rondgeslinger het.

Die onderskikkende voegwoord *omdat* staan nou tussen die twee dele, die hoofsin en die bywoordelike bysinne van rede, terwyl dit in ons voorbeeld G heel voor gestaan het. Ons sal in § 5.1.1 hierop terugkom; dit is een van die opvallende verskille tussen neweskikkende en onderskikkende voegwoorde.

Daarnaas staan die hoofsin nou heel eerste in die sin en meteens het ons die onafhanklike woordorde met die onderwerp *die opvarendes* eerste, onmiddellik gevolg deur die eerste werkwoordlid van die predikaat *het*. Die twee afhanklike klouse bly onveranderd.

2.11.7

Die laaste variant vir ons doel is:

I Die opvarendes het baie beangs geword, want die wind was baie sterk en die deining het die bootjie rondgeslinger.

In 'n sekere sin is ons nou terug waar ons begin het: drie onafhanklike "sinne" of klouse wat in een groter sin ingebou is met behulp van twee voegwoorde *want* en *en*. Ons sien naamlik dat al drie die onafhanklike woordorde in die normale vorm het, presies soos hulle as enkelvoudige sinne sou voorkom. Daarvan lei ons af dat *want* net soos *en* 'n neweskikkende voegwoord is: dit beïnvloed nie die woordorde nie. En 'n klein toetsie toon dit verder aan: ons kan nie die sin met *of want of en* begin nie: *"*Want die wind was baie sterk die opvarendes het baie beangs geword.*" Probeer gerus ook met *en*.

2.11.8 Samevatting:

Omdat ons in hierdie paragraaf so baie begrippe en terme ingevoer het, moet ons 'n samevatting gee van dié wat hier die hoofsaak is. Die ander bekyk ons elders vollediger. Ons gee ook 'n enkele voorbeeld om die besondere te illustreer. By herhaling: die taal is 'n stuk gereedskap vir die mens se gees; 'n gegewe inhoud kan nie maar op enige manier gestel word nie. Wat gewoonlik "styl" genoem word, is dikwels eintlik net 'n vorm wat deur 'n besondere inhoud afgedwing word. 'n Mens kan dus die voorbeelde nie willekeurig omsit in die ander vorme nie; soms wel, maar dikwels nie.

A Gedagte-inhoude wat miskien soms ook in die vorm van afsonderlike **enkelvoudige sinne** gestel kan word, word meestal in die strewe na doeltreffender kommunikasie in groter sinne ingebou wat die samehang duideliker stel.

B In dié proses merk ons 'n hiërargie in die bou van die groter sinne:

B1 Die gedagtes kan met mekaar **op gelyke voet** staan

B1.1 *of* deurdat hulle bloot langs mekaar gestel word in dieselfde kontekste en dan enkelvoudige sinne bly:

"Die hoof was briesend. Hy swaai vinnig om. Te vinnig. Sy voet gly onder hom uit. . . ."

B1.2 *of* deurdat hulle slegs met behulp van stembuiging (in spraak) of leestekens (op skrif) die aanskyn van een groter sin kry, maar in wese nog altyd afsonderlike enkelvoudige sinne bly:

"Dit is goed om beslis in jou optrede te wees; dit moet net nooit te eiegeregtig word nie: ek weet alles; jy weet niks nie."

B1.3 *of* deurdat hulle met behulp van **sinsverbinders** in 'n hechter eenheid saamgesnoer word en nou 'n **veelvoudige sin** word waarvan die dele aan mekaar **newegesik** is en waarin elke **klous** nou nog die **onafhanklike** vorm het:

"Hy gaan graag Bosveld toe; *daar* voel hy vry".

"Ons Suid-Afrikaners is sportmal; *desondanks*, of juis *daarom*, sterf ons aan ons harte."

B1.4 *of* deurdat hulle met behulp van **neweskikkende voegwoorde** in 'n

hegter eenheid saamgesnoer word en nou ook 'n **veelvoudige sin** word, waarvan die dele aan mekaar **newegeskik** is. (Sien ook §2.3, en weer hoofstukke 5 en 6 vir die verskil tussen sinsverbinder en voegwoord.)

“Ek sou graag met die basaar wou help, *maar* ongelukkig kan ek nie *want* ek moet daardie tyd gaan help by my dogter se huis.”

B2 Sommige gedagtes kan **in vorm** (want dit raak eintlik glad nie die betekenis nie) aan ander **ondergeskik** gestel word. Dit gebeur

B2.1 of met behulp van **onderskikkende voegwoorde**, wat die **afhanklike woordorde** teweegbring in die klous wat dit inlei:

“*Omdat* hy onbetroubaar is, wil niemand hom werk gee nie.”

“Jy moet dié saak liever afhandel *voordat* jy huis toe gaan.”

B2.2 of deurdat een van die woorde wat ons reeds onder die sogenaamde w-vraagwoorde teëgekom het, in 'n indirekte vraag of stelling die beginposisie in die **inlyfsin** inneem om soos die voornaamwoord (wat dit werklik is) die plek-, tyd-, manier-, rede- of persoonsverwysing te vervang. Sulke inlyfsinne is dan gewoonlik of voorwerpe of onderwerpe:

“Ek weet *waar* hulle woon.” (waar = op watter plek)

“Sy vra *hoe* ons dit regkry.” (hoe = op watter manier)

“Jan het ons gesê *wanneer* hy wil vertrek.”

“Ons verstaan nie *waarom* (*hoekom*) hy dit doen nie.”

“Ek hoor mos *wat* jy praat.”

“*Waar* hy dit weggesteek het, is sy geheim.”

“*Wie* dit sê, lieg.”

B3 Gedagtes (= klouse) met **afhanklike woordorde**, wat dus aan 'n ander klous in die sin ondergeskik is, kan ook nog

B3.1 aan 'n ander ondergeskikte klous ondergeskik wees:

“Hy het laat weet dat hy nie meer die vergadering kan bywoon nie omdat sy vrou siek is.”

Hier is “hy het laat weet” die hoofsin, en “dat hy nie meer die vergadering kan bywoon nie” is die voorwerp van die hoofsin en dus daaraan ondergeskik. Op sy beurt is “omdat sy vrou siek is” aan die voorwerpsin ondergeskik omdat dit dáárvoor die rede gee.

B3.2 aan mekaar newegeskik wees:

“Hy het laat weet dat hy nie meer die vergadering sal bywoon nie en dat hy as lid bedank.”

Hier is “hy het laat weet” die hoofsin en “dat hy nie meer die vergadering sal bywoon nie” sowel as “(en) dat hy as lid bedank” is albei newegeskikte voorwerpsinne; hulle is aan mekaar gelykwaardig en verteenwoordig die twee dinge wat hy laat weet het.

B4 'n Klous met onafhanklike woordorde kan ook in sekere gevalle aan 'n ander klous ondergeskik gemaak word; hulle word dan sonder die gebruik van 'n voegwoord of 'n sinsverbinder by die **ontvangsin**

ingelyf:

“Hy het gesê hy kom eers volgende week terug.”

“Hy probeer ons wysmaak hy het dit alles alleen gedoen.”

“Ek is seker hy sal nie weer kom nie.”

“Ek was bly hy het my nie beetgekry nie.”

Dié verskynsel kom net by voorwerpsinne (as direkte voorwerp en in plaas van voorsetsel plus voorsetselvoorwerp) voor. Dit kom weliswaar as substandaardvorm taamlik dikwels in die gesproke taal voor ook in ander soorte sinne en in ander sinsverband. 'n Vorm wat sterk daarop lyk kom by die disjunkte gebruik voor: “(Dis) jammer hy het so gou gepraat.” (Sien § 6.3 by die bywoord.)

- C Wanneer 'n sin hoofsinne bevat wat aan mekaar newegesik is, staan sulke hoofsinne langs mekaar in status en die een is nie by die ander ingelyf nie. Ons herken hulle aan die onafhanklike woordorde, waar die onderwerp en die (eerste werkwoordlid van die) predikaat in enige volgorde onmiddellik langs mekaar staan. Ons moet egter in gedagte hou wat in die voorgaande paragraaf B4 gesê is.
- D Wanneer 'n klous die afhanklike woordorde het, is dit altyd by 'n ander klous ingelyf en vorm 'n sinsdeel van die ander klous, die sogenaamde **ontvangsin**. Daar is dus 'n baie enge verband tussen 'n inlyfsin en sy ontvangsin, en dit gebeur dikwels dat die ontvangsin sonder die inlyfsin nie 'n afgeronde sin vorm nie: die uithaal van die inlyfsin vorm dan 'n leemte.

(Wat hy ons vertel), is die reine waarheid.

In seldsame gevalle het 'n alleenstaande afhanklike klous 'n geïmpliseerde hoofsin:

As Jan hom dit hoor sê! (. . . sal hy briesend wees . . .)

- E Die verband tussen die klouse in een sin, hoe wyd of eng dit ook al mag wees, kan altyd gestel word, en dié **sinsverband** moet by die ontleding van 'n sin altyd in ag geneem word. Daar is maar 'n taamlik beperkte reeks moontlikhede en ons behandel dit in paragraaf 14.1.
- F In die tradisionele grammatika word daar 'n verskil gemaak tussen die **veelvoudige sin**, wat minstens twee newegesikte hoofsinne moes hê en dan nog bysinne kon hê, en die **samegestelde sin**, wat net een hoofsin en dan nog minstens een bysin moes hê. Dié onderskeiding is m.i. oordrewe en irrelevant; ons sal van alle sinne met meer as een klous as 'n **samegestelde sin** praat.

2.12 Die om-te-infinitiefkonstruksie

Ons het gesien dat 'n (enkelvoudige maar ook samegestelde) sin se boustukke of woorde of konstruksies kan wees, en dat samegestelde sinne naas woorde en konstruksies ook nog klouse kan hê wat as sinsdele dien, klouse wat as inlyfsinne by ontvangsinne in die samegestelde sin dien. Nog een struktuur verdien besondere aandag, omdat dit kenmerke van die klous of die sin het, maar twee baie belangrike kenmerke van 'n klous (sin) kortkom. Voorbeelde is:

A “Hy ver wag om sy ouers dié naweek te sien.”

B “Hy ver wag van sy werknemers om die firma getrou te dien.”

In die A-sin is daar die onderwerp *hy* met sy predikaat *ver wag*. In die kursiewe deel is daar nog ’n woord wat ons as werkwoord herken, *sien*.

Is *sien* ’n predikaat, en is die kursiewe deel ’n klous? Ons sal merk dat sy *ouers* ’n direkte voorwerp en *die naweek* ’n bywoordelike bepaling by *sien* is; kenmerke dus wat *sien* laat lyk na ’n predikaat, want dis duidelik dat hulle nie voorwerp of bepaling by *ver wag* is nie. Die verklaring is: *om te sien* is ’n **infinitief**, wat beteken dat dit ’n vorm van die werkwoord is wat nie aan ’n onderwerp gebonde is nie, in teenstelling tot dié vorm van die werkwoord wat ons by herhaling al as “die eerste werkwoordlid van die predikaat” onderskei het: dié werkwoord wat in ’n onafhanklike sin onmiddellik langs (voor of na) die onderwerp staan, en wat ons dan ’n **finiete** werkwoord kan noem. In Afrikaans is dié benaming, **finiete**, omtrent nutteloos, omdat ons die verskillende vorme wat die finiete werkwoord in tale soos Latyn, Grieks, Frans, Duits en in ’n baie mindere mate in Engels het, op enkele reste na totaal verloor het. Onder die werkwoord in §7.1.4-5, §7.7.1 sal ons heelwat meer oor die infinitief en sy gebruike sê. Hier gaan dit slegs om die gebruik van die om-te-infinitiefkonstruksie, as sinsdeel van en boustuk in ’n sin of klous.

As ons die A-sin ontleed, lyk dit so:

hy	onderwerp
ver wag	predikaat
om sy ouers die naweek te sien	voorwerp

Maar nou is dit ook duidelik, soos ons hierbo aangetoon het, dat die voorwerp die om-te-infinitief bevat wat sy eie voorwerp en bywoordelike bepaling het, maar nie ’n onderwerp soos ons dit by ’n klous sou kry nie. Daar is wel ’n logiese onderwerp in die sin aanwesig, nl. dieselfde *hy* wat die onderwerp van *ver wag* is, maar dit is nie die grammatiese onderwerp van *om te sien* nie; die infinitief het nie ’n grammatiese onderwerp nie.

Sin B lyk baie dieselfde: “om die firma getrou te dien” is weer die voorwerp van “ver wag”, terwyl *die firma* die voorwerp en *getrou* ’n bywoordelike bepaling by *om te dien* is. En weer eens vind ons geen grammatiese onderwerp vir *om te dien* nie, en dié keer is *sy werknemers* die logiese onderwerp van *om te dien* terwyl dit die voorsetselvoorwerp van *ver wag* is.

Dus: die om-te-infinitiefkonstruksie, soos ons konstruksies met die om-te-infinitief noem, tree ook op as ’n boustuk in ’n sin omdat dit as ’n sinsdeel van ’n sin of klous kan dien. In die tradisionele grammatika word dit nie as ’n klous of sin beskou nie, omdat dit die twee kerndeels van die gewone sin nie het nie, t.w. ’n onderwerp en ’n finiete werkwoord, hoewel daarin enige ander sinsdeel kan voorkom wat ons andersins in ’n sin kan kry. ’n Om-te-infinitief is dus nie ’n predikaat nie.

Opmerking: In die beskouing van sommige moderne taalwetenskaplikes word strukture met ’n infinitief wel as sinne/klouse beskou vanweë die werkwoordelike element daarin.

2.13 Volgorde en woordorde

In Afrikaans (soos in baie moderne Wes-Europese tale, in teenstelling tot bv. Latyn) is die volgorde van sinsdele in 'n sin en ook van woorde in konstruksies gewoonlik van net so veel belang vir die inhoud van die sin as wat die woordbetekenisse is. Dit vorm egter deel van die mens se "intuïtiewe grammatika", die natuurlike aanvoeling wat elkeen vir sy moedertaal ontwikkel. Vir die doeleindes van hierdie werk is daar tog 'n aantal gesigspunte wat gestel moet word.

Vir 'n bloot basiese ordening moet ons van sekere onderskeidings kennis neem:

1. Binne die sinsdele ander as die predikaat staan die woorde in 'n bepaalde volgorde. Dit behels meestal die volgorde van woorde in 'n konstruksie waarvan 'n naamwoord die hoof is. Ons bekijk aspekte daarvan in § 2.13.1.
2. Die volgorde van woorde wat lede is van die predikaat beantwoord aan hulle eie wette, waarna ons in § 2.13.2 kyk.
3. Vir die volgorde van die onderwerp in samehang met die lede van die predikaat, meer bepaald die eerste werkwoordlid, gebruik ons die besondere term **woordorde**. Ons behandel dit en die spesiale plek wat dit in die sinsbou inneem in § 2.13.3. Ons het dit ook reeds dikwels genoem in die voorgaande deel van hoofstuk 2.
4. Die sinsdele vorm onderling 'n eie patroon met baie speling maar ewe bindende wette, wat ons in § 2.13.4 bekijk.

2.13.1 Volgorde binne 'n sinsdeel (ander as die predikaat)

Ons kan die volgorde binne 'n sinsdeel onder 'n paar algemene reëls saamvat, wat eintlik ook volgorde in die sin of die klous dek:

eerstens, **newegesikhte** dele is gedeeltelik omruilbaar, tensy dit 'n "konvensionele betekenis" dra, dus

"'n gawe, vriendelike man" of "'n vriendelike, gawe man", maar

"hy is gestewel en gespoor", nooit *"gespoor en gestewel" nie, en

"Jan en Piet" of "Piet en Jan", maar net "Jan Rap en sy maat";

tweedens, **ondergesikhte** dele behou 'n vaste orde, sodat die gewone konstruksies gewoonlik 'n vaste vorm het, dus

"'n baie ernstige fout", maar daar is 'n verskil tussen

"baie, ernstige foute" en "baie ernstige foute" en tussen

"sy eerste ongelukkige huwelik" en "sy eerste, ongelukkige, huwelik".

In Afrikaans sê ons "die gawe man" en hierdie volgorde is vas. Maar dit beteken nie dat ons altyd sonder afwyking 'n byvoeglike naamwoord net onmiddellik voor die selfstandige naamwoord mag plaas nie; daar is altyd 'n (soms klein) verskil tussen 'n voor- en 'n nabepaling, soos

Die moeë reisiger het uiteindelik sy bestemming bereik. teenoor

Die reisiger het *moeg* sy bestemming bereik.

Hoewel *gawe* en *vriendelike* in ons voorbeeld hierbo omruilbaar is omdat hulle aan mekaar newegesik is, is dit nie die geval met byvoorbeeld "die vriendelike jong dame" nie; ons sê net nie iets soos *"die jong

vriendelike dame” nie. Onder die byvoeglike naamwoord in hoofstuk 10 gaan ons hierop in.

Derdens het ons die algemene reël dat ’n **bepalende** woord gewoonlik so na as moontlik aan die **bepaalde** woord staan, gewoonlik vóór maar soms ook ná:

Jan is *taamlik ernstig siek*.

waar *ernstig* die b.nw. *siek* bepaal en *taamlik* weer *ernstig* bepaal.

Die volgende sinne illustreer dit ook:

A Jy sien mos *hoe vinnig* hy die saak afhandel.

B Jy sien mos *hoe* hy die saak *vinnig* afhandel.

In A is *hoe* ’n graadbepaling by *vinnig* en staan dus onmiddellik by *vinnig*.

In B is *hoe* ’n onafhanklike (vraende) bywoord van manier (ongeveer = op watter manier) en *vinnig* ook ’n onafhanklike bywoord van hoedanigheid. Omdat die twee bywoorde in B nie met mekaar skakel nie, staan hulle apart: *vinnig* by die bepaalde werkwoord *afhandel*, en *hoe* staan in die beginposisie in die inlyfsin (soos gesien in B 2.2 van paragraaf 2.11, bl. 34). In A verrig *hoe* dieselfde funksie, maar sy verbondenheid met *vinnig* sleep *vinnig* na hom toe, ondanks die feit dat *vinnig* ook die werkwoord *afhandel* bepaal.

As die bepaalde woord ’n werkwoord is, hang dit van die **woordorde** (sien § 2.13.3) af waar die bepaling staan:

Die knaap *hardloop vinnig*.

Ek weet dat die knaap *vinnig hardloop*. teenoor

Jy sien mos nou *hoe vinnig* die knaap *hardloop*.

Waar bywoordelike bepalings uit verskillende betekenisvelde (tyd, plek, manier) in dieselfde klous voorkom, het hulle ook taamlik vaste plekke, wat ons saam met die volgorde van sinsdele behandel in § 2.13.4.

Waarskynlik die vasste volgorde kry ons in die voorsetselkonstruksie, d.w.s. die konstruksie wat met ’n voorsetsel **begin**: op die voorsetsel volg altyd ’n naamwoord wat as hoof van die konstruksie dien:

Hy sit *op die stoel*.

Sy staan *langs my*.

In die voortyd van die ontwikkeling van ons taal, baie eeue gelede, het daar ’n vergroeiing plaasgevind tussen die voornaamwoord vir nie-menslike begrippe en die voorsetsels wat daarmee saam gebruik word:

Hier is ’n stoel; sit *daarop*.

Sonder die voorsetsel is die voornaamwoord *dit*, maar om in Afrikaans te sê *“(hy sit op dit)” is verkeerd. Hierop is daar sekere aanpassings, waarna ons by die voorsetsel (§ 4.1.2/3) en die voornaamwoord (§ 13.1.4) kyk.

Woorde wat soos voorsetsels lyk kom soms ná naamwoorde voor, en word deur sommige “nasetsels” genoem. Hulle is egter bywoorde (§ 6.1.2) in gevalle soos “Hy loop in die straat *op*.” en byvoeglike naamwoorde in gevalle soos “Die kos is *op*.” (§ 10.1.2.6) (Sien ook Opmerking ná § 3.11, bl. 64).

2.13.2 Volgorde van lede van die predikaat

Wat ons in hierdie paragraaf aantoon, moet eintlik in samehang gelees word met die volgende paragraaf waarin ons oor woordorde praat. Maar omdat dit dan die behandeling baie verwarrend kan maak, hou ons hulle apart.

Ons gebruik die werkwoord *handel* en dieselfde woordvorm met die supplement *afom* die verskillende gebruike te toon; eers met die onafhanklike woordorde:

- a Sy *handel* in halfslyt klere.
- b Hy *handel* die saak gou *af*.
- c Hy *het* die saak gou *afgehandel*.
- d Die saak *is/word* sommer gou *afgehandel*.
- e Hy *kan* die saak nie so gou *afhandel* nie.
- f Jy *sien* hom nooit met dié dinge *handel* nie.
- g Ek *het* hom nog nooit so iets self *sien afhandel* nie.
- h Hy *sou* dit gister reeds *kon probeer afhandel het* (as hy van jou haas geweet het).

Dus: as die predikaat uit net een woord bestaan, volg dié woord (= predikaat) onmiddellik op die onderwerp in die **normale woordorde** (sien § 2.13.3). Maar as die predikaat meer as een lid het, staan net die eerste lid net na die onderwerp, terwyl al die ander lede in een groep heel aan die end van die klous/sin volg; slegs die sogenaamde “tweede *nie*” (§ 14.9) kom daarná. As die groep op die end van die sin uit meer as een **werkwoord** bestaan, soos hierbo g en h, beantwoord die volgorde ook weer aan sy eie wette wat deel van die onderskeiding tussen die soorte werkwoorde vorm en waarna ons in die hoofstuk oor die werkwoord in § 7.4 kyk.

Enkele voorbeelde om te toon hoe dieselfde tipes in sinne met die **omgekeerde woordorde** lyk (§ 2.13.3), d.w.s. wanneer ’n beklemtoonde deel die voorposisie in die sin inneem:

- b Só ’n saak *handel* hy sommer gou *af*.
- c Sulke sake *het* hy altyd gou *afgehandel*.
- f Met dié soort dinge *sien* jy hom nooit *handel* nie.

Al wat hier gebeur, is dat die onderwerp en die eerste werkwoordlid van die predikaat ná so ’n voorgeplaaste deel posisies omruil.

Tot sover die onafhanklike klouse/sinne.

As ons met ’n bysin te doen het, waar die **afhanklike woordorde** dus voorkom, kry ons die hele predikaat, uit hoeveel lede dit ook al bestaan, heel aan die end van die sin, op die “tweede *nie*” na; weer eens egter onderhewig aan interne volgor dewette wat ons in § 7.4 bekyk, só;

- a (Sy het my vertel) dat sy in halfslyt klere *handel*.
- b Dat hy ’n saak gou *afhandel*, (weet ons lank al).
- c (Jy kan tevrede voel) dat hy die saak so gou *afgehandel het*.
- d (Ons het verneem) dat die saak binnekort *afgehandel word*.
- e (Jy kan daarvan seker wees) dat hy die saak self *kan afhandel*.
- f (Jy kan seker wees) dat niemand hom so iets al self *sien afhandel het* nie.

(Die interne volgorde wette waarna ons hierbo verwys het, sien u in die voorbeeldsinne: *het, word en is* kom ná die hoofwerkwoord; woorde soos *kan, sal, moet . . .* en ander soos *sien, hoor, kom, gaan . . .* kom vóór die hoofwerkwoord. Meer hieroor in § 7.4 en § 7.6.)

Hierdie volgorde wette is tog nie volkome absoluut nie. Let daarop dat geen Afrikaanssprekende ooit sal sê:

***"Ek verneem dat hy *afhandel* die saak binnekort."

nie. Maar as dit om 'n voorsetselwerkwoord gaan, is dit nie so hinderlik nie:

"Ons weet almal dat sy *dweep met* die jong digter."

terwyl 'n "wetsgehoorsame" spreker sal sê:

"Ons weet almal dat sy *met* die jong digter *dweep*."

Blykbaar vorm die voorsetselwerkwoord en sy voorsetsel supplement so 'n hegte eenheid dat die voorsetsel die werkwoord saamsleep tot voor die naamwoord waar die voorsetsel noodsaaklikerwys moet staan.

Nog een belangrike puntjie: ook waar ons in predikate met meer as een lid, die ander lede aan die end van die sin verwag, moet ons onthou dat die helderheid van die inhoud en die oordra daarvan hoofsaak is. As die deel van die sin wat nou tussenin moet kom, baie lank is, is dit vir kundige sprekers normaal om die "agterste dele" van die predikaat by die eerste lid te plaas; veral wanneer die werkwoord se betekenis belangrik is en miskien sy trefkrag kan verloor as hy gebêre word vir later. Dit geld veral vir gevalle waar klouse, bysinne, tussenin sou kom. (Vergelyk hiervoor die eerste sin in die volgende paragraaf: die posisie van *verander!*)

2.13.3 *Volgorde by onderwerp en predikaat (o-p-konstruksie): woordorde*

Ons het reeds by herhaling na **woordorde** verwys en die verskynsel behandel dat die volgorde van die onderwerp en die eerste werkwoordlid van die predikaat verander na gelang van die status van, en die spreker se houding in, die sin/klous. Omdat die onderwerp van die sin en die predikaat so intiem met mekaar verbind is, vorm hulle ook 'n konstruksie wat ons die onderwerp-predikaat-konstruksie noem, en verkort tot o-p-konstruksie.

Ook by herhaling: ons gebruik die term **volgorde** vir alle sake waar dit gaan om die manier waarop woorde in 'n konstruksie, of woorde en konstruksies in 'n sin, mekaar opvolg om die regte inhoud oor te dra. Ons gebruik die term **woordorde** vir die spesiale volgorde van die woorde in die onderwerp-predikaat-konstruksie. Hier vat ons nou net dié dinge saam wat ons elders op verskeie plekke reeds aangetoon het:

2.13.3.1 *Onafhanklike woordorde:*

As ons met 'n enkelvoudige sin of 'n hoofsin in 'n samegestelde sin of met newegesikhte hoofsinne te doen het, het ons met onafhanklike sinne/klouse te doen. Nou noem ons die volgorde waarin die onderwerp en die lede van die predikaat in so 'n sin/klous voorkom, die **onafhanklike woordorde**. Maar soms word klouse sonder 'n onderskikkende voegwoord of 'n konjunkte bywoord ('n sinsverbinder) by 'n ander sin/klous ingelyf, en

hoewel hulle dan afhanklike klouse is, lyk hulle woordorde dan nog net soos dié van onafhanklike klouse: hulle het dus dan ook die onafhanklike woordorde.

Maar daar is twee vorme van die onafhanklike woordorde:

2.13.3.1.1 Normale (onafhanklike) woordorde:

Die **houding** van die spreker teenoor die inhoud van sy uiting kan **neutraal** wees, d.w.s. hy heg geen besondere voorkeur aan enige uitbreiding van die predikaat (dus: aan enige sinsdeel buite die onderwerp of die predikaat) sodat hy dit wil beklemtoon nie. Dan sal die sin met die onderwerp begin (in 'n stelsin) en onmiddellik deur 'n werkwoord gevolg word. Dié werkwoord is die eerste lid van die predikaat, waaruit die predikaat ook al alles mag bestaan (§ 2.5 en § 7.4). In sommige tale hou hierdie werkwoord deur sy vorm 'n intieme verband met die onderwerp, en is 'n **finiete** werkwoord genoem. Maar Afrikaans het hierdie vormlike samehang prysgegee; vir alle onderwerpe lyk die vorm van hierdie werkwoord dieselfde. Maar nog steeds dien hierdie werkwoord, die eerste lid van die predikaat, ook in Afrikaans as sleutel tot alle **kategoriale** onderskeidings wat daar wel in Afrikaans voorkom. Daarom sal ons in hierdie werk die term **finiete werkwoord** vir dié doel behou. Iemand wat verkies om die voorgestelde alternatief, **verbindwerkwoord**, te gebruik, moet dié term in plaas van finiete werkwoord lees. (Sien voetnoot.)

Ons kry die **normale onafhanklike woordorde** in voorbeelde soos die volgende:

Die boer staan soggens vroeg al op.

Jy sien voëls maar selde hier.

Die kêrel het vinnig weggehol, want hy was bang vir slae.

Sannie het maar net gelag omdat sy verleë was.

Pietie kla altyd sy boetie wil hom nie help nie.

Daar is een skynbare afwyking: wanneer die gebondenheid van 'n na-

Voetnoot: My beswaar teen die term **verbindwerkwoord** is nie baie sterk nie, maar tog drieërlei: eerstens is dit slegs vir Afrikaans geregverdig (vir sover dit geregverdig is) tussen ons taalverwante, omdat hulle almal in meerdere mate eerder as mindere, nog die onderskeidende persoons-, tyds- en ander vorme het wat met die onderwerp konformeer. Die invoer van 'n term vir Afrikaans alleen bring 'n hinderlike isolasie mee.

Tweedens: die term **verbindwerkwoord** is gebaseer op 'n volgordeoorweging: dit dien as verbinding tussen onderwerp en predisering (in die terme van dié werk). Maar dit gebeur slegs in één van die drie soorte woordorde, die normale onafhanklike, wat, hoewel die sogenaamde "normale", in enige telling van sinne en klouse seker nie 'n frekwensie van bokant 30% van alle klouse sal haal nie. Die kategoriale semantiese geldigheid van die term **finiete werkwoord** is niks minder nie.

Derdens, **finiete werkwoord** het boonop die teenstellingswaarde met **infinities**, 'n term waarsonder ons nie kan klaarkom nie.

bepaling by die bepaalde onderwerp sterker is as die gebondenheid van die finiete werkwoord met die onderwerp:

Die man op die maan het boodskappe aarde toe gestuur.

Die seun wat omgery is, is hospitaal toe geneem.

Ons noem dit 'n "skynbare" afwyking; dit is nie regtig 'n afwyking nie, want dié nabepalings is inderdaad deel van die onderwerpe. Hulle is 'n voorsetselkonstruksie en 'n byvoeglike bysin onderskeidelik wat ondergeskik is aan *man* en *seun*.

2.13.3.1.2 Omgekeerde (onafhanklike) woordorde:

Die spreker kan egter 'n besondere (deel van 'n) uitbreiding beklemtoon deur dié deel voorop te plaas. Let op hoe dit dan die volgorde van onderwerp en finiete werkwoord (= eerste lid van die predikaat) omkeer:

Soggens vroeg *staan die boer* al op.

Soggens *staan die boer* vroeg op.

Voëls *sien jy* maar selde hier.

Hier *sien jy* maar selde voëls.

Selde *sien jy* hier voëls.

Vinnig *het die kêrel weggehol* want hy was bang vir slae.

(Hy sweer) nooit *sal hy* weer 'n ryloper *oplaai* nie.

Dié soort werk *moet hy* altyd self *doen*.

Op so 'n manier *kom 'n mens* nie ver nie.

So 'n selfversekerde agent *moet jy* liever met agterdog *bejeën*.

Dit is 'n kenmerk van vroeë hulle woordorde met die omgekeerde woordorde in stelsinne ooreenkom:

Weet sy moeder van sy dinge?

Groet jy nie mense op straat nie?

Het hy al ons plekke vir die konsert *bespreek*?

Sal al die kinders in die saal *kan kom*?

Sulke vroeë word gewoonlik die *inversie-vraag* genoem, omdat die omkering van onderwerp en (eerste lid van die) predikaat hier voorkom. In die sogenaamde w-vraag (wat dus met die w-vraagwoord begin) kry ons dieselfde woordorde:

Wat *weet sy moeder* van sy dinge?

Waarom *groet jy* nie mense op straat nie?

Wanneer *het hy* ons plekke vir die konsert *bespreek*?

Hoe *sal die kinders* almal in die saal *kom*?

Let op dat ons by die normale en die omgekeerde woordorde albei die onafhanklike woordorde het, wat beteken dat die onderwerp en die eerste lid van die predikaat, die finiete werkwoord, onmiddellik langs mekaar staan: by die normale eers die onderwerp, by die omgekeerde eers die finiete werkwoord.

2.13.3.2 Afhanklike woordorde:

As ons te doen het met 'n klous wat 'n bysin vorm, wat dus by 'n ontvangsin ingelyf is, is so 'n klous 'n afhanklike klous. Nou is dit die maklikste

herkenbaar wanneer dié inlywing met behulp van òf 'n onderskikkende voegwoord òf 'n w-vraagwoord òf 'n betreklike voornaamwoord geskied:

(Hy sê my) dat *hulle* volgende week Kaapstad toe *gaan*.

(Sy weet presies) hoeveel plantjies sy vir die akker nodig *het*.

(Die onderwyser) *wat* die eerste span *afrig*, (het 'n moeilike taak).

Hier is die hoofsinne tussen hakies en die skuins druk toon die posisies van die onderwerp en die predikaat onderskeidelik in die afhanklike klous: die onderwerp aan die begin van die klous, net na die voegwoord of die w-vraagwoord, en die predikaat heel aan die end van die klous, dus van mekaar geskei deur die res van die klous. Omdat dié woordorde kenmerkend van die afhanklike klous is, noem ons dié woordorde die **afhanklike woordorde**.

Daar is egter 'n paar gesigspunte wat ons in die gedagte moet hou:

- (a) Ons kry sinne en klouse van so 'n elementêre bou dat hulle uit net 'n onderwerp en 'n een-woord-predikaat bestaan:

(Hy sê my) dat *Jan slaap*.

(Ek weet goed) hoe *hy voel*.

Hier is dus niks in die voorkoms van die onderwerp en die predikaat wat dit as afhanklike woordorde kenmerk nie. Gewoonlik is woordorde dan ook nie ter sake nie, maar indien tog wel om watter rede ook, sal die bestaan van onderskeidelik *dat* en *hoe* aan die begin reeds die normale woordorde uitskakel, en die omgekeerde woordorde sal mos andersom staan. Indien die predikaat egter uit meer as een woord bestaan, sal ons die afhanklike woordorde kan uitken aan die volgorde van die predikaat-dele:

(Ons hoor) dat *die gevaar afneem*. ($\neq$ die gevaar neem af)

(Hy sê my) dat *sy broer siek is*. ($\neq$ is siek)

(Ek weet) dat *die werk afgehandel is*. ($\neq$ is afgehandel)

(Ek het verneem) dat *hulle aangekom het*. ($\neq$ het aangekom)

behalwe in een soort predikaat: dié met 'n sg. **modale hulpwerkwoord**:

(Hy glo nog steeds) dat *bobbejane kan praat*.

(Ons weet mos) dat *almal moet sterf*.

of die **veelvoudige predikaat** (sien vir beide hoofstuk 7 oor die werkwoord):

(Ek dink) dat *hy gaan visvang*.

- (b) 'n Mens moet jou nie laat mislei deur 'n skynbaar onafhanklike sin met afhanklike woordorde nie:

As my vader net nog geleef het!

Dit kom net by dié soort versugting voor, en dit is nie 'n onafhanklike sin nie; die hoofsin wat op hierdie voorwaardesin kan volg, word maar net veronderstel en is vir die spreker en hoorder eintlik vanselfsprekend in die konteks, iets soos bv.

“sou ek nie so swaar gekry het nie” en andere.

- (c) Alle afhanklike klouse het nie die afhanklike woordorde nie; ons het reeds (in §2.11.2.4) daarna verwys. Soms word 'n voorwerpsin sonder voegwoord ingelyf; dan is die klous nog ondergeskik maar met die

onafhanklike woordorde:

(Hy het gesê) *hy kom* eers volgende week terug.

- (d) Ons het ook reeds daarna verwys dat die voorsetsel by 'n voorsetselwerkwoord die vermoë het om die werkwoord uit sy slotposisie in 'n afhanklike klous vorentoe te trek tot net na die onderwerp (§ 2.13.2):

(Ons gee voor) dat *ons almal glo in* die goedheid van die mens.

Dit is egter nie 'n egte normale onafhanklike woordorde nie: ons sien dit as die predikaatvorm verander:

(Ons gee voor) dat *ons geglo het in* die goedheid van die mens.

waar die onafhanklike woordorde sou vereis:

Ons het in die goedheid van die mens *geglo*. of

Ons het geglo in die goedheid van die mens.

Dit is dus bloot 'n verkleefdheid van die voorsetselwerkwoord aan sy voorsetselsupplement wat die werkwoord op 'n ongewone plek in die sin laat beland.

2.13.4 Volgorde van sinsdele in 'n sin

Teen dié tyd is dit duidelik dat 'n mens nie van die volgorde in 'n sin t.o.v. enige één deel kan praat sonder om ander daarby te betrek nie. Vandaar ook die groot mate van herhaling wat ons reeds gesien het. Nou stel ons dit net dat alles wat reeds oor volgorde gesê is, as deel van hierdie paragraaf gelees moet word en ons som net op:

- (a) **Normaalweg** begin 'n sin of 'n klous met die onderwerp. Vir dié doel onthou ons dat 'n **voegwoord** eintlik buite die sin staan; dit is die wese van 'n voegwoord dat dit nie 'n sinsdeel van die sin/klous is nie.

- (b) Vir klem kan byna enige sinsdeel, selfs woord, in die beginposisie in die sin te staan kom. Dan kom die eerste lid van die predikaat, die finiete werkwoord, onmiddellik daarna en eers dān volg die onderwerp:

Saans speel die kinders buite.

Met 'n slang moet jy nie lol nie.

Speel kan hy goed, maar werk wil hy nie.

Albasters kry 'n mens nie meer te koop nie.

- (c) Byvoeglike bepalings staan so na as moontlik aan die naamwoord wat hulle bepaal, of as voorbepalings of as nabepalings. 'n Byvoeglike **naamwoord** vorm seker meestal 'n voorbepaling, maar kom as nabepalings voor, gewoonlik met 'n betekenisverandering in die sin. Voorsetselkonstruksies en bysinne met byvoeglike funksie is altyd nabepalings met uiters seldsame afwykings:

“n *sterk* man” en “n *aan-die-brand* span”

“die meisie *in die rooi rok*” en “die meisie *wat in die motor sit*”.

- (d) Bywoordelike bepalings staan ook so na as moontlik aan die woord wat dit bepaal, maar omdat 'n sin dikwels verskeie bywoorde en/of bywoordelike bepalings het, moet daar aanpassings kom:

A Graadbywoorde staan altyd onmiddellik voor die bywoord of byvoeglike naamwoord wat dit bepaal:

“hy is *baie* sterk” en “n *uiters* seldsame soort”

- “hy werk *vreeslik* stadig” en “die boom groei *taamlik* regop”
- B As ’n sin ’n bywoord van tyd en van plek bevat, kom die tydwoord vóór die plekwoord (as een nie heel voor in die sin kom nie):
- “hulle speel *saans* buite”
- “sy het *die vorige dag* huis toe gekom”
- C ’n Bywoord van manier kom gewoonlik ná tyd maar vóór plek:
- “die kinders speel *vandag* soet”
- “die kinders speel *stil* buite/in die kamer”
- “Ouma het *gister rustig* tuis gebly”
- (e) Direkte voorwerpe volg ná die predikaat (se eerste lid), en soms ook ná bywoorde van tyd; hulle posisie ten opsigte van bywoorde van plek en ander is onvas:
- “Hy het *gister sy huis* verkoop.”
- “Ek het *vanmôre die man in die winkel* gesien.”
- Die tydbywoord kan telkens ook ná die voorwerp kom.
- (f) Die belanghebbende voorwerp is onvas. By werkwoorde wat ’n belanghebbende voorwerp naas ’n direkte voorwerp as **komplement** het, is die neiging baie sterk om eers die belanghebbende voorwerp sonder *vir* te hê en dan die direkte voorwerp:
- “Die agent wys *die koper die huis*.”
- “Die man gee *sy vrou ’n mooi geskenk*.”
- Wanneer *vir* by die belanghebbende voorwerp optree, by hierdie en ander werkwoorde, kan die twee voorwerpe in enige volgorde voorkom:
- “Die agent wys *vir die koper die huis / die huis vir die koper*.”
- Wanneer die belanghebbende voorwerp ’n **vrye uitbreiding** is, word byna uitsluitlik *vir* gebruik:
- “Die boer slag *vir sy werksmense* ’n skaap.” of
- “Die boer slag *’n skaap vir sy werksmense*.”
- (g) ’n Sin met beide voorwerpe en nog verskeie bywoordelike bepalings het baie speling in die volgorde:
- “Die skaam kêrel het sy nooientjie uiteindelik op Oujaarsaand in die donker onder die prieel ’n soentjie gegee.”
- ’n Mens kan hiermee al die moontlikhede toets.
- (h) Die volgorde in ’n samegestelde sin kan beswaarlik onder reëls gebring word, maar ons sal die hoofsaak sien wanneer ons die samegestelde sin in § 14.1 ontleed, nadat ons klaar na die onderdele van die enkelvoudige sin gekyk het.

DIE ONTLEDING VAN DIE SIN IN WOORDE: DIE WOORDSOORTE

Die boustukke van die sin is die sinsdele; daarop het ons reeds besluit. Ons kry die sinsdele in die vorm van òf woorde òf konstruksies òf klouse, maar in die finale instansie voel die taalbeskouer tog die **woord** aan as so 'n duidelik omlynde taaleenheid — waarskynlik die besomlynde taaleenheid vanweë sy identifiseerbare vorm en betekenis, alhoewel ook daarin probleme steek — dat hy maar telkens wil-wil sê dat die woord tog die eintlike boustukke is. Die waarheid is natuurlik dat enige boustuk van die sin uiteindelik tog weer uit woorde opgebou is, en in hierdie hoofstuk gaan ons probeer vasstel watter soorte woorde daar is en waarom hulle in soorte verdeel kan word.

Omdat geen deel van die taal afgesonderd staan nie, kan ons nooit van één woordsoort praat sonder om die ander te noem nie — gedagtig daaraan dat ons telkens dieselfde saak (die taal) bekyk, maar net op een faset op 'n slag fokus. Daarom gaan ons in hierdie hoofstuk uit ons kennis van sinsdele al die woordsoorte oorsigtelik onderskei en daarná vollediger bestudeer.

3.1 Die verhoudingswoorde (verbandwoorde)

Vergelyk die volgende sinne:

- A My vriend kom *voor* ete.
- B My vriend kom *na* ete.
- C My vriend kom *vir* ete.

In elke sin is daar dieselfde onderwerp-predikaat-konstruksie (o-p-konstruksie) *my vriend kom* en die woord *ete*, wat met mekaar verband hou. Dié verband word telkens deur die skuins gedrukte woord gelê; in A en B is dit 'n **tydsverband**, wat tóg van mekaar verskil. In C is die verhouding anders; hier dui *vir* 'n **doel** aan.

In hierdie sinne is *voor*, *na* en *vir* **voorsetsels**, en hulle dui die verhouding aan tussen die onderwerp-predikaat-konstruksie enersyds en die **selfstandige naamwoord** wat op hulle volg andersyds. Ons sal sien dat ons ná 'n voorsetsel altyd nêr 'n nw. kry. (§ 4.1)

Vergelyk nou weer

- X My vriend kom *voordat* ons gaan eet.
- Y My vriend kom *nadat* ons geëet het.
- Z My vriend kom *omdat* ek hom genooi het.

Hier is telkens twee klouse, een vóór en een ná die skuins gedrukte woord. Dit is duidelik dat dié woord in elke geval die verband tussen die twee klouse lê: in X en Y 'n **tydsverband**, in Z 'n **oorsaaklike verband**, maar **self staan dit buite die klous en die sinspatroon**.

In hierdie sinne is *voordat*, *nadat* en *omdat* **voegwoorde**, en hulle dui die verhouding of verband aan tussen **twee klouse** en ook tussen sinne, soos

“My oupa kuier nie graag nie. *Maar* dié keer was anders.”

Sommige voegwoorde dien ook as skakel tussen gelyksoortige woorde:

Jan *en* Piet; arm *maar* geduldig . . . (§ 5.1.2)

As ons by voorsetsels en voegwoorde praat van ’n “**verhouding tussen**” sekere taaleenhede, bedoel ons nie dat die onderhawige voors. of voegw. noodwendig **tussen** die betrokke taaleenhede moet staan nie. Baie van hulle kom baiekeer vooraan maar só dat dit tog blyk dat hulle die gedagtebrug slaan:

Na ete het my vriend daar opgedaag.

Nadat ons geëet het, het ons kaart gespeel.

3.2 Die werkwoord

Alle woorde wat deel vorm van die grammatiese predikaat, is werkwoorde as

- (a) hulle met *het* geassosieer kan word in die soort konstruksie soos *het* . . . *ge*(doen), waar *het* ook ’n werkwoord is;
- (b) en dan gewoonlik met die fleksiemorfeem *ge-* kan kombineer (of ’n stammorfeem bevat wat kan);
- (c) of hoort tot die groep woorde soos *sal* wat met ’n ander werkwoord kan assosieer in die soort konstruksie soos *sal* . . . (doen), *sou/kon* (doen) e.d.m.;
- (d) of met ’n byvoeglike naamwoord as predikatief in een predikaat kan optree, soos *wees*, *word*.

Dikwels word die betekenis van die werkwoord as ’n handeling, ’n doen, aangedui. Dit is nie die hele waarheid nie; daar is verskeie betekenisgroepe:

- i) werkwoorde wat ’n **toestand** aandui, soos *wees*, *bly*, *lyk*, *vertoef*, *rus*, *slaap* . . .
- ii) werkwoorde wat ’n **ondergaan**, ’n passiewe ervaar, aandui, soos *groeï*, *ontwaak*, *val*, *sien*, *hoor* . . .
- iii) werkwoorde wat op ’n **handeling** dui en weliswaar die meeste voorkom, soos *loop*, *eet*, *bou*, *dans*, *kyk*, *luister* . . .
- iv) Dan is daar verskeie voorbeelde met ’n besondere semantiese waarde, soos *hê*, *besit*, *hou* = *bevat* . . .

Die feit dat die werkwoord (in die predikaat) as die kern van die sin aanvaar word, spreek van sy besonder groot groeppvormingsvermoë, waarmee ons bedoel dat dit die hoof is van ’n konstruksie met baie ondergeskikte dele.

3.3 Die naamwoordgroep

Ons het besluit om voorlopig die hoofwoord in (konstruksies wat optree as) onderwerpe, besitters en voorwerpe as **naamwoord** aan te dui. Daar is egter sulke wesenlike verskille, sintakties en morfologies, tussen die verskillende tipe naamwoorde dat ons verder moet onderskei.

3.3.1 Daarvoor ondersoek ons die volgende:

Die *seun* speel op die grasperk.

Die *seun* se hoed waai af.
 Hy gee die *seun* 'n nuwe opdrag.
 Ek sien die *seun* in die tuin.
 Sy staan naby die *seun*.

In hierdie sinne word *seun* as hoof in onderskeidelik die onderwerp, besitter, belanghebbende, en direkte voorwerp en na 'n voorsetsel as deel van 'n bywoordelike bepaling gebruik. Behalwe waar 'n woord se betekenis nie met die teks versoenbaar is nie, kan dit met alle naamwoorde gebeur.

3.3.2 'n Ander aspek:

- A *Dawid* het sy *vyand* oorwin.
- B *Hy* het *my* oorwin.
- C Die *sterke* het die *swakkes* oorwin.
- D Die ratse *drie* het die lomp *vier* oorwin.

In elke sin staan die hoof in die onderwerp en in die direkte voorwerp in skuins druk; hulle verrig telkens 'n funksie wat ons as één van dié van die naamwoord beskou. Maar onderling is daar sterk verskille:

In A het ons die woorde *Dawid* en *vyand*. *Dawid* is die onderskeidende naam van 'n bepaalde persoon en *vyand*, hoewel in betekenis baie wyer, benoem iemand van 'n sekere gesindheid onderskeidend. Soortgelyke naamwoorde kry ons ook in *man*, *boek*, *geleerdheid*, *kollega*, e.d.m., en ons noem hulle **selfstandige naamwoorde**. Binne hierdie woordsoort is daar belangrike verskille aan te toon wat ons in § 9.4 doen.

Die selfstandige naamwoord (s.nw.) kom met die werkwoord daarin ooreen dat dit ook 'n groot groeppvormingsvermoë het en as hoof by 'n groot getal ondergeskikte dele kan optree:

— twee baie ou goue *bekers* daar weerskante van die vat —

3.3.3

In sin B (§3.3.2) kry ons *hy* en *my* in die funksies van onderwerp en direkte voorwerp. Dit val op dat beide alleen betekenis sal hê as uit die konteks duidelik is wie *hy* en wie *my* onderskeidelik verteenwoordig; dié twee woorde vervang reeds bekende s.nwe. Sulke woorde noem ons **voornaamwoorde**, en hulle behou hierdie aanduiding al verrig hulle hier dieselfde funksies as die s.nw.

Ons onderskei hier voorlopig net drie kenmerke:

- (a) Hulle het nagenoeg geen groeppvormingsvermoë nie.
- (b) By hulle kan *die* of 'n nie gebruik word nie.
- (c) As die rolle in die voorbeeldsin omgeruil word, sou ons onderskeidelik *ek* en *hom* kry. Ons sien hier 'n **morfologiese verandering** wat met **funksie** saamhang by *ek* – *my*, *hy* – *jou*, *hy* – *hom*, *sy* – *haar*.

3.3.4

In sin C tree *sterke* en *swakkes* as naamwoorde op. Dit is duidelik dat hulle nie soos 'n selfstandige naamwoord naamgewend benoem nie, maar wel

klassifiserend, by wyse van kenmerk of attribuut, want ons herken *sterk* en *swak* as woorde wat eintlik adjektiewies gebruik word by naamwoorde. Ons weet ook nie watter “iets” die *sterke* en *swakke* is nie, mense, diere, goggas of invloede bv. nie. Die meeste b.nwe. kan só as selfstandige naamwoorde optree **met al die kenmerke van die s.nw.** (soos meervoud en verkleinwoord, wat ons later sal ondersoek), al is ons met hulle meer vertrouwd in hulle adjektiewiese gebruik.

Let wel dat ons *sterke* en *swakke* in hierdie gebruik **selfstandige naamwoorde** noem, en nie meer byvoeglike naamwoorde nie, want hier is geen s.nw. bygesê of bygedink waarby hulle adjektiewies gebruik word nie. (Sien §9.3.3).

3.3.5

In sin D tree *drie* en *vier* in die funksies van die s.nw. op. Net soos (in 3.3.4) die tipe *sterk/swak*, het hulle ook kenmerke van die s.nw. (sien later), maar om hulle onderskeidende **telwaarde** noem ons hulle **telwoorde**, en voeg (indien ter sake) daarby dat hulle as selfstandige naamwoord gebruik word. Dit is immers ook duidelik dat hulle geensins die klassifiserende noemwaarde van bv. *sterke* het nie, en ook glad geen attributiewe of prediserende funksie het nie, maar slegs ’n telwaarde. Hierdie aspek word onder die telwoord (§ 11.2) verder toegelig.

3.3.6 Die lidwoordparadigma

Ons weet dat ’n kenmerk van die selfstandige naamwoord is dat dit dikwels die hoof vorm in ’n konstruksie waarin daar ondergeskikte dele soos byvoeglike naamwoorde kan wees, en waarin daar meestal ’n onontbeerlike lid is soos

- A. *Die* (baie harde) **reën** het alles verspoel.
- B. *’n* (Skielike koue) **nag** het die vrugte geskaad.
- C. *Die* (koue) **water** is verfrissend.
- D. *Die* (drie jong) **ruiters** was moeg.
- E. *Haar* (vriendelike) **glimlag** is aantreklik.
- F. *Daardie* (moeë ou) **man** moet nog altyd werk.

(waar die genoemde onontbeerlike lid in skuins druk, die ondergeskikte b.nw. tussen hakies, en die s.nw. swaar gedruk is).

Let op:

- (a) In sin A en C kan (miskien) die *die* ontbeer word; hier het ons met nie-telbare s.nwe. te doen.
- (b) Die onontbeerlike lede in elke sin **móét vóór** die b.nwe. staan; in geeneen van bostaande sinne (of ander soortgelykes) kan die woorde in skuins druk tussen die woorde tussen hakies en die s.nwe. kom nie, soos *“(koue die water)”.
- (c) Solank dit in betekenis versoenbaar en sinvol is, kan ons net so veel b.nwe. saam gebruik as ons wil; by die woorde in skuins druk kan nooit meer as een in dieselfde sinsdeel voorkom nie. **die my*. . . of **’n daardie*. . . is onmoontlik. Hulle kan mekaar alleen vervang, nooit in

'n reeks voorkom nie.

Dus vorm woorde soos *die*, 'n, *my* met besittersbetekenis, soos ook *jou*, *sy*, *haar*, *ons*, *jul(le)*, *u*, *hul(le)*, *hierdie*, *daardie*, *watter*, *sulke* e.a. 'n paradigma wanneer hulle uitwys van watter iets (soos deur die selfstandige naamwoord benoem) gepraat word. Die woorde *die* en 'n staan tradisioneel as **lidwoorde** bekend, en saam met die ander hierbo genoem vorm hulle die **lidwoordparadigma** (in teenstelling tot die adjektiefparadigma), en word soms die **determineerders** genoem.

3.3.7 Die byvoeglike naamwoord ≠ die byvoeglike funksie

Ons het al verskeie kere na die byvoeglike naamwoord verwys. Maar voordat ons nou hier met enige mate van helderheid dié woordsoort kan leer onderskei, is dit nodig om duidelikheid oor die aard van die byvoeglike funksie te verkry. Want net soos bywoordelike bepalinge nie altyd net uit 'n bywoord bestaan nie, word die byvoeglike funksie nie altyd net deur byvoeglike naamwoorde verrig nie. Ons kry naamlik woorde, konstruksies en klouse in dié funksie, en selfs wanneer dit 'n wóórd is, is dit nie altyd 'n byvoeglike naamwoord nie, hoe paradoksaal dit ook al mag klink. Laat ons dit stelselmatig ondersoek:

3.3.7.1 Die byvoeglike naamwoord as predikatief

In §2.5 (a) het ons getoon dat die byvoeglike naamwoord een van die soorte woorde is wat met 'n **kopula** die **predisering** by 'n naamwoord kan vorm:

“Piet is *siek*.”

en dan noem ons die byvoeglike naamwoord *siek* hier 'n **predikatief**. By herhaling, want dit is belangrik: hier sê die byvoeglike naamwoord wat ons van die onderwerp wil sê. Maar die b.n.w. is nie die enigste woordsoort wat as predikatief kan optree nie, en nou het dit gewoonte geword om enige ander (groter) taaleenheid wat as predikatief optree, soos konstruksies en klouse, of as “predikatiewe” aan te dui (soms in die vorm “voltooiing van die gesegde/predikaat” of as “gesegdesin”) of as “naamwoordelike/selfstandige bysin” te benoem.

Hoofsaak is dat ons as predikatief 'n byvoeglike naamwoord kan kry saam met die kopulas *wees* en *word* (in al die vorme: *is*, *was* . . .) en ook ander werkwoorde wat soms sulke predikatiewe kan kry:

Die knaap word *groot*.

Die seun bly *siekerig*.

Die man lyk *welvarend*.

Sy voel vandag *knieserig*.

Die kos smaak *lekker* . . .

Ander aspekte van die byvoeglike naamwoord as predikatief word in paragraaf 10.1.1—3 behandel.

3.3.7.2 Die byvoeglike of adjektiewiese funksie

Ons kan dit só stel: alle **vrye uitbreidings** (§2.7) by 'n naamwoord verrig 'n byvoeglike of adjektiewiese funksie. Laat ons kyk:

- A Ons moet sê: 'n *Man* het my die pad gewys.
 nie: ***"Man het my die pad gewys." nie.
Sy vriend het hom gehelp.
 nie: ***"Vriend het hom gehelp." nie.

In dié voorbeelde is 'n en sy onontbeerlik, dus **komplemente** by die s.nw., dus nie vrye uitbreidings nie. Hulle val in die lidwoordparadigma (§3.3.6); hulle verrig nié byvoeglike funksie nie.

- B As ons sê: 'n *Gawe* man het my die pad gewys.
Sy getroue vriend het hom gehelp.

is *gawe* en *getroue vrye uitbreidings* by die s.nw. *man* en *vriend* onderskeidelik: hulle is ondergeskikte dele in konstruksies waarvan 'n s.nw. die hoof is. Hulle verrig **byvoeglike funksie**. (Hulle is ook byvoeglike naamwoorde, want hulle gee 'n kenmerk of 'n eienskap — 'n attribueer — van die *man* en die *vriend* onderskeidelik. Sien §10.1.2.)

- C As ons sê: Die man is gaaf.
 is *gaaf* 'n byvoeglike naamwoord (want dit benoem 'n kenmerk, 'n attribueer, van *man*) wat as predikatief gebruik word. In die voorgaande § 3.3.7.1 het ons gesien dat 'n predikatief nie 'n b.nw. hoef te wees nie; dit kan ook 'n naamwoord, 'n bywoord, 'n konstruksie of 'n klous wees. 'n Gebruik as predikatief gee 'n taaleenheid dus nie 'n byvoeglike funksie nie — dit is dan 'n deel van die predikaat.

- D As ons sê: Die man met die baard is 'n vreemdeling.
 is *met die baard* 'n voorsetselkonstruksie wat as *vrye uitbreidings* by *man* dien; dit **bepaal** van watter man gepraat word. Daarom verrig dit **byvoeglike funksie** hoewel daarin geen byvoeglike naamwoord voorkom nie. Dergelike **byvoeglike bepalinge** kry ons in:
 Hy is 'n man *van groot wysheid*.
 Ons soek iemand *met wye ervaring*.
 Sy het genoeg ervaring *van die eiendomsmark*.
 'n Vrou *sonder goeie smaak* sukkel met klere.
 Ken jy die dame *in die rooi rok*?

- E As ons sê: Die oom wat langs ons woon, het baie vrugtebome.
 is *wat langs ons woon* 'n **klous** (§ 2.11 F — Voetnoot) wat, as vrye uitbreiding by *oom*, byvoeglike funksie verrig. Alhoewel daarin geen byvoeglike naamwoord hoef te wees nie, **bepaal** dit van watter oom gepraat word; ons noem dit 'n *byvoeglike bysin*.
 As ons sê: My oom, wat al die hele wêreld deur gereis het, vind Frankryk die interessantste land.
 is die klous "wat al die hele wêreld deur gereis het" nie byvoeglik gebruik nie. Dit sê nie van watter oom ons praat nie; dit bepaal nie *oom* nie. Dit is 'n aanvullende predisering by *oom*; dit is ook 'n **betreklike bysin**, maar dien as **bystelling**.

F In ons voorgaande voorbeeldsin se byvoeglike bysin, *wat langs ons woon*, is *langs ons* 'n voorsetselkonstruksie met **bywoordelike funksie**: dit sê waar die oom woon.

Ons voorbeeldsin kan ook word:

Die oom *langs ons* het baie vrugtebome.

Nou is die vraag: is *langs ons* nou byvoeglik of bywoordelik gebruik? Indien 'n mens dan nou benoeming op die spits moet dryf, meen ek dat ons hier 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike betekenis het wat as byvoeglike bepaling gebruik word. Want “bywoordelik” en “byvoeglik” is mos nie teenoorgesteldes, antonieme, nie. Ons het hier te doen met aanvullende begrippe: die selfstandige naamwoord word bepaal of beperk deur 'n plekbegrip, en nie deur 'n kenmerk of attribuut nie: die **funksie** is byvoeglik, die **betekenis** is soos dié wat ons by bywoordelike begrippe kry en die **vorm** is dié van 'n voorsetselkonstruksie.

Dergelike byvoeglike bepalinge met bywoordelike betekenis kry ons in:

Die man *daar* is 'n ou bekende.

Die klipaleus *weerskante van die hek* lyk indrukwekkend.

Ken jy die meisie *in die hoek*?

Hulle boer op 'n plaas *hoër op* (langs die rivier).

Let op: ondanks die uiterlike eendersheid is daar 'n duidelike verskil tussen die volgende twee sinne se byvoeglike bepalinge:

X Ken jy die dame *in die rooi motor*?

Y Ken jy die dame *in die rooi rok*?

Albei is bepalend, albei is beperkend, maar X deur 'n plekaanduiding wat daaraan 'n bywoordelike betekenis gee, en Y deurdat dit 'n voorsetsel *in* met 'n ander betekenisverhouding het (sien hoofstuk 4 oor die voorsetsel): *in die rooi motor* kry ons net so terug in die volle bysin “wat *in die rooi motor* ry”; *in die rooi rok* beteken “wat die rooi rok dra/aanhet”.

G As ons hoor: En daar staan hy, gehawend en vol stof.

is *gehawend en vol stof* predikatiewe, sonder dat daar eksplisiet van 'n kopula gebruik gemaak word, ongeveer só:

En daar staan hy, (hy is) gehawend en vol stof.

Hier het die predikatiewe byvoeglike funksie omdat hulle (let op: daar is twee newegeskiktes) eienskappe van “hom” gee.

Nou kan ons saamvat:

Wanneer 'n taaleenheid, 'n woord, konstruksie of klous, as **bepaling** dien by 'n woord waarmee ons iets benoem, by 'n (selfstandige) naamwoord dus, is dit 'n byvoeglike bepaling, of het dit byvoeglike funksie.

As dit 'n woord is, én as dit 'n kenmerk, eienskap — 'n attribuut — van die iets gee en op dié wyse die naamwoord bepaal, sal dit 'n **voorbepaling** wees, d.w.s. dit sal vóór die selfstandige naamwoord staan. So 'n woord noem ons 'n **byvoeglike naamwoord**. Hierby moet ons onthou dat daar dikwels meer as een byvoeglike naamwoord voor so 'n s.n.w. optree, en ook

dat dit soms om stilistiese redes voorkom dat 'n bepalende byvoeglike naamwoord onmiddellik na die s.nw. voorkom, soms deur 'n komma afgeskei, en dan is daar 'n beduidende betekenisverskil (sien § 10.1.2).

As 'n ander soort woord as 'n byvoeglike naamwoord 'n s.nw. bepaal, of as 'n konstruksie of klous in byvoeglike funksie gebruik word, is hulle altyd **nabepalings** by die s.nw.

'n Byvoeglike naamwoord kan ook as **predikatief** optree.

Om nou saam te vat wat ons in §3.3 onder die naamwoordgroep onderskei het, kan ons sê: in konstruksies wat as onderwerpe, voorwerpe en besitters optree of wat na voorsetsels in voorsetselkonstruksies voorkom, kry ons die lede van die naamwoordgroep:

- die selfstandige naamwoord, wat ons in hoofstuk 9 behandel,
- die byvoeglike naamwoord, wat ons in hoofstuk 10 behandel,
- die lidwoord, wat ons in hoofstuk 12 behandel,
- die telwoord, wat ons in hoofstuk 11 behandel, en
- die voornaamwoord, wat ons in hoofstuk 13 behandel.

3.4 Die bywoord en die bywoordelike funksie

Die bywoord was tot onlangs die soort woord wat die moeilikste gedefinieer kon word en ook die moeilikste georden kon word. Daarom — weliswaar ook om ander redes — sê sommige taalondersoekers dat daar nie so 'n woordsoort is nie. Ander sê weer: as 'n woord nie tot enige ander woordsoort behoort nie, is dit 'n bywoord!

Ons hoef nie in hierdie opvatting vas te val nie. Insigte wat in die jongste jare bereik is, maak 'n ordening moontlik. Dit is egter 'n wye gebied wat ons in hoofstuk 6 behandel. Op hierdie stadium noem ons net die volgende, sodat daar 'n mate van hanteerbaarheid van die begrip “bywoord” kan wees:

- (a) Ook bywoordelike bepalinge kan uit 'n woord, 'n konstruksie of 'n klous bestaan.
- (b) Ook die bywoordelike funksie is bepalend, beperkend, in die sin dat dit die trefwydte van die bepaalde taaleenheid vereng.
- (c) Die bywoordelike bepaling kan by enige soort woord in die sin, sowel as by die sin in sy geheel, aansluit; dit kom ook baie dikwels voor waar dit by niks identifiseerbaars in 'n sin aansluit nie. Dit is dan 'n soort kommentaar van die spreker self oor iets in die inhoud van sy sin.
- (d) Modale sowel as tyd- en plekbegrippe is byna altyd bywoordelike begrippe, so ook graadaanduidings. Baie woorde wat eintlik eienskappe van sake gee wat deur selfstandige naamwoorde genoem word, word by wyse van oordrag op werkwoordelike begrippe toegepas:

Sy sing *mooi*.

Hy werk *fluks*.

Sy glimlag *bekoorlik*.

Hulle is dan hoedanigheidsbywoorde.

- (e) Ons het onder die byvoeglike naamwoord dit reeds genoem: ons

moenie die bywoord en die b.n.w. as teenstellings sien nie. Soos die b.n.w. na die bywoord kan oorloop, gebeur ook die teenoorgestelde:

Die boek *daar* is joue.

Die gebeurtenis *gister* was 'n ramp.

3.5

Die funksie van die bepalende sinsdele en woorde sal altyd probleme oplewer so lank soos ons die benoeming van sinsdele of woordsoorte as 'n uiteindelijke doel sien in plaas van 'n middel tot 'n doel. Die doel moet naamlik wees: hoe werk die taal (of dan: die mensegees met die taal!) om hom uit te sê! Want veral die mens wat iets te sê het en dit wil sê soos hy dit sien, sal die taal en al die middele wat dit bied, ontgin. Dan maak hy ook staat op die vermoë van die hoorder om die spronge van sy gedagte te volg sonder dat daar misverstand hoef te ontstaan. Kyk na die volgende:

“Die vuur flikker warm en vriendelik.”

Die sin stel *warm* en *vriendelik* voor as newegesikte dele. Nou kan 'n mens by ontleding sien dat die *flikker* dalk *vriendelik* kan wees, maar *warm* is 'n kenmerk van *vuur*, nie van *flikker* nie. As iemand sê:

“Ons sit om die vuur, rustig en tevrede.”

waarby hoort *rustig en tevrede*, by *vuur* of by *sit* of by *ons*? Hoe sal ons dié woorde dan benoem? Is dit nodig om hulle te benoem, behalwe om ons definisies te toets? Hoe sal ons die skuinsgedrukte woorde en konstruksies in die volgende benoem?

“... het ek *soos gewoonlik glad nie* kon raai wat haar *so skielik* en *so alleen* by my bring *nie*.” (Audrey Blignault: *In Klein Maat*, bl. 39)

“*Egalig* grys is die grondstuk, *stewig*, *sonder swier*.” (a.w., bl.38)

“... en ek staan *alleen* voor die spieël met die hopie *salmkleurige* kledingstukke *kraaknuut* en *ongerimpel op die stoel langs my*.” (a.w., bl. 15)

3.6 Taaleenhede buite sinsverband

In paragraaf 2.13.4 het ons gesê dat 'n voegwoord eintlik buite die sin staan; dit is nie 'n sinsdeel van die sin(-ne) waarby dit voorkom nie. Maar dit is nogtans deel van die **sinspatroon** van die sin waarby dit voorkom. Maar op 'n ander manier buite die sinspatroon en buite die sinsverband kry ons veral drie tipes woorde en konstruksies:

- (a) Die **uitroep** en die **tussenwerpsel** word in sommige beskouings as besondere woordsoorte gesien. Hulle is gewoonlik byna suiwer emosionele uitinge sonder die gebruikelike leksikale betekenis en sintagma-tiese verband:

Ag, sal hieraan nooit 'n einde kom nie?

Nee, *maskas*, gee my nou weer 'n kans!

Hieronder val meestal ook die gebruik van vloek- en kragwoorde, alhoewel sommige “gekruide” woorde in ander funksies voorkom:

Die kêrel is darem *verdomp* lelik. (bywoord)

Jy moet die *blik* . . . op sy plek sit. (s.nw.)

- (b) Die aanspreekvorme, soos

Hendrik, bring gou die saag!
Kwaadword help nie, *my seun*.
Ma, help!
“*Dood*, waar is jou angel?”
“Ons vir jou, *Suid-Afrika*.”

- (c) Die versterkwoorde, soos

Kom help my gou, *asseblief*.
Ek sal graag kom, *dankie*.
Gee vir my ook 'n stukkie, *toe (jong)*!

Daar is verskeie gevalle waar 'n bygedagte 'n normaal gebruiklike woord of uitdrukking ook buite die verband van die sin waarby dit voorkom, plaas:

Sy krap amper altyd haar kop — 'n *slegte gewoonte*.
Ek wonder wat van hom gaan word — *arme ding*.
Ons sal hierdie soort gevalle nie verder ondersoek nie.

3.7 Transposisie (ook genoem funksiewisseling)

By ons ondersoek na die bywoord en die byvoeglike naamwoord het ons gesien dat 'n woord soms in die een en soms in die ander funksie gebruik kan word. Daar vind die oorplasing sonder verandering plaas.

As Eitemal skryf: “Jaffie was woedend oor daardie *sê* van sy oom.” (bl. 18) sal dit meebring dat *sê* sy normale vorme nie kan aanneem nie: *het* – *gesê* is daar onmoontlik. Daarenteen, waar ons *boeta* as 'n s.n.w. ken, skryf Boerneef (*Boplaas*, bl. 2) “. . . maar voor vreemdes wil ek nie langer *geboeta* wees nie.” sodat die woord nou die morfologie van 'n werkwoord kry. Hier is die **grondvorm** van 'n woord uit een woordsoort oorgedra na 'n ander woordsoort waarby dit hom moet aanpas.

Soortgelyke veranderinge kry ons ook in

A Hy *leer* gereeld sy les.

B *Leer* is vir niemand lekker nie.

A Sy *loop* vinnig.

B *Loop* is goeie oefening.

A Hy *versamel* motte.

B Die *versamel* van insekte is 'n leersame stokperdjie.

In al bostaande voorbeelde bevat sin A die werkwoord, wat klaarblyklik in hierdie gevalle die primêre gebruik is, en sin B die woord as s.n.w. gebruik. Ons noem dié verskynsel **transposisie**.

Let daarop dat ons nie hierbo *leer* in A en in B “dieselfde woord” kan noem nie. Ons sal immers *geleer* in *Hy het sy lesse gereeld geleer*, en *leer* in B hierbo nie dieselfde woord noem nie. Ons het in ons voorbeelde hierbo telkens maar net die woorde in hulle grondvorm gebruik; dit is die grondvorme alleen wat eenders lyk; so gou die woorde in hulle onderskeie woordsoorte die daarmee gepaardgaande morfologiese wysigings ondergaan, verdwyn die eendersheid.

In die literatuur kom dit baie voor:

“ . . . ; dan hoef niks ons te keer van die volle *inbesitneem* van ons hele tradisie nie.” (N.P. van W. Louw: *Liberale Nasionalisme*, 36)

“*Bid* is ’n daad.”

“Stil *dink* selfs, is ’n daad wat magtig en oorrompend kan word. *Niks-doen*, of liever; *weier-om-te-doen*, is self ’n daad.”

“ . . . ; die jeug se skerp *vra* na ‘ja of nee’ kan selde ’n kort antwoord kry.” (a.w. 53)

“Sulke tye het ons al geken; ek laat dit aan jou *lees* van ons geskiedenis oor” (a.w. 55)

“Jy kry jou *sit*.” (Boerneef)

“Asof sy ’n behaaglike bevryding vind in die *doen* daarvan.” (A. Blignault).

“Klaas leer ons deur sy besondere *kyk* op al” (Elize Botha)

“ . . . ; daar is dié elemente daarin wat alleen maar betrekking het op die volkslewe van daardie *vandag* van 1938.” (Elize Botha)

3.8 “Grammatiese homonieme”

In die voorgaande voorbeelde is dit duidelik wat die primêre gebruik van die betrokke woorde is. Maar dis nie altyd so duidelik nie, soos in

Hy *slaap* elke middag ’n bietjie.

Moet hom nie in sy *slaap* steur nie.

Hy *werk* hard.

Sy *werk* word al beter.

As werkwoord kry ons (bv.) *werk – gewerk* en as s.nw. *werk – werke – werkie*. Niks toon dat die een primêr bo die ander is nie. M. de Villiers noem sulke gevalle **grammatiese homonieme**: woorde met eenderse vorme en eintlik ook betekenis, maar met verskil in grammatiese funksie.

3.9 Gronde waarop woordsoorte ingedeel word

Histories is dit ’n hoogs interessante aspek van die taalkunde, maar dis nie hier ter sake nie. Dit word gou duidelik

- (a) dat ons geen enkelvoudige grondslag vir die indeling in woordklasse deurgaans gebruik nie; en
- (b) dat by verskeie woordklasse ’n tweeledige grondslag toegepas word.

Dit blyk dat ’n eerste oorweging in sekere gevalle is:

- A die funksie van die woord, d.w.s. watter **sinsdeel** vorm dit ;
- B vervolgens, met watter ander woordklasse word hy sintagmaties en paradigmaties geassosieer; en
- C dan word verdere onderverdelings soms gemaak op grond van betekenis en/of morfologiese kenmerke.

Só dan benoem ons **werkwoorde** op grond daarvan dat hulle die grammatiese predikate van sinne vorm;

selfstandige naamwoorde op grond daarvan dat hulle as onderwerp, voor-

werpe en besitters fungeer, en onderskeidende semantiese waardes het;
byvoeglike naamwoorde op grond van hulle bepalende en attributiewe funksie by naamwoorde;

bywoorde op grond van hulle bepalende funksie by ander woordsoorte of by sinne, maar ook slegs op grond van hulle betekenis as plek- en tydaanduiers;

lidwoorde word benoem op grond van hulle sintagmatiese verhoudinge met selfstandige naamwoorde;

voorsetsels en voegwoorde op grond van hulle sintagmatiese verhoudinge met naamwoorde en met sinne onderskeidelik.

Vir **telwoorde** berus die benoeming uitsluitlik op die betekenis binne die moontlike sintagmatiese verhoudinge;

vir die **voornaamwoord** bepaal die vervangingswaarde naas die sintagmatiese verhoudinge die benoeming.

Hierby moet onthou word dat in die **selfnoemfunksie** (of **aanhalingseval**) enige **woordvorm**, van watter woordsoort ook al, as s.nw. (en seldsamer as ww.) gebruik kan word, maar dan is dit die **woordvorm**, nie die taaleenheid nie, soos

Sonder is 'n voorsetsel.

Spoedig het sewe letters.

By *onder* kom assimilasie dikwels voor.

Hulle het twee l'e.

In elke derde sin *teminste* hy.

Wanneer ons van woorde in hulle woordsoorte praat, is die selfnoemfunksie altyd uitgesluit.

3.10 Ope en geslote woordsoorte

Uit die voorgaande bespreking is dit o.a. duidelik dat vier woordsoorte se benoeming uitsluitlik op hulle sintaktiese verhoudinge berus, t.w.

die werkwoord (maar nie almal nie)

die selfstandige naamwoord

die byvoeglike naamwoord en

die bywoord.

Omdat (teoreties) enige woord dus een van hierdie vier kan wees, noem ons hulle die **ope woordsoorte**. Daarby sluit 'n ander taalkundige feit aan: by die woordeskat van hierdie vier woordklasse word voortdurend op betreklik groot skaal nuwe woorde gevoeg, by wyse van afleiding, samestelling, ontlening en alle ander woordvormende middele waaroor die taal beskik, na gelang van die uitbreidingsbehoefte van 'n lewende taal.

Daarteenoor staan die orige vyf:

die lidwoord

die voorsetsel

die voegwoord

die voornaamwoord en

die telwoord.

Hulle vorm die **geslote woordsoorte**; ander woorde word nooit met een van hierdie name benoem nie, en daar ontstaan ook nie neologismes in hierdie klasse nie (behalwe miskien 'n hoogs seldsame ontlening). Weliswaar word soms van hierdie woorde in die funksies van die ope woordsoorte gebruik, veral (oorspronklike) voorsetsels wat (met betekeniswysigings) dikwels in bywoordelike funksie voorkom. Daar is ook 'n baie beperkte oorloop van voorsetsels na voegwoordelike funksie (om i.p.v. omdat, na i.p.v. nadat, voor i.p.v. voordat . . .) wat anders as deur funksiewisseling verklaar moet word.

3.11 Woordsoorte en kategorieë

Bloot om **terme** te verklaar, is dit nodig om te verwys na sg. onderafdelings by die woordklasse, en kenmerke wat daarmee saamhang. Bv.: die selfstandige naamwoord het in hoë mate die vermoë om die **geslag** van iets met behulp van òf aparte woorde òf postmorfeme aan te dui, soos *bul* – *koei* – *bees* of *kelner* – *kelnerin*. Só kan die s.nw. ook **getal** aandui, nl. enkelvoud of meervoud, soos *stoel* – *stoele* of *tafel* – *tafels*.

Sulke **kenmerke** van woordklasse wat met morfologiese of sintaktiese onderskeidings gepaard gaan, word **kategorieë** van dié woordklas genoem, en hulle word by elke woordklas in die verdere ondersoek behandel.

Opmerking: Nadat ons nou die verskynsel van transposisie (= funksiewisseling) bekyk het en die woordsoorte in ope en geslote groepe verdeel het, kom die vraag op: as voorsetsels en voegwoorde nou geslote woordsoorte is, terwyl bywoorde 'n ope woordsoort is, hoe nou gemaak met die volgende?

- A Ons het hom *na* die vertoning eers gesien.
- B Ons gaan eers teen agtuur *na* die vertoning (toe).
- C Ons kon eers begin opruim *na* die storm verby was.
- D Ons sal maar handel *na* dit val.
- E Hy staan te *na* aan die rand.
- F Hy was op 'n nippertjie *na* oor die afgrond.
- G Hulle praat maar altyd net hulle voorman *na*.
- H Die kêreltjie is nogal *na* familie van ons.

Dit lewer eintlik min probleme: hier het ons in hoofsaak met die verskynsel van **homonimie** te doen: die woordvorm *na* het telkens 'n ander betekenis. Ons het dus met 'n groot aantal verskillende woorde te doen wat almal eenders lyk. Boonop is daar onder hulle 'n verskeidenheid van woordsoorte:

In A en B het ons voorsetsels: hulle word telkens deur 'n naamwoord gevolg en dui onderskeidelik 'n tyd- en 'n plekverhouding tussen die o-p-konstruksie en die s.nw. aan.

In C en D is *na* 'n voegwoord: in C is *na* die oorblyfsel van *nadat* (soos ook gebeur met *voor* uit *voordat* en andere), en in D is *na* in eie reg voegwoord met die betekenis van "volgens".

In E, F en G tree *na* as bywoorde op: in E 'n plekbepaling met die betekenis "naby", in F vorm *na* deel van die vaste uitdrukking "op + naamwoord + na" met die betekenis "amper-amper" (eintlik twee bywoordelike bepalings soos ons baie dikwels kry: "op 'n nippertjie / op 'n haar / op 'n skrefie" en "na" waar die voorsetselkonstruksie beteken "net, presies" en "na" die betekenis na "amper" verander), en in G is *na* 'n bywoord wat as supplement optree in die meerledige predikaat *praat na* (= praat agterna/soos).

In H tree *na* in byvoeglike funksie by *familie* op met nagenoeg dieselfde betekenis wat dit as bywoord in E het maar wel in oordragtelike sin.

Daar is twee ander soorte gebruike wat moeiliker is; die eerste:

R Hy was stokflou; daarom het hy gaan sit.

S Omdat hy stokflou was, het hy gaan sit.

T Hy het gaan sit, want hy was stokflou.

Dit gaan om die woorde *daarom*, *omdat* en *want*, wat almal soms as voegwoorde beskou word, en ook ander (nuwe) benoemings word gebruik. Ons het reeds die onderskeidings gemaak (in § 2.11 en elders):

In R is *daarom* 'n deiktiese woord, 'n bywoord van rede, wat hier as sinsverbinder optree tussen twee wesenlik onafhanklike sinne. Omdat *daarom* in die beginposisie in die tweede sin staan, kry ons daar die omgekeerde (onafhanklike) woordorde.

In S en T het ons voegwoorde: *omdat* is 'n onderskikkende voegwoord en bring die afhanklike woordorde mee; *want* is 'n neweskikkende voegwoord en het nie 'n invloed op die woordorde nie. Omdat dit hier 'n hoofsin is, het dit die normale (onafhanklike) woordorde. Wat soms die moeilikste is om te snap, is dat die voegwoorde (hier *want* en *omdat*) nie 'n sinsdeel van die sin is nie, terwyl die bywoord *daarom* wel 'n sinsdeel is. Daar is dalk een manier om te onderskei:

Iemand kan 'n volledige relaas gee van hoe hy (en dalk ander) gaan berg klim het, hoe hulle deur bosse en oor kranse moes klouter, hoe hulle in spanning en gevaar lang ure gesukkel het totdat hulle uiteindelik 'n groterige gelykte op 'n krans bereik het, en hoewel die ander jonger lede sommer dadelik wou voortgaan, kon hy net eenvoudig nie verder nie.

"Daarom het ek gaan sit." So 'n enkelvoudige sin is heel natuurlike taalgebruik, en die *daarom* slaan op die hele voorafgaande relaas. So iets is nie met 'n voegwoord moontlik nie, hoewel dit heel gewoon is dat 'n voegwoord die verhouding tussen afsonderlike sinne kan stel. 'n Deiktiese woord soos 'n konjunkte bywoord kan die inhoud van 'n voorafgaande uiting, lank of kort, opneem en in sy eie sin indra; 'n voegwoord lei slegs die sin wat daardie inhoud *gaan* gee, in.

Die tweede:

U Ek ry Bloemfontein *toe*. Ek ry *na* die beste *toe*.

Ek ry Kimberley *om*.

Ek ry Klapmuts *langs*.

V Hy loop *om* die kerk.

Hy staan *langs* die paal.

Hy spring *na* die bal. Hy kyk *na* die vreemdeling.

Hoe benoem ons die woorde *toe*, *om*, *langs* en *na* in dié sinne?

Die V-sinne gee nie moeilikheid nie: *om*, *langs* en *na* is hier klaarblyklik voorsetsels in tipiese voorsetselkonstruksies. Dit geld ook vir *na* in “na die beeste toe”.

Is *toe*, *om* en *langs* in die U-sinne ook voorsetsels wat maar net ná die naamwoorde staan, dus nasetsels? Het hulle dus tog maar dieselfde funksie as wat voorsetsels het? As 'n mens baie sulke gebruike in Afrikaans ondersoek, vind jy die volgende (vollediger in §6.1.2, bl. 105).

Die woorde *af* en *toe*, wat albei baie voorkom in die soort konstruksie (soos: van die berg af, na die plek toe) kan nooit as voorsetsel gebruik word nie; hulle is altyd hier bywoorde. Ons ken die korter vorme: berg af, straat af en huis toe, skool toe. Op dieselfde patroon kry ons ook: berg op, straat op; jaar in, jaar uit, en verder: pad langs . . .

Ons kan aflei: wanneer ons beweging wil uitdruk, doen ons dit met behulp van twee bywoordelike bepalings wat saam optree en na een konstruksie lyk (en dit ook is), maar in uitdrukkings wat baie voorkom, gebeur dit dikwels dat die voorsetsel wat die eerste konstruksie inlei, verval:

na die huis toe	→	huis toe
van die berg af	→	berg af
in die land in	→	die land in
uit die huis uit	→	die huis uit

Na analogie hiervan kry ons dan die uitdrukkings met rigting- of roetebetekenis soos “Kimberley om” en “Klappmuts langs”. In al die gevalle is die *toe*, *af*, *om*, *langs*, *in* en *uit* e.a. aan die end van die konstruksie bywoorde (en geen soort setsel nie).

Elkeen van hierdie soorte woorde met hulle gebruike sal weer by die woordsoort waaronder hulle val, onder bespreking kom. Intussen is dit dalk nuttig om te weet dat daar maar min woorde is wat ons as voorsetsels ken en wat ook as bywoorde optree, nl. sowat 17 uit die meer as 90 voorsetsels, ongelukkig dié wat die meeste gebruik word, t.w.

aan, agter, binne, bo, buite, by, deur, in, langs, naby, om, onder, oor, op, tot (?), uit, voor (en dalk seldsame ander).

DIE SINTAKSIS VAN DIE VOORSETSEL

Ons het in § 3.1 die voorsetsel 'n **verhoudingswoord** genoem, soos ook die voegwoord. Dié twee neem so 'n sleutelposisie in sinne in dat 'n mens nouliks iets oor sinne kan sê sonder dat jy van hulle gebruik moet maak. Daarom ondersoek ons die gebruik van dié twee woordsoorte eerste, en begin met die voorsetsel omdat hy sy gebruik in die enkelvoudige sin of die klous vind.

4.1 Die voorsetselkonstruksie

In die sintaksis gaan dit om die sinsamehang en die rol wat die bepaalde studie-onderwerp, in dié geval die voorsetsel, daarin speel. Daarom moet ons die **voorsetselkonstruksie** voorop stel; die konstruksie wat met 'n voorsetsel begin, wát dié voorsetsel daarin doen en watter invloed dit op die sinsdele daaromheen het.

4.1.1

Op die voorsetsel volg daar altyd (op twee gevalle na) eksplisiet 'n naamwoord, meestal 'n selfstandige naamwoord:

Die boek lê *op die tafel*.

maar ook 'n voornaamwoord:

Hy sit *langs my*.

of 'n telwoord in naamwoordelike funksie:

Sit dié een ook *by die ander twee*.

of 'n klous met naamwoordelike funksie:

Hy is bewus *van wat gesê word*.

Ons sien dat daar die gewone ondergeskikte dele van die selfstandige naamwoord of telwoord kan voorafgaan, dus tussen die voorsetsel en naamwoord kan voorkom, nl. lidwoord en byvoeglike naamwoord, en dies meer. In sommige gevalle word 'n genoemde s.nw. verswyg om só 'n lomp herhaling te vermy, maar dit bly daar by implikasie:

In so 'n bui loop hy nie òm dinge nie maar *deur*.

Dit is 'n belangrike kenmerk van die voorsetsel dat dit in die gebruik saam met die **persoonlike voornaamwoord** (§13.1) meebring dat dié voornaamwoord die **verboë vorm** (voorwerpvorm) (§13.1.2) kry soos hierbo:

Hy sit *langs my*. (en nie *langs ek* nie)

Sy verlang na *jou*.

Ek maak staat op *hom*.

Ek glo *haar*.

Die persoonlike voornaamwoord is die enigste soort woord waarin daar in Afrikaans iets oorgebly het van die naamvalsforme wat in die ouer vorme van ons taal en verwante tale so 'n belangrike plek ingeneem het.

4.1.2

As die voornaamwoord in 'n voorsetselkonstruksie egter op iets **niemensliks** en veral nie-lewends teruggaan, verander die struktuur van die voorsetselkonstruksie tot een woord waarin die voornaamwoord *daar* (vir aanwysende) en *waar* (vir vraende en betreklike voornaamwoorde) met die voorsetsel in 'n samestelling ingebou word:

Sien jy die hek? Gaan *daardeur* om in die tuin te kom.

Hy is siek. *Daarom* bly hy in die bed.

'n Tafel is nie 'n stoel nie; jy sit *daarby*, nie *daarop* nie.

Waarop ry ou Piet dan deesdae?

Waarlangs loop die pad na sy plaas toe?

Die bydraes *waarop* ons staatgemaak het, het nie ingekom nie.

Die vlei *waarin* vroeër so baie watervoëls was, het nou opgedroog.

Wanneer *daar* beteken "op daardie plek", staan dit los van die "voorsetsel"(?) wat toevallig daarop volg:

"Hier is die water te diep; daar ondertoe is dit vlakker. Kom ons gaan liewer *daar deur*."

Waar dit die voorsetsets *met*, *tot* en *vir* geld, gryp die samestelling terug na 'n ouer vorm van die voorsetsets, nl. *-mee*, *-toe* en *-voor*:

Laat bly die vurk hier; ek werk *daarmee*.

Ondanks sy belofte het hy nie *daartoe* gekom om te help nie.

Hy sal sy kind nie slaan nie; *daarvoor* is hy te saghartig.

Die alternatiewe vorme van die drie voorsetsets word oral gebruik waar daar nie 'n naamwoord **volg** nie. Sien ook hierna § 4.1.4.

Hierdie saamgestelde vorme (*daarop*, *waarop*, *daarmee*, *waarmee* . . .) is nie nuwe, produktiewe vorme nie; hulle het almal saam in die ontwikkeling van Afrikaans uit die ouer vorme van die taal gekom. Daar was nooit in historiese tye 'n vorm soos *"met dit" ensovoorts nie (behalwe in die genoemde klemgebruike, §4.1.3). Dit is dus 'n verkeerde formulering soos ons dit dikwels kry: "In plaas van *op dit* sê ons *daarop*." Dit is net omdat moderne Engels dié struktuur verloor het en sommige Afrikaanssprekendes onder Engelse invloed dieselfde doen dat ons vandag met dié Anglisisme sit.

Daar is nog drie geërfde voornaamwoordvorme wat in Afrikaans voortleef, nl. *dien*, *dier* en *dies*, maar net in vaste, geykte uitdrukkings; ons hanteer hulle elders. Maar één word nog in enkele woorde net soos *daar*-saam met spesifieke voorsetsets ingebou:

Hy het my *dienaangaande* ingelig. (in verband met die genoemde saak)

Hulle het *dienoreenkomstig* gehandel. (soos aangedui, voorgesê)

Dientengevolge het die saak skipbreuk gely. (as gevolg van die voorgenoemde)

By herhaling, maar duidelikheidshalwe: al hierdie woorde soos *daarin*, *waarby*, *dienaangaande* is nou bywoorde met 'n deiktiese waarde wat hulle verkry uit die voornaamwoord (*daar*-, *waar*- en *dien*-) wat by hulle ingebou is, en wat saam met die voorsetsel in hulle samestelling 'n "voorsetsel-

konstruksie” met bywoordelike funksie vorm.

Natuurlik: wat hierbo gesê is, geld net as die nie-lewende iets ’n enkelvoud is. As dit om ’n meervoud gaan, bly die konstruksie gewoon “voorsetsel plus *hulle*”:

Oppas vir die doringbosse: as jy *deur hulle* loop, sal jy jou klere skeur.

Maar net soos ons die vnw. *dit* dikwels vir die meervoud ook gebruik wanneer ons die klomp as ’n geheel sien, sal ons ewe maklik *daardeur* in die voorbeeldsin kan gebruik.

4.1.3

In gevalle waar die spreker die nie-menslike voornaamwoord met baie sterk aanwysende waarde of met groot klem gebruik, ook soos wanneer dit deur *alles* gevolg word, vergroei dit nie met die voorsetsel nie:

Met dit in gedagte kan ons ons hulp nie weier nie!

Vir dit alles het hy tyd, maar nie vir sy vrou en kinders nie.

’n Opstapeling van die vergroeide vorme word ook vermy:

Ek is mal oor klapper en verslind koekies *met dit daarin* (en nie “daarmee daarin” nie).

4.1.4 Vergelyk

Dis ’n gebeurtenis *waaroor ons moet dink*.

of Dis ’n gebeurtenis *waaroor gedink moet word*.

met Dis ’n gebeurtenis *om oor te dink*.

Hier het ons die een geval waar daar nie ’n naamwoord eksplisiet op die voorsetsel volg nie. Want die *oor* in die laaste voorbeeld is ’n voorsetsel; die **gesplete sin** (§ 14.8.5) krap in ieder geval die sinstruktuur om. Die “gebeurtenis” wat op die voorsetsel moes gevolg het, staan onmiddellik daarvoor en ons taalgevoel kom in opstand teen iets soos “’n gebeurtenis om oor die gebeurtenis te dink”. Maar dis interessant dat ook hier die alternatiewe vorme van die twee voorsetsels in §4.1.2 gebruik word: daar volg mos nie ’n s.nw. nie:

Hy is ’n man om *mee* rekening te hou.

Dis ’n vooruitsig om *voor* te skrik.

(Tot/toe word nie in dié soort sin gebruik nie.)

Ander soorte sinne waarin dit voorkom, is:

Ek gebruik die blik om suiker *in* te hou.

Daar is ’n wye verskeidenheid om *uit* te kies.

Daar het niks gebeur om jou *oor* te bekommer nie.

Ek het ’n lekker skerp byl om die hout *mee* te kap.

Daar is ’n haak om die ding *aan* te hang.

4.1.5

Waar ons hiervóór ’n voorsetsel sonder sy naamwoord het, kry ons ook die teenoorgestelde:

Hy stap *met die hand in die broeksak*.

Hy stap *hand in die broeksak*.

Hier het die eerste van die twee voorsetsekonstruksies **wat saam optree** en eintlik 'n eenheid vorm, die voorsetse en die lidwoord verloor. Dit kom alleen voor waar die twee konstruksies saam móét optree. Vergelyk:

Die oom gaan loop in die oggend met 'n kerie in die dorp.

Die oom gaan loop in die oggend met 'n kerie.

Die oom gaan loop in die dorp.

Hier tree die verskillende bywoordelike bepalinge apart en onafhanklik van mekaar op. Dit kan nie in ons voorbeeld hierbo nie: iets soos *"hy stap met die hand" of *"hy stap in die broeksak" is onmoontlik.

Ander voorbeelde is:

Hy stap (met die) *neus/kop in die lug*.

Hulle loop (met die) hand om die lyf.

Hy staan daar (met die) pyp in die mond/bek.

Sy staan (met die) hand in die sy.

Nog 'n tipe konstruksie, ook met bywoordelike funksie, waaruit die voorsetse verdwyn, kry ons in

Hy loop *met toe oë*.

wat ontwikkel het tot

Hy loop *toe oë*.

So ook:

Hy ry *loshande*.

Hy loop *kaalkop* in die son. . . .

Dit sluit aan by die tipe "skool toe" i.p.v. "na die skool toe" op bladsy 64—66. Nog 'n "verkorte" konstruksie waarby *met* betrokke is, maar wat eintlik by die tipe in §4.1.4 aansluit omdat dit die tweede geval sonder naamwoord is, kry ons in:

Daar staan 'n blik *met koffie in*.

wat ook voorkom in die vorm:

Daar staan 'n blik met koffie *daarin*.

en dalk daaruit ontwikkel het. Ander voorbeelde is:

. . . . 'n pot met 'n deksel op

'n hoed met 'n band om

'n tafel met blomme op

'n kou met 'n voëltjie in

Ongewoon maar analogies suiwer is:

"Slagpale is die twee pale met 'n dwarshout tussen."

'n Interessante gebruik met 'n skynbare teenstrydigheid kom voor in Audrey Blignault se *In Klein Maat*, bl. 36/7:

"Maar as sy nou op 'n Sondagmiddag voor die smeulstofie in die agterkombuis sit *sonder* haar wit kappietjie *op*, dan kan 'n mens sien dat sy grys word."

4.1.6

Ons sal in die hoofstuk oor die selfstandige naamwoord en weer by die bywoord aandag gee aan die feit dat veral bywoorde van tyd en in mindere mate van plek baie maklik sonder meer as selfstandige naamwoorde (of

dan voornaamwoorde, wat sommige inderdaad ook is) optree, en omgekeerd. Daarvoor kan 'n mens woorde soos *gister*, *môre* en *vandag* toets:

Hy was gister hier. — Gister was 'n mooi dag.

Ander soos *soggens* en *saans* is histories selfstandige naamwoorde. Of dit die oorsprong is, is seker van minder belang; hoofsaak is dat ook in voorsetskonstruksies daar bywoorde ná die voorsetsels kan voorkom net soos selfstandige naamwoorde:

van hier tot daar	van vroeg tot laat
van nou tot dan	van soggens tot saans
van toe tot nou	van heinde en ver
van buite na binne	van ver (af) en (van) naby

en: sedert gister, van vroeg af, van voor af, van agter af . . .

4.1.7

Dit is 'n kenmerk van die gebruik van voorsetsels dat ons altyd net een voorsetsel op 'n plek kry; andersom gesê: ons kry nie twee of meer voorsetsels bymekaar nie. Behalwe op twee plekke (die tweede in §4.3.1.1):

As 'n voorsetskonstruksie nou tydaanduidend is (soos *oor twee weke* e.a.), kry ons seldsame sinne waarin daar dan twee voorsetsels onmiddellik langs mekaar te staan kom:

Ons verwag hom nie *voor oor* twee weke nie.

Hulle saai nooit *voor na* die eerste reëns nie.

Hy trek hom warm aan *vir teen* die nanag.

Hulle stel dit uit *tot naby/by/op/voor/na* . . . Kersfees.

Die voorsetsel *tot* word baie so gebruik.

Opmerking: Hierdie soort gebruik, waarin die tweede voorsetsel soos *oor* in *oor twee weke* 'n bywoordelike bepaling inlei terwyl die eerste, *voor*, die verband tussen die o-p en die bywoordelike bepaling aandui, moenie met die volgende tipe verwar word nie:

Die vee wei (daar) *onder in die vlei*.

Hier is *onder* nie 'n voorsetsel nie, maar 'n bywoord. Die sin het drie bywoordelike bepalings: *daar* is 'n deiktiese bywoord binne die konteks waarin spreker en hoorder die aangeduide plek sal sien of sal weet waar dit lê; *onder* dui nie 'n verhouding tussen o-p en 'n naamwoord aan nie; dit doen *in*. *Onder* sê bloot dat die vlei laer geleë is as die plek waar die spreker staan; as 'n mens wil: dit dui die verhouding tussen die spreker en die vlei aan! Ons kan dit toets: "Die vee wei daar onder." is 'n volledige sin, net soos "Die vee wei in die vlei." en "Die vee wei daar." as ons die konteks byhaal. Dit kan byvoorbeeld nie met enigeen van ons voorbeeldsinne hierbo in §4.1.7 gedoen word nie:

*"Ons verwag hom nie voor nie."

Eweneens kan ons weer nie van *onder* 'n voorsetsel in ons voorbeeldsin maak nie:

*"Die vee wei onder die vlei."

Ander voorbeelde van dieselfde soort is:

Hy hang *agter aan die kar*.

Die oom woon *bo in die dorp*.
Jan staan altyd *voor in die ry*.

4.1.8

'n Aantal voorsetsels word in 'n samestelling as tweede lid ingebou met 'n versterkte betekenis, maar ook soms met 'n effens gewysigde betekenis; die kompleks is nog steeds 'n voorsetsel:

dwarsdeur, regdeur, dwarsoor, rondom, bo-oor, bo-op, binne-in . . .

Let op dat die skryfwyse met 'n betekenisverskil en funksieverskil saamhang:

Die timmerman sit nou *bo-op* die dak. (nie teen die hang nie)

Ek sien hom daar *bo op* die hoek. ('n hoek wat hoër geleë is as die plek waar ek staan)

4.1.9

Daar is 'n aantal voorsetselkonstruksies wat ook eindig met 'n voorsetsel en dan as geheel nog as voorsetsel optree, d.w.s. met eenheidsbetekenis. Sommige is met *ter* of met *ten* in geykte vorm behou; ander het 'n vaste vorm wat gekenmerk word deur die afwesigheid van die lidwoord:

ten spyte van	in weerwil van	na aanleiding van
ten gevolge van	in staat tot	met verwysing na
ter wille van	in verband met	in antwoord op
ten opsigte van	deur middel van	by monde van
	deur (die) toedoen van	deur bemiddeling van
	na gelang van	in geval van

4.2 Die funksie van die voorsetsel

Die voorsetsel is 'n verhoudingswoord. Dit het ons al by herhaling gesê. Dit impliseer dat die funksie van die voorsetsel is om as skakel te dien tussen dele van 'n sin/gedagte wat met mekaar in 'n verhouding staan; dus eerder om aan te dui dat daar 'n verband tussen die dele is as wat dit die aard van die verhouding aandui.

Nou stel ons dit voorop: baie van die voorsetsels dui inderdaad die aard van die verhoudings aan maar baie doen dit nie; hulle dien maar net as skakel. En dié wat wel die verhouding aandui, doen dit dikwels net omdat die taalgebruiker aan dié voorsetsel in so 'n samehang gewoond is, en nie omdat die voorsetsel so 'n duidelike betekenis het nie. Dikwels maak ons bloot op die antonimiese gebruike staat om die verhoudings te kan identifiseer. Byvoorbeeld:

As iemand sê: "Die boek lê *op* die tafel." kan ons maklik insien waarom één woordeboek die betekenis van *op* aangee as "bokant en in aanraking daarmee". As iemand nou sê: "Die akrobaat staan *op* sy kop." kan dié betekenis nie meer geld nie; daarvoor sou die akrobaat se kop êrens neergesit moes wees en dan moes die akrobaat daarop gestaan het, dus met sy voete daarop. En as iemand sê: "Piet slaan vir Jan *op* sy mond." kan dit ook nie "bokant" wees nie hoewel "in aanraking daarmee". Ons probeer

bloot aantoon dat so 'n voorsetsel baie “betekenisse” het, dat hy baie verhoudings kan aandui en dat die taalgebruiker nie verwag dat die verhouding so presies uitgespel moet word nie:

In die eerste voorbeeld beteken “op die tafel” iets soos “bokant en in aanraking met die tafel, en nie langs of onder die tafel of die stoel nie”.

In die tweede voorbeeld beteken “op sy kop” iets soos “nie op sy voete nie”.

In die derde voorbeeld beteken “op sy mond” iets soos “presies waar sy mond sit”, want 'n mens sou by “slaan” iets soos “teen” verwag; ons sê immers ook “slaan *teen* sy kop”; die kop het vir slaandoeleinde naamlik 'n “bokant” en ander kante, maar die mond het nie 'n “bokant” vir dié doel nie sodat “op” nou die waarde van “presies daar” kan aanneem.

Hoewel die voorsetsel nie 'n helder identifiseerbare betekenis het nie, verrig hy 'n belangrike sintaktiese skakelingsfunksie in die posisie waar hy staan. Ons sal sien dat hulle baie dikwels géén leksikale betekenis het nie, en nogtans die verband tussen sinsdele lê.

4.2.1

Meestal lê die voorsetsel die verband tussen die onderwerp-predikaatkonstruksie aan die een kant en 'n naamwoord aan die ander kant:

Die kinders speel by die rivier.

waar “die kinders speel” die onderwerp-predikaatkonstruksie (ons noem dit verder die “o-p”) is en “die rivier” die naamwoord is wat op die voorsetsel “by” volg. Ons het vroeër reeds gesê dat ons hier met “naamwoord” kan bedoel: 'n selfstandige naamwoord met moontlike ondergeskikte dele, 'n telwoord in naamwoordelike funksie of 'n voornaamwoord, en dan ook nog 'n klous.

Soms is dit moeilik om te oordeel of dit inderdaad die verhouding tussen alleen die o-p en die naamwoord is:

Sy sit die pen by die boek neer.

Is dit hier nie eerder “die pen” en “die boek” wat 'n verband deur “by” kry nie? Maar dit is nie deurslaggewend nie; ons sien in § 4.2.2 dat dié verband ook gewoon is by die voorsetsel.

Daar kan ook meer as een voorsetselkonstruksie in verband met dieselfde o-p-konstruksie wees; trouens, dit is baie dikwels die geval:

Hy gaan loop/in die voormiddag/met sy kiere/in die dorp/rond.

Dikwels is dit moeilik, en seker onnodig, om vas te stel tussen watter begrippe die voorsetsel eintlik die verband lê:

Sy sit graag in die winter in die lekker sonnetjie aan die noordekant van die huis.

As ons sê dat die voorsetsel die verhouding tussen die o-p-konstruksie en 'n naamwoord gee, moet ons ook nie verwag om die voorsetsel altyd onmiddellik na die (eerste lid van die) predikaat te kry nie. 'n Voorwerp kom dikwels eers, soos hierbo by “Sy sit die *pen* by die boek neer.” Ons

moet ons ook nie laat mislei deur 'n geval soos

Hy is moeg vir die lewe.

nie. *Moeg* is mos deel van die predikaat saam met die kopula *is*.

'n Verband "tussen" beteken ook nie dat die voorsetsel altyd 'n posisie tussen die dele moet inneem nie; baie dikwels staan die voorsetsel met sy naamwoord heel voor in die sin:

Op die sand lê baie papiere en ander gemors.

Op die tafel lê boeke en papiere.

Ons het reeds na die betreklike vaagheid in die betekenis van die voorsetsels verwys, en daarmee saam dan die veelduidigheid. Ons het o.a. die voorsetsel *op* daarvoor gebruik (§ 4.2); die volgende toon aan hoe dieselfde voorsetsel nog ander verhoudings aandui:

- | | |
|-------------------------|---------------------------------------|
| 'n plekverhouding in | : Hy woon op 'n plaas. |
| 'n tydverhouding in | : Hy het begin werk op 'n Maandag. |
| 'n ordening in | : Hy handel op voorskrif van sy baas. |
| 'n manier in | : Hy vertrek op 'n drafstap. |
| 'n presiese voorkoms in | : Sy lyk op 'n haar na haar ma. |
| 'n doel in | : Hy is Kaapstad toe op besoek. |

en verskeie ander.

4.2.2

Daarnaas lê die voorsetsel die verband tussen naamwoorde. In die soort geval is die voorsetselkonstruksie dan gewoonlik 'n nabepaling by die voorafgaande naamwoord (byna uitsluitlik 'n selfstandige naamwoord):

'n kind *met* baie energie

'n man *van* groot bekwaamheid

'n dame *sonder* aanstellerigheid

"... die vuilgoed *van* 'n Ribbok ... " en

"... sommer onsindelikheid *van* so 'n esel ... " (Eitemal)

"... dit 'n saak *van* dringende nood word ... " (Audrey Blignault)

In §2.8 (op bladsy 23) het ons van die besitters-(of genitiëfs-)konstruksie gesê dat dit teoreties 'n onbeperkte reeks kan vorm:

die kleur van die dak van die huis van die burgemeester van die dorp

...

Dit is egter nie die enigste soort voorsetselkonstruksies wat mekaar in groot getalle kan opvolg nie; dit kan voorsetsels met allerlei betekenisverhoudings wees wat die verband tussen selfstandige naamwoorde só lê dat die volgende voorsetselkonstruksie telkens 'n nabepaling by die voorgaande s.nw. is:

"(Ons wag) op die uitslag van die ondersoek na die oorsake van die oproer in die voorstad ná die aankondiging van die besluit van die stadsraad rakende die verwydering van die bome op die meent."

4.2.3

Die verskillende verhoudings wat deur die voorsetsels aangedui kan word, is nie maar net 'n saak van die betekenis nie; ons het reeds aangetoon dat

die betekenisaspek nie te helder is nie. Dit raak die sintaktiese verhoudings in die sin, want baie dikwels kan nagenoeg dieselfde gedagte in verskillende sintaktiese patrone gestel word; die enigste waarneembare semantiese verskil lê gewoonlik in die mate waarin die spreker 'n bepaalde element in die gedagte wil uitlig of wil verduister om daarmee presieser sy sê te sê.

Met 'n ondersoek hiervan pak 'n mens 'n taak van só 'n omvang aan dat dit te groot vir die doel van hierdie werk is, maar omdat dit tog nodig is om die uitgangspunt te ken, kyk ons oppervlakkig daarna.

As vertrekpunt herinner ons daaraan dat 'n voorsetstel essensieel 'n funksie in die enkelvoudige sin het, dus nie tussen klouse staan nie. As ons dus 'n voorsetselkonstruksie die plek van 'n klous of 'n sin laat inneem, konsentreer dit die segging en dit gee geleentheid vir die beligting van hoofsaak wat andersins dalk in die veelheid van sinne en klouse kan vervaag. Nou blyk dit dat slegs wanneer 'n werkwoord reeds 'n stewige samehang met 'n sekere naamwoord as onderwerp of voorwerp ontwikkel het, daar plek vir die voorsetselkonstruksie is om die funksie van die werkwoord as kern van die sin oor te neem:

Die man (wat die vaal pak dra,) is die bestuurder. kan word

Die man (met die vaal pak) is die bestuurder.

Die blomme (wat in die veld groei,) kry nou swaar. —

Die blomme (in die veld) kry nou swaar.

Maar “Die blomme wat in die nag blom, lok motte aan”, word nie

*“Die blomme in die nag lok motte aan” nie.

Wel “Die wedstryd wat in die aand gespeel word, lok baie toeskouers.” —

“Die wedstryd in die aand lok baie toeskouers.”

Naas die plek en tydverhoudings wat ons hierbo het, gee die volgende 'n aanduiding van wat moontlik is, sonder om enigsins volledig te probeer wees:

die emmer bevat melk — die emmer *met* melk (onderwerp-voorwerpverhouding)

die man het nie tande nie — die man *sonder* tande (ondw.-voorw.-verhouding)

die bye gons — die gons van die bye (onderwerpverhouding)

(hy) versamel seëls — die versamel van seëls (voorwerpverhouding)

die fiets behoort aan die seun — die fiets van die seun (besittersverh.)

die lid behoort tot die groep — 'n lid van die groep (klassifikasie)

'n koffer om boeke in te pak — 'n koffer vir boeke (doelverhouding)

'n vakansie wat 'n maand duur — 'n vakansie van 'n maand

Bostaande tipes is volop, maar daar is baie meer tipes.

4.3 Die betekenis van die voorsetstel

Miskien moet 'n mens versigtiger wees en liever van die “semantiese waarde” van die voorsetstel praat. Ons het dit reeds verskeie kere nodig gevind om te wys op die “vaagheid” in die betekenis van die voorsetstel, wat onder andere ook blyk uit die veelheid van verhoudings wat dieselfde

woordvorm kan aandui, en dikwels die onmoontlikheid om helder te sien en te sê wat die voorsetsel op 'n sekere plek beteken. Die “verdwyning” van *met* waarna ons in § 4.1.5 gekyk het, werp dalk lig op hierdie saak: die voorsetsel beteken soms niks nie en kan ewe goed ontbeer word, maar verrig 'n funksie as sintaktiese skakel tussen dele in 'n sin. Anders kan die naamwoord wat “volg” dalk vir 'n voorwerp aangesien word!

Daarteenoor het ons tog ook reeds aangetoon dat dit wel moontlik is om in baie gevalle die betekenis of semantiese waarde of die sintaktiese verhoudings wat geld, te identifiseer. Dit het gewoonte geword om in dié gevalle waar ons geen semantiese waarde kan identifiseer nie, van die “idiomatiese gebruik” van voorsetsels te praat, en soms van die ander gevalle as van die “konkrete” betekenis. Dit is bruikbare terme en 'n geldige onderskeiding.

'n Ander benadering wat m.i. geldiger is, kry ons in die siening (wat ons reeds in § 2.8 aangeraak het) dat 'n voorsetsel òf met die naamwoord wat op hom volg eng bind òf met die werkwoord wat hom voorafgaan eng bind, die sogenaamde voorsetselwerkwoorde. Ons sal sien dat die voorsetsel ook nie net met voorafgaande werkwoorde bind nie, maar ook ander woordsoorte voor hom kry waarmee hy verbonde is. En dit gee dan vir ons 'n bruikbare onderskeiding tussen die twee soorte semantiese waardes by voorsetsels: dié wat met die daaropvolgende naamwoord verbonde is, het “konkrete betekenis”, hoe moeilik identifiseerbaar ook al en met hoeveel variasie ook al, en ons sê hulle het 'n **leksikale semantiese waarde**, terwyl dié wat met die “voorafgaande woord” verbonde is, “idiomaties gebruik word” en 'n **grammatiese semantiese waarde** het; hulle dien bloot as sintaktiese skakel. Ons het hierbo “voorafgaande woord” tussen aanhalingstekens: die woord sal net voorafgaande wees in die normale onafhanklike woordorde met 'n een-werkwoord-predikaat (wat ons later 'n **presens** sal leer noem; § 7.1.1 en § 7.7.2).

Om te illustreer:

A. Die blare hang *aan* die bome.

B. Die fiets behoort *aan* sy vriend.

In A kan *aan* saam met die daaropvolgende naamwoord deur 'n heel paar ander voorsetsels vervang word na gelang van wat die spreker wil sê:

“Die blare hang / oor die water / in die water / deur die takke / langs die stam / op die dak / . . .”

Hier het ons 'n betreklik vrye keuse na gelang van met watter “iets” die spreker 'n verband met “die blare” wil stel.

In B kan *aan* nie vervang word nie, d.w.s. solank *behoort* beteken “die eiendom wees” of “lid wees”, ongeag van wie dit die eiendom is. As *behoort* beteken “geklassifiseer wees” — dus 'n ander betekenis het en daarom 'n ander woord is — kry ons net die voorsetsel *tot*:

Die akkedis *behoort tot* die reptiele.

Wanneer voorsetsels soos in A gebruik word, sê ons dat hulle **leksikale betekenis** het en dan kan ons die betekenis gewoonlik identifiseer.

Wanneer voorsetsels soos in B gebruik word, is hulle supplemente by die

werkwoord (en ander, soos ons sal sien) en dan het hulle **grammatiese semantiese waarde** en ons kan hulle betekenis nie identifiseer nie.

4.3.1 Voorsetsels met leksikale semantiese waarde

Alle voorsetsels het 'n leksikale semantiese waarde, wat egter nie beteken dat hulle betekenisse almal "konkreet" uitgewys kan word soos byvoorbeeld met *in* in 'n sin soos

Hy het sy boeke *in* die koffer gesit.

nie. Met behulp van die koffer en die boeke is dit maklik moontlik om vir iemand wat die woord (of die taal) nie ken nie, te demonstreer wat *in* beteken, ook, en dikwels veral, deur die teenstelling met *buite* of *buitekant* of *uit* daarby te pas te bring. Op soortgelyke maniere sal dit moontlik wees om die betekenis van voorsetsels soos *aan*, *agter*, *bo*, *deur*, *naby*, *om*, *oor*, *op*, *teen*, *voor* en andere uit te wys, of dan seker sommige van die betekenis van die genoemde en ander voorsetsels.

Dit word ondoenlik by voorsetsels soos *benewens*, *betreffende*, *gedurende*, *jeens*, *omtrent*, *weens* en talle ander. Maar by hulle is dit gewoonlik maklik moontlik om deur omskrywing met behulp van 'n sinonieme woord of konstruksie die betekenis uit te lê: *benewens* beteken "naas, in aanvulling by", *betreffende* beteken "wat betref", *weens* beteken "as gevolg van" en dergelike meer. Dit maak nie dat hulle daarom minder 'n leksikale betekenis het nie.

Nou gaan ons nie hier die betekenis van die voorsetsels uitlê nie; dit kan alles in die goeie woordeboeke wat ons het, nageslaan word. Ons gaan slegs aan die end van hierdie hoofstuk oor die voorsetsel in 'n reeks aantekeninge by besondere woorde, voorsetsels en ander, gebruikte toon en onderskeidinge uitlig wat ons nodig ag. Daarmee sal alle vrae nie beantwoord wees nie, maar dalk kom daaruit sieninge en denkwyses voor wat die student kan help om self antwoorde te vind.

4.3.1.1 Die partitief of deelbegrip

'n Semantiese waarde van die voorsetsel *van* wat tradisioneel aandag ontvang omdat dit in ander strukture ook vormimplikasies het, is die gebruik waarin ons met behulp van dié voorsetsel aandui dat nie alles nie maar net 'n déél van iets betrokke is. In plaas van om te sê

Hy eet 'n deel van die brood.

sê ons

Hy eet *van* die brood.

In hierdie sin kry ons die **partitief**, wat ook soms as die **deelbegrip** onderskei word. Eintlik is die voorsetselkonstruksie "van die brood" 'n nabepaling by die voorwerp "'n deel" in die sin waar die voorwerp ook verskyn. In die partitief alleen het dit dan die funksie van die voorwerp oorgeneem. Nog voorbeelde is:

Daar het hy *van* die mooiste blomme gesien.

Hy het met *van* hulle gepraat.

In ons wêreld kom ook *van* hierdie goggas voor.

Kapenaars woon in *van* die mooiste dele van die land.

“ . . . waarin ons eie beste kragte teen *van* die beste van die res van die wêreld ingespan word . . . ” (*Die Burger*, 16/1/1971)

Hier kom dus ook soms twee voorsetsels onmiddellik langs mekaar voor (met *van*, in *van*, teen *van*) soos ander wat ons in §4.1.7 behandel het.

4.3.2 *Vorsetsels met grammatiese semantiese waarde*

Ons het reeds gesê: hier gaan dit om voorsetsels wat met die **voorafgaande** woord saamhang in die sin dat dit 'n min of meer vaste supplement daarby vorm en saam daarmee 'n soort eenheidsbetekenis het, van die tipe wat ons reeds leer ken het by die voorsetselwerkwoorde, soos:

Die dogter *dweep met* die pop sanger.

Sy *vertrou op* haar vader om haar te help.

Ek *hou van* seekos.

Nou is dit opvallend dat daar maar min voorsetsels is wat só optree al is daar betreklik baie woorde en konstruksies wat sulke voorsetselsupplemente het; dit is maar altyd net een van die klein getal voorsetsels wat betrokke is. Voordat ons verder voorbeelde gee, moet ons kyk na die ander soorte woorde en groepe wat met voorsetsels bind.

4.3.2.1 *Werkwoorde met voorsetselsupplemente* (Sien ook §7.6.2.1)

Ons het hierdie tipe al verskeie kere aangehaal, dus is verdere beskrywing nie nodig nie, behalwe om te herhaal dat hierdie voorsetsel 'n vaste aanvulling by die werkwoord is in **daardie betekenis** en ons dit daarom 'n **supplement** noem. Want met die voorsetsel is die sin (= gedagte) nog nie voltooi nie; die voorsetselvoorwerp dien as **komplement** waardeur die sin voltooi **kan** word. Ons moet ook van die volgende kennis neem:

Daar is werkwoorde wat altyd slegs met die voorsetsel kan voorkom, en dan net die één voorsetsel. Van dié soort is *dweep* 'n voorbeeld: dit is 'n betreklik klein groep:

dweep met, grens aan, smag na . . .

maar kom meer voor by wederkerende werkwoorde soos

jou bekommer oor, jou verknies oor, jou verlustig in, jou ontferm oor . . .

Daar is ook taamlik baie werkwoorde wat soms met en soms sonder voorsetselsupplement gebruik word. In enkele gevalle is daar heeltemal géén verskil tussen die twee gebruike nie:

Hy *vra* hulp. ≠ Hy *vra om* hulp.

Soms het die werkwoord in albei gevalle dieselfde betekenis maar daar is 'n verskil in **aard** tussen die voorsetselvoorwerp en die komplement in die ander geval; die twee kan nie omgeruil word nie:

Die seun *roep* sy sussie.

Die seun *roep om* hulp.

Die Bosvelder *aard* nie by die see nie.

Die seun *aard na* sy vader.

Maar meestal tree daar 'n wesenlike verskil in betekenis in by die

werkwoord self na gelang daarvan of dit met of sonder voorsetselsupplement is:

Hy *reken* hoeveel dit hom sal kos.

Hy *reken op* ons hulp.

Die koringlande *strek* oor die bult/van die draad af/tot daar.

Dié optrede *strek* hom tot eer.

Let op hoe die betekenis van *steun* omkeer met die optrede van die voorsetsel:

Jan *steun* sy hoof in sy optrede.

Die hoof *steun op* Jan.

'n Klompie werkwoorde bind met meer as een voorsetsel, soms met dieselfde betekenis maar meestal met verskil in betekenis:

Ek *glo* nie aan spoke nie.

Ek *glo in* die goedheid van mense.

Hy *kla oor* die slegte kos.

Hy *kla van* sy hart.

Die fiets *behoort aan* my.

Die tier *behoort tot* die katfamilie.

Dié stoel *behoort by* die eetkamermeubels.

Baie van die voorsetselwerkwoorde het ook nog 'n direkte voorwerp nodig; gewoonlik is daar volkome vryheid mee:

Ons *ontleen* die woord *aan* Duits.

'n Mens probeer jou kinders *teen* die kwaad *beskerm*.

Hulle *beskuldig* die klerk *van* diefstal.

Hulle *vervaardig* die stowwe *uit* nuwe produkte van petrol.

'n Ruim getal selfstandige naamwoorde het reeds elkeen die voorwerp van net één werkwoord geword (hoewel die werkwoord nog meestal ander s.nwe. as voorwerpe kan neem) en dié groep bind soms met 'n vaste voorsetsel in 'n sin soos:

Hy *skep behae in* die pyn van ander.

Ander groepe is: verslag doen van, 'n eis instel teen, weerstand bied teen, belasting hef op, beswaar maak teen, 'n beroep doen op, rekening hou met, reklame maak vir . . .

Die volgende is voorbeelde van sulke voorsetselwerkwoorde sonder om hulle in groepe in te deel:

dink aan, twyfel aan, soek na, verander in/tot/na, luister na, bestaan uit, sorg vir, grens aan, aanpas by, ruik na, treur oor, afreken met, waak oor, afhang van, toegee aan, ly aan, aansluit by, dui op, dit gaan om, bid om, sweer by, spot met, dien tot . . .

4.3.2.2 Byvoeglike naamwoorde met voorsetselsupplemente

Toe ons oor byvoeglike naamwoorde wat as predikatief optree, gepraat het, het ons voorbeelde gehanteer waar die sin by die byvoeglike naamwoord eindig. Dit is nie altyd so nie; baie dikwels het sulke predikatiewe b.nwe. 'n voorsetselsupplement wat dan weer 'n naamwoordkomplement vereis:

Iets soos: **“Sy is onbewus.”* kan nie; dit moet iets word soos:

Sy is onbewus van die gevaar.

Ook in die gebruik by die byvoeglike naamwoorde is dit nie moontlik om 'n betekenis by die voorsetsels te identifiseer nie en dien die voorsetsel eintlik net as sintaktiese skakel. Daar is baie sulke byvoeglike naamwoorde met voorsetselsupplement, waarvan die volgende voorbeelde is:

strydig met, aangetrokke tot, afkomstig van/uit, aferig van, belas met, bestand teen, gehag aan, gemoeid met, geneig tot, gesteld op, onderworpe aan, ontdaan van, ontvanklik vir, opgewasse teen/vir, opgetoë oor, ingenome met, verbonde aan, verstoke van, vertrouwd met, vervreem van, bedug vir, bedag op, behep met, belus op, bereid tot, gekant teen, gereed vir, onderhewig aan, verdold op, verknog aan, versot op, gedagtig aan, gek na, lief vir, hatig op, jaloers op, klaar met, kwaad vir, ryk aan, sat vir, tevrede met, trots op, verslaaf aan . . .

4.3.2.3 Groter groepe met vaste voorsetsels

'n Baie groot deel van die “idioom” van die taal, ook van Afrikaans, hang met die voorsetsel saam. Daar is baie konstruksies wat op 'n verskeidenheid van maniere gebou is en uit woorde van allerlei soort bestaan maar wat 'n vaste betekenis en gebruik het, en dié betekenis hou nie altyd duidelik verband met die betekenis van die woorde waaruit die konstruksie opgebou is nie. Om hulle te gaan groepeer gaan waarskynlik nie groter helderheid gee nie, en om hulle almal op te noem, is 'n onbegonne taak. Omdat 'n voorsetsel met moeilik identifiseerbare betekenis, of met glad geen betekenis nie, deel van sommige vorm en dus hier genoem behoort te word, gee ons 'n paar voorbeelde:

aan die brand slaan, op die vlug slaan, in die pad val, aanspraak maak op, staat maak op, in hegtenis neem, in kennis stel, jou ophou met, jou toelê op, peil trek op, te velde trek teen, akkoord gaan met, tot die bedelstaf geraak, van die skrik bekom, uit eie beweging, om die dood nie, 'n stryd op lewe en dood, aan die kaak stel . . .

4.4 Die voorsetsel is 'n geslote woordsoort

Daar is verskeie woordvorme wat ons as voorsetsels ken maar wat as homonieme ook in ander funksies voorkom, soos *deur* in:

Hy kruip *deur* die draad. — voorsetsel

Hy reis die wêreld *deur*. — bywoord

Hy maak die *deur* toe. — selfstandige naamwoord

Maar oor die algemeen word geen woord uit 'n ander woordsoort as 'n voorsetsel gebruik nie. Daarom kan ons die voorsetsel as een van die geslote woordsoorte beskou omdat sy woordvoorraad nie aangevul word nie. En daarom kan ons 'n lys maak van die voorsetsels wat in Afrikaans voorkom. Na die volgende redelik volledige lys volg enkele aantekeninge by sekere voorsetsels en ander woorde wat om die een of ander rede met die voorsetsel 'n skakeling het.

aan	deur	naasaan	sedert
aangaande	deuskant/duskant	naby	sinds
agter	diékant	namens	sonder
agteraan	digteby	neffens	te
anderkant	dwarsdeur	nieteenstaande	teen
as	dwarsoor	nopens	teenaan
behoudens	gesien	om	teenoor
benede	gedurende	omtrent	tot
benewens	hangende	ondanks	trots
benoorde	in	onder	tussen
besuide	inbegrepe	onderaan	tydens
betreffende	ingeslote	onderdeur	uit
binne	ingevolge	onderkant	van
binnekant	insake	ongeag	vanaf (sub-
blykens	jeens	oor	standaard)
bo	kragtens	ooreenkomstig	vanuit
bo-aan	langs	oorkant	vanweë
bokant	langsaaan	op	verby
bo-oor	luidens	per	vir
bo-op	met	rakende	volgens
buite	min (8 min 6 is 2)	regoor	voor
buitekant	na	regdeur	vooraan
by	naas	rondom	weens
danksy			

4.5 Aantekeninge:

Aangaande word soms na die naamwoord gebruik soos:

My *aangaande*, ek het hom reeds as vriend afgeskryf.

Anderkant is oorspronklik s.nw.:

Hulle woon aan die *ander kant* van die rivier.

≠ Hulle woon *anderkant* die rivier.

en: Hulle trek na die *ander kant* toe.

≠ Hulle trek *anderkant* toe.

Dit geld vir alle voorsetsels met *-kant*.

As is 'n voegwoord in:

Ek is groter *as* hy.

en in: *As* hy wil, kan hy.

maar voorsetstel in:

Ek respekteer hom *as* my hoof.

en in: Ek het hom *as* vriend gewaarsku.

Binne met *tydsbetekenis* is 'n voorsetstel:

Ons verwag hom *binne* 'n week terug.

maar met *rigtingbetekenis* altyd 'n bywoord (veral gebruik waar die sintaksis nie vir *in* . . . *in* plek laat nie:

Kom *binne*!

Met die plekbetekenis *binnekant* word dit (selde) as voorsetsel gebruik:

Die motor kan *binne* (*in*, *binnekant*) 'n klein ruimte draai.

Buite as voorsetsel is sinoniem met *buitekant*:

Hy woon *buite* die stad.

Woordeboeke noem *buite* = buiten, behalwe, wanneer dit eintlik 'n voegwoord is.

Gesien: “*Gesien* sy onervarenheid kan ons hom hierdie foutjie verskoon.”

Hangende is 'n b.n.w. in:

Die saak is nog *hangende*.

en word 'n voorsetsel in:

Hy is aangestel *hangende* die goedkeuring van die Direkteur.

In word, behalwe as bywoord, ook as werkwoord gebruik:

Dié kantoor *in* die belasting.

Insake as voorsetsel word vas geskryf; dit het waarskynlik as samekoppeling gegroei uit 'n sintagma soos:

— in sake van belang —

Jeens word dikwels verdring deur *teenoor*:

Sy vriendelikheid *jeens/teenoor* almal maak hom bemind.

Kragtens word net gebruik soos in:

— *Kragtens* die ('n) wet/regulasie/besluit —

Luidens: “*Luidens* die berig is groot streke onder water.”

Na word met rigtingbetekenis slegs onbeklemtoon gebruik, maar met tydsbetekenis dra dit altyd sterk klem: Vergelyk die twee betekenis van:

Ons het *na/ná* die vertoning teruggegaan.

Naas kan sinoniem gebruik word met *langs* of met *behalwe*.

Nopens in die betekenis *aangaande* is verouderd.

Om in sy bywoordelike gebruike het twee betekenis:

Ons ry Bloemfontein *om* Durban toe.

Hy ry die paaltjie *om*.

Dit word in streektaal ook as b.n.w. gebruik:

Hy is *om*(= omgekrap).

Omtrent is 'n voorsetsel in:

Hulle het navraag *omtrent* Piet gedoen.

In streektaal word dit ook as graadbywoord gebruik.

Piet is *omtrent* sterk. (= baie)

Sedert kan 'n voorsetsel of voegwoord wees:

Sedert sy intrek hier is ons vriende.

Sedert hy hier ingetrek het, is ons vriende.

Te is 'n graadbywoord in:

Hy is al *te* oud om nog te werk.

Daarbenewens kom dit as infinitiefsupplement voor in:

Hy is al te oud om nog *te* werk.
en in taalfossiele met betekenis *tot* in: *te* dien einde;
en met tydsbetekenis *op* in: *te* alle tye, *te* eniger tyd;
en in plekverband in: Die vergadering word *te* Kaapstad gehou.

Tot word baie dikwels voor tyd- en plekbywoorde gebruik:

tot hier, *tot* daar, *tot* môre, *tot* vanaand;
en ook voor voorsetselkonstruksies met tyd- of plekbetekenis in
bywoordelike funksie soos:

tot by die huis, *tot* voor die motorhawe . . .

tot by Kersfees, *tot* na Nuwejaar . . .

maar word in tydsbetekenis dikwels gevolg deur die s.n.w.:

tot Dinsdag, *tot* die aand . . .

In al dié gebruike is *tot* 'n voorsetsel.

Uit is in Afrikaans òf voorsetsel òf bywoord.

In die S.A. taalsituasie is dit goed om daarvan kennis te neem dat
“out” in Engels net 'n bywoord is in gewone gebruik.

In Afrikaans kan *uit* ook 'n ww. wees:

Sy *uit* 'n kreet.

Opmerkings:

Af: Die Afrikaanse woord *af* is nooit 'n voorsetsel nie; die Engelse woord
off wel soms, soos: He is now *off* duty. He comes *off* the farm. In
rigtingbetekenis word Engels *off* meestal met Afrikaans *van* . . . *af*
vertaal, en dikwels in ander gebruike ook.

Rond: Die Afrikaanse *rond* is 'n b.n.w. ('n ronde bal) of bywoord (hy loop
rond), nooit 'n voorsetsel nie. Die Engels *round* is ook voorsetsel: He
comes *round* the corner.

Ter, ten:

In die sinchroniese taalbeskrywing word *ter* en *ten* voorsetsels
genoem.

Histories is hulle sametrekings (met elisie) van die voorsetsel *te* met
die Nederlandse lidwoordvorme (in die datief) *der* en *den*, só: *te* + *der*
> *ter* en *te* + *den* > *ten*.

In 'Afrikaans kom hulle in sekere geykte uitdrukkings (wat soms
taalfossiele genoem word) voor, en is in 'n mate produktief:

Ter inligting, — sake, — wille van, — nouer nood en

Ten dele, — besluite, — gevolge van . . .

Ook die voorsetsel *te* kom nog in taalfossiele voor soos

Te geleger tyd, *te* dien einde . . .

net soos baie ander voorsetsels ook in vaste uitdrukkings voorkom:

Met dien verstande, *in* der minne skik . . .

Die probleem is: *te*, *met*, *in* . . . soos hierbo gebruik, sowel as in hulle
produktiewe gebruik, val in die voorsetselparadigma, wat beteken
dat hulle gevolg word deur 'n s.n.w. **met sy lidwoordkomplement** en/of
byvoeglike naamwoorde. Die vorme *ter* en *ten* word nooit deur 'n

woord uit die lidwoordparadigma gevolg nie; daar is immers reeds 'n lidwoord in sy vorm opgeneem! Daarom val hulle nie onder die voorsetsels nie, in elk geval nie sonder meer nie.

Soos *nes, dis* (vir *net soos* en *dit is*) en *daar's*. . . is *ter* en *ten* nie enkele woorde nie, maar sametrekkinge van twee woorde en hulle moet só ontleed word, of bloot as funksielose komponente in groepe met konvensionele betekenis gehanteer word.

DIE SINTAKSIS VAN DIE VOEGWOORD

In §2.11 en in §3.1 het ons gesien dat voegwoorde in die samehang tussen sinne gebruik word. Ons sal sien dat hulle nie nèt met die verhouding tussen sinne te doen het nie; ook dat hulle nie vir dié verhoudings noodsaaklik is nie. In die genoemde paragrawe het ons ook na die verskil tussen die voegwoord enersyds en die bywoord en die voorsetsel andersyds gekyk. Laat ons eers sekere kenmerke van die voegwoord afsonderlik stel; in die daaropvolgende §§5.1 en 5.2 bekyk ons dan die sintaksis van die twee soorte voegwoorde.

- A Ons het reeds (in §2.11) daarop gewys dat die verband wat daar tussen samehangende gedagtes bestaan, gewoonlik ewe duidelik spreek uit die feit dat dié gedagtes in dieselfde konteks gestel word, soms versterk deur intonasie (in die gesproke taal) of deur leestekens (in die geskrewe taal), sowel as deur die gebruik van sekere bywoorde of ander emosioneel gelaaide woorde:

Ons het hom op die ploegland verwag. Hy was egter op die dorp.
Dit het mos te veel gereent.

Hy is baie sterk. Almal is vir hom bang.

Jy, het my so mooi gehelp; jy kan gerus vanaand 'n bietjie gaan flankeer.

- B Met behulp van voegwoorde kan die verband tussen die sinne (= gedagtes) in elke groep eksplisiet gestel word:

Ons het hom op die ploegland verwag, *maar* hy was op die dorp *want* dit het (mos) te veel gereent.

Hy is so sterk *dat* almal vir hom bang is.

Terwyl (omdat . . .) jy my so mooi gehelp het, kan jy gerus vanaand 'n bietjie gaan flankeer.

'n Interessante voorbeeld waar onafhanklike sinne telkens met voegwoorde begin en ook in ander opsigte 'n interessante voegwoordgebruik toon, kry ons in André P. Brink se *Die Klap van die Meul*, bl. 8:

“En soms sal jy die waardevolste reis van almal aflê, tussen mens en mens, intiem *en* stil *en* selde durend, *maar* altyd kosbaar. *En* gevaarlik. Vir jou méér, *omdat* jy seun is *en* nie meisie nie. *Want* hulle, meisies, het 'n wondbaarheid van buite, *dog* hulle leef so ánderkant alle wete gevestig in hulle werklike onaanraakbaarheid. *Maar* 'n seunskind met soveel bravade, soveel durf, sulke slim vingers *en* gladde antwoorde *en* vasgeperste lippe — watter wondbaarheid lê nie dááragter nie?” (My kursivering.)

- C Ons het ook reeds in §2.11.8(B4) (bl. 40) daarop gewys dat voorwerpsinne soms by die hoofsin sonder voegwoord ingelyf word en dan die onafhanklike woordorde het:

Hy het sy ma wysgemaak hy staan eerste in die klas.

≠ Hy het sy ma wysgemaak *dat* hy eerste in die klas staan.

Ek is spyt ek het so gou gepraat. ≠ Ek is spyt *dat* ek so gou gepraat het.

Die bekende verskynsel van 'n opnoemreeks waarby *en* of *of* nie oral gebruik word nie, sluit ook hierby aan:

Daar kan die vakansieganger stap, swem, ski *en/of* gholf speel.

Jy kan van Kaapstad na Durban per motor, skip *of* vliegtuig reis.

Die feit dat *en* of *of* wel eenmaal voorkom, maak dit duidelik dat die alternatiewe ook tussen *stap* en *swem* en *ski* lê en ook tussen *motor* en *skip*. By die voorgaande gevalle met *dat* is dit anders: eintlik het *dat* geen betekenis nie en dui op geen besondere betekenisverhouding tussen die betrokke klouse nie. Wanneer daar wel 'n besondere betekenisverhouding tussen die klouse uitgewys moet word, kan die inlywing nie sonder voegwoord (of ander sinsverbinder) plaasvind nie:

Hy het gaan skuil *omdat* dit hard begin reent het.

Hy het sy ma gewys *waar* hy die geld opgetel het.

Let op dat ons hier met ondergeskikte klouse te doen het; iets wat heeltemal verskil van die gebruik van onafhanklike sinne in dieselfde konteks (hierbo in A).

Maar voegwoorde is nie 'n heeltemal eenvormige woordsoort nie, net soos die meeste ander woordsoorte ook onderverdeel kan word. Ons het reeds gesien dat ons 'n groep voegwoorde het wat **ondergeskikte klouse** inlei en daarom **onderskikkende voegwoorde** genoem word, teenoor dié wat ons as **neweskikkende voegwoorde** ken. Maar neweskikkende voegwoorde lei nie net newegeskikte sinne/klouse in nie, maar dien ook as skakel tussen allerlei newegeskikte sinsdele, d.w.s. taaleenhede van alle ordes of groottes wat in dieselfde sin/klous by mekaar voorkom en dieselfde funksie verrig. Omdat die laasgenoemde groep, die neweskikkende voegwoorde, ook nie eensoortig is nie, moet ons ook daar 'n skeiding maak.

Maar voordat ons die soorte voegwoorde apart bekyk, stel ons eers twee belangrike algemene kenmerke:

Eerstens: waar 'n voegwoord gebruik word om (die inhoude van) sinne met mekaar in verband te bring, staan die voegwoord buite die sinspatroon; die voegwoord is nooit 'n sinsdeel of 'n deel van 'n sinsdeel nie. Dit staan in teenstelling tot die ander skakels tussen klouse: Wanneer 'n klous met 'n betreklike voornaamwoord begin, is dié vnw. 'n sinsdeel soos onderwerp of voorwerp of deel daarvan; 'n (konjunkte) bywoord is altyd 'n bepaling binne die klous, bv.:

Die man *wat* so optree, is 'n lafaard. (onderwerp)

Die meisietjie *wat* jy daar sien, gaan nog skool. (direkte voorwerp)

Die boer op *wie* se grond ons gaan jag, is skatryk. (besitter in die lidwoordparadigma by *grond* wat deel van die bywoordelike bepaling van plek is)

'n Mens kan in die rivier *waarlangs* hulle gaan kampeer het, bilharzia opdoen. (bywoord van plek)

Teenoor die voegwoorde soos:

Ek weet *dat* so iets nie sal help nie.

Hy rus *want* hy is moeg.

Tweedens: in sinne/klouse met voegwoorde móét die voegwoord altyd heel eerste in die sin/klous staan en kan nooit later in die sin/klous geplaas word nie, behalwe in dié betreklik seldsame gevalle waar twee voegwoorde langs mekaar aan die begin van dieselfde klous voorkom.

Probeer die kursiewe voegwoorde elders in die sin plaas:

Hy is reeds oud/*maar* gaan onvermoeid met sy werk voort.

Sy moes later bly/*omdat* haar werk nog nie klaar was nie.

Sy pa is baie trots op hom *as* hy in sport presteer *en as* hy in sy skoolwerk uitblink.

Dit geld inderdaad ook grotendeels vir betreklike voornaamwoorde soos in die voorbeeldsinne hierbo, maar konjunkte bywoorde kom slegs aan die begin van die klous/sin as daar 'n groter klem op rus, soos dikwels die geval is, bv.:

Hy was die naweek plaas toe. *Daar* rus hy heerlik.

of: Hy rus daar heerlik./Hy rus heerlik daar.

5.1 Neweskikkende voegwoorde

Ons weet reeds dat neweskikkende voegwoorde as skakel tussen newegesikte taaleenhede dien. Dit is nie doenlik om oor hulle te praat as een groep nie, want één, naamlik *want*, kom net as skakel tussen sinne/klouse voor, terwyl sommige nie klouse skakel nie maar net ander taaleenhede, en enkele ander by sinne/klouse en by ander taaleenhede gebruik word. Daarom onderskei ons: ons kyk eers hoe hulle by klouse optree en dan hoe hulle by ander taaleenhede optree.

5.1.1 Neweskikkende voegwoorde wat klouse/sinne skakel

Dit is belangrik om hier te onthou dat een van die twee sinne/klouse, meestal die tweede, dikwels 'n elliptiese sin is, d.w.s. nie al die dele het wat van hom 'n volledige sin maak nie. Ons het mos twee gelykwaardige sinne onmiddellik langs mekaar, waarvan sommige dele dikwels ooreenstem, en so 'n herhaling kan baie hinderlik wees. Die ooreenstemmende dele word dan dikwels uitgelaat sonder dat daar enige misverstand ontstaan. Dit skep natuurlik soms die probleem dat ons moet besluit of ons met newegesikte klouse of slegs newegesikte taaleenhede van kleiner omvang te doen het. Dit is natuurlik van weinig belang: woorde, konstruksies, klouse en sinne is mos almal taaleenhede. In ons voorbeeldsinne gaan ons die ontbrekende dele tussen hakies aanvul vir voorlopige helderheid.

Nog 'n belangrike waarheid hierby, wat dikwels uit die oog verloor word, is dat neweskikkende voegwoorde nie net newegesikte **onafhanklike** sinne of klouse skakel nie, maar sommige dien ook as skakel tussen newegesikte **afhanklike** klouse, bv.:

Die familieledede het die vonnis met skok verneem, *maar* die beskuldigde het geen ooglid verroer nie. (Beide klouse het die normale

onafhanklike woordorde; hulle is beide hoofsinne.)

Sy vader het hom glad 'n plaas aangebied, *maar* selfs daarvoor wou hy sy plan nie laat vaar nie. (Albei hoofsinne: die eerste normale onafhanklike, die tweede omgekeerde onafhanklike woordorde.)

Die bestuurder het aangebied *dat* hy sy betrekking kan terugkry *maar* (*dat* hy) dan met verantwoordelikheid moet optree. (Drie klouse: eerste die hoofsin met normale woordorde; dan 'n voorwerpsin met afhanklike woordorde, dan die *maar*-klous ook met afhanklike woordorde omdat dit ook 'n voorwerpsin is.)

Hierin sien ons meteen ook die derde belangrike kenmerk van die neweskikkende voegwoorde, naamlik dat hulle **geen invloed** op die woordorde van die sin/klous uitoefen nie. Of 'n sin of klous die onafhanklike of die afhanklike woordorde het, word bepaal deur die status van die klous: of dit onafhanklik of ondergeskik is; as dit 'n onafhanklike sin/klous is, sal dit die normale of die omgekeerde woordorde hê na gelang daarvan of die spreker 'n besondere houding teenoor die inhoud van die sin het en daarvolgens deur voorplasing 'n sinsdeel beklemtoon wat gewoonlik later in die sin kom. Maar die gebruik van 'n neweskikkende voegwoord sal aan daardie woordorde nie verander nie, selfs al staan die voegwoord altyd heel eerste in die sin/klous (want hy staan eintlik daarbuite!).

Na gelang van die betekenisverhoudings tussen die sinne/klouse waarby hulle voorkom, verdeel ons die (klein getal) neweskikkende voegwoorde in die volgende:

- (a) dié met **gelykstellende** betekenis, nl. *en*, *asmede*:

Die son skyn heerlik *en* die voëltjies sing vrolik.

Die windjie is koud *en* (die windjie) waai deur 'n mens se klere.

Hulle sal die moontlikhede vir ontwikkeling ondersoek *asmede* die waarde van minerale reserwes peil. (Ongewoon en verouderd)

- (b) dié wat **alternatiewe** stel, nl. *of*:

Ons sal moet wag tot hy kom *of* (ons sal) sonder sy hulp moet klaarkom.

In 'n ander, moeilik identifiseerbare, betekenis kom *of* ook voor:

“Ja, daar't nie 'n dag omgegaan nie *of* oorlee Mamra het vir my gesê . . .” (Eitemal: Jaffie, bl.11)

Hy maak nie sy mond oop nie *of* hy lieg.

Kom hierdie gebruik net by oordrywings voor?

- (c) dié met **teenstellende** betekenis, nl. *maar*, *dog* (en ook *en*):

Die een groep bou op *maar* die ander breek af.

Hy werk al jarelank daar *dog* hy kry nie bevordering nie.

Let op dat *en* meestal in plaas van *maar* of *dog* gebruik kan word, soos ook in hierdie voorbeelde.

- (d) dié met **redegewende** betekenis, nl. *want*:

Hy sal nie help nie *want* hy beskou dit as onnodig.

Opmerkings:

Eintlik is daar maar net vyf neweskikkende voegwoorde wat newegesikte

klouse verbind: en, of, maar, dog, want.

In 'n sin soos: "Hy werk al jarelank daar; *tog* kry hy nie bevordering nie." is *tog* in betekenis (en vorm?) aan *dog* verwant, maar *tog* is ook hiër 'n bywoord. 'n Mens kan dit met die woordorde kontroleer.

Daar bestaan 'n ou "skoolopvatting" dat 'n "nuwe" sin nie met 'n voegwoord mag begin nie. Daarvoor is daar geen grond nie: baie sinne begin gewoon met 'n neweskikkende voegwoord soos ons André P. Brink-voorbeeld in §5 B (bl. 85) sowel as met 'n onderskikkende voegwoord soos ons in §5.2 sal sien.

Dit is een van die opvallende verskille tussen onderskikkende en neweskikkende voegwoorde: neweskikkendes móét noodwendig **tussen** die twee sinne/klouse wat dit verbind, staan; onderskikkendes kan met sy klous en al vóór die ander klous staan, dus heel aan die begin van die gehele sin:

Hy praat niks *omdat* hy vies is.

Omdat hy vies is, praat hy niks.

Maar net:

Hy praat niks *want* hy is vies.

Daar is nog 'n "skoolopvatting" wat sê: voor *want* en *maar* kom altyd 'n komma. Daarin steek baie waarheid; as ons net onthou dat dit nie 'n vereiste van *want* en *maar* is nie, maar bloot omdat dié twee voegwoorde dikwels "effeksinne" inlei wat deur 'n effekpouse voorafgegaan word. Kort sinnetjies waarin *want* of *maar* voorkom en 'n "doodgewone" rede of teenstelling inhou, het die komma nie altyd nodig nie.

Die volgende drie tipes sinne vereis aandag:

A Sy pa is baie trots op hom *as* hy in sport presteer *en* *as* hy in sy skoolwerk uitblink.

B Sy pa moedig hom sterk aan, *maar* *as* hy nie goed presteer nie, verwyf hy hom vreeslik.

C Sy pa moedig hom sterk aan, *maar* net *as* hy goed presteer.

In A het ons die twee voegwoorde *en* en *as* langs mekaar omdat *en* hier die twee voorwaardeklouse (wat albei met *as* begin) — dus newegesikhte ondergesikhte klouse — met mekaar verbind en gelykstel.

In B staan *maar* en *as* langs mekaar maar is nie in dieselfde klous nie. Die sin word só ontleed:

Sy pa moedig hom sterk aan — hoofsin

maar . . . verwyf hy hom vreeslik — newegesikhte hoofsin
(met omgekeerde woordorde omdat die voorwaardesin voorafgaan)

as hy nie goed presteer nie — bywoordelike bysin van voorwaarde.

In C ontbreek daar dele om hinderlike herhaling te vermy. Die sin lyk eintlik só: "Sy pa moedig hom sterk aan, maar (hy moedig hom) net (sterk aan) *as* hy goed presteer." Daarom is *maar* hier egter nie minder 'n neweskikkende voegwoord by twee newegesikhte klouse nie: die geïmpliseerde dele moet bygelees word.

5.1.2 Neweskikkende voegwoorde wat newegesikhte sinsdele skakel

Behalwe *want* skakel die genoemde neweskikkende voegwoorde almal ook

- newegesikhte sinsdele met dieselfde betekenisverhoudings as by klouse:
- en* Hy en sy suster is bedags in die skool. (*en* skakel hier onderwerpe.)
 Hulle hardloop om en deur die huis. (voorsetsels)
 Dáár kan jy swem en ski. (werkwoorde)
 Sy is jaloers en besitlik. (byvoeglike naamwoorde)
 Sy werk deeglik en aanhoudend. (bywoorde)
- asmede* Die man en vrou asmede hulle twee volwasse seuns word aangehou. (onderwerpe)
- maar* Hulle is arm maar ordentlik. (byvoeglike naamwoorde)
 Hy probeer maar slaag nie. (predikate)
 Hy werk vinnig maar slordig. (bywoorde)
- dog* Hulle kleertjies is armoedig dog netjies.
- of* Sy sal moet swem of verdrink.
 Hy woon nou in Pretoria of Johannesburg.

Die voegwoord *of* word in albei gebruike, by klouse en by newegesikhte sinsdele, soms ook vóór die eerste alternatief geplaas om só die teenstelling in die keuse te beklemtoon:

Ons moet *of* Jan *of* Piet vra om ons hiermee te help.

Of die minister open die skou, *of* ons kan dit as mislukking afskryf.

Albei woorde *of* is neweskikkende voegwoorde: die woordorde toon dit. Dit kom voor asof sterk beklemtoning ook die neweskikkende voegwoord na vóór in die sin kan skuif.

5.1.3

Die volgende woorde moet afsonderlik bekyk word:

(*nòg* . . .) *nòg*: Die woord *nog* is, wanneer dit net eenmaal in 'n sin voorkom, 'n bywoord, in alle betekenisse:

Hy het later *nog* 'n plaas gekoop.

Hy het *nog* nie opgedaag nie.

Hy is nie siek nie, *nog* is hy uitstendig. Waar kan hy wees?

In die laaste voorbeeld staan hy aan die begin van die klous en kan vir 'n voegwoord aangesien word. Die omgekeerde woordorde toon egter dat dit hier 'n konjunkte bywoord is.

Wanneer *nog* verdubbel word: "Hy is *nòg* vis *nòg* vlees." kry die tweede *nog* die kenmerke van 'n voegwoord: dit kry die betekenis *en* by sy gewone betekenis van *ook nie*.

Die verdubbelde beklemtoonde *nog* kan ook newegesikhte konstruksies skakel: "Die regering kan *nòg* inflasie aan bande lê *nòg* die afkoeling in die ekonomie keer."

As ons net een *nog* gebruik, verander die struktuur van die tweede deel van die sin ná *nog* sodat die woordorde dit weer eens as bywoord uitwys:

"Die regering kan nie inflasie aan bande lê nie, *nog* kan/mag hy ekonomiese groei demp."

Waarskynlik het ons by *nog* met 'n gespesialiseerde bywoordgebruik te doen.

as: Hierdie woord word as s.nw. met betekenis “verbrande hout” en “spil” gebruik, en ook as onderskikkende voegwoord; dit behandel ons elders. Hier gaan dit om ander gebruike:

In die volgende soort gebruik is dit baie duidelik ’n neweskikkende voegwoord wat newegeskikte sinsdele — woorde of konstruksies — skakel:

Daardie streek is sowel waterryk as vrugbaar.

Ek het sowel Jan as sy vrou daar raakgeloop.

Ons het sowel die vreugde van die bevoordeeldes aanskou as die ellende van die benadeeldes gesien.

’n Mens let op dat *as* só in samehang met die bywoord *sowel* gebruik word. In al dié gevalle kan *sowel* ook onmiddellik voor *as* staan:

Daardie streek is waterryk *sowel* as vrugbaar.

In minder vaste vorm kom *nie soseer nie* ook in samehang met *as* voor:

“En daarom is dit *nie soseer* ’n verhaal . . . *nie* as ’n betragting van haar kinderherinneringe.” (Elize Botha: *Afrikaanse Essayiste*, bl.123)

’n Soortgelyke versterking van die samehang tussen die twee newegeskikte sinsdele kry ons in die gebruik van *beide* . . . *en*:

Daardie plaas het beide volop water en goeie grond.

By die laaste (*beide* . . . *en*) kan die *beide* egter maklik sonder verdere uitwerking op die struktuur weggelaat word. As ons egter *sowel* weglaat, moet die *as* na *en* verander; as ons die *soseer* weglaat, moet die *as* na *maar* verander. Daar is dus goeie rede om hier van *sowel* . . . *as* en *nie soseer nie* . . . *as* as voegwoordkonstruksies te praat, want die geheel moet mos saam optree.

In samehang met die woorde *niks* en *anders* het *as* die waarde van “behalwe” gekry in gebruike soos:

A Na die storm was *niks as* verwoesting oor *nie*.

B Op daardie eensame plekkie kan jy *niks anders* doen *as* lees *nie*.

C Sy doen daelank nou reeds *niks as* huil *nie*.

D Wat kan ek *anders* getuig *as* dat hy altyd vir my goed was?

In sinne A, B en C dien *as* as skakel tussen die voornaamwoord *niks* aan die een kant en die naamwoorde “verwoesting”, “lees” en “huil” aan die ander kant (waar *lees* en *huil* infinitiewe en dus naamwoorde is, sien §7.7.1). In D dien *as* as skakel tussen die direkte voorwerp *anders* voor hom en die voorwerpsin “dat hy altyd vir my goed was” na hom.

In hierdie gevalle is *as* dus ’n neweskikkende voegwoord.

behalwe: Hierdie woord het twee nagenoeg teenoorgestelde betekenisse en gebruike wat ons afsonderlik moet bekijk:

Eerstens: *behalwe* het die waarde van *maar nie* . . . *nie*; het dan die sinonieme *buiten*, soms ook *uitgesonder(d)* en selde ook *uitgenome*, en staan dan gewoonlik tussen die twee sinsdele wat daardeur geskakel word:

Almal *behalwe* sy het betyds opgedaag. (onderwerpe)

Hy het almal *behalwe* haar ’n tweede kans gegee. (belanghebbende voorwerpe)

Hy het al die boeke behalwe dié oor insekte saamgebring. (direkte voorwerpe)

Hulle bekommer hulle oor almal behalwe (oor) my. (voorzetselvoorwerpe)

Ek voel vandag weer alles behalwe fluks. (predikatiewe; die AWS wil dit *allesbehalwe* skryf.)

Daar lê orals papiere behalwe in die mandjie. (byw. bepalinge)

Ek sal enigiets vir jou doen behalwe vis skoonmaak. (direkte voorwerp plus infinitief)

Dit is opvallend dat 'n persoonlike voornaamwoord (§13.1) ná *behalwe* en sy sinonieme in hierdie gebruik die vorm van die betrokke sinsdeel aanneem (*ek, jy, hy, sy* vir onderwerpe; *my, jou, hom, haar* vir voorwerpe en na voorsetsels), en nie soos na voorsetsels altyd die voorwerpsvorm nie.

In hierdie gebruike is *behalwe* dus 'n **neweskikkende voegwoord**, en ook wanneer dit vir beklemtoning voor in die sin kom:

Behalwe/buiten aan haar het hulle (aan) almal 'n tweede kans gegee.

Behalwe en *buiten* word ook as skakel tussen 'n hoofsin en 'n ondergeskikte klous met *dat* gebruik, waar die *dat*-klous ook as uitsluitel by die inhoud van die hoofsin gesien word:

Ons woon lekker hier *behalwe dat* die wind lastig is.

of: *Buiten dat* die wind lastig is, woon ons lekker hier.

In hierdie gebruik (by 'n *dat*-klous) kan die *behalwe/buiten dat* vervang word net deur *maar* met 'n klous in die onafhanklike vorm:

Ons woon lekker hier *maar* die wind is lastig.

Tweedens: *behalwe* het die waarde van *en ook* of *maar ook* in gebruike soos:

Behalwe advokaat is hy (ook) sakeman.

wat gelykstaan aan: "Hy is sakeman maar/en ook advokaat."

Nou het *behalwe* die sinonieme *naas, benewens* en ook *buiten*:

Buiten hier het hulle op baie ander plekke fabriek.

Naas sy vrou het hy net sy werk lief.

Hy doen baie navorsing benewens sy mediese arbeid.

Ons het hierbo vir *behalwe* in die twee betekenis verskeie "sinonieme" genoem, maar so eenvoudig is dit nie. Waarheid is dat ons *behalwe* en *buiten* taamlik sinoniem gebruik, maar dan is daar baie sinne waarin ons (sê maar) *behalwe* en *buiten* sal gebruik, maar nie bv. *benewens* of *naas* nie. Ons kry ook nie in alle gebruike 'n persoonlike voornaamwoord ná die onderhawige woorde nie, en weer in sommige gebruike geen ander woordsoorte as selfstandige naamwoorde nie. Om dus ondubbelsinnig vas te stel of ons met 'n voegwoord of 'n voorsetsel te doen het, is nie maklik nie. Maar op stuk van sake is dit ook nie nodig nie: benoeming van woordsoorte moet 'n doel dien, en hier sou dit geen doel dien nie. Die ontwikkeling van die taalgebruik moet maar uiteindelik helderheid bring.

Ten slotte oor *behalwe* en *buiten*: vergelyk die volgende twee sinnetjies:

A Behalwe appels kweek hy alle soorte sagtevrugte.

B Behalwe appels kweek hy ook ander sagtevrugte.

In A kweek hy nie appels nie; in B kweek hy wel appels. Dit illustreer die twee gebruike van *behalwe* en *buiten*: in A beteken dit *uitgesonderd, uitgenome*, en in B beteken dit *naas, benewens*.

In plaas van en pleks van: Hierdie twee uitdrukkings skep af en toe probleme omdat hulle met *van* eindig, wat ons as 'n voorsetsel ken, en dus lyk soos die voorsetselkonstruksies wat soos voorsetsels optree (§4.1.9). Hulle is sinoniem en het die betekenis *en nie nie*, en word in voegwoordelike funksie gebruik as skakel tussen newegeskikte sinsdele:

Hy het agter in plaas van voor die huis gewag. (voorsetsels)

Ons het moeg pleks van verfris teruggekeer. (byvoeglike nwe.)

En daar klim sy in plaas van hy van die trein af. (onderwerpe)

En sowaar, daar begin hy huil in plaas van sing! (werkwoorde)

Sy het die hele nag gehuil pleks van geslaap.

Neem liever daardie sak in plaas van die stuk plastiek.

“. . . dat die plaaslike kunskritiek beskermend pleks van konstruktief is” (Die Burger, 30/1/1975)

Daarom klink die volgende sin ongrammaties (waarskynlik ingegee omdat dit in 'n vertaling voorkom):

“Sy wens dit was liever Ben wat hier was in plaas van *my*, nes ek vandag gewens het dat Angie liever Raidy was.” (My kursivering)

Soos: Die onderskikkende voegwoord *soos* wat in vergelykings gebruik word, hanteer ons in §5.2.3 G: “Hy lyk soos sy pa.” Hier kan ons die ontbrekende deel bylees: “Hy lyk soos sy pa lyk.”

Maar ons het 'n gebruik van *soos* wat seker maar uit hierdie soort sin ontwikkel het, maar wat só gebruik word dat daarby geen ontbrekende dele wat weens herhaling weggelaat word, bygelees kan word nie:

'n Voorspeler *soos* Daantjie sal ons nie gou weer kry nie.

'n Woord *soos* “aai” is by min mense bekend.

Ek wil met 'n vent *soos* hy niks te doen hê nie.

Op grond van sy gebruik moet ons hierdie *soos* ook 'n neweskikkende voegwoord noem.

5.2 Onderskikkende voegwoorde

Ons het reeds aangetoon dat een sin by 'n ander *ingelyf* kan word sodat dit aan die ander een ondergeskik is in die sin dat dit van die ander een afhanklik is. Ons weet dat ons so 'n ingelyfde sin dan 'n *inlyfsin* of *inlyfklous* noem, en die een waarby dit ingelyf is, die *ontvangsin*. Dié ontvangsin is dikwels 'n *hoofsin*, maar kan ewe maklik op sy beurt reeds aan 'n ander ondergeskik wees. Ons het reeds in §2.11 na aspekte van sinsverband verwys en behandel dit later volledig. (§14.1)

In §2.11.2.4 en weer aan die begin van hierdie hoofstuk (5) het ons reeds daarop gewys dat dié inlywing sonder wysiging in die inlyfsin kan plaas-

vind, sodat die inlyfsin sy onafhanklike vorm behou:

“My motor wou vanmôre nie vat nie.”

kan ingelyf word by die sin: “Jan sê . . . (iets)” en word:

Jan sê sy motor wou vanmôre nie vat nie.

(Die wysiging *my* – *sy* is hier onbelangrik vir die sintaksis.) Hier is die ontvangsin en die inlyfsin in onafhanklike vorm.

5.2.1

In baie gevalle bestaan daar egter die behoefte aan ’n sintaktiese skakel; trouens, die getal gevalle waar die algemeen beskaafde taalvorm toelaat dat inlywing met die onafhanklike woordorde plaasvind, is maar baie beperk. Dan sal die sin ná inlywing só lyk:

Jan sê dat sy motor vanmôre nie wou vat nie.

Hier tree die onderskikkende voegwoord *dat* op en die inlyfsin kry die afhanklike woordorde met die onderwerp (*sy motor*) en die predikaat (*wou vat*) deur die ander sinsdele van mekaar geskei.

Dit is die kenmerk van die onderskikkende voegwoord *dat* dit die afhanklike woordorde teweegbring in die klous wat dit inlei omdat dit altyd ’n ondergeskikte klous is.

As die inlyfsin in sy onafhanklike vorm voor inlywing ’n sogenaamde inversievraag is, tree die onderskikkende voegwoord *of* by inlywing op:

Piet vra: “Het jou motor vanmôre gevat?” word

Piet vra *of* my motor vanmôre gevat het.

ook met die afhanklike woordorde.

Opmerking:

Dit is nie net onderskikkende voegwoorde wat klouse met die afhanklike woordorde inlei nie. Betreklike voornaamwoorde (§13.7) en die sogenaamde w-vraagwoorde (§2.9, bl. 31), wanneer laasgenoemde in “indirekte vrae”, dus ingelyfde klouse, voorkom, regeer ook die afhanklike woordorde:

(Die man het groot skade gely + sy huis het afgebrand) word:

Die man *wie se* huis afgebrand het, het groot skade gely. (betr. vnw.)

(Sy wil weet + Wie woon in daardie huis?) word:

Sy wil weet *wie* in daardie huis woon. (w-vraag)

(Ek kan nie verstaan nie + Waarom moet ek so swaar kry?) word:

Ek kan nie verstaan *waarom* ek so swaar moet kry nie. (indirekte vraag)

Let op dat die omgekeerde woordorde in die direkte vraag verander na die afhanklike woordorde in die indirekte vraag. Maar hier behandel ons nie verder die betreklike voornaamwoord en die w-vraagwoorde nie; ons kyk net na die onderskikkende voegwoorde.

5.2.2

Dit val ’n mens op dat *dat* en *of* geen bepaalde semantiese waarde het nie, slegs dat *dat* by stelsinne en *of* by indirekte vrae gebruik word.

Waar sekere semantiese verhoudings wel aangedui moet word, is daar dikwels 'n voegwoord wat uit 'n voorsetsel plus voegwoord *dat* gebou is:

Nadat die gebou klaar was, het hulle eers die fout ontdek.

Sy sing *omdat* sy daarvan hou.

Ek help jou nie *voordat* jy nie eers self geprobeer het nie.

Totdat hy sy fout agterkom, sal hy so voortgaan.

Hy werk naweke baie vir dubbelbetaling, *sodat* sy inkomste hoog is.

Hy ploeg die land betyds *sodat* dit gereed kan wees.

Hy probeer regverdig optree *opdat* hy loon mag ontvang.

Hy is erg van stryk gebring *deurdat* die skeidsregter die reëls anders vertolk het.

Metdat hy die skoot aftrek, hardloop die hond voor hom in.

Ek het hom nie gesien *vandat* hy terugkeer het nie.

Hy mor *oordat* hy nie sy sin kan kry nie.

In plaas van die vol vorme *nadat*, *omdat*, *oordat*, *totdat*, *vandat* en *voordat* word die vorme *na*, *om*, *oor*, *tot*, *van* en *voor* soms as voegwoorde gebruik. Die feit dat sommige van hulle die leser effens skeef laat opkyk, dui daarop dat hulle nie as Standaardafrikaans beskou word nie; om dié rede sal die skool miskien liever behoudend wees en die vorme met *-dat* verkies. Die substandaardvorme word nogtans soms deur fyn taalkenners gebruik omdat hulle juis deur dié gebruik 'n sekere effek nastreef:

"... hy't ... sy koers gevat ... , *tot* hy later yl

... die vlakte uit sien strek het;" (N.P. v.W. Louw, *Raka* 1941, 22)

"... , maar lag-lag trug

gekyk *oor* hy so snaaks was;" (a.w. 8)

"en die wind treur altyd

om hy alleen is." (E.N. Marais: *Die Townenares*)

Ander voorbeelde:

Na die vakansie verby was, het hulle mekaar vergeet.

Hulle begin werk lank *voor* die son opkom.

Hy werk hier *van* hy uit Europa teruggekom het.

Daarnaas het enkele konstruksies met voorsetsel plus *dat* 'n voegwoordelike funksie hoewel nie tot een woord vergroei nie:

Hy word as skuldig beskou *sonder dat* hy 'n aandeel daarin gehad het.

Teen dat hy uitvind die ding is giftig, is dit te laat.

Na dat (= *namate*) hy vorder, groei sy selfvertroue.

5.2.3 Die voegwoord is 'n geslote woordklas

Soos die voorsetsel word ook die voorraad voegwoorde nie maklik aangevul nie; miskien 'n seldsame oorgang uit die bywoordvoorraad en genoemde voorsetsels. Daarom kan ons 'n lys van die voegwoorde maak. Om hulle volgens hulle semantiese waardes te groepeer help slegs die groepering, maar is van geen belang nie. In enkele gevalle is die voorkoms van sekere tydvoegwoorde tog bepalend vir die sintaksis; hulle determineer soms die gebruik van sekere predikaatvorme (sien by werkwoorde, §7.2.1).

A. Neutraal, bloot sintaktiese skakel, by

i. oorgedraagde stelling: *dat*

Hy vertel *dat* goeie nuus op pad is.

ii. indirekte vrae: *of*

Hy wil weet *of* sy pa al tuis is.

Let op: Beide *dat* en *of* het ook ander gebruike.

B. Tyd

i. in neutrale verhoudings: *wanneer, as*

Wanneer sy gevra word, sing sy tog nog.

Hy sal hartlik ontvang word *as* hy hier kom.

ii. in spesifieke verhoudings: *alvorens, onderwyl, terwyl, sedert, toe, nadat, voordat, totdat, metdat, vandat* (en *na, voor, tot, van*)

Jy moet goed dink *alvorens* (= *voordat*) jy besluit.

Ek het hom nog nie gesien *sedert* (= *vandat*) hy weggetrek het nie.

Hy sny die sleutel *onderwyl* (= *terwyl*) jy daarvoor wag.

Onderwyl is egter 'n bywoord in die betekenis *intussen*, en kry dan ná hom die omgekeerde woordorde:

Die een skelm trek my aandag af; *onderwyl* steel die ander my goed/die ander steel *onderwyl* my goed.

Let op die verskillende betekenis van die voegwoord *toe*, wat telkens die verhouding tussen die klouse verander (en ook telkens 'n sekere predikaatvorm vereis — §7.2):

Toe hy sy werk afgehandel het, het hy huis toe gegaan. (*toe* = *nadat*)

Toe ek by die land kom, het ek die verwoesting aanskou. (*toe* = *metdat*, op die oomblik *dat*)

Toe die verslag gunstig was, het hulle besluit om die projek aan te pak. (*toe* = *omdat*, vanweë die feit *dat*)

Toe hy die gemors opruim, het hy homself oor sy lompheid verwens. (*toe* = *terwyl*)

maar:

Toe hy in Johannesburg gewoon het, het hy nie geleentheid vir sport gehad nie. (*toe* = *terwyl*)

Daarnaas nog die bywoord: "Ek vra hom nog so mooi die guns *toe* skel hy my."

C. Plek, alleen met die neutrale *waar*:

Waar hy wegkruip(,) kan niemand hom vind nie.

D. Rede: *omdat* = *aangesien* = *terwyl* = *daar* = *waar* = *omrede* = *oor*

Terwyl jy my so mooi gehelp het, mag jy vanaand bioskoop toe gaan.

Waar almal op jou staatmaak, kan jy hulle nie in die steek laat nie.

E. Teenstelling: *terwyl, waar*

Sy dogter is fluks *terwyl* sy seun 'n luiaard is.

Waar die Boland talle berge het, is die Vrystaat grotendeels 'n gelykte.

F. Voorwaarde: *as, indien, mits, tensy, ingeval, bygeval*

Hy sal nie kan kom *as/indien* dit reent nie.

Ons kan dit onderneem *mits* almal saamwerk.

Ons kan dit nie onderneem nie(,) *tensy* almal saamwerk.

Ons kan dit onderneem *tensy* daar dwarstrekke is.

Ingeval/bygeval dit reent, sal ons dit afstel.

Die voegwoord *indien* word dikwels in 'n elliptiese sin gebruik:

Hy sal kom *indien moontlik*.

Die ander word nie só gebruik nie.

In 'n gebruik soos: *In geval* van reent . . . is dit geen voegwoord nie, maar 'n voorsetskonstruksie.

G. Vergelyking: *as, soos, dan, of*

Die een is groter *as* die ander.

Die dogter is so lank *soos* die seun.

Hy beïndruk my meer *as* voerspeler *dan* *as* vleuel.

"Kaalvoet loop is vir my so goed *of* ek loop op my elmboë."

In hierdie sinne moet ons die ontbrekende (herhalende) dele bylees.

H. Wyse: *soos, asof, of*

Sy loop *soos* 'n makou.

Hy werk *asof* hy alles in een dag wil klaarmaak.

Hy hardloop *of* (= *asof*) die duiwel agter hom is.

I. Gevolg: *dat, sodat*

Hy is so sterk *dat* almal vir hom bang is. (Die bysin bepaal hier *so*)

Hy is boewerig *sodat* almal hom verafsku.

J. Doel: *sodat, opdat*

Hy oefen gereeld *sodat* hy kan verbeter. (*Opdat* word in verhewe sin in ietwat verouderde taal gebruik; soms juis om 'n satiriese effek te kry.)

K. Toegewing: *hoewel = alhoewel = ofskoon*

Hoewel hy al oud is, kan hy nog baie verrig.

L. Verhouding: *hoe, namate, na gelang*

Ons vorder stadiger *na gelang* die pad geleidelik ruwer word.

Hoe verder hy vorder, des te (hoe) moeiliker word die werk.

Ook: Die werk word moeiliker *hoe* verder jy vorder.

Namate die wetenskap vorder(,) word dit moeiliker om daarmee tred te hou.

M. Ander: *na*

Na verneem word, het die ongeluk tydens oefeninge plaasgevind.

Opmerkings:

(a) 'n Aspek van die gebruik van voegwoorde wat ondersoek moet word is dié wat saamhang met die voorkoms van *hoe* ≠ *hoe dat* en *soos* ≠ *soos wat* in sinne soos:

A Hy het die taak aangepak *soos* ek hom gesê het.

B Hy het die taak aangepak *soos wat* ek hom gesê het.

C Hy gaan te werk *soos* 'n kenner.

D * Hy gaan te werk *soos wat* 'n kenner.

Is daar 'n verskil tussen A en B? Kan *wat* oral na *soos* voor 'n klous kom? Ons sien dit kan nie voorkom wanneer net 'n woord op *soos* volg nie (C en D). Kan die volgende sin (uit André P. Brink se *Die Klap van die Meul*, bl. 10) sonder die *wat* ook staan?

“Dis moeilik om te sê hoe hy gelyk het; want hy't nie eintlik gelyk nie: hy was sommer net daar. *Soos wat* 'n vadoek oor 'n wasbak se rand na heelparty jare sommer-net daar is.”

E “Ons het gesien *hoe* baie mense hulle geleenthede verspeel.”

Ek meen dié sin kan drie betekenisse hê: As *hoe* klem dra, sê dit dat ons uitvind op watter manier baie mense hulle geleenthede verspeel. As *baie* die klem kry en *hoe* nie, beteken dit dat ons sien *dat baie* mense hulle geleenthede verspeel. As *hoe baie* saam klem dra, sê dit dat ons gesien het hoeveel mense — en baie — hulle geleenthede verspeel. Dié dubbelsinnigheid word uitgeskakel deur:

F “Ons het gesien *hoe dat* baie mense hulle geleenthede verspeel.” en selfs:

“Ons sien in ons lewens *hoe* vol ongeregtheid *dat* dit is . . .”
(uit 'n preek)

Sonder *dat* is *hoe* òf 'n graadbywoord òf 'n wysebywoord; mèt *dat* is *hoe* nèt 'n wysebywoord. Daarom kan in bostaande aanhaling se eerste sin nie 'n *dat* kom nie, want daar is *hoe* 'n byvoeglike naamwoord:

“Dis moeilik om te sê *hoe* hy gelyk het; . . .”

Bostaande is geen volledige antwoord nie; daar steek heelwat meer in.

(b) Die indeling in 5.2.3 gee op verre na nie al die gebruike van die genoemde voegwoorde nie. Daar is baie ander gebruike van dieselfde voegwoorde, en miskien van ander.

(c) *dat, wat, laat (lat)*

As gevolg van die groot vormoreenkoms tussen sinne met verskillende verhoudings tussen die dele, moontlik aangehelp deur die klankoreenkoms tussen bestaande woorde, bestaan daar in ongeskoolde verkeer onsekerheid in die volgende soort geval:

A Dit was die dag (dat, wat, lat?) dit so erg gereent het.

B Dit was die dag (dat, wat, lat?) hy ons van vertel het.

C Dit was die eerste keer (dat, wat, lat?) ek so iets sien.

D Moenie (dat, laat?) ons laat kom nie.

Hierby moet ons onderskei:

(a) *Lat* is hier slegs 'n allomorf van die werkwoord *laat* in die betekenis *toelaat dat* of *veroorzaak dat*. Ons kry altyd na *laat* 'n infinitiefvorm van die werkwoord (waar dit as sodanig herkenbaar is!). Daarom dat *lat/laat* by die eerste drie sinne hierbo verkeerd is, maar die enigste regte vorm by D:

Moenie *laat* ons laat kom nie.

Dit is beter kenbaar in sinne waarvan die hoofwerkwoord 'n herkenbare infinitiefvorm in Afrikaans het, soos

Moenie *laat* ons later te min tyd *hê* nie.

Moenie *laat* ons met hom haastig *wees* nie.

waar *het* en *is* verkeerd is.

- (b) *Wat* is slegs (betreklike) voornaamwoord, wat dus 'n naamwoord as antesedent moet kry waar dit die eerste woord in 'n betreklike (byvoeglike) bysin is; dit kan nie 'n bywoordelike of naamwoordelike bysin inlei nie.

Dus

B Dit was die dag *wat* hy ons van vertel het,
maar liever nog:

B Dit was die dag *waarvan* hy ons vertel het.

- (c) *Dat* is 'n voegwoord met 'n suiwer skakelende funksie sonder enige semantiese waarde, en sal die regte voegwoord wees in sin C, waar *die eerste keer* 'n bywoordelike funksie het en deur die voegwoord *dat* in sintaktiese samehang met *ek so iets sien* gebring word, só:

C Dit was die eerste keer *dat* ek so iets sien.

wat eintlik beteken:

Ek sien so iets (vir) *die eerste keer*. (sien **gesplete sin**, §14.8.5)
maar die spreker wil *die eerste keer* beklemtoon en stel dit daarom voorop met die *dit was(is)*-konstruksie.

Daarom is dit 'n fout as Eitemal skryf:

“Dis toé *wat* hy sy besluit van verlede week by die garingkraal skoon vergeet het.” (*Jaffie*, bl. 19)

Korrek sou wees:

“Dis *tóe dat* hy . . .”

By sin A het ons 'n soortgelyke sintaktiese verwantskap, maar nou is die attributief (*eerste*) afwesig; die predisering is heeltemal anders. In sin C is “die keer toe ek dit gesien het” die onderwerp van bespreking, en “eerste” is die predisering, dit wat die spreker daarvan wou sê. Nou is “die dag” die onderwerp van bespreking en “dit het so erg gereent” is wat hy daarvan wil sê. Die “keer” en “ek het so iets gesien” staan neutraal langs mekaar en word met die neutrale *dat* verbind. Die “dag” en “dit het so erg gereent” is nie neutraal verbind nie; dit vereis 'n sterker tydsverband, daarom liever die bywoorde:

A “Dit was die dag *toe/waarop* dit so erg gereent het *dat* my vriend my besoek het.” teenoor:

“Dit was die dag *dat* (of *waarop*) dit so erg gereent het, *toe* my vriend my besoek het.”

Sê dié twee sinne heeltemal dieselfde?

DIE SINTAKSIS VAN DIE BYWOORD

Die bywoord het sulke uiteenlopende waardes en gebruike dat 'n definisie nie deug nie; daar is altyd omtrent so veel daarbuite as daarbinne. Daar is al gesê dat die enigste geldige definisie die bywoord klassifiseer as "'n woord wat nie onder een van die ander woordklasse val nie". Daar steek baie waarheid in, as dit net sou help!

Die basiese kenmerk van die bywoord is dat dit die drakrag van iets in die sin of van die hele sin wysig deur dit te beperk, te versterk of te vereng; dat dit altyd 'n **houding** of 'n **mening** van iemand, meestal van die spreker/skrywer, ten opsigte van iets gee, dikwels van die werkwoord, maar ook van nagenoeg elke ander soort taaleenheid, ingesluit die hele sin.

Ek meen dat die nugterste gedragslyn is om die uiteenlopendheid te aanvaar en daarmêe orde te probeer skep. Ons noem die hoofgroepe, en rangskik dan verder binne dié groepe.

A Bywoorde wat bepaal (adjunkte)

Hierdie groep beperk of wysig die omvang (= trefkrag) van die betekenis van 'n woord of konstruksie in 'n sin. Dit is dááran herkenbaar dat dit semanties verband hou met so 'n bepaalde woord:

Die seun **kan** *vinnig* **hardloop**.

Dié bome is *geweldig* **oud**.

Hulle verkies om *buite* te **speel**.

Soggens is die **luggie** **koud**.

Telkens dien die skuinsgedrukte bywoord om die betekenis of geldigheid van die swaargedrukte deel te beperk of te bepaal. So 'n bywoord, wat meestal 'n uitbreiding by die predikaat of 'n deel van die predikaat is, noem ons 'n **adjunk**.

B Bywoorde wat skakel (= verband lê) (konjunkte)

Hierdie soort bywoord verwys terug na 'n voorafgaande taaleenheid binne dieselfde konteks, dikwels dieselfde uiting — gewoonlik 'n sin waarvan die inhoud in verband gebring word met dit wat op die bywoord volg:

Die reën het geen teken van afname getoon nie. *Dus* het ons besluit om die tennis vir die middag te staak.

Die hulp van drie spesialiste is ingeroep. *Nogtans* kon die verlies van die vergruisde been nie verhoed word nie.

Die onderskeie owerhede is nog aan onderhandel oor die voorwaardes van oorgawe; *intussen* sterf duisende mense van ontbering.

In dié voorbeelde is die onderhawige bywoorde telkens aan die begin van die tweede gedagte geplaas. Hulle kan ook elders in die sin kom, soos by die eerste voorbeeld:

. . . . Ons het *dus* besluit

So 'n bywoord word 'n **konjunk** genoem vanweë sy verbindende of skakelende funksie.

C. Bywoorde wat van buite evalueer (disjunkte)

Hierdie bywoorde kan nie met 'n sekere woord of sinsdeel spesifiek geassosieer word nie; dit gee die spreker/skrywer se oordeel oor die hele gedagte wat hy stel:

(a) Die bestuurder het *vermoedelik* aan die slaap geraak.

(Hier sê die spreker dat hy *vermoed* dat die gedagte wat hy uitspreek so is, maar dat hy nie seker is nie.)

(b) *Natuurlik* sal ons ou vriend weer laat wees.

(Hier druk die spreker sy opvatting oor die vriend se stiptheid uit met behulp van die bywoord *natuurlik*).

(c) Hy is lief vir hengel; hy sal *desnoods* die hele nag op die rotse sit. (Nie sommer in ieder geval nie; net *as dit nodig is*).

Hierdie soort bywoord sal ons 'n **disjunk** noem omdat hy eintlik slegs via die houding van die taalgebruiker met sy taaluiting verband hou.

Opmerking:

Die terme **adjunk**, **konjunk** en **disjunk** word lank al in die grammatika gebruik, maar in 'n verskeidenheid van betekenisse wat ons nie hier gaan volg nie. In hierdie behandeling volg ek die gebruik soos by S. Greenbaum in sy "Studies in English Adverbial Usage" (1969), waar dié woorde in hulle oorspronklike betekenisse aangewend word (sien WAT), en wat ook die grondslag vir my behandeling gee:

adjunk — toegevoeg

konjunk — geskakel, skakelend

disjunk — geskei.

Vir (sommige van) die konjunkte en disjunkte is reeds dikwels die naam "sinsbywoorde" gebruik, wat inderdaad in 'n mate hulle aard aandui. Hulle verskil egter m.i. te veel onderling om onder dieselfde naam te bly.

Buiging

Die bywoord ondergaan in hoofsaak nie buiging nie. 'n Klein getal woorde word tog in sekere omstandighede met -e verbuig, en 'n baie beperkte getal woorde kry trappe van vergelyking. Ons wys hierop wanneer ons sulke gevalle teëkom.

Woorde en konstruksies met bywoordelike funksie

Ons het gesien dat sekere funksies in 'n sin ook deur taaleenhede van groter formaat as net woorde verrig kan word. Dit is opvallend dat die bywoordelike funksie baie dikwels deur groter eenhede verrig word, veral deur voorsetselkonstruksies. Hoewel ons in hierdie hoofstuk veral na die **bywoord** ondersoek instel, sal ons soms na **konstruksies** kyk wat hierby voorkom.

Morfologie

Insoverre as bywoorde morfemies gebou word, sal dit onder oë geneem

word in die hoofstuk oor die **Morfologie**. (§16)

Hier noem ons slegs dat daar ook baie bywoorde is wat sonder vormverandering uit ander woordklasse oorgekom het (transposisie):

- (a) uit die selfstandige naamwoord: *gister, môre* . . . (§9.3.2)
- (b) uit die voorsetsel: *in, deur* . . .
- (c) uit die byvoeglike naamwoord: *hard, mooi* . . . (§3.4, §6.1.3)
- (d) uit die voornaamwoord: *daar, toe* . . . (§13.1.4)

Maar 'n (betreklik klein) groep is simpleks-bywoorde en kan ook nie in ander funksies voorkom nie:

tog, gou, reeds, eers, êrens, dalk . . .

(Hierdie feit is van geen grammatiese belang nie — sulke gevalle kom in alle woordklasse voor — maar omdat hulle so min is, mag hulle bestaan 'n mens dalk ontgaan.)

6.1 Die bepalende bywoorde: adjunkte

Soos by die selfstandige naamwoord die geval is, het **semantiese** waardes by die bepalende bywoord dikwels 'n beslissende invloed ook op die sintagmatiese verhoudinge omdat die **versoenbaarheid** binne die sintagma daarvan afhang. Daarom onderskei ons sekere betekenisgroepe en ondersoek hulle gebruike daarvolgens.

6.1.1 Tydbywoorde (Bywoorde van tyd)

Die plekbywoorde (§6.1.2) en die tydbywoorde is van die mees gebruikte bepalings: hulle dien om uitinge in die ruimte en die tyd te lokaliseer in verhouding tot die spreker, wat altyd van die huidige oomblik uit praat. Ons sal sien dat dit 'n baie belangrike invloed op die keuse van predikaatvorme het (§7.2) omdat die semantiese kategorie **tyd** (§7.2.1) in die eerste plek beheers word deur tydbywoorde.

Die bywoorde gee natuurlik dikwels presiese tydaanduidings, maar omdat die invloed daarvan slegs strek tot die mate waarin dit die predikaatvorme determineer, rangskik ons hieronder voorbeelde op grond van hulle **kategoriale tydbetekenis**, nl. **teenwoordig**, **verlede** en **toekomend**, en daarnaas dié met **aspektuele betekenis**.

'n Klompie **konstruksies** word naas die **woorde** by die verskillende betekenisgroepe gerangskik, omdat hulle dieselfde funksies en sintaktiese invloede uitoefen, en ons later daarna verwys.

A. Teenwoordig

Ek **sukkel** *vandag* met die werk.

Dit **gaan** nie *nou* so vinnig soos gewoonlik nie.

Ander voorbeelde:

deesdae, teenswoordig, tans; vandag⁽¹⁾, vanaand, vanmiddag, vannag . . . (op die oomblik, op hierdie stadium . . .)

Opmerking:

(1) Dié groep woorde: *vandag, vanaand, vannag, vanmiddag, vandeeweek/-maand/-jaar, vanjaar* kan natuurlik in 'n sin in enige tyd voorkom na

gelang van die konteks:

Ek het vandag hard gewerk. (As dit nou aand is.)

Ek gaan vandag stad toe. (As dit nog oggend is.)

Ek rus vandag. (As ek aan die rus is.)

B. Verlede:

Hy **het** my *gister* van die nuwe reëling **vertel**.

Hy **was** *netnou*⁽¹⁾ nog hier.

Daar **was** *toentertyd* nie motors nie.

Vroeër⁽²⁾ **het** mense maar op boerate teen siektes **staatgemaak**.

Ons **het** die vertoning 'n week *gelede*⁽³⁾ **gesien**.

Toe ek hom *verlede week* **sien**, **was** hy nog siek.

Ander: indertyd, onlangs, eergister, eendag, flus(sies), vanmelewe,
. . . (verlede week/maand, 'n week (van-)tevore, nou die dag . . .)

Opmerkings:

(1) *Netnou, nou-nou, eendag* kan op die verlede of die toekoms slaan.

(2) Hierdie *vroeër* is nie die vergrotende trap van *vroeg* nie.

(3) *Gelede* word slegs met 'n maataanduiding daarvóór gebruik: 'n week gelede, lank gelede, twee jaar gelede . . .

C. Toekomende:

Hy **kom** *môre* van sy reis terug.

Sy **sal** seker *netnou*⁽¹⁾ van die skool af **kom**.

Ek **sal** jou *anderdag* **help**: ek is nou te besig.

Hulle **kies** *eersdaags* 'n nuwe Staatspresident.

Ander: binnekort, oormôre, eerlang/k, nou-nou⁽¹⁾, spoedig, weldra, voortaan, aanstons . . . (oor 'n week, binne 'n week, volgende week/jaar, die ander dag, die anderdagmôre/-aand, vir die huidige⁽²⁾, vroeër of later⁽³⁾).

Opmerkings:

(1) Sien opm. 1 by *verlede*.

(2) *Vir die huidige* slaan op die onmiddellike toekoms vir 'n onbepaalde tyd.

(3) *Vroeër of later* dui net op êrens in die toekoms.

Die voorgaande voorbeelde bring altyd die gebeure in 'n bepaalde tydsverhouding tot die tyd waarop gepraat word (= *nou*, sien §7.2.1), al kan sommige verskillende verhoudings aandui na gelang van die verband. Daar is egter baie tydbywoorde wat nie met die verhouding tussen **vertel-tyd** en **gebeurtyd** te doen het nie, maar wel slegs met die tydsverhouding tussen gebeure in die vertelling, wat ons as **aspektuele** (§7.2.2) verhoudings kan beskou. Hulle val hoofsaaklik in drie hoofgroepe:

(a) Die meeste dui op 'n **gewone** of **herhaalde** voorkoms:

Hy doen *altyd* sy werk noukeurig.

of: Hy het *altyd* sy werk noukeurig gedoen.

of: Ons verwag dat hy *altyd* sy werk noukeurig sal doen.

Hulle is ewe tuis in sinne in die verlede, teenwoordige of toekomstige tyd. Ander sulkes is:

baiekeer/-maal, bedags, daaglik, dikwels, deurgaans, gereeld, eenstryk, aanhoudend, jaarlik, maandelik, kort-kort, saans, smôrens, soggens, snags, telkens, herhaaldelik, selde, partykeer/-maal, soms, gedurig, almelewe . . . (by herhaling, af en toe, van tyd tot tyd . . .)

'n Besondere geval het ons in die bywoord *deur*, wat meestal 'n s.nw. as voorbepaling kry om 'n **durende** tydsbetekenis te gee:

Die fabriek werk *deur* sonder om ooit op te hou.

Die soektog het *die nag deur* voortgegaan.

Die mens streef *sy hele lewe deur*.

Hierby sluit *in* en *uit* by s.nw. met tydsbetekenis aan:

Hulle werk *dag in* en *dag uit*, *jaar in* en *jaar uit*.

(b) Ander het 'n waarde wat van die konteks afhanklik is, 'n **betreklike** waarde:

Hy ry *eers* winkel toe en gaan *dan* sy pos haal.

Hy was *eenuur* by my maar moet *twee-uur* weer begin werk.

Sy het *naderhand* moeg geword van alleen woon.

Ander is: eindelik, uiteindelik, vroeg+, laat+, nog, voorlopig, later, gaandeweg, douvoordag, mettertyd, betyds, aanvanklik, tydelik, vroegtydig . . .

Opmerking:

+ *Vroeg* en *laat* kry trappe van vergelyking soos byvoeglike naamwoorde — wat hulle inderdaad ook kan wees.

(c) 'n Derde groepie het 'n waarde wat ons **perfektief** kan noem. Die predikaat saam met hulle het die perfektvorm of 'n andersins perfektiewe of toestandsbetekenis (§7.1.2, §7.2.3):

Sy **het reeds** die goed gewas.

Die ou man **is lank(al)** dood.

Hy **het (tot) dusver** nog nie in sy doel **geslaag** nie.

Hulle **het voorheen** in Natal **gewoon**.

Ek **het hom (van)tevore (al)** daar **gesien**.

Toe ek daar kom, **het hy (so) pas vertrek**.

Ek **het hom (nou/toe) juis gestuur** om jou te gaan soek.

Sy **het (nou/toe) net** haar naaldwerk neergesit.

As jy nou ry, sal jy daar kom as hy **net klaar gewerk het**.

Ons moet onthou dat baie van die aangehaalde voorbeelde in verskeie tydsverhoudings voorkom, sodat enige gebruik in die praktyk getoets moet word.

Die volgende is verdere tydbywoorde van allerlei betekenis:

eenslag, eenmanier, eens (- en vir altyd), eensklaps, vaneffe, soewe, aldag, onmiddellik, dadelik, menigmaal, alewig . . .

Belangrik: 'n Heeltemal eiesoortige tydbywoord is *wanneer*, in oorsprong 'n voornaamwoord, wat bywoordelike funksie verrig as

W-vraagwoord:	<i>Wanneer</i> vind die opvoering plaas?
indirekte vraagwoord:	Ek wonder <i>wanneer</i> die opvoering plaasvind.
betreklike voornaamwoord:	Die dag <i>wanneer</i> hy terugkom, hou ons groot jolyt.
maar as voegwoord optree in:	Ek sal ophou werk <i>wanneer</i> ek te swak geword het.

6.1.2 *Plekbywoorde* (Bywoorde van plek)

Die plekbepalings het nie 'n ewe sterk invloed op ander sinsdele as die tydbywoorde nie, maar is vir die volgorde in die sin belangrik; hulle is in hulle verhouding tot ander soorte bywoorde betreklik plekvas in die sin. Daarom gee ons voorbeelde in sinne wat ook ander bywoorde bevat; die plekverhoudings in die sin kan dan daaruit afgelees word.

- A My pa is sedert gister weer *tuis*.
- B *Uitwendig* het hulle met hom niks verkeerd gevind nie.
- C Hulle het nog *nêrens* langer as 'n dag oorgebly nie.
- D Dié geweer skiet altyd effens *links* van die kol.
- E Dit is bitter koud *buite(kant)*.
- F *Binne(kant)* brand 'n gesellige vuurtjie.
- G Jy sal so iets nie *elders/oral(s)* sien nie.
- H Sy kinders woon *ver* van hom af.
- I Die vee wei somer *naby/digby/digteby*.
en: Die vee wei *na* aan die rivier.
- J 'n Mens moet tog *êrens* woon!

Ander voorbeelde: buitenshuis, binnenshuis, inwendig, regs, gunter, hot, haar, rakelings . . .

Bywoorde wat 'n **rigting-** of **roete-**betekenis het, word ook in hierdie groep geplaas:

- K Die motor wil al *vorentoe/agtertoe/vooruit/agteruit* loop.
- L Hy loop in die straat *af/op/langs*.

Die werklike getal bywoorde van plek en rigting is nie baie groot nie, maar ons kry geweldig baie woord**groepe**, veral voorsetselkonstruksies, wat met dieselfde sintaktiese kenmerke dieselfde funksie het. 'n Paar voorbeelde met plekbetekenis is:

- Hy sit elke dag *op dieselfde stoel*.
- Hy woon al lank *in daardie buurt*.
- Die snippermandjie staan altyd *onder die tafel*.

en met rigtingbetekenis:

- Hy hardloop *in die huis in*.
- Sy klim *uit die motor uit*.
- Hy spring *van die kis af*.
- Hulle ry *teen die heuwel op*.

Dit val op dat daar in konstruksies met rigtingbetekenis — waar daar dus van beweging sprake is — meestal 'n dubbele bywoordelike bepaling is

wat dikwels as 'n eenheid optree. Dié verskynsel verg besondere aandag (vgl. ook §2.11, opm. bl. 34).

Vergelyk die twee sinne:

A Hy loop *op* die plank.

B Hy loop die straat *op*.

Daar is 'n duidelike verskil in betekenis tussen die twee woorde *op*:

In A beteken *op* "aan die bokant van en in aanraking met" en is klaarblyklik 'n voorsetsel; in B beteken *op* "na boontoe" en is onafhanklik van die selfstandige naamwoord voor hom; trouens, *die straat* is hier 'n bepaling by *op* waarvan dit die trefwydte beperk: *op* is hier 'n bywoord.

Verder:

C Hy loop *deur* die kamer.

D Hy loop die seun *deur*.

E Hy soek die laai *deur*.

In C is *deur* gewoonweg voorsetsel met die betekenis "een kant in en die ander kant uit"; in D het *deurloop* die vaste betekenis van "pak gee" en *deur* is hier 'n supplement by die werkwoord *loop* om daarvan 'n meerledige predikaat (§2.5, bl. 17) te maak; in E is *deur* 'n bywoord met die betekenis "van kant tot kant, deeglik" — in so 'n mate dat die kompleks *deursoek* reeds ontwikkel het: "Hulle *deursoek* die huis vir dwelmmiddels."

Verder:

F Hulle hardloop *op* die veld.

G Hulle hardloop *op* die veld *op*.

H Hulle hardloop *op* die veld *rond*.

In F het *op die veld* plekbetekenis: "binne die grense van die veld"; in G het *op die veld* dieselfde plekbetekenis, maar die laaste *op* sê dat hulle nou nie net binne die grense van die veld hardloop nie, maar dat hulle van buite af tot op die veld hardloop: die bywoord *op* aan die end van die sin verander die plekbetekenis in 'n rigting- of koers-betekenis. In die H-sin is *rond* ook 'n bywoord met die betekenis "versprei".

In die G- en die H-sin het ons nou twee bywoordelike bepalinge: telkens is *op die veld* een, aangevul deur onderskeidelik *op* en *rond*.

Ons lei af: die woord wat "agter" geplaas staan, gewoonlik aan die end van die sin of klous, is 'n bywoord wat 'n rigting-, koers- of afstandsbetekenis tot die inhoud van die klous toevoeg; dit is soms bloot 'n bykomende inhoud, maar het ook soms 'n bywoordelike bepaling as voorbepaling nodig. Dit val op dat ons in die "agter"-posisie enkele woorde kry wat altyd net bywoorde is, maar ook 'n aantal bywoorde met voorsetsel-homonieme.

Hy stap *in die straat af*.

Hy spring *van die kis af*.

Hy kom *van die Transvaal af*.

(Verskil dit van: Hy kom van die Transvaal.?)

Hy spring *van die tafel af op die stoel*.

Hy gaan *na die winkel toe*.

Hulle loop *in/op die veld rond*.

Hy loop *by* (voor, langs, agter, bokant . . .) die kerk **verby**.

Ook: Hy loop *agter sy baas* **aan**. (waar *agter sy baas* bepaling by **aan** is)

Ons dra nog hout *na die vuur* **toe aan**.

Hulle bou nog 'n groot stuk *by/aan die skool* **aan**.

Hy hardloop *voor die motor* **uit**. (let op die betekenis van *uit* hier)

Hy klim *deur die venster* **uit**.

Hy gooi die hoed *by die venster* **uit**.

Hy klim (*teen*) *die bult* **uit**.

Hy spring *uit die motor* **uit**.

Hy kom *uit die reent* **uit in**.

Hulle loop *met die rivier* **langs**.

Hulle soek *langs die lyndraad* **op**.

Hulle trek *met die rivier* **op**.

In 'n beperkte reeks gevalle het ons gebruike waarby daar alternatiewe vorme van die konstruksies is: in die een geval is die voorsetsel en soms ook die lidwoord voor die selfstandige naamwoord weggelaat:

Hy gaan vanmiddag *na die plaas* **toe**. ≠ Hy gaan vanmiddag *plaas* **toe**.

Hy reis *kus langs* as hy *Mosselbaai* **toe** gaan.

Ons gaan *Klapmuts om Stellenbosch* **toe**.

Hulle ry *Langkloof deur* soheentoe.

Sy loop *straat op/af*. Hy hardloop *die straat* **af/op**.

Hulle loop *die een saal in* en *die ander saal* **uit** sonder om te kry wat hulle soek.

Dit blyk dat die voorsetsel en die lidwoord wegval òf as die genoemde plek die vanselfsprekende is, òf wanneer dit 'n wye veralgemening is:

“plaas toe” beteken net na óns plaas toe, nie enige ander plaas nie;

“kus langs” beteken die logiese onderhawige kus. Andersins word 'n eienaam gebruik wat ook ondubbelsinnig net één moontlikheid bied.

“Straat op” beteken òf die straat onder bespreking of dui op 'n gewoonte; “die straat op” beteken die genoemde straat.

So gou soos daar 'n bepalende woord bykom, moet die voorgaande voorsetsel en lidwoord (of woord uit die lidwoordparadigma) optree:

* Hy reis mooi kus langs.

kan nie; dan moet dit wees: “Hy reis *met die mooi kus* langs.”

Die bywoorde *tegemeet* en *binne* staan egter agterna sonder enige voorgaande voorsetsel, met of sonder bepalende woorde:

Die studente skuifel *die kamer binne*.

Hy loop *sy vriend tegemoet*.

Opmerking:

A Waar 'n voorsetselkonstruksie met *uit* as eerste bywoordelike bepaling optree, volg daar altyd die bywoord *uit*, want die voorsetsel *uit* het altyd “beweging” in sy betekenis:

* Hy kom uit die huis.

Die “beweginglose” korreleat van *uit* is *buite* en *buitekant*:

Hy sit *buitekant* die kamer.

B Die voorsetsel *in* kan sonder “beweging” wees:

Hy sit *in* die tronk.

of met beweging en kry dan die bywoord *in* in die “agter”-posisie:

Hy loop *in* die kamer *in*.

en: Hy stap *in* die kamer *rond*.

Met sommige maatbepalings wat “afstand” inhou, tree die bywoord *in* ook sonder beweging op:

Die goed lê ’n *bietjie dieper in* die pakkamer *in*.

Die grootste bome staan ’n *entjie verder in* die bos *in*.

Binne het die waarde van “in . . . in” as dit as bywoord in die “agter”-posisie staan:

Hulle sluip die kamer stadig *binne*.

Hulle sluip stadig *in* die kamer *in*.

maar in die “voor”-posisie waar dit ’n plekaanduidende betekenis as voorsetsel het, beteken dit “beklemtoonde, beweginglose *in*”:

Daar word nie *binne* hierdie mure geraas nie.

Binne is meer gebruiklik as voorsetsel met tydverband:

Hy was *binne* tien minute terug.

C Daar is verskeie vaste uitdrukings met newegesikte bywoorde wat as ’n tweede bywoordelike bepaling gebruik word:

Hy loop in die kamer *op en neer/op en af/heen en weer* . . .

D In die tipe sin met beweging wat ons hier bekyk, kan die “tweede” bywoord soms vóór die voorsetsel inskuif, veral as die “tweede” bywoord beklemtoon word:

Hy klim *uit* teen die bult.

Hy stap *op* in die straat.

Hy klim *uit* deur die venster.

Dit kan egter nooit tussen die voorsetsel en sy naamwoordkomplement inskuif nie:

* Hy klim teen uit die bult.

* Hy stap in op die straat.

Ons sê:

Hy kom nou net *van* die plaas *af*.

en: Hy gaan vanaand *na* die vergadering *toe*.

Maar *af* en *toe* kan nie voor die voorsetsel inskuif soos die ander “tweede” bywoorde nie:

* Hy kom nou net af van die plaas.

* Hy gaan vanaand toe na die vergadering.

en nog minder: * Hy kom nou net van af die plaas.

of: * Hy gaan vanaand na toe die vergadering.

In die volgende gebruik het ons dus met substandaardvorme te doen (Dr. L.W. Hiemstra het in ’n Taalhoekie in Die Burger gesê: “’n Direkte taalfout word begaan in ’n ding soos: * Hy het *vanaf* Kaapstad vertrek.”):

* Vanaf daar het ons na die Wildtuin gegaan.

* Hy reël die sake vanaf sy huis.

Dit het waarskynlik vastrapplek gekry in die gebruik in tydverband waar kennisgewings dit uitlok: Plekbespreking: Vanaf Vrydag 13 Mei! Maar iets soos * Ek ken hom vanaf toe. is onmoontlik; dus ook iets soos: "Julle kan vanaf Maandag begin plek bespreek."

Die volgende is aanvaarde vorme:

As gelukkige mense draf hulle *van* die veld *af*.

Hulle sal om sesuur *van* Johannesburg *af* vertrek.

Hy vertrek reeds vroeg *van* daar *af/van daar/daarvandaan*.

en: Hulle oes *van* Oktober *af*.

Hulle woon al *van* toet *af* daar.

Hierdie voorsetsel *van* wat op herkoms of begintyd dui, gedra hom heel besonders: dit kombineer nie met aanwysende en betreklike voor-naamwoorde in die tipe *daarvan* en *waarvan* nie, behalwe in die woord *waarvandaan* en *daarvandaan*:

Die wedren begin by Harrismith. * Hulle vertrek daarvan om sesuur.

Wel: Hulle vertrek *daarvandaan/van daar* om sesuur.

(Sien ook onder betreklike voornaamwoorde §13.7)

E Voorsetselkonstruksies met *aan* kom nie (na my wete) met 'n tweede bywoord agterna voor nie, maar wel met 'n bywoord vóór hom:

Hy hang *agter aan* die kar.

Steek die lint *bo aan* die prentlys vas, maar sit die bak *onder aan* die trap.

Maar ons skryf:

Hy teken sy naam met 'n groot krul *vooraan* en 'n lang stert *agteraan*.

Bo-aan het die riet 'n mooi pluim en *onderaan* is daar sulke swart hulsels.

Die verskil lê in die feit dat die laasgenoemde voorbeelde **bywoorde** in die geheel is; die voriges, wat los geskryf word, bestaan uit eers 'n bywoord en dan 'n voorsetsel.

F 'n Verwante geval kry ons in die skryfwyse: *daarbo/daar bo; hierbo/hier bo*:

Sit die kassie teen die muur en hang die prent *daarbo*. (= *bo* die kassie: 'n voorsetselkonstruksie wat bestaan uit vnw. + voors. — §4.1.2)

Sien jy die aasvoël *daar bo*/in die lug/die berg? (= op daardie plek wat ook hóóg is: twee bywoorde / op daardie plek wat *bo* die berg is: 'n bywoord en 'n voorsetsel.)

Net so beteken *hier voor*: voor die plek waar ons nou is, en *daar voor*: = voor die plek wat verder weg is; *hiervoor* en *daarvoor* beteken *vir* of *voor* die "iets" wat pas genoem is:

Die kinders speel *hier voor* ons.

Ek sien die motor *daar voor* in die pad.

Die huidige probleem is moeiliker as gister s'n; *hiervoor/daarvoor* moet 'n mens geduld gebruik.

Die nuwe stadsaal staan op 'n oop terrein. *Daarvoor* is ruimte vir baie motors.

(Terloops: let op die verskil in woordklem by *daarvoor* in die twee gebruike.)

Belangrik: Daar is ook die plekbywoord *waar*, in oorsprong voornaamwoord, wat vir plekaanduiding bywoordelike funksie het as

W-vraagwoord: *Waar* woon Jan?

indirekte vraagwoord: Sy wil graag weet *waar* Jan woon.

betreklike vnw.: Ek ken die plek *waar* hy gaan jag.

en wat as voegwoord optree in: Die wind waai *waar* hy wil.

Vir rigtingbetekenis kombineer *waar-* met rigtingbywoorde:

Waarheen/waarnatoe gaan hy? *Waar* gaan hy *heen*?

Waarvandaan kom hy?

Van waar kom hy? is kenbaar daaraan dat die voorsetsel hier los van die voornaamwoord bly; *waarvan* het slegs 'n ander gebruik:

Waarvan is dit gemaak?

6.1.3 Hoedanigheidsbywoorde (Bywoorde van wyse, manier)

Hierdie bywoorde dui aan *hoe* 'n handeling geskied:

Hy ry *vinnig/stadig*.

Sy sing *mooi/vals*.

Hy loop deesdae *moeilik*.

Die verdwaaldes het *blindelings* voort gestrompel.

Hulle ondersoek die saak *grondig*.

Sy sit mooi *regop*.

Hulle werk *swaar* aan die bergpas.

Hy leer *hard* om te slaag.

Die konstabel het *flink* opgetree en die toestand verhelp.

Hieronder vind ons 'n groot getal woorde wat om 't ewe byvoeglike naamwoorde of bywoorde kan wees sonder dat ons dit as transposisie aanvoel:

Sy glimlag *bekoorlik*. $\neq$ 'n *bekoorlike* glimlag

Hy werk *fluks*. $\neq$ 'n *flukse* werker

Sy sing *mooi*. $\neq$ *mooi* sang

Hy spring *hoog*. $\neq$ 'n *hoë* sprong

Sy praat *duidelik*. $\neq$ 'n *duidelike* klank

Ons vorder *langszaam*. $\neq$ 'n *langsame* vordering

Hulle is grammatiese homonieme.

Belangrik: Uit die aard van hulle betekenis — wat met eienskappe saamhang — kry die meeste hiervan trappe van vergelyking.

Ander is: kaalvoet, barvoets, binnensmonds, bloedig, broekskeur, dwars, goedsmoeds, heftig, inderhaas, ingedagte, maklik, ruimskoots, deeglik, doelbewus, doelgerig, droëbek, drogies, droëweg, eenparig . . .

Onder die hoedanigheidsbywoorde is daar 'n groot getal woorde met die uitgang — (*tjies*):

Sy lag *saggies/stilletjies*.

Ook: liefies, effentjies, mooitjies, stadigies, floutjies . . .

Hierdie groepie is interessant omdat hulle soms met 'n gunstige bybetekenis en soms met 'n ironies-ongunstige bybetekenis gebruik word; vgl.

Sy moeder het die seerplek *saggies* gereinig en verbind.

Hy het *stilletjies* in die nag weggeloop.

Sy vennoot het *mooitjies* al hul geld vasgelê en verdwyn.

Ook **reduplikasievorme** word hier baie gebruik:

Hulle loop *sing-sing* die straat af.

Nog voorbeelde is: lag-lag, speel-speel, rus-rus, raas-raas . . .

'n Groepie wat ons "toestandsbywoorde" kan noem, hoort dalk ook hier tuis: hulle het waarskynlik ontwikkel uit werkwoordsupplemente wat behoue gebly het toe die werkwoorde self verdwyn het weens hulle "kleurlose" inhoude. In 'n vroeëre taalperiode sou dit lui: "Die tyd *is omgegaan*. Die kos *is opgeraak*. Die skool *is aangegaan*." (in Afrikaanse vorme omgesit.) Daarvan het oorgebly:

Die tyd *is om*. Die kos *is op*. Die skool *is aan*.

Die oorlog *is oor*. Daar *is kos oor*. Die kerk *is uit*.

Hulle *is lankal weg*. (Sien §7.6.2.4(d)III)

Nog 'n "toestandsbywoord" wat waarskynlik uit so 'n werkwoordsupplement ontwikkel het in 'n sin soos "Hy het 'n hoed *opgesit*." kry ons in

Hy het 'n hoed *op*.

Hy het 'n pak klere *aan*.

Hy het 'n das *om*.

Nou kom dit ook voor saam met die voorsetselkonstruksie met *met*:

'n man *met 'n hoed op, met 'n baaibroek aan, met 'n das om*.

6.1.4 Graadbywoorde

Graadbywoorde verskil van ander bywoorde veral in dié opsig dat hulle meestal 'n beperking op die betekenis van één woord in die sin plaas; hulle versterk of verklein die krag van die bepaalde woord of beperk sy trefkrag. Hulle word dan ook baie by ander woorde as werkwoorde gebruik:

Sy broer *is baie siek*. (by 'n b.nw.)

Hy hardloop *baie vinnig*. (by 'n bw.)

Hulle boor *baie naby* die huis. (by 'n voors.)

Hy *ly baie* weens sy siekte. (by 'n ww.)

Daarvan verstaan ek *glad niks*. (by 'n vnw.)

Ander voorbeelde:

Hy kom *byna/amper* nooit hier nie.

Ons het die reën *hoog* nodig.

Toe was ons reeds *effens/taamlik/geweldig* moeg.

Sy stem was *skaars* hoorbaar.

Dit help nie om *te* haastig te word nie.

Sy is darem *alte* klein om *só* hard te moet werk.

Hy is *veels te* siek om te gaan werk.

Die werk is nog nie *heeltemal* klaar nie.

Hy is ryk *genoeg* om te koop wat hy wil.

Dit is soms moeilik om tussen 'n graadbepaling en 'n hoeveelheidsbepaling te onderskei, en omdat daarby geen grammatiese onderskeidings te pas kom nie, sluit ons hoeveelheidsbepalings ook hierby in.

Ander graad- of hoeveelheidsbepalings is:

hoofsaaklik, nouliks, verreweg, uiters, radikaal, rakelings, gansegaar, totaal, gans(te), ewe, bloot, enigermate, meestal, besonder, ietwat, feitlik, buitengewoon, danig, gedeeltelik, redelik, volkome, werklik

en ook gebruike soos:

Die strandoord word *druk* besoek.

Sy voel daaroor *diep* ongelukkig.

Let op die onderskeid tussen die graadbywoorde *hoog* en *hoogs*:

Hoog kom voor in

dit is hoog nodig/hoogetyd
iemand vlieg (te) hoog (leef bokant sy stand)
gemoedere loop hoog
hoog in sy skik wees.

Hoogs kom voor in

hoogs waarskynlik
hoogs onaangenaam
hoogs verbaas
en die hoogs moontlike prestasie.

Vgl. hierby ook:

Heel waarskynlik/moontlik.

Bes moontlik.

By die oortreffende-trap-vorm *hoogs* sluit ook aan:

Daar was *minstens/hoogstens* tien mense (waar *ten minste/op die minste/meeste* ewe goed is).

Verskeie van die "krag-" en "vloekwoorde" sal ook hierby val:

Hy is *duiwels* . . . sterk.

'n Paar byvoeglike naamwoorde het reeds in 'n bloot versterkende betekenis hiernatoe oorgeskuif:

Dit was 'n *vreeslike/verskriklike/ontsettende/geweldige* warm dag.

Ons moet so *bitter* hard werk vir ons geld.

In laasgenoemde gebruik kry ons die sogenaamde e-verbuiging soms ook by bywoorde, waar ons anders nie hierdie verbuiging kry nie:

'n *taamlik* moeilike som

maar: 'n *taamlike* groot saal.

Graadbywoorde kry nie trappe van vergelyking nie, ook nie eens dié wat anders byvoeglike naamwoorde is nie:

* Dit was 'n *vreesliker* warm dag.

Maar waar die behoefte aan so 'n opgradering by 'n vergelyking wel bestaan, word die graadbywoord *nog* saam met 'n vergrotende trap van die bepaalde bw. of b.nw. gebruik:

Jan is *verskriklik* lui.

Piet is *nog luier*.

Slegs *baie* tree anders op as dit 'n ww. bepaal:

Hy ly deesdae (*nog*) *meer* as vroeër.

Opmerking:

Onder die selfstandige naamwoord in §13.3.2 behandel ons maat- en graadbepalings soos:

Hy spring *sewe meter* hoog.

Sy was *drie maande* (lank) weg. e.a.

6.1.5 Ander bepalende bywoorde (adjunkte)

Daar is nog baie ander bywoorde wat nie duidelik onder een van die voorgaande ressorteer nie, maar wat ook 'n spesifieke woord of sinsdeel bepaal. Omdat hulle altyd by die woord aansluit wat hulle bepaal, is hulle ondergeskikte dele van konstruksies, en lewer nie probleme in die woordvolgorde op nie. Betekenisonderskeidings is buitendien van min belang hier:

ongeveer (twintig) en: nagenoeg, omtrent, omstreeks, naastenby, skaars, nouliks, meermale, meestal, jaar in, jaar uit, immer, heeldag, agterna, allereers, gestadig, raak (gooi), regtig, saam, skielik, deels, enersyds, andersyds, veral . . .

6.1.6 Negatiewe, ontkenning en die komplement "nie"

Daar is 'n aantal woorde met 'n negatiewe betekenis, soos die onbepaalde voornaamwoorde *niemand* en *niks*, en die bywoorde *nêrens*, *nooit*, almal met 'n aanvangs-*n* teenoor die positiewe *iemand*, *iets*, *êrens*, *ooit* . . . In sinne het hulle almal, net soos die ontkenningsbywoord *nie*, in die meeste gevalle die komplement *nie* later in die sin, byna altyd op die end:

Ek het *niemand* daar gesien *nie*.

Hy weet van *niks* *nie*.

Het jy haar *nêrens* gesien *nie*?

Was jy nog *nooit* daar *nie*?

Het jy *nie* daarvan geweet *nie*?

Die gebruik van die ontkenningsbywoord en die komplementêre bywoord *nie* vereis besondere aandag. Omdat dit by die breë sinsbou aansluit, behandel ons dit onder **negatiewe sinne** (§14.9) vollediger.

6.1.7 Volgorde van bywoorde in sinne

Die bywoord is nogal baie gesteld op die plek wat dit in die sin inneem en die volgorde waarin hulle staan waar daar meer as een in 'n reeks voorkom.

A In die voorgaande §6.1.4 kon ons uit die voorbeelde sien dat die **graad**-bywoord altyd ná die werkwoord staan wat hy bepaal, as dié werkwoord die enigste werkwoordvorm in die predikaat is by onafhanklike woordorde:

Hy hoor ons *skaars*.

Anders staan dit altyd onmiddellik **voor** die bepaalde woord:

Hy kan ons *skaars* hoor.

Sy is *baie* siek.

Haar werk is *erg* onnet.

- B Waar 'n **tyd-** en **plek**bywoord saam optree kom die tydbywoord voor die plekbywoord in normale onafhanklike woordorde:

Hulle speel *soggens buite*.

en in afhanklike woordorde:

Ek sien dat hulle *soggens buite* speel.

Sommige tydbywoorde tree maklik in voorgeplaaste posisie op, wat dan omgekeerde (onafhanklike) woordorde meebring:

Soggens speel hulle *buite*.

Sommige ander tydbywoorde tree liefste nie in voorplasing op nie (gereeld, herhaaldelik, nog, betyds, vroegtydig, al . . .), en sommige slegs met baie sterk beklemtoning:

Pas was hy *buite* klaar of nuwe moeilikheid wag binne.

Plekbywoorde kan ook (gewoonlik met sterk beklemtoning) in voorgeplaaste posisie optree; dan volg die tydbywoord in sy gewone plek:

Buite was dit *vroeg* al lig.

Wanneer (voorsetsel- e.a.) konstruksies met bywoordelike funksie van tyd en plek optree, word dié volgorde behou, maar as hulle wel omruil, doen dit nie altyd ewe vreemd (= ongrammaties = verkeerd) aan as bywoorde nie. Vergelyk:

- (a) Die kinders speel *nou buite*.
* Die kinders speel *buite nou*.
- (b) Die kinders speel *in die aand onder die lamplig*.
Die kinders speel *onder die lamplig in die aand*.
- (c) Hy gaan *elke week stad toe*.
* Hy gaan *stad toe elke week*.

- C As 'n derde soort, soos 'n bywoord van **manier** (of **hoedanigheid**) bykom, word die volgorde **tyd - plek** gewoonlik behou, maar die bywoord van **manier** kan effens wissel:

Die kinders speel *saans lekker buite*.

Die kinders speel *lekker saans buite*.

Hy stap *soggens flink werk toe*.

Hier kan ons hoogstens van **neiginge** praat, want dit is nie so vas dat reëls geformuleer kan word nie.

- D Opsommend kan ons sê:

1. Die bywoord is 'n **voorbepaling** by byvoeglike naamwoorde en by ander bywoorde:

Baie lank; *uiters* versigtig.

2. Die bywoord is 'n **nabepaling** by

- (a) die grammatiese predikaat (waar die finiete ww. as verteenwoordiger van die grammatiese predikaat optree):

Hy **loop** *vinnig*.

Hy **kan** *vinnig* loop.

- (b) die (selfstandige) naamwoord:

Die **man** *daar* is die sekretaris.

Hy **hier** probeer my mos alles wysmaak.

3. Die bywoord kry soms 'n **graad- of hoeveelheidsaanduiding** as voorbepaling:

Vroeg soggens
Drie kilometer ver
Twee meter diep
'n Jaar gelede

E Daar is baie konstruksies, o.a. voorsetskonstruksies, en ander woordgroepe wat 'n bywoordelike funksie verrig met 'n semantiese waarde waarvoor daar nie bywoorde op die vlak van die woord bestaan nie. Dit is 'n gewone verskynsel om sinne te kry met 'n groot getal bywoordelike bepalings van velerlei aard, en daarvoor kan geen sinvolle volgordereëls opgestel word nie, behalwe vir sover as die logiese denke dit reël. Sulke gevalle is bv.:

- (a) "Voetjie vir voetjie bekruipt die akkedissie die niksvermoedende vlieg op die stokkie aan die sonkant van die rots."
- (b) "Knor-knor kom Dik Jasper die klaskamer binne met sy los veters sleep-sleep en klap-klap agter sy sloffende voete aan."
- (c) "Met rooi naels en geplukte wenkbroue trippel Nettie op hoëhakskoentjies haastig die straat af na Levin se apteek toe."
- (d) "Van hier onder tussen die wortels af al met die stam langs op tot hoog in die boonste takkies is die boompie met luisse oortrek."
- (e) "Plat op sy rug, lank-uit in die gras, toe-oë onder die hoed lê Kosie en rus langs sy ploegspan."
- (f) "Mank-mank hoogte op en skuinste af, jaar in en jaar uit al pad langs trek die boemelaars die land deur."

6.2 Bywoorde wat skakel: konjunkte

Hierdie soort bywoord is nie afdoende in sy betekenis nie; het nie 'n eie, volledige betekenis nie, maar steun op 'n ander (meestal reeds genoemde) taaleenheid se betekenis waarna dit verwys. As ons lees:

A "Jan het *weens* *gesondheidsredes* afgetree."

is alles duidelik: sy gesondheid het hom rede gegee om af te tree. Dié sin is dus grammaties (= volledig, sinvol).

As 'n sin lui:

B "Jan het *dus* afgetree."

met niks meer in die konteks om die *dus* inhoud te gee nie, is dit geen grammatiese sin nie; dis onsin.

As iemand sê:

C "Jan was lank siek en hy kon nie sy kragte herwin nie. Hy het *dus* afgetree."

is dit duidelik wat *dus* beteken en die sin "Hy het *dus* afgetree." is grammaties. Dit is nie nodig om bv. te sê "*weens* *gesondheidsredes*" nie; *dus* vervang die voorafgaande sin wat die rede verstrekk en dien *dus* ook as skakel daarmee. Hoewel die woord *dus* self geen rede verstrekk nie, het dit 'n bywoordelike funksie. Alle bywoorde van dié aard kan aan die begin van die sin staan; trouens, hulle staan meestal daar, en word soms daarom

verkeerdelik voegwoorde genoem. Die feit dat hulle deur die spesiale (omgekeerde) onafhanklike woordorde in die sin gevolg word, wys hulle as bywoorde uit (en nie voegwoorde nie).

Hierdie bywoorde maak nie die een sin ondergeskik aan die ander nie, en verbind hulle ook nie neweskikkend nie. Die verband is losser as tussen newe- òf ondergeskikte sinne; die sinne is sintakties onafhanklik van mekaar. Die verband is bloot semanties (of logies); derhalwe word 'n kommapunt dikwels daartussen gebruik. (In §2.11 vergelykend behandel.)

Sommige van hierdie bywoorde is oorspronklik voornaamwoorde òf het in hulle struktuur 'n voornaamwoord ingebou; hulle val onder die sogenaamde **voornaamwoordelike bywoorde**.

Hulle word in sinne gebruik wat in allerlei semantiese verhoudings met ander sinne staan, o.a. die volgende:

1. Sinne wat 'n rede verstrek:

Hy het laat gekom. *Daarom* moes hy boete betaal.

Sy kon nie plek kry nie; *gevolglik* het sy weg gebly.

Ander is: *dus, derhalwe, hierom, dientengevolge* . . . (*Gevolglik* loop die betekenis van die sin wat hy inlei, vooruit.)

2. Sinne wat 'n doel aangee:

Hy wou Europa gaan deurreis. *Hiertoe* het hy 'n groter talekennis gesoek.

Sy wou gaan skool hou. Sy het *daarvoor* 'n driejarige opleiding nodig.

Ander is: *daartoe, te dien einde* . . .

3. Sinne wat 'n voorwaarde stel:

Sy hoofde het hom noukeurige opdragte gegee. Hy het *dienooreenkomstig* gehandel.

Ook: *met dien verstande, so, daarvolgens, daarna* . . .

(In die geval van *met dien verstande* volg die sin waarna verwys word en word ondergeskik aan die voornaamwoord *dien*: "Hy kon gaan, met dien verstande dat hy vir hulle ook vrugte saambring.")

4. Sinne wat 'n toeweging maak:

Hy is soms vreeslik stout; *nogtans* het ek hom lief.

Sy is reeds bejaard. Sy kan *egter* nog menige jonge kafdraf.

Ook: *tog, desondanks, nietemin, desnietemin, desnieteenstaande* . . .

Die bywoord *al* is hierby interessant: dit tree as konjunk op in die toewegingsin, en verwys terug na die stellingsin:

Ek het hom lief(.) *al* is hy soms vreeslik stout.

(Vgl. Ek het hom lief hoewel hy soms vreeslik stout is.)

Die feit dat dit in betekenis met *hoewel* (= *ofskoon*) ooreenkom en in dieselfde sinsposisie voorkom, bring mee dat dit soms (m.i. verkeerdelik) 'n voegwoord genoem word. Die woordorde na *al* (in vergelyking met dié na *hoewel*) toon onteenseglik die verskil. Die stapelvorm *alhoewel* tree soos die voegwoord *hoewel* op.

(Na my beste wete is dit die enigste geval waar daar 'n voegwoord en 'n

voornaamwoordelike bywoord is wat dieselfde verhouding of verband tussen sinne/klouse kan lê.)

Soms met 'n sekere toegewingswaarde, maar ook dikwels bloot om “voortgang” aan te dui, kry ons *ewenwel*, *nou ja*, *in elk geval*:

Ewenwel, ons was nie ver nie toe die weer begin uitsak.

of: Ons was *ewenwel* nie ver nie . . . (altyd nadat 'n gedagte tussenbei gekom het.)

Nou ja, na 'n paar dae . . .

5. Sinne wat 'n **toevoeging** maak:

Hy het besonderhede van die skema verstrek. *Dienaangaande* het hy 'n volledige studie gemaak.

Daar is 'n nuwe reëling oor vakansiebonusse getref. *Desbetreffend* kan inligting by die kantoor verkry word.

Die nuwe voorman ken die masjiene nie. *Ook* kan hy nie oor arbeiders beheer uitoefen nie.

Die nuwe voorman ken die masjiene nie, *nog* kan hy arbeiders beheer. Hulle het hom as sportafrigter aangestel. *Daarbenewens* hou hy toesig oor die hele terrein.

Dit is nutteloos om so 'n luiard om hulp te vra. *Buitendien* weet hy van dié werk niks af nie.

Ook: *bowendien*, *vervolgens*, *voorts* . . .

6. Sinne wat na 'n sekere **tyd** verwys:

Hy het oor sy prestasies gespog. *Toe* sê ek dat eie lof stink.

Hulle het na middernag eers vertrek. Ek het *toe* dadelik gaan slaap.

Jy moet wag tot hy in 'n goeie luim is. *Dan* kan jy hom mos vra . . .

As die windjie so koud oor die vlaktes sny, *dan* is werk op die lande nie lekker nie. (Let op dat dié *dan* eintlik die inhoud van die tydby sin wêr optel in die hoofsin.)

Toe ons nog op die plaas gewoon het, was dinge moeiliker. *Destyds* het plase nog nie elektrisiteit geken nie. (Die “toe” waarmee dié sin begin, is 'n voegwoord; nie die bywoord van die eerste twee voorbeelde in hierdie groep nie.)

Ook: *diederdag*, *indertyd* . . .

7. Sinne wat na 'n sekere **plek** verwys:

“*Daar* sal ek vrede weer besef

waar Tebes in die stil woestyn

sy magtig rotswerk hoog verhef

en Mara in die sand verdwyn.” (E.N. Marais)

(Hier vat *daar* ook die plekaanwysing wat in die bysin volg, saam. Let op dat *hier* op sigself plekbywoord is, omdat dit verwys na waar die spreker is as hy praat. *Daar* kan adjunk wees wanneer vir die hoorder die plek aangewys word; as *daar* 'n plekaanduiding in 'n sin wêr opneem, is dit 'n konjunk, soos ook die volgende:)

Ons het die motortjie laat lê waar hy geval het. *Daar* moet die motorhawe hom maar gaan haal.

Ons het die Vrydagaand by Kimberley gekom. *Daarvandaan* was dit te ver Kaapstad toe om met 'n tenk petrol te kom.

Ook: *hiervandaan, hierheen, hiernatoe, daarheen, daarnatoe, soontoe, soheentoe* . . .

8. Sinne wat 'n bepaalde **manier van doen** gee:

- Hulle sit maar meestal in die son. *So* kom daar nie veel gedoen nie. Studente behoort die meeste van hulle studie self te doen uit boeke. *Sodoende (dusdoende)* sal hulle baie deegliker leer.

Opmerkings:

- A Die voorbeelde in die voorgaande met *daar-* gee enkele gevalle van voornaamwoordelike bywoorde *daar* en *daar* + voorsetsel en *hier* + voorsetsel soos: *daarop* . . ., *hierop* . . ., wat baie in hierdie funksies optree, soos ook die volgende:

Kan jy die rots daar bo sien? *Daaronder* het ek tydens die storm geskuil.

Hierdie voetpaadjie is mooi oopgetrap. Baie mense stap seker *hierlangs* veld toe.

- B Veral die neweskikkende voegwoorde *en* en *maar* word dikwels vóór hierdie konjunkte gebruik, waardeur 'n enger verbinding met die voorgaande sin bewerkstellig word:

Hy het vergeet om my die boodskap te gee *en daarom* was ek nie betyds nie.

Sy wil bevele uitdeel wat ons ander moet uitvoer, *maar so* skep jy nie 'n goeie spangees nie.

- C Die betreklike voornaamwoord (§13.7) *waar*, ook wanneer dit saam met 'n voorsetsel ingebou is in woorde soos *waarop, waarby* . . ., word as skakel in betreklike bysinne gebruik en verrig dan daar 'n bywoordelike funksie:

Ek ken die plek *waar* hy woon.

Ek ken die straat *waarin* hy woon.

Ek ken die roete *waarlangs* hy toer.

Ek onthou die nag *waardeur* ons moes vlug vir die water.

Dieselfde geld vir *wanneer* en *toe* . . . :

Hy weet van elke geleentheid *wanneer* sulke dinge gebeur het.

Hy vertel van die keer *toe* ou Jan so geskrik het.

- D Die sterk voornaamwoordelike waarde van dié soort bywoorde bring mee dat baie van hulle as spil in die sg. gesplete sin kan optree:

Dit was *toe* dat ek hom

Dit is *daarom* dat mense nog glo

Dit is *daarop* dat hy die lelike antwoord gegee het.

Dit is *hierlangs* wat hy gery het.

- E Dié soort bywoorde (= konjunkte) is betreklik **plekvas** in 'n reeks:

(a) Hulle kan amper almal voor (in die sin) geplaas word, waarna die

omgekeerde onafhanklike woordorde voorkom (*egter* wyk opvallend af!):

Toë het ek hom die waarheid vertel.

Daarheen gaan ons gereeld elke winter terug.

Tog is hy 'n baie gawe man.

- (b) Dié wat met *daar-* en *hier-* gevorm is, kom andersins meestal aan die einde van die sin (maar net voor die laaste lid/lede van die grammatiese predikaat waar dit uit meer as een woordvorm bestaan):

Hy sal jou volledig *daaroor* **kan inlig**.

Sy praat selfs nou nog altyd geweldig baie *daaroor*.

Hy maak hom glad nie meer *hieroor* **besorg nie**.

Sy sny altyd die slagding *hiermee* **uitemkaar**.

- (c) Die ander kom andersins net ná die eerste werkwoord (d.i. die finiete ww.) van die predikaat:

Hy veroorsaak *dus* net vir homself 'n klomp moeilikheid.

Sy het *nietemin* voortgegaan met die onderneming.

6.3 Bywoorde wat 'n houding van die spreker gee: disjunkte:

Soos die konjunkte bepaal ook die disjunkte geen deel van die sin waarin dit staan nie, maar dit verskil van die konjunkte daarin dat dit nie op 'n ander taaleenheid in die konteks teruggaan of daarmee verband hou nie. Dit is eintlik slegs ***die spreker se eie oordeelvelling oor die betroubaarheid, sekerheid, omvang, geldigheid, nodigheid of ander hoedanighede van sy uiting.***

Vergelyk die volgende sinne:

A Jan het *natuurlik* geglimlag, al was dit toneelspel.

B Jan het *natuurlik* geskrik toe hy die ding sien.

C *Natuurlik* het Jan geglimlag, al was dit toneelspel.

In A sê *natuurlik* hoe Jan geglimlag het ("sy glimlag was natuurlik") en *natuurlik* bepaal dus die predikaat *het geglimlag*; dit is dus 'n **adjunk**.

In B sê die spreker dat **hy** dit as *natuurlik* beskou dat Jan geskrik het; hy spreek hom nie uit oor die wyse waarop Jan geskrik het nie.

In C ook; dit is die spreker wat dit *natuurlik* vind dat Jan geglimlag het, met geen oordeel oor die aard van die glimlag nie.

In B en C is *natuurlik* telkens as **disjunk** gebruik; dit staan los van enigiets in die sin.

Soos uit bostaande voorbeelde blyk, word dieselfde woord as disjunk sowel as in ander hoedanighede (en nie altyd as bywoord nie!) gebruik. Partykeer word deur die posisie in die sin onderskei, soos hierbo met *natuurlik* in A en C; meestal blyk die verskil slegs uit die konteks, waar dan geen sin te haal is uit die benoemings nie omdat die betekenis duidelik is en geen sintaktiese of ander vormverskil intree nie. Nietemin is die bewuste herkenning van die disjunkte gebruik 'n nuttige hulpmiddel om te begryp wat iemand sê of skryf.

Nagenoeg alle houdinge (oordele) kom hierby voor; enige volledige indeling kan baie groepe onderskei. Vir hierdie oorsigtelike beskouing wys ons net op één sintaktiese verskil, en gee dan 'n ruwe aanduiding van moontlike semantiese onderskeidings.

6.3.1

Sintakties het enkele van hulle die waarde van 'n hele sin of klous, dikwels met die aard van 'n hoofsin in 'n gesplete sin:

Jammer dat hy nie volgehou het nie.

= (Dit is) *jammer* dat hy nie volgehou het nie.

Die soort geval word dikwels:

Jammer hy het nie volgehou nie.

Gelukkig hy het op die sagte grond geval.

Die meeste wat só voorgeplaas staan, kry dan die omgekeerde (onafhanklike) woordorde; ook *gelukkig*:

Gelukkig het hy op die sagte grond geval.

Ongelukkig het hy nie die regte geleentheid benut nie.

Toevallig sien ek hom by die winkel instap.

Tereg glo hy in die trou van mense.

Natuurlik sal hy nie so iets doen nie.

Begryplikerwys kan hy nie aldag so ver ry nie.

Fundamenteel/basies/prinsipieel is daarmee niks verkeerd nie.

Ook *formeel, nominaal, amptelik, oppervlakkig, uiterlik, tegnies, teoreties, regtens, natuurlikerwys* . . . staan almal by voorkeur voor in die sin, maar soos die ander kan hulle ook net ná die (eerste lid van die) grammatiese predikaat staan. Meestal hang 'n verskil in betekenis en funksie met die posisie saam (soos by *natuurlik* in ons aanvanklike voorbeeld):

Hy het die gebou *amptelik* geopen. (adjunk by ww.)

Amptelik het ons nog niks gehoor nie. (disjunk; wel dalk nie-amptelik gehoor)

Die meeste neem die posisie net ná die (eerste lid van die) grammatiese predikaat of later in die sin in en kom slegs in gevalle van buitengewone beklemtoning voor in die sin voor:

Hy sal *beslis* volgende week kom.

Hy kan *mos* nie so alleen werk nie!

Sy het *onverwags* by die huis opgedaag.

"Hy is *gewoon* laag." (F.I.J. van Rensburg)

Hulle het die klavier *verkeerdlik* by my afgelewer.

Sy het hom *skelmpies* aan die arm geknyp.

Hulle het *venynig* op mekaar geskel.

Opmerking:

In gevalle soos die laaste twee (*skelmpies* en *venynig*) kan hulle ewe goed as adjunkte beskou word. Dit geld ook vir verskeie ander; baie laat egter geen twyfel oor waar hulle hoort nie.

6.3.2 Semantiese groepering

Hierdie groepering het weinig grammatiese waarde; 'n volledige ondersoek mag moontlik 'n ooreenstemming in (sintaktiese) vorm en semantiese waarde aan die lig bring wat nie nou reeds blyk nie. Die groepering kan bloot help om die gebruik te identifiseer.

1. **Modale betekenis**, waarmee die spreker 'n oordeel oor die **stelligheid** van sy uiting gee; die mate van sekerheid of onsekerheid (sien §11.4.3) daarin:

Sy is *ongetwyfeld* die skranderste in die klas.

Ons sal *miskien* betyds deur die rivier kom.

Ook: *definitief, onteenseglik, beslis, vir seker, sekerlik, sowaar, eerlik (waar), ontwyfelbaar, inderdaad, stellig, werklik(waar), waarlik (waar), dalk, seker, straks, altemit, moontlik, waarskynlik, regtig, onwaarskynlik, vermoedelik, klaarblyklik, blykbaar, skynbaar . . .*

2. 'n Groepie betuig 'n sekere **neerbuigendheid**, 'n vergoelike of **meerderwaardige** houding:

Hy het *dare* die meeste reggekry.

Hulle hou *konsuis* (*kwansuis, kastig, kamma*) 'n konsert vanaand.

Hy speel *maar (net)*; moenie bekommerd raak nie!

Help hom *tog*; hy sukkel *dare* te veel!

Kan hy dit *dan* nie alleen baasraak nie?

Ek het jou *mos* daarvan vertel, of hoe?

Hy is *nogal* sterk vir sy grootte, nê?

Hy sal vir die werk deug; dit vereis *immers* nie veel verstand nie.

3. In effens formele behandeling gee 'n spreker soms 'n aanduiding van die **status of klassifikasie** van die uiting:

Tegnies word die proses as gevorderd beskou.

Potensieel is die gebied tot groter produksie in staat.

Ander: formeel, nominaal, amptelik, prinsipiël, fundamenteel, essensieel, ideëel, oppervlakkig, uiterlik, basies, teoreties . . .

Hierdie groep staan liefsvor in die sin, maar kan ook ná die werkwoord voorkom:

Hy het *prinsipiël* daarteen beswaar om betaling vir so iets te aanvaar.

4. 'n Ander groep gee 'n oordeel oor die **betroubaarheid** of **noukeurigheid** van die optrede van die onderwerp:

Hy het die sluise *verkeerdelik* oopgetrek, waardeur groot skade aangerig is.

Heel korrek(,) het hy die hoof eers genader oor sy voorneme.

Ook: juis, per abuis, (heel) regverdig, tereg, per ongeluk, opsetlik, met opset, presies, netso . . .

Let op die rol van graadbywoorde soos *heel* en *heeltemal* in dié gebruike:

Heel regverdig het hy die onbeleefde klerk ontslaan.

Sonder *heel* kan dit nie:

* Regverdig het hy die onbeleefde klerk ontslaan.

Baie kan ook adjunk gebruik word; vgl.:

Sy antwoord was *presies* reg. (adjunk)

Presies, só het ek ook oor die saak gedink. (disjunk)

5. Daar is 'n groot groep wat laat dink dat hulle die oorgeblewe b.nw. is van ('n verdwene hoofsin met voorlopige onderwerp) *dit is/was – dat* soort sin:

Dis is verbasend dat hy so baie vermag het.

en:

Verbasend dat hy so baie vermag het.

en:

Heel verbasend het hy baie vermag.

(*Heel*) *onverwags* het hy by ons op die plaas opgedaag.

Hulle dui almal op die gevoel van die spreker na aanleiding van die gebeure waarvan in die sin gemeld word.

Ander is: *gelukkig, ongelukkig, jammer, bevredigend, gerusstellend, opmerklik, buitengewoon, ongelooflik, gek, ironies, wonderlik, paradoksaal, eienaardig, snaaks (-genoeg), interessant, verstommend, ontstellend, ontsettend, . . .*

6. 'n Klein groepie disjunkte bywoorde wat met een voet by die konjunkte staan, is die groepie waarmee die spreker opsetlik 'n verband span tussen twee gedagtes wat andersins vir die hoorder 'n sekere teenspraak sou inhou; 'n teenspraak wat tog nie ongerymd is nie. Belangrik hierby is ook die besondere manier waarop hulle gebruik word, sintakties gesproke, want hulle gaan met bepaalde pousering en intonasie gepaard wat ons op skrif ook probeer weergee met kommas en kommapunte. Let op dat hulle by voorplasing ook die normale woordorde kry:

Nee, hy is nie weg nie; *altans* (,) ek het hom vanmôre nog gesien.

- of: Nee, hy is nie weg nie! Ek het hom *altans* vanmôre nog gesien.

In hierdie betekenis en gebruik kry ons ook *ten minste*:

Sarie gaan uiteindelik trou; *ten minste*, so verneem ek.

Teen dié tyd het ek nie meer gehoor wat hy praat nie; *trouens*, ek het 'lank reeds nie meer geluister nie.

of:

Ons het later maar opgehou met soek; ons kon *trouens* niks meer sien nie.

Sy is nie mooi nie; *intendeel*, sy is erg lelik.

of:

Sy mooi! Ek meen *intendeel* sy is erg lelik.

Jan is 'n kranige sportman; sy broer Piet (,) *daarenteë* (,) is 'n boekwurm.

Daarenteë het die wisselvorm *daarenteen*; baie selde word hulle voor geplaas:

Die man werk hard; *daarenteen* bring sy vrou alles deur.

6. Daar is baie wat (sonder deeglike ondersoek) lyk na 'n onordenbare groep:

Hopeelik sal hy betyds kom.

Aanzoekers moet *verkieslik* onder veertig jaar wees.

Hulle het *tevergeefs* die skip probeer berg.

Ander: *tradisioneel, gerieflikheidshalwe, interessantheidshalwe, vermaaklikheidshalwe, genadiglik, betekenisvol* . . .

Hierby kan ons ook die woorde soos *dankie, asseblief*, en ander eenwoord-sinne plaas:

Dankie dat jy my so mooi gehelp het.

Kom na ons partytjie toe, *asseblief*!

7. Daar is 'n groep woorde en konstruksies met b.nwe. of werkwoorde as stam wat disjunk gebruik word, en wat teruggevoer kan word tot 'n sin wat op dieselfde manier 'n geskeie gedagte gee, maar wat die eintlike uiting in perspektief plaas; iets soos:

Soos ons van hom sou verwag, het hy baie mooi gepresteer.

Soos te verwagte, het hy baie mooi gepresteer.

Soos 'n mens kan begryp, het hulle nie voor die stormende olifant bly staan nie.

Soos te begrype/begryplikerwys(e) het hulle nie . . .

Ander is: *heel toepaslik, heel gepas, onvermydelik, soos te verstane, tipies (van hom), kenmerkend (van haar), natuurlikerwys* . . .

Hierby hoort ook:

Goed dat hy so vroeg van die huis weggegaan het.

'n *Geluk* dat hy voor die reën tuisgekom het.

Geen wonder dat daar so min belangstelling is nie.

Ten slotte moet daarop gewys word dat daar in hierdie funksie geweldig baie voorsetselkonstruksies optree:

In alle eerlikheid, ek weet nie wat hy daarmee bedoel nie.

Ook: *na my mening, volgens algemene beskouing, in sekere sin, tussen ons gesê, in breë trekke, met ander woorde, ten slotte* . . .

naas deelwoordkonstruksies soos: *saaklik gestel, streng gesproke* . . .

6.4 In die volgende aanhalings word enkele gebruike geïllustreer; ons moet kennis neem van die feit dat dieselfde woord in verskillende gebruike kan voorkom. Let ook op dié gevalle waar sinne disjunk gebruik word (sien weer 6.3.7 hierbo):

- (a) "Maar elke jaar se skoonheid is dan ook, *uiteraard*, eenmalig en verganklik." (Elize Botha) (disjunk)
- (b) "En let, *terloops*, op hoedat ons in hierdie opstel . . . vind . . ."
- (Elize Botha)
- (Disjunk; vir die skryfster het die gedagte om te laat oplet, *terloops* gekom; sy stel dit so. As die opdrag sou wees om nie spesiaal nie maar slegs *terloops* op te let, sou die *terloops* as adjunk — en dan ook nie tussen kommas nie — gebruik gewees het.)
- (c) "Dis *dare*m party dae *nogal nie* onaardig om mens te wees *nie!* dink ek." (Boerneef)
- (Hier kan die gebruik van die modale bywoorde getoets word.)

- (d) Elize Botha skryf: "Maar die neerslag van hierdie soort beskrywing is nie *blote* grappigheid nie." As die sin gelui het: ". . . is nie *bloot* grappigheid nie." sou dit dieselfde gewees het?
- (e) "Dit was *nogal* belangrik, *sien*." (André P. Brink)
- (f) ". . . en sy het my op die ou manier binnegenooi vir die koppie wywater. *Net*, dié keer het ons nie in die kombuis gesit nie, maar in die kamer . . ." (André P. Brink)
- (g) "Ek het my vriend Niklaas gehelp met die reëlins vir die begrafnis. *Trouens*, ons was saam met sy twee seuns en twee vérlangse kennisse draers . . ." (André P. Brink)
- (h) "So hoor ek *altans*. Want ek stap *deesdae* nie meer *daarlanges* nie." (André P. Brink)
- (i) "*Nou*, in ons kontrei was daar *nooit danig* veel reën nie, en die blom-oes was *dus* ook *nooit alte* waffers nie. Van verskeidenheid was daar *desgevolglik* maar min sprake. . . . en al sê ek dit *nou self*, dié ou dames kón dahlias uit die dorre aarde voortbring." (André P. Brink — almal uit *Die Klap van die Meul*)

DIE SINTAKSIS EN MORFOLOGIE VAN DIE WERKWOORD

Ons het reeds verskeie sake rakende die werkwoord bespreek, veral in hoofstuk 2, en in die besonder in §2.3, 2.4, 2.5 en 2.8. Ons wil nie daardie gesigspunte weer volledig bespreek nie, daarom gaan ons hier soms net van daardie begrippe stel en dan verder daarmee werk.

Die werkwoord is die woordsoort waarby waarskynlik die mees gekompliseerde grammatikabegrippe te pas kom. Daarom gaan ons probeer om slegs die “geraamte”, die begrippe in hul eenvoudigste vorm, in die eerste deel van ons behandeling te stel, en dan, wanneer die verskillende fasette by mekaar ingeskakel is, sal ons die variasies wat eintlik vir die verwikkeldeheid verantwoordelik is, behandel in die lig van ons ryper insig.

Die opskrif van hierdie hoofstuk sê dat dit handel oor die “sintaksis en die morfologie van die werkwoord”, en dit is omdat al die morfologiese aspekte by die werkwoord met een voet in die sintaksis staan. Ons kan nie die sintaksis behandel sonder dat ons die morfologie daarby te pas bring nie: **fleksie, afleiding en samestelling** (selfs wat ons ’n “skynsamestelling” kan noem) speel almal in die sintaksis van die werkwoord ’n belangrike rol.

By die werkwoord het ons te doen met ’n soort woord waarvan daar verskillende **vorme** bestaan sonder dat dit aan die **leksikale betekenis** verander: die vorm *loop* en *geloop* dui naamlik op dieselfde handeling. Maar dié twee vorme van dieselfde woord word in verskillende **grammatiese betekenis**se gebruik, d.w.s. hulle word gebruik om verskille oor te dra wat juis deur dié soort **vormverskille** by die werkwoord oorgedra kán of móét word. Wanneer ons by ’n woord of woordsoort sulke vormverskille kry wat hóé dan ook met grammatiese betekenisverskille saamhang, gebruik ons die term **kategorieë** daarvoor. Ons sal dan sê dat *loop* en *geloop* verskillende **vormkategorieë** by die werkwoord verteenwoordig, en dat hulle verskillende gebruike weer met die **betekeniskategorieë** van die werkwoord saamhang. Die samehang tussen die vormkategorieë en die betekenis-kategorieë van die werkwoord — eintlik van die predikaat — is die wese van die hele studie van die grammatika van die werkwoord wat ons in hierdie hoofstuk onderneem.

Net dit nog: omdat daar ’n wetenskaplike ongerymdheid voorkom in die gedagte dat ’n mens “’n woord met verskillende vorme” kan hê, word in die taalwetenskap van so “’n woord wat verskillende vorme kan hê” as ’n **lekseem** gepraat. In hierdie werk ignoreer ons dit maar, en gebruik die woord “woord”.

Ons werk dus só:

Ons het in §2.8 en meer bepaald in §2.10 na die twee sinsvorme, die aktief en die passief, verwys. Omdat daar ’n baie duidelike patroonmatigheid — ons noem dit ’n **korrelasie** — tussen die twee sinsvorme bestaan, gaan

ons voorlopig net met die aktief werk. Eers wanneer ons die vorm- en betekeniskategorieë gedek het, gaan ons die korrelasie tussen aktief en passief stelselmatig ondersoek en wel in §7.5. Ons sal dit nogtans nodig vind om op enkele plekke tussenin wel na dié korrelasie of na kenmerke van die passief te verwys.

Ons gaan begin met 'n aantal voorbeeldsinne waaruit ons die **vormkategorieë** kan ondersoek (§7.1). Vervolgens gaan ons die basiese ten opsigte van die **betekeniskategorieë** stel en kyk hoe hulle in die verskillende basiese predikaatvorme gerealiseer word (§7.2). Dan eers behandel ons die **modale predikaatvorme** in §7.3, en bring hulle met die betekeniskategorieë in verband.

Vervolgens sal die ander predikaatkonstruksies, wat eintlik maar net ietwat meer gekompliseerde strukture is wat op die basiese vorme gebou is, behandel word (§7.4), sodat ons in §7.5 al die gegewens wat ons van die aktiewe sinsvorm ken, nou op die passief kan oordra.

Op dié stadium sal ons al die soorte werkwoorde in al hulle gebruike ken, en kan ons in §7.6 die werkwoorde, meer bepaald die hoofwerkwoorde, groepeer na aanleiding van hulle kenmerke, net soos ons in §7.7 doen met die vorme van die hoofwerkwoorde waardeur al die predikaatvorme en ander werkwoordgebruike gedra word.

Met die volgende sinne wil ons in §7.1 die vormkategorieë en in §7.2 die betekeniskategorieë by die predikaat uitwys. Daarom

- is hulle in hoë mate in 'n eenvormige patroon gestel;
- is die predikate kursief gedruk;
- is die hoofsinne gewoon maar die bysinne in swaar druk;
- is hulle in groepe met letters verdeel en elke sin genommer.

- A
1. Daar *loop* Jan nou by die parkhekkie in.
 1. (a) “Transvaal *haak*; die agsteman *hou* die bal vas, Natal se flanke *is* onkant en 'n strafskop *word* aan Transvaal *toegeken*.”
 2. Die kantoerwerkers *ry* elke dag per trein stad toe.
 3. Yster *roes* maklik naby die see.
 4. *Dis* Saterdagmiddag. Hennie *weet* al sy maats *kyk* rugby. Dit *hinder* hom nie; hy *werk* aan sy groot plan.
 5. Hulle *vertrek* eerskomende Maandag op pad Wildtuin toe.
 6. Sy *neem* haar jaarlikse verlof van die middel van volgende maand af.
- B
7. Nes ek daardie brak *sien*, *is* ek kwaad.
 8. Net toe hy my *sien*, *het* hy weggehardloop.
 9. Net toe hy my *sien*, *hardloop* hy weg.
 10. So gou soos jy hom *sien*, *roep* jy my.
- C
11. Ons eerste span *het* verlede week weer 'n neerlaag *gely*.
 12. Hy *het* jarelank *gerook* maar (*het*) dit reeds 'n tyd gelede *laat staan*.
 13. Nadat hy sy studie *voltooi* *het*, *het* hy 'n praktyk in die stad *geopen*.
 14. As hy sy werk *afgehandel* *het*, *gaan* hy altyd reguit huis toe.
 15. So gou soos hulle ons huis klaar *gebou* *het*, *trek* ons in.

16. As ek genoeg geld *gehad het*, *het* ek ook nou vir my 'n erf daar teen die rivier *gekoop*.
 17. As ons almal ons deel *gedoen het*, *was* die onderneming nie so 'n klaaglike mislukking nie.
- D.
18. Jannie *kan* nogal vinnig *hardloop*.
 19. Daardie oubasie *kon* in sy jeug goed voetbal *speel*.
 20. Met 'n bietjie goeie wil *kon* hulle al die onsmaklikhede *vermy het*.
 21. Teen hierdie tyd *kan* hulle al hulle bestemming *bereik het*.

7.1 Vormkategorieë by die predikaat

In ons voorbeeldsinne hiervoor sien ons:

- (i) dat ons predikate kry wat uit net een werkwoord bestaan en ander wat uit twee en selfs meer werkwoorde bestaan;
- (ii) dat dié predikate met meer as een werkwoord toon dat daar 'n duidelike verskil in aard tussen die twee of meer werkwoorde in so 'n predikaat is; en
- (iii) dat daar patroonmatige vormverskille by die werkwoord voorkom, maar nie volkome eenvormigheid nie.

Hierdie verskynsels is belangrik vir ons ondersoek en ons het die voorbeelde opsetlik gekies en gerangskik om ons met dié ondersoek te help.

7.1.1

Die sinne in groep A en groep B het predikate (in kursiewe druk) wat telkens uit net één werkwoord bestaan:

Loop, ry, haak, hou, is, weet, sien, roep . . . (maar *word toegeken*).

So 'n een-werkwoord-predikaat noem ons 'n **presens**, ('n woord wat ons uit Latyn kry en wat tradisioneel vir **aanwesigheid** gebruik word, en) 'n term wat dus ook vir die **werkwoordvorm** gebruik word, omdat **dié werkwoordvorm** **meteen ook predikaatvorm** is. 'n Werkwoord wat as 'n presens kan optree, is altyd 'n **hoofwerkwoord**.

Opmerking:

Presens is die naam van 'n werkwoord- en 'n predikaatvorm; nie van 'n "tyd" nie. **Teenwoordige tyd** is die naam van 'n tyd, en dié presens word nie altyd en ook nie net vir die teenwoordige tyd gebruik nie. Ons behandel dit en stel die reëls in §7.2.

Die predikaatvorm *word toegeken* in voorbeeldsin 3 kom in 'n passiewe klous voor met presies dieselfde waardes as wat *ken toe*, die presens, in 'n aktiewe sin het. Ons sê dat *word toegeken* die **passiefkorrelaat** van *toeken* (of *ken toe*) is. In §7.5 behandel ons dit volledig.

7.1.2

Die voorbeeldsinne in groep C toon 'n predikaatvorm wat uit twee werkwoorde bestaan waarvan *het* altyd een is:

het gely, het gerook, voltooi het, het geopen, gehad het . . .

en selfs een met drie werkwoorde: *het laat staan*. Hierdie predikaatvorm noem ons die **perfek** (ook tradisioneel uit die Latyn, maar hier net met die

betekenis “voltooid, afgehandel”, nie “volmaak” nie).

Dit is dus 'n kenmerk van hierdie predikaatvorm dat dit uit *het* plus nog 'n werkwoord bestaan in 'n vorm wat dikwels die premorfeem *ge-* bevat. Die werkwoord wat ons as **presens** en saam met *het* in die **perfek** kry, is ook die werkwoord wat ons in §2.4 as die **sinskern** onderskei het en wat die **sinspatroon** vaslê. Hierdie soort werkwoord is dan 'n **hoofwerkwoord**, terwyl *het* 'n **hulpwerkwoord** is.

Die **perfek** kom in die volgorde *het . . . gely* in sinne/klouse met die onafhanklike woordorde voor, en in die vaste konstruksie soos *gely het* gewoonlik aan die end van klouse met die afhanklike woordorde.

Die **vorm van die hoofwerkwoord** wat ons saam met *het* in die **perfek** kry en wat by baie werkwoorde die premorfeem *ge-* het, word die **voltooide deelwoord** (of ook: verlede deelwoord) van die betrokke werkwoord genoem. Baie werkwoorde kry egter nie 'n *ge-* nie as gevolg van hulle **morfemiese** bou (§7.7.4.1 en §7.7.4.2), maar dié *ge-*lose vorm na *het* is steeds nog 'n voltooide deelwoord (met nulmorfeem gevorm). In *voltooi het* in voorbeeldsin 13 het ons so 'n *ge-*lose voltooide deelwoord.

Opmerking:

Die **perfek** is die naam van 'n predikaatvorm wat net uit *het* plus voltooide deelwoord van die hoofwerkwoord bestaan, soos *het geopen* en *gebou het* (sin 13 en 15). Dieselfde konstruksie kom voor as deel van ander predikaatvorms (soos in groep D, sin 21: *kan bereik het*) waarvan *kan* byvoorbeeld ook deel vorm. Dan is dit nie 'n **perfek** nie; ons noem dit dan 'n **voltooide infinitief** (§7.7.6).

Die **perfek** word nie net vir die **verlede tyd** gebruik nie, en die verlede tyd word ook deur ander predikaatvorme gedra. Die twee terme, **perfek** en **verlede tyd**, slaan nie op dieselfde ding nie.

Die predikaat in die tweede klous in sin 12: *het . . . laat staan* bestaan uit die hulpwerkwoord *het* met twee hoofwerkwoorde, *laat* en *staan*, waarvan geeneen 'n *ge-* het nie hoewel hulle dit as voltooide deelwoorde kan kry. Hier is hulle egter nie voltooide deelwoorde nie maar wel **infinitiewe**, want wanneer 'n predikaat twee hoofwerkwoorde bevat, bestaan die **perfek** uit *het* plus die (twee) infinitiefvorme van die hoofwerkwoorde. Ons sal in §7.4.4 hiernatoe terugkeer.

7.1.3

In sin 17 het die tweede klous, die hoofsin, die predikaat *was*, ook 'n een-woord-predikaat. Maar ons weet dat die presensvorm hiervan *is* is; ons sal sien dat *was* nagenoeg net soos perfekte gebruik word. Ons noem die vorm *was* 'n **imperfek**, ook 'n tradisionele term uit die Latyn met die betekenis “onvoltooid”, hoewel dié term 'n baie onjuiste aanduiding van sy gebruik in Afrikaans gee. Ons ondersoek dié vorm, ook by ander werkwoorde, vollediger in §7.2.5.

7.1.4

In die sinne van groep D kry ons ook predikate met meer as een werk-

woord: 'n **hoofwerkwoord**, hier *hardloop*, *speel*, *vermy* en *bereik*; die **hulpwerkwoord** *het* in twee gevalle in die konstruksie wat ons reeds 'n **voltooide infinitief** (§7.1.2) leer noem het (*vermy het*, *bereik het*), en die vorm *kan* of *kon*, die twee vorme van die **modale hulpwerkwoord** *kan*. Daar is agt modale hulpwerkwoorde (*kan*, *moet*, *wil*, *sal*, *mag*, *durf*, *behoort te*, *hoef te*) wat ons in §7.3 volledig behandel.

Hulle is **hulpwerkwoorde**, want hulle kom nie sonder 'n hoofwerkwoord in 'n sin voor nie (hoewel dié soms net geïmpliseer word), en hulle is **modaal** omdat hulle 'n semantiese waarde in die sin indra wat meebring dat die werkwoordbetekenis in die sin nie verwerklik word nie: In

“Jan kan vinnig hardloop.”

beteken dit nie dat Jan hardloop nie; dit stel net die vermoë. Daar is nog die verskille tussen die modale hulpwerkwoorde enersyds en die hulpwerkwoord *het* andersyds waarop ons in §7.6 wys.

Ons noem alle predikate waarin 'n modale hulpwerkwoord voorkom, 'n **modale predikaat**, waarvan daar vier vorme is:

- kan hardloop* (sin 18) waar *kan* die **onverboë** (of **gewone**) vorm van die modale hulpwerkwoord is — soos al die vorme wat ons hierbo van die ag aangegee het — en *hardloop* 'n **infinitief** van die hoofwerkwoord is;
- kon speel* (sin 19) waar *kon* die **verboë** vorm van die modale hulpwerkwoord is (soos ook *moes*, *wou*, *sou*, en soms *mog*) en *speel* steeds 'n infinitief;
- kon vermy het* (sin 20) met die **verboë** vorm *kon* en die **voltooide infinitief** (§7.1.2, Opm.) *vermy het*;
- kan bereik het* (sin 21) met die onverboë vorm *kan* en die voltooide infinitief *bereik het*.

Opmerking:

'n Geldige vraag is: Waarom onderskei ons 'n **presens** van 'n **infinitief**, as die vorme tog eenders lyk:

Hy *doen* sy werk. ≠ Hy wil sy werk *doen*.

of 'n **perfek** van 'n voltooide infinitief?

So gou soos hy sy werk *gedoen het*, sal hy terugkom.

Hy wou die werk self *gedoen het*, maar het nie tyd gehad nie.

Die antwoord is: Hoewel die presens en die infinitief by **amper** alle werkwoorde eenders lyk, is daar twee werkwoorde waarvan die vorme verskil en wat nie weggewens kan word nie:

Hy *is* al oud. ≠ Hy wil nie oud *wees* nie.

en: Hy *het* genoeg geld. ≠ Hy wil nie moeilikheid *hê* nie.

Daarby is daar die sintaktiese verskil tussen die twee: die presens is 'n predikaat; die infinitief vorm **deel** van 'n predikaat. Dieselfde gebruiksverskil bestaan tussen die perfek en die voltooide infinitief.

7.1.5

Nog iets hoort hierby: In §2.12 het ons o.a. na die “finiete werkwoord” verwys as die “eerste werkwoordlid van die predikaat”, die werkwoord wat in 'n onafhanklike sin onmiddellik langs (vóór of ná) die onderwerp

staan. Noudat ons die vormkategorieë by die predikaat *ken*, is dit goed om bewustelik daarop te let dat net in die geval van die presens en die imperfek ons 'n hoofwerkwoord as finiete werkwoord het. In die perfek is *het* die finiete werkwoord, en by modale predikate is die modale hulpwerkwoord die finiete werkwoord.

Hieruit vloei voort: 'n presens is noodsaaklikerwys 'n finiete werkwoord en moet van 'n infinitief onderskei bly.

7.1.6

Saamgevat lyk die vormkategorieë dus só:

(a) Soorte werkwoorde:

(i) Hoofwerkwoorde: *staan, doen, hê, wees* . . .

(ii) Hulpwerkwoorde: I: by die perfek: *het*

II: modale: *kan, wil* . . . (daar is 8)

III: by die passief: *wees, word* (sien §7.5)

(b) Werkwoordvorme (§7.7):

(i) Infinitief: *doen, verlang, hê, wees* . . .

(ii) Presens: *doen, verlang, het, is* . . .

(iii) Imperfek: *was, had, wis, dog/dag*

(iv) Voltooide deelwoord: *gedoen, verlang, gehad, gewees* . . .

(v) Voltooide infinitief: *gedoen het, verlang het, gehad het, gewees het*

. . .

(vi) Onvoltooide deelwoord: *doende, verlangende, hebbende, synde*
(maar wat nooit in Afrikaans as predikaat of as deel daarvan gebruik word nie, en waarvan ons in §7.7 die gebruike sal vind.)

(c) Predikaatvorme:

(i) Presens: *doen, verlang, het, is* . . .

(ii) Perfek: *het gedoen, het verlang, het gehad, het gewees* . . .

(iii) Imperfek: *was* . . .

(iv) Modale predikate: *kan doen*

kon doen

kan gedoen het

kan gedoen het

7.2 Betekeniskategorieë by die predikaat

Daar is drie betekeniskategorieë wat in elke sin gelyktydig en saam op die taalgebruiker 'n invloed uitoefen by die keuse van die predikaatvorm. Hoewel hierdie keuse vir die moedertaalspreker gewoonlik nagenoeg spontaan geskied, bestee taalgevoelige denkers dikwels heelwat oorleg hieraan, soos handskrifproewe van digters en skrywers en, vir Afrikaans, die aantekeninge van Bybelvertalers getuig.

Die drie semantiese kategorieë staan as **tyd**, **aspek** en **modaliteit** bekend, en hoewel hulle saam optree, moet ons hulle uiteraard afsonderlik bekijk.

Alvorens ons daartoe oorgaan, moet drie gesigspunte wat op al drie betrekking het, gestel word:

Eerstens: Hoewel al drie altyd agterna bewustelik onderskei kan word, is

daar 'n **hiërargie** wat by elke sin of klous bepaal watter één van hulle **dominant** is, d.w.s. deurslaggewend is en die invloed van die ander twee op die agtergrond druk. In Afrikaans word die **tyd** veral maklik verdring, terwyl bepaalde modaliteite weer maklik dominant word. Ons sal dit op geleë plekke uitwys.

Tweedens: In die konteks sal daar êrens aanduidings wees wat betreklik ondubbelsinnig uitsluitel gee oor al drie betekeniskategorieë; soms by implikasie, soms eksplisiet. **Veral bywoorde en voegwoorde speel hier 'n belangrike rol; trouens, predikaatvorme konformeer gewoonlik maar net met tyds-, aspek- en modale waardes wat deur bywoordelike bepalings en voegwoorde ingegee is.** Veral vir Afrikaans is dit dus nie korrek om te sê dat predikaatvorme (sê maar) 'n sekere "tyd aandui" nie; die bywoord êrens in die konteks "dui dit aan"; die predikaat konformeer net daarmee.

Derdens: Van die voorgaande moet ons nou nie aflei dat iemand met fisika-apparaat kan gaan meet en die keuse bepaal nie. Die **bedoeling van die spreker/skrywer is altyd deurslaggewend**; hy gebruik die taal as sy kommunikasiemiddel. Ons sal (veral by aspek en modaliteit) dié neiging uitwys.

Nou kan ons na die eerste betekeniskategorie kyk.

7.2.1 Tyd:

Soos amper alle woorde het die woord "tyd" ook verskillende gebruike wat dit polisemies maak: "'n langen benoude tyd beleef", "die tyd van Jan van Riebeeck" en "die tyd van die dag". Maar **tyd in die grammatika het net betrekking op die verhouding tussen die tyd waarop gepraat word en die tyd waarvan gepraat word**, maar ook op die oorkoepelende tyd en die tydlose. Die taal maak nie van elke oomblik 'n ander grammatiese tyd nie; daar word slegs drie onderskei: dié wat hoort tot die **verlede** of die verbygegane; tot die huidige of die hede of die **teenwoordige**, en tot die **toekomende** of die toekoms. Daarbuite lê die **tydelose**, die **atemporele**.

7.2.1.1 Die teen(s)woordige tyd

kry ons as die spreker sê wat op die oomblik van vertel plaasvind deur met bywoordelike bepalings soos *nou*, *tans*, *op die oomblik*, *vir die huidige* . . . die gebeure in tydsperspektief te plaas.

Sin 1 (by ons voorbeeldsinne op bl. 126) is daarvan 'n voorbeeld:

- A Daar *loop* Jan nou by die parkhekkie in.
Die "egte" teenwoordige tyd kom maar selde voor; wel in die sogenaamde "lopende beskrywing", veral by sportwedstryde, soos in ons voorbeeldsin 1(a):
- B "Transvaal *haak*; die agsteman *hou* die bal vas, Natal se flanke *is* onkant en 'n strafskop *word* aan Transvaal *toegeken* . . ."
Die teenwoordige tyd kom meer dikwels voor in meldings wat **rondom die huidige geld**:
- C Jan *is* te lui; terwyl ons nou hier *werk*, *sal* hy natuurlik weer êrens in die koelte *wegkruip*.

- D As ek so slim soos hy *was*, *het* ek ook so min *geleer* en nog altyd hoë punte *behaal*.
- E Ek *wil* om verskoning *vra* vir die afwesigheid van mnr. Botes; hy *moet* vanaand sy firma by 'n vergadering elders *verteenwoordig*.

Ons merk in sinne soos A en B dat die **presens** gebruik word, en ook in C, waar die laaste klous egter 'n modale inhoud het wat die gebruik van die modale hulpwerkwoord *sal* meebring, soos ook *wil* en *moet* in E. Maar in D kry ons die imperfek *was* en die perfekte *het* *geleer* en (*het*) *behaal*; vorme wat gekies word as gevolg van die **modaliteit** (§7.2.3): 'n voorwaarde waaraan nie voldoen kan word nie (ons sê: 'n onegte voorwaarde) sodat die afloop ook onmoontlik is. Hier is die besondere **modaliteit dominant** en bepaal die predikaatvorm.

7.2.1.2 Die verlede tyd

kry ons in vertellings uit die vergange tyd, ongeag hóé lank gelede:

- A Ons eerste span *het* verlede week weer 'n neerlaag *gely*. (Sin 11)
- B **Toe/nadat** hy sy studie *voltooi* *het*, *het* hy 'n praktyk in die stad *geopen*. (Sin 13)
- C **Toe/terwyl** die eerste blankes hierdie land *verken* *het*, *het* hulle dikwels met roofdiere slaags *geraak*.
- D **Toe Simon van der Stel van die koperberge** *hoor*, *het* hy 'n ekspedisie *gereël* want hy *wou* self *gaan* *kyk*.

7.2.1.2.1

Ons merk in hierdie sinne dat daar goeie rede is om 'n samehang tussen die perfek en die verlede tyd te sien: in die A-sin móét ons 'n perfek gebruik as dit die hele mededeling is. Die hoofsinne in B, C en D (hulle is in gewone druk) het ook almal perfekte, hoewel B en D maklik presense kan hê (sien "historiese presens" hieronder):

Nadat hy sy studie *voltooi* *het*, *open* hy toe 'n praktyk in die stad. Die bysinne (wat in swaar druk staan) is interessant: In D het die bysin die presens *hoor*, en geen Afrikaanssprekende sal die perfek daar gebruik nie, net soos hy weer in B se bysin nooit 'n presens sal gebruik nie. Die rede lê in die aspek-verhoudings, waarna ons in §7.2.2 kyk.

Nog ander predikaatvorme kom in die verlede tyd voor, soos die modale predikaat in sin 19, wat baie algemeen is (sien §7.3):

- E Daardie oubasie *kon* in sy jeug goed voetbal *speel*.

Maar ook

- F Die Boesmans *sal/moet* in die Kalahari soms maar koud *gekry* *het*, want daar *was* altyd maar min skuiling.

waar die besondere modale predikaat 'n aanneemlike veronderstelling, 'n aanvaarding, aandui (§7.3.2.5).

7.2.1.2.2 Die historiese presens: 'n stilistiese gebruik

In die volgende soort sin kry ons 'n presens, want die verteller probeer sy vertelling aktueler en onmiddelliker maak:

G Daardie oggend *neem* hy sy koffertjie soos gewoonlik en *draf* skool toe

Dis 'n storie en daarom klaarblyklik in die verlede tyd, soos ook deur *daardie oggend* bevestig word, maar presensvorme word gebruik. Hierdie gebruik word die **historiese presens** genoem en vereis vollediger bespreking.

'n Baie belangrike onderskeiding is dié tussen vorme wat op **grammatiese voorskrif** gebruik word enersyds, teenoor dié wat om **stilistiese oorewegings** gekies word. (Met "grammatiese voorskrif" word nie die voorskrif van 'n grammatikus of 'n grammatikaboek bedoel nie; wel die taalvorm wat deur die taal self en die "intuïtiewe grammatika" van die taalgemeenskap as die korrekte aanvaar word.)

By die onderhawige vorme, die presens en die perfek, kan ons dit só saamvat: Daar is gevalle in die taalgebruik waar 'n sekere vorm (óf presens óf perfek) vereis word — waar die gebruik van die ander nie geduld word nie, dus ongrammaties is — soos ons in die voorgaande en volgende paragrawe probeer aantoon. Só sê ons bv.:

A Ons *het* verlede Saterdag *gaan* visvang. maar nie

* Ons gaan verlede Saterdag visvang. nie.

As jy bedoel dat dit op die huidige nog so is, moet jy sê:

B Kinders *speel* deesdae saans lekker buite. en nie

* Kinders het deesdae saans lekker buite gespeel. nie.

As jy wil sê

C Toe hy weer 'n keer daaroor *dink*, *sien* hy dit beter.

kán jy nie maar ewe goed sê

D Toe hy weer 'n keer daaroor *gedink* *het*, *sien* hy dit beter.

nie, want nou sê jy iets anders. Maar niemand anders kan vir jou **vooruit** sê (by C en D) wat jy moet kies nie, want slegs uit jou keuse blyk wát jy wou sê.

Maar nou is daar ook gevalle waar die verteller 'n keuse het tussen die twee vorme, 'n keuse wat uit **stilistiese oorewegings** spruit.

As hy rustig vertel en dit hoofsaaklik om die feitlike van die gebeure gaan, sal hy dikwels taamlik deurgaans die perfek gebruik, met imperfekte en verboë vorme by dié werkwoorde wat dié vorm nog het (*was*, *kon*, *wou*, *moes*). N.P. v.W. Louw vertel in sy epos *Raka* konsekwent in die perfek en imperfek.

As die verteller daarenteen 'n dramatiese effek soek en probeer om die leser/hoorder in die uiterlike gebeure te laat meeleef, gebruik hy meestal die presens; ons voel dié gebruik aan as 'n poging om die gebeure náder te bring, onmiddelliker te maak. Daarom is 'n naam soos "dramatiese presens" reeds voorgestel as miskien 'n presieser beskrywing van dié aanwending as die naam **historiese presens** wat tans algemeen daarvoor gebruik word. In verreweg die meeste vertellings in Afrikaans vind ons dié gebruik.

Belangrik: Die term **historiese presens** is nie die naam vir die predikaatvorm wat in dié soort gebruik voorkom nie; die predikaatvorm is die presens. Wanneer 'n spreker/skrywer presensvorme in 'n storie, 'n historiese vertelling, gebruik om daardeur 'n sterker dramatiese effek te bereik, is sy vertelling in die historiese presens. Dit kan dus net voorkom in 'n

vertelling wat uit (heelwat) meer as net een enkelvoudige sin bestaan, en dan ook **net in hoofsinne**, newegeskikte hoofsinne en enkelvoudige sinne. As 'n presens in 'n bysin voorkom, is dit (met seldsame uitsonderings, sien §7.2.2.2, opmerking (iv)) nie historiese presens nie; dit is dan op grammatiese voorskrif. Die gebruik bly dus onderhewig aan die grammatika van die presens en die perfek (waarvan dit soms die plek neem) wat ons hier probeer beskryf. Byvoorbeeld uit Jan Rabie se *Mens-Alleen* (1978), bl. 57—58:

“Die gevoel van futiliteit, van in 'n lugleegte wag, is só sterk dat hy sy lip byt. Nou bloei dit, dink hy. Hy gaan weer sit. Die dik suur ruik roep weer die ou, suwwe doolhof van nabetragtende neerslagtigheid op: hoewel hy bloot 'n toeskouer by die professor en die arbeiders en selfs bo in die ateljee by Migal was — ja, selfs daar was hy in die pad — het hy tog vermoed dat alles wat in sy teenwoordigheid gebeur, hom op 'n dringende manier raak. Êrens onder die verwarde sekondes sluip 'n betekenis wat hy slegs aanvoel as 'n groeiende ongeduld wat aan paniek grens. En so pas in die binnehof . . . Hy sit senuweeagtig bewus van dwarsboming en 'n spotterny sonder naam. Wanneer laas het hy iets met sy hele wese gedoen, bly en eenvoudig, wanneer laas was hy so volkome soos 'n boom wat geplant in die aarde en die hemel staan? . . .”

Let op: die “nou” in die tweede sin: “Nou bloei dit, dink hy.” staan eintlik in die “direkte rede” en is nie 'n bywoord wat die res van die vertelling raak nie. Die werklike vertelling is in die historiese presens, maar die twee imperfekte “was” (in en vóór die klous tussen aandagstrepe) en die perfek “het . . . vermoed” net daarna, verwys na voorafgaande sake, sake wat aan die res in die vertelling voorafgaan. En in die laaste aangehaalde sin bring die gebruik van die bywoord “laas” die verpligte gebruik van die perfek mee (sien §7.2.2.2 Opm. B iii).

Vgl. daarteenoor in *Raka* (1941) bl. 53—54:

“. . . net een *het* deur die nag
toe die dodefees luid by die bierpotte *was*
langs die stil Koki *gesit* en met pluksels gras
sy liggaam *gereinig* waar hy gebreek *was* en bevuil
deur Raka, die bouse; en sy *het* nie *gehuil* . . .
die oudste van die vroue wat veel *bewaar*
van die stam se herinnerings en van sy swaar,
en met hul liedere die kinders en die jong seuns *voed*
soos aan 'n naelstring van sagte, kloppende bloed
in die skemeraande . . . sy 't stil *gesing* . . .”

waar met perfekte (in kursiewe druk) vertel word, maar waar presense (in swaar kursiewe druk) voorkom as dit gaan om die tiperende gebruik van die predikate.

Ook in *Raka*, bl. 55:

“. . . En nou
het sy die lied stil en laag gehou;

van die verlore menslikheid; van die klein kraal
 wat in die swart bome lê en snags *straat*
 met sy vure; en sy 't *geklae*: wie hom nou *sal red*
 teen die groot dier wat *wag*, wié *sal belet*
 dat hy *inkom* en *heers*?"

Let op dat Van Wyk Louw met die perfek vertel (het — gehou) ondanks sy bywoord "*nou*"; maar die predikate in skuins druk is in die presensvorm omdat hier die byvoeglike bysin dit vereis (lê, straat, wag); die predikate in swaar kursiewe druk in die laaste drie verse is ook presense en onverboë modale predikate omdat dit eintlik die ou vrou se eie woorde (direkte rede) is.

Hierby sluit twee ander gebruike van die presens in vertellings in die verlede tyd aan, maar daar is tog duidelike verskille:

7.2.1.2.3

Eerstens wat ons, by gebrek aan 'n beter term, die "kwasie-lopende beskrywing" kan noem. Ons voorbeeldsin 4 gee 'n aanduiding: die skrywer stel dit voor asof hy en sy lesers saam met die persone in sy verhaal van die een na die ander gebeurtenis beweeg, altyd onmiddellik aanwesig by alles. Bywoorde soos "nou, net hier . . ." neem 'n groot plek in sulke vertellings in in 'n poging om die illusie van teenwoordigheid te versterk. Omdat tog nie alles in 'n storie vertel kan word en nie van elke oomblik verslag gedoen kan word nie, spring hierdie "lopende beskrywing" tog ook oor baie van die tyd en die handeling heen. Maar hoofsaak is: die presens word deurgaans gebruik asof die gebeure **nou in ons teenwoordigheid** plaasvind, soos in ons "gemaakte" voorbeeldsin 4:

"Dis Saterdagmiddag. Hennie *weet* al sy maats *kyk* rugby. Dit *hinder* hom nie; hy *werk* aan sy groot plan."

En dan sal die verteller voortgaan om te vertel wat hier voor ons oë met en om Hennie plaasvind! Daar is baie sulke vertellings in ons literatuur, veral wanneer dit op kinderlesers gemik is. Meestal word dié trant nie dwarsdeur volgehou nie (dit is nogal sielododend as stylmiddel!), omdat die skrywer se "alwetendheid" uiteraard daaronder ly. Sangiro se In die Oerwoud (*Uit Oerwoud en Vlakte*) is 'n voorbeeld, soos ook Jan F.E. Cilliers se idille *Martjie*. Die volgende uit C.M. van den Heever se *Somer* (1938) bl. 53—54 illustreer dit:

"Maar in die hitte-golwing *is* daar opeens lewe. Oom Tom se stem *klink* deur die lome stilte, en van verskillende plekke *kom* die snyers Daar *is* nie lank kans om te rus nie, want vak na vak koring *word* nou ryp, die are slaan uit en dit *is* nou kromstaan deur die hewigste hitte"

7.2.1.2.4

Tweedens kom iets soortgelyks voor by geskiedenis-skrywers, veral waar dit om biografiese besonderhede gaan wat opsommend aangebied word; iets in die volgende trant:

“XXX se jeug word op Middelburg deurgebring. Op sesjarige leeftyd gaan hy skool toe en behaal sy graad in 1922. Twee jaar later word hy tot die balie toegelaat. Hy vestig hom in 1932 te Heidelberg, waar hy die volgende jaar met YY trou . . .”

Let wel: hier, soos by die gebruik van die historiese presens, word geen poging aangewend om die “gebeure in die verlede” te verdoesel nie; hier word konsekwent chronologies vertel met presensvorme maar met verlede-tydsbywoorde; die historiese presens vertel ook met presensvorme en verledetydsbywoorde, maar met ’n “planmatige inkonsekwensie”, terwyl die “kwasie-lopende beskrywing” die teenwoordigetydsvoorstelling heeltemal (probeer) deurvoer.

7.2.1.2.5

Nog een styltruuk by die verlede tyd kom voor by die oordra van feitelike gegewens, ook veral in opsommende geskiedenisbeskrywing, in die volgende vorm:

“In 17xy verlaat Van Gemert die Kaap vir Oos-Indië, waar hy groot opgang in die administrasie *sou maak*.”

Hierdie *sou maak* beteken dieselfde as *gemaak het*, maar die verteller wil nie die vertelperspektief te vinnig of te ver vooruitskuif nie; vandaar die modale hulpwerkwoord *sou* met die toekomsdimensie in sy betekenis.

Iemand het eenkeer gesê dat die perfek met sy eenvormige “het ge-” die voortbring van die “groot verhaal” in Afrikaans bemoeilik. Miskien steek daar waarheid in; aan die uitweë wat gekies word, lyk dit byna so! (Maar in verskeie Wes-Europese tale is daar tekens dat hulle in vertellings — veral in die spreektaal — die Afrikaanse predikaatpatroon volg!)

In teenstelling met die dramatiese of die verlewendigende effekte wat vertellers met die gebruik van die presens probeer bereik, staan die starre, selfs emosielose en daarom (vir sekere doeleindes) doeltreffende gebruik van perfekte in chronologiese mededeling, soos Chris Barnard in *Mahala*:

“Hy *het* sy hande voor hom *uitgesteek* en in die donker teen die muur *rondgetas* op soek na die masker. Sy regterhand *het* aan die sensa se snare *geraak* en ’n yl noot deur die vertrek *laat tril*. Hy *het* daarna *staan* en luister, bang dat iemand anders dit *sou hoor*, totdat die geluid heeltemal *weggesterf het*. Toe *het* hy die masker *afgehaal* en dit diep onder die naaste stoelkussing *ingedruk* . . .” (bl.76—77)

en met imperfekte:

“Daar *was* meubels. Maar die agterdeur *was* oopgebreek en party van die kamers *was* leeg. Van die oorblywende meubels *was* stukkend, en alles *was* toe onder ’n dik laag stof. Die vloere *was* swart van vlermuismis en daar *was* perdebyneste teen die mure.” (bl. 73)

7.2.1.3 Die toekomende tyd

kry ons waar die mededeling gaan om wat voorlê. Die keuse van die predikaatvorm hang grootliks van die mate van **stelligheid** en van die houding van die spreker af. Daarom word daar ook ruim van die seman-

tiese waardes van die modale hulpwerkwoorde gebruik gemaak. Wanneer 'n blote **feitelikheid** gestel word wat vir die spreker geen onsekerheid inhou nie, word die **presens vir die toekomende tyd** gebruik:

- A Hulle *vertrek* eerskomende Maandag op pad Wildtuin toe. (Sin 5)
- B Sy *neem* haar jaarlikse verlof van die middel van volgende Maandag af. (Sin 6)
- C Die laaste toetswedstryd *vind* Saterdag plaas.
- D Hy *gaan* 'n nuwe voorhekkie *aansit*.

Die werkwoord *gaan* word dikwels saam met die hoofwerkwoord gebruik om sulke vaste voornemens oor te dra, maar ook vir ander betekenisse. Ons behandel dié woord in §7.4.4.2.

As die spreker 'n ietwat spekulatiewe voorneme stel of 'n bewering met 'n geringe mate van onsekerheid maak, kry ons sinne soos:

- E Die Premier *sal* by dié vergadering 'n belangrike verklaring *doen*.
- F Sy *sal* jou *help* as jy haar *vra*.
- G Hulle *wil* ook nog graag die dieretuin *besoek*.

Met groter onsekerheid:

- H Sy *mag* daartoe *inwillig* as jy haar *kan oortuig*.

Dit kan ook 'n verpligting wees wat nog voorlê:

- I Sy *moet* nog die week se voorraad *gaan koop*.

In §7.3 gaan ons vollediger op die semantiese waardes en gebruike van die modale hulpwerkwoorde in.

Ook in die toekomende tyd het **aspekverhoudings** (§7.2.2) 'n deurslaggewende invloed in die keuse van die predikaat in die bysin:

- J So gou soos hulle ons nuwe huis klaar *gebou het*, *trek* ons in.

Die handeling in die bysin (die bouery) gaan aan dié van die hoofsin (die intrekke) vooraf; vandaar die **perfek** in 'n sin in die toekomende tyd.

7.2.1.4 Buitetydse gebruik

In baie uitinge is die tyd (verlede, teenwoordige of toekomende) nie uit te wys nie; dit gaan oor twee van hulle of oor al drie heen en is wesenlik nie 'n faktor in die uiting nie. Dan sê ons die uiting is **atemporeel**, soos

- (a) waar tyd bysaak of glad nie ter sake is nie:

Hy *ry (het)* elke dag per trein werk toe (*gery*).

Hy *drink* graag koffie na middagete. (of: *het . . . gedrink*)

Sy *speel* nie meer hokkie nie.

Sy *dra* graag rooi.

Hy *rook* duur sigare.

As Gerhard Viviers so *gil*, *kan* jy maar *weet* iemand *is* op pad doellyn toe.

'n Werksman wat sy plig *doen/gedoen het*, *verdien* sy loon.

Hier gaan dit om iets wat by herhaling of as gewoonte of as veralgemening rondom die tyd waarvan hy praat, gestel word. Ons kan dit die **tiperende** of **karakteriserende** gebruik noem; enige predikaatvorm kom voor.

- (b) waar dit 'n algemene waarheid of wetenskaplike feit geld, en hier het

ons met die **tydelose** gebruik te doen; net die **presens** word gebruik:

Water *vloei* nie hoogte op nie.

Die aarde *wentel* om die son.

Yster *roes* gou by die see.

Hoendereiers *broei* in drie weke uit.

Belangrik: In Afrikaans het die werkwoord nie tyd of tydsvorme nie; die tyd van 'n sin merk ons uit die bywoord (nou, toe, gister, môre, vroeër . . .) of die konteks waarin dit voorkom. Slegs by uitinge waarin net een predikaat voorkom (d.w.s. in 'n alleenstaande enkelvoudige sin) word die predikaatvorm deur die tyd alleen bepaal (§7.2.4).

7.2.2 *Aspek*

Hier het ons met die **stand** van die werkwoordelike inhoude te doen. So kan gebeure voortduur (duratief wees) of momentaan voorkom; dit kan voltooid of onvoltooid wees; dit kan begin of eindig; dit kan eenmalig of herhalend wees, en baie ander.

Die aspekverskille kan op die **leksikale betekenis** van die werkwoorde berus of op die **aspektuele semantiese waardes** van sommige predikaatkonstruksies (wat ons in §7.4.6 tot 7.4.9 bekyk), of dit kan van die aspekverhouding tussen die gebeure in die sin of die konteks afhang na gelang van die bedoeling van die spreker; hier kyk ons net na laasgenoemde.

By tyd gaan dit om die verhouding tussen die tyd waarop en die tyd waarvàn vertel word; by aspek gaan dit om die verhouding tussen die tye waarop dinge in die vertelling plaasvind.

7.2.2.1

In hoofsinne het aspek selde 'n duidelike invloed op die keuse van die predikaatvorm; in feitelike sinne is tyd gewoonlik in die hoofsin dominant: die presens vir die teenwoordige en die toekomstige tyd; die perfek of (historiese) presens vir die verlede tyd. Maar in 'n beperkte gebruik is die situasie só dat die afgehandelheid hom opdring, ook in 'n hoofsin:

“(Tot 'n halfeeu gelede het die boer sy begaafde seuns laat leer vir advokaat, predikant of onderwyser, en die minder begaafde was goed genoeg vir die boerdery.) Vandag *het* dié toestand heeltemal *verander*.”

Hoewel dit om **vandag** gaan, praat ons van 'n afgehandelde “verandering”, 'n proses wat voltooi is; vandaar die perfek *het verander*. Gebruik ons 'n werkwoord wat nie op die **proses** slaan nie maar op die **toestand** van vandag, gebruik ons 'n presens:

“... Vandag *is* die toestand heeltemal anders.”

of bv.

“... Vandag *deug* dit net nie meer nie.”

7.2.2.2

In bysinne is aspek dominant by die keuse van predikaatvorme, en die opposisie gelyktydig $\neq$ afgehandel bepaal die keuse tussen **presens** $\neq$ **perfek/imperfek**, só: **ongeag die tyd** (verlede, teenwoordig of toekomstig) sal ons

- (a) in 'n bysin waarvan die gebeure aan dié van die hoofsin **voorafgaan**, die **perfek/imperfek** gebruik:

Toe hy die gemors **opgeruim het**, *het* hy huis toe **gegaan**. (verlede)
Omdat hy sy toegangskaartjie **vergeet het**, *gaan* hy dit eers gou **haal**. (teenwoordig)

As iemand straf **verdien het**, *kry* hy dit. (algemeen, tiperend)

Wanneer hy klaar **gesaai het**, *kan* hy weer 'n bietjie **rus**. (toekomend)

As jy by die hospitaal **was**, *kan* jy ons van sy toestand **kom vertel**. (toekomend)

- (b) in 'n bysin waarvan die gebeure **gelyktydig** met dié in die hoofsin plaasvind, die **presens** gebruik:

Toe hy die gemors **opruim**, *het* hy homself oor sy lompheid **verwens**. (verlede)

Let op daar: soos hy verder **loop**, *kyk* hy gedurig om. (teenwoordig)

Omdat Oom Sarel-hulle vanaand hierheen **kom**, *moet* julle jul goed **gedra**. (toekomend)

Voorbeelde uit die natuurlike taalgebruik is volop, soos die volgende uit *Mahala* van Chris Barnard:

A “...; 'n huis waarin jy **geslaap het** en vir Fernando **dopgehou het** en **gedink het** en nooit **gepraat het** nie en **gewag het** op môre terwyl jy gister **probeer onthou**.” (bl. 57: 'n reeks perfekte met 'n presens in die bysin op die end.)

B “Die lug **was** lou en dit **het gevoel** asof die donkerte taai aan hulle lywe **kleef**; die donkerte **het** Delport die gevoel **gegee** hy **kry** nie asem nie en hy **was** ongeduldig dat Rodrique die lamp **moet opsteek**.” (bl. 26: drie bysinne met presense by die hoofsinne met perfekte/imperfek ingelyf.)

Opmerking:

- A In al die sinne in die **verlede tyd** kan die perfek/imperfek in die hoofsinne deur die (historiese) presens vervang word as die sin deel van 'n groter vertelling is, sonder enige betekeniswysiging:

Toe hy die gemors **opgeruim het**, *gaan* hy huis toe (en *vind*. . .)

Toe hy die gemors **opruim**, *verwens* hy homself oor sy lompheid (en *dink* . . .)

Maar die perfekte in die bysinne kan nie verander word sonder om die inhoud te verander of die sin ongrammaties te maak nie:

* Toe hy die gemors opruim, *het* hy huis toe **gegaan**.

* Toe hy die gemors opruim, *gaan* hy huis toe en **vind** . . .

* Nadat jy deur brakslote ry, *moet* jy jou motor goed afspuit.

- B Die geldigheid van die voorgaande algemene reël i.s. die keuse van predikaatvorme in by- en hoofsinne word deur verskeie ander aspek-tuele invloede beperk:

- (i) Die leksikale betekenis van woorde soos **voltooi** bring mee dat ons dieselfde sê met

So gou soos hulle die huis **voltooi/voltooi het**, trek ons in.

Maar as ons sê:

So gou soos hulle die huis *afgewerk het*, trek ons in.
is dit iets anders as:

So gou soos hulle die huis *afwerk*, trek ons in.

- (ii) Saam met die voegwoord *terwyl* (en dalk ander) veroorsaak die leksikale (aspek-) betekenis van sommige werkwoorde sekere keuses; toets die alternatiewe in die volgende:

Terwyl hy *werk*, *het* hy *gefluit*. (presens + perfek)

Terwyl hy aan die verslag *geskryf het*, *het* hy nie tyd vir sport *gehad* nie. (perfek + perfek)

- (iii) Ons sê:

Toe hy my *sien*, *hardloop* hy weg.

of: Toe hy my *sien*, *het* hy *weggehardloop*.

maar nie:

* Toe hy my gesien het, hardloop (het) hy weg (gehardloop).
nie, as ons dieselfde wil sê nie.

Maar ons sê wel:

Toe ek hom *laas gesien het*, *het* hy met krukke *geloop*.
en ons kan nie sê:

* Toe ek hom laas sien, het hy met krukke geloop.
nie. Dalk is daar ander (by-)woorde wat ook so 'n invloed soos
laas uitoefen.

- (iv) Die voegwoorde *voordat* en *alvorens* gooi die tydverhoudings om; dit gebeur ook in sommige sinne met *doel-*, *gevolg-* en *voorwaardeverhoudings*. Dan tree die predikaatvorme soos in chronologiese vertellings op (maar is net merkbaar in die verlede tyd met perfekte/imperfekte):

Voordat hy uit sy betrekking *bedank het*, *het* hy darem eers 'n ander werk *gesoek*.

Hy *het* baie hard *gewerk sodat* hy *kon slaag*.

As dit warm *was*, *het* ons onder die bome *gerus*.

As ons te warm *gekry het*, *het* ons koeltekolle *gesoek*.

of: *As* ons te warm *kry*, *het* ons koeltekolle *gesoek*.

teenoor *Toe* ons te warm *kry*, *het* ons koelte *gesoek*.

"Die lewe *het* so algeheel uit haar bleek oë *weggesink* dat sy soos 'n kadaver *lyk* . . . (Jan Rabie: *Mens-Alleen*, bl. 58)

'n Volledige ondersoek sal dalk nog ander bindinge aantoon.

7.2.3 Modaliteit

Dit moet meteens beklemtoon word: die begrip modaliteit omvat **alle** nuanseringe van die spreker/skrywer se gesteldheid teenoor die feitelike staat van sy uitinge/sinne. Dus sal alles wat die sin seker of onseker, stellig of bedenklik, moontlik of onmoontlik, waarskynlik of onwaarskynlik, bevestigend of ontkenkend maak, en alles wat 'n wenslikheid, vermoë, verpligting, drang of geneentheid en verwante begrippe as beperkinge of uitbreidings van die sinsinhoud gee, **modale begrippe** wees.

7.2.3.1

Net soos by tyd en aspek, is daar by modaliteit ook woorde met **modale leksikale betekenis**. Daaronder is **bywoorde** soos:

- A Hy sal *beslis/miskien* die naweek kom.
- B Hy het *glad nie/seker nie* daarvan geweet nie.
- C *Ja*, sy het *nie* dié stuk getik *nie*.

en **werkwoorde** soos:

- D Hy *hoop* dat dit vorentoe makliker sal gaan.
- E Ek *wens* ek het dit gesien.
- F Sy *verwag* om binnekort van hulle te hoor.

sowel as die **modale hulpwerkwoorde** soos:

- G Hulle *mag* Saterdaggaande uitgaan.
- H Ons *behoort* so iets nie te doen nie. (Sien §7.3)

en ook **voegwoorde** soos:

- I Ek sal saamgaan *as* julle nie te gou vertrek nie.
- J Hy maak *asof* hy die enigste werker is.

As ons hier sê dat woorde soos die skuins gedruktes **modaal in betekenis** is, verstaan ons daaronder dat hulle **self** of die **sin** waarin hulle voorkom, modaal is. En ofskoon modaliteit op alle grade van stelligheid betrekking het, het dit gewoonte geword om eintlik slegs van modale betekeniswaardes te praat as die sin **nie-feitelik** is.

7.2.3.2

Daarnaas het die modaliteit soms 'n uitwerking op die keuse van 'n predikaatvorm. In die klassieke tale en enkele verwante moderne tale (soos o.a. Duits en Frans) is daar verskillende predikaat- en werkwoordvorme wat deur die modaliteit gedetermineer word; 'n verskynsel wat deel vorm van die tradisie van die taalfamilie waartoe Afrikaans (en Engels) behoort, maar slegs enkele reste — nietemin baie lewend — het daarvan in Afrikaans oorgebly in ons predikaatvorme.

Van die volgende vind ons genoeg invloede in Afrikaans om dit as sub-kategorieë te sien:

- A Waar die sin volkome **feitelik, stellig** is, kan ons dit in die modale tradisie die **indikatief** (aantonende wyse) noem. Die predikaatvorme is hier die “gewone” in teenstelling tot die besondere wat soms by die ander onderskeibaar is. Voorbeelde (in sinne wat die korrelasie met die ander sal toon) is die volgende:
 - A.1 Jan *is* sterk.
 - A.2 Sy *kan* goed *hekel*.
 - A.3 Hy *gaan* saam met ons.
- B Waar die sin 'n **bevelsin** is (§2.9), staan dit in die **imperatief** (bevelende wyse), en dit bevat nie eksplisiet 'n onderwerp nie. Hierby merk ons veral drie sake op:
 - B.1 In positiewe bevele is die vorm van die selfstandige werkwoord gewoonlik dieselfde as in die indikatief, soos:
Hekel asseblief vir my ook so 'n kleedjie!

Gaan saam met ons, jong!

- B.2 Maar 'n bevel met die koppelwerkwoord *wees* gebruik 'n werkwoordvorm wat met die infinitief ooreenkom, maar wat nou 'n predikaatvorm ('n finiete ww.) is:

Wees sterk as die versoekings kom!

"Wees nie alte regverdig . . . nie . . . Wees nie alte goddeloos, en wees nie dwaas nie . . ." (Prediker 7:16, 17)

Ook, maar seldsaam:

Hê maar 'n bietjie geduld met hom!

- B.3 In negatiewe bevels het Afrikaans 'n eie **imperatief** ontwikkel, nl. *moenie* + (infinitief van die) hoofwerkwoord:

Moenie lui wees as soveel werk wag nie!

Moenie saam met hulle gaan nie.

- C Waar die sin modaal **nie-feitelik, onwerklik**, van mindere sekerheid is, staan dit in die **konjunktief** (aanvoegende wyse). In Afrikaans kom in dié gebruik dikwels die **imperfekvorm** (by werkwoorde wat dié vorm nog het) en die **perfek** voor, ook wanneer die sin in die teenwoordige tyd is soos die volgende:

As ek so sterk soos Jan *was*, *het* ek my ook manhaftig *gehou*.

Ek *wens* ek *was* so sterk soos Jan.

As sy goed *kon hekel*, *sou* sy die werk nie deur ander *laat doen* *het* nie.

Ek *sou* bly *gewees* *het* as hy op hierdie reis saam met ons *gegaan* *het*.

Toe ons gesê het dat die drie betekeniskategorieë, tyd, aspek en modaliteit, die keuse van die predikaat determineer, het ons die soort modaliteit in C, die konjunktief, in die gedagte gehad. Ons sal nie verder die term "konjunktief" gebruik nie, omdat dit eerder op 'n predikaatvorm slaan (in die tale wat dié vorme het) as op 'n modaliteit; ons sal verder van die **nie-feitelike modaliteit** praat.

Maar voordat ons heeltemal van die "konjunktief" afstap, moet ons van een konjunktiefvorm kennis neem wat nog in Afrikaans gebruik word: *sy*, 'n lewende konjunktiefvorm van dieselfde kopula *wees* wat ook elders (sien §7.1.4 Opm.) moeilikheid gee:

Hoe dit ook al *sy* (= mag *wees*), ons het nie . . .

Sy dit waar of *sy* dit onwaar, ons moet dit nie oorvertel nie.

Ons gebruik ook nog die geërfde (Nederlandse) onsydige persoonlike voornaamwoord daarby, in 'n vaste struktuur ingebou (en soms word dit vir 'n voegwoord gehou):

Op onderrig moet toetsing volg, *hetsy* mondeling, *hetsy* skriftelik.

7.2.4 Samevatting

Om nou oorsigtelik te probeer saamvat wat tot sover in §7.2 oor die samehang tussen die predikaatvorme en die predikaatbetekenisse gesê is, kan ons dit uit twee rigtings doen:

7.2.4.1 Van die betekenis uit gesien:

- i) As die sin modaal nie-feitelik (= konjunktief) is, is die modaliteit

dominant en sal die predikaat 'n perfek of 'n modale predikaat tipe *sou ge(doen) het* wees.

- ii) As dit 'n bevelsin is, **lyk** die bevelsvorm van die predikaat (= imperatief) soos die infinitief, maar is nou 'n finiete werkwoord; die negatiewe bevel is *moenie* + infinitief + *nie*.
- iii) In die **feitelike stelsin** en **vraagsin** (= indikatief) se
 - (a) **hoofsin** (= onafhanklike klous/sin) is tyd dominant en sal
 - I 'n sin in die teenwoordige en die toekomstige tyd en in die tydelose gebruik se predikaat of 'n presens of 'n modale predikaat tipe *kan* (doen) wees;
 - II 'n sin in die verlede tyd
 - A 'n perfek of 'n modale predikaat tipe *kon* (doen) wees as die spreker nugter, rustig vertel of net 'n enkele enkelvoudige sin gebruik in sy uiting;
 - B 'n presens wees as die spreker vir dramatiese effek die historiese presens, die “kwasie-lopende beskrywing” of die “historiese opsomming” gebruik.
 - (b) **bysin** is aspek gewoonlik dominant en ongeag die tyd sal dit
 - I 'n presens of modale predikaat tipe *kan* (doen) hê as die gebeure in die bysin vir die spreker gelyk met die gebeure in die hoofsin plaasvind;
 - II 'n perfek of modale predikaat tipes *kon* (doen) of *behoort te ge(doen) het* hê as die gebeure in die bysin vir die spreker aan dié van die hoofsin voorafgaan.

7.2.4.2 Van die vorm uit gesien:

- (a) Die **perfek** word gebruik:
 - i) vir die **verlede tyd in hoofsinne**
 - A verpligtend as die uiting uit 'n enkele enkelvoudige sin bestaan;
 - B opsioneel in ander, veral wanneer die vertelling nugter en rustig voortgaan.
 - ii) Vir die **aspekbetekenis “afgehandel, voorafgaande”**, ongeag die tyd, in
 - A **hoofsinne** wat 'n voltooide handeling of proses stel;
 - B **bysinne** waarvan die gebeure aan dié in die hoofsin voorafgaan.
 - iii) vir **nie-feitelike modaliteit** (onmoontlikhede, nie-werklikhede) ongeag die tyd of aspekverhoudings.
- (b) Die **presens** word gebruik:
 - i) A — vir die teenwoordige en die toekomstige tyd in hoofsinne;
 - B — vir die verlede tyd in hoofsinne as stilistiese hulp om dramatiese effek of groter aktualiteit te verkry in die historiese presens, die “kwasie-lopende beskrywing” en die “historiese opsomming”;

- ii) vir die aspekbetekenis “gelyktydig, onvoltooid” in bysinne waarvan die gebeure saamval met dié in die hoofsin.

Opmerking:

In §7.2.4.1-2 is net hooftrekke gegee; in §7.2.1-3 kom besonderhede voor waaraan in dié samevatting nie geraak is nie:

- i) die imperatiefvorme (bevelsvorme) is in §7.2.3.2 (B) gegee;
- ii) die modale hulpwerkwoorde en modale predikate word in §7.3 vollediger behandel;
- iii) al die predikaatvorme wat ons teëgekom het (en nog sal teëkom) het passiefkorrelate wat ons in §7.5 behandel;
- iv) die imperfek sluit hierby aan, maar vereis afsonderlike aandag; ons behandel dit nou in §7.2.5.

7.2.5 Die imperfek

Ons het die imperfek *was* al verskeie kere genoem en o.a. gesê dat “imperfek” nie ’n goeie term is nie; veral nie as ons die “verboë vorme” van modale hulpwerkwoorde daarby insluit nie. Om ’n ander (nuwe) naam te soek, is darem ook nie die moeite werd nie; ons gaan maar onder dié naam die kwessie bekijk, ’n kwessie wat die volgende woorde behels:

Was (van *wees*)

Wis (van *weet*)

Had (van *hê*)

Dag en dog (van *dink*)

Was

Naas die perfek *het gewees* word *was* oral gebruik waar ons gewoonlik die perfek (van ander werkwoorde) kry: vir die verlede tyd, voltooide aspek en nie-feitelike modaliteit. Miskien steek daar waarheid in die beskouing dat *het . . . gewees* (gewoonlik *gewees het*) meer die aspektuele en *was* meer die tyds- en modale betekenis dra. Kyk ook in §7.2.5.1 en by die passief in §7.5.

Opmerking:

Ook *is . . . gewees* en *was . . . gewees* kom in hoofsinne voor (nooit as * *gewees is* of * *gewees was* nie), veral in wat lyk na ondeurdagte spreektaal, met presies dieselfde waardes as *was*. Die taal is nie kwistig met *vorme* vir dieselfde semantiese waardes nie; die bykomstige *gewees* by *is* en veral *was* is ’n inhoudlose oordaad wat, hoewel taamlik algemeen in die spreektaal en selfs hier en daar in gemoedelike skryfstyl, op sy gunstigste as ’n hinderlike gewoonte en daarom as substandaard beskou moet word.

Wis

Daar is nie meer baie mense wat *wis* as imperfek van *weet* gebruik nie; die perfek *het . . . geweet* het grotendeels oorgeneem. Onder bejaarde mense en enkele ander kom dit egter nog voor in volkome sinonieë gebruik met die perfek. Kyk egter ook die gebruik §7.2.5.1.

Had

Hierdie imperfek van *hê* is blykbaar nog streektaal in sekere dele van die land, o.a. in dele van die Suid-Kaap en kom voor in die werke van sommige skryfsters en skrywers uit dié dele. Daarnaas wil-wil sommige naskrywers die vorm in die skryftaal invoer. Langenhoven het ook, en het later vir homself daaroor gelag. Fout is dit beslis nie; substandaard ook nie; maar beslis onnatuurlik by diegene wat dit naboots.

Dag/dog

Hiermee het ons 'n interessante ontwikkeling: hoewel dié vorme oorspronklik imperfekte van *dink* was, het hulle nou 'n ander betekenis ontwikkel: dit kom slegs voor met *ek/ons* en *ek dog/dag* beteken dan: "Jy het ons te verstande gegee dat . . . / jy het dan belowe dat . . ." of "Ek was onder die (verkeerde) indruk dat . . ." in verwyttende, spottende, ironiese of sarkastiese sin. Dit het glad nie meer die normale betekenis nie. Iets soos

* "Ek dog/dag gisteraand daaraan om vandag plek vir die vakansie te bespreek."

kom nie voor nie. Die aantekening hierna oor die gebruik van imperfekte geld dus nie vir *dag/dog* nie.

7.2.5.1 Gebruik van die imperfek en die modale predikaat, tipe *kon* (doen)

Die imperfekte *was*, *wis* en *had*, sowel as die modale predikate van die tipe *kon* + infinitief (bv. *kon doen*) word gebruik net soos ons in §7.2.4.2 (a) vir die perfek aangedui het: vir sinne in die verlede tyd, sinne en klouse wat aspektueel voltooid is en sinne en klouse met nie-feitelike modaliteit.

Daarnaas egter word in 'n vertelling waarin die **historiese presens** andersins oorheers, *was*, *wis* en *had* en *kon*, *moes* en *wou* dikwels (dalk gewoonlik) nie deur presensvorme vervang nie. D.w.s. in die hoofsinne van so 'n vertelling kry ons presense van ander werkwoorde maar die onderhawige imperfekte en verboë modale hulpwerkwoorde, bv.:

"Na 'n rukkie *roep* Miemie se praktiese sin haar na die nugtere werklikheid terug, en sy *gaan* na haar melkert toe, terwyl Frans sy viool *neem* om te gaan oefen.

Miemie *hoor* die gedempte tone . . . en haar gedagtes *gaan* weer na Frans toe. Sy *voel* trots op hom . . . Sy *wis* dat hy deur sy skoolmaats *gespot* word omdat hy nie voetbal *wil* speel nie; en sy belangstelling . . . *kon* hulle glad nie verstaan nie. Miemie *luister* . . . na die ryk tone wat hy aan die viool *ontlok*. Vir 'n seun van vyftien jaar *was* sy spel . . . , en dit *was* 'n genot om die suiwer vertolking . . . te hoor."

(I.D. du Plessis — *Die Corcovado*, 1942, bl. 56/57)

Let op: Waar die ander werkwoorde in hoofsinne (historiese) presense is, vind ons imperfekte by die koppel- en modale hulpwerkwoorde. Die onverboë *wil* kom in 'n (bywoordelike) bysin (van rede) voor.

7.2.6 Voorbeelde

In die volgende aanhalings uit C. Barnard se *Mahala* kan nagegaan word

hoe tyd, aspek en modaliteit die keuse van die presens, perfek en imperfek beïnvloed. Daarvoor moet 'n mens in elke aanhaling die sinne in hoof- en bysinne ontleed en in die lig van die voorgaande probeer vasstel op watter gronde (kragtens watter reël/wet) die onderhawige vorm gekies is.

- A. "Die gaasdeur *was* oop, maar toe hy *ingaan*, *het* sy gesig spinnerakke in die donker *gebreek*. Hy *het* die voorkamerdeur *oopgesluit* en toe hy die deur *oopstoot*, *kon* hy vlermuismis *ruik* en die mufheid van 'n swoel plek wat lank toe *was*." (bl. 72)
- B. "Die amptenaar in Beira *het* hulle *verseker* die huis *is* nog net soos dit *was* toe die vorige werknemer dit vir sy vakansie *agtergelaat het*:" (bl. 73)
- C. "Hy *was* op pad verby die voorkamer se venster toe hy die lig binne *sien*. Dit *was* 'n bleek kol teen die muur, 'n ovaal kol lig wat skuins teen die muur *val*, op die plek waar die masker nie meer *was* nie." (bl. 78)
- D. "Hy *het* deur die vertrek *geloop*, saggies, tot in die deur wat op die stoep *uitgaan*. En iets *het* bokant sy regteroog *gebrand*, 'n bietjie pyn, soos wanneer 'n mens jou vel met 'n naald *prik*." (bl. 79)
- E. "Hy *het* na die meubels voor hom *gekyk* . . . en *gewonder*: Hoekom *vra* sy dit — hoekom *praat* sy nou skielik weer daaroor? *Het* daar iets *gebeur*? *Weet* sy iets? *Was* hier tóg iemand? *Het* iemand dalk gister, vandag, netnou in een van daardie stoele *gesit* en met haar *gepraat*? Toe *tel* hy die masker open *hang* dit teen die muur waar dit *was*, maar sonder om na die gesig te kyk. Hy *het* 'n bottel whisky *oopgemaak*" (bl. 103/4)
- F. "Selfs later, naby die eerste lig, toe hy *begin verstaan*, *begin vermoed* waarom alles *gaan*, selfs in daardie een wilde oomblik toe hy Ritter *onthou*, *het* hy nie daaraan *gedink* om terug te draai nie." (bl. 147)
- G. "Toe *stoot* hy sy fiets verder, òm die Chev se bak. Daar *was* niemand onder die afdak nie." (bl. 147)
- H. Gaan ook in dié gedig van E. van Heerden die gebruik van die *toe*-bysin met presens, gevolg deur die hoofsin met imperfekte *kon* en *was*, met presens *spieël* en met perfek *het gestryk*, ná, en motiveer dit: *Na die front* (Uit: *Op die Mespunt*, bl. 19)
Toe ek die laaste môre brood kom eet,
kon ek my hartseer aan jou liewe hande meet;
toe ek my rantsoen pak, komberse rol,
was my gedagtes van jou oë vol;
toe ek vir oulaas staar, die deur toestoot,
toe spieël my hart hom in jou hart se nood;
toe ek die straat uitgaan en nie weer kyk,
het jou sagte hare oor my wang gestryk;
toe ek die trein inklim, met wrange lippe groet,
was jou mond 'n siddering, jou kus 'n vloed . . .
Toe ek die sneller en die blink loop vas omklem,
kon ek van jou geen enkele trek herken.

7.3 Die gebruik van modale hulpwerkwoorde

Om helderheid hieroor te probeer kry, moet ons sekere gesigspunte by mekaar bring:

- A. Modale hulpwerkwoorde is **hulp**werkwoorde; hulle word slegs in samehang met ander (= hoof-)werkwoorde gebruik, wat êrens in die konteks eksplisiet aanwesig is, meestal in dieselfde sin of klous.
- B. Waar die ander hulpwerkwoorde (*het*; *word* en *is/was*) slegs 'n kategoriale betekenis het, het die modale hulpww. sowel 'n leksikale as kategoriale betekenis.
- C. Die kategoriale betekenis word gedra deur die **vorm** van die **hele predikaat** — hulp- en hoofwerkwoord(e) — soos gedetermineer deur die semantiese kategorieë. Dit gaan dus daar om die onderskeie semantiese waardes van bv.

Hy *kan* *kom*

≠ Hy *kon* *kom*

≠ Hy *kan* *gekom het*

≠ Hy *kon* *gekom het*

≠ Hy *sou* *kon kom/gekom het*

Dit behandel ons in § 7.3.2.1 — 7

- D. Die leksikale betekenisse is van tweërlei aard:

Eerstens en primêr, kry ons redelik duidelik identifiseerbare semantiese waardes by elkeen van die modale hulpwerkwoorde, wat ons in §7.3.1.1 probeer onderskei, bv. *kan* = in staat wees tot;

Tweedens en sekondêr, is daar baie moeilik identifiseerbare modale betekenis(se), wat nogal by almal baie na aan mekaar lê, en eintlik net 'n element van **tentatiewe oorweging** tot die betekenis van die hoofww. toevoeg, bv. Dit *mag gebeur* — (= Die moontlikheid bestaan). Ons gaan hierop verder in in §7.3.1.2.

- E. By 'n behandeling van die modale hulpwerkwoorde is dit goed om vir sekere doeleindes rekening te hou met drie groepe:

- i) die groep wat 'n eie vormkategorie vertoon, sodat ons van 'n **verboë** en 'n **onverboë** vorm onderskeidelik praat. Hulle is

sal en *sou*

kan en *kon*

moet en *moes*

wil en *wou*

mag en *mog* (seldsaam nog in verouderde gebruike).

- ii) die groep wat met *te* as 'n supplement optree en net een vaste vorm het:

behoort *te*

hoef *te*

- iii) die groep (wat miskien nie onderskei *hoef* te word nie) wat bestaan uit

mag (as dit nie met 'n imperfek voorkom nie)

en *durf* (wat anders optree in 'n sin met hulpww. *het*, maar wat

semanties en in alle ander sinstrukture by die modale hulpwerkwoorde aansluit).

7.3.1 Betekenis by modale hulpwerkwoorde

Omdat goeie woordeboeke die betekenis van die modale hulpwerkwoorde en die skakerings daarby volledig onderskei en met gebruiksvoorbeelde toelig, hoef ons net op sekere hoofsaake te wys.

Ons vind **nie** by alle modale hulpww. 'n gebruik in 'n sekondêre betekenis nie: *durf*, *behoort* en *hoef* het net hulle primêre betekenis.

Uit die aard van hulle (leksikale en kategoriale) modale semantiese waardes, is dit te begrype dat hulle ook dikwels 'n **toekomsdimensie** aan die inhoud van die sin gee, hoewel dit nie noodsaaklik is nie. As ons sê: "Hy *kan* dit doen." beteken dit nie noodwendig dat ons hom dit nog gaan laat doen nie, maar die konteks berus dikwels wel daarop dat hy dit êrens vorentoe wel sal (moet) doen. Omdat *sal* se betekenis is: "van voorneme wees, beoog om; gedwing word om . . ." is die toekomsduiding by hom nog sterker as by die ander modale ww., sodat die gedagte dat *sal* die toekomende tyd "aandui" of "is", ook onder invloed van die Latynse grammatika, verkeerdelik posgevat het.

7.3.1.1 Primêre betekenis

Laat ons die basiese leksikale betekenis(se) van die modale werkwoorde afsonderlik bekyk:

Sal beteken veral

- i) "van voorneme wees, beoog":
Ek sal binnekort 'n verplasing aanvra.
Hy sal seker nie gou trou nie.
- ii) "onder dwang wees, verplig word" (waarby *sal* sterk beklemtoon word):
My ondergeskiktes sal my opdragte uitvoer!
Jy sal dadelik teruggaan en dit gaan haal!
- iii) "versekering, vaste belofte":
"Luister Orsinia. Ek sal vergelding doen, ek sal alles reg maak . . . julle sal nie sterwe nie. By my siel, julle sal nie sterwe nie."
(Leipoldt: *Die Heks*)
- iv) "voorspelling, in die vooruitsig stel":
Die boere sal vanjaar groot oeste hê.
". . . en as julle daar inkom, sal julle 'n eselsvul vind . . ." (Luk. 19:30)

Sou, hoewel dit 'n imperfek van *sal* genoem word, het eintlik net een gemeenskaplike betekenisveld met *sal*, nl.

- i) "van voorneme wees", maar êrens in die verlede:
Sy sou binnekort trou, en ons het ons vir 'n groot onthaal klaargemaak.
Verder beteken *sou*:
- ii) "dit word beweer, vermoedelik"

Die aangeklaagde sou 'n motor gesteel en valse tjeks probeer wissel het.

Hy spog baie oor sy prestasies. Hy sou vir die Maties gespeel het

....

Kan en kon se onderskeidende leksikale betekenis is

i) "vermoë, in staat":

Hy kan vinnig hardloop.

Sy kon toe nog nie hekel nie.

ii) Daarnaas beteken dit "veroorloof, toegelaat, met verlof", wat dit aan *mag* gelykstel:

Om vyfuur kan julle maar ophou.

Die dokter het gesê hy kon huis toe gaan.

Moet en moes se betekenis dui op

i) "dwang, verpligting":

Ek moet nog hierdie werk voor vanaand afhandel.

Jy moet my hiermee help.

ii) "bevelsvorm" in negatiewe sinne:

Jy moet so iets nooit weer doen nie.

Moenie uitstel nie!

Wil en wou dui primêr op 'n sterk aktiewe

i) "wens, begeerte":

Sy wil graag dokter word.

Ek wou hom gaan besoek, maar hy was nie tuis nie.

Mag (en *mog* wanneer dit voorkom) dui op

i) "verlof, toestemming":

Hulle mag naweeksaande uitgaan.

ii) "vryheid":

"Ons leef darem nog in 'n land waar mense mag sê wat hulle mag sê." (Die Burger, 12.6.1976)

Die publiek mag stadsraadsvergaderings bywoon.

iii) "wens, versugting":

Mag julle lank en gelukkig lewe!

Ek sien daarna uit dat hulle die beker (mag) wen.

Durf: "waag":

Hy durf sy vader nie teenspreek nie.

Behoort se betekenis is na aan *moet*, maar tog eerder 'n

"morele verpligting, verskuldigheid":

Hulle behoort aan die armes ook te dink.

Hoef kom hoofsaaklik in negatiewe sinne en soms in vraagsinne voor en dui op 'n "kwytskelding":

Sy hoef darem nie die skottelgoed te was nie.

Hy hoef gelukkig nie tot die end te bly nie.

maar saam met sekere bywoorde soos *alleen*, *maar (net)*, *nouliks*, *skaars*, *slegs* . . . ook in positiewe sinne:

Jy hoef net te sê dan help ons.

Sommige van die genoemde betekenisse sal seker ook onderverdeel kan word. En hoewel die grens tussen die primêre en sekondêre leksikale betekenisse seker nie vir almal op dieselfde plek sal val nie, sien ek tog die volgende as sekondêre waardes:

7.3.1.2 Sekondêre betekenisse

Om al die onduidelike modale waardes van die verskillende modale hulpwerkwoorde op te noem, sal 'n onbegonne taak wees. Verskeie het egter gebruike waarin die semantiese waardes baie eenders is, i) tot iii) hieronder, terwyl sommige soms heel besondere idiomatiese gebruike het, soos in iv).

- i) Hoewel Afrikaanssprekendes 'n baie duidelike verskil tussen die modale hulpwerkwoorde in dié opsig aanvoel, kan ons één waarde aandui as “moontlikheid”:

Hy het daarmee rekening gehou dat hy teenspoed *kon* kry.

Hy *mag* in die eksamen slaag (maar ek betwyfel dit sterk).

Sy was bang dat die geluk *mag* verbygaan.

Wil die hoof dalk sê ons is lui?

- ii) 'n Vorm van “aanvaarding, 'n mens kan aanneem dat —” word ook dikwels uitgedruk:

Die werk *kan* teen dié tyd klaar wees; hulle wag al vir ons.

Jan *moet* baie kwaad gewees het (na sy onbeheerste optrede geoordeel). “En sy *moes* gemerk het sy oë gaan oop, want sy het weer gepraat.” (C. Barnard: *Mahala*, 9)

Teen hierdie tyd *sal* hy nie meer daar wees nie.

Jan *behoort* daardie takie self te kan hanteer.

Die kêrel *moet* 'n knap advokaat wees.

- iii) Dikwels dien veral *sal* en *sou* as hulpmiddels om “karakteriserend” te werk:

“Jou vriende *sal* oorkant staan en kyk en nie 'n vinger verroer om jou te help nie.”

Hy *sal* ure lank na die see sit en kyk.

Hulle het hom geskiet soos 'n mens 'n rondloperhond *sal* skiet.

“Oumense *sal* jou vandag nog vertel hoe kwaai dit in '88 in die Boland gereën het,” (Boerneef: *Boplaas*, 29)

“. . . ., soos outa Hendrik Vuurdassie *sou* sê” (*Boplaas*, 15)

“Dit alles was goed na so 'n dag, want dit *sou* koel wees en die son *sou* weg wees, en al dié dinge . . . *sou* beteken dat hy Caipemba vir ten minste vier weke nie weer *sou* sien nie.” (C. Barnard: *Mahala*, 9)

Ook: Hy *kan* vreeslik skrik as jy skielik sy naam noem.

- iv) Byna elke modale hulpww. het idiomatiese gebruike in 'n heel besondere betekenis, wat soms baie moeilik identifiseerbaar is:

“Nou die aand toe ek kafee toe moes loop, *sal* twee seuns my dan nie reg voor ons huis voorkeer nie!”

Toe *sal* sy eers agterkom hy terg maar net. (dramatiserend)

“Ouer *sal* sy seker word, maar gemoedelik nooit.” (Audrey Blignault)

“... terwyl hy ... gewag het op ’n deur wat *sal* oopgaan, ’n struik wat skielik *sal* roer ...” (C. Barnard)

“Skielik in ’n uur van droefheid *sal* ’n wingerdtak met die vuur van die herfs in sy blare weer vir jou ’n vonkie warmte bring. ’n Vaal dag *sal* weer ’n silwer skynsel kry ...” (Audrey Blignault)

(*Sal* het in aldie ’n soort onafwendbaarheid.)

Ek *sou* graag wou weet of ... (hoflikheid en ingetoënhed)

Sou u my kan sê waar mnr. X woon?

Sou sy storie waar wees? (sterk twyfel)

Piet Retief het Dingaen vertrou en *sou* met sy lewe daarvoor boet.

(’n Styltruuk, gelyk aan perfek: “het geboet”)

“Soos al die ander dinge voorheen wat hom *sou kon* gee. ...” (C. Barnard)

(Verdere gebruik van *sou* in §7.3.2.4 — die irrealis — en §7.3.2.7 — voorwaardesinne. Die gebruik *sou* + imperfek *kon*, *wou*, *moes* in §7.3.2.6)

Daar *moet* tog nie nou hael kom nie! (wens)

Hy wag dat die kantoor *moet* oopgaan.

“— as Boplaas se span wen, dan *moes* jy hoor hoe kraai ons, ek die hardste.” (Boerneef)

of: “...nou *moet* jy weet, dié dae was ’n ryperd die vinnigste vervoermiddel.”

“— ja-nee, dit *wil* darem gedaan wees.” (Boerneef)

Dit *wil* sê, jy is —

Die storie *wil* (hê) dat dit daar spook.

“’n Mens *wil* amper wonder of so ’n reëling vandag nog die moeite werd is.” (Die Burger)

Net dit nog: wanneer woorde — veral bywoorde — met sterk modale betekenisse voorkom, kleur hulle dikwels die betekenis van die modale hulpwerkwoorde, só:

Jy *moet* hom *tog* help.

Jy *kan* *gerus* weer kom.

Hier maak *tog* en *gerus* van *moet* en *kan* versoekwoorde. Byna so gee ’n reduplikasievorm ’n versterkte modale waarde:

Die wind *wil-wil* die dak lig.

Met hierdie (en alle!) betekenisse beweeg ’n mens altyd op moeilike terrein waar besliste uitsprake versigtig gegee moet word.

7.3.2 Semantiese kategorieë en predikate met modale patroon

In 7.3.C het ons gesê die kategoriale betekenis word deur die vorm van die hele predikaat gedra. Nou is die moontlike vorme van predikate met die modale patroon baie beperk en maklik gestel:

- A. Onverboë vorm van modale hulpww. + infinitief van hoofww. bv.:
kan doen
hoef te doen
 Alle modale hulpwerkwoorde het dié vorm
- B. Verboë vorm van modale hulpww. + infinitief van hoofww. bv.:
kon doen (wat net by *kon, wou, moes, sou* en *mog* voorkom)
- C. Onverboë vorm van modale hulpww. + voltooide infinitief van hoofww. bv.:
 (a) *Kan gedoen het* (net *kan, moet* en *sal* tree op).
 (b) *Behoort te gedoen het* (*behoort, hoeft, mag* en soms *durf* tree op)
 (c) *Het durf doen*
- D. Verboë vorm van modale hulpww. + volt. infinitief van hoofww. bv.:
kon gedoen het (net *kon, moes, sou* en *wou* tree op).
- E. Bogenoemde met meer as een modale hulpww.
- F. Die passiefkorrelate van bogenoemde.
- Ons gaan dit só behandel:
1. Die gebruike van dié vorme wat voorkom as die modaliteit neutraal, dus feitelik, is, en slegs tyd en/of aspek 'n rol in die keuse speel.
 2. 'n Verwysing na die voorkoms van twee of meer modale hulpww. in een predikaat, modaal neutraal.
 3. 'n Verwysing na die passiefkorrelate van 1 en 2.
 - 4 tot 7. Die gebruike wanneer die modaliteit dominant is.
 8. Voorbeelde uit letterkunde en lektuur van dié gebruike.

7.3.2.1 As modaliteit neutraal is,

d.w.s. wanneer dit om die feitelike, die moontlike of die waarskynlike handel, tree die modale hulpwerkwoorde só in predikate op:

- (a) In sinne in die teenwoordige en toekomstige tyd wat aspektueel neutraal (duratief, onvoltooid . . .) is, kry ons 'n modale predikaat soos hiervoor in A:

die onverboë vorm van die modale hulpww. met die infinitief van die hoofww.: tipe ***kan doen***:

Klein Hettie *kan* al mooi *skryf*.

Ons *wil* (*moet/mag/sal*) die siekes *besoek*.

Ek *durf* nie laat *wees* nie.

Ons *behoort* altyd tyd vir 'n ander mens *te hê*.

Hy *hoef* hom nie *te haas* nie.

As Forman die uitdager *kan klop, sal* 'n nuwe teenstander nie gou weer *verskyn* nie.

- (b) Die tipe ***kon doen*** het veral twee gebruike:

- i) In 'n sin in die verlede tyd, aspektueel neutraal, dra die verboë vorm van die modale hulpww. die verlede tyd, maar die hoofww. bly in die infinitief (soos ook in ons taalverwante):

Daardie jare *kon* 'n mens nog vir jou 'n groot plaas vir 'n paar pond *uitsoek*.

Sy *moes* maar altyd *regstaan* vir die familie.

Hy *wou* nie *meedoen* nie, maar *mog* nie *weier* nie uit vrees vir wraak.

Vakansietye *sou* jy hom dikwels op die rotse *kry* waar hy die seelewe in die poele bekijk.

(*Sou* word eintlik net só gebruik in die karakteriserende betekenis. Origenis is *mog* byna uitgesteef, sodat eintlik net *kon*, *wou* en *moes* hier optree. *Behoort* en *hoef* het nie verboë vorme nie; die verlede tyd by hulle behandel ons in (c).)

- ii) Wanneer die sin 'n yler maar wesenlike moontlikheid stel — wanneer die onsekerheid dus sterker word — kan die tipe *kon* *doen* voorkom:

As Mike die kampioen volgende Saterdag *kon klop*, is daar min wat hom vorentoe *kan keer/sou kon keer*.

Ons behandel dit verder in §7.3.2.4 en 7.

- (c) Die drie voorbeelde van die presens van die modale hulpww. plus voltooië infinitief van die hoofww., tipe

behoort *te gedoen het*; met ook

hoef *te gedoen het*

mag *gedoen het*

word vir sowel die verlede tyd (soos *kon doen* in (b)(i) hierbo), as vir die modaal dominante (soos ons in 7.3.2.4 sal sien) gebruik. Die verskil kan alleen uit die konteks blyk:

Jan *behoort* die laboratorium *te gesluit het*; dan *sou* niemand dit *binnegegaan het* nie. (Modaal nie-feitelik — sien 7.3.2.4 — want hy het die laboratorium nie gesluit nie.)

Jy *moet* hom nie oor sy afwesigheid *verwyf* nie; hy *hoef* immers nie die vergadering *by te gewoon het* nie. (Modaal feitelik, dus neutraal; gewoon verlede tyd.)

Hy *mag* verlede Saterdag bioskoop toe *gegaan het*; dit was volgens ooreenkoms met sy pa. (Verlede)

Hy *mag* bioskoop toe *gegaan het*; ek betwyfel dit egter sterk: (Modaal onwaarskynlik)

Die ander drie vorme in die groep, t.w. *kan/sal/moet* *gedoen het*, het net 'n gebruik by een sekere modale betekenis wat ons in §7.3.2.5 behandel. Dit kom egter ook in gesproke taal as standaardvorm vir *kon* *doen* dikwels voor, maar moet vermy word.

7.3.2.2.

Meer as een modale hulpwerkwoord kan met hulle gewone leksikale betekenisse in dieselfde predikaatstruktuur voorkom. Met die modaliteit dominant, is daar net een tipe, wat in §7.3.2.6 bekijk word. Maar met die modaliteit neutraal kan seker alle modale hulpww. aan so 'n groeppvorming deel hê, maar daar is 'n baie duidelike **hiërargie** merkbaar, d.w.s. hulle kom nie in somer enige volgorde nie.

Blykbaar dien *sal*, waar hy voorkom, altyd as finiete (= verbind-) werkwoord:

Hy *sal* die wedren *kan/moet/wil wen*.

Dan ook:

Hy *behoort* dit *te kan doen*.

Hy *hoef* dit nie *te kan doen* nie.

Hy *moet* dit *kan doen*.

Hy *kan* dit *wil hê*.

Hy *mag* dit *wil sien*. en dergelike meer.

In seldsame gevalle tree meer as twee op:

Rus is lekker, maar dan *moet jy kan wil rus*.

Nogtans is die hiërargie nie vas nie:

Hy *kan* dit miskien *wil* doen, en dan moet jy hom dit toelaat.

Die belemmerde *wil* sy ledemate *kan* gebruik; dan is terapie mees-
tal suksesvol.

7.3.2.3 Modale predikate in die passief

Ons hanteer die passiefvorme van die predikate in §7.6.

Hier noem ons slegs dat, wanneer die hoofwerkwoord sinvol in die passief gebruik kan word, die modale hulpww. dié vermoë gewoonlik nie beïnvloed nie:

Die wedstryd *kan* nog *gewen word*.

Dit *hoef* nie deur hom *gedoen te kan word* nie.

Die motor *moes* *gewas* *geword het*.

Wil *behoort* skep egter probleme wanneer dit by direkte omsetting kom.

Dit word in §7.6.2.3 behandel.

Tot sover het ons veral na predikate met die modale patroon gekyk wanneer die modaliteit neutraal was; wat beteken dat die sinne modaal stellig, feitelik is. As die sin semanties van mindere sekerheid is, 'n onwerklikheid, onwaarskynlik, selfs onmoontlik, word die modaliteit dominant in die keuse van die predikaatvorm. Dus, dan determineer die modaliteit die predikaatvorm, terwyl tyd en aspek op die agtergrond tree. Vervolgens kyk ons dus hoe die modale hulpwerkwoorde in dié omstandighede optree.

7.3.2.4 Die *irrealis* /i're'aləs/

Die taal stel predikaatvorme met taamlik presiese kategoriale semantiese waardes tot ons beskikking wat dit onnodig maak om breedvoerig uit te brei op wat ons wil sê, waar die gebruik van 'n minder spesifieke vorm op dié punt dubbelsinnig en selfs veelduidig sou wees. Byvoorbeeld, as iemand sê:

Sy wou graag help.

kan die volgende almal moontlike omstandighede wees;

- i) Êrens in die verlede het sy die neiging om te help gevoel (en het dalk verneem hoe sy te werk kon gaan).
- ii) Dit kan verklaar waarom haar gegewe hulp so gul was.

iii) Ondanks haar gewilligheid het daar van haar hulp niks gekom nie; dit was dalk nie prakties of nie nodig nie.

As die persoon gesê het

Sy wou graag gehelp het.

sê hy meteens dat sy ondanks haar gewilligheid toe nié gehelp het nie, en is net (iii) hierbo moontlik. In dié geval, waar iemand 'n moontlikheid stel wat nooit werklikheid geword het nie, nooit gerealiseer is nie, noem ons dit 'n **irrealis**, en ons gebruik daarvoor die verboë vorm van die modale hulpww. plus die voltooide infinitief van die hoofwerkwoord (tipe *kon gedoen het*).

Hulle wou graag die vergadering *bygewoon het*. (maar kon nie)

Sy *moes* vanmôre ontbyt *gemaak het*. (maar het nie)

Hy *kon* die ou takie maklik *afgehandel het*. (maar het dit nagelaat)

My broer *sou* my *kom help het*. (maar het nie opgedaag nie)

“Dit was so ontsettend dat die koerante, as hulle toe *sou bestaan het*, daaroor *sou geswyg het*, want daar *sou* niemand *gewees het* om te skryf en te druk nie, en daar *sou* nie kopers of adverteerders *gewees het* nie.” (Die Burger, 11.12.76)

By dié modale hulpww. wat nie 'n verboë vorm het nie, moet die presiese bedoeling uit die konteks spreek:

Hy *behoort* haar *te gehelp het*. (en hy hê of hy het nié.)

Hy *mag* maar sy pa se motor *gebruik het*, maar hy het liewer nie.

Hy *hoef* nie so laat *te gewerk het* nie, maar hy het verkies om die ding klaar te maak.

“Dit *moes* hy egter nie *gedoen het* nie!”

Daarom sê iemand wat die volgende sinne gebruik, nie wat hy (waarskynlik) bedoel het om te sê nie:

Ek is dankbaar dat ons Sondag kerk toe *kon* gegaan het.

Ek is nou éêrs bly dat julle ons wou gehelp het.

Ek is trots daarop dat juis ek toesig gehou het toe hulle die werk *moes* gedoen het.

7.3.2.5 Die “logiese hipotese” (of: Aanvaarding)

Ons wil soms iets sê wat ons, volgens alle berekeninge en in alle redelikheid, as 'n feit kan aanvaar, maar wat tog nie (nou nog) as feit bewys kan word nie. M. de Villiers praat van 'n “logiese hipotese”. Net *kan*, *sal* en *moet* word in dié gebruik aangetref, en wel met die onverboë vorm plus voltooide infinitief van die hoofwerkwoord:

My broer *kan* al by die huis *aangekom het*; ek gaan net gou seker maak.

Die verdwaaldes *moet* al in die rondte *geloop het*; die spore toon dit. Hy *sal* nie bewyse van sy aandadigheid *agtergelaat het* nie; daarvoor is hy te uitgeslaap.

“Op sy dag *moet* die knoop 'n wonder van die tegniek *gewees het*.” (Die Burger, 12.6.76)

“Daar *moet* groot blydskap op die vaarttuig *gewees het* toe die duif

met 'n olyfblaar terugkeer; Noag *moet* verslae *gestaan het* voor die wonder van 'n olyfboom wat 'n vloed van maande oorlewe het, —" (Die Burger, 11.12.76)

"Die afgesonderdheid van die boerepioniers *sal* beslis 'n invloed op hulle taal *gehad het* —" (H. Venter)

"'n Mens *kan* al Vondel se werke *gelees het* en tog niks van letterkunde weet nie —" (N.P. v.W. Louw)

"Vir die eerste keer in my lewe het ek beseef hoe die verlore seun se vader *moet gevoel het* by sy seun se uiteindelijke tuiskoms."

As Chris Barnard in *Mahala* skryf (reeds aangehaal, bl. 9):

"En sy *moes gemerk het* sy oë gaan oop, want sy het weer gepraat." is dit òf omdat hy 'n bietjie twyfel wil insinueer (sien hieronder) òf 'n geval van hiperkorreksie vanweë 'n wanopvatting oor die gebruik van *moet/moes* (waarskynlik omdat die onderhawige gebruik nie in skoolgrammatikas opgehaal word nie, hoewel Langenhoven en Pienaar sowel as T.H. le Roux dit 'n halfeeu gelede reeds onderskei het).

In die volgende parallelle sinne kan die verskil gesien word:

A Die bediende *moes* die paadjie *gevee het*. (maar sy het nie, ondanks die opdrag)

B Die bediende *moet* die paadjie *gevee het*. (want dis nou skoon en daar was niemand anders wat dit kon vee nie)

Nietemin, wanneer daar enigsins twyfel bestaan, tree die verboë vorme in:

"Net die ouer mense *sou waarskynlik* die arena-opwinding en die pronkspanse (muile) van weleer *gemis het*; vir die eietydse geslag was daar tóg volop." (Die Burger, 20.9.1975)

In die volgende kom irrealis en logiese hipotese langs mekaar voor:

"Dit *kon* so maklik anders *gewees het*. Slegs 'n paar honderdduisend stemme uit meer as 26 miljoen *kon* 'n man aan die bewind *laat kom het* wat vroeër of later die gevangene van die Kommuniste *kan geword het*." (Die Burger, 27.5.1974)

7.3.2.6 Twee verboë vorme in dieselfde (predikaat-)struktuur

In Afrikaans kom die vorme *kon*, *moes*, *wou* (wat finiete werkwoordvorme is) ook ná die voorafgaande modale werkwoord *sou* voor (waar ons slegs infinitiewe *sou* verwag volgens die reël in Latyn en ander verwante tale):

"Soos al die ander dinge voorheen wat hom hoop *sou kon* gee."

"Hy *sou* dit vir homself *moes uitmaak*: —" (*Mahala*, bl. 127)

"Ek dink aan die ryke gawes wat ek graag vandag vir jou *sou wou* gee om saam —" (A. Blignault: *In Klein Maat*, bl. 47)

en: Hy *sou* dit alles *kon gedoen het* as jy hom nie verhinder het nie.

As hy openhartig was, *sou* ek hom graag *wou gehelp het*.

Dis duidelik dat dié predikaatkonstruksie ten opsigte van sowel die vorme as die volgorde van die werkwoorde van dié in Engels, Nederlands of Duits verskil. 'n Mens kry die indruk dat die gebrek aan konjunktiefvorme in Afrikaans die behoefte versterk om dié vorme wat wél die onseker-

heid dra, op te stapel om die gevoel van die nie-feitelike te versterk. Daartoe dien veral *sou*. Dit is duidelik dat dieselfde inhoud met eenvoudiger vorme oorgedra kan word, bv.:

Soos al die ander dinge wat hom hoop *kon* gee.

Hy *moes* dit vir homself *uitmaak*.

Ek dink aan die ryke gawes wat ek graag vandag vir jou *sal* (*sou*, *wou*) *gee* –

en: Hy *kon* dit alles *gedoen* het—

In die oorspronklike voorbeelde boontoe dien *sou* eintlik as bykomstige onsekerheidsvorm.

'n Verwante ontwikkeling in Afrikaans kry ons in die struktuur:

Ek *het* dit *geniet* om daar *te kon* wees.

Hy *was* verbaas *om te moes sien* hoe dit verander.

waar ons skynbaar 'n verboë vorm na *om te* kry.

Baie lank het grammatikas standpunte vir Afrikaans gestel wat eintlik vir Latyn en ook soms ander (verwante) tale gegeld het, **maar nie vir Afrikaans nie** en dikwels ook nie vir Engels nie. Dit is veral so by die grammatika van die werkwoord en die predikaat. Die Afrikaanse werkwoord- en/of predikaatvorm is nie aan kategorieë tyd en ander (in dieselfde mate) gebonde soos in bv. Latyn nie.

Opmerking:

Onder andere as gevolg van die verwarring wat ontstaan het uit verskil tussen (foutiewe) grammatikateorie en gebruikspraktyk, kom daar tans baie substandaardvorme hierby voor in die vorm van foute sowel as hiperkorreksie ('n poging om korrek te praat waar só 'n gebruik verkeerd is). Dit is soms nodig om helderheid te kry ook deur grammatiese argumentasie en deur gebruiksfrekwensie te toets.

7.3.2.7 Voorwaardesinne en die kondisionalis

“As hy sterf, het ons geen leier nie.”

Hierin het ons 'n tipiese **voorwaardesin**: 'n sin waarin 'n sekere gebeurde of optrede of gevolgtrekking spruit uit 'n gestelde voorwaarde. Die voorwaarde word in die bysin opgeneem en begin meestal met die voegwoord *as* of sinonieme *indien*, *ingeval*, *mits*, *tensy* (maar ook met die een-woordbevelsin *gestel* of *veronderstel*, met òf sonder *dat*). Die afloop kom in die hoofsin, en hulle kom meestal in dié volgorde:

As dit reent(,) bly ons tuis.

Die omgekeerde volgorde is tog baie algemeen:

Ons bly tuis as dit reent.

Die bysin hoef nie die voegwoord te hê as dit eerste kom nie:

Reent dit, bly ons tuis.

Met ander voegwoorde en in ander vorme kry ons:

Indien hulle wil meewerk, is hulle welkom.

Ons moet maar die gastekamer regmaak **ingeval** hulle nog vanaand opdaag.

Die toer sal plaasvind **mits** daar genoeg deelnemers kom.

So 'n groot onderneming sal misluk **tensy** almal saamwerk.

Enigeen kan lid word **op voorwaarde** dat hy die beginsels onderskryf. Gestel (veronderstel) hy daag nie op nie, dan laai ons sy vrag ook maar op ons motor. (Hier het ons drie sinne in onafhanklike vorm. Toets dit.)

Gestel dat hy nie opdaag nie, dan gaan ons sonder hom. (Nou is die *dat*-klous 'n bysin. Waarby?)

Dit is duidelik dat die voorwaardesinne uit hoofde van hulle betekenis tot die nie-feitelike modaliteit hoort: dit gaan by hulle nie om stellighede nie, maar om **veronderstellings**. Dan onderskei ons twee duidelike uiterstes in modale verhoudings en daarmee ooreenstemmende vorme:

- A Waar die voorwaarde in die gestelde situasie normaalweg kan voorkom, dus, waar die voorwaarde **moontlik** is (en dan soms 'n egte **voorwaarde** genoem word en dus òf op die teenwoordige of toekomstende tyd betrekking kan hê òf atemporeel kan wees, maar **nie verlede tyd nie**) word die modale waarde deur die leksikale betekenis van die voegwoord (alleen) gedra, die modaliteit word as neutraal aangevoel, en die presensvorm word gebruik:

As dit *reent*(,) is orals modder. (atemporeel)

As hy op kantoor *is*, *nooi* hom hierheen. (teenwoordig)

As dit vanaand *reent*, *gaan* ons nie soontoe nie. (toekomstend)

In sinne sonder voegwoord, *soos*

Reent dit, *bly* ons tuis. (Vgl: *Reent* dit? *Dan* *bly* ons tuis.)

het die voorwaardeklous die omgekeerde onafhanklike woordorde, die vraagsinwoordorde. Of dié twee semantiese waardes — vraag en voorwaarde — (in oorsprong) iets met mekaar gemeen het, weet ek nie. Dié vorm is in Afrikaans seldsaam by voorwaardesinne en ons verwys net daarna.

'n Groter mate van onsekerheid, 'n toenemende modale kleur, word in voorwaardesinne ingedra deur die **leksikale betekenis** van **modale hulpwerkwoorde**:

As hy my *wil help*, *sal* ek baie *bly wees*.

As hulle *sal saamstaan*, *kan* dit alles aangenameer *maak*.

As sy *moet vertrek*, *sal* haar werk *stilstaan*.

“As die breuk *nie geheel kan word* nie, *sal* 'n vroeë algemene verkiesing *gehou moet word* —” (Die Burger, 4.3.77)

- B Aan die ander uiterste is daar voorwaardes waaraan dit by voorbaat **onmoontlik** is om te voldoen, sodat die afloop of gevolg ook 'n onmoontlikheid is (en wat **onegte voorwaardes** genoem word). Hulle word dikwels in die verlede tyd geplaas, maar kan ewe goed op die huidige en die toekoms betrekking hê, altyd só dat oor blote onwerklikhede geteoretiseer word:

As hy nog *geleef het*, *het* ons nie nou so *gesukkel* nie.

As sy hier *was*, *het* sy raad *geweet*.

Ook hier kom die sin sonder voegwoord voor, maar slegs baie selde:

Was sy hier, *het* sy raad *geweet*.

In hierdie soort voorwaardesin word net die perfekvorm van die predikaat (of imperfek) gebruik ongeag die tyd en die aspek omdat die modaliteit dominant is. Dié gebruik word die **kondisionalis** genoem. Die kondisionalis (met die betekenis “voorwaarde” in sy Latynse herkoms) is klaarblyklik ’n gespesialiseerde soort irrealis.

Hier tree modale hulpwerkwoorde ook op; maar dan altyd die verboë vorm (by *kon*, *moes*, *wou*, en andersins *mag*, *hoef* en *behoort*) met die voltooië infinitief van die hoofwerkwoord, en veral *sou*:

As my pa my nie *geneem* *het* nie, *moes* ek *geryloop* *het*.

As ou Fanus nie nou siek *was* nie, *kon* ons hom die werk *laat doen* *het*.

As jy nie so haastig *was* nie, *wou* ek jou ’n guns *gevra* *het*.

As jy *gewerk* *het* toe jy *moes*, *hoef* jy nie nou op Sondag nog daaraan *te gesukkel* *het* nie.

As hy my *gehelp* *het*, *sou* ek al lankal klaar *gewees* *het*.

As ek ryk *was*, *sou* ek vir my ook so ’n lekker motor *gekoop* *het*.

Nog voorbeelde volg in 7.3.2.8.

Interessant: By die kondisionalis word (byna?) net die voegwoord *as* gebruik, en selde of nooit die sinonieme wat vroeër genoem is nie.

’n Besondere maar belangrike variant op dié vorm kry ons in die volgende soort modale sin.,

As ek jy *was*, *sou* ek die betrekking *aanvaar*.

waar die vorm *aanvaar* (en nie *aanvaar* *het* nie) op die *sou* volg. Hoewel die voorwaarde “onmoontlik” is (“ek” kan tog nooit “jy” word nie), kan die “jy” in die sin tog nog die betrekking *aanvaar*. Dit is nie ’n kondisionalis nie, soos ook die volgende:

As hy my hoof *was*, *sou* ek hom graag *help*.

Ek *sou* haar beslis *besoek* as sy my *sou* *nooi*.

Dit staan nader aan die modale waarde “hoflikheid” in 7.3.1.2(iv) genoem, waar op beskeie en hoflike wyse raad gegee word.

Opmerking:

As die vorm word:

As ek jy *was*, *sou* ek die betrekking *aanvaar* *het*.

is dit natuurlik ’n kondisionalis: dan het die “jy” die betrekking nie *aanvaar* nie.

- C Tussenin lê daar ’n wye verskeidenheid van modale verhoudings waarvoor verskillende predikaatvorme met of sonder modale hulpwerkwoorde gebruik word en waarvan die presiese waardes nie maklik geïdentifiseer kan word nie; dit is nie uit te maak of daar iets soos ’n toenemende onsekerheid aangedui kan word nie: die gebruik verskil van mens tot mens. Skematies kan die **vorme** in die voorwaardedeel (die bysin) ongeveer só gestel word:

As hy dit *doen* – *sal doen* – *sal kan/wil* . . . *doen* – *sou doen* – *sou kon/wou* . . . *doen*;

en in die gevolgsin só:

. . . , *doen* ek dat – *sal* – *sou* ek dat *doen*.

In al dergelike gevalle is die moontlikheid nog daar dat aan die voorwaarde voldoen kan word en dat die gevolg dan kan intree, hoe weinig kans die spreker dit ook al gun, o.a. só:

As hy my *help*, *kom* ek gou klaar.

met al die verskillende vorme tot bv.

As hy my *sou wou help*, *sou* ek gou *kon klaarkom*.

7.3.2.8 Samevatting, voorbeelde: modale predikate

Ons het dus in die predikate met die modale patroon twee breë groepe:

dié sinne waarin die leksikale betekenis van die modale hulpwerkwoord die hoofwerkwoord se waarde beperk (soos in §7.3.2.1 tot 3); en

dié sinne waarin die kategoriale semantiese waarde so sterk deur die modaliteit gekleur is dat 'n spesifieke predikaatvorm vereis word: 'n perfek òf 'n modale hulpww. plus 'n voltooide infinitief (soos in §7.3.2.4 tot 7). In hiêrdie groep gebruik ons die kategoriale aanduidings: irrealis, logiese hipotese en kondisionalis onderskeidelik.

Hier volg nou 'n aantal aanhalings waarin modale hulpwerkwoorde 'n rol speel. Onderskei by hulle eerstens tussen bogenoemde twee groepe; identifiseer die betekenis (primêr of sekondêr) as dit onder die eerste groep val. As die modaliteit dominant is sodat die gebruik onder die tweede groep val, onderskei dan die kategoriale groep.

- A “Ek *wou* nie een nasionale kultuur *neerhaal* om 'n ander te verhef nie. Ek *wil* alleen *beweer*: geen nasionale kultuur . . . is die kulturele middelpunt van die wêreld nie.” (N.P. v.W. Louw: *Liberale Nasionalisme*, 11)
- B “Maar selfs binne die “Angel-Saksiese wêreld” *kan* Engeland en sy kultuur nie vandag as “sentraal” *geld* nie. Die magtige opkoms van die V.S.A. *moes* binne hierdie “wêreld” 'n verskuiwing van die middelpunt *meebring*.” (a.w. 10)
- C “Wanneer 'n mens die waarde van nasionale regte *insien*, — dan *is* jy reeds uit die beperktheid van 'n eie groep uit; en jy *sal* hulle dan nie alleen vir jou eie groep *opeis* nie.” (a.w. 29)
- D “En die Engelse kultuur van vandag *het* 'n fyn kritiese ewewig — wat hy in sy groot imperiale dae miskien nie *kon besit* *het* nie.” (a.w. 11)
- E “Maar hoe 'n mens ook al hierdie ideaal as onbereikbaar *mag verwerp*, niemand *sal kan betwis* . . .” (a.w. 14)
- F “Ek *het* in my dag al oor hierdie sake *gepraat* met mense uit sulke vreemde lande soos . . . , en ons *kon* mekaar volkome *begryp*. *Sou* jy en ek mekaar dan nie *kan begryp* nie?” (a.w. 29/30)
- G “*Het* ek *gesê* dat ek rustig *sou kon geantwoord* *het*? Dit was dan onpresies: want ek *sal*.” (a.w. 31)

- H “Maar ons *moet* ’n beeld nie te ver *wil voer* nie; as ons daarmee *voortgaan*, *sou* ’n mens *kon sê*: Saag dan maar die hele las af.” (a.w. 32)
- I “(Hy wend) sy Caledons aan met ’n natuurlikheid en uitdrukkingsvermoë wat die leser dikwels laat voel het dat Grazia Deledda ook van die Overberg *moet gewees het*.” (Die Huisgenoot, 14.8.53)
- J “Dit *kan* tog nie *wees* dat by die boere die wil ontbreek om vroeg en laat oor hul eerbare bedryf te spog nie!” (Die Burger 20.9.75)
- Hersiening: bedink ook die werkwoorde in swaar druk t.o.v. soort, predikaatvorm, en rede vir keuse.
- K “In hulle jong dae is hulle op skool al *geleer* dat ’n mens nie oorskeidsregters se beslissings *redekawel* nie. Hul woord was wet, en daarmee uit en klaar. Die laaste wat jy *mog* doen, was om verskonings te soek wanneer jy *verloor*. Hulle *het* toe *gedink* ’n verloorder *moet* liever meer *gaan oefen* en beter *leer speel*. En ridderlik die pak dra as hy *sien* dat die ander span sy meerdere is.” (Die Burger 14.8.76)
- L “Sê (dit) nou onder ’n wilgerboom aan ’n nooi! Jy *sal* haar hand *voel* koud *word*.” (Die Burger 8.5.76)
- M “Ek *kom* na die end toe van ’n reeks wat baie langer *geword het* as wat ek self *verwag het*. Twaalf stukkie . . . ek *moet* byna drie maande lank die aandag van my lesers vir hierdie tema *geva* *het*. ’n Mens *kry* dan ’n gevoel soos by iemand wat *lâat* op ’n partytjie *sý kyk* op dinge *begin uiteensit* en nie end *kan kry* nie. En ’n mens *ken* ook die gevoel van die anderdagmôre wakker *word* en vir jouself *te moet sê*: ‘Gij zijt de man.’ ” (N.P. v.W. Louw: *Swaarte- en ligpunte*, 130)
- N “’n Mens *moet* baie jonk *wees* om te verwag dat dié van ons wat oor die dinge van die gees *praat* en *skrywe*, almal die raad van die versigtigheid *sal leer*. Maar jy *moet* ook stokoud *wees* as jy nie meer *kan glo* nie dat sommige hier en daar tog raak *sal sien* en raker *sal leer dink*.” (a.w. 130)
- O “Elke woord in die taal — tot die seldsaamste toe — *moet* al êrens deur iemand *gebruik geword het*; anders is dit geen woord nie.” (a.w. 81)
- P “Nadat ek met groot persoonlike moeite en ongerief gister op Nuwe-land was, *kan* ek nou eksklusief *berig* waarom die W.P. aanstaande Saterdag se wedstryd teen Noord-Transvaal *verloor het*.” (Van Alle Kante, Die Burger, 9/9/1975)

7.4 Ander predikaatkonstruksies

Sover het ons in ons ondersoek na die sintaksis van die werkwoord — waarin ons ook telkens morfologiese en semantiese sake moes byhaal — net na predikaatvorme gekyk wat alleen uit werkwoorde bestaan, nl. die basiese predikaatvorme: presens, perfek en die paar oorgeblewe imperfekte, en die modale predikate wat uit ’n modale en ’n hoofwerkwoord, soms met *het* daarby, bestaan.

Met hulle het ons die samehang tussen predikaatvorm en predikaatbetekenis aangetoon. Daar is egter ’n hele paar konstruksies wat dikwels ook ander woorde as werkwoorde behels en wat as geheel ’n bepaalde seman-

tiese waarde het en saam as predikaat optree. Nogtans sal die suiwer werkwoordelike element daarin tot een van ons bekende (= behandelde) predikaatvorme behoort en met ons bekende grammatiese semantiese kategorieë (t.o.v. tyd, aspek en modaliteit) konformeer. Die besondere semantiese waardes wat ons hier ondersoek, steek in die “ander” dele van die predikaatkonstruksie. Sommige van dié konstruksies het ons al teëgekomm, maar ter wille van die oorsigtelikheid groepeer ons hulle ook weer hierby.

7.4.1 *Koppelwerkwoord + predikatief*

Die seun *is slim*.

My broer *word advokaat*.

Ons het hierna in §2.5(a) gekyk, en sal in §7.6.2.4 daarop ingaan.

7.4.2 *Die voorsetselwerkwoord*

Sy *dweep met* die kuns.

Ook dit het ons in §2.5(c) aangeraak en sal dit weer in §7.6.2.1 bekyk.

7.4.3 *Die meerledige predikaat (deeltjiewerkwoord en sy deeltjie)*

Ons het in §2.5(b) na hulle verwys. Hier het ons nie met 'n soort werkwoord (§7.6.2) of met 'n predikaatvorm (§7.1) te doen nie, maar met 'n taalverskynsel wat met die groepbetekenis (§19.2.1) en die sintaktiese samehang tussen woorde te doen het. Dit gaan naamlik om die verskynsel wat tradisioneel as “skeibare” (teenoor “onskeibare”) samegestelde werkwoorde bekend staan.

Laat ons kyk na:

A Die son *gaan* in die weste *onder*.

en: Die son *het* in 'n rooi gloed *ondergegaan/onder gegaan*.

teenoor

B Sy moeder *ondergaan* môre 'n groot operasie.

en: Sy moeder *het* onlangs 'n operasie *ondergaan*.

Ook:

A *weeg* pakkies *oor*; *het* pakkies *oorgeweeg/oor geweeg*.

B *oorweeg* 'n voorstel; *het* 'n voorstel *oorweeg*.

Bloot ter voltooiing van die reeks ook

C Hulle *gaan* met die voetpaadjie langs tot by die rivier.

Hulle *weeg* die druiwe met vragwa en al.

In die twee C-sinne is *gaan* en *weeg* **simplekse**; hulle is die eenvoudigste vorme waarin dié twee werkwoorde voorkom, en in dié vorm is hulle nie deel van die onderhawige probleem nie, en ons laat hulle daar.

In die B-sinne kry ons die **komplekse** *ondergaan* en *oorweeg* onderskeidelik, en soos alle ander komplekse (by ander woordsoorte ook) tree hulle in vaste vorm en betekenis(-se) op. Hulle bied ook geen probleme nie, en wat wel by hulle behandeling verdien, kom onder die morfologie en in §7.7.4.1 (die swak voltooiende deelwoord) voor. Voorlopig stap ons dus van hulle af.

Die probleem lê by die tipe soos in ons A-sinne hierbo: *gaan . . . onder, ondergaan, onder gegaan; weeg . . . oor, oor(. . .)weeg, oorgeweeg, oor geweeg*. (Die AWS 1964 laat die skryfwyse — los of vas — oop: bl. 38, en ander tipes ook: bl. 33.) Die skryfwyse is ook nie hier ter sake nie; al is bv. *oorgeweeg* aanmekaar geskryf, is dit nog geen samestelling nie, want by 'n samestelling kry die woord slegs as geheel — dus vooraan of agteraan — fleksiemorfeme, nie binne-in nie. Dit skep juis die probleem: so iets soos 'n “skeibare samestelling” (of “skeibare samegestelde werkwoord”) is 'n teenspraak tussen die terme.

Ons het hier te doen met 'n **werkwoord** en 'n **woord** uit 'n **ander woordklas** wat **wedersyds van mekaar afhanklik is ten opsigte van hulle semantiese waarde**. Hierdie interafhanklikheid toon graadverskille:

(a) In die sin

Die son *gaan* in die weste *onder*.

kan ons die woord *onder* nie weglaat nie tensy ons dit (met die nodige aanpassings in die sin) vervang, só:

Die son *gaan(kom)* in die ooste *op*.

Maar iets soos

*Die son gaan in die weste.

is on-sin, ongrammaties.

(b) In die sin

Hulle *weeg* die pakkies *oor*.

kan die woord *oor* weggelaat word, en dit laat ons met 'n sinvolle, grammatiese sin:

Hulle *weeg* die pakkies.

(c) In die sin

Hy *wend* self op die wond *aan*.

kan *aan* nie weggelaat of vervang word nie; in hierdie betekenisverband bestaan *wend*. . . *aan* net as 'n groep; die een kan nie sonder die ander nie. (Daar is wel 'n homonieme *wend* wat beteken *draai*: Hy wend hom tot sy vriend., 'n voorsetselww.; en: *jou afwend*, 'n wederk. ww., wat geeneen hierby ter sake is nie, omdat hulle ander woorde is.)

7.4.3.1

Die woorde *onder/op* in (a), *oor* in (b) en *aan* in (c) is almal **bywoorde** (en homonieme van die gelykluidende voorsetsels, §6.1.2).

In (a) is *onder* en *op* **omstandigheidskomplemente** by *gaan* (§2.4).

In (b) is *oor* 'n **vrye uitbreiding** by *weeg* (§2.7).

In (c) is *aan* 'n byvoegsel of 'n aanvulling by *wend*, waar geeneen allenig 'n betekenis (in dié konteks) het nie; hulle is **supplementêre woorde**; *aan* is 'n **supplement** by *wend*. Sulke woorde soos *aan* hier is **werkwoordsupplemente**, en vorm deel van die grammatiese predikaat (in teenstelling tot die omstandigheidskomplemente en vrye uitbreidings, wat buite die grammatiese predikaat staan, maar wel deel van die predisering vorm). Sulke predikate wat uit **supplementêre woorde** bestaan, is **meerledige predikate**.

7.4.3.2

Maar bywoorde is nie die enigste soort woorde wat so supplemente by 'n werkwoord kan wees nie; in

Hy *draai* die kraan *toe*.

dui *toe* op *kraan* (ná die *draaiery*), en is dus 'n byvoeglike naamwoord wat as supplement dien: *die kraan draai* sou iets heeltemal anders kan beteken.

In: Hy *maak* die mandjie *leeg*, is *leeg* 'n supplement by *maak*, want dis duidelik dat in *leegmaak* die woord *maak* nie dieselfde beteken as in (bv):

Hy *maak* die mandjie. nie.

7.4.3.3

Ook selfstandige naamwoorde kom as sulke supplemente by die werkwoord voor:

Hy *het kennis gemaak* met die bestuurder.

Ons *stel* in sy vordering *belang*.

Die opvoering *vind* Donderdag *plaas*.

Dis duidelik dat *maak*, *stel* en *vind* hier waardeloos is sonder respektiewelik *kennis*, *belang* en *plaas*; die twee vul mekaar telkens aan en die s.nw. (meestal sonder lidwoord) dien as supplement by die werkwoord. In 'n sekere sin is dié s.nw. voorwerpe by die ww., maar daar is geen keuse nie; die ww. en s.nw. is supplemente in dié mate dat die s.nw. deel van die grammatiese predikaat is. Dit blyk daaruit dat dié soort sin gewoonlik nie in die passief kan staan nie:

**Belang word deur ons in sy vordering gestel.*

tensy ons *daar* gebruik (§7.5)

Daar word in sy vordering belang gestel.

7.4.3.4

Dit is nodig om van hierdie soort predikaat kennis te neem, want naas die besondere semantiese waardes wat daarmee saamgaan, het dit ook die sintaktiese belang dat die supplemente, (die "deeltjies"), net soos alle nie-finite dele van predikate op die end van die sin 'n groep met die ander werkwoorde (indien enige) vorm, maar altyd op die end staan:

Hy *sien* die man *loop*.

Hy *het* die man *sien loop*.

Hy *gee* vir haar *om*.

Hy *het* vir haar *omgegee*.

Hier volg nou 'n kort lys uit die geweldig baie voorbeelde daarvan in Afrikaans. Hulle is gerangskik na gelang daarvan of hulle supplemente bywoord, byvoeglike naamwoord of selfstandige naamwoord is. In woordeboeke vind ons hulle alfabeties volgens die supplemente aangegee.

1. Met bywoorde as supplemente

A Die volgende is onoorganklik (en neem dus nie 'n voorwerp nie), bv.:
'n Nuwe tydvak in ons geskiedenis *breek* nou *aan*.

('n siekte) *breek* uit

neem af

(iemand) *daag* op

neem toe

ding *mee* (om)

sak ineen

doen mee (aan)	* sit vas
drom saam	skram weg (van)
dy uit	skud op (met)
(die weer) klaar op	smelt saam (met)
(die trein) kom aan	staan saam
koel af	stem saam (met)
kom in	tree op (in)
kom voor (uit)	trek in
kruip in	wei uit (oor)
kruip uit	werk saam (met)
los op	

B Die volgende is oorganklik en het dus gewoonlik 'n direkte voorwerp:

Hulle *bied* hom 'n goeie betrekking *aan*.

aap iemand na	kap bome af	skeep iets af
beeld iets uit	keil iemand op	skerp iets in
boesem vertrou in	klem iets vas	skuif iets af/op
boots iemand na	kom 'n kamer binne	spreek iets af
bou iets op	kyk 'n saak deur	spreek mense toe
daag iemand uit	laat 'n lid toe	staan iemand aan
dam iemand by	maak toue los	stal ware uit
dam water op	maak iemand seer	stel iemand aan
dien iets in	neem 'n wenk aan	stel ondersoek in
dien medisyne toe	neem 'n saak oor	stel lyste saam
druk iets uit	neem iets saam	stel 'n plan op
erd iets op	nooi iemand uit	stel 'n vonnis tersyde
gaap iemand aan	pas iets op	stel oorsake vas
gee geld uit	raai iemand iets aan	stip hoofsake aan
het iemand lief	rand iemand aan	strek arms uit
het klere aan	ransel iemand af	teken punte aan
het 'n das om	rokkel iets af	toon iets aan
het 'n hoed op	ruim iets op	trek 'n jas aan
hou beeste aan	rus iemand toe	vaardig wet uit
hou siekte voor	samel oes in	val vyande aan
jaag geld na	sien iets raak	vors iets na
jak iemand af	sit 'n hoed op	wend self aan
juig iemand toe	sit werk voort	woon konsert by

C Die volgende is meteen ook voorsetselwerkwoorde:

Die hoof *beveel* die ouer man *vir* die hoër betrekking *aan*.

Die hoof *dring op* 'n bevredigende verklaring *aan*.

gaan voort met iets	neem iemand op in die groep
gee iets oor aan iemand	neem iets saam met hom
keer terug na die kamp	reik nie toe aan vereiste nie
ken iets toe aan iemand	skeep iets om tot iets anders
kom af op iets	skryf dit toe aan iets
laat iets oor aan iemand	spreek jou uit teen iets

laat iemand toe tot die balie
lê 'n plan voor aan iemand
lewer iemand uit aan ander

stel iemand aan as hoof
stel iemand voor aan iemand

2. Met byvoeglike naamwoorde as supplemente:

Ek *het* niks *met hom gemeen* nie.

het iets nodig
hou jou doodluiters
keur iets goed
kry iets reg
maak iets bekend
maak jou diensbaar (aan)
maak jou besorg (oor)
maak jou/iets gereed (vir)
maak iets leeg
maak iets moontlik
maak bomme onskadelik

maak iemand iets wys
neem iemand kwalik (oor)
skrik wakker
slaan iemand disnis
stel iemand bekend (aan)
stel iemand skadeloos
stel iemand tevrede
trap onklaar (in)
vou iets toe (in)
werk jou moeg/kapot

3. Met selfstandige naamwoorde as supplemente:

Sy gedrag *doen afbreuk aan* die goeie naam van sy familie.

gaan akkoord met
gee skiet
gooi (sy) flikkers
hardloop die myl . . .
maak aanstalles
maak gebruik (van)
maak kennis (met)
maak staat op

maak spore
neem kennis (van)
ry fiets/perd . . .
speel tennis/kaart . . .
stel belang (in)
trek noustrop/bokerf . . .
trek peil (op)

Let op: Die meerledige predikaat *kom . . . aan* vertoon een eienaardige, ietwat misleidende, sintaktiese optrede: Dit kan voorkom as

Die trein *kom* om tienuur *aan*.

en dit bied geen probleme nie. Maar dit *kom* dikwels voor as

Piet *kom* elke oggend laat hier *aangedraf/aangeloop/aangesukkel* . . .

en selfs

Hy *kom* mos toe daar by my *aangesit*.

almal met 'n effens onaangename gevoelswaarde.

Die skryfwyse *aangedraf/aangesit* . . . (as een woord) gee die indruk dat die *aan* by die *draf* . . . hoort. Maar dit is nie so nie; die *aan* is 'n supplement by *kom*, en die *gedraf* . . . *kom* net as 'n voltooiende deelwoord voor in 'n predikaatkonstruksie wat ons in §7.4.6 bekyk. Dieselfde soort gebruik kry ons in Chris Barnard se *Mahala* met in: "Toe sien hy haar . . . vóór hom *ingestap kom*."

7.4.4 *Veelvoudige predikate*

Daar is 'n groep werkwoorde wat 'n besondere sintaktiese gedrag vertoon, o.a. gekenmerk deurdat

- i. hulle in één werkwoordgroep saam met 'n ander werkwoord kan optree, onmiddellik langs hom soos *kom* in: “Hy *kom speel* by my,” of geskei soos: “Hy *kom* by my *speel*.”,
- ii. sodat die ander werkwoord binne dié groep slegs in die infinitiefvorm voorkom en sodat,
- iii. in 'n sin waarin ook enige hulpwerkwoord in dieselfde predikaatkonstruksie voorkom, dié twee werkwoorde onmiddellik **langs mekaar** te staan kom in die gewone hoofwerkwoord se posisie, albei in die **infinitiefvorm**, met die “ander” hoofwerkwoord laaste (Hy *het* by my *kom speel*.) Wanneer die ander hoofwerkwoord 'n semantiese eenheid met 'n ander woord vorm (= deel van 'n groeppetekeniseenheid vorm: “Hy *het* by my *kom wegkruipertjie speel*.) word hulle soms geskei.

Wanneer 'n predikaat twee of meer hoofwerkwoorde bevat, noem ons dit 'n **veelvoudige predikaat** teenoor die **enkelvoudige predikaat** met net een hoofwerkwoord (soos in: “Hy *speel* by my.” of “Hy *het* by my *gespeel*.”)

Opmerking:

Wanneer die een werkwoord as 'n om-te-infinitief voorkom, vorm hulle twee aparte konstruksies, soos in:

Hy *probeer om weg te hardloop*.

en behandel ons hulle nie as deel van hierdie groep nie.

Daar is ook reeds verskeie onderskeidende benamings vir die werkwoorde wat so saam met die ander hoofwerkwoord optree, aan die hand gedoen. Die verskille tussen die groepies is so klein dat naamgewing onekonomies word. Hier gaan ons hulle hanteer as hoofwerkwoorde wat in verskillende sinne (= Engels “senses”), d.w.s. polisemies, gebruik word. Maar ons moet 'n hele aantal groepe onderskei:

7.4.4.1

Bly staan effens apart omdat dit in 'n veelvoudige predikaat 'n heeltemal eensoortige gebruik het, en boonop dan nog in die gewone betekenis (wat dit in 'n enkelvoudige predikaat ook het) gebruik word, iets soos “voortgaan, aanhou”:

Die kêrel *bly* al oor dieselfde ding *sanik*.

Sy *bly sing* die hele dag lank.

Dalk hou hierdie gebruik (histories?) verband met die konstruksie “bly aan 't/die sing” wat ons in §7.4.8 behandel. Ons kry hier naamlik dieselfde aspekbetekenis wat ons daar onderskei.

7.4.4.2

Gaan, loop en **kom** het ook onderlinge verskille, maar het darem genoeg gemeen om hulle saam te groepeer.

By *gaan* moet ons seker vier semantiese waardes onderskei:

- (a) *Gaan* kan by sy gewone betekenis aansluit en iets soos “wegbeweeg”

beteken:

Hy *gaan* sy nuwe motor in Kaapstad *haal*.

en: Hy *het* gister sy nuwe motor in Kaapstad *gaan haal*.

ook: Hy *gaan speel* gereeld gholf.

- (b) *Gaan* kan 'n effens onvriendelike bybetekenis kry in uitdrukkings soos:

Gaan speel met jou maats, jong!

In hierdie gebruik kry ons ook *loop*:

Toe, *loop speel* nou!

- (c) *Gaan* het die waarde van 'n **baie sterk (toekoms)-voorneme**, en kom dan nie in die verlede tyd voor nie:

Joos *gaan* tydens die komende vakansie sy huis *verf*.

- (d) *Gaan* dra ook nog die gevoelswaarde van "ongunstig kritiseer" en kom dan gewoonlik met verlede tydsverwysing voor:

Toe *gaan* hy nog die onvergeeflike flater *begaan* om sy baas te beskinder.

"So was dit onvermydelik dat state hulself met die huishoudelike sake van ander state *gaan bemoei het*." (Die Burger, 21.6.1975)

Kom het ook verskillende gebruike:

- (a) *Kom* kan beteken "hierheen beweeg" in 'n sin soos

Sy *kom kla* altyd haar nood by hom.

- (b) *Kom* dui ook toekomsgebeure aan in

Dit *kom reent* vannag.

en selfs saam met *gaan* in

Dit *gaan kom reent* vannag. of: Dit *gaan* vannag *kom reent*.

- (c) *Kom* tree in enkele effens vaste groepe op, soos die bostaande dalk ook maar is ("kom kla", "kom reën"), soos

Toe ek my *kom kry*, lê ek in die water!

en in "kom sukkel, kom lol, kom staan en lol . . ."

Dit val op dat hierdie drie, *gaan*, *loop*, *kom* en ook *bly* net in hulle gewone leksikale betekenis met 'n om-te-infinities verbind; dan dui die om-te-konstruksie op 'n doel: "Hy gaan om sy motor te (gaan) haal."

"Hy loop om sy hoed te soek." "Hy kom om my te help." "Hy bly om die plaas op te pas."

7.4.4.3

Begin* en *probeer se leksikale betekenisse gee aanleiding tot hulle veelvuldige gebruik in veelvoudige predikate: 'n mens *begin* of *probeer* byna altyd iets **doen**. Wanneer hulle die enigste hoofwerkwoord in die sin is, is hulle oorganklik en het 'n direkte voorwerp: "Sy *begin* 'n nuwe **trui**." en "Ek *probeer* nou 'n ander **tabak**." As hulle met 'n ander werkwoord kombineer, word die ander werkwoord die hoofbetekenisdraer en dié bepaal dan die sinspatroon:

Sy *begin* 'n nuwe trui *brei*. (met "'n nuwe trui" as direkte voorwerp)

- of: Hy *begin* **hardloop** van vrees. (sonder voorwerp, want *hardloop* is onoorganklik).

Albei dié werkwoorde word ook met 'n om-te-infinitief gebruik, maar so 'n gebruik met *begin* word as Anglisisme beskou:

*Dit begin om te reën.

Net met *te* alleen kom dit ook voor:

Die wind *begin* geleidelik harder *te waai*.

As enigste werkwoord in die sin kan *begin* ook 'n voorsetselwerkwoord wees:

Hy *begin* al weer *met* 'n nuwe stokperdjie.

Opmerking:

Probeer lewer soms probleme weens sy misleidende vorm: 'n skynvoevoegsel "pro-" en 'n uitgang "-eer" wat albei die neiging versterk om die voltooid deelwoord sonder *ge-* te vorm. Daarby word *probeer* baie meer saam met 'n ander werkwoord in 'n sin gebruik as alleen, en daar kry dit dan ook nie *ge-* nie; dis dan 'n infinitief:

Hy *het* sy werk goed *probeer doen*.

Dit werk mee om in die volgende gevalle 'n foutiewe vorm sonder *ge-* baie algemeen te maak; die volgende is korrek:

Sy *het* nou die nuwe middel teen asma *geprobeer*.

Hy *het* al baie *geprobeer om* met haar 'n praatjie aan *te knoop*.

7.4.4.4

Aanhou en *ophou* se gebruik is nog onvas en verskil ook van mekaar: albei word nog (dalk meestal) met die om-te-infinitief gebruik:

Sy *hou aan om* na die kind *te roep*.

Hy *het* al lankal *opgehou om te rook*.

en albei kom as voorsetselwerkwoord met *met* voor:

aanhou met werk

ophou met rook.

Hulle word egter ook in veelvoudige predikate gebruik:

Sy *hou aan roep* na die kind.

Hy wil graag *ophou rook*.

Die onvastheid blyk uit die feit dat die voltooid deelwoord met *gedikwels* (meestal?) voorkom:

Hy *het* dieselfde vroe *aangehou stel*.(?)

Hy *het* *aangehou* dieselfde vroe *stel*.

(≠ Hy *het* *aanhou* dieselfde vroe *gestel*/Hy *het* dieselfde vroe *aanhou gestel*. waar *aanhou* geen werkwoord nie, maar 'n bywoord is.)

Maar blykbaar nie:

*Hy *het* dieselfde vroe *aanhou stel*. nie

en: Hy *het* om vyfuur *opgehou werk*.

en: Hy *het* om vyfuur *ophou werk*.

Maar blykbaar nie:

*Hy *het* *opgehou/ophou* om vyfuur werk. nie, maar wel:

Hy *het* *opgehou* hard werk.

en: Hy *het* *ophou* hard werk.

Dalk het ons hier te doen met woorde op 'n ontwikkelingstrap êrens

heen, 'n onvoltooide taalverandering wat wisselvorme vertoon. Hulle is nie die enigste onder die veelvoudige predikate nie, soos ons sal sien.

7.4.4.5

Staan, sit en lê het deel van veelvoudige predikate geword as 'n sekondêre ontwikkeling uit die werkwoordelike **hendiadis** (§7.4.5 soos in “Hy *sit en droom* oor die toekoms.”) deurdat die *en* uit die konstruksie verdwyn, en dan tree die twee werkwoorde altyd onmiddellik langs mekaar op, behalwe as die tweede in 'n baie enge betekenissamehang met 'n voorafgaande woord staan:

Moenie met my *staan sukkel* nie. (≠ staan en sukkel)

Sy kan mos so heeldag *sit lees/sit* storieboek *lees*.

Hy *het lê dink* oor hoe snaaks die lewe is. (≠ het gelê en dink)

In die spreektaal hoor 'n mens dikwels by die eerste werkwoord in die groep (*staan, sit of lê*) die voltooide deelwoord met *ge-* (wat in die hendiadis die standaard is):

Hy *het* die heeldag met Jan *gestaan sukkel*.

Dis moeilik om hier norme te vind; die ontwikkeling moet seker maar sy eie loop neem sodat die toekoms deur gebruik kan beslis.

7.4.4.6

Leer en help is oorganklike werkwoorde wat (soos ook “begin” en “probeer” en ander) 'n werkwoordelike begrip as direkte voorwerp kan neem:

Hy *verwag/hoop/begeer* . . . om (iets) te doen.

Maar *leer* en *help* kan dit ook sonder “om te” doen, net soos *begin* en *probeer*:

Hy *leer/help* (en *begin/probeer*) *werk*.

Al vier kan ook 'n direkte voorwerp neem:

Hy *leer/help* (en *begin/probeer*) *die gras sny*.

Maar in al hierdie gebruike kan die eerste werkwoorde (dus *leer, help, begin, probeer*) weggelaat word en die ander werkwoord kan alleen die predikaat vorm: “Hy *werk*.” of “Hy *sny die gras*.”

Maar ons kan ook sê:

Hy *leer* sy broertjie (die motor) *bestuur*.

en: Hy *het* sy maat (die kar) *help stoot*.

Nou kan *leer* of *help* nie weggelaat word nie; hulle is sintakties onontbeerlik waar 'n persoons- of belanghebbende voorwerp optree.

7.4.4.7

Laat (en **maak** = laat, veroorsaak dat) in die betekenis “toelaat dat” en “veroorzaak, meebring dat” kom net in een soort predikaat voor soos:

Hy *laat* sy werknemers self daaroor *besluit*.

Hy *laat* sy seun al die swaar werk *doen*.

Hy *het* die lig die hele nag *laat brand*.

Die semantiese waarde van *laat* in hierdie gebruik verskil van dié waar *laat* alleen as predikaat optree en beteken “nie (doen) nie”:

Wat ons *doen* en wat ons *laat* is ons saak.

Laat dit maar; ek sal dit afhandel.

Hier hou *laat* 'n sekere passiwiteit in: die onderwerp van die sin kan nie aan die “ander” werkwoord se handeling deel hê nie; die direkte voorwerp in die sin (hierbo “werknemers”, “sy seun” en “lig” onderskeidelik) is telkens die logiese onderwerp (die doener) van die “ander” werkwoord wat egter altyd in die infinitief voorkom:

Hy *laat* jou nooit verveeld *wees* nie.

As streektaal kom *maak* soms in dieselfde betekenis en sintaktiese gebruik as *laat* voor, veral in die verbinding *maak staan*:

Sy *maak* die besem in die hoek *staan*. (Hy *het* . . . *gemaak staan*. Hy wil dit . . . *stamaak*.(?))

Wanneer *maak* in die betekenis “verplig, dwing” voorkom, is dit seker 'n Anglisisme:

*Hy *maak* sy werksmense elke aand hulle gereedskap bêre.

Wanneer *laat* onmiddellik voor die ander werkwoord staan, het dit 'n redelik vaste (idiomatiese) betekenis van “onaangeraak laat”, veral saam met *staan* en *bly*:

Hy *laat staan* die ander kinders se speelgoed.

'n Verstandige man *laat bly* sulke dinge liewer.

Hy wou die bokkie skiet, maar toe hy die lammetjie sien, het hy haar *laat loop/gaan/staan*.

Laat is uniek in dié opsig dat hy nie weggelaat kan word nie (soos ook soms *leer* en *help*, en soos dié in §7.4.4.8 hierna), maar ook nooit sonder die “ander” werkwoord kan optree nie soos ander passiefpredikate ook, en soos hulpwerkwoorde: die groep bestaan alleen in samehang met mekaar. Sien ook §5.2.3 opmerking (c) i.s. *laat*, *dat* (*lat*).

7.4.4.8

Hoor, **sien**, **voel** en (selde) **ruik**, die sogenaamde “sintuiglike” werkwoorde, kan ook saam met 'n ander werkwoord in een predikaat voorkom, maar só dat alleen die “ander” werkwoord weggelaat kan word:

Hy *hoor* die voëls *sing*.

≠Hy *hoor* die voëls. maar nie

*Hy *sing* die voëls. nie.

Dit dui reeds daarop dat hierdie groep sintuiglike werkwoorde nie met die ander werkwoord **semanties** in een predikaat kombineer nie. As ons sê:

Jan *begin* die vloer *vee*.

is dit Jan wat *begin* en dis Jan wat *vee*. Maar as ons sê:

Jan *sien* die reën *val*.

is dit Jan wat *sien* maar die reën wat *val*. Vergelyk daarmee: as ons sê:

Piet *help* sy maat die kar *stoot*.

is dit Piet wat *help* maar sy maat wat *stoot* (hoewel Piet ook seker *stoot*!).

Daarnaas het hierdie groep sintuiglike werkwoorde kombinasieoontlikhede en -gebreke wat hulle van die ander onderskei:

Die sintuiglike werkwoorde kan nie met 'n om-te-infinitief kombineer nie:

*Jan hoor om die voëls te sing.

By hulle kan die "ander" werkwoord die predikaat in 'n *dat*-klous word:

Jan hoor dat die voëls *sing*.

Piet sien dat die reën *val*.

Koos *voel* dat dit kouer *word*.

Anna *ruik* dat die brood *brand*.

By al hierdie sinne kan die inlywing van die voorwerpsin, wat hier die voegwoord *dat* het, ook sonder die *dat* geskied:

Jan hoor die voëls *sing*.

en dit is nie moontlik om te bepaal of laasgenoemde sin uit twee klouse ('n hoofsin en 'n voorwerpsin) of uit net een bestaan met 'n veelvoudige predikaat nie. En daarom is dit nie moontlik om 'n voorskrif neer te lê of 'n mens moet sê:

Jan *het* die voëls hoor *sing*.

of: Jan *het gehoor* die voëls *sing*. nie.

As die voorwerpsin ietwat meer "lyf kry", kan die woordorde iets sê:

Jan hoor die voëls soggens *sing*.

het dus 'n veelvoudige predikaat en móét word:

Jan *het* die voëls soggens *hoor sing*. (met *hoor* en *sing* albei infinitiewe).

Maar as die sin lui:

Jan hoor die voëls *sing* soggens.

het ons met 'n samegestelde sin te doen waarin die inlyfsin in sy onafhanklike vorm ingelyf is (sien §2.11.8(B4)), en die predikaat met 'n perfek sal moet lui:

Jan *het gehoor* die voëls *sing* soggens.

Dit gebeur egter maar selde dat die hoorder die bedoeling van die spreker kan snap anders as uit die vorm van sy sin, en daarom is dit seker byna nooit moontlik om vir iemand hier te sê dat hy verkeerd praat nie.

Vergelyk verder:

Jan *voel* die yster warm *word* $\neq$ Jan *voel* die yster *word* warm.

Jan *het* die yster *voel* warm *word*. $\neq$ Jan *het gevoel* die yster *word* warm.

maar net:

Jan *het gevoel* dat die yster warm *word*.

en aspektueel anders:

Jan *het gevoel* dat die yster warm *geword* *het*.

In al hierdie vorme kom *sien*, *hoor* en *voel* voor, maar *ruik* kombineer blykbaar omtrent net met *brand*:

'n Mens *kan* die rubber van ver af *ruik brand*.

7.4.4.9

Kry, in die betekenis "vind" kombineer ook met 'n ander werkwoord in een predikaat, maar soos die voorgaande groep, ook altyd sonder om

semanties te vergroei:

Ek *kry* die sleutel in die gang *lê*. (“ek kry” maar “die sleutel *lê*”)
Blykbaar vind hierdie kombinasie net met *lê*, *sit* en *staan* plaas:
Jy *kry* iets/iemand *êrens lê*, *sit* of *staan*.

Opmerkings:

- (a) Die tipe *kry gedoen* is iets anders; ons behandel dit in §7.4.6.
- (b) Die werkwoord *vang* het ’n gebruik wat lyk of dit in die rigting van die veelvoudige predikaat beweeg; dalk is dit net streektaal:

Sy pa *het* hom *gevang rook*.

vir die standaardvorm:

Sy pa *het* hom *gevang* dat hy rook.

- (c) Wanneer werkwoorde wat ons in §7.4.4.1—9 behandel het, behalwe *ophou* en *aanhou*, in ’n perfek in een veelvoudige predikaat voorkom, is albei infinitiewe:

Hy *het* die kind *sien val*.

Tans is daar ’n hoë mate van onvastheid in die taalgebruik, maar miskien moet ons voorasnog ’n *ge-* by die eerste as substandaard beskou, hoewel dit reeds taamlik algemeen is, selfs by skrywers:

*Hy *het* die kind *gesien val*.

7.4.5

Sit en slaap is ’n voorbeeld van die **werkwoordelike hendiadis**. Die **hendiadis** kry ons waar een begrip gestel word deur die koppeling van twee nuwege-skikte woorde: by *sit en slaap* gaan dit nie altyd daarom dat iemand “sit” en dat hy “slaap” nie; die woordgroep beteken eenvoudig dat iemand sy (effense) gesteurdheid uitdruk omdat iemand anders letterlik slaap of minstens nie bewus is van wat om hom aangaan nie. In die **verbale hendiadis** (soos dit meestal bekend staan) kry ons trouens altyd die ongunstige gevoelswaarde, maar dit geld nie by die ander hendiadis (soos: “vuur en vlam wees”, “hart en siel”, “deur dik en dun” . . .).

Naas die semantiese waarde val ook die sintaktiese voorkoms op: die drie werkwoorde *sit*, *staan* en *lê* tree as eerste lid (waarvan die normale leksikale betekenis vervaag in die konstruksie) op en word met *en* verbind aan die tweede werkwoord waarvan die leksikale betekenis (effens) ongunstig is of wat met ’n ongunstige implikasie gebruik word:

Die seuntjie *sit en slaap* gewoonlik in die klas.

Moenie (*kom*) *staan en lol* as ek werk nie.

Hy sal maar weer *lê en planne maak* wat hy nooit uitvoer nie.

Veral *staan* word selfs gebruik wanneer die liggaamsposisie anders is: die een kamermaat kan vir die ander sê wanneer albei reeds in die bed is:

Moenie ’n mens *staan en wakker snork* nie.

Nog ’n kenmerk is dat die eerste lid na *het* (dus in die perfek) ’n voltooidedeelwoord is maar die tweede lid ’n infinitief, d.w.s. na *het* kry die eerste lid ’n *ge-* maar die tweede nie:

Ek *het gesit en slaap* totdat Meneer my reggesien het.

Sy *het gestaan en lol* totdat ek haar gaan help het.

Hy *het* die hele nag *gelê en beplan* hoe om te werk te gaan.

Moontlik weens die gelyksoortige gevoelswaardes van die twee tipes vorm veral *gaan* en *kom* nogal dikwels 'n veelvoudige predikaat saam met hiërdie groep; dan word al die werkwoorde infinitiewe (behalwe *het*):

Hy *het kom staan en lol* totdat ek my vererg het.

Hy *het gaan sit en dink* hoe om dit aan te pak.

Die onvastheid wat ons in opmerking (c) net voor hierdie paragraaf genoem het by die veelvoudige predikaat met die sintuiglike werkwoorde, kom ook by die verbale hendiadis voor, dalk weens die oppervlakkige ooreenkoms in vorm, en ook vanweë die feit dat die hendiadis reeds oorskuif na die vorm sonder die *en* (sien §7.4.4.5). Ons kry reeds dikwels die hendiadis sonder 'n *ge*-:

*Hy *het sit en slaap*.

en die kombinasie van veelvoudige predikaat met hendiadis weer mèt 'n *ge*-:

*“Ons *het* 'n enorme olifant *gesien staan en droom . . .*” (radio-praatjie)

7.4.6

Ge-(doen) kom, gedoen raak, gedoen kry, gedoen hê vorm 'n reeks met een gemene kenmerk: die voltooië deelwoord wat ons hierbo met *gedoen* voorgestel het, maar wat natuurlik enige woord kan wees, dien nie as 'n deel van die predikaat nie. Dit dui op 'n toestand, 'n voltooië toestand, en alleen die werkwoorde *kom, raak, kry* en *hê* verrig werkwoordelike funksie in die sin dat hulle (in watter predikaatvorm dan ook al) as predikaat dien.

- (a) *kom* en *raak* gedoen het 'n soort passiewe waarde; die onderwerp is nie die doener nie. Die bywoord *klaar* kom dikwels daarin voor (soos ook by die ander twee), en neem soms die funksie van die voltooië deelwoord heeltemal oor as die besondere handeling nie van belang is nie:

Met die baie reent *kom* die belangrikste werk nie eens alles *gedoen* nie.

Dié trui *kom* ook nooit *klaar gebrei* nie.

Die lank beloofde brief *het* ook maar gisteraand eers *geskryf gekom*.

Uiteindelik *sal* die plantjies darem môre *geplant raak*.

In die meeste gevalle kan *raak* of *kom* in dié gebruik om't ewe voor-
kom; soms word *kom* tog 'n bietjie sterker voltooid aangevoel:

Jy moet sorg dat dié werk nou gou *gedoen kom* (en waarskynlik nie *raak* nie).

- (b) By *kry* gedoen is die onderwerp die doener:

Jan *kry* ook maar meestal nie al sy werk *gedoen* nie.

Hy hakkell so; hy *kry* die lang woord net nie *gesê* nie.

Ou Jannie *sal* met skaamwees en al die groot vraag nou gou *gevra moet kry*, anders is hy die mooi kwyt.

Uit *Mahala* van Chris Barnard:

“Hy het net geweet hy *wil* haar *afgeskud kry*; . . .” (bl. 7)

“... en Delport het geweet hy *sal* dit nooit klaar *gedrink kry* nie.” (bl. 27)

“Hierdie plek! Hoe *kry* julle hier *geleef*?” (bl. 123)

- (c) By *gedoen hê* is die onderwerp gewoonlik ook die doener, maar dit kan ook passief wees. Hierdie konstruksie is die maklikste herkenbaar as dit in 'n modale predikaat voorkom:

Hy *wil* die aanstellings voor sy vertrek *afgehandel hê*.

Ek *wil* die ondersoek voor vannag *gedoen hê*, al moet jy tot middernag werk.

In plaas van 'n gewone perfek tree *kry* in om die afgehandelheid duidelik te stel as dit belangrik is vir die aspekbetekenis “voltooid” in die teenwoordige tyd:

Hy *het* met groot moeite die hekkie *aangesit (gekry)*.

As die “voltooidheid op 'n tydstip in die verlede” oorgedra wil word, tree die perfek van *hê*; nl. *het gehad*, saam met die voltooide deelwoord van die onderhawige werkwoord wat na die toestand verwys, op:

“Teen die tyd dat hy begin boer het, *het* Jim al klaar sy toekomstige vrou *uitgesoek gehad*.” (Die Burger, 2.2.1968)

Waar ons in §7.4.6 die konstruksies bekijk het wat 'n voltooide of **perfektiewe** aspekbetekenis dra, kyk ons in die volgende twee paragrawe na konstruksies met ander aspekwaardes.

7.4.7

Gaan aan die lag

Raak aan die lag

Maak aan die lag

Kry aan die lag

Hierdie konstruksies, waarby die eerste woord telkens die predikaat vorm terwyl die laaste telkens die hoof-betekenisdraer is, dui op die **aanvang** van die handeling wat in die laaste woord opgesluit lê. Taalkundiges noem dit die **ingressiewe** aspek, en asof dit nie erg genoeg is nie, ook nog die **inkohatiewe** aspek (wat sinonieme is).

Baie dikwels word ook vandag nog die ouer lidwoordvorm in plaas van die gebruik: *gaan aan 't lag*, en soms ook nog met die ouer (Nederlandse) infinitiefvorm van die laaste werkwoord: *gaan aan 't huile* en selfs die foutiewe vorm *aan 't “lagte”*!

En daar *gaan* die arme kind weer *aan die hoës*!

As jy na haar kyk, *raak* sy *aan die skree*.

Hy *het* die ou motortjie weer *aan die loop gemaak/gekry*.

7.4.8

Aan die/'t werk wees

Aan die/'t werk bly

Hierdie twee konstruksies druk weer die **duratiewe** aspek uit, omdat hulle

(soos die werkwoord *aanhou*) sê dat die handeling voortduur:

Sy was *aan 't seepkook* toe ons daar kom.

“... moenie met haar lol as sy *aan die koop* is nie.” (P.H. Nortjé)

Sy *bly* maar heeldag *aan die sing* by die werk.

(’n Mens kan aanvaar dat die konstruksie *bly sing* in §7.4.4.1 hieruit ontwikkel het.)

Die predikaat wat uit die kopula *wees* plus byvoeglike naamwoord *besig* bestaan, het ook so ’n duratiewe betekenis. Dit kom dan in twee vorme voor:

Hy *is* nog *besig om te skryf* aan sy herinneringe.

en: Hy *was* al *besig met eet* toe ons eers daar aankom.

7.4.9

Vat-vat is ’n voorbeeld van die **herhalingsamestellings** of **reduplikasievorme** wat op verskeie terreine in Afrikaans voorkom, en by die predikaat op ’n soort tentatiewe, versigtige, herhaalde gebeure dui; in die taalkunde word van die **iteratiewe** aspek gepraat:

Die heelagter *gryp-gryp* na die vleuel, maar hy’s verby!

Van verleentheid *vat-vat* hy so aan sy baardjie.

Sy *voel-voel* na die skakelaar totdat sy hom raakvat.

Hy *wil-wil* begin sing van bangheid, maar bedink hom toe.

Sommige van hierdie reduplikasievorme wat uit werkwoorde gebou is, word as bywoorde gebruik: “Hy soek sy pad *voel-voel* deur die donker.” Sommige kom nie in werkwoordelike funksie voor nie, net as bywoorde:

“Hulle loop *sing-sing* in die straat af.”

maar het steeds nog die iteratiewe semantiese waarde.

7.5 Sinsvorm: Aktief en passief

’n Mededeling kan van een van twee moontlike gesigspunte uit gedoen word:

As die gebeure uitgaan van die grammatiese onderwerp (§2.3), sê ons die sin is in die **aktief**. Dit beteken nie noodwendig dat die grammatiese onderwerp iets moet doen (soos: *hy* loop) nie; die onderwerp kan ook in ’n toestand verkeer (*my pa* slaap), of gediensig, teen wil en dank, aan ’n proses onderhewig wees waarby ’n ander egter nie ’n aktiewe aandeel het nie (*Sy* hoor stemme. *Die boom* groei mooi.)

As die grammatiese onderwerp nie aan die gebeure aandadig is nie, dus die handeling ondergaan, sê ons die sin is in die **passief**. (soos: Die parlement word deur die Staatspresident geopen. of Die pad word deur die berge gebou.)

Sommige **passiewe** sinne het geen persoonlike of noembare logiese onderwerp of grammatiese onderwerp nie (soos: Daar is by die winkel ingebreek.).

Die **aktief** en die **passief** is die twee moontlike **vorme van die sin** of: **sinsvorme**. (Sien voetnoot †, bl. 177)

7.5.1 Die korrelasie: *aktief* ≠ *passief*

Omdat dit hier gaan om die *sinsvorm* waarin die mededeling voorkom, en omdat 'n beperkte aantal mededelings weliswaar in enige van dié twee vorme kan voorkom, is daar 'n duidelike omsettingspatroon uit te wys:

7.5.1.1

Volkome omsetting

Sinne met 'n **oorganklike werkwoord** as predikaat kan meestal in albei vorme voorkom (onderhewig aan sekere beperkinge; sien §7.5.2):

Aktief (A): Die ouers ondersteun daardie skool goed.

Passief (P): Daardie skool word goed deur die ouers ondersteun.

Opmerking:

Let op dat die keuse van vorm nie sonder meer vry is nie; dit word deur allerlei oorwegings ingegee, o.a. die “onderwerp van belangstelling” wat dan die gesigspunt bepaal. (Sien §2.3.)

Die omsettingsproses raak slegs 3 sinsdele:

- i. A (direkte) voorwerp → P onderwerp
- ii. A onderwerp → P voorsetselkonstruksie (*deur* + naamwoordkonstruksie) met betekenis “doener” (= **agens**)
- iii. A predikaatvorm → P predikaatvorm, só:
 1. **Presens:** A — doen → P — word gedoen
 2. **Perfek:** A — het gedoen → P — is gedoen (sien voetnoot #, bl. 178)
 3. **Modale predikate:** A — sal . . . doen → P — sal . . . gedoen word
en: A — sal . . . gedoen het → P — sal . . . gedoen wees
of: A — moes . . . gedoen het → P — moes . . . gedoen geword/geweës het. (Sien voetnoot Ø, bl. 178)

Opmerking:

In die passiefpredikaatvorme is *worden is* (*wees, gewees, was*) dus nie in die gewone sin hulpwerkwoorde nie: hulle kan nie weggelaat word nie. Hulle is egter ewe min hoofw.: hulle kan nie as enigste ww. in die sin dien nie. Tot tyd en wyl taalkundiges dit oor 'n term eens is, sal ons hulle maar “hulp-

† Die woord “aktief” kom uit die Latyn “activus” vir “bedrywig, doende, doenig, aktief”. Die woord “passief” kom uit die Latyn “passivus” vir “lydsam, verdraagsam, lydelik” maar ook “lydend = Engels suffering”. Die gangbare Afrikaanse term “lydende vorm” berus dus op 'n onjuiste vertaling (in die Nederlands reeds); dit kan desnoods “lydelike vorm” wees. Die gangbare Afrikaanse term “bedrywende vorm” is die enigste plek waar “bedrywend” voorkom; as woord het dit geen ander gebruik nie (ook nie in Nederlands nie). Hoewel dit gewoonlik onwys is om aan gangbare terme te peuter, sal dit 'n wyse stap wees as ons in Afrikaans (veral in ons skoolsituasie) hierdie twee terme verwerp ten gunste van alleen **aktief** en **passief**.

werkwoorde by die passief” noem; hulle vorm deel van die passiefkorrelate van die predikaatvorme (presens, perfek en modale predikate) in die aktief.

Voorbeelde: (Toets die omsettingspatroon!):

A Hulle bou net private huise.

P Net private huise word deur hulle gebou.

A (Orals rond is sandkastele) wat die kinders gebou het.

P (Orals rond is sandkastele) wat deur die kinders gebou is.

A Die nuwe maatskappy gaan hier ’n winkelsentrum bou.

P ’n Winkelsentrum gaan hier deur die nuwe maatskappy gebou word.

A Die bediendes moes die rommel opgeruim het.

P Die rommel moes deur die bediendes opgeruim geword/gewees het.∅)

7.5.1.2 Onvolkome omsetting

In baie gevalle is die logiese onderwerp nie bekend nie of onbelangrik of vanselfsprekend, soms omdat dit in die konteks reeds genoem is. Sulke mededeling word dikwels in passiewe vorm gestel sonder die voorsetselkonstruksie met *deur*:

A Iemand (hulle) het ’n vyfverdiepinggebou daar opgerig.

P ’n Vyfverdiepinggebou is daar opgerig.

/(a) Imperfekte is nie by omsetting A→P betrokke nie; *wees* is die enigste hoofww. met ’n imperfek, en kom nie in die P voor nie.

(b) “*Was – gedoen*” word nog dikwels aangegee as die vorm wat in afhanklike sinne (en soms onafhanklike sinne) vir voorafgaandheid in die verlede (“voorverlede” of plusquamperfek) in die passief gebruik word. Die praktyk bevestig dit nie; slegs enkele grammatikabewuste skrywers beoefen dit (soms). Dit neem geen onderskeidende plek in die Afrikaanse taalgebruik in nie:

Nadat die werk voltooi *is/was*, het hulle vertrek.
is vir (byna?) alle Afrikaanssprekendes om ’t ewe. Die skoolse onderskeiding is uitgedien. C. Barnard skryf in *Mahala*:

“En die spore was nie ouer as ’n uur of twaalf nie; almal *was* ná die vorige nag se reën *getrap*.” (bl. 127)

Hoe sal ons dié sin t.o.v. tyd en aspek beskryf? Die Burger, wat anders baie getrou die *was ge-* gebruik, skryf by geleentheid:

“’n Onontplofte torpedo wat in Valsbaai *afgevuur is* en sy teiken gemis het, het die Vloot ’n benoude tyd laat deurmaak.”

Vgl. hiermee die onderskrif by ’n foto op 29.1.71:

“Die Anglikaanse deken van Johannesburg — *verlaat* die hof nadat hy gister op borgtog *vrygelaat was*.”

(c) Sien ook i.s. *was – gedoen* onder §7.5.3.

∅ *Wees/gewees* het ’n **perfektiewe aspektuele waarde** in vergelyking met *word/geword* se **onvoltooide en/of momentane aspektuele waarde**; toets dit aan die betekenisverskil tussen: Die deur moes om vyfuur gesluit *word* ≠ *wees* en *geword* ≠ *gewees* het.

By dergelike onbekende onderwerpe (= doeners) kry ons dikwels sinne in die passief met 'n onoorganklike werkwoord in die predikaat. Dan tree die onpersoonlike (of leë) voornaamwoord *daar* as die grammatiese onderwerp op:

P *Daar* is vannag by die bank ingebreek.

Wanneer die doener van hierdie aard is en die direkte voorwerp is 'n klous (soos veral by werkwoorde met die stambetekenis *sê*), tree die voornaamwoord *dit* of *daar* as **voorlopige** grammatiese onderwerp op:

P *Dit/daar* word beweer (dat dié kloue nog luiperds huisves).

Daar bestaan 'n voorkeur vir die gebruik van die passief in mededeling met hierdie kenmerk. (Sien ook §7.5.2.4)

7.5.2 Voorkeure by *aktief*≠*passief*

Slegs 'n baie klein minderheid sinne kan om 't ewe in die aktief of passief staan. Allerlei beperkinge bestaan op dié gebied, waarvan ons die belangrikste reeds genoem het (§7.5.1.1), nl. dat sinne met 'n onoorganklike werkwoord hulle nie maklik tot die passiefvorm leen nie:

A Piet loop in die straat op.

*P Daar word deur Piet in die straat op geloop.

Hierby hou ons in gedagte dat vir sekere styldoeleindes die taal hom laat buig en smee:

P Hulle doen alles onder protes: daar *word* stadig *geloop*, lank *gesit* en moeisaam *opgestaan*.

P “Waaroor word dit dan nou so diep gedink?” (Boerneef: *Boplaas*, bl. 4)

7.5.2.1 *Passiewe sonder aktief-korrelate*

Die soort sin wat in §7.5.1.2 genoem is, d.w.s. waar die logiese onderwerp onbekend of onbelangrik of vanselfsprekend is, of waar dieselfde logiese onderwerp (die doener) baiekeer genoem sal moet word, kom voor as passiewe sinne sonder die voorsetsekonstruksie met *deur*, en sulke sinne het selde indien ooit in natuurlike taalgebruik aktiewe korrelate. In 'n artikel (in *Die Burger*) oor “Simonstad word reus”, waarin uitbreidings bespreek word, word 16 aktiewe teenoor 18 passiewe sinne gebruik — laasgenoemde byna almal omdat die logiese onderwerp telkens “die Vloot” is en dan liefs nie herhaal word nie. Dit is die gewone patroon; in nuusartikels kom die passief baie voor.

Ons gebruik ook passiewe sinne, veral afhanklike klouse, wanneer dit anders dubbelsinnig sal wees:

A Die seun wat die onderwyseres geklap het, het nou die skool verlaat.

is dubbelsinnig en word liewer:

P Die seun wat deur die onderwyseres geklap is, het nou die skool verlaat.

of:

P Die seun deur wie die onderwyseres geklap is, . . .

7.5.2.2 Aktiewe sonder passief-korrelate

Daar is baie meer tipes aktiewe sinne wat nie in die passiewe vorm kan voorkom nie as andersom. Hierby moet ons dit onthou: 'n mens kan baie sinne **maak** waarby dit nie maklik aangetoon kan word waarom dit nie gebruik kan word nie. Wetenskaplikheid vereis egter dat alleen sinne wat in **natuurlike taalgebruik** voorkom (dit wil sê, wat nie doelbewus met die oog op bewysvoering in die grammatika gebou is nie) ondersoek moet word; dan kan reëls of wetmatighede daaruit afgelei word waarvolgens ander “grammatiese” sinne gebou kan word. As ons hier sê dat 'n sekere tipe “ongrammaties” (= verkeerd) is, beteken dit dat so 'n tipe nie in natuurlike taalgebruik voorkom nie (hoe ons taalgevoel ook al deur kunsmatige ongrammatiese sinne beduiwel geraak het!)

- (a) Die eerste tipe is sinne met “skynvoorwerpe”, wat eintlik bywoorde-
like bepalings is, soos:

A Die pak weeg drie kilogram.

* P Drie kilogram word deur die pak geweeg.

(Sien §9.3.2 en §7.6.1 vir ander tipes en voorbeelde.)

- (b) Verskeie oorganklike werkwoorde met egte direkte voorwerpe kan tog
nie in passiewe sinne gebruik word nie:

i) *Besit* en sy sinoniem *het*; ook *weet*, *ken*, *kortkom*, *oorkom*, *pas*,
beteken . . . en *kry* in sommige betekenisse:

A Hy besit/het twee motors.

* P Twee motors word deur hom besit/gehê/gehad(?).

A Hy kry in Desember vakansie.

* P Vakansie word deur hom in Desember gekry.

Ander is:

Sy *weet* alles daarvan.

Hy *kom* geld *kort*.

Die hemp *pas* hom.

Dié stap *beteken* oorlog.

Hy het 'n ongeluk *oorgekom*.

Ek *ken* hom nie. (Maar Johannes 10 v.14: — Ek ken my eie en word
deur my eie geken.)

Die bottel *bevat* wyn.

Die vaasje *hou* twintig liter.

Die opdrag *behels* 'n ondersoek na misdaad.

- ii) As die voorwerp 'n liggaamsdeel van die onderwerp is:

A Hy het sy enkel verswik.

* P Sy enkel is deur hom verswik. (Vir: “Sy enkel is verswik.” sien
§7.5.5).

A Sy knip haar oë.

* P Haar oë word (deur haar) geknip

- iii) As die voorwerp die inhoud van die werkwoord herhaal:

A Hy slaap die slaap van die regverdige.

- (c) Veelvoudige predikate (d.w.s. met 'n tweede hoofww. daarin) kan gewoonlik nie in die passief staan nie:

A Sy hoor die voëls sing.

* P Die voëls word deur haar hoor sing.

A Hy help my gras uittrek.

* P Ek word deur hom help gras uittrek(?).

A Sy het hom laat sweet.

* P Hy is deur haar laat sweet.

Maar:

A Sy het die poging laat vaar.

P Die poging is deur haar laat vaar.

N.P. v. W. Louw skryf:

“En hoe is die objek, die ding wat *leer ken* moet word, die gemeenskap?” (*Liberale Nasionalisme*, bl. 86).

- (d) Predikaat-voorwerp-konstruksies met konvensionele betekenis (d.w.s. waarvan die dele komplementêr is en 'n eenheidsbetekenis het) kom dikwels net in die aktief voor:

A Daar vier wanorde tans hoogty.

* P Daar word tans deur wanorde hoogty gevier.

Ander konstruksies is o.a.: gevaar loop, asem skep, moed vat/verloor

Hierby sluit segswyses soos die volgende aan:

A Hy lag hom 'n papie.

P 'n Papie word (?).

- (e) Sinne van die volgende tipe:

Hy ry fiets/perd/skoppelmaai.

Hy speel klavier/tennis . . .

Hy loop hande-viervoet.

Hy jaag/hardloop reisesies.

- (f) Wederkerende werkwoorde kan nie in die passief voorkom nie, hoewel hulle eintlik ook oorganklik is, bv.

A Hy bekommer hom oor sy kinders.

7.5.2.3 Sinsvorme met “wil”

Die modale hulpwerkwoorde kan gewoonlik goed genoeg in enige sinsvorm pas:

A Hy kan allerlei liedjies sing.

P Allei liedjies kan deur hom gesing word.

Dit geld vir almal behalwe *wil* en soms *behoort*:

A Hy wil 'n nuwe motor koop.

* P 'n Nuwe motor wil deur hom gekoop word.

A Hy behoort die siekes te verpleeg.

* P Die siekes behoort deur hom verpleeg te word.

Maar *wil* kan tog in albei sinsvorme voorkom, maar só dat die sinne nie omgesit kan word in die ander sinsvorm nie:

“ . . . as ons nie . . . aan blinde natuurkragte oorgelewer wil wees nie.” (N.P. v.W. Louw — *Liberale Nasionalisme*, bl. 47)

Ander:

P Ek wil nie beledig word nie.

P Sy wil toegemaak wees/word.

7.5.2.4 Sinsvorme by voorsetselwerkwoorde

In sinne waarvan die predikate deur voorsetselwerkwoorde gevorm word, behou die voorsetselkonstruksie sy vorm, hoewel dit dikwels na die begin van die sin oorgeskuif word. Dié sinne het in die passief geen onderwerp nie, tensy *daar* optree:

A Hulle let op die gevolge.

P Op die gevolge word (deur hulle) gelet.

P Daar word op die gevolge gelet.

Dié gebruik val onder §7.5.1.2.

7.5.2.5 Stilistiese oorwegings by keuse van sinsvorm

Op die keuse van die sinsvorm word ook deur stilistiese oorwegings beperkinge gelê: In 'n passief sal daar 'n groter klem op die onderwerp lê, omdat dit voorop geplaas word, en dit beïnvloed dikwels die keuse. Vergelyk bv.:

A Kinders begryp sulke probleme gewoonlik nie.

P Sulke probleme word dikwels nie deur kinders begryp nie.

Dieselfde klem kan deur 'n spesiale volgorde in die aktief ook verkry word:

A Sulke probleme begryp kinders gewoonlik nie.

Dié òmplasing deug egter nie vir bv. die volgende nie:

Ons melk dié koeie elke aand.

Ons moet dan liever sê:

Dié koeie word elke aand deur ons gemelk.

Toets van die volgende sinne in die passief en oordeel watter sinsvorm stilisties (en andersins) verkieslik is:

'n Mens verplant 'n ou boom moeilik.

Die nuuskieriges het die vliegtuig goed bekyk.

Ons sal die gaste goed behandel.

Nadat Piet my 'n klap gegee het, het hy weggehardloop.

As die regter die vonnis vel, sit hy 'n swart mus op.

'n Mens kan hierdie horlosie nie meer herstel nie.

Ek moet die boompie wat ek raakgetrap het, uithaal.

Die man wat die motor gestamp het, het ernstige beserings opgedoen.

Teen Kersfees werk 'n mens nie veel nie.

'n Amerikaner hou die wêreldrekord oor 100 meter.

Hulle het 'n betrekking spesiaal vir hom geskep.

7.5.3 Passief teenoor toestand

Dit is soms moeilik om die presiese bedoeling te onderskei wanneer ons sinne het soos:

Die boeke *is versprei* onder die kinders.

Betekén dit: Iemand het die boeke onder die kinders versprei. of: Die boeke is nie bymekaar nie maar wel oral rond by die kinders?

So gou soos 'n tydbywoord bykom, los dit die vraag op:

Y: Die boeke is **verlede week** onder die kinders versprei.

en Z: Die boeke is **tans** onder die kinders versprei.

Y is passief; Z praat van 'n toestand; in Y is *versprei* 'n werkwoord en vorm saam met die hulpwerkwoord *is* 'n passiefpredikaatvorm; in Z is *versprei* 'n byvoeglike naamwoord, 'n predikatief by die koppelwerkwoord *is*.

Hierdie dubbelsinnigheid kom net met *is* voor; as *word* optree, is dit 'n passief:

Die boeke *word* (tans) onder die kinders versprei.

Hier het ons met **aspektuele** begrensings te doen, soos ook in:

Die onderwyser moet besef dat daar gedurig oë op hom gerig *is* . . . wat 'n **voortdurendheid** beteken. As *word* i.p.v. *is* optree, word die betekenis aspektueel **herhalend**.

Hierby sluit sinne met die bywoorde *al/reeds/klaar* aan; hulle dra 'n swaar voltooide waarde en saam met 'n voltooide deelwoord dien hulle om 'n voltooide toestand te stel:

Toe ons daar kom, *was* die werk al klaar *gedoen*.

Die ondersoek *was* al op 3 Desember *afgehandel*, maar is in Maart eers gepubliseer.

Dit is nie sonder meer duidelik of *was gedoen/was afgehandel* . . . 'n passiefpredikaat is en of ons *gedoen* en *afgehandel* as byvoeglike naamwoorde moet sien wat op 'n toestand dui nie. Selfs as die "doener"-konstruksie (bv. *deur hulle*) optree maar nie 'n belangrike plek in die betekenis inneem nie, bly die vorm:

Toe ons daar kom, *was* die saal al deur die kinders *opgeruim*.

Die gevoel bly dat dit eerder gaan om 'n handeling wat 'n toestand van voltooiing bereik het, hier meer bepaald op 'n gegewe tydstip. As die handeling as sodanig belangrik word, lyk die passief met *is* meer gewoon:

Ons het vasgestel dat die saal deur die kinders *opgeruim is*.

7.5.4 Ander passiefkonstruksies

Naas die behandelde passiefvorm van sinne, kry ons nog ander konstruksies wat 'n passiefbetekenis het.

(a) F.I.J. van Rensburg: *Letterkunde in Moderne Tyd*, bl. 8:

"Die letterkunde het hom ruim laat beïnvloed deur die visuele media van film en televisie en die ouditiewe medium van die radio."

Die grammatiese onderwerp *die letterkunde* is sowel aktief (hy laat) as passief (hy ondergaan die invloed). Die wesenlik passiewe vorm vind veral in die voorsetselkonstruksie in skuins druk sy uitdrukking. Soortgelyk is:

“Ook moet ons ons nie *laat* mislei deur ’n skynbare omkering van ’n volgorde nie.” (bl. 21)

- (b) In plaas van *word* kom *raak* voor as hulpwerkwoord by die passief:
“... dat die absolutisme van één faset ten koste van ander beklemtoon begin *raak* het” (F.I.J. van Rensburg, a.w. bl. 20)

- (c) Met aspektueel perfektiewe betekenis kry ons die vorme:

Die werk moet voor vanaand *gedoen kom*.

Hy wil die werk graag klaar *gedoen hê*.

Hy sal dit nie betyds *gedoen kry* nie.

By hierdie konstruksies kán die onderwerp die doener wees, maar hóéf nie; dit gaan eintlik om die finale *toestand*. (§7.4.4)

- (d) Infinitiefvorme met *te* tree dikwels ook in passiefkonstruksies op:

“... dat die uitbarstinge enkel en alleen *toe te skryf is* aan die toenemende verworping . . .” (Die Burger, 26.2.72)

waar *toe te skryf is* beteken *toegeskryf kan word*. So ook:

“En by Johan *is* daar ook nie geselskap *te vind* nie.” (A. Blignault: *In klein Maat*, bl. 18)

Ander infinitiefvorme met passiefbetekenis is:

Hy gee *te kenne/te verstane* dat

Dit *staan te besien* of

Dit *is te verwagte* dat

(Hy weet nie) wat hom *te doen staan* nie.

(Of dit alles waar is) *val te betwyfel*.

- (e) Verkorte of elliptiese sinne met ’n passiefvorm vorm dikwels deel van groter sinne:

“Nou ja, *deur die nood gedryf*, gaan ek vanoggend stad toe
(A. Blignault, a.w. bl. 14)

“Miskien *lê* in die feit (dat) juis ’n versweë hulde aan hulle *opgesluit*.” (Die Burger, 14.10.72)

7.5.5 Passiefvorm met aktiefbetekenis

Ons moet kennis neem van ’n sekere predikaatstruktuur wat na ’n passief lyk, maar wat ’n aktiewe betekenis het met ’n aspektueel perfektiewe waarde:

As ek klaar *gewerk is*, gaan ek huis toe.

My seun *sal* teen 30 November klaar *geskryf wees* en dan gaan ons strand toe.

Hierdie volt. deelwoord *gewerk/geskryf* kan vervang word deur *met werk/skryf* of die *is/wees* deur *het*. Hierdie vorme is nie passiefvorme nie.

Let op: Op hierdie punt het ons nou wesenlik die sintaksis van die werkwoord gedek, want sy optrede in predikate is afgehandel. Maar enkele gesigspunte verdien nog aandag:

1. Ons het ’n verskeidenheid *soorte* werkwoorde teëgekom, en as sinskern wat die sinspatroon vaslê, moet hulle ’n slag georden word. Dit doen ons in §7.6.
2. In ons behandeling van die verskillende predikate het ons ’n aantal

werkwoordvorme teëgekom. Maar werkwoordbetekenisse en -funksies kom nie net in predikate voor nie; sommige werkwoordvorme dien nooit as of in predikate nie; ander het ander funksies naas dié in predikate. Ons orden dit in §7.7.

3. Op baie plekke het semantiese waardes van werkwoorde 'n groot aandeel in die manier waarop hulle optree. Ons sal soms daarna moet verwys as ons bogenoemde twee gesigspunte behandel, en ook weer in die hoofstuk oor die semantiek. Dit vereis egter 'n omvangryke behandeling, wat die opset van hierdie studie oorskry. Daar is tans in Afrikaans reeds werke wat dit baie vollediger behandel.

7.6 Groepering van werkwoorde

Ons het reeds by herhaling gesien dat daar in elke predikaat minstens één werkwoord is (met één afwyking wat ons op bl. 203 by *wees* noem), maar dat baie predikate uit meer as een werkwoord bestaan. Dit het ook duidelik geword

- i) dat nie alle soorte werkwoorde as enigste werkwoord in die predikaat kan optree nie; ons noem 'n werkwoord wat wel kan, 'n **hoofwerkwoord** (of selfstandige werkwoord).
- ii) So 'n **hoofwerkwoord** is ook meestal die draer van die leksikale betekenis in 'n predikaat wat uit meer as een werkwoord bestaan (maar nie die kopula nie).
- iii) Dit is die **hoofwerkwoord** wat in enige sin/klaus die **sinspatroon** bepaal.
- iv) Naas hoofwerkwoorde kan ook hulpwerkwoorde in 'n predikaat optree:
 - (a) Die hulpwerkwoord *het* tree saam met die voltooiide deelwoord van 'n hoofwerkwoord in die perfek en die voltooiide infinitief op; hierdie grammatiese funksie is die enigste semantiese waarde van die hulpwerkwoord *het* (sien §7.1.2).
 - (b) Die modale hulpwerkwoorde *kan/kon*, *moet/moes*, *wil/wou*, *sal/sou*, *mag/(mog)*, *behoort te*, *hoef te*, (*skyn te*, *blyk te*) en *durf* voeg hulle eie leksikale semantiese waarde by dié van die hoofwerkwoord, en het verder die grammatiese funksie dat dit die infinitief of voltooiide infinitief van die hoofwerkwoord determineer. (Dit is in §7.1.4 en §7.3 behandel.)
 - (c) Passiewe sinne het 'n predikaatkonstruksie waarvan die kleinste vorm uit die hulpwerkwoord *is* of *word* plus die voltooiide deelwoord van die hoofwerkwoord bestaan, maar wat ook meer gekompliseerd kan wees. Hier is die semantiese waarde van die hulpwerkwoord slegs om die passiefpredikaat te vorm. Dit het dus slegs grammatiese funksies wat ook sekere tyd- en aspekbetekenisse behels. Nogtans is die hulp- en die hoofwerkwoorde in die passief as sodanig duidelik onderskeibaar. Dit is volledig in §7.5 behandel.
- v) Uit iv (a, b en c) kan ons 'n belangrike semantiese verskil tussen die hulpww. *het* en die hulpww. by die passief enersyds en die modale

hulpwwe. andersyds stel: die modale hulpwwe. het 'n leksikale semantiese waarde terwyl die hulpwwe. by die perfek en by die passief net 'n grammatiese semantiese waarde het.

Daar is tussen die twee groepe ook 'n verdere sintaktiese verskil. Ons sê bv.:

A1 Hy *het* stadig buitentoe *geloop*.

A2 Hy *word* stadig buitentoe *gevolg*.

B Sy *wil* gou buitentoe *gaan*.

In hierdie eenders geboude sinne kan ons merk dat die hulpwerkwoorde en die hoofwerkwoorde in ooreenstemmende plekke in die sinne staan. Hier het ons onafhanklike sinne; as ons hulle as ondergeskikte klouse by hoofsinne inlyf lyk hulle só:

A1a (Ons hoor dat) hy stadig buitentoe *geloop* *het*.

A2a (Ons sien dat) hy stadig buitentoe *gevolg* *word*.

Ba (Sy sê dat) sy gou buitentoe *wil* *gaan*.

Ons sien dus: in 'n klous met die afhanklike woordorde word die predikaat (uit hoeveel werkwoorde dit ook al bestaan, en dit geld ook vir meerledige predikate) op die end van die klous geplaas, maar:

die hulpwwe. by die perfek en die passief kom agterna, terwyl die modale hulpwerkwoorde voorafgaan aan die hoofwerkwoord.

Dit geld altyd:

sy *het* op hom *staatgemaak* – dat sy op hom *staatgemaak* *het*

hy *het* alles *goedgekeur* — dat alles deur hom *goedgekeur* *is*

maar: Hy *wou* haar *gehelp* *het* — dat hy haar *wou* *gehelp* *het*

Verder gaan ons nou slegs nog na die kenmerke van die **hoofwerkwoord** kyk, meer bepaald na dié gesigspunte wat op die sinspatroon 'n invloed het.

7.6.1 Oorganklike en onoorganklike werkwoorde

In §2.8 het ons reeds op dié skeiding gewys wat eintlik dwarsdeur die werkwoordvoorraad sny; 'n skeiding wat uit die sinspatroon spruit: as 'n predikaat 'n (direkte) voorwerp kan neem, is die **hoofwerkwoord** daarin **oorganklik** (of transitief); anders is dit **onoorganklik** (of intransitief).

Die seun *maak* 'n kleios.

Die ww. *maak* moet altyd so 'n direkte voorwerp kry, hier *kleios*, en dus is *maak* 'n oorganklike werkwoord.

Die seun *struikel* oor 'n los klip.

Die ww. *struikel* kan nie 'n voorwerp neem nie; “oor 'n los klip” is hier 'n bywoordelike bepaling (van plek of manier). *Struikel* is dus 'n onoorganklike werkwoord.

7.6.1.1

Maar so heel eenvoudig is dit mos nooit; daar is 'n hele paar afwykings:

A Die werkers *eet* hulle middagete om eenuur.

B Die werkers *eet* om eenuur.

Is *eet* in A oorganklik en in B onoorganklik? Selfs al sou ons kan

redeneer dat *eet* in die twee sinne tog iets anders sê, bly dit aanvegbaar. Ons sê dus liewer dat *eet* in beide sinne oorganklik is; in B kán dit 'n voorwerp kry.

7.6.1.2

- C Die hond *ruik* die vleis.
- D Die hond *ruik* aan die skoën.
- E Die vars brood *ruik* heerlik.
- F Die perdemis *ruik*.

In C is *ruik* oorganklik: dit het die voorwerp *die vleis*. Dit is duidelik dat *ruik* in E onoorganklik is: daar kan geen voorwerp ingedink word nie. Is *ruik* 'n werkwoord wat sowel oorganklik as onoorganklik kan wees? Ons kan 'n parallelle geval opstel:

- C1 Die vrou *hoor* die geroep.
- D1 Die vrou *luister* na die geluid.
- E1 Die musiek *klink* lieflik.
- F1 Die leë blikke *raas*.

Nou is dit duidelik dat ons die F-gevalle kan weggooi: in sin F is *ruik* 'n eufemisme vir “stink”, 'n onoorganklike werkwoord, net soos *raas* kan beteken “onaangenaam klink”. Die sinne in C1, D1, en E1 suggereer dat *ruik* in C, D en E ook drie verskillende woorde kan wees met toevallig dieselfde vorm, **homonieme** dus. Dat hulle gegroepeer staan by dieselfde sintuig, plaas die “toevalligheid” onder verdenking, sodat **polisemie** dalk die antwoord gee, hoewel hulle ook grammatiese verskille toon. Laat ons die ander “sintuiglike” werkwoorde toets:

- C2 Hy *sien* die see.
- D2 Hy *kyk* na die see.
- E2 Die see *lyk* mooi.
- C3 Sy *voel* die wind.
- D3 Sy *voel* aan die snykant.
- E3 Die wind *voel* koud.
- C4 Ek *proe* die smaak.
- D4 Ek *proe* aan die kos.
- E4 Die kos *smaak* (*proe*?) lekker.

Van die vyf sintuiglike waarnemings gebruik *ruik* en *voel* dieselfde vorm al drie keer; *hoor* en *sien* gebruik elk drie verskillende woordvorme; *proe* kom twee keer voor en dan *smaak* vir die derde (hoewel *proe* ook hier — substandaard? — voorkom). Ons kan dit dan só stel: By die sintuiglike werkwoorde kry ons telkens 'n groep van drie werkwoorde om die sintuig geassosieer, soms homonieme, waarvan een oorganklik, 'n ander as onoorganklike voorsetselwerkwoord (§7.6.2.1) en die derde onoorganklik — as koppelwerkwoord (§7.6.2.4) — gebruik word.

7.6.1.3

- A Die meisie *neem* die geld.
- B Die gevaar *neem* steeds toe.

Hierdie voorbeelde dien eintlik net tot waarskuwing: om van 'n oorganklike **werkwoord** te praat, kan misleidend wees; dis eintlik die **predikaat** wat ter sprake is. In bostaande twee sinne het A 'n voorwerp en is *neem* dus oorganklik. B het nie 'n voorwerp nie en kan ook nie een kry nie, maar dit is nie *neem* wat onoorganklik is nie; wel die meerledige predikaat *neem . . . toe*. In die sin

C Die stryd *neem* steeds in geweld *toe*.
het ons 'n voorsetselvoorwerp, wat *neem . . . toe* nog nie oorganklik maak nie.

Die omgekeerde kom ook voor:

Die hond rek en *gaap* heerlik. (onoorganklik)

Die seuntjie *gaap* die verteller oopmond *aan*. (oorganklik)

7.6.1.4

Die wond *sweer*.

Die fanatikus *sweer* 'n eed (dat hy . . .)

Ook net 'n waarskuwing: daar is dikwels by homonieme ook die verskil dat een oorganklik is en die ander nie.

7.6.1.5

Sy *kook* aartappels.

Die aartappels *kook* reeds.

Hier het ons klaarblyklik dieselfde woord — vorm en betekenis — wat in een sin (= gebruik) oorganklik en in die ander onoorganklik is. Meyer de Villiers (*Die Semantiek van Afrikaans*, bl. 175) noem hulle **mediale werkwoorde**. Daar is heelwat van hulle, bv.:

Hy *beweeg* sy vingers.

Die bokkie *beweeg* stadig vorentoe.

Hy *braai* die vleis.

Die vleis *braai* nou lekker.

Dit val op dat (in parallelle pare sinne soos hierbo met *beweeg* en *braai*) die voorwerp in die oorganklike gebruik die onderwerp word in die onoorganklike gebruik. Nog voorbeelde is:

begin	draai	lui	roer	swaai
breek	genees	meng	rol	verander
brokkel	knak	pas	skeur	verniel
buig	knoop	rek	skuif	weeg . . .

7.6.1.6

A Sy *dra* mooi skoene.

B Dié skoene *dra* besonder gemaklik.

Hier het ons 'n interessante ontwikkeling: 'n oorganklike werkwoord wat onoorganklik gebruik word in 'n sinstruktuur waar die **predisering** (§2.5) (in sin A "dra . . . skoene") uit sy sekondêre posisie in die sin uittree en die onderwerpsposisie gryp en boonop nog die fokuspunt in die nuwe **predisering** word deur 'n manier- of vergelykingsbepaling die hoofsaak te

maak. In ons voorbeeld B is dit van geen belang wie die skoene dra nie; slegs dat “dit vir die draer gemaklik is om die skoene te dra”. “Die skoene” word die onderwerp en “gemaklik” word die hoofsaak in die predisering, maar slegs t.o.v. die “dra” daarvan. Daar is ’n sekere ooreenkoms met die gebruik van die kopula (koppelwerkwoord); net, hier word die onderwerp en die handeling of proses (van die werkwoord) geprediseer:

Ek vind dit lekker om hierdie boek te lees.

word:

Hierdie boek lees lekker.

Hier prediseer “lekker” die “boek” maar net ten opsigte van die “lees” daarvan. Met ’n kopula kan dit wees:

Hierdie boek *is* spannend/dik/moeilik verstaanbaar.

en “spannend . . .” prediseer “boek” as sodanig.

Dit is geen seldsame verskynsel nie; Meyer de Villiers (*Semantiek*, bl. 186) haal sowat vyftien voorbeelde aan. Ander is:

Die vars ertjies *dop* maklik.

Die vloer (van die saal) *dans* lekker.

Die motor *ry* lekker.

Die tennisraket *slaan* gemaklik . . .

7.6.1.7

Nog een wisseling tussen oor- en onoorganklike gebruike spruit dalk uit ’n soort sametrekking:

Die wind *waai* (só dat) sy koring plat (lê).

Hy *sit* (só baie dat) sy broek se sitvlak blink (geslyt is).

Hier word ’n onoorganklike ww., *waai* en *sit*, tot ’n oorganklike omgesit deur die toevoeging van ’n byvoeglike naamwoord by die s.nw. wat in die bysin (die *dat*-klous) die onderwerp is, maar in die saamgetrekte sin ’n voorwerp word:

Die wind *waai* sy koring plat.

Hy *sit* sy broek se sitvlak blink.

Dit is verwant aan die een soort geval in §7.6.1.3 waar ’n meerledige predikaat oorganklik word, terwyl die werkwoord sonder die supplement onoorganklik is (soos *gaap* ≠ *gaap aan*), maar hier het die predikaat nie tot meerledige predikaat ontwikkel nie.

7.6.1.8

Aan die begin (§7.6.1) het ons gesê dat ’n oorganklike ww. ’n (direkte) voorwerp kan neem; die **direkte** is belangrik. Hierby moet ons vier gesigspunte duidelik onderskei:

- i) Gewoonlik kan alleen oorganklike wwe. ’n predikaat in ’n passiewe sin word. (§7.5)
- ii) Maar enkele oorganklike wwe. het tog nie ’n passiefpredikaatvorm nie:

Ek *weet* die antwoord.

* Die antwoord word deur my geweet. (§7.5.2.2(b))

- iii) Voorsetselwerkwoorde wat geen direkte voorwerp kan neem nie, word egter gewoonlik ewe maklik in die passief gebruik, dikwels met *daar* as onderwerp (§7.5.2.4):

Hulle het aan sy eise toegegee.

Aan sy eise is toegegee./Daar is aan sy eise toegegee.

- iv) As 'n predikaat 'n selfstandige naamwoord as komplement het, is daardie naamwoord nie altyd 'n voorwerp en die ww. dus oorganklik nie. Vergelyk:

A Hulle het *die dag* (op die strand) geniet.

B Hulle het *die dag* (op die strand) gerinkink.

In A is *die dag* "iets" wat hulle *geniet* het: 'n direkte voorwerp dus, en *geniet* is 'n oorganklike werkwoord.

In B sê *die dag* wanner (en *op die strand wáár*) hulle *gerinkink* het: bywoordelike bepalings (van tyd en plek onderskeidelik), en *rinkink* is 'n onorganklike werkwoord want dit kan nie 'n direkte voorwerp neem nie: 'n mens kan nie "iets" rinkink nie.

Vergelyk verder ook:

C Hy ry ver.

D Hy ry tien kilometer (ver).

In D is *tien kilometer* nie 'n voorwerp nie; dis 'n bywoordelike bepaling, 'n maat- of graadbepaling by die hoeveelheids- of afstandsbepaling *ver*. (Sien §9.3.2)

Die tydaanduidende naamwoorde (dag, uur, week . . .) word dikwels so saam met 'n lidwoord of telwoord as óf voorwerp óf bywoordelike bepaling gebruik na gelang van die aard van die hoofwerkwoord.

Opmerking:

- A Die meerledige predikaat *doen aan* is oorganklik en moenie 'n voorsetsel (*by*) saam met die voorwerp kry nie:

Hulle het die hawe aangedoen.

en nie:

* Hulle het by die hawe aangedoen. nie.

- B Daarenteen moet 'n voorsetsel ná die ww. nie noodwendig gesien word as bewys van 'n onorganklike ww. nie. By veral twee gevalle kom 'n voorsetsel by 'n oorganklike ww. voor:

Hy *drink* van die wyn.

Hy *bou* aan die motorhuis.

'n Jakkals *het* onder die skape *gevang*.

Hier het ons partitiewe (§4.3.1.1) wat die voorwerpe vervang (of, soos sommige taalkundiges dit sien, vul die afwesige voorwerpe aan: begrippe soos *sommige*, 'n *bietjie* . . .); die werkwoorde *drink*, *bou* en *vang* is oorganklik.

Ook by persoons- of belanghebbende voorwerpe kom 'n voorsetsel *vir* soms voor:

Sy broer *help* vir hom.

Help is nietemin oorganklik.

7.6.1.9

'n Klein groepie onoorganklike werkwoorde word in sekere stylaarde met 'n voorwerp gebruik wat eintlik die betekenis van die werkwoord herhaal:

Hy *slaap* die *slaap* van die regverdige.

Sy *droom* mooi *drome*.

Hy *stry* sy *stryd* alleen.

Sy *sê* haar *sê* onbevrees.

Hulle *dans* 'n *wals*.

Opmerking:

'n Mens "vra" nie 'n "vraag" nie; jy "stel 'n vraag". Jy vra kos of 'n guns, of jy vra om iets.

Uit die verskille wat op hierdie gebied tussen Afrikaans en Engels bestaan, groei daar Anglisistiese gebruike wat seker maar bestry moet word. Dan sal ons aantoon dat ons sê:

He answers the letter. — Hy beantwoord (of: antwoord op) die brief.
Maar wat sê ons vir: He answers the telephone.?

Ook:

He grows a beard. — Hy kweek 'n baard.

Maar:

His beard grows fast. — Sy baard groei vinnig.

7.6.1.10

Dit is uitvoerig aangetoon dat 'n mens nie altyd 'n sekere werkwoord onvoorwaardelik as oorganklik of onoorganklik kan bestempel nie. Nietemin volg hier twee lysse van werkwoorde wat onderskeidelik oor- en onoorganklik is; met dien verstande dat ons daarmee hulle **gewone** gebruik, en veral nie as meerledige predikate nie, bedoel, en dat hulle bedoel is om 'n gerieflike hulpmiddel te wees as 'n mens voorbeelde soek.

Eerstens dan 'n groepie wat **gewoonlik** oorganklik is en dus 'n voorwerpkomplement vereis:

verower	vervoer	slag	knyp
bewerk	afhandel	behandel	bekruip
beveg	verbreek	breek	plant
verplant	grawe	melk	verlaat
bekyk	groet	druk	neem/vat
trek	vashou	leer	betaal
verdeel	skep	saag	kap
vel	verstaan	klap	klop
krap	herstel	tref	stel
beveel	bewaar	noem	keer
sê	vertel	dra	versorg
beduie	steel	verkoop	koop
aansit	merk	verken	huur
opsteek	stoot	vergewe	sing
skryf	skiet	vind	bêre
bevestig	sluit	brei	sny . . .
begryp	ontvang	weier	

Die volgende is werkwoorde wat **gewoonlik** onoorganklik is: hulle tree dus sonder 'n (direkte) voorwerp op:

kom	gaan	sit	lê
kraak	staan	spring	werk
stry	kyk	skrik	loop
slaap	gebeur	bewe	antwoord
lag	glimlag	waak	ontwaak
woon	val	handel	optree
vonkel	sug	stap	galop
draf	hardloop	trippel	vlieg
vlug	runnik	kruip	rus
gly	struikel	geskied	pyn
skitter	dwaal	swef	gesels
vertrek (-afreis)	hurk	aankom	wals
afkoel	raas	lewe	aarsel
sluimer	huil	woel	skreeu
bloos	dans	heers	wei . . .

7.6.2

Ons het reeds gesê: die opposisie oorganklik $\neq$ onoorganklik sny deur die ganse hoofwerkwoordvoorraad; dit gaan daarby eerder om 'n **gebruik** as om 'n **soort werkwoord**. Maar ons moet nou tussen vyf soorte hoofwerkwoorde op ander gronde onderskei.

Omdat 'n mens tussendeur telkens ook na die ander soorte moet verwys, gee ons eers die soorte se name en die hoofkenmerk; ons plaas hulle in die volgorde waarin ons hulle gaan behandel:

1. **Die voorsetselwerkwoord**, wat in hegte samehang met 'n sekere voorsetsel gebruik word.
2. **Die wederkerende werkwoord**, wat altyd in samehang met die wederkerende voornaamwoord gebruik word.
3. **Die onpersoonlike werkwoord**, wat altyd die onpersoonlike voornaamwoord *dit* as onderwerp het.
4. **Die kopula** of koppelwerkwoord, wat 'n predikatief nodig het om 'n volledige predikaat te vorm.
5. **Die gewone werkwoord**, (wat nie een van die voorgenoemdes is nie) wat dus nie so 'n vooruitvasgestelde taaleenheid het om hom te bind nie, hoewel hy ook wel komplemente kan hê.

7.6.2.1 Die voorsetselwerkwoord

Ons is reeds deeglik met die voorsetselwerkwoord vertrouwd: dié werkwoord wat altyd net in hegte samehang met ('n) sekere voorsetsel(s) voorkom (§2.5(c), §2.8 e.a):

Sy *dweep met* die jong digter.

Hier is *dweep* 'n **voorsetselwerkwoord** omdat dit nooit sonder die voorsetsel (*met*) kan voorkom nie, *met* is hier 'n **voorsetselsupplement** by *dweep*, en *die jong digter* is die komplement wat ons die **voorsetselvoorwerp** noem.

Sommige voorsetselwerkwoorde word in dié hegte samehang met meer as een (maar nooit baie nie, meestal twee) voorsetsels gebruik:

Ons *glo in* 'n hiernamaalse lewe.

Hulle *glo aan* spoke.

en: Sy *berus in* haar lot.

Die finale besluit *berus by* die hoof.

Die beslissing *berus op* deeglike ondersoek.

Opmerking: Verwarring tussen die drie gebruike is baie algemeen. Die voorsetsels kan egter nie omgeruil word nie: iets soos: * “Hy *berus by* die besluit.” is beslis verkeerd.

Berus is ook nie 'n wederkerende werkwoord nie. As iemand sê: * “Hy *berus hom in sy lot.*” is dit 'n fout.

Ander woordvorme is in een betekenis voorsetselwerkwoord, in 'n ander nie:

Hy *reken* hoeveel dit hom sal kos.

Hy *reken op* ons hulp.

Ek *vertrou* die vent met sy skrefiesogies nie.

Ek *vertrou op* my vriende om my te help.

Daar is werkwoorde wat in dieselfde betekenis maar met gebruiksverskil voorsetsel- en gewone werkwoord kan wees:

Hy *roep* sy broertjie.

Hy *roep om* hulp.

By die werkwoord *vra* is daar 'n moeilik omskryfbare gebruiksverskil:

Hy *vra* hulp. (met *hulp* 'n direkte voorwerp)

Hy *vra om* hulp. (met geen verskil nie, maar nou is *hulp* natuurlik 'n voorsetselvoorwerp)

Hy *vra* haar *om* hulp. (wat iets anders is as: “Hy *vra* haar hulp.” of as “hy *vra om* haar hulp.”)

Ons het reeds in §2.13.3.2 op bladsy 48 gewys op hoe heg die eenheid is wat die voorsetselwerkwoord met sy voorsetsel vorm: waar ons die hoofwerkwoord in die normale en in die afhanklike woordorde in sekere omstandighede heel aan die end van die sin/klaus ver wag, trek die voorsetsel, wat noodwendig vroeër in die sin vóór die s. nw. moet staan, die werkwoord ook na vorentoe in die sin sonder dat dit vir ons verkeerd klink: in plaas van

Sy het vroeër *met* die kuns *gedweep*. sê ons maklik:

Sy het vroeër *gedweep met* die kuns.

en in plaas van

(Ons gee voor) dat ons almal *in* die gelykheid van die mens *glo*.

sê ons:

(Ons gee voor) dat ons almal *glo in* die gelykheid van die mens.

Daarteenoor voel ons dit as fout aan (wat dit ook is) as iemand sou sê:

*(Hy vertel my) dat hy gaan oor twee weke Kaap toe.

of: *Hy het verlede week gekoop 'n skildery.

want hier is dit nie 'n voorsetselwerkwoord nie.

Die kloof tussen oorganklike en onoorganklike werkwoorde loop ook tussen verskillende groepe voorsetselwerkwoorde deur. Daar is naamlik 'n groot groep van hulle wat naas die voorsetselvoorwerp ook 'n direkte of 'n belanghebbende voorwerp neem:

Jy vergelyk mos darem nie *'n mens met 'n koei* nie.

So ook kan jy . . .

iemand aankla weens diefstal	iemand nooi vir ete
iets aanmerk op iemand	iemand onthef van sy plig
iets aansien vir iets anders	iets ontleen aan 'n ander groep
iemand bekroon met 'n prys	iemand ontslaan uit 'n betrekking
iemand belas met 'n taak	iets toets aan die norm
iemand beskuldig van moord	iemand uitmaak vir sleg
iemand (her)ken aan sy bakore	iemand uitskel/uitkryt vir 'n lamsak
iemand inskakel by 'n groep	iemand vergoed vir sy skade
jou lewe wy aan diens	iets vervaardig uit grondstowwe
iets aanbeveel by iemand	. . .

en met 'n persoonsvoorwerp:

sy optrede *strek* hom *tot* eer

In aansluiting by hierdie groep moet ons kennis neem van 'n betreklik groot getal selfstandige naamwoorde wat as voorwerp vir net één werkwoord dien, op so 'n manier dat dié werkwoord-voorwerp-konstruksie nou 'n vaste voorsetsel-supplement het. Die werkwoord behou die vryheid om met verskeie ander voorwerpe saam te gaan; dis net die s.nw. wat hom aan die ww. vasklem:

Die gematrikuleerde *doen aansoek om* 'n betrekking by die bank.

Nog voorbeelde is:

doen afbreuk aan	doen 'n beroep op	hou rekening met
slaan ag op	maak beswaar teen	maak reklame vir
gaan akkoord met	stel 'n eis in teen	neem sy toevlug tot
skep behae in	maak gewag van	doen verslag van
hef belasting op (invoere)	bring hulde aan	bied weerstand teen . . .

In die hoofstuk oor selfstandige naamwoorde in §9.6.3.1 kry ons heelwat voorbeelde van sulke werkwoord-voorwerp-konstruksies, maar daar gaan dit nie om die voorsetsel-supplement nie.

Nou volg voorbeelde van voorsetselwerkwoorde wat onoorganklik is, dus nie nog 'n voorwerp kan neem nie:

Die hoof sal gou *met* die klein rakker *afreken*.

af sien van	neig na/tot	smag na
behoort tot/aan/by	grens aan	snak na (asem)
bekom van ('n skrik)	haper aan (die reëlins)	stam uit (Holland)
beskik oor	heul met (die vyand)	terugkom op
bestaan uit	hink op (twee gedagtes)	toetree tot (die stryd)
beswyk aan	hoop op	uitsien na
betrap op (diefstal)	indruis teen (beginsels)	(redery) vaar op (Europa)

dien tot (stigting)	ingaan op ('n klag)	vra om iets
deel in (vreugde)	inteken op (tydskrifte)	vra vir Jan iets
deurgaans vir (slim)	kyk na (die baba)	vra na 'n verlore vriend
deurloop onder (haar tong)	leef van (vleis)	vrees vir (jou lewe)
deelneem aan (sport)	soek na	wag op/vir
dien in (kerkraad)	pleit vir (iemand)	wen met (punte, uitklophou)
dink aan	pleit om (genade)	woeker met (talent)
(in)ent teen (pokke)	pleit by (iemand) . . .	

Voorsetselwerkwoorde beslaan nie alleen 'n groot deel van ons werkwoordeskat nie, maar toon ook besondere eienskappe in die sintaksis wat die taalwette (wat vir die ander gebruike bedoel is) ongeldig laat lyk as ons nie baie bewustelik van hulle kennis neem nie.

7.6.2.2 Die wederkerende werkwoord

Die wederkerende werkwoord is 'n besondere soort oorganklike werkwoord: dit het die wederkerende voornaamwoord (sien §13.3) as voorwerp en is nie vry om enige voorwerp te neem nie, want dit word deur die onderwerp gedetermineer:

ek bekommer my oor	ons verset ons teen
jy verheug jou oor	julle kwyt julle goed van
u verbly u in	
hy verknies hom oor. . . .	hulle vererg hulle vir/oor. . . .
sy verkneukel haar in	

Ook by die wederkerende werkwoorde kry ons die (gewone) oorganklike werkwoorde wat dus 'n direkte voorwerp naas die wederkerende voornaamwoord neem:

Hy *eien* hom die reg toe om

terwyl die meerderheid dit nie doen nie. Maar dit is ook opvallend hoe baie van hulle voorsetselwerkwoorde is sowel as meerledige predikate; niks besonder eienaardigs daaraan nie, maar net om uit te wys dat die verskillende "soorte" werkwoorde en die bindinge met ander woorde nie **komplementêr** is nie; d.w.s. dat die een nie die ander **uitsluit** nie. Dan moet 'n mens ook onthou dat heelwat van die werkwoorde soms wederkerend en soms nie wederkerend is nie, natuurlik met verskil in betekenis.

Die volgende is voorbeelde van gewone wederkerende werkwoorde:

Hy *bedwing* hom, sodat hy nie kwaad word nie.

Sy *haas* haar huis toe.

Hy *het* hom lelik met sy teenstander *misgis*.

Die knapie *verslaap* hom gereeld.

Jy moet *jou regruk* anders gaan jy ten gronde. (of: hy ruk hom reg)

Die voorsetselwerkwoorde is volop:

Hy *pas* hom maar moeilik *by* sy nuwe omgewing *aan*.

Sy *bemoei* haar nooit *met* ander mense nie.

en:

jou beroem op	jou herinner aan	jou hul in ('n mantel)
jou inlaat met	jou inmeng in	jou klaarmaak vir
jou kwel oor	jou neerlê by	jou ontferm oor
jou ontstel oor	jou onttrek aan	jou ooreet aan
jou skaam oor/vir	jou skaar by	jou toelê op
jou verbaas oor	jou vereenselwig met	jou verlustig in
jou versoen met	jou verkyk aan	jou verstom oor
jou verwonder oor	jou voorberei op	jou beywer vir
jou rig tot	jou skik na	jou onthou van
jou opdring aan	jou bepaal by	jou beperk tot
jou troos aan	jou uitgee vir	jou vergewis van

Opmerking:

Hoewel Afrikaans nog baie wederkerende werkwoorde het, het hy reeds veel minder as wat Nederlands en Duits nog het; Engels, daarenteen, het reeds baie van sy egte wederkerende werkwoorde (se “wederkerendheid”) verloor en weer ander geskep. Die volgende drie werkwoorde, *aanmeld*, *aanpas* en *onttrek*, het beide 'n gewone oorganklike gebruik:

Hy *meld* die ongeluk *aan*.

Sy *pas* klere *aan*.

Hy *onttrek* geld aan sy bankrekening.

en 'n wederkerende gebruik:

Hy *meld* hom by die polisie *aan*.

Hy *pas* hom moeilik in die siviele lewe *aan* na sy diens tyd.

Hy *onttrek* hom aan die span wat vir Saterdag gekies is.

Waarskynlik het ons talesituasie in Suid-Afrika baie daarmee te doen dat hierdie drie werkwoorde in die laaste tipe geval sonder die wederkerende voornaamwoord gebruik word. Dit is 'n fout.

Daarteenoor staan weer die verkeerde gebruik van *geniet* wat in Afrikaans gewoon 'n oorganklike werkwoord is, soos

Hy *geniet* die nagereg/die partytjie/die vakansie.

in wederkerende gebruik onder Engelse invloed:

* Hy *geniet* homself op die partytjie.

Baiekeer word 'n gewoon oorganklike werkwoord só gebruik dat die voorwerp identies met die onderwerp is, m.a.w. die handeling slaan op die onderwerp terug, en dan word die wederkerende voornaamwoord natuurlik ook gebruik; ons sê dan dat die werkwoord “toevallig wederkerend” gebruik word:

Hy *stel* hom op die standpunt dat

Ek *was/skeer/kleef* my (i.p.v. die wasgoed/skape/die pop)

Sy *skrik* haar asvaal.

Julle *beskou* julle as beter as ander.

Ek *het* my lelik *bedrieg/verneuk* toe

Hulle *lag* hulle siek.

Sy *huil* haar dood.

Hy *werk hom* poot-uit.
Hy *beur hom* stokflou.

Opmerking:

Dit is 'n fout, 'n Anglisisme, om by gewone wederkerende gebruik die vorm met “-self” as wederkerende voornaamwoord te gebruik, bv. * Ek bekommer myself oor jou. of: * Ek was myself.

Onder die wederkerende voornaamwoord in §13.3.3 word uiteengesit hoe sake hierby inmeekaarsteek, o.a. waar die vorm met *-self* wel voorkom.

7.6.2.3 Die onpersoonlike werkwoord

Die onpersoonlike werkwoord is weer 'n besondere onoorganklike werkwoord: net soos alle onoorganklike werkwoorde kan dit geen direkte voorwerp neem nie, maar die besondere lê net daarin dat dit geen identifieerbare logiese onderwerp, geen doener, het nie, maar as grammatiese onderwerp altyd die onpersoonlike voornaamwoord (§13.5) *dit* het. Dit is die kenmerk van hierdie *dit* dat dit geen naamwoord(-elike begrip) vervang nie (sodat Ponelis 1968 die term *leë* in plaas van **onpersoonlik** verkies).

Dié werkwoorde het gewoonlik met weersgesteldhede te doen:

(dit) reën, hael, kapok, sneeu, ryp, donder, blits . . .

maar ook ander werkwoorde kry in oordrag hierdie soort betekenis:

(dit) sous, stort, giet, sjaal . . .

Soms word die logiese onderwerpe by ander weer-woorde ook deur hierdie onpersoonlike *dit* vervang:

dit waai koud; dit braai vandag; dit trek in dié kamer . . .

Verwante begrippe word met predikatiewe by die kopulas (§7.6.2.4) *wees* en *word* ook onpersoonlik gebruik:

dit is koud/warm; dit word donker/lig; dit word dag/aand/nag; en:
dit is vroeg/laat . . .

Naas hierdie “meteorologiese” begrippe het Afrikaans maar min ander onpersoonlike werkwoorde oorgehou:

Dit *gaan* goed/sleg (met iemand).

Dit *ontbreek* hom aan die nodige geld.

“... , na die streke waar *dit* nog wild en woens is.” (Boerneef: *Boplaas*, bl. 15)

Dit *lyk* na reent.

Wanneer van bogenoemde werkwoorde in oordrag in sinne soos die volgende gebruik word, is hulle natuurlik gewone onoorganklike werkwoorde:

Die vroeë reën op hom.

Sy stem donder deur die saal.

As iemand sê: “Dit reën sulke yslike druppels wat in die stof plof.” sluit dit aan by die soort gebruik wat ons in §7.6.1.9 behandel het: die betekenis van die werkwoord word eintlik in die voorwerp herhaal.

7.6.2.4 Die kopula of koppelwerkwoord

Opmerking:

Omdat die term **koppelwerkwoord** 'n te eensydige aanduiding van die woordsoort gee en boonop veral by onervare studente verwarring met ander skakelende woorde veroorsaak, verkies ek om die internasionale term **kopula** te gebruik (hoewel dit op dieselfde funksie dui!). Dit het die bykomstige voordeel van korthed.

Ons het in §2.5 en daarna reeds dikwels met die **kopula** of **koppelwerkwoord** te doen gekry en verskeie van sy eienskappe leer ken, waaronder die vernaamste: dat hy nie alléén 'n predikaat vorm nie, maar 'n predikatief daarby nodig het. Ons het egter nie met 'n eensoortige groep woorde te doen nie en 'n mens kan nie baie maklik veralgemeen nie. Laat ons dus eers na die basiese by die kopula kyk; dit kry ons by die werkwoord *wees*.

Jan is 'n dwaas. — *Jan is dwaas.*

Piet is 'n gierigaard. — *Piet is gierig.*

Ester word onderwyseres. — *Ester word mooi.*

In die voorbeelde is dit duidelik dat *Jan* en 'n *dwaas* dieselfde “iets” is, net soos onderskeidelik *Piet* en 'n *gierigaard* en *Ester* en *onderwyseres*. *Dwaas*, *gierigaard* en *onderwyseres* is nie voorwerpe nie, want 'n onderwerp en 'n voorwerp in dieselfde klous/sin moet noodsaaklikerwys verskillende entiteite wees. Waar die naamwoord ná die werkwoord bloot die onderwerp identifiseer of beskryf of verklaar, is die werkwoord 'n **kopula** (koppelwerkwoord). So ook by die ander voorbeelde: die byvoeglike naamwoorde *dwaas*, *gierig* en *mooi* is beskrywend by die onderwerpe en hou nie verband met die werkwoord nie; dié werkwoorde dien ook as kopulas. Hoewel vandag ook ander beskouings deur sommige grammatici daarop nagehou word, is die klassieke beskouing nog die enigste geldige: dat 'n kopula (koppelwerkwoord) nie 'n volledige predikaat kan wees nie, maar 'n predikatief nodig het daarvoor. Dié predikatief kan 'n byvoeglike naamwoord of 'n selfstandige naamwoord wees, of 'n konstruksie (meestal 'n voorsetskonstruksie met byvoeglike funksie) of 'n klous. Ons sal later hiernatoe terugkom.

Hierdie predikatief is nie 'n aparte sinsdeel nie; dit is deel van die predikaat en wel die belangrikste deel omdat dit die eintlike inhoud dra. Die funksie van die kopula is eintlik slegs om in te tree vir 'n werkwoord: dit dra die kategoriale semantiese waardes soos tyd, aspek en modaliteit wat die werkwoord moet dra; die verskillende kopulas onderskei sekere ieksikale semantiese verhoudings tussen onderwerp en predikatief (wat ons later sal ondersoek); dit neem die “geografiese” plek van die werkwoord in waarsonder 'n sin/klous vir die spreker nie “vloei” nie.

- (a) Die predikatief kan in verskillende verhoudings tot die onderwerp staan: eerstens kan dit karakteriseer of beskryf, soos in

Jannie is 'n stouterd. *Jannie is stout.*

Sannie is 'n pragtige meisie. *Sannie is pragtig.*

Tweedens kan dit orden, maar op verskillende maniere, bv. deur met behulp van die bepaalde lidwoord die “iets”, gewoonlik die persoon,

as die houer van die hoedanigheid aan te dui as hy **die enigste** is:

Hy is *die* bestuurder van die bank.

Sy is *die* wenner van die beurs.

Dr. Verwoerd was *die* eerste minister by republiekwording.

Of dit kan sonder enige lidwoord aandui dat die persoon tot 'n sekere beroep of beperkte groep behoort:

Mnr. Smit is onderwyser.

Sy is kunstenaar.

Hy is lid van die kerkraad.

Of dit kan met behulp van die onbepaalde lidwoord ('n) of die besittlike voornaamwoord (my, jou, sy, haar . . .) sê dat iemand/iets één van die beperkte getal lede van 'n **aangeduide** groep is:

Mnr. Smit is 'n onderwyser aan die Hoërskool Swartland.

Japie is *my* vriend.

"Somer" is 'n werk van C.M. van den Heever.

Opmerking:

Onder Engelse invloed, dalk gehelp deur die laasgenoemde gebruik, is mense geneig om die 'n ook in die vorige groep te gebruik: *"Mnr. Smit is 'n onderwyser." Dit is verkeerd. Maar daar is 'n oorvleuelingsgebied.

Dit val op dat byvoeglike bepalings net as beskrywende predikatiewe optree, terwyl selfstandige naamwoorde veral orden en identifiseer, maar inderdaad ook kan beskryf, maar dan hoofsaaklik wanneer hulle 'n byvoeglike-naamwoordkorrelaat het (lui — lui-aard), of wanneer die onderwerp en die predikatief van so 'n aard is dat die één tot 'n kleiner groep binne die groter omvang van die ander hoort:

Sannie is 'n pragtige *meisie*.

Daardie *dier* is 'n *muishond*.

Die *kat* is 'n *soogdier*.

Ons kom weer by hierdie begrip in die semantiek (hoofstuk 19) onder die terme **sub-** en **superordinaat**.

Die predikatief kan ook met behulp van 'n eienaam of 'n rangbegrip presies identifiseer:

Daardie groot kêrel is Koos Badenhorst.

Mnr. Botha is Minister van Inligting.

- (b) Wanneer ons met byvoeglike naamwoorde as predikatiewe te doen het, sal ons vanselfsprekend ook voltooid deelwoorde (sien §7.7.4) in dié hoedanigheid teëkom:

Die werk is netjies *afgerond*.

Die kristal is mooi *gevorm*.

Daar kan gevalle kom waar dit belangrik is om te onderskei in die bedoeling: het ons die **toestand** in die gedagte of die **proses**, die **handeling**? Vergelyk:

A Die werk is netjies afgerond; almal vind dit mooi.

B Die werk is gister eers afgerond; dit het amper nie klaar gekom nie.

In A dui *afgerond* op die toestand; in B op die handeling. In A vorm *is* (netjies) *afgerond* 'n kopula met sy predikatief, maar in B is dit 'n passiewe sin. So gou soos daar 'n tydbywoord of die doenerkonstruksie *deur iemand* voorkom, is dit passief, en ook *word* in plaas van *is* neem die dubbelsinnigheid daaruit. Dikwels sal die verskil volkome onbelangrik wees. (Sien ook §7.5.3.)

- (c) Ons het gesê dat die predikatief van verskillende ordes kan wees:

I Dit kan 'n byvoeglike naamwoord wees:

Die wind is *sterk*.

My ouma word nou *oud*.

Ou Jan lyk vandag maar *siekerig*.

II Dit kan 'n byvoeglike bepaling in die vorm van 'n voorsetselkonstruksie wees:

Sannie is altyd *deur die wind*.

Pa is vanmôre *in 'n slegte bui*.

Opmerking:

Hier moet 'n mens onderskei tussen byvoeglike bepalings en bywoordelike bepalings:

Hy is heeltemal *op sy gemak*.

Hy is altyd *by die huis*.

Hier is *by die huis* 'n bywoordelike bepaling, en *is* dien as gewone werkwoord, nie kopula nie.

Ander sulke voorsetselkonstruksies wat gewoonlik as predikatiewe dien, is:

in die verleentheid, in vervoering, van belang, van nut, in die haak, in sy noppies, in sy skik, op sy stukke . . .

Die meeste is sterk idiomaties, dikwels met vaste groepbetekenis. Op sulke byvoeglike konstruksies is daar twee interessante variasies: eerstens die beperkte groepie voorsetselkonstruksies wat nóg 'n vaste voorsetsel het:

Sy optrede is *in stryd met* die opdrag.

Sy is nie *in staat tot* so iets nie.

tweedens die klein groepie wat bestaan uit *die* + s.nw. + *in*:

Hy is *die hoenders in*. (en ander met onkieser woorde as *hoenders!*)

wat almal *vies* beteken, en iets anders beteken as "Hy is *in sy maai* . . ."

III Dit kan 'n beskrywende klous wees:

(Dit was) asof 'n straal koue water teen my rug afloop.

(Dit lyk) of hy nie weet / waar hy is nie.

IV Dit kan 'n selfstandige naamwoord wees:

Jannie is 'n *stouterd*.

Hy is *die hoof* van die skool.

My seun word *advokaat*.

Oom Koos is *ons oudste ouderling*.

'n Interessante predisering kry ons in 'n sin soos:

Jan is 'n groot kêrel.

Dis duidelik dat die spreker nie wou sê dat *Jan 'n kêrel* is nie, maar dat *Jan groot* is. Hoewel die grammatiese hoof van die predikatief dus die selfstandige naamwoord is, is die logies belangrike, die kern van die predisering, dus die byvoeglike naamwoord.

V Die predikatief kan ook 'n klous wees met naamwoordelike funksie:

(Die waarheid is) dat hy nie mans genoeg vir die werk is nie.

- (d) Tot hiertoe het ons net met *wees* en *word* en 'n enkele keer *lyk* as kopulas gewerk. Inderdaad is *wees* die sentrale kopula, en omdat dit 'n hoofwerkwoord is, kom dit voor in al die predikaatvorme: die presens *is*, die perfek *het* . . . *gewees*, die imperatief *wees*, die imperfek *was* (en asof dit nie genoeg is nie, ook nog die substandaardvorm *was* . . . *gewees* en soms *is* . . . *gewees*), sowel as al die modale predikaatvorme soos (*kan*) *wees*, (*kon*) *wees*, (*kan*) *gewees het*, (*kon*) *gewees het*. Omdat al die kopulas onoorganklik is, het *wees* geen passiefpredikaatvorme nie.

As *wees* die sentrale kopula is, is *word* die tweede en aan *wees* gelyk: waar *wees* 'n toestand stel, dui *word* op 'n proses; geeneen bedui 'n aktiwiteit, 'n handeling nie. Daarom dalk dat in die vroeë taalperiodes hierdie twee werkwoorde ingespan is om in die passief deel van die predikaatstruktuur te word, ook juis omdat hulle self nie die hoofwerkwoord in 'n passief kan wees nie. Die kopula *word* het net die twee predikaatvorme wat die meeste hoofwerkwoorde het: die presens *word* en die perfek *het* . . . *geword*, en dan natuurlik die modale predikate. Daarnaas word die volgende ook soms en in bepaalde omstandighede as kopulas gebruik hoewel hulle primêr gewone hoofwerkwoorde is:

bly, raak, lyk, klink, ruik, smaak, voel, voorkom, skyn;

en daar is fasette van die volgende woorde wat in die konteks van die kopula ook aandag moet kry, t.w. heet, gaan, kom, blyk.

Omdat daar sulke sterk verskille is, sal ons hulle in groepe maar ook individueel ondersoek.

'n Eerste noodsaaklike onderskeiding lê daarin dat die optrede met 'n klous as predikatief verskil van die optrede met 'n woord of konstruksie as predikatief.

Waar die predikatief 'n woord of konstruksie is:

wees; word; bly:

Hierdie drie is die enigste kopulas wat sowel 'n selfstandige as 'n byvoeglike naamwoord as predikatief kan neem, en hoewel hulle uiteraard nie in alle sinne om 't ewe gebruik kan word nie vanweë hulle betekenisverskille, kan ons hulle beskou as kopulas wat eenders optree in sinne soos:

Die seun *is/word/bly* siek.

Koen Rabie *is/word/bly* een van ons beste spelers.

Ons het reeds op die betekenis van *wees* en *word* gewys: hulle dui op 'n toestand en 'n proses onderskeidelik. *Bly* het 'n duratiewe betekenis;

wanneer dit as kopula voorkom, dui dit op 'n voortdurende toestand, maar wanneer dit 'n voortdurende handeling of proses wil bedui, vorm dit 'n veelvoudige predikaat met 'n ander hoofwerkwoord:

Hy *bly* maar *kla* oor die pyn in sy rug. (§7.4.4.1 en §7.4.8)

As gewone hoofwerkwoord in 'n enkelvoudige predikaat het dit nog altyd dieselfde betekenis:

Hy *bly* vanaand tuis.

Wanneer *wees* in 'n soortgelyke sin voorkom, is dit myns insiens ook nie 'n kopula nie; dit kan in sulke gevalle dikwels geparafraseer word deur ander gewone hoofwerkwoorde maar nie altyd nie, bv.:

Hy *is* op die oomblik tuis.

Maar *wees* het gebruike as gewone hoofwerkwoord:

I In die betekenis "bestaan" (soos in Shakespeare se bekende Hamlet-monoloog) kom dit voor:

"Ek dink, daarom *is* ek." (Descartes)

II Die gebruik met 'n bywoord(elike bepaling) soos hierbo:

Hulle *was* die naweek op die plaas.

Die vertoning *was* gister.

"Drie vryburgers *het* buite wete van die Kommandeur drie nagte uitgewees" (J.J. Smith: *Op ons Taalakker*)

". . . en by 'n ryke *was* hy in sy dood, omdat . . . geen bedrog in sy mond *gewees het* nie." (Jesaja 53:9)

Die trein *is (was)* laat/vroeg.

III In die volgende tipe sin het ons 'n besondere gebruik van *is/was*:

Die kerk *is uit*.

Teen daardie tyd *was* die oorlog al oor.

Hulle *is* gisteroggend in Johannesburg *weg* en was vanmôre agtuur in Kaapstad.

Toe ons daar kom, *was* hulle alreeds *weg*.

Ons het pas daar aangekom(,) toe *is* hulle daar *weg*.

"Die vorige inwoner . . . *is* tydens 'n vakansie in P.A. aan malaria *dood* en hulle kon niemand kry om sy werk oor te neem nie."

(C. Barnard: *Mahala*)

Hiermee het ons reste uit die vroeëre taalperiode toe werkwoorde soos *gaan*, *kom* en baie ander vir die vorming van die predikate vir voltooide aspekbetekenisse (die sg. voltooid teenwoordige en voltooid verlede tye) die hulpwerkwoord "*wees*" gebruik het, waar ons vandag net *het* gebruik. Êrens op pad het ons die "gegaan" weggegooi wanneer dit in 'n meerledige predikaat (soos *weggaan*, *uitgaan*, *oorgaan*, *aangaan* = begin, *doodgaan*) voorkom. Waar iemand dus vroeër (in Afrikaanse woordvorme) sou sê:

Die kerk *is uitgegaan*.

Hulle *is* gisteroggend in J. *weggegaan* . . .

Toe ons daar kom, *was* hulle alreeds *weggegaan*.

Die vorige inwoner *is* tydens 'n vakansie *doodgegaan* . . .

sê ons dit nou net sonder die "gegaan". Let op dat ons in al hierdie gevalle, as ons wil sê dat die handeling op die oomblik van praat geskied, die

werkwoord *gaan* gebruik:

Die kerk *gaan* uit.

Hulle *gaan* nou *weg*.

Die man *gaan* dood.

Hoe ons *is* en *was* nou moet benoem? Koppelwerkwoord of gewone werkwoord is hulle beslis nie; dan sou die vorme in botsing kom met die kategoriale semantiese waardes wat ons aan *is* en *was* heg. Ons moet maar van hulle geskiedenis kennis neem en hulle as besondere hulpwerkwoorde beskou wat nou in dié sekere aspekbetekenisse die plek van die hoofwerkwoord *gaan* inneem. En terloops, dit is nie die enigste soort plek waar *gaan* uit die sin verdwyn nie. Vergelyk Dr. O’Kulis: *Die Eselskakebeen*: “Ons klomp . . . die groot saal *in* . . . Eindelik was ‘Mister’ klaar. . . . En ons klomp weer die kamer *in*.” En André P. Brink: *Die Klap van die Meul*: “Dit moet ’n dag of tien gewees het voor hy weer een aand op siekebesoek moes *uit*.”

raak: Hierdie werkwoord het naas sy gebruik as gewone werkwoord in sinne soos:

Die koeël het hom net geraak, maar nie erg beseer nie.

en:

Sy onvriendelikheid *raak* (traak) my nie eintlik nie.

’n kopulagebruik waarin hy sinoniem met *word* is as die predikatief byvoeglik is:

Hy *raak* toe ongeduldig en stamp hom weg.

Oupa *raak* nou oud.

Die mini *het* nie maklik uit die mode *geraak* nie.

lyk; klink; ruik; smaak; voel:

Hierdie groepie het ons al in §7.6.1.2 behandel, saam met hulle maats wat as gewone werkwoorde optree. Dat hulle “sintuiglike” werkwoorde is, hou ook in dat daar in hulle betekenis en gebruik ’n sterk subjektiwiteit, ’n persoonlike houding, lê, en baie dikwels kom die “houdingsformule” *vir my* . . . in die sin voor:

Die rokkie *lyk* (vir my) mooi.

Sy stem *klink* (vir my) nors oor die telefoon.

Die rose *ruik* soet.

Kreef *smaak* (vir hom) nie lekker nie.

Die luggie *voel* (vir my) maar kouerig.

Dat daar gewoonlik maar moeilik te onderskei is tussen kopulas en gewone werkwoorde, blyk ook uit die gebruik van hierdie woorde met voorsetsels; almal met *na*:

Hy *lyk na* sy pa. Die hotnotsgot *lyk na* ’n takkie.

Die geluid van die golfies *klink na* musiek.

Die angeliere *ruik na* naeltjies.

Die koeldrank *smaak na* lemoen.

voorkom:

Hier het ons met homonieme te doen:

Proteas *kom* hoofsaaklik in die berge *voor*. (= word aangetref)

Die nuwe hoof *kom* gaaf *voor*. (= lyk)

en 'n homograaf wat 'n samestelling is met die klem op die tweede woord-deel, maar wat lyk soos die ander twee ook soms gebruik word:

'n Mens moet moeilikheid liever *voorkom* as later regmaak.

Net wanneer *voorkom* sinoniem is met *lyk*, is dit 'n kopula, en ons tref hom meermale in die gebruik saam met 'n klous as predikatief aan. Ons kom netnou daarby.

heet:

Dié woord word net in ietwat verouderde gebruik nog as kopula aangetref:

“Hy *heet* gelukkig, maar is dit nie.” (= word beskou as)

As ons sê: “Die kindjie *heet* Andries.” is *heet* 'n gewone werkwoord, nie 'n kopula nie (hoewel dit natuurlik onbelangrik is).

kom:

In 'n sin soos: “Die werk *kom* te laat klaar.” lyk *kom* na 'n kopula met die predikatief *klaar*. Dit kom ook voor in: “Die ding wil nie *regkom* nie.” Maar ek meen dat ons hier te doen het met dieselfde *kom* wat ons in §7.4.6 gesien het: 'n werkwoord met 'n perfektiewe aspekbetekenis wat dikwels met 'n voltooid deelwoord bind in 'n sin soos:

Die werk *kom* nie betyds *gedoen* nie.

Nou bind dit ook met byvoeglike naamwoorde met perfektiewe betekenis in sinne soos ons voorbeelde hierbo. Daar is groter regverdiging daarvoor om *kom* . . . *klaar* en *kom* . . . *reg* as meerledige predikate te sien.

gaan:

In “Dit *gaan* goed.” lyk *goed* na 'n byvoeglike naamwoord wat as predikatief optree, en dan natuurlik by die kopula(?) *gaan*. Maar dit is duidelik dat *dit* nie 'n naamwoord vervang nie; *dit* is hier die onpersoonlike of leë *dit*, en *goed* kan nie daarop betrekking hê nie. Nou word dit duidelik; die sin sal wees:

Dit gaan goed/sleg/voor die wind . . . met Piet.

Gaan is 'n onpersoonlike werkwoord; *goed*. . . is hier bywoorde wat op *gaan* slaan.

skyn; blyk:

Hierdie twee werkwoorde behandel ons aan die einde heeltemal afsonderlik. (Sien bladsy 206 en 207)

Waar die predikatief 'n klous is:

wees:

Daar is verskeie maniere waarop 'n klous as predikatief by die kopula *wees* kan optree; ons het daarvan al twee voorbeelde gegee:

- A Dit *was* / asof 'n straal koue water teen my rug afloop.
- B Dit *is* (as)of hy in sy slaap loop.
- C Hy *is* of hy geen belangstelling meer het nie.
- D Hy *is* nog steeds net soos ons hom altyd geken het.
- E Die waarheid *is* dat hy nie mans genoeg vir die werk is nie.

In A en B het ons die onpersoonlike voornaamwoord *dit* as onderwerp, 'n variant vir bv. in A: "ek het gevoel . . ." en in B kan ons *dit* sonder meer deur *hy* vervang, en in C kan ons weer i.p.v. *hy* 'n *dit* gebruik. Dit is gewoonlik die geval wanneer *asof* of *of* as voegwoord optree: dan is die houding van die spreker weifelend, aarselend. Ons sal dit ook by die meeste ander kopulas vind.

In D is dit meer gewis en nou kan *dit* nie optree nie. Ook nie in E nie: hier het ons 'n suiwerder kopulagebruik waarin die onderwerp "die waarheid" en die predikatief "dat hy . . . is nie" identies is. In E is die predikatief naamwoordelik; in A tot D is die predikatief eerder byvoeglik: dit sê "hoe".

Let ook op dat ons in voorbeelde A tot C 'n tentatiewe "vir my" kan insteek: "Dit is vir my of hy geen belangstelling meer het nie."

word:

Hierdie woord kom nie baie met klouse voor nie, hoewel dit teoreties seker oral moontlik is. Maar twee gebruike is nie ongewoon nie:

- A Dit *het* vir hom *geword* asof almal hom vermy.
- B (Hy voel nie tot die bediening geroepe nie.) Maar hy *word* wat sy pa van hom verwag.

Weer eens het ons hier in A 'n byvoeglike en in B 'n naamwoordelike predikatief.

klink; gaan; lyk; voorkom; smaak; ruik; voel:

Hierdie reeks getuig almal van die weifeling, die onseker houding van die spreker, en gebruik dan die voegwoord *of* of *asof* by die predikatiefklous. Die ontvangsin waarin die kopula die werkwoord is, kan net soos hier bo by *wees* of *dit* of dieselfde as die onderwerp van die predikatiefklous *wees*:

Dit *klink* of hy kwaad is.

Hy *klink* of hy kwaad is.

By almal is die tentatiewe *vir my/hom* . . . gewoon:

Dit *gaan* *vir my* of die dak afwaai.

Onder dié groep is *klink* en *gaan* naastenby sinoniem vir houdings wat uit geluide, gepraat en dies meer spruit; *gaan* het hier glad niks van sy "wegbeweeg"-inhoud oor nie.

Lyk en *voorkom*, en ons sal sien ook *skyn*, is weer naastenby sinoniem en is gebaseer op wat die spreker sien of uit iemand se houding of uit omstandighede wysword.

By *smaak*, *ruik* en *voel* kry ons hulle sintuiglike betekenis, maar daarnaas nog by *smaak* 'n betekenis soos *lyk* (hoewel dit waarskynlik tot sekere streke beperk is):

C Dit *smaak* (my) hy wil nie verder saamwerk nie.
en by *voel* ook “met die emosie *voel*”;

D Ek *voel* hy is nie meer dieselfde teenoor ons nie.

In voorbeelde C en D het ons ook meteen die derde vorm waarin die predikatiefklous kan voorkom, naamlik sonder voegwoord en met die onafhanklike woordorde. Daarmee het ons dan baie-baie na aan die disjunkte gebruik gekom waarvan ons onder die bywoord in §6.3.2.7 gepraat het. In dié vorm kan al die “onseker” sinne staan, behalwe as die onderwerpe in die ontvangsin en die bysin identies is, soos “*Hy klink of hy kwaad is.*”

skyn; blyk:

Hierdie twee woorde is al taamlik rondgegooi; hulle wil nie sonder meer êrens presies pas nie. Ons moet seker maar met hulle onkantigheid saamleef en dit net ’n bietjie orden:

I Hulle word saamgegooi omdat hulle een gebruik gemeen het, nl. dat albei in formele styl met ’n “te-infinitief” kan kombineer:

Die beplanning *skyn* nog steeds goed *te verloop*.

Die reëlins *skyn* nou alles in orde *te wees*.

Die nuwe pad *blyk* beter maar langer as die oue *te wees*.

Die voorgeskrewe prosedure *het geblyk* uitstekend *te werk*.

Soos die om-te-infinitief (sien §2.12) het die te-infinitief ook die vermoë om alle sinsdele behalwe ’n onderwerp te neem, en self is dit ook nie (in die tradisionele grammatika) ’n predikaat nie. Dit kom egter baie minder voor as die om-te-infinitief; trouens, net in bostaande gebruike saam met *skyn* en *blyk*, en ook met *begin*: “Dit het begin te reën.” In ander sinsgebruike kom dit in ’n aantal vaste vorme voor (§7.7.1.II). *Blyk* en *skyn* kom nooit met net ’n b.nw. of ’n s.nw. as predikatief voor nie.

Omdat *te wees* dikwels saam met *skyn* en *blyk* voorkom, is dié twee sommer koppelwerkwoorde genoem. Daar sou egter baie beter rede gevind kan word om hulle in dié gebruik (saam met Meyer de Villiers) modale hulpwerkwoorde te noem omdat hulle hier presies soos *behoort* en *hoef* optree. Maar daar eindig die ooreenkoms tussen die twee.

II *Skyn* word met ’n klous as predikatief net soos en sinoniem met *lyk* gebruik; dit kom net baie minder voor en dan wel in ’n formeler stylaard:

Dit *skyn* tans (as)of die nuwe reëling tog nie so gewild sal wees as die oue nie.

Of *skyn* ook soos *lyk*, *klink* . . . met ’n ander onderwerp as *dit* kan voorkom as die predikatief ’n klous is, betwyfel ek; ek het dit in elk geval nog nie (bewustelik) teëgekome nie:

* Die nuwe reëling *skyn* of dit tans tog nie so gewild sal wees as die oue nie.

wel: Die nuwe reëling *skyn* (my) tans tog nie so gewild as die oue *te wees* nie. (dus: met die te-infinitief).

III **Blyk** is 'n gewone hoofwerkwoord. Ons kry dit in 'n ontvangsin in gevalle soos:

Dit *het geblyk* (dat hy groot invloed uitgeoefen het).

(Dat hy stewig in beheer is), *het* reeds *geblyk*.

Dit *het geblyk* (dat so 'n reëling nie kan slaag nie).

In sulke gevalle kan net *dit* as onderwerp optree; en dan is dit nie die onpersoonlike of leë voornaamwoord *dit* nie, maar wel die persoonlike (onsydige) voornaamwoord *dit* wat as voorlopige onderwerp optree in die plek van die klous wat die eintlike onderwerp is. Met *blyk* kry ons nie dat die onderwerp van die klous kan oorskuif as onderwerp van die hoofsin nie, behalwe (dalk) as die predikatiefklous 'n predikatief met die te-infinitiese woord:

Dit *het geblyk* dat wetgewing nie alles oplos nie.

Wetgewing (het ge)blyk nie alles op te los nie. (?)

* Wetgewing het geblyk dat dit nie alles oplos nie.

Blyk kom ook as voorsetselwerkwoord voor:

Sy onbevoegdheid *blyk uit* sy hantering van die saak.

As 'n mens na die semantiese waarde van *blyk* kyk, word dit ook helderder: *blyk* beteken iets soos "het duidelik geword", 'n kopula met sy predikatief, 'n volledige predikaat dus, soos 'n hoofwerkwoord gebruik word; of dit kan geparafraseer word deur die passiefpredikaat "is bewys". In albei gevalle kry ons 'n predikaat met 'n perfektiewe aspekbetekenis; by *blyk* is daar niks van die onsekerheid wat by die reeks soos *lyk*, *klink* . . . bestaan nie.

7.6.2.5 Die gewone hoofwerkwoord

Dit klink dalk effens snaaks om met 'n term soos "gewone" te kom nadat 'n mens reeds vier ander hoofwerkwoorde onderskei het. Dit is egter nie so snaaks nie: die ander vier word benoem op grond van 'n gebruikskenmerk waarin hulle van die "gewone" afwyk. Ons beskou mos 'n hoofwerkwoord as dié werkwoord wat in 'n sin as **die enigste werkwoord in die predikaat** kan optree. Onder die hoofwerkwoorde is daar 'n aantal wat aan ànder bindinge onderhewig is: hulle is verbonde aan 'n sekere soort woord ander as 'n werkwoord:

die voorsetselwerkwoord het 'n voorsetselsupplement

die wederkerende werkwoord tree saam met die wederkerende voornaamwoord as direkte voorwerp op

die onpersoonlike werkwoord tree met die onpersoonlike voornaamwoord as onderwerp op

die kopula (koppelwoord) tree saam met 'n predikatief op, wat 'n b.n.w., 'n s.n.w. of 'n konstruksie of 'n klous kan wees.

Al die ander hoofwerkwoorde is **gewone** hoofwerkwoorde en bind nie heg met enige bepaalde soort woord nie. Inderdaad is daar baie, waarskynlik die meeste, wat wel 'n sekere **sinsdeel as komplement** nodig het om 'n grammaties aanvaarbare sin te vorm; ons het reeds daarop gewys. Opsommenderwys gestel:

- I Hy *maak* 'n boekrak. — *maak* vereis 'n direkte voorwerp as komplement, en is dus oorganklik.
- II Hy *gee* sy moeder 'n geskenk. — *Gee* vereis twee voorwerpe as komplement, direk en belanghebbend, en is dus ook oorganklik.
- III Hy *woon* op 'n plaas. — *Woon* vereis 'n plekbeplasing as komplement; dit kan geen voorwerp neem nie en is dus onoorganklik.
- IV Sy houding *geval* my nie. — *Geval* vereis 'n persoonsvoorwerp.
- V Hy *plaas* die boek op die tafel. Hy *behandel* ons vriendelik. — 'n Beperkte groep werkwoorde het meer as een komplement van verskillende aard nodig, soos hier:

Die boek en op die tafel, en ons en vriendelik.

- VI Die hoofwerkwoorde in meerledige predikate (sien §7.5.3) word as gewone hoofwerkwoorde *behandel*. Eers wanneer die semantiese aspek bekryk word, kom die meerledigheid in die spel.

Daar is maar 'n beperkte getal werkwoorde wat geen bindinge het nie, m.a.w. wat as **enigste woord in die predisering kan dien**:

Die tuinier <i>werk</i> .	Die son <i>skyn</i> .	Die wond <i>bloei</i> .
Die baba <i>slaap</i> .	Die reën <i>val</i> .	Die bome <i>bloei</i> .
Die ys <i>smelt</i> .	Die voëls <i>sing</i> .	Die kind <i>lag</i> .
Die kind <i>speel</i> .	Die kind <i>huil</i> .	Die boer <i>ploeg</i> .
Die wind <i>waai</i> .	Die seuns <i>stry</i> .	Die diamant <i>blink</i> .

Dit is duidelik dat hulle almal nog dele in die sin kan kry, maar dit is nie noodsaaklik nie. Soms word van hulle as **absolute werkwoorde** gepraat. Onder hulle kry ons die dieregeluide:

(Die dier/insek . . .) kraai, blêr, balk, zoem, blaf, runnik, bulk . . . en ander soos:

leef, kraak, lê, sit, staan, loop, gebeur, bewe, waak, ontwaak, verslaap, vonkel, trippel, vlug . . .

Vir sover daar sintaktiese bindinge op die gebruik van die werkwoorde inwerk, hoef ons net nog na een gesigspunt te kyk, nl. dat sommige gewone hoofwerkwoorde in hulle betekenis sekere **aspek-** en ander sekere **modale waardes** het wat dan sekere beperkinge opleë, bv.:

A Vergelyk:

Hy *vertrek* om vyfuur.

Hy *reis* 'n week lank.

Dis duidelik dat ons nie kan sê: *"Hy *vertrek* 'n week lank." of: *"Hy *reis* om vyfuur." nie. As ons die onpaar sien, is dit ook meteens duidelik waarom nie: *vertrek* en *reis* het verskillende aspekbetekenisse: *vertrek* is iets momentaans, *reis* is duratief; hulle kan alleen met hulle eie soort bywoordelike bepalings saamgaan.

B Ons het elders (§7.4.5-9) reeds na ander aspekbetekenisse by werkwoorde en predikaatkonstruksies verwys:

die iteratiewe by *vat-vat* . . .

die perfektiewe by *kom, kry* (soms) en ander soos *voltooi, afhandel* . . .

- C Onder die morfologie (hoofstuk 16) sal ons sekere morfeme met sulke aspekbetekenisse bekyk, en onder die semantiek (hoofstuk 19) na sekere betekenisvelde.
- D Modale waardes wat in werkwoorde soos *hoop*, *wens*, *verwag* . . . steek, bring mee dat hulle gewoonlik 'n voorwerp in die vorm van 'n klous met 'n modale predikaat of 'n om-te-infinitief moet kry; anders met 'n perfek/imperfek:
- Hy *hoop* dat hy met sy onderneming sukses *sal hê*.
 Ek *wens* ek *het* genoeg kennis daarvan *gehad*.
 Ek *wens* ek *was* ryk.
 Ek *verwag om* hulle die komende vakansie *te sien*.

7.7 Die vorme van die hoofwerkwoord

Ons is nou reeds vertrouwd met die feit dat predikate gebou word met allerlei verskillende vorme van die werkwoorde, en ons het dié vorme ook al almal benoem. Maar werkwoordvorme word nie uitsluitlik as predikate en dele van predikate gebruik nie. In hierdie afdeling gaan ons nou na dié verskillende werkwoordvorme kyk, hulle orden en ook kyk na hulle sintaktiese gebruike in ander funksies as dié van predikate.

Vir dié doel rangskik ons hulle dan in ses:

1. die infinitief, en (ietwat onwetenskaplik) die imperatief
2. die presens
3. die imperfek
4. die voltooiide (= verlede) deelwoord
5. die onvoltooiide deelwoord (wat nooit as predikaat gebruik word nie)
6. (ook skynbaar onwetenskaplik) die voltooiide infinitief.

7.7.1 Die infinitief (en die twee imperatiewe)

Dié naam beteken **onbepaald**; dit het sy ontstaan in die vormryke lede van ons taalfamilie (Latyn, Grieks, moderne Frans en Duits . . .) waar daar in die grammatiese predikaat 'n werkwoord was waarvan die vorm aange-toon het dat dié werkwoord en die onderwerp by mekaar hoort en 'n **finiete** werkwoord genoem is, teenoor ander waarvan die vorm hulle nié aan die onderwerp verknoop het nie. Die **infinitief** is die een wat eintlik net die betekenis van die werkwoord oorgehou het; wat geen bepaalde koppeling met enige van die werkwoordelike kategorieë het nie; wat optree as geen verdere werkwoordelike funksie gevra word nie; wat as die **naam** van die betrokke werkwoord gebruik word.

In Afrikaans, wat onder sy verwante die verste gegaan het in die deflektering van die werkwoord, onderskei die infinitief hom nie in vorm van die presens nie; anders gestel: dieselfde woordvorm kom in twee werkwoordgebruike voor, of: verskeie vorme word met nulmorfeem (= sero-aanduiding) gebou.

In Afrikaans is *loop*, *staan*, *sing* . . . sulke infinitiewe, wat lyk net soos die presens, die finiete vorm van dieselfde werkwoorde, bv. in

Daardie oom *loop* graag.

Die toonbankklerk *staan* die hele dag op sy voete.

Vrolike mense *sing* dikwels.

Om dié rede meen baie taalkundiges dat daar nie behoefte aan die term **infinitief** bestaan nie. Daar is egter twee werkwoorde wat elk 'n ander vorm vir die infinitief het as dié wat as presens dien:

van die infinitief *wees* kry ons: My vriend *is* siek.

en van die infinitief *hê* kry ons: Hy *het* 'n mooi huis.

Maar self dien die infinitief nie as predikaat nie. Dieselfde twee werkwoorde gebruik ook 'n eie bevelsvorm wanneer 'n bevelsin voorkom, 'n vorm wat, hoewel dit nou 'n predikaat en dus 'n finiete werkwoord is, net soos die infinitief lyk:

Wees maar versigtig op daardie gleyrige pad!

Hê tog maar 'n bietjie geduld met die arme vent!

Tradisioneel word so 'n bevelsvorm internasionaal 'n **imperatief** genoem. Die imperatiwe van alle ander werkwoorde lyk net soos hulle presense, en dus ook hulle infinitiewe.

Ons kry die infinitief in die volgende gebruike:

I As **naamwoord**, veral as onderwerp maar ook andersins:

Loop is goeie oefening.

Huil help nie en *kla* nog minder.

Vra is vry en *weier* staan daarby.

Hy is moeg van *sukkel*.

Hy hou aan met *speel*.

Hy maak staat op sy *hardloop*.

Ek glo nie aan *jaag* nie.

en in 'n konstruksie met *aan die* en *aan 't*:

Hulle is reeds *aan die werk/aan 't werk*.

II Na **te**, meestal in konstruksies met geykte vorme wat uit Nederlands geërf is in samehang met *is* of *was*:

So 'n verloop *was* nie *te voorsien* nie.

Die huis op die hoek is nou *te huur*.

Sy bydrae tot ons volkwording is nie *te oorskat* nie.

Dis nie *te sê* dat hy onverskillig *was* nie.

en o.a. die volgende taalfossiele:

Sy mislukking is aan sy luiheid *te wyte* en sy sukses aan geluk *te danke*.

Ons was so iets lankal *te wagte*.

Ook nog: *te hope*, *te betale*, *te ete*, *te drinke* . . . en na *het* in

Jy *het* met 'n moeilike probleem *te doen*.

Sy *het* nou niks meer *te sê* nie.

III Na **om te**, waarmee dit as onderwerp voorkom:

Om te gee is beter as *om te ontvang*.

Om te werk is heilsaam.

Om vroeg op te staan doen niemand kwaad nie.

of om *doel* uit te druk:

'n Mens moet eet *om te lewe*.

Hy werk hard *om te slaag*.

of na sommige werkwoorde as werkwoordkern van 'n sinagtige struktuur waarin daar tog nie 'n eie onderwerp voorkom nie:

Hulle **probeer** *om* ons oor *te haal* tot hulle sienswyse.

Sy het hom geleer *om* self die knope aan *te werk*.

Die kind hou aan *om* sy ma *te roep*.

Ek wil hom **help** *om* die werk klaar *te maak*.

of waar dit 'n bysin vervang met dieselfde tipe sinagtige struktuur:

Sy vra hom *om* haar *te help*. (. . . dat hy haar moet help.)

Hulle weet hoe *om* dit reg *te kry*.

Hy beveel my *om* die boeke reg *te pak*.

Sy is van plan *om* gou *te vertrek*.

Let op dat in die laasgenoemde twee groepe gevalle die logiese onderwerp van die infinitiefkonstruksie in die ontvangsin voorkom òf as onderwerp òf as voorwerp. Ons noem hierdie gebruik die **om-te-infinitiefkonstruksie**. (§2.12)

IV Na **modale hulpwerkwoorde**, by sommige mèt, by ander sonder *te*:

Sy **kan** mooi *sing*.

Hulle wil my nie *help* nie.

Sy **sal** soet *wees*.

Hy **wou** 'n nuwe motor *hê*.

Sy **hoef** nie *te werk* nie.

Hulle **behoort** hulle ouers *te help*.

V In **veelvoudige predikate** van die tipes wat in §7.4.4 bekyk is, dus sonder *te* of *om te*:

Ek **hoor** voëltjies *sing*.

Hy **gaan** eensaam *wees*.

Sy **probeer** geduld met hom *hê*, maar dis moeilik.

Moenie laat ons selfsugtig *wees* nie.

VI Daar is egter ook gebruike van die infinitief waarin dit die volle funksie en kategoriale waarde van die grammatiese predikaat het behalwe dat dit nie met 'n onderwerp (in die sin) saamhang nie, en ook sintakties op die plek van 'n infinitief staan:

As jy nie van dans hou nie, waarom dan *dans*?

As jy die vent nie kan veel nie, waarom dan nog met hom vriendelik *wees*?

7.7.2 Die *presens*

Die **presens** is die vorm van die werkwoord wat ons aantref in sinne waar net één werkwoord in die grammatiese predikaat voorkom, soos in:

Die seun *speel* in die tuin.

Sedert 1970 *woon* hulle naby Kaapstad.

Volgende Saterdag *vertrek* hulle op 'n oorsese reis.

Toe hulle nog so rustig *sit*, *breek* 'n fratsbrander oor hulle.

Volgens kenners *is* daardie beeste 'n uitstekende melkras.

Jan *het* nie meer twee motors nie.

Daar is wel gevalle waar 'n ander enkele werkwoord as predikaat dien, t.w. die imperfekte (§7.7.3) en die imperatiewe of bevelsvorm, wat òf net soos die presens en die infinitief lyk vir die meeste werkwoorde, of in twee gevalle net soos die infinitief lyk, nl. *wees* en *hê* (§7.7.1).

Daar word nog soms (veral deur ouer mense en in sekere landstreke) die volgende **persoonsvorme in die presens** gebruik, d.w.s. wat in oorsprong onderskei het tussen die moontlike onderwerpe, maar eintlik bloot as taalfossiele:

(hy, u . . .) *doet, siet, gaat, staat, slaat*

en ook:

(Ek . . .) *seg* (ook in Die Stem van Suid-Afrika) en *leg*.

en miskien ook ander, veral as daar 'n mate van klem op geplaas word. En dan is dit nie eens altyd as presensvorme gebruik nie, soos Audrey Blignault: *In klein Maat*, bl. 7:

“'n Mens moet mos darem iets op die aarde hê wat jy met jou hele
rak *kan slaat!*” (My kursivering.)

Andersins het Afrikaans die persoonsvorme wat kenmerk van sy ouertale is, totaal verloor.

Opmerking:

Daar word soms van hierdie vorm as die “teenwoordigetydsvorm” gepraat. Ons het reeds aangetoon waarom dit nie deug nie: dit word nie net vir die teenwoordige tyd gebruik nie; trouens, dit word vir alle tye en vir die atemporele gebruike aangewend en inderdaad baie meer dikwels in ander tye as in die teenwoordige.

7.7.3 Die imperfek

Slegs enkele werkwoorde in Afrikaans vertoon ook nog 'n **imperfek**, 'n werkwoordvorm wat meteens ook altyd 'n predikaatvorm is. Dié vorme behels *was* (van *wees*), *wis* (van *weet*), *had* (van *hê*), en *dag* en *dog* (van *dink*). Hulle is volledig in §7.2.5 op bl. 144 behandel en ons verwys slegs daarna.

7.7.4 Die voltooië deelwoord

Die naam deelwoord kom (by wyse van swak vertaling van die Latynse term) uit die feit dat dié vorm(e) van die werkwoord histories nie as enkelvoudige predikaat kon dien nie, maar wel in predikaatkonstruksies kon voorkom, en ook in die naamwoordgroep — veral as byvoeglike naamwoorde — gebruik is; hulle het dus deel gehad aan verskillende woordklasse. Omdat ons nog die naam gebruik (en afwyking van die algemeen taalkundige gebruik sou hier onnodig wees), kan ons deelwoorde maar volledig behou en behandel onder die dekking van die werkwoord.

Daar is twee vorme van die voltooië deelwoord vir baie werkwoorde in Afrikaans, nl. 'n sg. **swak** en 'n **sterk voltooië deelwoord**. Omdat hulle in byna alle opsigte verskil, is dit beter om hulle afsonderlik te behandel.

7.7.4.1 Die swak voltooië deelwoord

Die vorm van die werkwoord wat ons in 'n predikaat saam met die hulpwerkwoord *het* kry, is die swak voltooië deelwoord, bv.

Piet het *geslaap* voordat hy met die groot taak *begin* het.

Opmerking:

Onthou dat by veelvoudige predikate ons na *het* infinitiewe kry (en nie voltooië deelwoorde sonder *ge-* nie) in gevalle soos:

Hy het sy vriend *gaan spreek*.

A Die vorm van die swak voltooië deelwoord

Hoewel die fleksiemorfeem *ge-* as 'n kenmerk van die meeste voltooië deelwoorde gesien word, is daar baie werkwoorde wat nie die *ge-* kry nie. Ons kan die betreklik vaste reël só stel:

- (a) Alle simplekse en alle werkwoorde wat met postmorfeme (*-eer* en *-ig*) en premorfeme *wan-* afgelei is, kry *ge-* by die voltooië deelwoord. Daar bestaan egter 'n sterk neiging by dié tweesillabiges met die woordklem op die laaste sillabe om nie die *ge-* te kry nie.

Voorbeelde is simplekse met volt. dlw. soos *gekóm, geregeer, gekasty, geginnegaap, geredekawel* en komplekse soos *geruïneer, gereinig, gewanhoop* . . .

- (b) Alle werkwoordelike komplekse, behalwe die genoemdes met postmorfeme *-eer* of *-ig* en dié met premorfeme *wan-*, kry geen *ge-* nie, d.w.s. vorm hulle voltooië deelwoorde met nulmorfeme of sero-aanduiding. Dit sluit in

- i) alle saamgestelde werkwoorde, soos

Hulle het die saak goed *oorweeg*.

Die polisie het hom *ondervra*.

- ii) alle werkwoorde wat met die premorfeme (voorvoegsels, prefikse; afleidingsmorfeme — §15.6) *be-*, *er-*, *ge-*, *her-*, *mis-*, *ont-*, *ver-* en *weer-* afgelei is in gevalle soos:

Ek **het** dit *beleef, ervaar, gebied, herstel, misken, ontnem, verkies, weerstaan* . . .

Hieronder val ook dié wat ons tans as simplekse beskou omdat by hulle geen stammorfeme onderskeibaar is nie, hoewel hulle met taal dele begin wat soos bostaande morfeme lyk (en na alle waarskynlikheid oorspronklik komplekse van hierdie tipes was!) bv.:

begeer, geniet, versaak . . .

Volledigheidshalwe: werkwoorde wat die voltooië deelwoord met *ge-* vorm, sluit die volgende groepe in:

- i) Alle eensillabige werkwoorde:

Ek het hom *gesien*.

- ii) Werkwoorde wat gewoonlik die *ge-* kry, kry dit ook wanneer hulle deel van meerledige predikate (deeltjiewerkwoorde) word en soms vas geskryf word, soos:

Die son het vroeg *ondergegaan*.

Hulle het hulle maklik daar *heraangepas*.

- iii) Die sg. "ou" samestellings, woorde wat in vergange taalperiodes op so 'n manier ontstaan het dat ons sommige dele nie meer as selfstandige stamme herken nie, kry wel die *ge*-:

ginnegaap, glimlag, huisves, liefkoos, motreën, roskam, raadpleeg, waarborg, waarsku . . .

hoewel dié wat die klem op die laaste sillabe kry, dikwels sonder *ge*- voorkom:

Hulle het gedurigdeur *gebaklei/baklei*.

en ook: *baljaar, galop, kapok, kasty, karwei . . .* met of sonder *ge*-.

- iv) Afgeleide werkwoorde met premorfeem *wan*-; waarskynlik toe te skryf aan die woordklem op die eerste sillabe, die premorfeem:

Ons het hom altyd *gewantrou*.

Hulle het aan redding *gewanhoop*.

- v) Alle werkwoorde wat op *-eer* eindig, ook waar dié *-eer* 'n postmorfeem is:

Die boekie is mooi *geïllustreer*.

Die leerling het goed *gepresteer*.

Die onderneming word deur die Staat *gefinansieer* (of *gefinansier*).

Sy vordering het my altyd *geïnteresseer*.

Die AWS sê dat daar ook, veral by "alledaagse woorde soos *loseer, makeer, probeer, regeer, studeer, waardeer*" . . . vorme sonder *ge*- voorkom. Vir 'n aantekening oor *probeer*, sien §7.4.4.3.

B Die swak voltooië deelwoord as deel van predikate

Ons het gesê dat 'n voltooië deelwoord nie as volledige predikaat kan dien nie maar déél daarvan kan vorm, en wel in drie gebruike:

- I In aktiewe sinne in 'n predikaatvorm saam met *het*, genoem die **perfek**; sien §7.1.2:

Hy het die werk *gedoen/verrig*.

Ek weet dat hy die werk *gedoen/verrig* het.

- II In aktiewe sinne as deel van 'n voltooië infinitief (§7.7.6) saam met modale werkwoorde in 'n predikaatkonstruksie:

Hy kon dit *gedoen het*, maar ek twyfel.

Hulle sal seker maar koud *gekry het* tydens die sneeuval daar bo in die berge.

- III In passiewe sinne kom die hoofwerkwoord slegs as swak voltooië deelwoord binne die predikaatkonstruksie voor (§7.5):

Hulle word daagliks deur verpleërs *gehelp*.

Sy is deur verskeie nuuskieriges *dopgehou*.

Die kêrel sal (kan . . .) gou *reggehelp* word.

en: Die werk kon *gedoen gewees* het as jy betyds was.

In die voltooië deelwoorde *getroud, gebore, geskape* en *oorlede* het ons afwykende vorme en/of gebruike:

Getroud het die -d net in passiewe sinne; anders is die vorm daarsonder:

"Sy is op 10 Maart getroud."

"Sy het op 10 Maart getrou."

Die ander drie word in predikaatstrukture in passiewe sinne as hoofwerkwoorde gebruik hoewel hulle sterk voltooide deelwoorde is; *geskape* selfs in aktiewe sinne. (Sien §7.7.4.2)

Opmerking:

By die werkwoordelike hendiadis is die eerste werkwoord 'n voltooide deelwoord en die tweede 'n infinitief (§7.4.5):

Hy het *gesit* en *slaap*.

Ek het *gestaan* en *kyk* hoe hy die voetganger tref.

C Die swak voltooide deelwoord nie-werkwoordelik gebruik

In §7.7.4 het ons genoem dat die deelwoord ook binne die naamwoordgroep voorkom, o.a. op die volgende maniere:

I Die swak voltooide deelwoord kan as deel van 'n voltooide infinitief saam met *om te* 'n onderwerpkonstruksie help bou, soos in:

Om hom te *geken* het, was 'n verryking van die gees.

waar *om hom te geken het* die onderwerp van die sin vorm.

II Dit word baie dikwels in adjektiewiese funksie gebruik. Soms voel 'n mens nog die noue verband met die werkwoordbetekenis aan, soos uit die volgende twee sinne sal blyk:

S Hulle het die mure met papiere *beplak*.

T Die mure was vuil en met papiere *beplak*.

In S is *beplak* 'n werkwoord; in T 'n b.n.w., maar nog baie ná aan die oorspronklike werkwoord. Maar in

V Hy het sy moeder dikwels *bedroef*.

W Sy moeder was baie *bedroef* oor sy dood.

is *bedroef* in W baie losser van die ww. as in V. In hierdie gebruik kry sommige swak voltooide deelwoorde 'n -d-uitgang:

Hy is *beroemd*.

Sy is erg op haar voorkoms *gesteld*.

(Hiëroor en oor die volgende gee die AWS 1963 bl. 18 vlgg. reëls. Dié reëls is nie baie betroubaar nie; jongste ondersoeke dui op ander voorkomste — "Klasgids" Jg. 4:4 van Mei 1969. Blykbaar is die taal hier nog aan die ontwikkel en vloeibaar).

Die deelwoord word ook vóór die selfstandige naamwoord gebruik. Dan kry sommige -te en ander -de; hieroor word ewe moeilik reëls geformuleer:

'n *gebreekte* tak

die *vereiste* lengte

*gekrui*ste bene

'n *geslaagde* poging

verysde water

vergruisde beendere

Uit die adjektiewiese gebruik ontwikkel maklik naamwoordelike en bywoordelike gebruike, soos

Christus, die *gekruisigde* . . .

Gooi die *gebreektes* weg.

en: Hy weet *bedroef* min.
en selfs enkele voorsetsels soos

Gesien die probleme waarmee hulle moes worstel,

en: *Ongeag* die teenstand het hy

Opmerking:

Die voltooië deelwoord kom slegs by hoofwerkwoorde voor. Geen hulpwerkwoord het hierdie vorm nie. As iemand sê:

Hy het die goeie *gewil* maar die kwade gedoen.
is *gewil* 'n hoofwerkwoord.

7.7.4.2 Die sterk voltooië deelwoord

In 'n bloot sinchroniese taalbeskrywing sal ons die woorde in hierdie groep sonder meer as byvoeglike naamwoorde (en enkele ander soorte) moet sien, en ons verder blind hou vir sekere opvallende verskynsels wat hulle dan nie laat beskryf nie. Dit is beter om 'n blik in die geskiedenis van ons taal te werp.

A Die vorm van die sterk voltooië deelwoord

Ons moet gaan kyk na 'n taalverskynsel wat nie (meer) in Afrikaans voorkom nie, maar wat in Nederlands en ander Germaanse tale wel voorkom en waarvan ons in Afrikaans net nog die reste het, nl. die sogenaamde **sterk werkwoorde**. Dié werkwoorde het hulle imperfek (sien §7.2.5) en soms hulle voltooië deelwoord gevorm deur onder andere die stamklinker te verander.

Voorbeelde is bv. in Nederlands:

breken — brak — gebroken

kiezen — koos — gekozen

trekken — trok — getrokken

en in Engels:

rise — rose — risen

break — broke — broken

teenoor die **swak werkwoorde** se vorme in Nederlands:

leven — leefde — geleefd

passen — paste — gepast

en in Engels:

walk — walked — walked

work — worked — worked

Om die lang verbintenis met Nederlands op skool- en kerkvlak, maar ook veral onder invloed van die Nederlandse Bybel in die Staate-vertaling, wat tot 1933 in ons land gebruik is, is baie van hierdie voltooië deelwoorde van sterk werkwoorde in geykte woordgroepe oorgeneem en het, dikwels in effens verafrikaanse vorm, deel van ons Afrikaanse woordeskat in daardie betekenis geword, sonder dat ons egter die sterk vervoeging van die werkwoord in sy geheel behou het. Waar Nederlands die slot-*n* skryf maar nie sê nie, het Afrikaans dit ook op skrif verloor.

B' Die funksie van die sterk voltooide deelwoord

Hierdie sterk voltooide deelwoorde word nie in werkwoordelike funksie gebruik nie; d.w.s. hulle kom nie as deel van die grammatiese predikaat voor nie, maar wel

- (a) as adjektiewe: 'n *gebroke* hart, die *uitverkore* volk . . .
- (b) as selfstandige naamwoord: die *gebrokenes* van hart, die *uitverkorenes* . . .
- (c) as voorsetsels: Almal, *inbegrepe* die gebreklikes, moes werk. en in oordrag ook bywoordelik.

Opmerking:

Drie sterk voltooide deelwoorde word tóg in gespesialiseerde werkwoorde-
like funksies gebruik, nl. *gebore*, *geskape* en *oorlede*:

Ons sê: "Hy *is* op Dinsdag *gebore*." (van *baar*), net in die passief,
en: "Die ou oom *is* verlede Dinsdag op sy plaas *oorlede*."
ook: "Die mens *is* die laaste *geskape* (of *geskep*)."
en: "God het die wêreld wonderlik *geskape* (of *geskep*)."
maar: "Die kunstenaar *het* 'n meesterstuk *geskep*." (nie **geskape*
nie).

C Die adjektiewiese gebruik van die sterk voltooide deelwoord

Ons het vroeër gesê dat ook swak voltooide deelwoorde adjektiewies voor
s.nwe. kan voorkom. Daar is egter sommige werkwoorde waarvan die
swak voltooide deelwoorde nooit as attributiewe b.nw. gebruik word nie,
maar wel die sterk vorm:

aanbevole kandidate	aangebode geskenke
gesproke woord	aangewese opvolger
aangesete gaste	agtergeblewe kind (nie <i>*agtergeblyde</i> nie)

en ander soos:

geswore, oorwoë, bewoë, bedorwe, geskape, gesogte, beklonke, ont-
slape, ontstoke, gestorwe, volbragte, bedroë, bewese, onbegonne,
onbeholpe, onbesonne, onbestrede, gedane, gedwonge, genote, ge-
kose, volprese, berede, gesonge, geskrewe, gesplete, verborge, ver-
bode, verdagte, verdwene, verkreë, verskene, belese, gesiene, gegewe,
gegote, vergane, vervloë, aangenome, volbragte, ingesonde, be-
drewre, verrese . . .

Opmerking:

By woorde soos *belese*, *gesiene* . . . weet ons dat hulle sterk voltooide
deelwoorde is aan die afwesigheid van 'n *-te-* of *-de-*uitgang.

In die verafrikaansingsproses het interessante doeblette ontstaan, soos:

verslaande kruie	—	verslane leër	—	verslae harte
		vergane skepe	—	vergange dae

Interessant: Waar enkele van hulle met die gewone morfeme trappe van
vergelyking kry, kom die verlore slot-*n* weer terug:

opgetoë	—	opgetoëner	—	opgetoënste
onbeholpe	—	onbeholpener	—	onbeholpenste

Waar daar sowel 'n swak as 'n sterk voltooië deelwoord van dieselfde werkwoord as byvoeglike naamwoord voor 'n s.nw. voorkom, is dit 'n kenmerk daarvan dat

die *swak* vorm in die gewone, meer *letterlike* betekenis,
en die *sterk* vorm in *figuurlike* betekenis of *oordragtelik* gebruik word,
bv.:

'n *gebreekte* koppie — 'n *gebroke* hart

geslypte messe — *geslepe* skelm

betrekte slagoffer — *betrokke* saak

Miskien is dit nader aan die waarheid as ons sou sê dat die sterk vorme alleen in die geërfde, geëgte groep behoue bly, terwyl die swak vorm voorkom oral waar die spreker/skrywer sy sin nuut "artikuleer", ongeag of die woord nou in letterlike of figuurlike betekenis gebruik word. So bv. praat ons nie van 'n "gebroke" verlowing nie maar wel *gebreekte* verlowing, hoewel van letterlik "breek" daar geen sprake is nie.

Ander opposisiesiepe hier is o.a.:

verskiete ster — opgeskote seun (on)bespreekte — onbesproke

toegesluite — geslote

versinkte — gesonke

verskrikte — onverskrokke

geskende — geskonde

verwerpte — verworpe

gebinde — gebonde

geswelde — geswolle hoof

opgeblaasde — opgeblase mens

opgewende — opgewonde

deurgesteekte — deurgestoke kaart

fynge snyde — fynbesnede

geskinkte — beskonke

afgetrekte bedrag —

versteekte — ontstoke woede . . .

afgetrokke mens

7.7.5 Die onvoltooide deelwoord

Soos die sterk voltooië deelwoord het ook die onvoltooide deelwoord in Afrikaans sy werkwoordelike funksie heeltemal verloor: dit kom nie as predikaat of deel van 'n predikaat voor nie. Waar dit wel nog só voorkom, is dit baie hinderlik omdat dit 'n gemaakte praatwyse is.

A Die vorm van die onvoltooide deelwoord

Hierdie vorm lyk gewoonlik soos die infinitief plus *-ende*:

strompel — strompelende

vorm — vormende

werk — werkende

'n Terugblik na Nederlands sal toon dat ons ons onvoltooide deelwoorde nagenoeg ongewysig uit die ouer taalvorm geërf en so behou het. Daar het dit bestaan uit die Nederlandse infinitief — wat altyd op *-en* of *-n* uitgegaan het — met die uitgang *-d*. In adjektiwiese gebruik het dan die buigingsuitgange *-en* of *-e* bygekom na gelang van die buigingspatrone wat geldet, só:

werken — werkend — werkende(n) (mensen) . . .

Dit verklaar, met inagneming van ander klankwetlike wysigings, vorme in Afrikaans soos:

- (a) Die klankverlies wat elders ook voorkom, het vorme meegebring soos:
jaag — jaende; vlieg — vlieënde
- (b) Woorde waarvan die stam in Nederlands op -t geëindig het, het die -t in die onvoltooide deelwoord behou:
wag — wagtende; verwoes — verwoestende
- (c) Vyf werkwoorde se onvoltooide deelwoord het net -de aan die infinitief in Afrikaans (omdat in hierdie vyf gevalle die -(e)n van die Nederlandse infinitief in die Afrikaans behoue gebly het):
- | | |
|-----------------|---------------------------|
| sien — siende | (Nederlandse inf. — zien) |
| doen — doende | (" " — doen) |
| gaan — gaande | (" " — gaan) |
| staan — staande | (" " — staan) |
| slaan — slaande | (" " — slaan) |
- (d) Die onvoltooide deelwoord van
wees is *synde* en van
hê is *hebbende* in gebruike soos:
Hier is R5, *synde* 'n paalement op my skuld.
'n Vergadering van die belang*hebbende* boere is hier belê.
- (e) Enkele geërfde, geykte konstruksies het in vaste gebruike behoue gebly in vorme wat verklaar kan word uit die feit dat Nederlands twee woorde gehad het wat in Afrikaans tot een vergroei het.
Die Neds. *leggen* word Afr. *lê*: *lêende* henne
Die Neds. *liggen* word Afr. *lê*: *aanliggende* hoeke, omliggende dorpe,
maar nou sal ons praat van:
rond*lêende* klere.
- (f) Afrikaanse spelreëls veroorsaak ander afwykings:
loop — lopende bak — bakkende
draf — drawwende skryf — skrywende
en soortgelykes.

B Die funksie van die onvoltooide deelwoord

Ons het reeds genoem dat die onvoltooide deelwoord in Afrikaans byna nooit werkwoordelik gebruik word nie; in elk geval nooit as grammatiese predikaat of deel daarvan nie. In seldsame gevalle behou dit 'n soort werkwoordelike waarde soos die voorbeeldsin met *synde* hiervoor en in verouderde taalgebruik kom dit voor by Nederlands-georiënteerdes of ander wat hulle aan sulke vorme vasgeknoop het. D.F. Malherbe het dit graag gebruik.

Dit kom wel voor as:

- I **Byvoeglike naamwoorde** (baie dikwels), en wel meestal voor die s.nw., soos:

jaende perde, verwoestende brand, vormende invloede, lopende en staande water . . .

In enkele gevalle kom dit ook as predikatiewe voor:

Die saak is nog *hangende*.

Wat is daar *gaande*?

Dié bedrag is nog *uitstaande*.

Ook:

Hulle is *siende* blind/*horende* doof. (*Siende* en *horende* is hier nie bywoorde nie; hulle sê niks van *blind* of *doof* onderskeidelik nie; wel van die onderwerp en is dus predikatiewe naas die *blind* en die *doof*, ongeveer soos: Hulle is *siende* (en tog) *blind*.)

Die gebruik ná die s.nw., soms voorafgegaan deur *al*, is reeds vir die Afrikaanse taalgevoel baie hinderlik, en kom net nog in sterk gekunstelde taalgebruik voor:

*Die kind, (al) huilende oor sy ma, het daar rondgedwaal.

*Die kinders stap (al) geselsende straat af.

*Dit word tussen Januarie en Maart ryp, afhangende van die weer. (— wat vertaal is uit Engels!)

Ons taalgevoel verkies sinne soos

Die kind het daar rondgedwaal terwyl hy oor sy ma huil.

Die kinders stap gesels-gesels (die) straat af.

Dit word tussen Januarie en Maart ryp na gelang van die weer.

II **Bywoorde**, meestal by b.nwe. of ander bwe., maar ook die ww. en as disjunkte bywoorde:

verregaande onbeskof; *ontsettend* moeilik; *onsamehangend* praat; *niksvermoedend* het hy die huis binnegestap, ens.

III **Selfstandige naamwoorde**, soos:

insittendes, noodlydendes, hulpbehoewendes . . .

IV **Voorsetsels** (enkeles) soos:

Hy help *nieteenstaande* sy eie behoeftes.

Ek kan jou inlig *aangaande/betreffende* die saak.

'n Ooreenkoms is bereik *hangende* die goedkeuring van die regering.

7.7.6 Die voltooië infinitief

Hier het ons die skynbaar onwetenskaplike gepleeg deur van 'n “werkwoordvorm” te praat, terwyl ons met twee woorde te doen het. Toegegee, maar hierdie konstruksie: swak voltooië deelwoord plus *het* — in dié onveranderlike volgorde soos *gedoen het* — word eerstens as groep in verskillende sintaktiese verbande geplaas, en tweedens het die groep reeds 'n fonologiese eenheid geword: niemand sê ooit *gedoen het* as aparte woorde nie, maar wel *gedoenet* (fonemies:/xədunət/). Daarbenewens sou ons vir hierdie groep heeltemal 'n nuwe ordenaam moes vind as ons hom nie maar onder die werkwoordvorme inbegryp nie. (Sien ook §7.1.2)

Soos die infinitief kom ook die voltooië infinitief voor ná *om te* en ná (d.w.s. in samehang met) modale hulpwerkwoorde in twee soorte modale predikate.

A *Om dit te gesien het* was 'n wonderlike ervaring.

Hier is *om te gesien het* die onderwerp van die kopulapredikaat “was 'n wonderlike ervaring”, en *dit* is die direkte voorwerp van “sien”, want hier het *om te gesien het* dieselfde vermoëns as wat die om-te-infinitief andersins het (§2.12): dit kan al die sinsdele wat bestaan beheer, behalwe 'n onderwerp, en self is dit (in die tradisionele grammatikabeskouing) nie 'n predikaat nie maar 'n infinitief. Kyk bv. na:

B Om daardie dae teen laagwater jou kreef onder die rotse uit te gehaal het sonder om te moet duik daarvoor, was 'n vreugde wat jou nou nog bybly.

Maar dit kan wel déél van 'n modale predikaat word:

C Sy *sou* jou *gehelp* het; jy het haar net nie gevra nie.

D Om later op sy bystand aanspraak *te kon maak*, *moes* jy hom ook *gehelp* het toe jy die kans gehad het.

E As hy alles geweet het, *sou* hy beslis nie die uitdaging *aanvaar* het nie.

F Hulle *sal* natuurlik al weer *besluit* het om nie meer saam te gaan nie; dit reent mos 'n bietjie.

In C en D het ons sinne met die irrealis; dus onwerklikhede, en telkens is *gehelp* het 'n voltooide infinitief in 'n modale predikaat saam met die modale hulpwerkwoorde *sou* en *moes* onderskeidelik. Let sommer op wat Afrikaans met 'n modale groep soos “kan maak” aanvang as dit in 'n voltooide infinitief beland: *om te kon maak*.

In E het ons die tipiese kondisionalis met die gebruikelike modale predikaat in die gevolgsin na die perfek in die voorwaardesin, terwyl F 'n voorbeeld is van die voltooide infinitief as deel van die modale predikaat in die aanvaardingsin, die logiese hipotese. (Sien §7.3.2.)

DIE SINTAKSIS VAN DIE NAAMWOORDKONSTRUKSIE: DIE NAAMWOORDGROEP

In § 2.8 en § 3.3 het ons gesien dat die onderwerp en die drie voorwerpe altyd 'n naamwoord van die een of ander aard as hoof het, en dat bywoordelike bepalings baie dikwels êrens in hulle struktuur 'n naamwoord het. In § 3.3 het ons ook 'n voorlopige onderskeiding tussen die lede van die naamwoordgroep gemaak, 'n groep wat sterk heterogeen is, maar wat almal op 'n manier met die selfstandige naamwoord geassosieer is. In hierdie hoofstuk wil ons kortliks op die belangrikste kenmerke van die groep as geheel en veral in die samehang tussen die lede wat in die naamwoordkonstruksie voorkom, let.

8.1 Groepvorming

Die **groepvormingsvermoë** van dié soort woorde is een van die onderskeidende kenmerke **binne** die groep.

Vergelyk: A *Hy* (*hulle, iemand . . .*) ken die pad soontoe.

met: B *Die twee baie groot goue bekers daar* dagteken uit die ses-tiende eeu.

of: C *My getroue ou vriend se talle hoogs waardevolle wetenskaplike bydraes* het hom beroemd gemaak.

In sinne B en C is die selfstandige naamwoorde, *bekers* en *bydraes* onderskeidelik, die **hoofde** van konstruksies met ondergeskikte dele, d.w.s. groot dele van dié konstruksies kan weggelaat word en die sinne nog grammaties afgerond laat.

Daarteenoor kan die voornaamwoord *hy* in sin A nagenoeg geen uitbreiding ondergaan nie en moet op sy eentjie as onderwerp dien. Dit sal ook waar wees van *hulle* en *iemand* en ander voornaamwoorde.

Selfstandige naamwoorde het meestal groot groepvormingsvermoë, terwyl voornaamwoorde geen groepvormingsvermoë het nie.

8.2 Rangorde binne die konstruksie

Ons kyk weer na die konstruksie in sin B hiervoor:

die twee baie groot goue bekers daar

Deur te toets sal ons vasstel

1. dat *baie* (hier 'n bywoord) aan *groot* gekoppel sit, en wel só dat dit slegs vóór *groot* kan kom;
2. dat die bywoord *daar* in hierdie geval alleen onmiddellik ná die s.n.w. kan staan, tensy dit met die lidwoord *die* vergroei tot *daardie* om dan in die plek van *die* te staan te kom heel voor in die konstruksie;
3. dat die telwoord *twee* ná die lidwoord maar vóór die byvoeglike naamwoorde *groot* en *goue* moet staan;

4. dat ook *groot* en *goue* kenmerke het wat meebring dat hulle in dié orde moet staan, hoewel albei byvoeglike naamwoorde is (sien later §10.1.2.1).

Soortgelyke konstruksies toon dieselfde rangorde:

Hierdie drie pragtige wit diamante

So 'n klompie uitgesoekte bruin Afrikanerosse

(waar *klompie* en *uitgesoekte* soms kan omruil).

Ons het hierbo gesê dat die lidwoord *die* en ander lede van die lidwoord-paradigma heel voor in die naamwoordkonstruksie staan. Daar is egter twee woorde wat vóór die lidwoord kan kom:

So in “so 'n klompie . . .”

en *Al* in “al die kinders in die skool . . .”

Let op dat *so* net voor 'n en *al* voor *die* en die ander lede van die lidwoord-paradigma kan voorkom.

Daar is twee selfstandige naamwoordgebruike wat dikwels ondergeskikte dele van die naamwoordkonstruksie vorm, naamlik die **besitter** en die **versamelnaam**, soos *klompie* hierbo en soos *soorte* en *mense* in:

“al daardie baie soorte mense se uiters moeilike sielkundige probleme”.

8.3 Drie soorte voorbepalings

In sulke groepe waarin 'n selfstandige naamwoord die hoof is, sal 'n vervangingstoets by die voorbepalings (d.w.s. bepalinge wat voor die s.nw. staan) toon dat daar in hoofsaak drie soorte bepalinge is wat, as hulle binne dieselfde konstruksie voorkom, aan 'n bepaalde volgorde gebonde is.

Kyk na:

die	/	drie	/	gawe	/	seuns
my		twee		stout		kinders
haar		klompie		klein		kuikentjies

As ons terugwerk van die s.nw. af, kry ons hulle só:

1. Naaste aan die s.nw. is die byvoeglike naamwoord, wat attribute (= eienskappe) van die s.nw. gee soos *gawe*, *stout* en *klein* hierbo. Hoe meer intrinsiek dit is (d.w.s. hoe groter sekerheid, wetenskaplike bewysbaarheid daarin is), hoe nader aan die s.nw. staan dit: daarom sê ons “groot goue bekere” en nie * “goue groot bekere” nie. Hulle is dus **attributiewe** bepalinge.
2. Die volgende weg van die s.nw. af, is die getalwoorde, die **hoeveelheidswoorde** en ook versamelname, soos hierbo *drie*, *twee* en *klompie*.
3. Eerste in die groep en verste van die s.nw. af is die woorde in die **lidwoordparadigma**: die twee lidwoorde self, *die* en *'n*; aanwysende voornaamwoorde soos *daardie*, *soortgelyke* . . . ; besittlike vnwe. soos *my*, *jou*, *hulle* . . . ; vraende vnwe. soos *watter*, *wie se* . . . ; en besitters soos *die seuntjie se* . . . Hulle word ook soms die **determineerders** genoem.

8.4 Nabepalings

Ons het al gesien dat nabepalings by die s.nw. uit 'n enkele woord kan bestaan, gewoonlik 'n woord wat ons eintlik veral in bywoordelike funksie ken, en dikwels ook uit voorsetselkonstruksies. Hulle kom seker nie dikwels met meer as een voor nie, en 'n volgorde is dus moeilik in reëls te stel:

Die mooi meisie *daar* / *in die hoek* is Piet se nooi.

Die mooi meisie *in die rooi rok* / *daar* is . . .

Dit verwag jy nie van 'n man *van eer* / *in 'n hoë posisie* nie.

Die lede van hierdie groep staan in sulke enge sintagmatiese en paradigmatiese verhoudinge tot mekaar dat hulle nie los van mekaar behandel kan word nie. In die volgende paar hoofstukke waarin ons na hulle kyk, sal dus uiteraard baie herhaling en ook verwysings na die ander voorkom, terwyl die fokus tog telkens op 'n ander lid van die groep rus.

DIE SINTAKSIS EN SINTAKTIESE MORFOLOGIE VAN DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Dit is reeds duidelik dat die benoeming van die selfstandige naamwoord nie op 'n enkele grond alleen kan geskied nie. Ons noem dus die volgende onderskeidingsgronde:

9.1 Die funksies wat die s.nw. verrig

Ons kry die s.nw. (of 'n konstruksie met die s.nw. as hoof) in die funksie van:

- A — onderwerp: Die *eendjies* swem op die dam.
- B — direkte voorwerp: Ons het die *wolke* aangedryf sien kom.
- C — belanghebbende voorwerp: Daardie drie het Natal vir die *toerspan* present gegee.
- D — besitter: Die *seuntjie* se ma het hom kwaai aangekyk.
- E — as hoof in 'n voorsetselkonstruksie: Hulle speel op die *grasperk*.
- F — as predikatief by 'n kopula: My vriend word ook *onderwyser*.
- G — as bystelling by 'n ander s.nw.: Hennie, my *neef*, is net so bang soos ek.

9.1.1

As 'n woord veral een van die funksies in A tot C verrig en nie tot een van die geslote woordklasse, die **telwoord** en **voornaamwoord**, behoort nie, word so 'n woord uitsluitlik op **funksionele gronde** as s.nw. benoem:

Vra is vry. *Loop* is goeie oefening. *Vloek* pas niemand nie. *Mooi* is mooi. *Lui* is vir hom nie 'n naam nie. *Moeg* is geen ekskuus nie. Sy hou nie van *rooi* nie.

9.1.2

By herhaling verwys ons net weer na die sg. **aanhalingsgeval** of selfnoem-funksie, waarin enige woordvorm as s.nw. kan voorkom:

Donker is 'n byvoeglike naamwoord (donker = onderwerp, dus s.nw.)

Op bestaan uit twee letters.

'n Mens skryf *vinnig* met twee n'e.

Let op dat ons hier nie met 'n taaleenheid, die woord, te doen het nie, maar slegs met die woordvorm. Origens laat ons die aanhalingsgeval altyd buite behandeling.

Opmerking:

Daar is ook opvattinge wat die aanhalingsgeval wyer stel, soos W. Kempen: *Samestelling, Afleiding en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans* 1969, bl. 32.

9.1.3

Meestal val voorsetselkonstruksies en (voorsetsellose) naamwoorde nie in dieselfde paradigma nie. Maar in Afrikaans het ons reeds gesien dat *van*, *aan* en *onder* in die partitief (§ 4.3.1.1) 'n voorsetselkonstruksie vorm wat dieselfde funksie as die naamwoord alleen verrig.

Net so kan *vir* en *aan* by die belanghebbende voorwerp voorkom:

Hy het (*vir*) *sy seun* te veel geld gegee.

Hy het (*aan*) *sy vriende* baie weldade bewys.

Dikwels is die voorsetsel noodsaaklik ter wille van ondubbelsinnigheid soos in die voorbeeldsin C in § 9.1, en in:

Ons het *vir* hulle klere versamel. Vgl. die betekenis sonder *vir*.

By die direkte voorwerp is *vir* egter verkeerd:

* Hulle het *vir* ons gesien.

behalwe as dit moet help om helderheid te gee, soos N.P. v.W. Louw skryf:

“Dit is die kragte wat *vir ons* gemaak het” en weer:

“hy sit diep vas in die hele verlede wat *vir ons* gemaak het;”

(*Liberale Nasionalisme*, bl. 46)

9.1.4

Besitter (Sien § 2.8)

Kyk na ons voorbeeldsin in § 9.1:

A Die *seuntjie se* ma het hom kwaai aangekyk.

Die onderwerp van dié sin is *ma*. Dit is duidelik dat die *die* nie by *ma* hoort, soos in

B Die vrygewige *ma* bederf haar kinders.

nie. *Die* in A hoort by *seuntjie*, en die sintagma *die seuntjie se* het 'n uitwysende waarde by *ma*, en nie 'n adjektiwiese nie — dit gee geen kenmerk of attribueer van *ma* nie. Geen byvoeglike naamwoord of ander woord wat op *ma* betrekking het, kan tussen *die* en *seuntjie* inkom nie; wel 'n byvoeglike nw. by *seuntjie*, soos

C Die *stout* seuntjie se ma

Die *se* kan van *seuntjie* geskei word slegs deur nabepalings by *seuntjie*, of deur newegeskikte dele van 'n konstruksie waarvan *seuntjie* deel is:

Die seuntjie *daar oorkant* se ma

Die seuntjie *en sy maat* se speelplek

Dit is duidelik dat *die* ('n) *seuntjie se* 'n baie hegte konstruksie vorm wat as eenheid (as geheel) 'n bepaler is, met *se* 'n supplement van die naamwoord wat hier die *besitter* aandui. Dié naamwoord kan 'n s.nw. of 'n telwoord wees, maar nie 'n vnw. nie. As *seuntjie* deur 'n vnw. vervang word is dit 'n besittlike vnw. (§13.2) en verval die *se*:

Sy ma het hom kwaai aangekyk. Maar:

Die twee se ma het hulle kwaai aangekyk.

Die konteks kan dit onnodig maak om die onderwerp (of voorwerp of ander sinsdeel waarin die s.nw. gebruik is) te herhaal, en dan word dit vervang deur die vnw. *s'n*:

Die dogtertjie se ma was kwaad maar die seuntjie *s'n* het gelag.

Jy vind samewerking by die dogtertjie se ma maar nie by die seuntjie s'n nie.

Die vraag is of *die seuntjie s'n* nou die funksie van *ma* oorneem, of net *s'n*. Ek meen *se* en *s'n* is beide **besittersupplemente**; hulle vorm nie een woord saam met die **besitter(s)** nie (hierbo *seuntjie* bv.) omdat hulle deur ander taaleenhede daarvan geskei kan word. *S'n* is 'n voornaamwoord, terwyl *se* se semantiese waarde gelyk is aan dié van 'n fleksiemorfeem wat *besit* of *(be)hoort tot* aandui.

So 'n (selfstandige) naamwoord in besittersgebruik vorm nogtans deel van die sinsdeel waarbinne dit staan; soos in A hierbo is dit deel van die konstruksie waarvan die hoof (*ma*) die onderwerp is. In:

“Jy vind samewerking by die dogtertjie se ma”

is die skuinsgedrukte deel alles een voorsetselkonstruksie. Só alleen is daar te onderskei tussen

X Hy leen die kêrel se fiets. en

Y Hy leen die kêrel sy fiets.

In X is *die kêrel se fiets* één sinsdeel, die direkte voorwerp; in Y is *die kêrel* die belanghebbende voorwerp en *sy fiets* die direkte voorwerp, terwyl die eienaar van die fiets in X en Y verskillende mense is.

9.2 Naamgewing of benoemingswaarde

Hierin lê die belangrikste verskil tussen die s.nw. enersyds en die ander lede van die paradigma andersyds: dat die s.nw. gewoonlik iets of iemand (toestande en dinge, sake) min of meer onderskeidend benoem. Hierdie benoeming kan

- A spesifiek of identifiserend wees, soos by *perd*, *pen*, *liefde*, of vaag en ontwykend, soos by *ding*, *goeters*;
- B eng en individueel wees, soos by *Piet*, *appel*, *huis*; of wyd en omvattend soos by *seun*, *vrugte*, *woning*;
- C klassifiserend op grond van 'n aangename of onaangename gevoelswaarde wees, soos in

Die *lelikes* kan jy nie aanbied nie.

Sy tydige hulp was 'n *seën*.

waar ons die sake of toestande eintlik met ons mening of oordeel benoem;

- D geskied by wyse van groepering, soos by *klomp*, *groep*, *swerm*, *gemeente* . . .

9.3 Transposisie: Die s.nw. 'n ope woordklas

As deel van die vryheid wat kenmerk van die ope woordklasse is, vind ons dat stamme van woorde uit die ander ope woordklasse oorgedra word sodat hulle as stamme van s.nwe. kom dien. Die voorbeelde hieronder sal die verskil toon met die funksionele s.nwe. in § 9.1.1: daardie gevalle ondergaan nie die morfologiese wysigings wat ons by die egte transposisie in sy “nuwe” funksie kry nie.

9.3.1 Transposisie s.nw. ≠ ww

Daar is geweldig baie gevalle waar 'n woordvorm ewe goed as s.nw. en as ww. gebruik word, en dan in die passende sintaktiese verband die nodige morfologiese veranderinge ondergaan wat by dié woordklas verwag word:

Die gif word as 'n *poeier* oor die boord *gespuit*.

'n Dame *poeier* haar liefs nie in die openbaar nie.

Daar is verskeie *poeiers* teen *pyn* beskikbaar.

Die *sputjie* word *gebruik* as die *wond pyn*.

Die knap swaardvegter het die *gebruik* om sy teenstander net te *wond*.

Hierby moet met sekere beperkinge rekening gehou word, o.a.:

1. Nie al die betekenis/noempotensies van (sê maar) die s.nw. word ook in die ww. teruggevind nie, en omgekeerd. Bv. die stambetekenis van *peul* in "ertjiepeule" en "hy peul ertjies" is eenders, maar "sy oë peul uit" het seker nie 'n s.nw.-ekwivalent nie.
2. Dit is soms duidelik watter een primêr is en watter een die transposisie. Ons kan aanneem dat *lag* as ww. primêr is soos in "hy lag hard", en die s.nw. in "sy lag is te hard" is sekondêr. Daarenteen is die s.nw. in "'n rooi blom" primêr en die ww. in "hulle blom in die lente" het later gekom.
3. Soms is daar niks wat aandui dat die een ouer as die ander is nie; ook die diachroniese ondersoek gee nie uitsluitel nie. Woorde soos *werk* as ww. en as s.nw. word dan soms "grammatiese homonieme" genoem. Ander is *slaap*, *sug* . . .
4. Natuurlik word nie elke kategoriale vorm by alle sodanige woorde gevind nie; dit hang immers met gebruik saam. So kry ons nie by die s.nw. *lag* 'n meervoud nie, wel 'n verkleinwoord *laggie* met 'n mv. *laggies*. Die s.nw. *glimlag* word wel in die mv. *glimlagge* of *glimlagte*.

Van Wyk Louw skryf in *Liberale Nasionalisme* (my kursivering):

"*Bid* is 'n daad."

"*Stil dink* selfs, is 'n daad . . ."

"*Niks-doen*, of liewer: *weier-om-te-doen*, is self 'n daad."

". . . ; die jeug se skerp *vra* na '*ja of nee*' kan selde 'n kort antwoord kry." (bl. 53)

en ". . . ; ek laat dit aan jou *lees* van ons geskiedenis oor . . . " (bl. 55)

Die noue verwantskap tussen die gebruik as ww. en as s.nw. spreek ook uit:

"Daar is vir ons nie **so 'n ding** soos saans *gaan lê* en *slaap* tot die anderdagmôre nie, nee, dis maar kort-kort **uit** en *keer* en nader *druk* werf toe. Dan 'n rukkie skuins *lê* en *sluimer* en . . . " (Boerneef:

Boplaas, 19)

Let op hoe die woorde in skuinsdruk aan *ding* gelykgestel word en ook nie 'n onderwerp het nie. Vergelyk verder:

"Jaffie was woedend oor daardie *sê* van sy oom." (Eitemal: *Jaffie*, 18)

Opmerking:

Daar is 'n opvallende verskil tussen Engels en Afrikaans in hulle keuse van hoofbetekenisdraer in die sin: waar Engels neig tot die s.nw., neig Afri-

kaans tot die werkwoord. Vir dié doel vervaag die betekenis van 'n groepie werkwoorde in Engels (take, get, go, give . . .) en dra die s.nw. die betekenisinhoud. Vgl.

He gives his car a wash.	—	Hy was sy motor.
He takes a walk.	—	Hy gaan loop ('n ent).
He goes for a walk.		
He takes a bath.	—	Hy bad.
He goes on holiday (leave).	—	Hy gaan vakansie hou.
He is taking a holiday (leave).	—	Hy hou vakansie.
He goes for/on a visit.	—	Hy gaan kuier (by)/besoek (iemand).
He goes on duty at	—	Hy gaan/begin werk/het diens om Sy skof begin om

9.3.2 Transposisie s.nw. ≠ bywoord (Sien ook §7.6.1.8-iv)

Dit is 'n kenmerk van die bywoord dat dit op verskeie vlakke ten nouste met die s.nw. verband hou. Oor die algemeen blyk dié verband daaruit dat (a) 'n lidwoord-selfstandigenaamwoordkonstruksie baie dikwels sonder meer 'n bywoordelike funksie verrig, en (b) dat 'n woord onveranderd om 't ewe bw. of naamwoord kan wees:

1. Hy het 'n entjie gaan loop.

Hy ry 'n bietjie te vinnig. (≠ Hy eet net 'n bietjie.)

“Dan kyk hy 'n rukkje wyd oor die bulte weg” (Eitemal: Jaffie)

“Laat dié middag het daar 'n misreëntjie geval” (Jaffie)

Sy het die namiddag in die tuin gewerk.

Hulle het die aand teater toe gegaan.

Hy het 'n aand vir haar gaan kuier.

Hy het die nag in sy eie bed geslaap.

Ons het al 'n (paar) kilometer (ver) op die verkeerde pad gery.

Die aand was hy vrolik maar die ander dag (anderdagmôre) babelas.

Hy gaan elke dag soontoe.

Hy het drie weke daar vertoef.

Hy het drie dae (later) aangekom.

Hy het 'n kwartier (lank) gewag.

Hulle het die nag deur gesoek.

Die konsert duur twee uur (lank).

Hy het een (twee) keer/elke keer hierheen gekom.

Hy gaan volgende week huis toe.

Hy was verlede week ('n bietjie) siek.

Hy was 'n week gelede/tevore hier.

Die werk beslaan 100 bladsye.

Die pak weeg drie kilogram.

Die boek kos drie rand.

As ons die tyd meer onbepaald wil maak, gebruik ons die telwoord een i.p.v. die lidwoord:

Ek het *een aand* vir haar gaan kuier.
Hieruit het die bywoord *eendag* vir 'n onbepaalde tydstop in die verlede of die toekoms ontwikkel:

Daar was *eendag* 'n koning wat

Ek gaan *eendag* nog oorsee reis.

Duidelijkheidshalwe net dit: In die voorgaande sinne soos

Hulle het *die aand* teater toe gegaan.

is *aand* nog altyd 'n selfstandige naamwoord en *die* lidwoord, maar die konstruksie *die aand* het bywoordelike funksie. Daarenteen is *eendag* 'n bywoord. In

Hulle het *die aand* baie geniet.

is *die aand* die direkte voorwerp en dus lidwoord plus s.nw. sonder meer. Wanneer die lw.-s.nw.-konstruksie 'n *tydsduur* of 'n *afstand* beteken, word dit dikwels deur die bywoorde *lank* of *ver* gevolg:

Hulle het 'n/*twee maand(e)* (*lank*) daar gekuier.

Sy loop daaglik 'n (*paar*) *kilometer* (*ver*).

As 'n sekere *tydsduur* in die vooruitsig (of as doel) gestel word, word die voorsetsel *vir* dikwels gebruik:

Hy gaan volgende *maand* (*vir*) *twee weke* vakansie hou.

Opmerking:

Wanneer die *vir*-konstruksie vir 'n verbygegaane *tydsduur* gebruik word, is dit op die Engelse patroon en 'n Anglisisme:

*Hulle het *vir* twee maande daar gekuier.

So ook wanneer *die anderdag* soos Engels "the other day" = "nou die dag" gebruik word.

2. Woorde soos *gister*, *môre* (= die volgende dag) . . . kan om 't ewe bw. of s.nw. wees, en sal dus ook grammatiese homonieme wees:

Hy het *gister* eers hier aangekom. (bw.)

Ons verwag hom *môre*. (bw.)

Ek het *gister* baie geniet, bestee *vandag* aan inkopies en sien uit na *môre* (se reis). (almal s.nw.)

Opnuut gemaakte transposisies kry ons bv. in:

" . . . : daar is dié elemente daarin wat alleen maar betrekking het, en wil hê, op die volkslewe van daardie *vandag* van 1938."
(E. Botha: *Afrikaanse Essayiste*, bl. 91)

In gemoedlike taal (dikwels ietwat volks en speels) neem *se*, die besittersupplement, baie dikwels 'n plek in wat van (gewoonlik) bywoorde daar s.nw. maak:

"Van *twaalfuur se* kant af kreun hy kort-kort" (Boerneef: *Boplaas*, 18)

"Waar die mense *vanmelewe se* dae vir dood bly staan het, . . . , want dis nie *sommer se* plekke daardie nie." (a.w. bl. 15)

Vanaand se aand is 'n groot aand.

Dis *sommer aldag se* dinge daardie.

3. Veral meervoudsvorme, maar ook enkelvoudse, word reeds as enkele woorde in bywoordelike funksie gebruik:

Sy het *nagte* wakker gelê oor haar seun.

Hy het *dae/weke/maande* aan dié ding gewerk.

Die veewagter kry dit *lamtyd* maar hotagter.

Langnaweke/vakansietye moet hospitaaldokters bakstaan.

Siektetye het Tan' Gesie haar waarde getoon.

Droogtetye bly die boer se oë maar op die hemel gerig.

"*Droogtes* voer 'n Karooboer sy bankrekening leeg . . ."

4. Dié omruilbaarheid bw. $\neq$ s.nw. vind ons in die verhouding bywoord $\neq$ voornaamwoord terug. Die vnw. *daar, hier, waar, wanneer, hoe, so, aldus* . . . word ewe gewoon as bywoorde gebruik; trouens, hulle dien byna altyd as bywoorde met behoud van hulle voornaamwoordelike kenmerke, net soos die voorgenoemde selfstandige naamwoorde. (Sien §9.3.2 en §13.1.4.)

5. By herhaling noem ons die feit dat bywoorde (van tyd en plek veral) heel natuurlik op voorsetsels volg, waar ons anders net die naamwoord kry:

Hy kom *van buite* en loop *tot voor*. (§ 4.1.6)

6. Soos superlatiewe by die byvoeglike naamwoord is ook dié by die bywoord sonder meer selfstandige naamwoorde:

Dit is *die swakste* wat ek hom nog sien speel het.

7. 'n Aantal bywoorde vorm deur 'n postmorfeem *-ste* 'n rangaanwysende woord wat saam met *die* ook soms nog in bywoordelike funksie en in byvoeglike funksie voorkom, en daaruit ook as s.nwe:

Sy verkeer met *die voorste(s)* onder die hoëlui.

Ander is *agterste, buitenste, binneste, uiterste* . . .

(In hierdie woorde vind ons 'n stammorfeem — *voor-, agter-* . . . — wat homonieme van sekere voorsetsels is. Hulle is egter bywoorde. Hulle is ook nie superlatiewe van die bywoorde nie; hulle betekenis toon dit, sowel as die feit dat geeneen 'n vergrotende trap * *vorser, buitener* . . . het nie.)

9.3.3 Transposisie s.nw. $\neq$ byvoeglike naamwoord

Hier moet ons eerstens onderskei tussen transposisie enersyds en die volgende tipe andersyds:

Dis nie maklik om altyd tussen die *opregte* en die valse mense te onderskei nie.

Hier is *opregte* nog altyd 'n b.nw., selfs al word dit nie deur die s.nw. gevolg nie; die s.nw. word bloot net nie herhaal nie, soos in talle gevalle ook by ander tipes, soos:

Hy klim nie óór die draad nie, maar *deur*.

waar *deur* nog altyd 'n voorsetsel is en nie bw. nie.

In dieselfde groep val:

Ek stel belang in 'n *ou* maar nie in 'n bouvallige huis nie.

Die egte transposisies is veral van sewe soorte:

1. Die eienskap van die **telbare** iets word binne die konteks as s.nw.

gebruik om die genoemde soortnaam te vervang:

Vang al die perde; gebruik die *makkes* om die *wildes* vas te keer.
Verwyder die boeke; pak die *grotas* in die wye en die *kleineres* in die nou rakke.

Films het nie 'n lang lewe nie; gebruik hulle van die *oudstes* af tot die *nuutstes* toe.

Hierdie tipe ondergaan die hele buigingsreeks van sowel b.nw. as s.nw. op mekaar:

(die) *grote, grotas; groter, groteres; grootste, grootstes; grotetjie, grotetjies, groteretjie(s), grootstetjie(s)* . . .

Opmerking:

Omdat Afrikaans hierin opvallend van Engels verskil, merk 'n mens die Anglisistiese gebruik maklik op: Engels gebruik hier die onbepaalde "*one*" as aanvulling by die b.nw., selfs met die meervoudsvorm: the "*big one*"; the "*big ones*". Om in Afrikaans van "*die groot een*" te praat, is verkeerd. Waar slegs deiktiese voorbepalings aangetref word, word *een* wel gebruik:

Die een sê só, die ander sus.

Daardie een en *hierdie een* moet albei gaan.

Só een wil ek ook hê.

2. In vorm hieraan verwant is die tipe

My vriend is 'n *wetenskaplike*.

Dit verskil egter daarin dat die logiese s.nw. wat 'n predikatief by die onderwerp sou kon wees, semanties nie met die b.nw. versoenbaar is nie:

* *My vriend* is 'n *wetenskaplike man*.

Wel: *Daardie uitvinding* is 'n groot *wetenskaplike prestasie*.

Ander sulkes is:

opvoedkundige, geskiedkundige, taalkundige, dierkundige, skeikundige . . .

en baie ander met *-kundige* (en ook ander).

Die groeppbetekenis van die byvoeglike naamwoorde is "wat tot dié (vak-) gebied behoort". Die groeppbetekenis van die s.nw. is "iemand wat hom op dié (vak-) gebied toelê".

3. Die *eienskap* word as abstrakte begrip gebruik om die onnoembare aan te dui; dit dien dan as versamelaanduiding vir al die "dinge" met dié kenmerk:

Sy soek altyd na die *mooi/mooie* in die lewe.

Jy kan nie uitsoek nie; jy moet die *soet* en die *bitter* altwee neem soos dit kom.

Daar sal jy genoeg van die *vuil* sien om jou te skok.

Die antikwaar stel belang in die *oue* en die *verwaarloosde*, maar nie in die *vervalste* nie.

Hy staan ons deur *dik* en *dun* by.

Miskien is die vorm met /-ə/ vir "dinge wat dié eienskap het" en vorme daarsonder (*mooi, soet*, ens. hierbo) vir "die *mooi*. . . kant". Dit verskil

dus van 'n gebruik soos die volgende, waar die /ə/-lose vorm beteken "almal wat (so) is":

Oud en jonk was daar by mekaar:

"Die son skyn op *ryk* en op *arm*."

Daar is ook 'n /ə/-lose vorm wat beteken "om (so) te wees":

Arm is niks, maar *onnosel* . . . !

As *mooi* so lyk, hoe lyk *lelik* dan?

(Hiermee is ons op die grens van die prosodie: die taalgebruik word om stilistiese redes aangepas.)

4. Semanties in noue aansluiting hierby het ons die oortreffende trap van die b.nw. in substantiwiese gebruik:

Sy is die *oudste* van die kinders.

Dit is die *moegste* wat ek hom nòg gesien het.

Dié superlatiewe kom baie dikwels in die voorsetselkonstruksie met *op* + besitlike vnw. + superlatief voor:

Dié aand was sy **op haar** *mooiste*.

Wanneer hy **op sy** *eensaamste* voel, luister hy musiek.

5. Vervolgens 'n soort wat by dié onder 1 en 2 aansluit in dié opsig dat hulle ook by wyse van 'n kenmerk iemand benoem, maar nou nié vir die enkelvoud 'n vorm met /-ə/ gebruik nie; wel vir die meervoud:

Iemand wat *liberaal* is, word genoem 'n *liberaal*, en verskeie van hulle is *liberale*.

So ook:

'n *konserwatief*, *verskeie konserwatiewe*

'n *reaksionêr* – *reaksionêre*

en: 'n *progressief*, *radikaal*, *militêr*, *revolutionêr* . . .

6. 'n Besondere vormverandering in die oorgang van b.nw. na s.nw. vind ons by die sterk voltooide deelwoorde (§ 7.7.4.2), wat eintlik hoofsaaklik in adjektiwiese funksie voorkom en daaruit s.nw. word.

Ons sê naamlik:

Hy is *gevange* geneem. maar

Hy is 'n *gevangene*. (mv. *gevangenes*)

en: Hy is *oorwonne*. maar

Die *oorwonnene(s)* lyk ongelukkig.

Net so word *bedroë* – *bedroëne(s)*

bedorwe – *bedorwene(s)*

volwasse – *volwassene(s)* . . .

Histories is dit maklik verklaarbaar: die Nederlands het 'n -n- op die end gehad wat in die onverboë vorm as b.nw. nie gesê is nie:

gevangen, en dit het in Afrikaans daar dus heeltemal verdwyn: *gevange*.

So gou soos die woord egter verdere uitgang kry, word die -n- weer gesê: *gevangene* en het só by die s.nw. teruggekeer.

Verskeie ander woorde het dieselfde vorm aan die einde van die woorde, hoewel hulle nie sterk voltooide deelwoorde is nie, en dieselfde vormver-

anderinge vind plaas:

tevrede – *tevredene(s)*

beskeie – *beskeidene(s)* . . .

7. In die partitief saam met die onbepaalde voornaamwoorde en telwoorde het ons ook 'n transposisie van b.nw. na s.nw. met die besondere kenmerk dat die onderhawige b.nw. altyd in die oorgang 'n -s-uitgang kry (behalwe as dit reeds op 'n -s eindig):

Ek het daar **iets** *moois* (*groots, aardigs*) gesien.

Daar is nie **veel** *goeds* in hom nie.

Hy het vir ons **baie** *moois* nagelaat.

Van hom kan jy **niks** *slegs* sê nie.

Hoeveel *smartliks* moes sy nie verduur nie!

Ek het **wat** *moois* om jou te vertel. (Verouderd).

Soveel *grusaams* is nog nie vantevore in die naam van vryheid gepleeg nie!

Ons het daar **iemand** *vreemds* opgemerk.

Sy het **niemand** *bekends* gesien nie.

(Die vaste konstruksies *iemand/niemand anders* val ook hieronder; dit slaan op 'n *ander n/iemand* en nie op 'n *anderse iemand* nie!)

D.J. Opperman skryf in *Scriba van die Carbonari*:

“ . . . — en laat die bloeisels, soet

en fyn, verrimpel tot iets hards, gesonds,

en voortdurend tot 'n skone groei gevoed

word deur ons, . . . ”

en in *Periandros van Korinthe* (Skooluitgawe, bl. 42):

“want haar rokke . . .

. . . is nie geheilig deur die suiwerende vuur

wat alles aards en stofliks

. . . hiernamaals laat bestaan, . . . ”

As 'n bywoord die b.nw. bepaal, word die b.w. behou en die b.nw. → s.nw. kry steeds die -s:

Ek het **iets** *baie leliks* van hom gehoor.

Ons verwag **niks** *danig goeds* van hulle nie.

(Sulke revolusionêre het altyd **iets** *radikaals* in hulle planne.)

Hy probeer **iets** *radikaal nuuts* in sy benadering.

(Daar is **iets** *ergs* met sy gesondheid verkeerd.)

Daar is **iets** *erg verkeeds* in sy houding teenoor ons.

“ . . . **iets** *eindeloos ryk geskakeerds* ” (v.W. Louw)

“Daar was **iets** *mistroostig klewrigs* omtrent hom: . . . ” (A.P. Brink)

Belangrik: By die gebruike van s.nw. ≠ ww. en s.nw. ≠ bw. het ons gesien hoe die een na die ander oorgaan sodat dit eintlik om 't ewe is watter funksie die woord verrig. Dit geld *nie* by die s.nw. ≠ b.nw. nie: alleen die b.nw. gaan oor in 'n substantiwiese gebruik, meestal met sekere morfologiese aanpassings. Die s.nw. word in Afrikaans nooit

adjektiwies gebruik nie (sien § 9.6.1; die sintagma s.nw. + s.nw.); in Engels wel.

Opmerking:

'n Geval wat na transposisie lyk, maar waar ons eintlik met **grammatiese homonieme** te doen het, kom voor by:

Dit is vroeg *donker*. $\neq$ Hy is bang vir die *donker*.

Na *donker* bly hy tuis.

Dit is reeds *lig*. $\neq$ Hy kan beter in die *lig* soek.

Hulle is *honger/dors*. $\neq$ Die *honger/dors* dryf hulle uit.

Hulle het *honger/dors*. (wat die ouer vorm is!)

waar die byvoeglike naamwoorde in die eerste en die s.nw. in die tweede sin by elke paar reeds lank naas mekaar voorkom soos die ww. $\neq$ s.nw.-groepe in §9.3.1.1.

9.4 Soorte selfstandige naamwoorde

Daar is 'n tradisionele indeling van selfstandige naamwoorde op grond van die **aard** van die benoemde dinge, d.w.s. grotendeels gebaseer op die betekenisgroepe, soos:

A **Eiename**, wat 'n enkeling 'n besondere naam gee, só dat dié naam net één iets of iemand uitwys, bv.:

Hendrik, Middelburg, Frankryk, Limpopo, Wagter (vir 'n hond),
Vonk (vir 'n perd), *Liberale Party* . . .

B **Soortname**, wat 'n voorbeeld van 'n soort uitwys, bv.:

mens, slang, boek, sand . . .

C **Stofname**, wat 'n gelyksoortige materiaal of grondstof benoem, bv.:

grond, sy, lood . . .

D **Versamelname**, wat 'n versameling gelyksoortige enkelinge as 'n groep saamvat, bv.:

'n *swerm* bye, 'n *span* osse, 'n *ploeg* arbeiders . . .

E **Abstrakte Selfstandige Naamwoorde**, wat, anders as die voorgenoemde vier soorte, ontasbare begrippe benoem; name vir nie-sintuiglike ervarings, soos:

vriendskap, genade, onrus . . .

Dié indeling toon veral twee gebreke: Eerstens val baie woorde in meer as een van die groepe (soos ook in ander indelings) maar dié indeling gee niks waarop ons kan onderskei behalwe die noempotensie self nie:

Daardie berge is vol *yster*. (Stofnaam)

Daardie werf lê vol *ysters*. (Soortnaam)

Haar *liefde* is onverganklik. (Abstrak)

Haar jongste *liefde* is 'n bankklerk. (Soortnaam)

Tweedens kan ons (in Afrikaans) slegs (sekere) morfologiese en sintaktiese kenmerke gebruik vir onderskeidingsdoeleindes. Dié kenmerke is in bostaande indeling nie soortgebonde nie: dieselfde kenmerke word by sommige voorbeelde van verskeie soorte aangetref — die kenmerke loop dwarsóór die indeling, in plaas van daarmee saam. Waar ons hierna dié

kenmerke noem, kan 'n mens dit aan die indeling toets.

'n Aanneemliker indeling, wat met dié morfologiese en sintaktiese kenmerke rekening hou, is die volgende:

9.4.1 Eiename

Soos in die tradisionele indeling benoem eiename 'n enkeling uit 'n soort besonders:

Piet, Carstens, Vonk, Wagter, Kaapstad, Transvaal, Italië, Tugela, Wemmershoek . . .

Teoreties is 'n eienaam eenmalig; mens- en huisdiernaam is egter lankal nie meer nie; selfs sommige plekname kom reeds meermale voor.

9.4.1.1

Nogtans word eiename meestal **sonder lidwoord** gebruik, en kan glad nie met die onbepaalde lidwoord voorkom nie:

Ek het Piet op straat teëgekom.

As ons sê

Ek het 'n baie moeë Piet op pad teëgekom.

is dit 'n vraag of 'n baie moeë gewoon lidwoord plus bywoord plus attributiewe b.n.w. by *Piet* is; dit is veelmeer 'n tweede predisering in dieselfde sin, só:

Ek het Piet op pad teëgekom (en) hy was baie moeg.

Dit beteken nie dat ek een (van die moontlike verskeie) *Piet* teëgekom het, wat hom van die ander onderskei het deurdat hy *baie moeg* was nie.

Vergelyk daarvoor:

Ek het 'n baie moeë reisiger op pad teëgekom.

Daar is nogtans 'n aantal eiename waarby *die* 'n deel van die naam vorm: *die Paarl, die Kaap, die Baai, die Swartland, die Karoo, die Namib, die Koo, die Oranje-Vrystaat . . .*

Dit geld redelik konsekwent vir eiename wat gebou is uit eienaam plus soortnaam:

die Kaapprovinsie, die Oranjerivier, die Kamiesberge . . .

en word só behou ook waar die soortnaam (veral by riviere) verval:

die Oranje, die Vaal, die Vis . . .

9.4.1.2

Gedagtig daaraan dat eiename in een baie belangrike opsig van gewone taal afwyk, is daar min voorskrifteliks by eiename moontlik. Hulle berus naamlik nie ten opsigte van die verhouding **vorm : betekenis** op 'n onderlinge ooreenkoms binne die taalgemeenskap nie; hulle is arbitrêr gekies deur iemand of 'n groep. Niemand het seggenskap in wat jy jou hond, jou kind, jou plaas, jou hotel wil noem nie. Daarom los die betekenis van die taalteken hom (grotendeels) in die niet op by eiename, en dit bly alleen vir die skryftradisie oor om op 'n skryfwyse te besluit. Die volgende (gebaseer op *Die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* — verskillende uitgawes) is neiginge:

9.4.1.3

Alle Eiename word altyd met 'n hoofletter begin, soos die reeds aangehaalde voorbeelde en

Rusland, China, Ghana, Duits, Engels, Arabies . . .

In Afrikaans skryf ons ook **byvoeglike naamwoorde** wat direk van eiename afgelei is, met hoofletters:

Russies, Chinees, Ghanese . . . en Mosaïese, Malherbiaanse, Leipoldtse, Stalinistiese, Vrystaatse, Westerse, Christelike, Mau-Mau-agtige, Somerset-Wesse, Noord-Tranvaalse . . .

Hoewel die aanduiding vir die **bewoner(s)** van 'n land of 'n ras- of geloof-aanduiding nie 'n egte eienaam is nie — dis 'n soortnaam — word dit ook weens sy verband met die landsnaam of ander eienaam met 'n hoofletter geskryf; dit geld ook vir dorpe/stede:

Duitser, Rhodesiër, Brit, Algeryn, Belg, Ciprioot, Afrikaan, Afrikaner, Suid-Afrikaner, Johannesburger, Kapenaar, Paarliet, Caledonner, Jood, Christen . . .

Werkwoorde wat van eiename afgelei is, daarenteen, word gewoon met klein letters begin:

verengels, amerikaniseer, verfrans, verafrikaans, kersten . . .

en dan daaruit ook voltooide deelwoorde van dié werkwoorde wat dan in adjektiewiese funksie gebruik word:

verengelse, geamerikaniseerde, gekerstende . . .

9.4.1.4.

Waar dit nodig of gebruiklik is om die **soort** by die eienaam aan te dui, skryf ons só:

Vaalrivier, Olifantsrivier; Drakensberge, Langeberge, Groenberg; Theewaterskloofdam, Verwoerddam, Vanrhynveldspas, Montagupas, Houhoekpas; Melkbosstrand, Plettenbergbaai, Setlaarsweg, Hert-zogrylaan . . .

Wellington-stasie, Gansbaaihawe, Koeëlbaaikus, Karoovlakte, Bosveldplantegroei, Kakamasperske, Dutoitspan, Dupisanishoop, Jan Kempdorp, Jan Fourieskraal . . .

As die verhouding anders is, gewoonlik wanneer die eienaam en die soortnaam **mekaar** bepaal, skryf ons só:

die distrik Malmesbury, die gesin Viljoen, die stad Johannesburg, die universiteit Princeton . . .

Laasgenoemde tipe kan ook tot amptelike naam stol, en dan skryf ons die soortnaam ook met 'n hoofletter omdat dit nou deel van die eienaam is:

(die) Hoërskool Tulbagh, Hoër Meisieskool La Rochelle, Hoërskool Carel Theron, Onderwyserskollege Paarl, Hotel Môreson, Huis Jan van Zyl . . .

hoewel dit baie gebeur dat die pleknaam dan adjektiewies gebruik word:

(die) Laingsburgse Hoërskool, die Wellingtonse Onderwyserskollege, die Franschhoekse Koöperasie, Die Stellenboschse Distriksbank . . .

9.4.1.5

Sommige name (wat dikwels 'n amptelike registrasie vereis soos dié van handelsake en ander organisasies met regs persoonlikheid) bestaan uit 'n groep woorde, selfs 'n breë konstruksie. Dan skryf ons soms alle woorde met hoofletters, soos:

Die Burger, Oostelike Provinsie, Suidwes-Afrika, Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensversekeringsmaatskappy, Mediese Navorsingsraad

of by langer name met lidwoorde en voorsetsels daarin word net die "hoofwoorde" met hoofletters geskryf:

Basson se Kontantwinkel, Van Staden se Losieshuis, Verenigde State van Amerika, Republiek van Suid-Afrika, Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde . . .

9.4.1.6

In die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, uitgawe van 1953, was 'n uitgebreide reeks name van lande en volke met afgeleide byvoeglike naamwoorde, waardeur die skryfwyse aangegee is. Dit is nie behou in die uitgawe van 1964 nie, maar ook nie herroep of gewysig nie, en dit kan in die 1953-uitgawe nageslaan word. Veral Afrika-lande se name het sedertdien op groot skaal verander. Daarvoor is 'n taamlik gevestigde gebruik in die Afrikaanstalige koerante neergelê, waaruit dit maklik versamel kan word.

9.4.1.7

Die **reklamewese** oortree soms opsetlik hierdie reëls juis om daardeur die aandag te trek. Vir reklamedoeleindes word selfs eiename van mense en plekke saam met die hele teks met klein letters gedruk.

Ook ander reëls word oortree: samestellings word bv. los van mekaar geskryf.

Die oortreding van spel- en ander skryfreëls is nie (buite die skoolbestel!) strafbaar nie. Soos die ander willekeurige gebruike in die taal wat deel van die aanvaarde tradisie geword het, is dié reëls nietemin net so bindend soos dit wat as "logiese" reëls beskou word. Dit word alleen oortree uit onkunde, wat vergeef kan word; òf uit moedswilligheid, waarmee 'n Engelse denkpatroon of ontoereikende vindingrykheid verdoesel moet word.

Nog 'n aspek is die skryfwyse van die mooi en soms vindingryke huis- en ander name; veral assimilasievorme wat in die skrifbeeld oorgedra word, tref: *Agteribos*, *pakkitin* . . . Maar *opikopi* deug nie; die Afrikaanse spelreëls vereis *oppikoppie*. Daar is géén voorskrif vir die keuse van 'n eienaam nie; wel deeglik vir die skryfwyse: dan mag 'n mens nie misbruik wat die eiendom van 'n hele taalgemeenskap is nie. Dieselfde geld wanneer mense andertalige (Franse!) name vir hulle kinders kies en dit dan nie kan spel nie.

9.4.2 Soortname

Hulle wys 'n voorbeeld van 'n onderskeibare soort uit; deur dié selfstandige naamwoord benoem ons één by wyse van 'n naam vir almal wat tot dié soort hoort:

man, boek, perd, kar, tas, winkel . . .

maar kenmerkend daarvan is juis dit dat deur fleksie 'n meervoud gevorm word wat meer of almal van dié soort aandui:

mans, boeke, perde, karre, tasse, winkels . . .

Noodsaaklikerwys dui alle soortname op telbare sake, en gewoonlik is dié sake sintuiglik waarneembaar. In normale taalgebruik kan 'n enkeling hieruit deur ôf die bepaalde ôf die onbepaalde lidwoord voorafgegaan word; as meer as een genoem word, kom die onbepaalde lidwoord natuurlik nie voor nie (§ 10.2).

Omdat soortname eintlik 'n soort benoem, en daar uiteraard "enger" soorte ondergebring word binne "wyer" soorte, kry ons hier dikwels 'n hiërgargie van soorte:

'n vrug omvat o.a. *sitrus*, wat weer o.a. die *lemoen* insluit, waarby die *nawel* ingereken word. Ook: *dier, voël, hoender, hen . . .*

Soortname waarvan die betekenis so is dat dit 'n versameling (andersbenoemde) sake omvat; is o.a.

gemeente, gehoor (by 'n konsert), komitee, raad (bestaande uit raadslede), bestuur = direksie, leër, regiment, peloton, kolonne, gebergte, vloot, eskader, orkes, gesin, familie, geskal, sarsie, salvo, saluut, bond, federasie, unie, gebit, gedierte, diskoteek, biblioteek, boekery, boskasie, ensiklopedie, bloemlesing, bundel, plantasie, koor, konvooi, bemanning, bevolking, bos = woud, boord, weer-mag, kabinet = ministerie, balie, volk, nywerheid = fabriek, kroos, redaksie, (= redakteur en helpers), argief, parlement, harem, reg-bank . . .

Let Wel! Hulle is in betekenis versamelings (of versamelname), maar morfologies en sintakties soortname.

Wanneer ons (in § 9.5) die verskillende **kategorieë** van die s.n.w. bekyk, sal ons veral met soortname te doen hê. Hulle kom in gewone natuurlike taalgebruik baie voor; in die taal van minder ontwikkelde mense vorm hulle die oorgrote meerderheid van die gebruikte s.nwe.

9.4.3 "Massanaamwoorde"

Teenoor soortname het ons name vir **monsters van grondstowwe, elemente** (in natuurwetenskaplike sin) en **materiale** sowel as vir **abstrakte** (= nie-sintuiglike) begrippe:

wol, silwer, lood, linne, grafiet; natrium, waterstof, uraan; sand, water, sis, hout, nylon, plastiek (= kunshars); vriendskap, vriendelikheid, genade, vervolging . . .; melk, botter, kaas, kos . . .

'n Betekenisgroep wat ook hier hoort, maar wat van die voorgaande daarin verskil dat dié name nie 'n homogene monster verteenwoordig nie maar

juis 'n konglomeraat, 'n heterogene monster, aandui, word verteenwoordig deur o.a.

geld (alle waardes)

vee (waaronder *pluimvee*, *horingvee*, *trekvee* . . .)

wild (vir: wilde diere van die veld)

goed (vir: dinge van allerlei aard)

fauna en *flora*, *folklore*, *Africana*

grofgeskut, *bagasie*, *brandweer*, *takelwerk*, *steierwerk*, *masjinerie*, *huisraad*, (a)*meublement*, *gebroed*, *gespuis*, *skoesisel*, *boksendsais*, *boel*, (eet-/vis-)gerei, *klerasie*, *gereedskap*, *onkruid* . . .

9.4.3.1 Nie-telbaarheid

Die opvallende van hierdie selfstandige naamwoorde is dat hulle sake of toestande benoem wat nie telbaar is nie; hierby is daar nie van een of meer sprake nie: by die sintuiglik waarneembare is ons hoogstens met 'n **monster** besig wat die stof verteenwoordig en waarby die gedagte aan tel nie opkom nie soos by *wol*, *sand* of *water*; anders juis vanweë die heterogene aard moeilik of onmoontlik onderskeidelik noembaar, daarom *wild*, *masjinerie* . . .

Op dieselfde manier is die abstrakte begrippe nie as "enkelinge" onderskeibaar nie; soos *haat*, *beleefdheid* . . . wat slegs uit sekere optredes afleibaar is.

Om dié kenmerk is hulle al as "Massanaamwoorde" onderskei, maar die woord *massa* is nou vir dié doel "verbruik" vanweë sy metriseringstoepassing vir die populêre betekenis "gewig". Ons soek nog 'n goeie naam!

9.4.3.2

Uit die voorgaande spruit die feit dat dié woorde nie met die onbepaalde lidwoord 'n of met bepaalde **telwoorde** gebruik (kan) word nie. Gewoonlik praat ons nie van * 'n sand, 'n ys, 'n silwer, 'n beleefdheid, sewe wild . . . nie, maar:

Hy moet *sand* hê vir die bouwerk.

Daar is *ys* op die dam.

Hy gebruik *silwer* vir versiering.

Ons almal beskou *beleefdheid* as mooi.

Die meeste Karooboere hou *wild* op hulle plase aan.

Hulle word natuurlik vryelik met die bepaalde lidwoord *die* gebruik as na 'n bepaalde monster daarvan verwys word.

Karwei tog *die sand* na die bouverseel toe.

Die silwer is te min vir soveel werk.

Hy het *die beleefdheid* van die seun opgelet.

Hulle het *die wild* na die kamp langsaan gejaag.

9.4.3.3

Hierdie woorde het dus ook nie **meervoudsvorme** nie. Iets soos:

* twee *yse*, 'n paar *silwers*, baie *sande*

bestaan nie, en daar is nie * *huisrade* of * *bagasies* nie.

9.4.3.4

Daar is skynbare afwykings van die nie-voorkoms van 'n en telwoorde of meervoudsvorme:

- A In daardie landstreek is die *waters* dikwels onbruikbaar.
- B Aartappels aard op verskeie *gronde* heeltemal goed.
- C Hy het die *ysters* vir heiningsparre gebruik.
- D Hulle het swaar *hout* vir draagbalke gebruik.
- E Sy het 'n *grenselose liefde* vir haar geboorteplaas.
- F Haar *liefdes* het geeneen lank geduur nie.

Dit is egter duidelik dat met die skuinsgedrukte woorde uitgetree word uit die normale **stofnaam-** of **abstrakte** gebruike: In A en B bedoel ons *soorte water* en *grond* onderskeidelik; in C en D het ons met *stukke yster* of *hout* te doen. In E het ons met 'n **spesifieke monster** van die gevoel (hier van *liefde*) te doen; die byvoeglike naamwoord verrig die bepaling. Hierdie gebruik kom baie voor waar deiktiese bepalers (veral *so*) voorafgaan:

So 'n liefde het niemand nie

So 'n gespuis

Die voorbeeld in F bring ons by **transposisie** binne die gebied van die s.nw.: waar een soort s.nw. oorgaan na 'n ander soort. Hier is *liefde* 'n soortnaam met die baie konkrete, telbare betekenis *mans* in die sin van *eggenote*. 'n Soortgelyke geval is:

G Hy rus in die *koelte* van die aand na die hitte van die dag.

H Hy sit in die *koelte* (= skaduweekol) van die boom.

waar ons in G 'n abstrakte begrip en in H 'n soortnaam het. So verskil ook

I Hy hou van *kaas*.

J Ek het sommer twee hele ronde *kase/kasies* gekoop.

9.4.4 Maatname

'n Aantal woorde wat ons as soortname ken, het die vermoë om met behoud van al hulle vormkenmerke tog in 'n mate hulle gewone betekenis af te skud en 'n maat- of hoeveelheidsaanduidende betekenis aan te neem in 'n konstruksie onmiddellik vóór 'n ander selfstandige naamwoord, iets wat anders nie by soort- en massanaamwoorde moontlik is nie; dan vergroei sulke twee of meer s.nwe. tot 'n samestelling. Maar hier gebeur dit nie: die eerste lid, die **maatnaam**, bly 'n afsonderlike woord, herkenbaar aan die feit dat hy die fleksievorme waaraan hy anders onderhewig is, nog kan kry, soos meervoud en verkleiningsvorme.

Daarmee gaan ook ander sintaktiese verskynsels saam. Hoewel 'n mens wil dink dat die tweede s.nw. eintlik die hoofsaak is in dié konstruksie, is dit tog die maatnaam waarop die voorbepalings slaan:

die twee hope klippe

Hier is daar twee hope, nie twee klippe nie.

Die tweede s.nw. kan net 'n attributiewe bepaling ('n byvoeglike naamwoord) ná die maatnaam as voorbepaling kry:

die klein hople *groot* klippe
maar in konstruksies wat dikwels voorkom, skuif die byvoeglike naam-
woord soms na die “onlogiese” plek vóór die maatnaam:

’n koppie *heerlike* koffie / ’n *heerlike* koppie koffie.

Nabepalings het seker op die hele konstruksie betrekking:

die bottel kitskoffie *op die rak*

tensy dit in betekenis onversoenbaar is:

die groep mans *in uniform*.

Konstruksies wat reeds ’n tradisionele samehang het, word maklik binne
dieselfde konteks deur net die maatnaam verteenwoordig, dus sonder dat
die soort- of massanaam elke keer herhaal hoef te word: in plaas van
telkens van “die swerm bye” te praat, word net “die swerm” genoem. So
ook “die trop (skape), die bende (diewe), ’n baksel (brood) . . .”

Origens is dit ’n taamlik heterogene groep waarby tradisie ’n groot plek
inneem, maar waarby vonkelnuwes vir die behoefte van die oomblik
gemaak word, soms ook in die spontane spreektaal. ’n Mens hoef seker nie
’n indeling te maak nie, maar ’n indeling op grond van sekere semantiese
waardes is tog interessant, en hou ook verband met sekere sintaktiese
kenmerke, hoewel dié grotendeels deurmekaar loop.

- A Soms dien die **houer** as ’n aanduiding van die hoeveelheid; interessant
dat verkleinwoorde teenoor die gewone dikwels ’n duidelike beteke-
nisverskil inhou en op spesifieke houters slaan:

’n *pak* sigarette $\neq$ ’n *pakkie* sigarette. Ander voorbeelde:

baal wol	ketel water
baaltjie tou	kis appels/kissie tamaties
beker water	koppie koffie
blik/blikkie konfyt	’n lepel botter
bord kos	mandjie druiwe
bottel/botteltjie koeldrank	mud koring
emmer water	sak mielies
glas bier	skottel deeg
kan koffie	tolletjie garing
kelkie wyn	vaatjie kruie
	vat wyn

- B Daar is ’n klompie wetenskaplik spesifieke mate wat ook hier gebruik
word, maar almal kom nie in die maatnaamkonstruksie voor nie,
alhoewel daar niks is om dit te verbied nie, en hulle sal seker maklik by
geleentheid so kan optree. Dié wat wel dikwels voorkom, is:

(twee . . .) gram kaliumpermanganaat . . .

(vyf . . .) kilogram suiker . . .

(tien . . .) meter gordynstof . . .

(ses . . .) kilometer bergpad . . .

(een . . .) liter melk . . .

(elf . . .) kiloliter water . . .

Daarnaas is daar 'n aantal tradisioneel vaste mate of eerder **eenhede**:

'n brandsel koffie	twee paar kouse/duiwe
'n bundel gedigte	'n rol materiaal/draad
'n dop wyn	'n rol tabak
tien gerwe hooi	twee skywe waatlemoen
'n kooksel boontjies	'n span tabak
'n laag steenkool	'n string pêrels/breiwol
twee mate meel	

Dit val op dat ons by die presiese mate en ook by *paar* die enkelvoud behou ook as dit deur 'n meervoudige telwoord voorafgegaan word (drie *liter* melk), net soos by die tradisionele (Ou-Kaapse en Engelse) mate: "lêer wyn, halfaam, anker . . . en: duim, voet, myl . . ., pond, ton . . . en pint, gelling . . ." Maar by die vaer eenhede kry ons in dié gebruik meervoude na telwoorde:

twee stringe pêrels.

Hierby hoort ook die klein groepie met *-vol* as ons hulle as taaleenhede beskou: "'n handvol gruis — twee handevol gruis". Ook:

'n mondevol — 'n paar mondevol water

'n armvol — enkele armsvol groenvoer

Vervolgens kan ons 'n taamlike groot getal maatname onderskei wat eerder hoeveelheid- as maataanduidend is. Met sommige hiervan wil die spreker dan juis 'n groot hoeveelheid aandui, met ander 'n besonder klein hoeveelheid — en hier speel verkleinwoorde weer 'n belangrike rol, terwyl 'n derde groep juis vaag is en 'n onbepaalde hoeveelheid aandui.

C By die volgende oorheers die gevoel van **baie**, 'n **groot** hoeveelheid:

'n dam water	'n menigte flaminke
'n homp vleis	'n plaat vygies
'n horde barbare	'n skare mense
'n lap koring	'n stapel briewe
'n massa mense/werk	'n stroom water

As by hierdie gevalle die verkleinwoord optree, hou dit eerstens die gedagte van **klein hoeveelheid** in, maar ook dikwels iets soos beskeidenheid:

dammetjie water, lappie koring, stapeltjie briewe en stroompie water.

By die ander kry ons nie die verkleinwoord nie, maar wel die meervoud met die waarde van "baie-baie":

hompe vleis, hordes barbare, massas werk/mense, skares mense, plate-plate vygies.

D As iemand 'n baie klein hoeveelheid wil aandui, is daar te kies uit 'n interessante reeks maatname wat in ons geskiedenis 'n groot plek inneem, dikwels met die verkleinwoordvorm wat geen gewone vorm as

maatnaam het nie:

'n bietjie rys/liefde
geen draad klere nie
druppel geursel
greintjie waarheid
klontjie suiker
knypie sout
kriesel(tjie) sout

'n lappie koring
lot(jie) ertjies/boontjies
mespunt botter
skeppie nagereg
slukkie brandewyn
stroompie water
syfertjie water

Maar min van hulle word dikwels in die meervoud aangetref hoewel dit nie by hulle grammaties onmoontlik is nie. Miskien sal die kleinheid, die min, dan wegraak!

- E Die volgende is onbepaald ten opsigte van omvang, maar seker ook vatbaar vir individuele opvattinge en houdings. Die meeste kan egter omgestel word om 'n klein hoeveelheid aan te dui deur die verkleiningsvorm:

“'n lys name” kan min of baie wees, maar “'n lysie name” is maar kort.

Ander is:

aantal mense
bondel wasgoed
'n boel snert/vandisieware
bos blomme
groep vriende
'n hap(pie) brood
hoeveelheid goedere
hoop grond/hopie grond
klomp(ie) mense
kolom kwik

kwota druiwe
'n pak(kie) dadels
plas(sie) water
poel(etjie) water
ruiker blomme
'n teug asem
tros druiwe
'n voor(tjie) water
vrag sand

- F Hierdie groep het reeds tradisioneel 'n vaste samehang sodat ons dikwels net die maatnaam sonder soortnaam kan gebruik en tog weet waarvan ons praat, hoewel ons meestal vind dat die soortnaam tog êrens in die konteks voorkom. Voorbeelde is:

'n baksel koekies/brood	'n snoer pêrels
'n battery kanonne	'n span muile/rugbyspelers
'n bende misdadigers	'n stel tande/boeke
'n broeisel eiers	'n stoet Afrikanerbeeste
'n konvooi skepe/vragmotors	'n stoet begrafniskangere
'n kudde skape	'n swerm bye/vinke
'n ploeg arbeiders	'n trop springbokke
'n reeks berge	'n werpsel hondjies/varkies
'n skool vis(se)	

By hierdie tipe konstruksie gaan dit om 'n groep (van die soortnaam) wat as 'n eenheid optree of as eenheid gehanteer word; dit gaan nie om 'n aantal individue waarvan die hoeveelheid aangedui word nie.

- G Gevalle wat ons nouliks as 'n samehangende groep kan sien, is dié waar 'n spreker/skrywer in 'n konstruksie met dieselfde kenmerke die **aard** of voorkoms van iets aandui. Hulle ontstaan dikwels spontaan:

“Soos die blomblare . . . is daardie ligte *snippertjies* kleur *repies* windblare wat oorbly . . .” (Audrey Blignault: *In klein Maat*)

Ander voorbeelde:

'n paar flenters klere slierte hare
repies biltong 'n bank mis/wolke
'n streep miere
“Ek het net 'n *fladdering* rok gesien . . .” (Skoolopstel)

- H Uit 'n gans ander betekenisveld waar maat of hoeveelheid nie ter sake is nie, kry ons 'n gebruik van dieselfde konstruksie; soms met 'n tiperende betekenis in die eerste s.nw., maar ook ander. Dit behels konstruksies soos:

Hy is 'n snaakse *soort* mens. 'n swak *klas* mens
Hulle is 'n snaakse *soort* mens(e). 'n paar *klasse* mense
Jy kry snaakse *soorte* mense op aarde.

Die woord *tipe* word ook so gebruik:

Dit is 'n vreemde *tipe* samestelling.
Daarmee het jy vreemde *tipes* samestelling(s).

Ander voorbeelde:

Hy het 'n mooi *versameling* seëls.
Dit was 'n interessante *reeks* gebeurtenisse.
Jy kry daar 'n groot *verskeidenheid* blomme.

In hierdie groep is dit nie ongewoon om twee maatname langs mekaar saam met die soortnaam te vind nie:

'n *paar tipes* insekte
'n *verskeidenheid soorte* voëls

Die woord *stuk* word in so 'n konstruksie met twee s.nwe. langs mekaar gevind in 'n besondere gebruik: dit dien om nie-telbare sake “op te breek” vir klassifisering:

“'n magtige *stuk* klip” (André P. Brink)
'n groot *stuk* grond
'n klein *stukkies* materiaal
'n netjiese *stuk* werk

en selfs by telbare sake wat soos massaname optree:

(’n) honderd *stuks* vee.

Hierdie maatname kom met soortname in alles ooreen behalwe dat hulle voor 'n ander s.nw. as selfstandige woord kan voorkom. Daarnaas gebeur dit dikwels dat hulle met die ander s.nw. as eerste lid 'n samestelling vorm en dan gewoon soortnaam word. Soms behou die samestelling die maat- of hoeveelheidsidentiteit:

'n byeswerm, 'n motorstoet, 'n waterplas, 'n druiwetros . . .
maar soms verander dit die hele betekenisbou sodat die samestelling iets

totaal anders is, veral by die “houers” wat maat aandui:

’n koffiekoppie, ’n wynkelkie, ’n waterremmer, ’n garingtolletjie

. . .

9.4.5 “Funksionele” selfstandige naamwoorde

In §9.1.1 het ons daarop gewys dat baie gevalle voorkom waar ’n woord (naas die aanhalingsgeval) as ’n onderwerp of voorwerp gebruik word hoewel dit eintlik tot ’n ander woordklas behoort, soos

Vra is vry.

Lui is vir hom nie ’n naam nie.

Sulke woorde kan nie onder een van die vier genoemde (of enige van die tradisionele) soorte s.nw. tuisgebring word nie; hulle ondergaan geen van die morfologiese wysigings van die s.nw. nie; het niks van die groeppvormingskenmerke van die s.nw. nie, en val ook nie in die betekenisgroepe van die s.nw. nie. Ons noem hulle dus selfstandige naamwoorde bloot omdat hulle een van die funksies van die s.nw. verrig, maar hulle vorm ’n vyfde, naamlose soort s.nw.

Opmerking:

Die s.nw. is ’n **ope** woordklas; die soorte is ook ope. ’n Bepaalde woord word benoem op grond van sy gebruik in die besondere geval. Dié gebruikte wissel as gevolg van transposisie sowel as van homonimie:

Die *bestuur* het nou die datumlys gefinaliseer. (Soortnaam)

Die *bestuur* van so ’n onderneming vereis wye ervaring. (Funksioneel)

Sy is bang om alleen deur die *bos* te loop. (Soortnaam)

Sy is hoog ingenome met die *bos* blomme. (Maatnaam)

In sulke gevalle het ons met homonieme te doen.

Hy het die *koppie* laat val. (Soortnaam)

Hy het die *koppie* koffie geniet. (Maatnaam)

Hier is *koppie* uit een groep na die ander oorgedra.

9.5.Kategorieë van die selfstandige naamwoord

Soos in die verwante tale toon die Afrikaanse selfstandige naamwoord ook kategoriele verskille wat met morfologiese verskille saamgaan. Die besonderhede van die morfologiese verskille word in die hoofstuk oor **morfologie** behandel; hier behandel ons net die grammatiese betekenis en enkele sintaktiese kenmerke van die vormkategorieë.

9.5.1 *Getal* (Vir morfologie kyk § 16.1.2)

Afrikaans het (soos sy verwante) ’n **tweeledige getalsisteem**: die meeste selfstandige naamwoorde kan in betekenis òf **enkelvoud** (ekv.) wees òf **meervoud** (mv.). Die tipies Afrikaanse fleksie bestaan daarin dat die meervoud van die enkelvoud gevorm word deur die toevoeging van die postmorfeem /ə/ of /s/:

stoel – *stoel*e . . .

tafel – *tafel*s . . . (Sien § 16.1.2 onder morfologie.)

Enkele ontleninge, veral uit die klassieke tale, het egter hulle vreemde meervoudsvorme behou naas (soms) 'n Afrikaanse:

museum – *museums/musea* . . .

Enkele woorde waarvan die skrifbeeld toevallig eenders lyk, die sg. homografe of heteronieme, het ook verskillende meervoudsvorme:

kopie: Die tikster het twee *kopieë* daarvan gemaak. /ko'pi/

kopie: Ek was baie bly oor my voordelige *kopies*. /'ko:pi/

gesel: Vandag is *gesels* as strafuie verbode. /'xe:səls/

gesel: Hy het sy *geselle* later verlaat. /xə'sələ/

'n Groep homonieme toon verskil in die meervoudsvorm:

skof: Die trekkers het selde twee *skofte* per dag afgelê.

skof: Hulle was bang die osse se *skowwe* word seer.

In dié verband moet gewys word op die tipe homonieme soos *hoop*. Let op:

'n *hoop* rommel — *hope* rommel (waar *hoop* maatnaam is)

op 'n *hoop* lê — op *hope* lê (waar *hoop* soortnaam is)

die *hoop* koester (waar *hoop* 'n abstrakte **meervoudlose** begrip, 'n massanaam, is).

Hier is *verwagtinge* nie 'n meervoud(svorm) van *hoop* nie. Semanties is daar tussen *hoop* en *verwagting* 'n verband (sinonieme), soos ook tussen *verwagting* en *vertroue* en dus ook *hoop*; maar grammaties is hulle aparte woorde en die meervoudsvorm *verwagtinge* hoort by *verwagting*, nie by *hoop* nie. Om hier van “geleende meervoude” te praat, verhelp dit nie; die verwantskap lê op die vlak van die semantiek, nie van die morfologie of die sintaksis nie.

9.5.1.1

Die korrelasie enkelvoud — meervoud kom nie by alle s.nwe. voor nie. By die **eiename** en die **nie-telbare begrippe** kry ons nie meervoude nie (§ 9.4.1 en § 9.4.3) en natuurlik ook nie by dié woorde wat bloot funksioneel s.nw. is nie.

Maar daar is wel sekere eiename wat meermale voorkom:

In ons klas is drie *Piete/Annas/Smitte*.

Deesdae is byna alle honde *Lassies*.

Op elke dorp is daar 'n paar *Avond Ruste*.

Ons kry ook 'n gebruik van 'n eienaam om die kenmerk(e) van die bekendste draer van dié naam te benoem, as stylfiguur, soms in die meervoudsvorm:

Elke volk eer sy *Shakespeares/Rembrandts*.

Of dit hier nog eienaam is, is 'n vraag; ek meen egter wel so.

Anders is dit met eiename wat oorgegaan het op die soort (wat met die oorspronklike draer in verband staan); hulle word soortnaam en met 'n klein letter begin:

Ek ry met ('n) *diesel*/ . . . net met *diesels*.

Daar is 'n tussenstadium waar die eienaam weliswaar reeds 'n soort benoem, maar slegs 'n beperkte “soort van 'n soort”, gewoonlik sy

Hulle het sonder 'n droë draad aan hulle *lyf* tuisgekom.

Kinders se *oë* is dikwels groter as hulle *maag*.

Hulle is daarvóór met *hart* en *siel*.

Die skynbare ongerymdheid spruit daaruit dat Afrikaans (en Engels) by dié soort uitdrukking waar liggaamsdele ter sprake is, die besitlike voor-naamwoord (*hulle* kop) gebruik, terwyl die verwante tale daar slegs die bepaalde lidwoord gebruik (soos: ons het op *die maag* gelê). Die hele uitdrukking het 'n konvensionele betekenis: op *sy/die maag lê* beteken nl. op 'n sekere manier lê, met jou voorkant (maagkant) na onder. Dit beteken totaal iets anders as: My seuntjie lê op my maag. ≠ Ons kindertjies lê op ons mae. Ons het nog dikwels die bepaalde lidwoord in sulke uitdrukkinge:

Die baba lê met *die* duim in *die* mond.

≠ Die babas lê met *die/hulle* duim in *die/hulle* mond.

Derdens gebruik ons 'n enkelvoud in 'n meervoudskonteks waar die gebruik van die meervoudsvorm ('n mate van) dubbelsinnigheid sal inhou:

Baie mense het vandag reeds 'n *strandhuis*. (waar *strandhuise* dalk kan beteken dat elkeen meer as een strandhuis het.)

en in Die Burger, 14.10.1972:

“Weliswaar is daar mans wat al ondanks hul *vrou* uitgestyg het, maar baie meer is daar wat hul welslae in die eerste plaas aan *hul vrou* te danke het en sonder *haar* aanmoediging en daadwerklike steun geen tree sou gevorder het nie.”

In dieselfde stuk en om dieselfde rede kry ons weer 'n meervoud langs 'n enkelvoudige voornaamwoord:

“... daarom is dit ook nodig dat ons ons af en toe rekenskap sal gee van wat *die volk* aan *sy vrou* het ...”.

9.5.1.3 Meervoudsvorm sonder enkelvoudkorrelate

'n Klompie woorde het 'n vorm wat ons met 'n meervoudsvorm verbind hoewel dit op 'n enkelvoud slaan. Veral sekere “populêre” siektename val hieronder:

masels, pampoentjies, pokke, pokkies, stuipe . . .

Vir sommige is daar 'n homoniem wat ook 'n enkelvoud het, soos die groentesoort: pampoentjie — pampoentjies.

Ander is;

bakkies (= *gesig*), *harsings*, *hurke*, *annale*, *kruie*, *klere*, *maniere*, *medisyne*, *sinkings*, *reisies*, *fiemies*, *pluiings*, *toiings*, *notule*, *ingewande*

. . .

Opmerking:

In dié verband wys ons op die verkeerde navolging van 'n tipies Engelse struktuur wat 'n meervoud gebruik waar 'n enkelvoud bedoel word soos “Union Buildings” . . . Baie gebruiklik is dié soort Anglisme vir die volgende (korrekte) vorme:

Bolandgebou, *-waterval*, *-grot*, *argief*, *statistiek*, *bril*, *broek*, *hoofkwartier*, *vuurwerk*, *sportgrond* en *skoolgrond*, *uitslag* (van 'n eksamen)

. . .

9.5.2 Verkleinwoorde

Die selfstandige naamwoord kan deur vormverandering die begrip “kleinheid” by die leksikale betekenis van die woord toevoeg. Daarvoor word die postmorfeme /i/-ie, /pi/-pie en /ci/-t(d)jie en variante in verskeie realiseringsgebruik (kyk onder morfologie § 16.2.2):

<i>boek</i> – <i>boekie</i>	<i>heining</i> – <i>heininkie</i>
<i>dame</i> – <i>dametjie</i>	<i>kan</i> – <i>kannetjie</i>
<i>hand</i> – <i>handjie</i>	<i>kat</i> – <i>katjie</i>
<i>boom</i> – <i>boompie</i>	<i>ding</i> – <i>dingetjie</i>

Dit is ’n kenmerk van Afrikaans dat dit in gewone taalgebruik baie meer en meer dikwels verkleinwoorde gebruik as sy nabye verwante, in so ’n mate dat alle soorte s.nwe. deel aan hierdie morfologiese kategorie het.

Die verkleinwoordvorm word egter vir baie ander betekenis, eerder houdings (= attitudes), dus met ander **gevoelswaardes**, as net vir verkleining gebruik, o.a. vir:

1. Liefde en vertroeteling; veral by aanspreekvorme binne ’n gesin soos:
liefie, hartjie, skattie, my kindjie, mamsie . . .
of soos in:
My tuintjie gee my baie plesier.
“ . . . staan my huisie nog en wag vir my . . . ”
My ou Fordjie het my nog nie in die steek gelaat nie.
2. Beskeidenheid en opsetlike verkleining, ’n vorm van litotes, soos in:
Ons strewetjies en wensies is almal vir Hom bekend.
Op my plasie het ek nog altyd ’n bestaan gemaak.
My geldjies het nooit vanself aangestap gekom nie.
(En dan kan lg. twee aan ’n grondbaron en ’n miljoenêr onderskeidelik behoort!)
3. Gemoedelikheid en behaaglikheid wat spreek uit die verkleining soos in:
Die sonnetjie is hier lekker warm.
As die reëntjie so sif, kry die boer se hart lekker.
’n Mens moet ook vir klein genadetjies dankbaar wees.
. . . oor koeitjies en kalfies praat . . .
4. ’n Soort verdoeseling, vergoeliking van wat anders hoogs onaangenaam kan wees:
“As die reëntjie en die windjie saamspan om deur jou dun hempie te sny, dan word ’n wintertjie lank, Boeta, lank.”
5. Neerhaling en minagting:
Ek laat my van so ’n klerkie nie rondstoot nie.
So ’n egoïs se liefdetjie vir ’n ander sal maar min wees.
6. Onderskeiding in betekenis in enkele gevalle, soos:
kop teenoor *koppie*, elk met verskeie betekenis;
neef meestal vir jou oom/tante se seun,
nefie vir jou broer/suster se seun;
pak = las, teenoor *pakkie* = pakket

kuil = watergat, teenoor *kuiltjie(s)* = holtetjie in die wang of ken

...
In aansluiting by hierdie gevoelswaardes wat die Afrikaanse verkleinwoordvorm kan dra, moet ons oplet na die dubbele verkleiningsvorme wat soms voorkom, veral vir vertroeteling:

Kyk sy mooi *ogietjies*!

'n Dun *stroompietjie* water gly tussen die varings deur.

Daar is genoem dat alle soorte s.nwe. verkleinwoordvorme kan kry. In baie gevalle kom dit voor dat 'n woord waarvoor geen meervoudvorm bestaan nie, wel 'n meervoudvorm by die verkleinwoord kry; daarmee gaan ook dikwels 'n betekenisverskuiwing saam — gewoonlik tot soortnaam:

Haar *lag* bring sonskyn. ≠ Haar *laggie* bring sonskyn. ≠ Haar *laggies* (= elke keer dat sy lag) bring sonskyn.

Hy speel met die *sand*. ≠ Hy speel met die *sandjies*.

Die *water/watertjies* spat oor die klippe.

geld – *geldjie* – *geldjies*

Sy *geduld/geduldjie/geduldjies* is maar min.

Veel van die Afrikaanse gebruik van verkleinwoordvorme lê buite die grammatika op die gebied van die prosodie. Só is dit nie as vormkategorie tot die s.nw. beperk nie; dit kom by nagenoeg enige woordklas voor: vgl. Leipoldt se "... wil vir *hompie* 'n speelmaatjie soek ..." en die liedjie "... van *ditjies* en *datjies* en wie weet *watjies* ..."

met die sprekendste van almal Langenhoven se "Liefdes Onsin" (*Ons Weg deur die Wêreld II*) met iets soos:

"Onskuldig ogies en voetjies en handetjies!

Wie weet hoe vër moet my kleintie nog ganetjies,

Ver deur die wêreld se kronkels en ganetjies!

Bly tog maar kleintjies en bly dit maar langetjies."

9.5.3 Geslag (Vir morfologie kyk § 16.2.1)

In Afrikaans is geslag nie 'n grammatiese begrip (soos in Latyn, Frans, Italiaans en Duits bv.) nie; dit is bloot 'n biologiese begrip. Tot watter geslag 'n sekere iets behoort, het geen uitwerking op die grammatika nie; die s.nwe. vorm 'n paradigma solank hulle semanties versoenbaar is:

Ek het die *man/vrou/kind/boek* gesien.

Biologies maak ons ten opsigte van geslag 'n vierledige onderskeiding:

gemeenslagtig: mens, bees, perd, leeu, hoender . . .

manlik: man, bul, hings, leemannetjie, haan . . .

vroulik: vrou, koei, merrie, leeuwyfie, hen . . .

onsydig: boek, tafel, mes, sand, bord . . .

Die enigste belang wat die geslag vir die grammatika het, hang met twee korrelasies saam:

- A Dat daar by 'n betreklik klein getal woorde 'n morfologiese verskil bestaan tussen die s.nwe. vir die manlike en die vroulike onderskeidelik, en

B dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die biologiese geslag van die iets wat deur die s.nw. benoem word en die voornaamwoord wat dié s.nw. vervang.

Die morfologie van die korrelasie manlik $\neq$ vroulik (en $\neq$ gemeenslagtig) word in § 16.2.1 behandel.

9.5.3.1 Korrelasie s.nw. $\neq$ vnw. ten opsigte van geslag

Ons weet dat 'n manlike selfstandige naamwoord deur *hy* en *hom* en *sy* vervang word, die vroulik deur *sy* en *haar* en die onsydig deur *dit* en *sy*.

Die man weet dat *hy hom* nie oor *sy* toekoms hoef te bekommer nie.

Die vrou weet dat *sy haar* nie oor *haar*

Die oop bottel laat die bensien verdamp; *dit* moet liever *sy* prop kry. Daar is ook 'n verskil by die gebruik van vraende en betreklike voornaamwoorde tussen die onsydige enersyds en die manlike en vroulike andersyds (sien § 13.6 en § 13.7):

Wie loop daar? *Wat* het jy in jou hand?

Die man/vrou *wie se* motor gestamp is, maar: Die boom *waarvan* die tak

9.5.3.2

Die manlike woord sluit die vroulike in wanneer daar nie 'n gemeenslagtige woord vir die begrip is nie en iemand veralgemeen. Dus, as iemand wil sê dat "seuns en dogters betyds vir die skool moet wees", kan hy korter praat en sê dat "kinders betyds moet wees", want *kinders* is gemeenslagtig vir *seuns* en *dogters*. Dit is nie nodig om die geslagte wat 'n rugbywedstryd bywoon apart te noem nie, want *toeskouers* is 'n gemeenslagtige begrip. Maar wanneer iemand sê dat "*onderwysers* se salarisse" aangepas gaan word, geld dit nie net vir die *onderwysers* nie maar ook vir die *onderwyseresse*. *Tennisspelers* is nie net mans nie, maar ook dames. Alleen as dit die bedoeling is om te onderskei, word dit nodig om die vroulike woord te gebruik:

"In die primêre skole dien baie meer *onderwyseresse* as *onderwysers*."

Nederlands onderskei graag die vroulike lede van beroepe (gewoonlik met behulp van agtervoegsels by die manlike woord), maar in Afrikaans het ons dié neiging grotendeels verloor. As ons van 'n *advokaat*, *prokureur*, *rektor*, *student* . . . praat, praat ons van sowel mans as dames.

Miskien het ons saamleef met Engels daartoe gehelp, want Engels het in dié soort geval lank reeds nie meer die skeiding nie; vergelyk die Engelse gesukkel met "boy friend" en "girl friend" waar ons die gerief van *vriend* en *vriendin* het (op 'n gebied waar ons graag onderskei!) (Histories gesien het dié verskynsel reeds die verandering in betekenis by 'n paar woorde veroorsaak: bok, wolf, hond e.a. wat vroeër net vir die manlik gebruik is. Die "emansipasie van die vrou" of "Engelse invloed op Afrikaans" is dus nie afdoende verklaring nie.)

Die manlike voornaamwoord moenie vir die vroulike gebruik word nie. As seldsame streektaalverskynsel en meer dikwels in individuele taalgebruik

kom dit voor dat na 'n meisie, veral dogtertjies, as *hy*, *hom* en *sy hare* (bv.) verwys word:

Ek hou nie van Miemie nie; *hy* wil mos al *sy* mening op jou afdruk en dan moet jy *hom* glo.

Dit is nie aanvaarbaar nie; dit is ongrammaties (en plat!)

In enkele gevalle word by die plaasdiere soos die *bees* en *hoenders* soms na *koei* en *hen* met *hy/hom* verwys:

Die *koei/hen* loop in die tuin; jaag *hom* uit!

waar ons *haar* sou verwag. Dit sal nooit gebeur as ons i.p.v. *koei* of *hen* van iets soos *merrie* of *sog* praat nie. Waarskynlik, vanweë die oorwig aan vroulike diere by beeste en hoenders, word *koei* en *hen* maklik vir die diersoort *bees* of *hoender*, gemeenslagtig dus, gebruik; vandaar die manlike voornaamwoord. Dit bly egter substandaard en ongrammaties.

9.5.3.3 *Personifikasie by onsydiges*

In alle tale, dus ook in Afrikaans, verpersoonlik ons onsydige dinge o.a. deur aan hulle geslag toe te ken (maar ook op ander maniere); dit noem ons **personifikasie**. In Afrikaans **vermanlik** ons dikwels:

Die hek staan oop; maak *hom* toe. (i.p.v. *dit*)

Bring my tas saam, asseblief! *Hy* staan by die deur.

Opmerking:

A Geen Afrikaanssprekende sal bv. ooit sê:

Die hek staan oop; maak *haar* toe.

nie. Tog hoor ons dikwels:

Engeland kry dit moeilik; *sy* moet *haar* by nuwe omstandighede aanpas.

Ek wil my motortjie nie nou al verkoop nie; *sy* lewer nog uitstekende diens.

Die verklaring is: Engels hou nog taamlik streng by die tradisionele **grammatiese** geslag in die gebruik van persoonlike en besitlike voornaamwoorde:

He/him/his/ vir manlik, *she/her* vir vroulik en *it/its* vir onsydig, bo-oor die biologiese geslag heen, bv.:

The **boy** learns *his* lessons.

The **girl** learns *her* lessons.

The **child** learns *its* lessons. (want *child* was in ouer Engelse taal-vorme 'n onsydige s.nw.)

Dus ook: The gate is open; close *it* please. en nóóit *him* of *her* nie.

Slegs vier gevalle, vandag miskien vyf, word tot die vroulike verpersoonlik: lande, skepe, treine, motors en soms vliegtuie.

Nou vervroulik sommige Afrikaanssprekendes dieselfde dinge op die Engelse patroon en kry ons die lelike Anglisismes:

* Engeland moet *haar* by nuwe omstandighede aanpas. (i.p.v. *hom*)

* Die Boeing gly tot stilstand; *sy* lyk soos 'n meeu wat gaan sit. (i.p.v. *hy*, *dit*)

- * My motor gedra *haar* nog goed. (i.p.v. *hom*)
- * 'n Lokomotief bekoor my; sy straal krag uit. (i.p.v. *hy* of *dit*)
- * As die skip die hawe binnevaar, kan ek my aan *haar* verkyk. (i.p.v. *daaraan*, *hom*)

Opmerking:

B As mense (veral predikante) sê:

Ons steun die Kerk en al *haar* belange.

. . . . die *gemeente* en al *haar* werksaamhede.

is dit nie onder Engelse nie, maar wel Nederlandse invloed waar beide *kerk* en *gemeente* vroeër grammaties vroulik was en dus deur 'n vroulike voornaamwoord vervang is. Tans is bostaande soort sin foutiewe Afrikaans; ons het geen spoor van grammatiese geslag oorgehou nie, behalwe hierdie ietwat kunsmatige, miskien hiperkorrekte, oorblyfsels.

9.5.4 "Naamval (of Casus)"

Naamval (Latyn *casus*, Engels *case*, Duits *Fall*) is die verskynsel dat in sommige tale (Latyn, Duits . . .) die selfstandige naamwoord geflekteer (verbuig) word volgens die funksie wat dit in die sin verrig, d.w.s. dit ondergaan vormveranderinge na gelang van die sinsdeel wat dit vorm. Trouens, in die vroegste (Griekse) definisies vir die (selfstandige) naamwoord is die feit dat dit "vir naamval geflekteer word" hoofsaak. Moderne Nederlands en Engels het nog spore daarvan, veral vir die besittersfunksie; die Afrikaanse s.nw. het daarvan niks meer oor nie, met die volgende voorbehoude:

9.5.4.1 *Besitter*

'n Naamwoord, die s.nw. ingesluit, wat as besitter optree, het of *se* of *s'n* as supplement, na gelang van sy funksie. (§ 9.1.4) Aan die vorm van die s.nw. self verander daar egter niks nie:

Ek vind *die seun se* werk mooier as *die dogter s'n*.

In lewende Afrikaans toon die selfstandige naamwoord géén naamvals-vorme nie.

9.5.4.2 *Taalfossiele*

'n Beperkte getal geykte uitdrukkings (d.w.s. uitdrukkings wat ten opsigte van vorm en betekenis onveranderlik is) bestaan in Afrikaans in 'n vorm wat hulle dadelik laat uitken as nie "normaal" nie, omdat hulle as deel van die Nederlandse idioom oorgeneem is, meestal uit 'n Bybelse konteks maar ook andersins:

<i>koninkryk der hemele</i>	<i>in der minne skik</i>
<i>brood der smarte</i>	<i>'n stem des roepende(n)</i>
<i>'n engel des ligs</i>	<i>die week des gebeds</i>
<i>'n kind des doods</i>	<i>'n kweeling des geestes</i>
<i>'n steen des aanstoots</i>	<i>in die sweet des aanskyns</i>

Al die gevalle met *des* + *-s* is ou Nederlandse genitiewe (besittersnaamval) by manlike of onsydige woorde in die ekv.; *der hemele/smarke* is meervoudsgenitiewe en *der minne* 'n datief vroulik ná die voorsetsel *in*. Ons noem hulle **taalfossiele**; hulle is immers gefossileer ten opsigte van vorm en betekenis.

Daar is nog heelwat ander taalfossiele, die meeste waarvan slegs aan die vorme van lidwoorde (*de, der, den, des* en *het*) en die aanwysende voor-naamwoorde (*die, der-, des-, dier, dien*), en aan die uitgang van die b.nw. met *-er* en *-en* te herken is:

<i>dergelik</i>	<i>derhalwe</i>	<i>derwaarts</i>	<i>des te (beter)</i>
<i>desbetreffend</i>	<i>desgelyks</i>	<i>desnieteenstaande</i>	<i>desnoods</i>
<i>desondanks</i>	<i>des te meer</i>	<i>destyds</i>	<i>desverkiekend</i>
<i>te dien einde</i>	<i>in dier voege</i>	<i>dientengevolge</i>	
<i>dienooreenkomstig</i>		<i>met dien verstande</i>	
<i>mans genoeg</i>			

Ander word deur die saamgetrekte voorsetsel (*te*) en datiefvorm van die lidwoord (*der* en *den*) as *ter* en *ten* voorafgegaan soos

ter verdediging . . . en; *ten dele* . . .

Laasgenoemde twee groepe is nog baie lewend in Afrikaans; dié met *ter* en *ten* selfs effens produktief. Maar die eersgenoemde groep is meestal dood; sommige kom nog seldsaam by ouer taatgebruikers voor. (Myns insiens het dit tyd geword dat skoolsillabusse en skoolhandboeke dié gevalle met *rus* moet laat in die graf.)

Opmerking:

Gevalle soos *wie de duiwel, de josie in, wat de drommel* (wat gewoonlik hierby gegroepeer word) is nie taalfossiele nie. Hulle is klemvorme in emosionele taal waarvan allerlei nog gemaak word in lewende Afrikaans, maar wat buite die grammatika in die gebied van die prosodie lê.

9.6 Sintagmatiese verhoudings by die s.nw.

9.6.1 S.nw + s.nw.

Hoewel die s.nw. groot groeppvormingsvermoë het, kan dit nie eintlik (soos die ww., b.nw. en bw. veral) reekse vorm waarin daar 'n onbepaalde getal s.nwe. op mekaar volg nie, tensy dit 'n **opnoemreeks** vorm, soos:

In dié kamertjie is daar *gereedskap, hout, voer, kissies* en allerlei rommel.

Daar is egter drie gevalle waar twee en soms meer selfstandige naamwoorde op mekaar kan volg:

1. Soortnaam – eiennaam

Waar 'n soortnaam vóór 'n eiennaam gebruik word en 'n soort bepalende waarde het, kry ons gevalle soos

Die *gesin Viljoen* is weg strand toe.

Landdros Hoffmann lewer vandag uitspraak.

In die *Hotel Môreson* kry jy goeie bediening.

Die meeste mensname het natuurlik meer as een lid: *Jan Smit* . . .

2. *Maatnaam – Soortnaam*

Hierna het ons ook reeds verwys; dit is die kenmerkende van die hoeveelheidsaanduidende s.nwe.:

Daar was 'n *klomp mense* op die strand.

In die bosse is 'n groot *aantal soorte slingerplante*.

3. *Samestellings*

Wanneer twee (of meer) s.nwe. saam 'n nuwe kompleks vorm as hulle by mekaar gebruik word, word hulle as een woord gesê en geskryf (sien **morfologie**):

Hy môes die *tafelblad* skoon skuur.

9.6.2 *Die s.nw. sonder lidwoord*

In 'n groep verwante gebruike kry die Afrikaanse s.nw. (soos in Nederlands en Duits, maar anders as in Engels) nie 'n lidwoord nie. Die gebruike staan om die groepbetekenis **hoedanigheid, professie, met die kenmerke van**:

My vriend is *prokureur/advokaat/professor* . . .

Hy leer vir *onderwyser/predikant/dokter* . . .

Ek het as *kind* graag roomys geëet. (Toon v.d. Heever se “. . . waar 'k kleiosse gemaak het as 'n kind . . .” is Anglisisties.)

Ons respekteer hom as *hoof*.

Hy behoort as *vriend* hom te waarsku.

“As jy *Christen* is, gaan jy op jou knieë . . . (Radio S.A.: Dr. M. Janson)

“Dit is wat van 'n man *man* maak . . .”

“só moet 'n beitel slaan

wat *beitel* is, of hóé?” (N.P. v. W. Louw)

Hy is *mossie* maar *man*.

Soveel tale soos jy kan, soveel male is jy *man*.

Sy is *vrou* en *moeder*.

Swaarkry het van hom *mens* gemaak.

Vir ander tipes sien §10.3.

9.6.3 *Die s.nw. en konvensionele betekenis*

Ons weet dat die s.nw. in baie funksies in die sin voorkom. Mettertyd het die s.nw. in baie sintagmas gestol in dié sin dat 'n deel van die konstruksie (soms een woord in die konstruksie) uit gebruik geraak het in die meeste (of alle) ander gevalle, maar net in een vaste konstruksie saam met die s.nw. in 'n sekere betekenis behoue gebly het.

9.6.3.1 *Werkwoord + s.nw.*

In sommige gevalle het 'n sekere s.nw. “vasgegroeï” aan 'n sekere ww., sodat dit altyd net as direkte voorwerp van dié ww. optree omdat die keuse van dié voorwerp die gebruik van dié ww. determineer. Sulke gevalle kry ons in:

Hy *koester* 'n *wrok* teen sy buurman.

Ons *beraam* 'n *plan* om die taak te volbring.

Hier volg so 'n lysie (in die vorm : 'n *wrok koester*) in alfabetiese volgorde volgens die s.nw.:

ag slaan (op)	'n ooreenkoms opsê
agterdog koester	oorlog verklaar
agterdog wek	oorlog voer
bande smee	opspraak (ver-)wek
belofte nakom/hou	(sy) opwagting maak
besware opper	+ die perke oorskry
bloed vergiet	+ 'n plan opstel
boete betaal	'n plan beraam
boete doen	'n pleidooi lewer
'n bydrae lewer	plig nakom
+ drifte botvier	plig versuim
geheim bewaar	pogings aanwend
geheim verklap	'n proklamasie uitvaardig
die gelag betaal	protes aanteken
gemoedere kalmeer	pyn verduur
gemoedere opswEEP	rekenings vereffen/betaal
genoeë neem (met)	reklame maak
geskil bylê	repliek lewer
gevaar trotseer	+ 'n rol speel
'n (groot) bedrag in	+ 'n rol vertolk
guns bewys	+ 'n rooster opstel
'n heildronk instel	skade berokken
hoogty vier	'n skip kelder
die hoop koester	skuld delg
hulde bring	skuld vereffen
'n huwelik voltrek	sorg baar
die inisiatief neem	'n stel aftrap
invloed uitoefen	'n sug slaak
kommentaar lewer	die swye bewaar
die kroon span	die swye oplê
'n leemte (aan)vul	toegang verleen
die lendene omgord	die toon aangee
'n lied aanhef	tred hou (met)
lof betuig	troubreuk pleeg
luste botvier	'n twis besleg
maatreëls tref	uitspraak voorbehou
moeite doen	uitvoering gee (aan)
jou die moeite getroos	vandalisme pleeg
die moeite loon	verbeterings aanbring
+ 'n naam skrap	+ 'n vergelyk tref
onderhandelings aanknoop	'n vertoning lewer
ongerief verduur	voldoening smaak
ontsag inboesem	+ vonnis vel
+ 'n oordeel vel	vonnis voltrek

'n ooreenkoms aangaan
+ 'n ooreenkoms tref

'n wrok koester

Opmerking:

Verwarring as gevolg van vormooreenkomste veroorsaak soms foute in die gebruik. Die volgende verdien aandag:

Botvier is oorganklik en word sonder *laat* gebruik:

Die ongebalanseerde man *botvier* sy drifte.

Skrap beteken "verwyder"; *skraap* beteken "met 'n instrument ruwigheid afkrap"; dus:

'n naam van 'n lys *skrap*

'n pad, afval *skraap*

Vel is afgelei van *val* met die betekenis "laat val"; dus:

'n boom *vel* (= laat val, afkap) en by oordrag "'n vonnis, 'n oordeel vel"; maar "felle sonskyn, 'n felle slag".

Oorskry hang saam met "skrede" (= tree); dus:

die perk(e) *oorskry* = die grens oortree.

Skrei hang saam met "skree"; dus:

"Die onreg *skrei* ten hemele."

Ons *stel* 'n plan of 'n rooster *op*; "optrek" in hierdie verband is 'n Anglisisme uit die Engels: "to draw up a plan".

As iemand 'n (belangrike) plek in 'n sekere bestel het, *speel* hy daarin 'n (belangrike) *rol*. As iemand sy interpretasie gee van iemand anders, 'n persoon in 'n drama bv., se optrede, *vertolk* hy daardie persoon se *rol*. Dus sal 'n toneelspeeler 'n *rol* in 'n toneelstuk *vertolk*, maar die eerste minister *speel* 'n belangrik *rol* in sy land.

Wanneer strydende partye tot 'n ooreenkoms geraak, *tref* hulle 'n *vergelyk* en die stryd is verby. Wanneer jy dinge met mekaar vergelyk en dan gewoonlik veral op die verskille let, *trek* of *maak* jy 'n *vergelyking*.

9.6.3.2 *B.nw.* + *s.nw.*

Op soortgelyke wyse het sekere byvoeglike naamwoorde hulle gaan voeg by 'n sekere *s.nw.*:

die *dynserige lug*

'n *dawerende toejuiging*

In hierdie gevalle, veral waar daar 'n groot vormooreenkoms bestaan, vind 'n sekere "oorloop" plaas wat selfs in woordeboeke opgeneem word, soms op grond daarvan dat so 'n (nie-konvensionele) gebruik miskien oordrag inhou (soos by: 'n *weelderige* plantegroei i.p.v. *welige*). Andersins is dit 'n fout, want elke woord het ook hier sy betekenis wat met dié van sy bure versoenbaar moet wees.

Nog voorbeelde is:

'n klerklike werk/betrekking

'n klerikale amp (wat dus met die *kerk* te doen het)

'n weldadige reëntjie

'n gewelddadige optrede/dood

en:

anonieme brief ≠ unanieme besluit
aanvegbare stelling
'n batige saldo
blakende gesondheid ≠ blakerende sonskyn
geestelike vermoë ≠ geestige antwoord
gegronde besware ≠ grondige ondersoek
gematigde houding ≠ matige eetgewoontes
'n genoeglike aandjie (genoeë)
genoegsame hoeveelhede (genoeg)
innige meegevoel ≠ innerlike gerustheid ≠ inwendige beserings
klassieke musiek/kuns ≠ klassikale onderrig
kunsmatige asemhaling ≠ kunssinnige mens ≠ kunstige werk
lamlendige mens/verskoning ≠ lendelam meubels
ruwe spel/weer/golwe (daar is geen woord **rof* nie)
tydige hulp ≠ tydelike betrekking
'n skotige op-/afdraand

DIE SINTAKSIS EN SINTAKTIESE MORFOLOGIE VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

10.1 Die funksie van die byvoeglike naamwoord

By die byvoeglike naamwoord het ons te doen met kenmerke en eienskappe van dinge, (iets, iemand . . .) wat met naamwoorde genoem (kan) word.

10.1.1

Die uiting kan van tweeërlei aard wees vir sover dit die gebruik van die b.n.w. aangaan:

Die spreker kan bedoel om die eienskap of kenmerk as predisering van die onderwerp te stel:

My vriend is *siek*.

Dié soort voël is baie *kleurryk*.

Sy vader word nou *oud*.

In hierdie sinne is *siek*, *kleurryk*, *oud* deel van die onderskeie predikaat-konstruksies. Ons sê dan dat die byvoeglike naamwoorde hier **predikatief** gebruik word; hulle is **predikatiewe**. (§ 2.5 en § 7.6.2.4). Dié gebruik hang ten nouste met die gebruik van die **koppelwerkwoord** saam. (Sien verder §10.1.3).

Of: die spreker kan bedoel om van 'n **bepaalde**, 'n sekere iets/iemand te praat, van dié iets/iemand iets te sê; maar vind dit nodig om dié iets/iemand uit te wys, te identifiseer, waar dit anders op verskeie betrekking sou kon hê. Derhalwe gebruik hy 'n eienskap — 'n attribuut — van die iets/iemand om vir sy hoorder uit te wys, te bepaal van **watter** (een of meer) hy praat:

Die *rooi* blom steek te ver uit.

'n *Parmantige* kind kry min simpatie.

Ek hou nie van *effekleurige* dasse nie.

Die spreker wil nie sê dat die "*blom rooi*", 'n "*kind parmantig*" of "*dasse effekleurig*" is nie; hy wil bloot duidelik maak van **watter** "*blom, kind, dasse*" hy praat. Ons sê dan dat die byvoeglike naamwoorde hier **attributief** gebruik word. (Sien verder §10.1.2).

'n Attributiewe b.n.w. **bepaal van watter** iets/iemand 'n spreker iets (anders) wil sê; 'n predikatiewe b.n.w. **is** *wat* 'n spreker van iets/iemand wil sê.

10.1.2 Attributiewe byvoeglike naamwoorde

Die kenmerke waarmee die attributiewe b.n.w. bepaal van watter iets/iemand die spreker wil praat, kan van verskillende aard wees:

10.1.2.1

Die kenmerk(e) kan intrinsiek wees soos in die *wit* huis (wat immers nie *swart* of *geel* genoem kan word nie) of dit kan bloot die mening of oordeel

van die spreker in verband met die saak wees soos die *groot* huis (wat 'n ander *klein* kan noem).

10.1.2.2

Die byvoeglike naamwoord kan verwys na die (saak benoem deur die) s.nw. b'y hom, soos die gegewe voorbeelde hierbo, of soos

'n *aangename* vakansie, die *gelukkige* man,

of dit kan na 'n ander s.nw. heenwys, een wat soms nie eens in die sin voorkom nie, en dan bloot as 'n soort stylfiguur gebruik word, soos

'n *opsetlike* belediging

(waar *opsetlik* op die optrede van die persoon slaan wat die "belediging" gee; die "belediging" kan immers nie aan "opset" skuldig wees nie!) of

My vriend het die *gelukkige* getal getrek

waar *gelukkig* in die breë op "vriend" betrekking het — die "getal" kan tog nie "gelukkig" wees nie.

10.1.2.3

In die reeds genoemde gevalle staan die b.nw. telkens onmiddellik voor die s.nw., maar om stilistiese redes kom dit dikwels ná die s.nw. te staan terwyl dit nog altyd op dieselfde wyse 'n eienskap daarvan gee:

"Toe het die windjie uit die suide begin waai,

koud en klammerig, somer . . ." (Eitemal: *Jaffie*, 18)

"Plat teen die grond groei die *kort* blommetjies,

geel of blou — . . ." (M.E.R.: *Kamiesberge*)

Hierdie gebruik word deur 'n intonasie gekenmerk wat ons in geskrewe taal met 'n komma aantoon.

10.1.2.4

Sommige b.nwe. word net attributief gebruik, o.a. dié met afleidingsmorfeem *-ste* (§9.3.2-7):

die *voorste* perd, die *agterste* ry, die *buitenste* rand, sy *uiterste* bes . . . ; 'n *mediese* praktyk, die *huidige* tyd, die *jongste* tyds, die *voorvaderlike* gewoontes, die *onlangse* gebeure, die *afgelope* tyd, 'n *konstitusionele* konferensie, 'n *gewelddadige* dood . . .

Hieronder val ook verskeie uitdrukkings met konvensionele betekenisse soos "*prille jeug*". . .

10.1.2.5

Baie b.nwe. kom in 'n oordragtelike gebruik alleen attributief voor, terwyl die gewone (letterlike) betekenis sowel predikatief as attributief voorkom:

Die tannie is *moederlik* — 'n *moederlike* tannie

Maar:

'n *moederlike* besorgdheid — * die besorgdheid is *moederlik*.

Ander is:

Piet is 'n *gereelde* drinker.

Hy is 'n *skerp* kritikus/'n *goeie* redenaar/'n *slegte* eter.

'n *swaar* verkoue

'n *beskonke* toestand

"Dis altevol 'n *ou lui* werk" . . . (A. Blignault: *In Klein Maat* 36)

'n *sure/dure* ondervinding

10.1.2.6

'n Baie beperkte groepie woorde wat vormlik as bywoorde bekend is, tree as byvoeglike naamwoorde attributief op in 'n besondere betekenis, waarin hulle slegs b.n.w. is:

Sy *af* arm is in 'n verband.

Die seuns het almal *vorentoe* boere geword.

Sommige kan ook predikatief in die betekenis voorkom:

Sy arm is *af*. maar

nie *Die boere is vorentoe. nie.

10.1.2.7

Die /ə/-verbuiging (Sien § 16.1.3-1)

In attributiewe gebruike kry die b.n.w. dikwels die postmorfeem /ə/; 'n **paramorfeem** wat in geskrewe taal altyd 'n -e is en wat meestal géén semantiese waarde het nie; 'n suiwere sintaktiese vormverskynsel dus.

Opgesom lyk die voorkoms só:

- (a) Alle meersillabiges wat op -er eindig, kry geen -e uitgang nie: die *bitter* medisyne . . .
- (b) Alle ander meersillabiges kry -e: *normale* . . .
- (c) Die meeste eensillabiges bly sonder -e: die *groot* man . . .
- (d) Eensillabiges wat op -d en -g eindig; dié wat in Nederlands op -t na 'n konsonant geëindig het en enkele ander kry wel 'n -e: *wrede*; *breë*; *vroeë*; *ligte*; e.a.

Sommige taalkundiges lees in die /ə/-postmorfeem by dié byvoeglike naamwoorde wat gewoonlik nie die /ə/-verbuiging ondergaan nie, 'n semantiese waarde van iets soos "figuurlike betekenis"; dit geld gevalle soos:

Die *arm* man kan nie genoeg klere bekostig nie.

≠ Die *arme* weduwee se hope geld neem haar eensaamheid nie weg nie.

'n *Suur* appel ≠ 'n *sure* ondervinding.

'n *Duur* juweel ≠ 'n *dure* les.

Die vraag is of ons nie (by elke paar) met twee verskillende woorde, doeblatte dalk, te doen het nie. Want ons sê:

"'n *suur* appel" en "die appel is *suur*" (letterlik!)

"'n *suur* gesig" en "sy gesig bly/is *suur*" (figuurlik!)

maar net: "'n *sure* ondervinding", nie *"die ondervinding was *suur*" nie.

So ook nie

*die ryk weduwee is arm/arme

of *die les was duur . . . nie.

wel: Die *arme* ryk weduweetjie word deur geldwolwe lastig geval.

Die feit dat die *arme*, *dure*, *sure* net attributief gebruik word verander daaraan niks; daar is heelwat b.nwe. wat net attributief gebruik word. Die feit is:

arme beteken nèt “bejammerenswaardig”,

sure en *dure* beteken nèt “onaangename”.

In die ander tipe geval: “tien *lange* jare”, gaan dit ook nie nèt om sinsklem nie; dit is eerder ’n emosionele lading waardeur die woord verleng word, maar hier het die -e dalk wel ’n versterkingswaarde.

Hulle sluit in werklikheid slegs aan by ’n bekende reeksie byvoeglike naamwoorde waar ons ’n betekenisverskil kry wat met die vormverskil saamhang:

’n *heel* koppie — ’n *hele* dag

’n *seker* sukses — ’n *sekere* persoon

’n *stom* mens — die *stomme* skepsel

Dis opvallend dat die verboë reeks nie predikatief in dié betekenis gebruik kan word nie. In die geval van *wys* – *wyse* is die proses omgekeer:

’n *wys* perd/vroumens — ’n *wyse* filosoof,

waar die eerste (omdat dit onverboë is) wel as predikatief voorkom: die perd is *wys*.

Ander voorbeelde is

’n *koel* huis — met *koele* berekening

’n *bitter* amandel — *bittere* lyding

’n *swaar* vrag — ’n *sware* beproewing

’n *taai* lekker — met *taai* volharding

maar: ’n *taai* klap — ’n *taai* wedstryd

’n *diep* put — ’n *diepe* indruk . . .

10.1.3 Predikatiewe byvoeglike naamwoorde

Soos by attributiewe b.nw. kan predikatiewe ook ’n intrinsieke kenmerk of ’n houding/mening van die spreker gee:

Na die reën was die grond *nat*.

teenoor:

Die wysie is (vir my) *mooi*.

Maar enkele b.nwe. wat met stofname saamhang, kan nie predikatief gebruik word nie, ook nie oordragtelik nie:

*Die horlosie is *goud/goue*.

*Die maan se strale is *silwer*.

Ander oordragtelike gebruike het ons reeds genoem (in § 10.1.2) waar ook net die attributiewe vorm moontlik is.

10.1.3.1

’n Beperkte getal byvoeglike naamwoorde word gewoonlik net predikatief

gebruik. Sommige het dan 'n naamwoord as voorwerp (waar koppelww. + b.nw. predikaat is):

Die plaas is (maar) min (geld) <i>werd</i> .	Ek is hom <i>dankbaar</i> .
Hy is twee tale <i>magtig</i> .	Ek is reent <i>gewoond</i> .
Hy is sy kans <i>kwyt</i> .	Hy is sy lewe nie <i>seker</i> nie.
Hy is my nog altyd 'n paar rand <i>skuldig</i> .	Hy is ons agting <i>waardig</i> .
Sy skuldeisers was hom <i>genadig</i> .	

Ander word byna altyd gevolg deur 'n vaste voorsetsel met 'n voorsetsel-voorwerp:

Sy is *onbewus van* haar omgewing.
Hy is *seker van* sy saak.
Sy was nie *gediend met/van* sy opdringerigheid nie.
Ons is *geregtig op* ons deel.

In § 4.3.2.2. is 'n uitgebreide lys van sulke byvoeglike naamwoorde met 'n voorsetselsupplement.

10.1.4

'n Beperkte getal byvoeglike naamwoorde vertoon "wispelturige" trekke in dié opsig dat hulle nie oral in die aanvaarde patroon pas nie. Ons let bv. op die volgende (waarvan die sintaksis volledig ondersoek en beskryf kan word en waaruit dalk sekere wetmatighede geboekstaaf kan word):

- A Onder dié (in §10.1.3.1) wat net predikatief gebruik kan word, is daar baie wat net met die koppelwerkwoord *wees* kan saamgaan, nié met *word* nie, bv.:

Hy is *afkomstig* uit Holland.

* Hy word *afkomstig* . . .

- B Ander kan nie met *word* saamgaan nie, maar wel met *raak*:

Hy is *geheg* aan die dorpie.

Hy *raak geheg* aan die dorpie.

* Hy word *geheg* aan . . .

- C Weer ander was (vroeër) deel van meerledige predikate waaruit hulle dan 'n gewoon byvoeglike gebruik gekry het. Hulle word nou saam met *wees* gebruik, maar ook saam met die ander ww.:

Hy is lankal *dood*.

Hy *het* lankal *doodgegaan*.

* Hy word *dood*.

en

Hy is *bankrot*.

Hy *raak bankrot*.

Hy *gaan bankrot*.

* Hy word *bankrot*.

- D Enkele byvoeglike naamwoorde is net deel van konstruksies met groeppetekenis:

Hy het hom daarin nie *onbetuig* gelaat nie.

iets met lede oë aanskou

E Woorde soos *pure* en *louter* word net attributief gebruik; maar ons kry *puur* in 'n vaste groep soos:

Dis blote pornografie, *puur en suiwer*.

F 'n B.nw. soos *vol* kom, vanweë sy betekenis, in ongewone en soms moeilik ontleedbare sintagmas te staan:

(a) Die dam *is vol*. (Klaarblyklik predikatiefgebruikte b.nw.)

(b) Die dam *is vol water*. (Gevolg deur 'n s.nw. lyk dit na 'n voorsetsel: vgl. Die dam *is sonder water*. Is dit voors. of b.nw.?)

(c) Ek het 'n mandjie *vol appels*. (Die paradigma: — "*met appels/sonder appels*" laat dit nog meer na 'n voors. lyk.) Maar:

(d) Ek het 'n mandjie *vol van* daardie appels. (Kan *met* en *sonder* nog gebruik word?) Maar:

(e) Ek het 'n *hand vol* druiwe/*mond vol* water.

(Nou kan *met* en *sonder* nie meer optree nie.)

Ek meen sin (c) moet ontleed word as:

appels is 'n direkte voorwerp,

met *mandjie* 'n maatnaam (§9.4.4)

en *vol* 'n b.nw. by *mandjie*.

As ons sê: Ek het 'n mandjie *met/sonder* appels. is die ontleding:

'n *mandjie* is direkte voorwerp;

met/sonder appels is 'n voorsetselkonstruksie met byvoeglike funksie by *mandjie*.

(Die semantiese waarde van (c) is naamlik:

"Ek het appels wat so veel is dat hulle 'n mandjie *vol* maak.

As ons sê:

Ek het 'n mandjie *met/sonder* appels., is die semantiese waarde:

"Ek het 'n mandjie waarin daar (geen) appels is (nie).)

10.1.5 Voorsetselkonstruksies met byvoeglike funksie

Ons het vroeër reeds op die verwantskap tussen die byvoeglike naamwoord en die bywoord gewys (§ 3.5).

By herhaling: As ons sê

Piet is *siek/jonk* . . .

sê *siek* of *jonk* iets van "Piet"; dit kan 'n kenmerk van "Piet" wees; dus van iets wat met 'n s.nw. genoem word; dus is *siek* of *jonk* 'n b.nw.

As ons sê:

Piet is *hier/tuis* . . .

is *hier* of *tuis* geen kenmerk van "Piet" of enige saak wat met 'n s.nw. genoem kan word nie; dit is 'n plekbeplating en kragtens definisie 'n bywoord.

As ons sê

A Ek hou van die meisie *in die motor*.

is *in die motor* 'n voorsetselkonstruksie, en net maar 'n verkorting van (bv.) "wat *in die motor* sit", wat in sy geheel sou sê watter meisie en dus byvoeglike funksie het, maar *in die motor* is ook in die klous 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie, soos in sin A, waar dit plekaanduidend is, maar dit is 'n nabepaling by die s.nw. *meisie*.

As ons sê

B Ek hou van die meisie *in die broekpak*.
is *in die broekpak* 'n voorsetselkonstruksie, maar dit kan in 'n betreklike (byvoeglike) bysin nie só behou word nie. Dan sal dit word:

Ek hou van die meisie *wat die broekpak aanhet/dra*.

Dit is duidelik dat die hele byvoeglike bysin se funksie oorgeneem word deur die sinsnede *in die broekpak*, wat hier 'n voorsetselkonstruksie met byvoeglike funksie word. In A sê *in die motor* waar die meisie is; in B sê *in die broekpak* watter meisie. (— Wat weer eens net bevestig dat die onderskeiding tussen byvoeglik en bywoordelik dikwels blote haarklowery is! Die benoeming is hier oorbodig.)

Soortgelyke verskille bestaan tussen die A- en die B-sinne wat volg, hoewel die grondliggende verhoudings telkens van heeltemal verskillende aard is:

A Ek het gister 'n man *van Kaapstad* ontmoet. (plek/herkoms)

B Ek het gister 'n man *van groot bekwaamheid* ontmoet. (eienskap)

A Sy het die brood *met die mes* gesny. (instrument)

B Sy het die brood *met die donker kors* gesny. (eienskap)

A Hy kon die insek *sonder sy bril* sien. (wyse)

B Hy kon die insek *sonder vlerke* sien. (eienskap)

Veral die voorsetsele *van*, *met* en *sonder* word dikwels in sulke byvoeglike ≠ bywoordelike voorsetselkonstruksies gebruik.

10.1.6 Nabepalings

(Eers dit: Die term “**bepaling**” hou in dat die onderhawige woord/konstruksie/klaus . . . bepaal of aandui **watter** of **hoe**, ens.; 'n predikatief bepaal nie; die prediseer; §10.1.1).

'n **Nabepaling** staan ná die woord waarop dit betrekking het. Die feit dat dit ná die “bepaalde” woord staan, **móet** staan, bring mee dat dit van die voorbepaling verskil; ons woordvolgorde het nie soveel speling dat dit maar om 't ewe is waar 'n woord staan nie — sulke gevalle is seldsaam.

Vergelyk bv.:

Daar was *genoeg mans* om die kis te kan skuif.

met: Hy is *mans genoeg* om die kis te skuif.

waartussen daar 'n baie groot verskil is (semanties en morfologies).

Maar tussen:

Hulle het *genoeg kos*.

en Hulle het *kos genoeg*.

is daar nie so 'n verskil nie. Laasgenoemde tipe kom selde voor.

As iemand sê:

Ek wil jou aan die dame daar voorstel —

kan dit twee dinge beteken:

A Ek wil jou aan die dame *op die afgespreekte* . . . plek voorstel.

of B Ek wil jou aan die dame *wat daar staan* . . . voorstel.

In die A-betekenis het ons 'n bywoord wat plekbetekenis het en met die predikaat *wil voorstel* saamhang.

In die B-betekenis het ons 'n bywoord wat plekbetekenis het en met die selfstandige naamwoord *dame* saamhang. Dan is *daar* 'n bywoord wat 'n nabepaling by *dame* vorm.

Sulke bywoorde en konstruksies met bywoordelike funksie wat nabepalings by 'n s.nw. is, kom dikwels voor. In die vorige paragraaf (§10.1.5) het ons verskeie voorbeelde; hier volg meer:

die meisie *in die motor*

die man *in die maan*

die winkel *op die hoek*

en: die seun *hier*

die rye bome *weerskante*

"die renoster teen die wal *oorkant*" (Sangiro)

die opstal *daar ver/hier naby*

"die swier en oordaad van die sestig jaar pouslike verblyf *destyds* het al" (A.P. Brink)

Vergelyk die sinne:

X Hy het die vertrek *vinnig* verlaat.

Y Hy het sy *ryk* vrou agtergelaat.

Z Hy het sy vrou *ryk* agtergelaat.

In X is *vinnig* 'n bywoord by *het verlaat*.

In Y is *ryk* 'n attributiewe b.nw. ('n voorbepaling) by *vrou*.

In Z lyk die bou van die sin soos dié van X. Is *ryk* 'n bywoord by *het agtergelaat*, soos dit lyk? Elke toets toon aan dat *ryk* geen bepaling by *agterlaat* kan wees nie; dit gee wel 'n hoedanigheid van *vrou nadat* die "agterlatery" klaar was; die handeling wat in die werkwoordbetekenis lê, bring mee dat die s.nw. die eienskap kry. Hier het ons 'n **byvoeglike naamwoord** wat 'n **nabepaling** by die s.nw. is. Dié soort nabepaling verskil wesenlik van die b.nw. wat maar net (met 'n pouse in die intonasie) ná die s.nw. geplaas word om stilistiese redes (§10.1.2.3).

Ander voorbeelde is:

Julle moet die saal *skoon* laat.

Hulle het die kas *wit* geverf.

So sal jy die perskes *ryp* druk!

Op dié manier word onderhandeling *moonilik* gemaak.

Hy loop *dikbek/dikmond/nors/kwaad* rond.

Hy maak hom *diensbaar* aan sy volk.

Hy het my *disnis* geslaan.

Ek hou my maar *doodluiters*.

Veral die werkwoorde *maak*, *hou* en *laat* het dikwels so 'n b.nw. wat deel van 'n **meerledige** predikaat word.

Of ons hierby die onderskeiding attributief-predikatief nog moet probeer (nog *kàn*) toepas, is 'n vraag.

As Eitemal in *Jaffie* skryf:

“Maar die windjie het aanhou sy buitenste sykant *koud* gewaai.” (bl. 18)

of: “Jaffie het sy ruggie *hoepelkrom* getrek.” (bl. 18)

is dit duidelik dat die betekenis prediserend is: dis immers nie ’n “koue sykant” wat “gewaai” word nie; ook nie ’n “hoepelkrom ruggie” wat getrek word nie. Eerder ’n “sykant” wat gewaai word totdat “*dit koud is*” en ’n “ruggie wat getrek word” totdat “*dit hoepelkrom is*”.

Die grens is dikwels baie dof. Die voorbeelde in § 10.1.2.3 “*windjie . . . koud en klammerig*” kan miskien ook as prediserend beskou word. Dit is egter duidelik by

“En daar lê die kêrel *katswink* op die grond.”

dat jy wil sê: “En daar lê die kêrel op die grond (*en*) *hy is katswink*.”

Ek meen dat die **nabepaling** as ’n derde groep naas die attributiewe en predikatiewe gestel moet word, ook om die sintaktiese voorkoms.

Die verband tussen die b.nw. en ww. by dié tipe het reeds daartoe gelei dat frekwente voorbeelde aanmekaar geskryf word:

Hy wil die deur *toemaak/oopmaak*.

Sy moet die kind *wakkermaak* (of *wakker maak*).

Hulle moet hul eie kos *gaarmaak*.

(Kyk by meerledige predikaat, § 7.4.3.2)

Opmerking:

In die tipe:

Hy het ’n *maand lank* gewag.

het ons iets anders: ’n bywoord *lank* wat deur ’n s.nw. (met lidw. of telwoord) beperk word. (Kyk ook § 9.3.2)

Ons sien hierin:

1. Voorsetselkonstruksies in byvoeglike funksie is altyd nabepalings.
2. Bywoorde en bywoordelike bepalinge wat ’n s.nw. bepaal, is altyd nabepalings.
3. Byvoeglike naamwoorde as nabepalings dra gewoonlik ’n ander inhoud (betekenis) as wanneer hulle voorbepalings is:

Hy het sy *ryk* vennoot verlaat.

Hy het sy vennoot *ryk* gelaat.

10.1.7 “*Met hande gevou = met gevoude hande*”

Bostaande is ’n voorbeeld waar ons ’n byvoeglike nabepaling in die vorm van ’n voorsetselkonstruksie het, *waarbinne* daar ’n verdere byvoeglike naamwoord voorkom wat of voor- of nabepaling kan wees sonder betekenisverskil:

“Onder die neulboom sit ’n vader *met hande gevou* en *geboë hoof*”.

(Boerneef: *Boplaas* bl. 14)

wat ewe goed kan wees:

. . . . ’n vader *met gevoude hande* en *hoof geboë*

Kom dit net na *met* voor? En net in voorsetselkonstruksies wat byvoeglike nabepalings is?

Ander is:

Hy lê *met toe/oop oë/met sy oë toe/oop*.

Hy sit in die kamer *met gesluite deur/met die deur gesluit*.

. . . . *met sy vuil gesig/met sy gesig vuil*.

Daar kan bywoorde by die b.nw. kom:

. . . . *met sy aaklig vertrekte gesig/met sy gesig aaklig vertrek*
en verdere uitbreidings:

. . . . *met arms oor sy bors gevou/met oor sy bors gevoude arms*
hoewel lg. reeds stroef en onafrikaans klink.

10.1.8 Kan 'n b.nw. 'n ander b.nw. bepaal?

Boerneef skryf in “*Dennepitjies*”:

“Sy leun oor my skouer en ons kyk hoe die vleis *bruin gaar word*”.

Wat is die funksie van *bruin*? Dis duidelik dat *gaar* 'n b.nw., predikatief by *word* is. Is *bruin* ook net 'n predikatief by *word*? 'n Bietjie vroeër skryf Boerneef:

“ . . . jy's nou hier so doenig met 'n skamele gloeiing en jy wonder of hy *lekker bruin sal gaar word*.”

Ons sou kan reken dat die vleis *lekker en bruin en gaar word*; derhalwe kan almal predikatiewe b.nw. wees. Miskien tog nie; vergelyk daarvoor:

In

Sy het *mooi oud* geword.

is die gedagte klaarblyklik dat daar *mooiheid* steek in haar *ouderdom* of in haar *oudword*, soos ook in

Die kind het *stout groot* geword.

waar die *stouthed* blyk nou dat hy *groot* is.

Daar is ook 'n duidelike verskil met 'n bepalende bywoord:

Die vleis het *te* gaar geword.

Sy het *baie* oud geword.

Ek meen die verklaring is: In

Die vleis word *lekker bruin gaar*.

is *word* koppelww. en *gaar* predikatiewe b.nw.; saam is hulle die predikaat. *Bruin* is 'n byvoeglike nabepaling by “vleis” soos ander om §10.1.6: die *gaarwording* bring mee dat dit *bruin* is. Daarnaas is *lekker* 'n newegesikte b.nw.; soos ook *ou* in: “*n ou gawe omie*”, “*n ou klein babetjie*”, met geen klem nie en 'n soort ondersteunende gevoelswaarde.

10.2 Die groep: byvoeglike naamwoord + naamwoord

Toe ons gesê het dat die b.nw. 'n eienskap gee van (iets/iemand) wat met 'n naamwoord genoem kan word (§10.1), het ons bedoel dat **enige** naamwoord deur 'n b.nw. bepaal of geprediseer kan word en nie net selfstandige naamwoorde nie.

Die volgende sinne toon dit aan:

A Die *donker* meisie met die *rooi* voorskoot vorm 'n *mooi* prentjie.

- B Die *lelike* twee speel nie met die *oulike* drie nie.
- C Die *bejammerenswaardige* oues beny die *lewenslustige* jonges.
- D Die *trapsuutjies* is so *stadig* dat die *skilpad* naas hom *haastig* lyk.
- E Die *spookhuis* bly *verlate* hoewel **dit** nog *nuut* is.

Ons merk hierby dat die byvoeglike naamwoord nie by die voornaamwoord **attributief** gebruik kan word nie, maar wel **predikatief** (soos in E).

10.2.1 “Konvensionele betekenis” en vaste verbindings

Soos op ander gebiede in die taal het ook baie byvoeglike naamwoorde hulle vrye gebruik ingeboet as gevolg van ’n vaste samehang met ’n sekere s.nw. (hoewel die s.nw. meestal ook elders gebruik word).

Sulke gevalle is:

- prille jeug
- ’n onbekookte plan
- ’n opgeskorte vonnis
- ’n onbestrede mosie
- ’n deurgestoke kaart
- die ongerepte natuur/oerwoud
- ’n onbesonne daad
- ’n skottige opdraand . . .

Ander is nog nie só vas nie maar blykbaar op pad daarnatoe:

- majestueuse berge
- kortstondige geluk
- aanvegbare stelling
- noodlottige ongeluk . . .

sodat ’n kind reeds in ’n opstel skryf van “die golwende graan in die mied”!

Die aanleer van sulke groepe (in die skool of elders) is in stryd met die wese van taalgebruik wat vereis dat die mens van sy taalvermoë gebruik moet maak om telkens sy gedagte te stel in ’n taalvorm wat hy nuut geartikuleer het, om só te sê wat hy bedoel.

10.2.2 Tipe: *Musikale stem* ≠ *musiekaand*

Soos in die afdeling **morfologie** uiteengesit word, het afgeleide woorde meestal ’n presiese betekenis. ’n Afgeleide byvoeglike naamwoord beteken nie altyd sonder meer “wat met die grondwoord saamhang” nie. Só beteken bv. *musikaal* nie “wat met musiek (op enige manier) saamhang” nie, maar wel of “op die gebied van die musiek” of “begaaf in die musiek”. Daarom praat ons van iemand wat “musikale opleiding” of “musiekopleiding” kry; só ’n persoon het soms ’n fyn “musikale gevoel” en is dikwels ’n “musikale leerling”. Maar baie ouers wil hulle kinders alle moontlike geleenthede gee, en daarom is alle “musiekleerlinge” nie “musikale leerlinge” nie, en as die “musiekonderwyser” die ouers wil toon hoe hulle kinders vorder, sal dit ’n “musiekaand” kan wees, maar ’n “musikale aand” is onmoontlik.

So het ons 'n

elektriese lig en klokkie, maar nie 'n

**elektriese ingenieur* nie, wel *elektrotegniese ingenieur*

'n dramatiese ontknoping/gebeure maar 'n *dramaskool*

landboukundige navorsing maar 'n *landboutentoonstelling*

'n kulturele oplewing maar 'n *kultuurvereniging*

geestelike liedere maar *geestesgoedere*

kunsmatige asemhaling maar *kunsledemate*

luuksueuse woning maar *luuksewoning*.

Omdat Engels hier meestal die byvoeglike naamwoord verkies waar die Diets die samestelling verkies, herken 'n mens maklik die Anglisistiese invloed. Selfs waar die betekenis nie verskil nie, verkies Afrikaans

adviesraad bo *adviserende raad*

solank die samestelling nie hinderlik lank word nie. (Die internasionale woord *kompliment* (= pluimpie, groete) het net in Engels die b.nw. "complimentary", sodat hulle van "a complimentary ticket" kan praat. In Afrikaans is dit 'n *komplementkaartjie*, 'n *vry/gratis kaartjie*; iemand wat *komplimente uitdeel* is *komplimenteus*. Van *komplement* (= voltooiing) het ons wel die b.nw. soos by *komplementêre hoeke*.)

10.2.3 Junior en Senior

'n Klein getal geleende woorde (veral oorspronklik uit Latyn) is byvoeglike naamwoorde, en kan soos ander byvoeglike naamwoorde maklik substantiwies gebruik word, (bv.: die *groot* man — die *grote* (§9.3.3)).

So 'n geval is *junior*; maar die woord (soos die ander) val buite die Afrikaanse fonologiese en morfemiese struktuur, en vertoon nie dieselfde vormverskynsels nie, dus:

'n *junior minister* — die *junior(s)* aan die universiteit, en

'n *senior student* — die *senior(s)* het voorregte.

Derhalwe bly *junior* en *senior* b.nwe. as ons van iets praat soos:

'n *junior lid* of 'n *senior lid*,

en dit word los geskryf van die s.nw.; ook

die *junior* en die *senior sertifikaat* (in skole) onderskeidelik;

dus ook

die *junior sertifikaat-eksamen*

en die *senior sertifikaat-eksamen*

Maar as dit iets is wat vir die *juniors* of *seniors* is, word dit die *seniorklub* en die *junior*dag, die *junior(s)piekniek*, *junior*konsert en 'n *seniorwaardigheid*!

10.2.4 Tipe: silwer skynsel ≠ silwerlepel

Die woorde *goud*, *silwer*, *koper* is stofname en nie-telbare begrippe, maar selfstandige naamwoorde.

Dinge wat daaruit bestaan, word as samestellings behandel, dus

goudstof, *silwerlepel*, *koperkastrol*,

en ook ander samestellings soos

goudsmid, silwervis (= soort) en *kopermyn*.

Ons het wel van *goud* die b.nw. *goue* in attributiewe gebruik soos 'n *goue ring/horlosie*, maar andersins erken die Taalkommissie (van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns) nie in Afrikaans die vermoë van ons taalverwante om van stofname met 'n -e 'n b.nw. te vorm nie, soos

*kopere blasers, sye hare, silwere bekere
hoewel Jan Cilliers skryf van "*wolle voetjies*".

Afrikaans ken egter wel die oordrag na die begrip "soos dié van —" in
silwer skynsel en *silwer vis* (= silweragtige vis)

koper gloed en naas

goue ketting ook

gulde geleentheid

naas *staalkabel* ook 'n *stale wylskrag* en

naas *marmersuile* ook *haar marmer hande*.

By herhaling (§9.3.3 — *Belangrik*): In Afrikaans word die s.nw. nie onveranderd as b.nw. gebruik nie. Die voorbeelde in §10.2.3/4 is gevalle waar die s.nw. en die b.nw. om historiese redes toevallig eenders *lyk*; hulle is in werklikheid grammatiese homonieme en behels die woorde:

senior, junior, silwer, koper, marmer.

Hierdie woorde kan nie predikatiewe wees nie (§10.1.3); dan tree hulle weer as s.nw. op en dan is die betekenis onversoenbaar:

*Die skynsel/lepel is silwer.

*Die suile is marmer.

Wel:

Die lepel is van silwer

Die suile is van marmer.

10.2.5 Reekse byvoeglike naamwoorde

Ons sê:

A Haar ontvangkamer is 'n *ruim, vriendelike* vertrek.
met 'n pouse of aarseling ná *ruim* wat ons in geskrewe taal met 'n komma aandui.

Maar ons sê:

B Sy is 'n *vriendelike jong* dame.
sonder pouse en ons skryf dit sonder komma, hoewel ons hier ook twee b.nwe. by mekaar het. Daarnaas sê ons weer:

C Sy is 'n *jong, vriendelike* dame.
mê die pouse.

Deur te toets kan ons vasstel dat dit op 'n vreemde manier saamhang met 'n sekere onversoenbaarheid in die bepalende waardes van verskillende byvoeglike naamwoorde; soms blyk dit daaruit dat ons nie die voegwoord *en* tussen sulkes kan gebruik nie. Waar ons wel die *en* kan invoeg, soos in A en C hierbo, kom 'n komma. Waar 'n *en* nie wil pas nie, kom nie 'n komma nie, en ook wil hulle nie in 'n predikatiewe reeks dien nie:

van B: *Sy is 'n dame wat *vriendelik* en *jonk* is. maar

van C: Sy is 'n dame wat *jonk* en *vriendelik* is. en
van A: 'n vertrek wat *ruim* en *vriendelik* is.

Daarby sluit reekse aan soos:

die *ou, maer, sieklike* haan . . . en

die *ou, maer swart* haan . . . en

die haan is *oud, maer* en *sieklik*

maar nie

*. . . . die haan is *oud, maer* en *swart* nie.

Die volledige verklaring wag op 'n ondersoek!

10.3 Kategorieë van die b.nw.

Die b.nw. **bepaal en prediseer** deur 'n eienskap, 'n attribuut, te gee van dit waarvan gepraat word. Uit die behoefte om te beskryf spruit die vormkategorie van die b.nw., nl. om die intensiteit van die kenmerk te gradeer, wat die **trappe van vergelyking** gee, en as 'n soort gestolde beeldspraak en stylfiguur kry ons daarnaas die **versterkte** of **intensiewe** vorme van die b.nw.

10.3.1 Trappe van vergelyking (vir morfologie kyk §16.1.3-2)

Daar is gewoonlik drie vorme wat vir vergelykingsdoeleindes gebruik word:

10.3.1.1

Die basiese vorm van die b.nw. noem ons die **stellende trap (positief)** soos in *mooi, hoog, fris, nuut* . . . en is die vorm wat bloot die eienskap stel in gewone attributiewe en predikatiewe gebruik. As ons van dinge wat eeners is, juis dit wil sê, sê ons

A is net *so mooi, hoog, fris, nuut* soos B.

Dit is die vorm wat in estetiese taalgebruik vir beeldingdoeleindes die **vergelyking** word:

“Al was die dag *soos* yster”

Daarnaas het die volksvergelyking daaruit gegroei wat 'n nagenoeg vaste vorm gekry het:

So skelm soos 'n jakkals

skurwe hakskene soos 'n kombuiskeuken . . .

en wat soms tot 'n samestelling vergroei:

jakkalsstreke, bobbejaangesig, trippensbekkie . . .

In enkele vaste vergelykings kom *as* naas *soos* voor:

so goed *as/soos* nuut; so goed *as/soos* goud;

maar by

“so waar *as* vet; so waar *as* padda manel dra; so waar *as* ek leef”

kom net *as* voor.

10.3.1.2

Die **vergroterende trap (komparatief)** word met die postmorfeem *-er* van die stellende gevorm, en (soos die naam reeds sê) dui dit op 'n hoër graad van

dieselfde eienskap as die stellende. Wanneer dié vorm voorkom, beteken dit 'n eksplisiete vergelyking met 'n ander; die iets waarmee dit vergelyk word, word genoem hoewel nie noodwendig in dieselfde sin nie; anders word bedoel dat dit **alle** ander oortref òf dat daar vordering op 'n vroeëre/vorige stand is:

A is *mooier, moeër, frisser, nuwer* . . . as B.

X-olie is *beter* vir 'n motor.

Oom Jan word geleidelik *sterker*.

Opmerking:

Reeds uit die gebruikte voorbeelde blyk dit dat die vorming nie oral so eenvoudig as bloot 'n *-er*-toevoeging is nie. Die vormaspekte van die trappe van vergelyking word volledig onder *morfologie* §16.1.3 behandel.

Afrikaans verskil van sy naaste verwante ook daarin dat wanneer ons net twee vergelyk, ons sê:

A is *die grootste/beste/sterkste* . . . van die **twee**. (en nie soos bv.

Engels: "A is the stronger of the two." nie).

Die voegwoord by die komparatiefvergekyking is *as*; dus:

A is **sterker** *as* B.

en: My oë is tans **swakker** *as* vroeër.

maar: My oë is tans **swakker** *as* wat hulle vroeër was.

en: Hy het nou **minder** vee op sy plaas *as* vyf jaar gelede.

maar: Hy het nou **minder** vee *as* wat hy vyf jaar gelede gehad het.

Wanneer ons **hoedanighede** vergelyk, gebruik ons *dan* om die opeenhoping van *as* te vermy:

Napoleon was groter *as* krygsman *dan* *as* staatsman.

10.3.1.3

Die oortreffende trap (superlatief) word met die postmorfeem *-ste* van die stellende gevorm. Dit dui die hoogste graad van 'n genoemde aantal of van almal aan:

A is die *mooiste, hoogste, frisse, nuutste* . . . van die drie.

Sannie is die *mooiste* van sy dogters.

Jan is die *oudste* in die klas.

In Afrikaans is die lidwoord *die* by 'n b.nw. in die oortreffende trap (wat ook ewe goed 'n s.nw. kan wees) noodsaaklik, of anders 'n ander woord uit die lidwoordparadigma:

Die blomme is vanjaar *die mooiste* wat ek hulle nog gesien het.

Dit is *die mooiste* gebou in Suid-Afrika.

"Die Vlinder" is *sy jongste* boek.

Sy het *haar oudste* seun aan die Grens verloor.

Hy het *die laatste* van almal aangekom.

Die meeste mense verstaan dit nie.

Dit word dikwels deel van 'n voorsetselkonstruksie met *op*:

Die Namakwalandse blomme is nou *op die/hulle mooiste*.

'n Baba is vir my *op die/sy mooiste* *as* hy slaap.

Die oortreffende trap kom daarenteen nie na die onbepaalde lidwoord 'n voor nie:

*Ek ken 'n mooiste meisie.

Maar wanneer dit 'n koppeling vorm met *aller-* kan dit wel:

Sy het *die allermooiste* oë.

Sy het 'n *allervlikste* mondjie.

10.3.1.4 Byvoeglike naamwoorde sonder trappe van vergelyking

Alle byvoeglike naamwoorde wat eienskappe aandui, kan trappe van vergelyking kry, en omdat ons die stambetekenis "eenskap" met dié woordklas assosieer, is die gedagte geregverdig dat alle b.nwe. dié verbuiging toon. Daar is egter veral drie tipes waarby ons nie die vorme kry nie:

- A Daar is woorde waarvan die fonologiese vorm die toevoeging van die betrokke morfeme nie toelaat nie; dan, indien die woord semanties tog vergelyking toelaat, word die vergrotende met *meer* en die oortreffende met *mees* gevorm:

Geheime planne – *meer geheime* onderhandelinge – die *mees geheime* ooreenkomste

Hy was *gebelg* – *meer gebelg* – die *mees gebelgde* mens.

Daar is ook gevalle waar dit nie om *meer* en *mees* gaan nie maar om gehalte en dan kom *beter* en *bes(te)* in gebruik:

'n (goed) *gekwalfiseerde* – *beter gekwalfiseerde* – die *bes gekwalfiseerde* aansoeker.

Veral voltooide deelwoorde in byvoeglike funksie val hieronder, maar baie hê reeds die vermoë ontwikkel — soms nog met alternatiewe vorme:

geneë – *meer geneë* of *geneëner* – die *mees geneë* of *geneënste*
opgetoë – *meer opgetoë*/opgetoëner – die *mees opgetoë*/opgetoënste

Hierby moenie die gedagte posvat dat maar by enige woord die *meer* of *mees* gebruik kan word nie. Om sommer by enige "lang woord" 'n *meer* en *mees* te voeg waar *-er* en *-ste* vereis word, is 'n taalfout, bv.

interessant – interessanter – interessantste

ontsettend – ontsettender – ontsettendste

- B Gewoonlik kry die versterkte vorme ook nie trappe van vergelyking nie, hoewel dit vir prosodiese doeleindes wel voorkom:

"die *asvaal* ou Karoo" word gewoonlik nie "asvaler" en "asvaalste" nie. Wel in gevalle soos:

"Sy't haar *spiksplinternuutste* rokkie aan!"

- C Daar is baie byvoeglike naamwoorde wat nie 'n eenskap gee nie; wat net beteken "wat met die stamwoord saamhang": die een ding kan nie "plantkundiger" of "getrouder" as die ander wees nie. Hieronder is daar baie voltooide deelwoorde, maar ook ander:

gekonsolideerde (wette), geleide (projektiese)

gekuiste (boeke) . . . en

dooie (insekte), gelykop (uitslag) . . .

Enkele van hierdie soort het egter reeds 'n gevoelswaarde ontwikkel waarby dan tog vergelyking moontlik is:

'n *gemaakte* speelding, maar

'n *gemaakte* vriendelikheid – meer gemaak – die mees gemaakte

....

'n *wetenskaplike* artikel, maar

'n *wetenskaplike* benadering – meer wetenskaplik – die mees wetenskaplike

10.3.2 *Versterkte vorme*

Hulle het dikwels uit samestellinge ontstaan na aanleiding van 'n vroeëre vergelyking wat dan “gekondenseer” is:

“So skraal soos 'n riet” word “rietskraal”.

Baie kan nie so tot 'n vergelyking teruggevoer word nie; hulle is egter almal samestellings en almal word as een woord geskryf:

bloedrooi, veerlig, tjoepstil . . .

Sommige se betekenis is só dat dit nie eintlik versterk nie, maar eerder sê watter aard, soort of tipe, soos *hemelsblou* teenoor *potblou*. Ook hulle word soms in bloot versterkende betekenis gebruik:

In die Midde-Ooste bly die leërs *slaggereed*.

Hy is *slaggereed* vir die eksamen.

By verskillende noempotensies van dieselfde woord en by polisemiese gevalle is daar dikwels verskillende versterkte vorme:

Hy het my *haarfyn* beduie hoe die pad loop.

Dis sommer 'n *piekfyn* stuk werk.

Kyk net hoe *ragfyn* is die weefsel.

Omdat woordeboeke hierdie vorme wel opneem maar nie onder die b.n.w. sodat 'n mens dit kan naslaan nie, volg hier 'n lys vir naslaandoel-eindes. Om ruimte te bespaar staan hier net die versterkte vorm, maar só gerangkik dat die b.n.w. as **grondwoord** in alfabetiese volgorde is:

Kolomme van bo na onder en van links na regs.

morsaf	borriegeel	(bittermin)	papsleg
rûensagteroor	goudgeel	(bloedmin)	ystersterk
brandarm	knalgeel	doodmoeg	bladstil
straatarm	stapelgek	poedelnakend	botstil
doodbedaard	(slaggereed)	papnat	doodstil
wêreldberoemd	houtgerus	sopnat	grafstil
galbitter	doodgoed	broodnodig	stokstyf, snaar=
lelieblank	doodgewillig	splinternuut	vreksuinig
doodsbleek	spotgoedkoop	kraaknuut	asynsuur
stokblind	seepglad	vonkelnuut	doodswak
potblou	spieëlglad	penorent	kuikenswak
(baftablou)	dolgraag	horingoud	gitswart
(hemelsblou)	grasgroen	stokoud	pikswart
dankieby	lewensgroot	doodreg	skeeusnaaks

dolbly	kliphard	loodreg	doodtevrede
kakelbont	snikheet	kersregop	bottoe
hemelsbreed	glashelder	pylreguit	digtoe
(kniediep)	klokhelder	reëlreguit	pottoe
botdig	kristalhelder	balrond	asvaal
potdig	hemelhoog	koeëlronde	neutvars
knuppeldik	bloedjonk	bloedrooi	bankvas, paalvas
trommeldik	poedelkaal	knalrooi	rotsvas
pikdonker	klinkklaar	skatryk	dolverlief
stikdonker	piepklein	papryp	smoorverlief
morsdood	yskoud	papsaf	moddervet
stokdoof	hoepelkrom	papsag	spekvet
smoordronk	smoorkwaad	doodsiek	propvol
horingdroog	(boeglam)	kraaksindelik	stampvol
kurkdroog	ellelang	windskeef	stikvol
plankdun	dolleeg	beeldskoon	wildvreemd
peperduur	doodlekker	silwerskoon	voëlvry
doodeerlik	skreeulelik	rietskraal	vuurwarm
bloedeie	springlewendig	heuningsoet	(botweg, bw.)
stokflou	helderlig	stroopsoet	bloedweinig
perdfrys	veerlig	suikersoet	lykwit
haarfyn	brandmaer	pekelsout	spierwit
piekfyn	hondmak	blitssnel	wawyd
ragfyn	doodmaklik		

DIE TELWOORD: SY VOORKOMS EN SKRYFWYSE IN SINNE

Telwoorde is veelsydig: hulle toon kenmerke van enige van die woord-klasse in die naamwoordgroep, maar onderskei hulle altyd daarin dat hulle **tel**.

11.1 Soorte

Solank soos die telwoord die presiese, **bepaalde** getal gee, kan dit maklik onderskei word:

een, sewe, vyftien, 13346. . .

in gebruike soos:

A Pietie het *vyftien* albasters.

B Jy moet vir my *sewe* (daarvan/vuurhoutjies) gee, asseblief.

C Daar is verlede jaar *1345* mense in padongelukke dood.

In C is die telwoord maar net in 'n (ander) kodeskrif, in gesproke taal (wat basies is) is daar nie verskille tussen die vorme nie.

Ons noem hulle **bepaalde hooftelwoorde**, teenoor die **onbepaalde hooftelwoorde** soos die volgende, waarby daar moeiliker onderskeidinge bykom:

D Die grondbaron het *baie* plase.

E Sy nuwe motor het nog maar *min* kilometers afgelê.

F Ek het hom *verskeie* kere gewaarsku.

As ons sê: Sy is *baie* siek. is *baie* 'n bywoord, nié 'n telwoord nie.

As ons sê: Hy werk *baie*. en iemand eis dat ek móét sê wat *baie* is, sal ek sê dis 'n telwoord!

Met behulp van telwoorde kan ons ook rangskik of orden:

G Armstrong was die *eerste* mens wat op die maan gestaan het.

H Jannie het die *eerste* gekom in die wedloop.

I Die firma het nou 'n *derde* motor aangekoop.

So 'n presiese rangorde word met behulp van **bepaalde rangtelwoorde** gegee, teenoor die skaarser **onbepaalde rangtelwoorde** in:

J Toe ek hom (vir) die *soveelste/honderdste* keer moes waarsku, het ek my begin vererg.

K Die *hoeveelste* is dit vandag?

Die telwoorde is 'n geslote woordklas: hoewel 'n mens in der ewigheid sou kan aanhou **tel**, is die **taaleenhede** waarmee ons tel, wat dus as telwoorde gebruik word, nogal baie beperk. Toets maar self!

Ons kan hulle só tabelleer:

	<i>Hooftelwoorde</i>	<i>Rangtelwoorde</i>
<i>Bepaalde</i>	nul, een, twee, der- tien, dertig, driehonderd, dui- send, 'n mil- joen . . .	eerste, sesde, vyftiende, dertigste, driehonderdste, dui- sendste, miljoen- ste . . .
<i>Onbepaalde</i>	baie, veel min geen hoeveel enkele verskeie/verskil lende sommige party/heelparty tallose talle, tiental . . . hope honderde duisende miljoene	soveelste hoeveelste honderdste . . .

Met die onbepaalde telwoorde beweeg ons in 'n grensgebied; dis dikwels moeilik om duidelik tussen onbepaalde telwoorde, maatnaam, voor-
naamwoord en b.n.w. te onderskei. Of dit hoegenaamd nodig is, is 'n vraag.

Ons kan egter op die volgende wys:

Enkele: In: Hy het *enkele oomblikke* vertoef.
en: Ek het hom 'n *enkele keer* gesien.
is *enkele* 'n telwoord. Maar in:
Die struik dra *enkele* (en nie *dubbele*) *blomme*.
is *enkele* 'n b.n.w. Die vorm *enkel* (in: *enkel* en *alleen*) is
iets anders (dikwels 'n bywoord).

Verskeie/verskillende: Waar dié twee woorde sinoniem is vir *taamlik baie* of 'n
aantal is hulle telwoorde:
Ons het *verskeie/verskillende* mense dieselfde storie hoor
vertel.
As *verskillende* beteken *ongelyksoortig* is dit 'n b.n.w.:
"Verskillende mense hou verskillende menings daarop
na."

Sommige/party: Dié twee woorde word meestal voornaamwoorde ge-
noem, en hulle is dit ook (soos ons daar sal aantoon),
maar omdat hulle 'n sekere telwaarde het, kan hulle ook
hier ingedeel word; die grens is hier vaag.

Talle/tientalle/ Dié woorde skep probleme: *tallose* is skynbaar 'n b.nw.,
hope /tallose: die ander drie maatname in die mv., maar hulle beteken
 het verskuif van dié van die ekv. (waar dit nog bestaan).
 Nou beteken hulle bloot “geweldig baie”, en sintakties
 tree hulle soos telwoorde op.

Opmerking:

Om die afsonderlikheid van die onbepaalde telwoord, die maatname en versamelname, onderskei sommige grammatici 'n woordklas **hoeveelheidswoorde**, waarvoor daar veel te sê is. Sintakties verskil hulle m.i. egter onderling te veel om saam gegroepeer te kan word.

Daar was *talle/hope* mense by die see.

Tientalle/tallose dooie skape het in die veld gelê.

Die meervoudsvorm is hier kenmerkend, en daarby sluit ook die gebruik van die volgende aan om bloot “baie/geweldig baie” te beteken.

Honderde/duisende/miljoene (sprinkane) het op die lande toegesak.
Honderdste in 'n sin soos:

“Dit was (seker) die *honderdste* keer dat dit gebeur.”
 is ook onbepaald, naas die bepaalde rangtelwoord in:

“Die *honderdste/duisendste/ . . .* klant sal 'n prys kry.”

11.2 Lidwoord ≠ telwoord ≠ byvoeglike naamwoord

In hoofstuk 9 het ons gesien dat die telwoorde tussen die lidw. en die b.nw. kom. Hier noem ons net die volgende:

11.2.1

In sy presiese telbetekenis gebruik ons die hooftelwoord sonder die lidwoord, behalwe by *miljoen*:

Ons het *sewentien* motors sien verbygaan.

Die tender vir die gebou is presies 'n *miljoen* rand.

Hierdie 'n beteken slegs *een*.

Maar: Die motor kos ('n) *duisend* rand.

Of die laasgenoemde voorbeeld ook 'n verskil inhou tussen die twee moontlikhede is nie seker nie; by gewone (gewoonlik ronde) getalle dui die 'n daarby 'n **benaderde** getal aan; sonder die onb. lidwoord is dit presies:

Daar was *twintig* mense by die vergadering.

Daar was 'n *twintig* mense by die vergadering.

11.2.2

Saam met die bepaalde lidwoord *die* kry die telwoord eerder 'n bepalande, selfs 'n deiktiese, waarde, naas 'n telwaarde:

Hy het *sewe* seuns gewaarsku.

sê **hoeveel seuns** hy gewaarsku het. As dit lui:

Hy het *die sewe* seuns gewaarsku.

sê dit **watter groep seuns** hy gewaarsku het.

Aansluitend hierby moet ons verwys na die gebruik van telwoorde saam met voornaamwoorde:

Ons drie het saam gewerk.

beteken dat "ons" uit drie bestaan het. In dié sin kom die Anglisistiese

**Die drie van ons* het saam gewerk.

dikwels voor. Net soos by *ons almal* (§13.9.1) kan ons net by 'n partitiewe begrip 'n *van* kry; anders volg die telwoord of die onbepaalde vnw. onmiddellik op die pers. vnw.

11.2.3

As ons i.v.m. rugby van 'n *drie* praat, is dit 'n s.nw., soos ook:

Hy het by die agste putjie 'n *twee* behaal/geslaan. (Golf)

Bradman het gou sy eerste *ses/vier* geslaan. (Krieket)

In hierdie gevalle dui dit op sekere begrippe, maar in die volgende is dit blote aanhalingsgevalle:

Skryf 'n *sewe*/7 voor die *ag*/8.

'n *Vyf*/5 is 'n lastige syfer om te maak.

11.2.4

Ook by die onbepaalde telwoorde is die lidwoorde seldsaam:

Die onbep. lw. 'n kom net voor *enkele* voor; dan dui dit op 'n eenmalige voorkoms, terwyl *enkele* andersins *baie min* beteken:

Ek weet slegs van *enkele* gevalle.

Ek weet slegs van 'n *enkele* geval.

Die bep. lw. *die* kom nie by *veel*, *geen*, *sommige*, *party* en *hoeveel* voor nie; as dit by die ander voorkom, het dit dieselfde **bepalende** waarde as by hooftelwoorde:

Die baie (*min*, *enkele* . . .) *gevalle* is 'n epidemiese verskynsel.
(d.w.s. die reeds genoemde *baie* . . . gevalle).

Trouens, by vraagwoorde (soos *hoeveel*) kom die lw. nooit voor nie; *geen* is histories en semanties die antoniem van 'n (= een) wat die bep. lw. dus uitsluit; *sommige* en *party* is waarskynlik vnwe. waarby die lw. nie kàn voorkom nie.

11.2.5

By al die rangtelwoorde is die bep. lw. *die* noodsaaklik:

Boland het *die derde* op die puntelys geëindig.

Hy staan *die sewende* in die ry.

ook, vanselfsprekend, as 'n s.nw. volg:

Sy beklee *die vierde posisie* op die ranglys.

Natuurlik kan 'n ander woord uit die lidwoordparadigma voorkom:

Hy het sy *tweede seun* vir dokter laat leer.

In spesiale betekenisvelde kom 'n wel voor:

Hy het 'n *eerste* en twee *tweede* plekke in die swemkompetisie behaal.

11.2.6 Ons kan soos volg saamvat:

- I. **Rangtelwoorde** (§11.2.5) word slegs **gebruik ná die bepaalde lidwoord “die”**.
- II. **Die onbepaalde lidwoord “’n”** kan die telwoord *een* vervang in telwoordgroepe (= “groot getalle”) (§11.2.1) en by *enkele* (§11.2.4); anders beteken dit “ongeveer” (§11.2.1).
- III. Egte (tellende) **hoofdelwoorde** — bepaald en onbepaald — word **sonder lidwoord gebruik**, maar val ook nie in die lidwoordparadigma nie; hulle het nie die deiktiese waarde van die lidwoordparadigma nie.

Hulle word ook **nie byvoeglik gebruik** nie, hoewel hulle onmiddellik vóór die s.nw. kan staan en dus lyk soos attributiewe b.nw. ’n Toets toon:

(a) In:

Daar was ’n *twintig mense* by die vergadering.
is dit duidelik dat ’n nie by *mense* hoort nie; wel by *twintig* wat hier ’n **maatnaam** word, sowat soos *twintigtal*.

(b) Ons kan nie sê:

Die mense was *twintig/sewe/baie/min* . . .
nie. D.w.s., die hoofdelwoord kan nie as predikatief dien nie. Daarenteen kan ons wel sê:

A Die mense was *te veel/baie/min* . . . waar die bw. *te* dit moontlik maak en

B Die *kos/water was baie/min* . . . waar die nie-telbare begrip daarmee geprediseer kan word.

(Ek het die indruk dat ’n mens soms reeds wel hoor:

“Die besoekers was (vanjaar) *min/baie/minder/meer* . . .”

hoewel ons verkies om te sê:

“Daar was *min/baie/minder/meer* besoekers . . .”)

11.3 Ander onderskeidings by telwoordgebruik

11.3.1 Breuke

Die **noemer** van ’n breuk is nie ’n (rang-)telwoord nie; dis ’n selfstandige naamwoord. Die teller by die breuk is wel ’n telwoord, só:

$\frac{3}{8}$ skryf ons in woorde *drie agstes*, waar *drie* dan ’n telwoord en *agstes* ’n s.nw. in die meervoudsvorm is.

So ook: *sewe tiendes*; dertien *drie (-)en(-)twintigstes* en $\frac{1}{2}$: ’n halwe, $\frac{1}{4}$: ’n kwart/een kwart/een vierde, $\frac{3}{4}$: drie kwart/drie vierdes.

As ’n (sê) appel in 4 gelyke dele verdeel word, sal ons drie van dié dele kan noem: *drie kwarte* as ons hulle afsonderlik hanteer, maar as een persoon drie van dié dele opgeëet het, het hy *drie kwart* van die appel opgeëet.

Baie selde word daar in Afrikaans van sekere agterlynspeleers in ’n rugbyspan gepraat as *driekwarte*.

11.3.2 Tydsduur

Die rit het *ses uur* geduur.

Hier is *ses* 'n telwoord; *uur* is 'n s.nw. in die ekv. soos ons dit meestal by meervoudige telwoorde gebruik kry (§9.5.1.2). So ook:

Hy het *twaalf jaar* daar gewoon.

Daarteenoor praat ons van *tien sekondes*, *minute*, *dae*, *weke*, *maande*, *dekades* . . .

Maar die woorde *kwart* en *half* is net soos *vol* byvoeglike naamwoorde:

Die emmer is *half/kwart* met water. maar: *vol* (van) water.

Dus sê ons (met lidwoorde):

Wag net 'n *kwart uur*/'n *kwartier*.

Ek sit al 'n *driekwartier*/'(n) *drie kwart uur* hier.

Hy het my 'n *halwe appel*/'n *halwe uur* tyd gegee.

Maar:

Hy gee my 'n *halfemmer meel*/'n *halfuur* tyd.

omdat *half* alleen die predikatiewe vorm is (Die emmer is *half* met water.) terwyl *halwe* die attributiewe vorm is. (*Woordelys* 1964, bl. 51)

Daarom moet ons sê:

Die emmer is *half vol* water.

en:

Die eier is *half gaar*.

want hier is *half* 'n bywoord en word nie verbuig nie. In *halfslyt*, *halfwas* e.a. het ons ou woordvorminge.

11.3.3 Tyd van die dag ≠ tydstop

Die rit het (om) *sesuur* begin.

Hier is *ses-* nie 'n telwoord nie; *sesuur* is 'n sekere oomblik vasgestel volgens die horlosie en is 'n samestelling wat 'n s.nw. vorm, hier met die funksie (met of sonder die voorsetsel *om*) van 'n bywoord. Om dié rede word al *twaalf* die "ronde ure" as een woord geskryf met koppeltekens waar 'n opeenhoping van klinkers die woordbeeld vertroebel:

eenuur, twee-uur, drie-uur, vieruur, vyfuur, *sesuur*, sewe-uur, ag(t)uur, nege-uur, tienuur, elfuur, twaalfuur.

Om dieselfde rede as hiervoor in §11.2.3 word die "halfure" ook vas geskryf:

halfeen, halfdrie, . . . halfelf, halftwaalf.

Maar al die ander tydaanduidinge word as los woorde geskryf, wat hulle inderdaad ook is:

Dit is nou kwart voor/oor een.

. . . . tien (minute) voor/oor drie.

. . . . ses-en-twintig (minute) voor/oor/na vyf . . .

O.a. om die eendersklinkende *oor/voor* neem die neiging toe om te sê:

Dit is *ses twaalf* (i.p.v. *twaalf (minute) oor ses*)

en *sewe ses-en-veertig* (i.p.v. *veertien voor ag*).

Vir sekere gebruike (veral wetenskaplik en tegnies) word 'n 24-uur-

stelsel só gebruik:

Dit is *drie uur veertig* (i.p.v. twintig voor vier voormiddag)

en *twee-en-twintig uur sestien* (i.p.v. sestien oor tien nm.)

Om internasionale verkeer te standaardiseer, is ooreengekom om tye van die dag met die syferkode só te skryf:

ag minute oor drie voormiddag: 03h08

twintig minute voor vyf voormiddag: 04h40

sestien minute oor tien namiddag: 22h16

'n Jaargetal is 'n selfstandige naamwoord, net soos 'n dagdatum en 'n maandnaam, en vorm baie dikwels deel van 'n voorsetskonstruksie met bywoordelike funksie:

Jan van Riebeeck het *op die sesde*

. . . . *in April*

. . . . *in 1652*

. . . . *op 6 April 1652* die Kaap bereik.

Wanneer gebeure wat in die loop van 'n dekade (of dekades) kenbaar geword het, genoem word, gebruik 'n spreker dikwels die uitdrukking:

die dertigerjare

of: die jare dertig

en ook:

Gedurende die *dertiger- en veertigerjare* is lewensopvattinge omvergegooi.

of: In die *jare vyftig* en *sestig* het vervlakking ingetree.

11.3.4 Skryfwyse van getalle

Die Taalkommissie (van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns) het dit nog nie nodig gevind om uitsluitel te gee oor die skryfwyse van gewone getalle nie, sodat ons daarby vryheid van skryfwyse het. Daarmee bedoel ons die gewone getalle waarby die gewone telwoorde gegroepeer word; die basiese telwoorde se spelling is immers vasgestel (*een tot twintig, dertig, veertig tot honderd, duisend, miljoen, biljoen, triljoen, miljard*; wat laasgenoemdes ook al mag beduie).

Nogtans word die volgende as die mees gebruiklike neiging beskou by die skryfwyse van gegroepeerde getalle:

ses-en-twintig

tweehonderd-en-drie

driehonderd ses-en-twintig

seweduisend driehonderd ses-en-twintig

twaaalfmiljoen seshonderdduisend

(Saamgevat: miljoene, duisende en honderde as eenheidsgroepe geskryf; weerskante van *-en-* 'n koppelteken!)

Die beskouing dat 'n mens in 'n geskrewe stuk (soos skoolopstelle!) nie 'n getal in syfers mag skryf nie, is verspot! 'n Kort getal (vyf, sewentig, driehonderd, tweemiljoen . . .) kan seker maar in woorde geskryf word; om iets soos 367482 in woorde te skryf, is 'n onverskoonbare stommitheit van iemand wat sy leser nie in ag neem nie.

DIE SINTAKSIS VAN DIE LIDWOORD

12.1

In lewende Afrikaans is daar net twee lidwoorde, nl. *die* en *'n*, wat ons ook net in een posisie in 'n sin aantref, nl. *voor* (hoewel nie noodwendig onmiddellik voor nie) 'n selfstandige naamwoord of 'n telwoord in substantiewiese funksie waarmee dit saamgaan:

'n mens, 'n ou man, die sterkste kêrel, die sterkes, die twee, die oudste twee, die oudstes . . .

12.1.1

As ons sê "voor 'n s.nw." bedoel ons dat dit aan die s.nw. voorafgaan in 'n konstruksie waarvan die s.nw. die hoof is (en nie sommer net toevallig êrens voor nie).

Ons bedoel ook dat alles wat (miskien) tussen die lidwoord en die betrokke s.nw. kom, deel van dié s.nw.-konstruksie vorm en bepalers van dié s.nw. sal wees:

'n gawe seun

die mooi blom

'n reeds herhaaldelik genoemde feit

die te vroeë en vir die volk rampspoedige dood van die generaal.

12.1.2

Ons kry ook nie voor alle selfstandige naamwoorde 'n lidwoord nie:

A: daar kan sekere ander, deiktiese woorde die plek van die lidwoord inneem, die lede van die lidwoordparadigma:

My vriend, watter huis, daardie kêrel . . .

of B: die s.nw. kan sonder die lidwoord gebruik word (§9.4.3):

Sand word in beton gebruik.

Vriendskap is een van die mooi dinge in die lewe.

Beeste word meestal uit Suidwes ingevoer.

12.1.3

Waar 'n s.nw.-konstruksie 'n maatnaam of 'n besitter bevat, hang 'n lidwoord wat voorafgaan met die maatnaam/besitter saam en nie met die hoof van die konstruksie nie:

'n Groot klomp mense was teenwoordig.

Ons het 'n geweldige groot *swerm* bye gevang.

Hulle het *die* skaam *dogtertjie* se *pop* teruggegee.

Wie ken 'n hartseer *moeder* se *gevoelens*?

In hierdie gevalle staan die lidwoord dus nog steeds voor 'n s.nw., nou 'n maatnaam of 'n besitter.

12.2 Bepaalde en onbepaalde lidwoord

Waar die **bepaalde lidwoord** *die* by 'n s.n.w. voorkom, word aanvaar dat sowel spreker as hoorder weet watter besondere iets/iemand deur dié s.n.w. genoem word; alleen dit wat die spreker nou van dié iets/iemand sê, is vir die hoorder (in verband met *die iets/iemand*) onbekend; die predisering deel mee wat vir die hoorder nuus is.

Dit geld oral waar *die* gebruik word: daar het ons te doen met 'n spesifieke saak, 'n uitwysbare, bepaalde iets/iemand:

A Die man in die motor het teen die rooi lig oor die straatkruising gejaag en die klaer raakgery, maar nie stilgehou nie.

Daarteenoor het ons die onbepaalde lidwoord 'n: dit kom voor by 'n "telbare" selfstandige naamwoord in die enkelvoud, as die spreker nie 'n bepaalde, uitwysbare saak wat vir die hoorder bekend is, noem nie:

B 'n Dom mens kan nie 'n ander mens leer nie.

C As 'n wiel van 'n motor vasslaan, is 'n ongeluk onvermydelik.

Dit is duidelik dat ons in sin A van vyf sake praat wat reeds gespesifiseer is en dus bekend aan dié vir wie dit aangaan. In sin B en C het ons met ongespesifiseerde sake te doen; wat gesê word geld vir enigeen wat met die betrokke s.n.w. (+ b.n.w.) genoem kan word. Dit is in die volgende soort sin anders:

D 'n Familielid het op 'n dag 'n nare ondervinding met 'n onbeleeftde amptenaar gehad.

Hier is elke s.n.w. slegs van toepassing op één bepaalde persoon/geval; maar dié persoon en dié geval word nie geïdentifiseer nie (miskien wel later in die uiting). Ons vind ook dat die uiting (hier dalk 'n vertelling) hiervandaan kan voortgaan asof die blote noem van so 'n ongeïdentifiseerde persoon/geval wêl identifisering inhou en nou die bepaalde lidwoord regverdig:

... Die familielid het vir die amptenaar gevra wat ...

Daar is egter 'n geval waar die waarde van die bepaalde en die onbepaalde lidwoord gelyk is; as ons in nugtere (wetenskaplike?) taal soort- of klasaanduidend praat:

die/'n mens is wederstrewig.

die/'n muis is 'n soogdier.

die/'n volstruis kan baie vinnig hardloop.

Hierby moet ons oplet:

In elke geval kan ons ewe goed die **meervoud** van die s.n.w. (in die onderwerp) gebruik, maar dan alleen **sonder lidwoord**; dan moet die s.n.w. as predikatief ook in die mv. staan:

Mense is wederstrewig.

Muise is soogdiere.

Volstruise kan baie vinnig hardloop.

en nie

*Die muise is soogdiere.

of: *Die volstruise kan baie vinnig hardloop.
nie, want dan sal ons slegs van spesifieke *muise/volstruise* . . . praat en nie

van die klas nie.

Ons kan egter net sê

Die telefoon is deur Bell uitgevind.

Henry Ford het *die motor* binne almal se bereik gebring.
en nie met 'n nie, tensy daar 'n betekeniswysiging mee saamgaan.

Ons verwys na §9.5.4 by **naamval** onder die s.nw. vir die behandeling van **taalfossiele** by die lidwoord.

12.3 Differensiasie: s.nw. met/sonder lidwoord

Daar is 'n paar soorte konstruksies waarin die gebruik van die lidwoord òf sy afwesigheid 'n belangrike betekenisverskil inhou:

12.3.1

In die voorsetselfkonstruksies met voorsetselfunksie (§4.1.9) kom die lidwoord nie voor nie (behalwe in die *ten/ter*-gevalle):

in staat tot; deur toedoen van; op grond van; op versoek van; aan boord van . . .

Dié konstruksies het nie 'n opposisie met 'n lidwoord nie.

12.3.2

In 'n reeks ander voorsetselfkonstruksies, dié slag met 'n voorsetself net aan die begin daarvan, is daar 'n verskil tussen die vorm met of sonder lidwoord:

Die perde staan *op stal*.

Die pampoene is *op die stal* (se plat dak) gepak.

Hulle lê ons vryheid *aan bande*.

Daar is spelde *aan die bande* om met die vasmaak te help.

Party het nie normaalweg 'n gebruik met die lidwoord nie, alhoewel 'n konteks wel bedink kan word daarvoor. Ander sulke konstruksies is:

op kantoor	op slot	op pad
op versoek	aan boord	aan kant
op dreef	op stryk	van stapel
na regte	aan wal	na skool
aan tafel . . .		

Ook:

iemand voor stok kry.

iets agter slot en grendel hou

Die vakansie is *ophande*.

Die winkelier het 'n groot voorraad *voorhande*.

waar die woorde in die laaste twee sinne ook uit sulke konstruksies ontwikkel het.

12.3.3

In die volgende tipe dui die gebruik van die lidwoord op 'n spesifieke geval, terwyl die konstruksie sonder lidwoord op 'n veralgemeende handeling dui. Baie hiervan kan seker maar ook onder §12.3.4 val.

Hy klim *die berg*. ('n sekere berg)

Hy klim *berg*. (gewoonlik; as tydverdryf of liefhebbery)

Hy saai (*die*) *hawer*. (wat hy van plan was om te saai)

Hy saai *hawer*. (as bedryf; en nie koring nie!)

Ander van dié tipe (net dié sonder lidwoord gegee) is:

Sy bak koek/tert . . .

Sy kook kos/konfyt . . .

Sy lap klere/stop kouse . . .

Hy ry perd/fiets . . .

Hy jag hase/grootwild . . .

Hy braai vleis/vis . . .

Hy lei water

Hy soek vrou

Sy soek man

12.3.4

In 'n aantal gevalle vorm die s.nw. sonder lidwoord met die ww. 'n meerledige predikaat; hier het die ww. nie meer sy gewone leksikale betekenis nie:

Hy gee pad

Hy tel tande

Hy vang vis

Hy trap klei (= praat bont)

Hy speel klavier/viool/tennis/voetbal/toneel . . .

Hy hou skool

Sy gee onderwys

Sy hou huis/boek/rekening met . . .

DIE SINTAKSIS EN DIE MORFOLOGIE VAN DIE VOORNAAMWOORD

Dit is 'n geslote woordklas en word nie benoem op grond van sy funksie in die sin nie, maar op grond daarvan dat dit **in plaas van** 'n naamwoord gebruik word. Dit verklaar die naam: dit tree op **vir** (= Nederlands *voor*) 'n naamwoord; dit **vervang** 'n naamwoord, uiteraard meestal 'n **reeds genoemde** naamwoord. Ons sal egter sien dat dit nie altyd so is nie; daar is voornaamwoorde wat nie tot 'n reeds genoemde (selfs enige) s.n.w. teruggevoer kan word nie; hulle is nogtans voornaamwoorde op grond daarvan dat hulle die ander kenmerke van die v.nw. het.

Veral op grond van hulle semantiese waardes, maar ook om sekere sintaktiese kenmerke, word voornaamwoorde tradisioneel in nege soorte verdeel. Omdat daar sulke wesenlike verskille tussen hulle bestaan, is dit beter om die soorte afsonderlik te behandel.

13.1 Die persoonlike voornaamwoord

Ons kan die persoonlike v.nw. as die "primêre" voornaamwoord beskou, omdat die kenmerkende **vervangende** semantiese waarde by hom onmiskenbaar is. Dit kan altyd teruggevoer word tot 'n s.n.w. wat òf reeds genoem is in die bepaalde konteks, òf wat gemeenskaplike kennis by spreker en hoorder is. Hieruit volg dat die pers. v.nw. altyd net substantiewies gebruik kan word.

Hierby moet die woord **persoonlik** ook nie in verband gebring word met die begrip "persoon" in die betekenis "mens" teenoor "ding" nie maar met die deiktiese begrip in die tradisionele grammatika wat by alle uitinge onderskei tussen die **eerste persoon**: dié wat praat, dus: *ek, ons* (opm. B); die **tweede persoon**: dié met wie gepraat word, dus: *jy, julle, u*; die **derde persoon**: dié van wie gepraat word as die eerste of die tweede persoon dit/hulle nie insluit nie, dus: *hy, sy, dit, daar, hulle*.

Opmerking:

- A Weliswaar is ander v.nwe. en alle s.nwe. wat as onderwerpe in sinne dien, ook in die derde persoon, maar alleen vir sover hulle as onderwerpe in 'n sin 'n bepaalde predikaatvorm determineer. Hier gaan dit om die "persoonlike" verhouding waar dit 'n spesifieke, genoemde, bekende iets vervang; selfs as die vervangde 'n "ding" of "dier" is.
- B *Ons* praat nie werklik nie; *ek* praat námens of van *ons*, maar die ander lede van die *ons* word deur die *ek* by hom gegroepeer. (Daar is tale wat onderskei tussen 'n *ons* wat almal optree en 'n *ons* wat verteenwoordig word.)
- C Hier is ruimte vir 'n taamlik eindelose hareklowery; bv.: *ek* vervang nooit die spreker se naam nie; die spreker se naam sou dadelik 3e persoon gewees het. So ook met *jy, u, julle*. Maar dié kenmerk toon juis die wonder van taal: daardeur is 'n eendersheid van derde persone

verander in 'n egosentries geöriënteerde groepering waarin ruimtelike en menslike verhoudings 'n kleurrike persoonlikheid gebring het.

13.1.1 Funksies van die persoonlike vnw.

Ons kan die pers. vnw. toets in die funksie van die s.nw., d.w.s. waar dit gebruik word as

	Enkelvoud					Meervoud				
A. <i>Onderwerp:</i>	Ek	jy	hy	sy	dit	ons	julle	u	hulle	werk hard.
B. <i>Ind. vnw.:</i> Die man gee	my	jou	hom	haar	hom†	ons	julle	u	hulle	baie werk.
C. <i>Dir. vnw.:</i> Hulle sien	my	jou	hom	haar	dit	ons	julle	u	hulle	in die veld.
D. <i>Na voors.:</i> Voor	my	jou	hom	haar	*	ons	julle	u	hulle	lê 'n boek.

Vir † en * §13.1.2/3

Die pers. vnw. het wel 'n gebruik as **besitter**, maar omdat dit dan sintakties ander kenmerke toon, word dit as 'n aparte soort, nl. die **besitlike voornaamwoord** behandel.

Die ander gebruike wat ons by die s.nw. kry, kom nie gewoonlik by die pers. vnw. voor nie, t.w. as bystelling en as predikatief. 'n Baie opvallende en interessante gebruik as predikatief kry ons by J. van Melle in *Bart Nel*, waar die kontekstuering dit vir Bart Nel moontlik maak om te sê:

"My kry hulle nooit, . . . Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog *hy*."
(bl. 199)

13.1.2 "Naamval" (sien §9.5.4)

Dit val dadelik op: by die meeste enkelvoudige pers. vnwe. kry ons telkens twee vorme:

As die pers. vnw. as onderwerp optree, is die vorme onderskeidelik *ek, jy, hy, sy*, (ook *u* kan ekv. wees), maar in die ander gebruike kry ons *my, jou, hom, haar*. (Ons behandel *dit* in §13.1.3). Hierdie vorme is die enigste naamvalsvorme wat in lewende Afrikaans behoue gebly het: dié vormverskille is die gevolg van funksieverskille. Ons noem die vorme *ek, jy, hy, sy* die **onderwerpsvorm** (of **onverboë vorm**) en *my, jou, hom, haar* die **voorwerpsvorm** (of **verboë vorm**).

13.1.3 Die persoonlike voornaamwoord *dit*

1. Dié pers. vnw. *dit* vir die 3e pers. ekv. onsydig kom baie as onderwerp en as direkte voorwerp voor, maar uit die aard van sy betekenis selde as indirekte voorwerp (en besitter). As direkte voorwerp kry ons die vorm *dit*:

Daar is die hamer; gee *dit* aan, asseblief!

As indirekte voorwerp kry ons *dit* soms in 'n konteks soos:

Die kassie was al baie geskraap, toe gee ek *hom/dit* maar weer 'n laag verf.

waar ons *hom* of *dit* gebruik (hierbo gemerk †).

2. "*Dit*" in die plek van 'n klous/sin/bysin

Die voornaamwoord *dit* vervang baie dikwels 'n hele klous/bysin of 'n hele gedagte of reeks gedagtes.

'n Breë indeling gee:

(a) **Dit as voorlopige aktiewe/logiese onderwerp**

Dit is seker dat hy kom.

Dit is so dat die belasting verhoog is.

'n Mens merk meteens dat *dat hy kom* die eintlike onderwerp van die predikaat *is seker* is. *Dit* dien slegs as stut om die plek van die onderwerp te vul; in dié gebruik word *dit* 'n **voorlopige onderwerp** genoem, soos ook in die tipe hierna in (b)

In die sin:

Dit is waar *wat hy sê*.

het ons ook 'n voorlopige onderwerp *dit* wat instaan vir die logiese onderwerp *wat hy sê*.

'n Interessante onderskeiding op grond van definisie (wat egter min werklike nut het) kry ons in 'n vergelyking tussen:

F *Dit* is waar *wat hy sê*.

G *Dit* *wat hy sê*, is waar.

H *Wat hy sê*, is waar.

In F is *dit* persoonlike vnw., voorlopige onderwerp in die plek van die onderwerpsin *wat hy sê*.

In G is *dit* aanwysende vnw., onderwerp van *is waar*, en *wat hy sê* is betreklike (byvoeglike) bysin by *dit*.

In H is *wat hy sê* onderwerpsin by die predikaat *is waar*.

(b) **Dit/daar as voorlopige passiewe/grammatiese onderwerp**

Dit/daar word vertel dat hulle stry gekry het.

Dit/daar word aanvaar dat alle opvarendes verdrink het.

In hierdie sinne staan die hoofsin in die passief; die *dat*-klous is die grammatiese onderwerp; die doener, die logiese onderwerp, word nie genoem nie. In sulke gevalle is albei *dit* en *daar* gebruiklik, hoewel *daar* miskien meer dikwels voorkom.

Dit sluit aan by die gebruik in die passiewe sin (bv.):

“Daar is vannag by die bank ingebreek.”

waar *dit* nie kan voorkom nie.

(c) **Dit verwys na voorafgaande sin(-ne) of gedagte(-s)**

Vergelyk:

Dit kan gebeur *dat* hy betyds kom.

Dit kan gebeur *as* hy betyds kom.

In die sin met *dat* is die *dat*-klous die onderwerp van *kan gebeur*, en *dit* is 'n voorlopige onderwerp soos hierbo in (a) getoon.

In die sin met *as* is die *as*-klous nie die onderwerp van *kan gebeur* nie; *dit sê* wanneer, of *dit* gee die voorwaarde waarop *dit* kan gebeur; en die *dit* verwys na wat vooraf in die konteks gesê is (maar wat nie in die sin voorkom nie). So ook in

X *Dit* is waar *wat hy gesê* het.

Y *Dit* is *wat hy gesê* het.

In sin X is *wat hy gesê* *het* die logiese onderwerp van *is waar*, en *dit* is

voorlopige onderwerp. In sin Y is *wat hy gesê het* 'n predikatief en *dit* verwys na woorde of 'n inhoud wat pas vroeër in die konteks genoem is.

In albei gevalle is *dit* 'n persoonlike vnw. omdat dit na 'n spesifieke taaleenheid, in dié geval 'n sin of klous, verwys en dit vervang.

13.1.4 Voornaamwoordelike bywoorde

As die "3e pers. ekv. onsydig" van die pers. vnw. deel word van 'n voorsetselkonstruksie, tree die vorm *daar* op, altyd tot een woord vergroei met die voorsetsel:

Gee asseblief die stoel nader; ek wil *daarop* sit.

(Waar iemand in so 'n geval sê *op dit*, ens., is dit 'n Anglisisme.)

Net so gebruik ons ook *daarlangs*, *daardeur*, *daarin* . . . waar hierdie woorde nou almal bywoordelike funksie verrig. Omdat hulle nog altyd die sterk voornaamwoordelike inslag het, word hulle **voornaamwoordelike bywoorde** genoem. Dit is goed om te vergelyk:

A Die pen lê *by die boek*.

B My broer kuier *by my*.

C Daar lê die boek; sit die pen *daarby*.

Soos *by die boek* 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie is, is *by my* dit ook, en so ook *daarby*. (§4.1.2)

Die bywoordelike funksie oorheers die gebruik hiervan dermate dat die voorsetsels *tot*, *met* en *vir* in dié verbinding deur die bywoorde *toe*, *mee* en die ou vorm *voor* verteenwoordig word:

Die vergadering het *daartoe* oorgegaan om . . .

Hy skil die appel *daarmee*.

Hy gebruik 'n lepel *daarvoor*.

As die spreker 'n groter onmiddellikheid wil aanwys, gebruik hy dikwels *hier-* in plaas van *daar-*:

Hy skil die appel *hiermee*

maar nou is *hier-* (en ook *daar-*?) eerder aanwysende as persoonlike vnwe. (§13.7); die grens lê dikwels bedek onder die bedoeling van die spreker.

Want *daar*, en ook *hier*, is inderdaad voornaamwoorde. Soos die selfstandige naamwoord met plek- en met tydbetekenis sonder meer in bywoordelike funksies gebruik kan word (§9.3.2, §4.1.6), tree sy plaasvervanger, die voornaamwoord met plek- en met tydbetekenis, ook sonder wysiging op in bywoordelike gebruik. Dit gaan by voornaamwoorde egter verder en sluit hoedanigheidsbegrippe in. Naas *daar* en *hier* is ook *dan*, *toe*, *so*, *dus*, *sulks/sulke* voornaamwoorde met 'n stellige en aanwysende aard, teenoor die vraende voornaamwoorde *waar*, *wanneer*, *hoe*, wat almal slegs in bywoordelike funksie voorkom. Verskeie tree ook in verbinding met voorsetsels of bywoorde op met bywoordelike funksie. Hoewel hulle meestal onder ander voornaamwoorde ingedeel word (veral aanwysende en vraende) staan hulle in oorsprong in net so 'n "persoonlike" verhouding met die plek, tyd of hoedanigheid waarna hulle heenwys, as wat *daar* staan met die s.nw. wat hy vervang, en daarom noem ons hulle hier aan die begin.

In Eitemal (*Jaffie*, bl. 9) se sin:

“*Dan* kyk hy ’n rukkie wyd oor die bulte weg, asof hy die antwoord van daar verwag.”

kan ons iets hiervan nagaan. *Dan* is ’n bywoord, maar hou ’n naamwoorde-like betekeniselement in soos “ná die genoemde gebeurtenis”. ’n *Rukkie* is ’n lw. + s.nw. met ’n bw. funksie; *oor die bulte* ’n voorsetselkonstruksie met bw. funksie, en *van daar* ook ’n voorsetselkonstruksie met bw. funksie, waar *daar* ’n voornaamwoord is as plaasvervanger vir *daardie plek* (?) waarna hy kyk. Ponelis (1968, bl. 175) noem *daar* (en *waar*) die “voorsetselnaamval” van *dit* (en *war*) met goeie rede; ek meen dat “bywoordnaamval” ’n nog presieser naam sal wees. Omdat hulle byna altyd in funksie bywoorde is en bywoorde ’n ope woordklas (hoewel die vnw. ’n geslote woordklas) is, noem ons gewoonlik *daar*, *hier*, *dan* . . . en *waar*, *wanneer* . . . bywoorde, en soms vir onderskeidingsdoeleindes **voornaamwoorde-like bywoorde**. (Kyk §6.2 vir ander gesigspunte.)

~ Dit is belangrik om te onthou dat by die gebruik van **voorsetselwerkwoorde en byvoeglike naamwoorde met vaste voorsetsels** die sin soms vereis dat so ’n voornaamwoordelike bywoord gedeeltelik die voorsetselvoorwerp voorlopig vervang:

Ek maak staat op jou hulp ≠

Ek maak **daarop** staat dat jy my sal help.

Ons is oortuig van sy onskuld. ≠

Ons is **daarvan** oortuig dat hy onskuldig is.

In ’n sin soos:

“Opvarendes vertel dat . . . in Benguela op hulle geskiet is Hulle het **daar** aangedoen om familie op te laai.” (Die Burger, 27.8.1975)

is **daar** ’n voorwerp, wat toevallig plekbetekenis het, en daarom het **daar** nog sy suiwer (voor)naamwoordelike funksie en is nié bywoordelik nie.

13.1.5 *Personifikasie en geslag* (Sien §9.5.3.3)

Ons herinner net: Normaalweg stem die gebruik van *hy*, *sy* en *dit* met die saak se biologiese geslag ooreen. Afrikaans vermanlik egter iets onsydigs dikwels in die gebruik van die pers. vnw.:

Ai tog, my hoed! *Hy* lê al weer by die huis!

As iemand vir ’n motor, trein, vliegtuig, skip of land sy of *haar* sê, pleeg hy ’n Anglisisme. Die volledige verklaring is in §9.5.3.3.

13.1.6

’n Tabel wat die volledige reeks persoonlike voornaamwoorde bevat en tegelyk die tradisionele verband met **persoon**, **getal**, **geslag** en **naamval** toon, volg hieronder. Hier het ons nog (byna) die enigste geval waar genoemde kategorieë deur vormverskille verteenwoordig word in lewende Afrikaans, hoewel ook reeds in vereenvoudigde mate.

	Enkelvoud		Meervoud
	Onderwerpsvorm of Onverboë vorm	Voorwerpsvorm of Verboë vorm (voorsetselnaamval) (bywoordnaamval)	
Eerste persoon	ek	my	ons
Tweede persoon	jy u	jou u	julle u
Derde persoon	Manlik Vroulik Onsydig	hy sy dit	hom haar dit/daar
			hulle

13.1.7 Die vnw. "self"

Hierdie woord verskil van alle ander voornaamwoorde daarin dat dit altyd 'n **aanvulling** is by 'n ander voornaamwoord of 'n selfstandige naamwoord, om daaraan groter **klem** te verleen:

Ek het die karretjie *self* gebou.

Ek het met *hom*/*Jan*/*hulle self* onderhandel.

Jan het *self* die deur oopgemaak.

Elkeen maak *self* sy bed op.

Boetie was *hom* reeds *self*.

Die dak het afgewaai, maar die *gebou self* het min skade gely.

Die hoof was die *hoflikheid self*, maar net so onverbiddelik.

Dit vorm 'n samestelling met *van* in die betekenis

Die motor loop *vanself*.

Eintlik sou 'n naam soos "bekragtigende" of "beklemtonende" vnw. in 'n aparte klas 'n goeie oplossing gewees het, maar daar is reeds twee vnw.-klasse met net een lid elk! Omdat hierdie *self* baie sterk persoonlik is ook daarin dat dit die nouste verband behou met die woord waarop dit teruggaan, word dit as 'n besondere **persoonlike vnw.** ingedeel. In die aantekening sal daarna verwys word as "die vnw. *self*" of net *self*.

13.2 Die besitlike voornaamwoord

Hier het ons te doen met 'n voornaamwoord wat enersyds die gewone voornaamwoordkenmerk van **vervanging** het, en tegelykertyd **besitterskap** aandui. Hierby bestaan daar twee moontlikhede wat ons só kan toon:

In die sin

A Ons kan nie *Piet se boek* kry nie.

kan ons die s.nw. *boek* in sekere sin vervang (as ons weet waarvan ons praat) deur te sê

B Ons kan nie *Piet s'n* kry nie.

Ons kan daarnaas *Piet se* vervang as ons sê

C Ons kan nie *sy boek* kry nie.

en ons kan beide *Piet se én boek* vervang deur

D Ons kan nie *syne* kry nie.

Ons moet dit só ontleed en verklaar:

In A is *Piet se* 'n ondergeskikte besitter by *boek*, wat die hoof is van die voorwerpkonstruksie. In B is *s'n* 'n voornaamwoord wat sowel die funksie van *boek* oorneem as die besittersfunksie van *Piet* bly aantoon; *Piet s'n* is dus nog steeds die voorwerpkonstruksie met die besitlike voornaamwoord *s'n* as hoof en *Piet* daaraan ondergeskik. In C vervang *sy* die besitter *Piet se*; *sy* is hier dus 'n **besitlike voornaamwoord** en val in die lidwoordparadigma. In D vervang die **besitlike voornaamwoord** *syne* sowel die besitter *Piet se* as die hoof van die (voorwerp-) konstruksie *boek*, en word dus die (hele) voorwerp, en tree derhalwe as naamwoord op.

By die besitlike voornaamwoord het ons dus met 'n heel gekompliseerde struktuur te doen.

13.2.1

Die **besitlike voornaamwoord** kan **naamwoordelik** gebruik word en dan die hoof van die sinsdeel vorm; dan het dit 'n dubbele vervangingswaarde: dié van die besitter en die besitting:

- 1e pers. ekv.: Ons het *myne* klaar gemaak.
- 2e pers. ekv.: Ons het *joue/joune/u s'n* klaar gemaak.
- 3e pers. ekv.: Ons het *syne/hare/syne* klaar gemaak.
- 1e pers. mv.: Ons het *ons s'n* klaar gemaak.
- 2e pers. mv.: Ons het *julle s'n/u s'n* klaar gemaak.
- 3e pers. mv.: Ons het *hulle s'n* klaar gemaak.

Opmerking:

Weer eens is dit dieselfde vnw. in die ekv. wat nuwe vorme kry, nl. *ek, jy, hy, sy*, maar ook *dit*:

Sit die prop op die kraffie; dit is mos *syne*.

Die meervoude (en *u*) kry die besittersupplement *s'n*, wat in eie reg 'n besitlike voornaamwoord is.

13.2.2

Die **besitlike voornaamwoord** kan die besitter in die naamwoordkonstruksie vervang en word dan 'n **deiktiese bepaler** in die **lidwoordparadigma** by die s.nw. wat nog die funksie van die betrokke sinsdeel verrig:

- 1e pers. ekv.: Ek het *my boek* vergeet.
- 2e pers. ekv.: Jy het *jou/u boek* vergeet.
- 3e pers. ekv.: Hulle het *sy/haar/sy kleur* vergeet.
- 1e pers. mv.: Ons het *ons boeke* vergeet.
- 2e pers. mv.: Daar lê *julle/u boeke*.
- 3e pers. mv.: Daar lê *hulle boeke*.

Opmerking: Hier kom dié vorme met die verboë vorme van die pers. vnw. ooreen, behalwe dat 3e pers. ekv. onsydig die vorm *sy* (soos die manlike) het. Die mv. bly onveranderd.

13.2.3

Hier lyk die **tabel** dus só, met die vorms vir die **naamwoordelike gebruik** telkens eerste in elke blokkie:

	<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
<i>Eerste persoon</i>	myne — my	ons s'n — ons
<i>Tweede persoon</i>	joune/joue — jou u s'n/die uwe — u	julle s'n — julle u s'n — u
<i>Derde persoon</i>	syne — sy hare — haar syne — sy (die man) s'n	hulle s'n — hulle (die mense) s'n

Opmerking:

Se en *s'n* is albei besittersupplemente; *s'n* is 'n voornaamwoord omdat dit die “besitting” vervang; *se* is nie 'n voornaamwoord nie omdat dit niks vervang nie en bloot deel van die besittersvorm is.

Dit sal 'n geregtigde beskouing wees om te sê dat *s'n* in (bv.) *ons s'n* die “besitting” vervang terwyl *ons* die “besitter” vervang en dat ons dus (in die meervoud en by *u*) met twee aparte voornaamwoorde te doen het.

Se en *s'n* het albei uit die Nederlands *zijn* ontwikkel, wat die besitlike vnw. vir die 3e pers. ekv. manlik en onsydig was.

In Afrikaans het dit in beide vorm en betekenis verbleek sodat dit ook vir die vroulike gebruik word:

My *suster se* hoed.

Enkele ou mense sê nog op Nederlandse patroon:

My *suster haar* hoed . . .

13.2.4 Die besitlike vnw. as deiktiese bepaler

In die konstruksie *my gawe vriend* kan ons die b.nw. *gawe* **aanvul** met 'n verdere b.nw. soos

My ou gawe vriend of *my gawe ou vriend*,

of ons kan die b.nw. *gawe* vervang deur 'n ander b.nw. soos

My getroue vriend.

Ons kan egter nie 'n ander besitlike (of ander) vnw. in die b.nw. *gawe* se plek sit nie:

**My daardie/hulle vriend*

of die besitlike vnw. en die b.nw. omruil nie:

**Gawe my vriend*.

Dit bewys dat die besitlike vnw. en die b.nw. mekaar nie kan vervang nie omdat hulle nie in dieselfde paradigma val nie, en dat ons dus nie kan sê dat die besitlike vnw. 'n byvoeglike funksie verrig nie.

In dieselfde konstruksie *my gawe vriend* kan ons die *my* deur enige ander besitlike vnw. vervang: *jou/sy/haar/ons/julle* . . . *gawe vriend*.

Ons kan ook verskeie ander vnwe. (waarmee ons later verder kennis maak) in dié plek sit:

daardie/watter . . . *gawe vriend*

sowel as die bepaalde en die onbepaalde lidwoord
die/'n gawe vriend.

Om dié rede kan ons sê dat die besitlike voornaamwoord in die **lidwoordparadigma** val en soos die lidwoord en aanwysende vnw. 'n **deiktiese bepaler** is.

13.2.5 *Besitlik = behoort aan ≠ (be)hoort tot*

Ons praat nog deurgaans van die **besitter**; en van die **besitlike voornaamwoord** en daarmee saam die **besittersupplement** en sy **besitting**; asof dit altyd gaan om iets wat **aan iets anders behoort**. Ons moet egter daarmee rekening hou dat dit dikwels gaan om een ding wat **tot 'n ander hoort** of **behoort**.

My skool het gewen.

Hier behoort *skool* nie aan *my* nie; *ek* hoort tot die *skool*.

Veral die supplement *se* word baie in dié betekenis gebruik, en hoewel *se* nie onder die voornaamwoord val nie, dien die volgende aanhalings om te toon hoe die verhoudinge kan verskil:

- A “. . . waar die mense vanmelewe *se* dae vir dood bly staan het . . . , want dis nie somer *se* plekke daardie nie.” (Boerneef: *Boplaas*, 15)
 - B “Suid-Afrika met nog *sy* veelvoud van nasies . . .” (N.P. v.W. Louw — *Liberale Nasionalisme*, 82)
 - C “Dis op hierdie stip van die tyd in die argument dat ons elkeen *se* uiters beperkte kennis . . . ter sake is.” (a.w. 83)
 - D “. . . dwars teen die mening van *sy* vriende in, teen die aanvalle van *sy* vyande, teen die onbegrip van die massa, teen *sy* eie menslike vrees en teen **die** eie diep-wortelende twyfel wat hy met alle mense gemeen het.” (N.P. v.W. Louw: *Groot Kuns*)
- (Let hier op “**die**” wat eintlik die waarde van 'n besitlike vnw. het.)
- E “. . . hy weet dat dit nie anders kon gewees het nie en dat dit *sy* droom *se* gestalte is —” (a.w.)
 - F “. . . ek kan nie vandag *se* probleme oplos sonder om gebruik te maak van wat ek gister of 'n week gelede of tien jaar gelede geleer het nie. Die daad *se* oomblik self is so dom soos 'n kind.” (N.P. v.W. Louw: *Liberale Nasionalisme*, 36)

13.2.6 *Jou = die, 'n*

In hulle toesprake gebruik sommige mense *jou* sonder enige besittersverwysing in die lidwoordparadigma met die betekenis *die* of *'n*:

“Dit is *jou* kleinhandelaar wat in *jou* klein dorpie die finansier is en *jou* sukkelende boer oor moeilike tye dra.”

Dit is nie navolgenswaardig nie!

13.3 Die wederkerende voornaamwoord

Die wederkerende vnw. is 'n komplement by die wederkerende werkwoord (§7.6.2.2), sodat dié twee onafskeidelik met mekaar verbonde bly. Die wederk. vnw. word deur die keuse van onderwerp gedetermineer, want dit onderskei hom dáárdeur dat onderwerp en voorwerp (hier die wederk.

vnw.) altyd dieselfde persoon (iets) is; daarom kry ons hier dieselfde persoons-, geslags- en getalskategorieë as by die pers. vnw.

13.3.1

Die **vorm** van die wederk. vnw. stem heeltemal met dié van die verboë pers. vnw. ooreen. 'n Mens kan dus alleen kragtens hulle gebruik in sinne onderskei tussen die verboë pers. vnw., die besitlike vnw. as deiktiese bepaler en die wederk. vnw.

- 1e p. ekv.: Ek **verstom** *my* oor die motorryers.
- 2e p. ekv.: Jy **ontstel** *jou* verniet oor die vooruitsig.
- 3e p. ekv. m.: Hy **verwonder** *hom* aan die skouspel.
- 3e p. ekv. v.: Sy **verlustig** *haar* in die blomme.
- 1e p. mv.: Ons **beroem** *ons* op ons stoere voorgeslag.
- 2e p. mv.: Julle **skaar** *julle* altyd by ons teenstanders.
- 2e p. (hoflik): U **kwel** *u* onnodig oor die werk.
- 3e p. mv.: Hulle **eien** *hulle* ander se goed toe.

Opmerking:

In ons talesituasie in Suid-Afrika is dit nodig om daarvan kennis te neem dat die voorkoms van die wederk. ww. 'n gewone verskynsel in ons talefamilie is, waar dit o.a. in Nederlands, Duits en Frans voorkom. Maar Engels het dit grotendeels verloor. Moontlik onder Engelse invloed is verskeie Afrikaanse wederk. wwe. ook op pad om hulle wederkerende gebruik te verloor, sodat 'n foutiewe vorm ontstaan soos:

*Hy het aan die span onttrek. (Kyk ook §7.6.2.2)

13.3.2

Verskeie (ander) gewoon oorganklike en ander werkwoorde word soms só gebruik dat die voorwerp identities met die onderwerp is:

- A Jannie was soms *die kat* in die bad.
- B Jannie was *hom* reeds self.
- A Hy skeer *sy skape* meestal self.
- B Hy skeer *hom* nie gereeld nie.
- A Hy stel *sy standpunt* met krag.
- B Hy stel *hom* op die standpunt dat
- A Sy hul *die baba* in 'n tjalie.
- B Sy hul *haar* in 'n dik sjaal.
- A Hulle beskou *ons* as hulle vyande.
- B Hulle beskou *hulle* as beter as ander.

In die A-sinne is die kursief gedrukte woord gewone direkte voorwerpe en in die B-sinne is hulle wederkerende voornaamwoorde, waar die **werkwoorde** in die predikate **toevallig wederkerend** is (maar 'n vnw. kan nie toevallig wederkerend wees nie — hulle is altyd dieselfde).

Opmerking:

(Dit is eintlik 'n vervolg op die vorige opmerking in §13.3.1!) Engels het wel hierdie toevallig wederkerende werkwoorde waarby dan 'n wederkerende

vnw. met “-self” só gebruik word:

He *shaves himself* daily.

Om op dié patroon in Afrikaans te sê:

*Hy skeer homself daaglik.

is ’n lelike fout. Natuurlik kan ons met die vnw. *self* enige deel beklemtoon, maar dan sal die intonasie (of die skryfwyse in geskrewe taal) dit van bogenoemde fout onderskei:

Hy skeer hom *self* daaglik.

Hy *self* skeer hom daaglik. †

Hy skeer hom daaglik *self*.

† Dié sin kan beteken dat “hy” ook “iemand anders” skeer. Die gewone is bloot:

Hy skeer hom daaglik.

13.3.3 Wederk. vnw. met “-self”

Daar is tog ’n vorm van die wederk. vnw. in verbinding met -self waar dit nie net met klem te doen het nie, en waar dit as een woord geskryf moet word, veral in twee gebruike:

A Die tipe: *Hy bedrieg alleen homself.*

Jy bluf net jouself.

Sy skaad slegs haarself.

Dit kom voor asof die gebruik van ’n beperkende **bywoord** vóór die wederk. vnw. by ’n sin met ’n **toevallig wederkerende werkwoord** die vorm met -self vereis; maar die **aard** van die ww. speel ook ’n rol. Ons sê bv. nie

*“Jy bluf net **jou** as jy so ’n houding aanslaan.” nie of ook nie

*“Jy bluf **jou** as jy daarop staatmaak.” nie en ook nie

*“Hy skeer net **hom**.” nie.

Lê die verklaring daarin dat in hiêrdie gevalle die (wederk. vnw. as) voorwerp beklemtoon word, terwyl *self* los geskryf die onderwerp beklemtoon? Verklaar dit die verskil (indien dit bestaan) tussen:

Jy moet jou self ondersoek.

Jy moet jouself ondersoek.?

B Die tipe: *Hy is in homself gekeer.*

Hy dink by homself. . . .

Ek is dit aan myself verskuldig om

Jy moet eerlik wees teenoor jouself.

Wees aan jouself getrou

Toe hy weer tot homself kom

Sy het geld van haarself.

Basies is dit dieselfde as dié onder A, behalwe dat hier ’n **voorsetsel** voorkom; die voorsetselvoorwerp is wederkerend. Ook hier is die -self noodsaaklik:

*Hy is in hom gekeer. bestaan nie.

13.3.4 *Sig*

“*Zich*” was die Nederlandse wederk. vnw. vir die 3e pers. ekv. en mv., wat in Afrikaans vervang is deur *hom*, *haar* en *hulle*. *Sig* word egter nog gebruik as

A ons bloot die infinitief van ’n wederk. ww. wil noem, soos:

Sig kwel is goeie Afrikaans vir die Engels *worry*.

B gewigtige sprekers hulle gewig wil laat voel:

So ’n wye onderwerp laat *sig* nie in so ’n kort tydjie afhandel nie. (waar F.I.J. v. Rensburg: *Letterkunde en Moderne Tyd*, bl. 8, sou sê: “Die letterkunde het *hom* ruim laat beïnvloed deur die visuele media . . .”)

C vaste deel van sekere konstruksies soos

op sigself, *in sigself* . . .

waarmee ons by dieselfde soort gebruik as in §13.3.3-B uitkom.

13.3.5 “*Laat*” + ww. + wederk. vnw.

In §13.3.4 hierbo het ons ’n voorbeeld van ’n besondere gebruik van die wederk. vnw., nl. waar die werkwoord *laat* só gebruik word dat dit die handeling van die hoofwerkwoord op die onderwerp terugrig:

“Die letterkunde het *hom* ruim **laat** beïnvloed . . .”

Hy laat hom nie deur koue pampoen op loop jaag nie.

Sy laat haar nie van stryk bring nie.

Ek laat my nie rondjaag nie.

13.3.6 *Wederk. vnw. by ander vnw.*

Ons weet reeds dat die onderwerp in die eerste en tweede persoon beperk is tot *ek*, *ons*, *jy*, *u*, *julle*. Alle ander onderwerpe is in die derde persoon, t.w. die ander persoonlike voornaamwoorde, alle selfstandige naamwoorde en ook alle ander voornaamwoorde wat as onderwerpe kan dien. Saam met wederkerende werkwoorde vereis hulle dan wederk. vnw. van die derde persoon, dus:

Hy kwel hom oor . . .

Die man kwel hom oor . . .

Die dame kwel haar oor . . .

Die mense kwel hulle oor . . .

Wie kwel hom oor . . .

Almal kwel hulle oor . . .

Elkeen kwel hom/haar oor . . .

Maar:

’n *Mens* kwel **jou** tevergeefs oor die dag van môre!

net soos die onbepaalde vnw. (§13.6) ’n *mens* ook deur die pers. vnw. *jy* en besitlike vnw. *jou* vervang word:

’n *Mens* weet nie waarom *jy jou* so moet afsloof vir *jou* oudag nie!

13.4 Die wederkerige voornaamwoord

As ’n spreker ’n *onderlinge* optrede wil oordra, wil sê dat verskillende

mense/dinge só handel dat elkeen deur die ander se handeling geraak word, kan hy die voornaamwoord *mekaar* gebruik:

Die kinders help *mekaar*.

Ons het *mekaar* die eerste keer op 'n pieknick raakgeloop.

Hulle sien *mekaar* daaglik.

Julle moet *mekaar* liefhê.

Omdat die name en die betekenis naby mekaar lê, verwar sommige mense dit met die wederkerende vnw., wat tog totaal verskil:

By die wederkerende vnw. is die voorwerp en die onderwerp dieselfde persoon (of persone).

By die wederkerige vnw. is dit anders: Die onderwerp is noodwendig meervoudig, en die één se optrede raak die ander, terwyl die ander se optrede weer die één raak; dus is die onderwerp en die voorwerp nie dieselfde nie.

Daar is net een wederkerige vnw., nl. *mekaar*. Die vorme “mekander/malkander” is lank reeds verouderd. Die uitdrukking *die een die ander* kom dikwels voor:

Die kinders help *die een die ander*.

Klaarblyklik kan ons nie *die een die ander* 'n (voornaam)woord noem nie; daar is 4 woorde, hoewel hulle “groepsbetekenis” het. *Die een die ander* is 'n konstruksie met voorwerp-funksie. (Hier is *een* 'n telwoord; *ander* word hier in sy historiese betekenis van *tweede*, 'n telwoord, behou, terwyl dit andersins vandag as b.nw. voorkom.)

13.5 Die onpersoonlike voornaamwoord

13.5.1

Daar is net een onpersoonlike vnw., nl. *dit*/(*daar*), wat weer in noue samehang met die onpersoonlike werkwoorde (§7.6.2.3) gebruik word, en wel as onderwerp:

Dit reën hard.

Dit blits aanhoudend.

Dit donder/sneeu/kapok.

Dit is duidelik dat *dit* hier geen vervangingswaarde het nie; 'n mens kan nie sê wie of wat die *dit* is nie. Daarom **onpersoonlike voornaamwoord**. (Ponelis 1968, 51, in sy siening van die persoonlike en onpersoonlike vnw., noem hierdie *dit* die “leë” vnw., wat 'n baie goeie naam kan wees — maar sy gebruik van “onpersoonlike” vir die pers. vnw. *dit* kan ek nie aanvaar nie.)

'n Verwante gebruik van die onpersoonlike vnw. kry ons in:

Dit word donker.

Dit is reeds lig.

Toe *dit* aand word, soek ons slaapplek.

As *dit* warm is, gaan ons swem.

waar 'n koppelwerkwoord met 'n b.nw. of s.nw. as predikatief wat met die weer te doen het, voorkom. Ook predikatiewe met ander stambetekenis word soms so gebruik:

“... , na die streke waar *dit* nog wild en woens is.” (Boerneef: *Boplaas*, 15)

Ook tydaanduiding geskied met die onpersoonlike vnw. *dit*:

Dit is vieruur.

Dit is nog vroeg.

Dit is laat.

Dit is tyd om huis toe te gaan.

13.5.2

Daar is 'n klein getal werkwoorde wat ook met die onpersoonlike vnw. as onderwerp gebruik word:

Dit ontbreek my aan geld om die nodige aan te skaf. ($\neq$ Geld ontbreek my om ...)

Dit verveel hom daar.

Dit gaan goed met hom.

In: Hy het *dit* goed bedoel met jou. is *dit* 'n onpersoonlike vnw. as voorwerp gebruik.

13.5.3

Derdens word die onpersoonlike voornaamwoord gebruik saam met die **kopula** of **koppelwerkwoord** + 'n vergelykingsklous (§7.6.2.4):

Dit is (as)of alles in afwagting stilstaan.

Dit lyk asof hy nooit weer gaan ophou water drink nie.

“(Dit) *lyk* of hy die bekbrandsiek het.” (Eitemal: *Jaffie*, 10)

“Dit is so kwaai vanjaar en *dit voel* al of daar iets trek aan my kieste.” (a.w. 10)

“... kort-kort is *dit* of daar 'n sonbesie in elke oor sing.” (a.w. 9)

“Na vanoggend se wedervarings **kom** *dit* my **voor** asof daardie dag ook nie meer ver is nie.” (A. Blignault: *In Klein Maat*, 14)

In hierdie soort sin is *dit* 'n onpersoonlike onderwerp en die vergelyking-sin is 'n predikatief saam met die koppelww.

13.5.4

Daarbenewens kry ons die onpersoonlike voornaamwoord in die sogenaamde **gesplete sin**:

Dit is hy wat met die storie gekom het.

Dit was toe dat ek hom die waarheid vertel het.

Dit was daar waar/(dat) die motor die pad verlaat het.

Dit is Sannie wat altyd die deur oopmaak.

Dit was verlede week dat/(toe) hy siek geword het.

Dit was voor die huis dat/(waar) hy inmekaar gesak het.

“*Dit* kan nie die demokrasie wees waaraan 'n mens teen die wanhoop in, vasklou nie!” (N.P. van W. Louw: *Lib. Nas.* bl. 78)

Die **gesplete sin** word vollediger onder die afdeling **sinsbou** behandel (§14.8.5). Voorlopig moet ons oplet dat hierdie *dit* ook op niks (in die sin of elders) teruggaan of betrekking het nie.

13.5.5

Wanneer die werkwoord *wees* (gewoonlik in die vorms *is* of *was*) in die betekenis *bestaan* = *voórkom* gebruik word, kry ons dikwels die konstruksie *daar is/was* . . . :

Daar is so iets soos 'n spook.

Daar is nog mense wat sê dat die aarde plat is.

Daar is verskeie siektes waarvoor dokters nog geen raad het nie.

Daar is te kwaai donderweer daar.

“ . . . : *Daar is* dié elemente daarin wat alleen maar . . . ” (E. Botha:

Afr. Essayiste, 91)

Dit val op dat hierdie soort sin eintlik beteken, bv.:

So iets soos 'n spook *is* (= *bestaan*).

Te kwaai donderweer *is* (= *kom*) daar (= op daardie plek) (*voor*).

Die *daar* vul dus die plek in die sin van 'n onderwerp, maar vervang dit nie; dit kom self later voor.

Ook 'n enkele ander werkwoord met verwante grondbetekenis word so gebruik:

Daar leef nog mense wat Genl. Hertzog gesien het.

Daar bestaan maar min oorspronklike Rembrandts.

In hierdie gebruik het die voornaamwoord *daar* geen vervangingswaarde nie. Moontlik vanweë 'n *skyn* van bywoordelike funksie (want *daar* dui op geen plek nie!) kry die onpersoonlike vnw. hier sy “bywoordnaamval”.

Ook die onbepaalde aanvang van 'n storie het *daar*:

Daar was eendag 'n koning . . .

13.6 Die vraende voornaamwoord

13.6.1 Wie en wat

Uit die aard van hulle betekenis vervang die vraende voornaamwoord nie 'n *reeds genoemde* naamwoord nie; dit eis juis dié naamwoord as antwoord. Dit word in vraagsinne gebruik, maar by inlywing (d.w.s. meestal as voorwerpsinne in samegestelde sinne) ook in stelsinne: dan verteenwoordig hulle indirek 'n vraag:

Wie loop daar?

Hy vra *wie* daar loop.

Wie sien jy?

Ek wil weet *wie* jy sien.

Vir wie gee jy dit?

Sy vra *vir wie* hy dit gee.

Aan wie skryf hy?

Sy vra *aan wie* hy skryf.

Wie se kind is dit?

Ek wonder *wie se* kind dit is.

Met/van wie praat hul?

Hy vra *met/van wie* julle praat.

Soos ander voornaamwoorde het die vraende vnw. ook verskillende vorme: *wie* word vir *mense*, beide manlik en vroulik, gebruik, maar ook dikwels in verband met diere, veral huisdiere, en dan meer bepaald die besittersvorm en dié na voorsetsels:

Wie se kalfie is dit? (en jy bedoel watter *koei* s'n!)

Vir wie is die been? (en jy bedoel: vir watter hond!)

In dié geval bly *wie* die vorm vir al die funksies waarin dit gebruik kan word, onderwerp, voorwerpe, besitter en na voorsetsels, soos uit die voorbeelde blyk.

As ons op nie-lewende dinge dui, of iets totaal onbekends, gebruik ons gewoonlik *wat*:

Wat kom daar aan? Kan jy sien *wat* daar aankom? (Dit kan dan mens, dier of ding wees.)

Wat wil hy weet? Sy vra *wat* hy wil weet.

As onderwerp en as voorwerp is die vorm *wat*.

In die uitdrukking “Wat is wat?” het ons dieselfde vraende vnw. twee maal, ook wanneer dit in die indirekte vraagvorm voorkom:

“... en hy moet as peetvader sy nefie vertel *wat is wat* in die wêreld.” (Eitemal: *Jaffie*, 9)

Gewoonlik eis dit die volgorde “... wat wat is ...”

Ook *wie* kom in so ’n vaste konstruksie voor:

... dat jy hom *wie weet waar* kan hoor ...

13.6.2 “*Waar*” met voorsetsels

In al die gevalle waar die pers. vnw. *dit* die vorm *daar* kry (§13.1.4), kry *wat* sy “bywoordnaamval” *waar*, dus:

Waarop sit jy? Hy vra *waarop* jy sit.

Waarmee ry jy?

Waarlangs loop jy?

As iemand in Afrikaans sê: * “Met wat ry jy rond?” is dit gewoonlik onder Engelse invloed. Is dit ook die rede waarom N.P. v.W. Louw skryf (*Liberale Nasionalisme*, 46)?:

“En dan: as jy vra: ‘*deur wat* is die stroom of web van ons Afrikanertradisie gemaak? *Wat* het in ons ingevloei om voort te vloei: *Wat* is in ons ingeweef?’ dan sal ek probeer om ’n ewe kort en skematiese antwoord te gee.”

Ek meen van nee; dit is ’n baie bewuste gebruik om eerstens te onderskei tussen *deur se plek*-teenoor sy *agensbetekenis*; en tweedens om as klankbord vir die herhaalde *wat* daarna te dien..

13.6.3 *Watter* (*waffer(s)*, *wat se*)

As ’n mens ’n keuse uit ’n groep wil maak, gebruik jy die vraende voor-naamwoord *watter*: dit kom in die lidwoordparadigma voor:

Watter motor gaan jy nou weer koop?

Watter (motor) van die groot verskeidenheid motors verkies jy?

Dieselfde woord word vir dinge en mense gebruik, en net soos die ander kom dit ook in indirekte vrae voor:

Watter man is jou neef?

Hoe so ’n gewilde nooi moet weet met *watter* man om te trou, is seker ’n probleem.

As ’n mens ’n onaangename gevoelswaarde aan die saak knoop, gebruik jy dikwels *wat se*:

Met *wat se* nuwe onsin kom hy nou weer hier aan?

Ook: "Stilstaan, Jaffie, *wat se* omswaai-omswaai is dit, . . ." (Eitemal)

Dit het ook die waarde "hoe 'n" sonder gevoelswaarde:

Met *wat se* pen kan 'n mens op plastiek skryf?

As streektaalverskynsel en in die taal van sommige enkelinge kom die vorm *waffer* vir *watter* ook voor:

Op *waffer* land gaan ons vanjaar waatlemoen plant?

Die woord *waffers* het 'n gebruik as b.n.w. in die betekenis *besonders, baie goed* maar altyd in negatiewe sinne:

Hy is niks *waffers* nie. Hy is nie 'n *wafferse* advokaat nie.

In ieder geval is die gebruik van *waffer* en van *wat se* vir *watter* substandaard, hoewel die voorkoms van *wat se* sterk toeneem in die spreektaal.

13.6.4 Waar, wanneer, hoe, waarom (hoekom)

Soos *daar* e.a. voornaamwoorde is (§13.1.4), is bogenoemde ook voornaamwoorde in vraagsinne. Soos

waar vra na *watter plek*,

vra *wanneer* na *watter tyd*,

hoe na *watter manier*

en *waarom* en *hoekom* na *watter rede*,

maar word op 'n manier gebruik waar hulle meestal die hele voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie vervang:

Waar woon hy? = *Op watter plek* woon hy?

Hoe doen hy dit? = *Op watter manier* doen hy dit?

Hoe het wel ook ander betekenis: 'n graad- en 'n hoedanigheidsbetekenis: *Hoe* smaak dit? *Hoe* groot is hy? Dan het dit nie meer altyd 'n voornaamwoordelike waarde nie.

Soos reeds in §13.1.4 gesê, noem ons dié woorde gewoonlik bywoorde omdat hulle as bywoorde fungeer, en bloot vir onderskeidingsdoeleindes praat ons van **voornaamwoordelike bywoorde**.

13.7 Die betreklike voornaamwoord

13.7.1

In die sin

A Almal heg waarde aan 'n vriend wat jou in nood help.

is daar twee klouse: /almal heg waarde aan 'n vriend/ en /wat jou in nood help/. Die woord *wat* vorm 'n gedagteskakel tussen die twee en lei die tweede in. Só ver kom dit met voegwoorde ooreen. Maar dit verskil van die voegwoord dáárin dat dit **onontbeerlik deel** van die klous wat dit inlei vorm: hier is dit die onderwerp daarvan (terwyl voegwoorde buite die sinspaatruon staan en nie 'n sinsdeel kan "vorm" nie).

In die sinne

B Die voël *wat* jy raakskiet, eet ek rou op.

C Die tannie *wie se* koekbord weg is, is vies.

vorm *wat* die direkte voorwerp van /wat jy raaskiet/ en *wie se* is 'n besitter in /wie se koekbord weg is/. (Let hier op dat die ander klous telkens wydsbeen oor die een staan, bv. *Die voël . . . eet ek rou op.*)

In al drie sinne verrig die onderhawige woorde 'n funksie van 'n naamwoord; in al drie gevalle **vervang** hulle die s.nw. onmiddellik voor hulle omdat die sinsbou die s.nw. nie daar kan "akkommodeer" nie.

Ons noem sulke voornaamwoorde **betreklike voornaamwoorde**. Hulle

1. staan altyd aan die begin van 'n betreklike (= o.a. byvoeglike) bysin;
2. vorm altyd 'n noodsaaklike deel van die betreklike sin se patroon, d.w.s. fungeer as een van die sinsdele;
3. vervang in betekenis die naamwoord in die hoofsin waarop die bysin betrekking het (= wat die betreklike bysin bepaal); en
4. volg gewoonlik onmiddellik op dié naamwoord (wat as die **antesedent** — van die Latyn vir **voorgaande** — bekend is). Vir afwykings hiervan sien §13.7.4.

Opmerking:

In die Suid-Afrikaanse talesituasie is dit nodig om daarvan kennis te neem dat Engels soms die betr. vnw. kan ontbeer, bv. as dit voorwerp is:

The man you see there, is my uncle.

In Afrikaans kan dit nie.

Belangrik:

Daar is verskeie ooreenkomste tussen vorme van die vraende en die betr. vnw., maar daar is 'n belangrike verskil: as betr. vnw. word *wie* net by besitterskap en na voorsetsels vir mense gebruik, maar as onderwerp en direkte voorwerp is die vorm soos vir diere en dinge: *wat*.

Die volgende sinne toon die korrekte gebruike:

(a) As onderwerp:

Die man *wat* dit kan doen, is knap.

Daar loop die kat *wat* kleintjies het.

Die tafel *wat* gebreek het, is weggepak.

(b) As direkte voorw.:

Die man *wat* jy daar oorkant sien, is die nuwe hoof.

Hy speel met die hondjie *wat* hy onlangs gekoop het.

Hy vervang die ruit *wat* sy seuntjie gebreek het.

(c) As ind. voorwerp:

Die man *vir wie* ek die vrugte pluk, betaal kontant.

Die koei *vir wie* hy die groenvoer sny, gee goed melk.

Die kinders *aan wie* hy lekkers uitdeel, is sy vriendjies.

(d) As besitter:

Die boer *wie se* plaas so verspoel het, kry nou swaar.

of: Die boer *van wie* die plaas so verspoel het, kry nou swaar.

Die hond *wie se/waarvan die* poot beseer is, loop mank.

Die tafel *waarvan die* poot los is, is lendelam.

- (e) As deel van voorsetselkonstruksies (ook met bywoordelike funksie):
 Die speler *op wie* ons staatgemaak het, is beseer.
 Die tannie *by wie* ek inwoon, kook lekker kos.
 Die stoel *waarop* hy sit, is al baie oud.
 Die mandjie *waarin* die appels is, staan nog buite.
 Die dag *waarop* hy dit regkry, spring ek oor die maan.
 Die land *waarin* hy woon, lê oorkant die water.
 Die geleentheid *waarby* hy dit gesê het, het glo lankal plaasgevind.
- (f) As bywoorde (sonder voorsetsels):
 Ek sal jou by die plek bring *waar* hy die kos begrawe het.
 Ek wag vir die oomblik *wanneer* hy my nooi.
 “En die hotelletjie *waar* ons geëet het” (A.P. Brink)
 Rigtingbetekenisse vereis ’n ander vorm:
 Ek ken die dorpie *waarvandaan* hy kom.
 en “Dié gebou is ’n vesting, ’n skuilplek: nie ’n paleis *van waar* die wêreld verower kan word nie, maar *waar* daar op wag gestaan word dáárteen!” (A.P. Brink)
 Die konstruksie *van waar* kom dus ooreen met die losstaande struktuur van die voorsetsels by die menslike vorm *wie*.
- (g) Soos by die vraende kry ons by die betreklike vnw. ook die vorm *watter* by ’n ander s.nw. in die **lidwoordparadigma** (§13.6.3), maar nou sònder dat dit uit ’n groter groep kies; wel bloot om onderlinge betrekkinge aan te dui.
 Vergelyk:
 as vraende vnw.:
 By *watter* geleentheid het hulle oor dié saak gesels?
 as betreklike vnw.:
 “In die afgelope week het ons Krugerdag gevier, by *watter* geleentheid vooraanstaande manne uit die volksgeskiedenis gehuldig is.” (Die Burger, 14.10.1972)
- 13.7.2
- Net soos by vraende vnwe. tree *waar-* i.p.v. *wat* saam met voorsetsels by nie-menslike betekenisse op; hierbo:
- Die stoel *waarop* hy sit, e.d.m.
- Op hierdie gebied is daar egter ’n groot verskil tussen die skryftaalgebruik (wat grotendeels met die “grammatikaboektaal” ooreenstem) en die spreektaal, waar die volgende **baie** gehoor word:
- A Die stoel *wat* hy *op* sit, is nuut.
- B Die man *wat* hy *mee* gesels, is die afrigter.
- en ook, selfs deur radio-aankondigers:
- C Die deelnemer *waarvan* ons gepraat het,
- Hierdie neiging kan omgekeer word, en daarom moet die skool seker die konserwatiewe weg volg en die “grammatikaboektaal” onderrig en die ander probeer weer. Daar is egter geen gegronde taalkundige argument waarom die spreektaalneiging juis **verkeerd** sou wees nie:

As ons sê: “Die kis *wat* . . .” en “Die hond *wat* . . .” en “Die man *wat* . . .”, en ons sê dan: “Die kis *waarop* . . .”, is daar geen grammatiese grond waarom “Die man *waarvan* . . .” verkeerd genoem kan word nie; dit is ’n heel logiese, normale ontwikkeling.

Dit kom voor asof die verdeelde vorm met “*waar*”, waarvoor ’n ouer geslag skrywers (vgl. Totius) nogal lief was, aan die wegraak is:

Die taak *waar* ons *aan* werk, is groot.

Jongmense sê liewer:

Die taak *wat* ons *aan* werk, is groot.

Die verdeelde vorm met *waar* is heeltemal normaal:

Dit berus op die presedent van *waar* as bywoordnaamval van *wat*, soos in:

Dit is die dorp *waar* hy woon.

Dit is die dorp *waarin* hy woon.

Dit is die dorp *waar* hy *in* woon.

soos ons dit normaal vind om te sê:

Dit is ’n lekker dorp om *in* te woon.

waar die voorsetsel *in* nie ’n naamwoord ná hom nodig het as dit tog byna onmiddellik voor hom wel staan nie (vgl. §4.1.4). In ons taal is die aanvoeling vir naamvalsonderskeidings baie flou, slegs nog lewend by enkele van die persoonlike vnwe., en dit is geen wonder nie dat die *waar* plek ruim vir die *wat* in sinne soos:

Dit is die dorp *wat* hy *in* woon.

en daarvandaan na

Dit is die hoof *wat* hy *mee* gesels.

Ook dit is ’n normale ontwikkeling wat nie as **verkeerd** beskou kan word nie. Maar by herhaling meen ek dat die skool intussen die konserwatiewe weg moet volg en die tradisionele vorm onderrig.

13.7.3

Die voornaamwoord *wie* alleen tree nooit as betr. vnw. op nie. Iets soos:

* Die advokaat *wie* die saak verdedig . . . is verkeerd.

Maar ons sê wel:

Wie nie waag nie, win nie.

Wie dit sê, lieg.

en: *Wat* nie doodmaak nie, maak vet.

Hier is *wie* en *wat* nie betr. vnwe. nie, maar aanwysende voornaamwoorde (§13.8).

13.7.4

Gewoonlik volg die betr. vnw. met die betr. klous onmiddellik op die antesedent. Daar is veral twee soorte gevalle waar hiervan afgewyk word:

1. Ter wille van helderheid, indien die dele van dieselfde sin/klous andersins te ver van mekaar te staan sal kom:

* Ek het vandag weer die kêrel *van wie* ek jou vertel het toe ons nou die dag voetbal toe was, **gesien**. (“gesien” kom liewer net na “kêrel”)

Opmerking:

Vir hierdie doel hanteer ons *van by van wie* as deel van die betr. vnw., hoewel dit natuurlik nie heeltemal so is nie!

Ook:

- * Ek het onlangs by die **dorpie** waarvan ons op die bus toe ons gaan voetbal speel het, gepraat het, verbygery.

word liever:

Ek het onlangs by die dorpie verbygery waarvan ons op die bus gepraat het toe ons gaan voetbal speel het.

2. Ook **nabepalings** (§ 10.1.6) vorm deel van die antesedent (net soos voorbepalings) en die betreklike vnw. wat op die nabepaling volg, het betrekking op die s.nw. wat hoof van die konstruksie is, en nie op die s.nw. wat (hier) deel van die nabepaling is nie:

Die dame in die rooi motor wat ons pas gesien het, is die baas se vrou.

Hier het “wat ons pas gesien het” op *dame* betrekking en nie op *motor* nie.

So ook in

Die man met die wit baard wat vanmôre met ons gepraat het, is ’n rentenier.

het die bysin “wat vanmôre met ons gepraat het” op *man* betrekking.

Daarom is ’n sin soos die volgende effens snaaks:

“Dit is Jan Smit in Durban, wat vandag 150 jaar oud was.”
(SAUK 24.5.1974, persoonsnaam verander)

Let op dat besitters in die vorm van ’n voorsetselkonstruksie met *van* ná die besitting nie ’n nabepaling van dié aard is nie; die betreklike bysin bepaal die besitter:

Die dak van die huis wat op die hoek staan, is nou rooi geverf.
beteken dat die *huis* “op die hoek staan” en nie die dak nie. Daarom is die volgende verkeerd:

- * Die dak van die huis wat afgewaai het, lê op die erf langsaan.

13.8 Die aanwysende voornaamwoord

Die aanwysende voornaamwoorde het die sterkste **bepalende, uitwysende**, dus **deiktiese**, karakter van alle voornaamwoorde. Hulle val vanself in twee groepe:

13.8.1

Dié wat in die **naamwoordparadigma** val:

Alleen *diegene* wat al daar was, sal verstaan.

Dié wat hom ken, het ’n hoë dunk van hom.

Met *dié* dat hy omdraai, gly sy voet.

Prokureurs, dokters en *dergelike/dies* meer is professionele mense.
(Ook: *diesulkes*).

“Maar nee, heeldag spektakel maak, dat jy hom wie weet waar kan sien en hoor, *dit* ken hy goed.” (Eitemal: *Jaffie*, 10/11).

Dit is nie goed nie en *dat* is nie goed nie!
 Dis nou *dit* en dan *dat* wat verkeerd loop.
 “Oom Vaaltyn wou eers ergerlik word, maar toe dink hy *so*, die arme
 hen kan tog nie help . . .” (Eitemal, a.w., 10)
 Ons kan reën verwag; tenminste, *so* sê my oom.
 “Mooiweer oor Wes-Kaapland. *Aldus* (sê) die weerburo.”
Sulks (= so iets) het ek nog nooit gesien nie. (verouderd).
 Ek het my land lief, maar stel nie in die politiek as *sodanig* belang nie.
 As *dit* as aanwysende vnw. en as antesedent van ’n byvoeglike bysin
 gebruik word, bly dit in dié vorm behoue ook by voorsetsels en wanneer
alles daarop volg (vgl. by die pers. vnw. §13.1.4)
Op dit wat jy nou daar sê, het ek geen antwoord nie.
Langs dit wat hulle gedoen het, is ons bydrae gering.
Met dit alles het ons nog nie veel bereik nie.
 Die staat het *op dit alles* beslag gelê.
 Na aanleiding van die Engels “*as such*” praat mense dikwels van “die
 politiek as sulks”, wat ’n Anglisisme is. Die Afrikaans (waar dit nodig is!)
 is “*as sodanig*”.
 Die woorde *dié* en *dergelike* word wel ook in die lidwoordparadigma
 gebruik, soos vervolgens aangetoon. Wanneer *dié* aanwysende vnw. is,
moét dit altyd met die akuutaksent geskryf word.

13.8.2

Dié wat in die **lidwoordparadigma** gebruik word:

Hy het my *dié* dag alles vertel.
 As ek *daardie* kans gekry het, was ek ook al verder.
 Neem *hierdie* boek na die sekretaresse toe, asseblief.
 † Jy moenie *dergelike* dinge aanvang en meen dis alles goed nie.
 † As jy *soortgelyke* gevalle kry, teken hulle aan.
 Waar kry jy nog *sulke* sand vir boudoeleindes?
 † Dit is ’n vraag of *dergelike* en *soortgelyke* hier as vnw. of as b.nw. optree;
 in die ekv. kan beide hier deur die onbepaalde lw. ’n voorafgegaan word:
 “’n *dergelike* ding; ’n *soortgelyke* geval”. Ek sal hulle eerder b.nwe.
 noem.
Sulke word net in die mv. en by nie-telbare dinge gebruik:
Sulke mense/sulke geluk; vir telbare dinge in die ekv. gebruik ons so
 ’n *mens*.

In sinne soos:

Dit is *sulke* mooi weer dat ons veld toe móét gaan.
 Hulle is *sulke* gawe mense.

lyk *sulke* na ’n bywoord. Die deiktiese waarde is so sterk dat dit (in die
 eerste sin) selfs ’n eie bywoordelike (?) bepaling in die gevolgsin kry. Hulle
 staan egter slegs in die lidwoordparadigma en kom só voor die b.nw. te
 staan. As die b.nw. sou ontbreek, sou òf ’n predisering by die s.nw. nodig
 wees, òf dit sou terugverwys na ’n taaleenheid vroeër in die konteks.

13.8.3 Daardie en hierdie

As dié twee aanw. vnwe. in dieselfde konteks gebruik word om sake teenoor mekaar te stel, kan een sonder die onderhawige s.nw. voorkom:

Hierdie perdjie is baie jonk; *daardie* is ouer/*daardie een* is ouer.

Hierdie skape is vet; *daardie* is swakker.

Maar hulle is **nie** die Afrikaans vir die Engelse substantiwies gebruikte *this* en *that* nie; wel in die lidwoordparadigma soos hierbo, maar **nie**:

* *Hierdie* is 'n moeilik geval.

nie. Hier sê ons:

Dit is 'n moeilike geval.

of: *Hierdie* geval is ('n) moeilik(e).

Daardie en *hierdie* word dikwels as nabepaling by 'n selfstandige naamwoord gebruik (§15.1.6):

“... want dis nie sommer se plekke *daardie* nie.” (Boerneef)

“Dit was opstelle *hierdie* wat vir 'n sekere tyd en vir 'n sekere bestel van sake geskryf is” (E. Botha).

13.9 Die onbepaalde voornaamwoord

Die onbepaalde voornaamwoord vervang nie 'n besondere s.nw. nie, maar word juis gebruik waar geen bepaalde saak genoem kan word nie.

13.9.1

Die meeste word **naamwoordelik** gebruik:

Ek het *iets* langs die pad sien lê.

Jy kan *niks* vir hom doen nie.

Niemand weet wat hy soek nie.

Iemand het my pen geneem.

Jy kan *enigeen* vra of hy dit gesien het.

Hy sal *enigiets* doen vir 'n geldjie.

Dis mos reg dat *elk/elkeen/iedereen* sy deel moet kry.

Geeneen kon my die regte pad wys nie.

Almal kan dit doen, maar nie ewe goed nie.

Alles wat hy hoor, vertel hy oor.

Die woord *wat* kom ook as onbepaalde vnw. voor met dieselfde betekenis as *iets*:

Sy het my *wat* moois gewys. (Verouderd!)

Hy dink hy is *wat* wonders.

Hy het 'n stuk of *wat* oor.

Nog 'n verouderde vaste vorm, wat nietemin nog dikwels gehoor word, is:

“As *niet* kom tot *iet*” of “as *niets* kom tot *iets*” vir “as krummeltjie brood word”.

Die woord *al* het 'n verskeidenheid van betekenisse en gebruikte:

Hy het gebeur met *al* sy mag. (= hele hoeveelheid)

Dis *al* wat ek weet. (= die enigste)

Dis *al* familielid wat ek oor het.

Die duidelikste verskil dit van ander (onbep.) vnwe. in die feit dat dit nie net in die lidwoordparadigma optree nie maar ook **daarvoor**, soos hierbo:

...met *al* sy mag.

en ook:

Al die kinders het gehelp.

In die lidwoordparadigma kry ons ook die vorm *alle*:

Hy het met *alle* mag gebeur.

Alle kinders het gehelp.

As 'n telwoord bykom, vervang dit die onbepaalde semantiese waarde van "omvang/hoeveelheid" hierbo en word 'n eenheid met *al*-, soos ook uit die eenwoordintonasie blyk (vgl. Skryfwyse, AWS).

Aldrie het meegedoen.

Altwee (die) broers het daar geboer.

Al 203 (die) insittendes het omgekom.

Waar 'n s.nw. voorkom, kan die volgorde van vnw. en ww. omkeer:

Die broers het *altwee* daar geboer.

Die insittendes het *al sestien* omgekom.

Nou kom dit met die gebruik van *almal* ooreen. (Ponelis 1968, 81-83 het 'n ander interessante verklaring.)

Daarnaas word 'n *mens*, *die mense* en *hulle* op 'n manier gebruik wat semanties met onbepaalde voornaamwoorde ooreenkom:

'n *Mens* weet nie wat *hy* in so 'n ruimtetjie met *jou* bene moet maak nie.

Die mense/hulle sê dat dit daar rond kwaai gereën het.

Ek meen dat 'n *mens/hy/jou* onbepaalde vnw. word, maar *die mense* bly m.i. lw. en s.nw., en *hulle* is pers. vnw.

Ons verwys net na die invloed wat 'n aantal van die onbepaalde vnwe. op die b.nw. ná *hulle* het in partitiewe gebruik, sodat daar 'n *-s* bykom:

iets moois, niks beters . . . (§9.3.3 — G)

In dié verband is dit nodig om daarop te let dat, weer eens onder die invloed van Engels, *mense* dikwels *almal* en *elk(een)* met *van* gebruik, asof *hulle* ook 'n partitief-konstruksie kan vorm soos telwoorde en maatname, dus:

*"almal van ons, *elkeen van die kinders" soos by "drie van ons" en

"'n klomp van die kinders". Dit kan natuurlik nie;

Almal en *elkeen* beteken nie net 'n deel nie. Ons moet sê:

Ons almal was daar.

Ons was *almal* daar.

Elke kind kry een.

Die kinders kry *elk(een)* een.

13.9.2

Sommige onbepaalde voornaamwoorde word (ook) in die **lidwoordparadigma** gebruik:

Elke mens weet daarvan.

Al mense by die see was die vissers.

Alle kleinerige krewes moet jy maar teruggooi in die see.

Hy gaan *al* aande 'n ent stap. (Vgl. *al/alle* in §13.9.1)

en ook:

Ene Cloete het my daarvan vertel.

(Goeie Afrikaans is: Hy wil *tot elke prys* wen." en nie "te(e)n alle koste" nie; dis 'n Anglisisme vir "at all costs".)

Die woorde: *geen, alle, sommige en party* het eienskappe wat hulle ewe goed onbepaalde voornaamwoorde of onbepaalde telwoorde maak (§11.2.4). Myns insiens maak dit nie saak watter een van die twee ons hulle noem nie; die sintaktiese gebruike is buitendien eenders, en as die betekenis ook eenders word, maak dit inderdaad nie meer saak nie.

Maar *al, almal en alles*, hoewel hulle 'n sekere hoeveelheidsaanduidende waarde het, is net onbepaalde voornaamwoorde omdat hulle sintakties nie in die telwoordgebruike kan staan nie.

13.10 Groepvorming by die vnw.

Ons het elders gesê dat die vnw. geen groepvormingsvermoë het nie. Dit beteken dat dit nie hoof kan wees van 'n konstruksie waarin daar ondergeskikte dele is nie; self dien verskeie soorte vnw. natuurlik as ondergeskikte dele by 'n naamwoordkonstruksie en wel in die lidwoordparadigma, soos ons gesien het. Dit moet egter vir die puntenerige korrektheid genoem word dat daar die enkele gevalle is waar twee voornaamwoorde 'n groep vorm, soos

Ek het *so iets* nog nooit gesien nie.

Ons/julle/hulle/u almal was daarby.

Ons/julle/hulle/u elkeen het 'n deel gekry.

Hy daar het my dit vertel.

13.11 Dieselfde woord(vorm) as verskillende voornaamwoorde

In die voorgaande behandeling het ons gesien dat in verskeie gevalle dieselfde woord as verskillende soorte voornaamwoorde optree. Dit is goed om hier te onthou dat indelings *agterna* deur grammatici gemaak word; in die taal het ons hier meestal met presies dieselfde ding te doen. As iemand hom dus sou toelê op vasvraery op hierdie gebied, is hy aan die hareklowe.

Samevattend wys ons net daarop dat:

1. *Ons, u, julle, hulle* eenderse vorme het as persoonlike, besitlike en wederkerende vnw.
2. *My en jou* eenders lyk as verboë pers. vnw., besitlike en wederkerende vnw.
3. *Hom* verboë pers. vnw. en wederkerende vnw. is, terwyl sy die besitlike vorm is.
4. *Haar* verboë pers., besitlike en wederkerende vnw. is.
5. *Dit* pers., onpersoonlike en aanwysende vnw. is.
6. *Wat en wie* as vraende en betreklike vnw. gebruik word (maar *wie* slegs in beperkte omstandighede!)

Daar is verskeie ander met meer as een gebruik; dit dien bloot as waarskuwing om goed te onderskei.

SINSVERBAND IN SAMEGESTELDE (EN VEELVOUDIGE) SINNE

In hoofstuk 1 tot 13 is geprobeer om aan te toon hoe die boustukke van die sin optree om taalgebruik moontlik te maak; die sinsdele en die woordsoorte, en die groepe wat hulle vorm en wat ons konstruksies noem. Daarom het ons hoofsaaklik met sinne gewerk wat telkens net een predikaat het; enkelvoudige sinne dus. Maar reeds het ons gemerk dat verskeie van dié woordsoorte waarmee ons gewerk het, hulle gebruik juis in die samehang tussen sinne en/of klouse het, o.a. die voegwoorde, die konjunkte bywoorde en die betreklike voornaamwoorde. Omdat die taalgebruik slegs baie selde tot so 'n enkelvoudige sin beperk is, moes ons vroeg in ons behandeling reeds na die meer verwikkelde sin kyk, wat ons in §2.11 gedoen het. Waar ons nou verder na die taalgebruik in ander sinne ook gaan kyk, is dit nodig dat alles wat in §2.11 gesê is, weer eens duidelik moet wees. Ons gaan dit nie hier herhaal nie; ons aanvaar dat dit as grondslag vir voortgang kan dien.

14.1 Sinsverband

Die onmiddellike verband wat tussen sinsdele bestaan, word ook gevind tussen die klouse wat saam 'n sin vorm. Alvorens ons hierdie verband kan ondersoek, moet daar helderheid op 'n baie belangrike onderskeiding wees: Ons praat naamlik enersyds van

onafhanklike teenoor afhanklike klouse,

en andersyds van

newegesikhte teenoor ondergesikhte klouse

en derdens van

hoofsinne en bysinne.

14.1.1 Onafhanklike en afhanklike klouse

Hierdie groepering is 'n suiwer **woordorde-aanduiding**. 'n Ondersoeker merk baie gou dat enkelvoudige sinne — dus onafhanklike sinne, omdat hulle uiteraard op eie pote móét staan — **altyd** die onderwerp (of onderwerpkonstruksie) en die (eerste lid van die) predikaat (= die finiete werkwoord, §7.1.4, §7.7.1) onmiddellik langs mekaar het:

Die seun speel in die straat.

Die seun sal vanaand seker weer in die straat speel.

Vanaand sal die seun seker weer in die straat speel. (§2.13.3)

Na aanleiding van dié feit word die woordorde in alle sinne of klouse waarin die onderwerp-predikaat-konstruksie só by mekaar voorkom (as daar dele is wat tussenbei kon getree het) **onafhanklike woordorde** genoem.

Net so opvallend is die feit dat in die tipiese afhanklike klous — die een wat as sinsdeel van 'n ander klous dien — die hele grammatiese predikaat aan die end van die klous kom en van die onderwerp geskei word deur

ander sinsdele (indien daar ander sinsdele is):

Ek weet/dat *hulle* maar weer nie betyds *sal kom* nie.

Hoe die *kêrel* ook al haar aandag *probeer trek*, sy sien niks raak nie.

Die seuntjie *wat* gister so *gehuil het*, was toe al die tyd siek.

Om dié verskynsel noem ons 'n woordorde waarin die grammatiese onderwerp en (die eerste lid van) die predikaat só van mekaar geskei is, die **afhanklike woordorde** (§2.13.3).

Ons het reeds gesien (§5.2.1 en §13.7) dat die **onderskikkende voegwoorde** en **betreklike voornaamwoorde** met die afhanklike woordorde gepaard gaan in die klouse wat op hulle volg.

14.1.2 Newegesikte en ondergesikte klouse

Nou het ons met meer absolute begrippe te doen: 'n **Newegesikte klous** is gelykwaardig aan 'n ander klous, wat ook al die status van die ander klous is; net so vorm 'n **ondergesikte klous** 'n sinsdeel van 'n ander klous, wat ook al die status van die ander klous mag wees. Bv.:

In plaas van:

“Piet speel/maar Jan werk.” kan ons ewe goed sê:

“Jan werk/maar Piet speel.” want die twee klouse is gelykwaardig, dus newegesikte klouse; albei met onafhanklike woordorde.

In: “Koos vertel/dat hy moeg is/en (dat hy) wil gaan slaap.” is *dat hy moeg is* en (*en dat hy*) *wil gaan slaap* albei voorwerpe van *vertel* en dus gelykwaardig, daarom aan mekaar newegesik, maar albei ondergesik aan *Koos vertel*; en albei afhanklike klouse.

In: “Sannie sê/sy gaan nie weer daar help nie.” is *sy gaan nie weer daar help nie* ondergesik aan *Sannie sê* omdat dit die voorwerp daarvan is, maar onafhanklik wat woordorde betref. As die voegwoord (*dat*) gebruik sou word, sou die afhanklike woordorde vereis word.

In: “Daar staan die seuntjie/wat vertel het/dat 'n motor hom gestamp het.” is *dat 'n motor hom gestamp het* die voorwerp van “vertel het”, dus ondergesik aan *wat vertel het*. Op sy beurt is die hele *wat . . . gestamp het* weer 'n bepaling by “seuntjie” en dus dááran ondergesik. Hier is die laaste klous (*dat . . . het*) dus ondergesik aan 'n ondergesikte klous.

Hierdie uiteensetting dien slegs om aan te toon dat die onderlinge verhoudings in 'n samegestelde sin heel ingewikkeld kan raak (ook baie meer nog as hierbo), maar dat daar altyd 'n heel onmiddellike verband uit te wys is. Dié verbande word saamgevat onder die naam **sinsverband**.

14.1.3 Hoofsin en bysin

In plaas van om oral die lang terme hierbo te gebruik, het dit gewoonte geword om die klous wat aan geen ander klous in die sin ondergesik is nie (maar waaraan sommige klouse wel ondergesik en/of newegesik kan wees) die **hoofsin** te noem. In die voorbeelde in die voorgaande paragraaf is (in volgorde) onderskeidelik

“Piet speel”, “Koos vertel”, “Sannie sê”, “Daar staan die seuntjie” die hoofsinne.

Daarnaas het ons in die eerste voorbeeld ’n **newegesikhte (hoof)sin**: “maar Jan werk”, en in die alternatiewe sin is “Jan werk” die hoofsin en “maar Piet speel” die newegesikhte (hoof)sin. Ons noem altyd die tweede (of “volgende”) klous die “newegesikhte sin” en die eerste die “hoofsin”, want die tweede bevat altyd die neweskikkende voegwoord. Dit is ’n kenmerk van die neweskikkende voegwoord dat dit nooit aan die begin van die (hele) sin waarin dit as skakel dien, kan staan soos die onderskikkende voegwoord nie. Vergelyk bv.

Ons gaan huis toe *omdat* dit reent.

Omdat dit reent, gaan ons huis toe.

Ons gaan huis toe *want* dit reent.

* *Want* dit reent, gaan ons huis toe.

* *Maar* Jan werk, Piet speel.

Ons aanvaar dus dat die klous sònder voegwoord prioriteit het, al is die twee newegesik. (Ons sê immers ook: “Piet staan by die boom.” en nooit “Die boom staan by Piet” nie!) Daar is altyd ’n “eerste onder gelykes”, anders deug dit blykbaar nie.

In ander voorbeelde het ons naas die hoofsinne verskillende ondergesikhte klouse of **bysinne**. ’n Bysin kan aan ’n ander bysin ondergesik of in enkele gevalle newegesik wees, maar is altyd òf afsonderlik ondergesik aan die hoofsin of ander klous òf saam met (’n) ander bysin(ne) ondergesik aan die hoofsin of ander klous.

In:

Koos vertel/dat hy moeg is/en dat hy wil gaan slaap.

is beide voorwerpsinne afsonderlik ondergesik aan die hoofsin “Koos vertel”. In “Daar staan die seuntjie/wat vertel het/dat ’n motor hom gestamp het.” is die tweede klous ’n bysin wat aan die hoofsin ondergesik is en daarmee die derde saam met hom aan die hoofsin ondergesik maak — maar die derde het alleen ’n sinsverband met die tweede.

Opmerking:

Die terme **ontvangsin** en **inlyfsin** met die term **inlyf** en **inlywing** wat deur jonger grammatici hierby gebruik word, is veel bruikbaar en duideliker. Ons kyk daarna in §14.1.5 en vlg.

14.1.4 Onafhanklike sinne met sinsverband

Op ’n paar plekke het ons reeds voornaamwoordelike bywoorde behandel (§13.1.4) en sommige van hulle onder die **konjunkte bywoorde** gegropeer. Hulle behels woorde soos *daar*, *hier*, *daarmee*, *daarom*, *dus*. . . in gebruike soos:

A Al hulle kinders is al getroud, *daarom* gaan woon hulle nou in ’n kleiner huisie.

B Hy gaan sy boerdery nou volkome meganiseer. *So* beoog hy om met baie minder arbeiders klaar te kom.

Soos die twee voorbeeldsinne reeds aantoon, is sulke sinne òf enger verbind soos A, òf lossier, met 'n punt daartussen, soos B. In dié gevalle sluit *daarom* en *so* onderskeidelik die verband tussen die twee dele: in A is die tweede deel (na *daarom*) 'n gevolg van die eerste; in B is die eerste sin die manier waarop hy 'n doel wil bereik. By A het ons met een sin te doen, by B met twee sinne. Daar is nie 'n grammatiese voorskrif moontlik nie; by A sou dit ewe aanvaarbaar wees as die komma deur 'n kommapunt vervang word, en selfs 'n punt sodat dit twee sinne word:

A1 Al hulle kinders is al getroud; daarom gaan woon hulle nou in 'n kleiner huisie.

A2 Al hulle kinders is al getroud. Daarom gaan woon hulle nou in 'n kleiner huisie.

By B meen ek kan ewe goed 'n kommapunt gebruik word, maar m.i. nie 'n komma nie:

B1 Hy gaan sy boerdery nou volkome meganiseer; so beoog hy om met baie minder arbeiders klaar te kom.

* B2 Hy gaan sy boerdery nou volkome meganiseer, so beoog hy om met baie minder arbeiders klaar te kom.

Die interpunksie in geskrewe taal verteenwoordig (op gebrekkige wyse) 'n bepaalde intonasie in gesproke taal, waardeur o.a. die engere of wyer verband wat die spreker tussen die dele aanvoel, gegee word.

Hierdie konjunkte is nie voegwoorde nie; hulle dien as 'n semantiese skakel met die (of met 'n) voorafgaande (en selde 'n volgende) taaleenheid, waardeur 'n baie duidelike logiese (en semantiese) verband gelê word, maar die twee dele soos in sin A en die twee sinne soos in B hierbo, sowel as die “tussenstadium” met 'n kommapunt, verteenwoordig **onafhanklike sinne** (as hulle met 'n punt geskei is) of **onafhanklike klouse** (as hulle een sin vorm).

Waar *dus*, *so*, *daarom* . . . aan die **begin** van of **binne-in** die “tweede” sin/klous staan, kan ons hulle **sinsverbinders** noem in teenstelling tot voegwoorde (wat altyd net aan die begin van die klous kan staan):

C Sy is moeg (,;) *daarom* gaan sy vroeg slaap.

D Sy is moeg. Sy gaan *daarom* vroeg slaap.

Dieselfde sin/ne kan sonder die konjunkte gebruik word waar die verband tussen die sinne (waarskynlik ewe duidelik) uit die kontekstuele samehang sal spreek:

E Sy is moeg; sy gaan vroeg slaap.

Ons het hier met onafhanklike klouse/sinne te doen waarby onder- of newegesiktheid nie ter sake is nie. Dan gebruik ons boonop die term **klous** hier bloot formeel; eintlik is elke **onafhanklike** sinsvorm noodwendig 'n **onafhanklike sin**, want daarbinne kan al die spreidingsbeperkings en -kenmerke gevind word wat in die sin as sodanig kan voorkom.

Hieruit volg o.a. ook dat 'n sin nie altyd met 'n punt (of 'n vraag- of 'n uitroepeteken) eindig nie, hoewel 'n sin wel eindig waar 'n punt ens. voorkom (aangeneem dat die skrywer weet hoe om die punt te gebruik).

Net weer eens oor die begrip **volledige gedagte**: Soos die bogenoemde

konjunkte die inhoud van 'n voorgaande taaleenheid (sin, paragraaf . . .) heropneem vir toepassing in en as deel van die sin waarin die konjunk self staan, kan persoonlike en sommige ander **voornaamwoorde** ook die inhoud van 'n voorgaande taaleenheid (nou meestal 'n naamwoord) heropneem as deel van die sin waarin dit staan. Om die begrip **volledige gedagte** reg te sien, moet ons die volle inhoud van die voorgaande taaleenheid wat nou deur die konjunk of die voornaamwoord gedra word, as deel van die onderhawige sin se gedagte-inhoud sien. Dit is immers die semantiese waarde van die deiktiese bepaling.

14.1.5 *Inlywing*

Daar is iets ongerymds in die praktyk (wat dikwels in die skoolgrammatika bedryf is) om 'n aantal (2 tot 6 gewoonlik) "sinne in een sin saam te voeg sonder om die grondbetekenis te wysig"! Gedagtig aan die feite dat die sin (a) 'n volledige gedagte en (b) 'n grammatiese eenheid is, word so iets ondenkbaar.

Hiervóór het ons egter gesien dat 'n samehang tussen gedagtes tot 'n samehang in een sin kan lei; dat as die gedagtes met mekaar in verband gebring word, dit ook tot sinsverband kan lei. Hierdie "in verband bring met mekaar" word genoem **inlywing**, 'n term wat die proses goed beskryf:

Neem één gedagte: "Die rivier het diep kuile." Geheel onverbonde kan 'n ander gedagte bestaan: "Oor ons plaas vloei 'n rivier." As dié "twee riviere" nou dieselfde rivier is, sal ons kan sê:

A 'n Rivier met diep kuile vloei oor ons plaas.

of: B Die rivier wat oor ons plaas vloei, het diep kuile.

Op verskillende maniere is die een gedagte nou met die ander verbind: by A deurdat die een sin tot 'n voorsetselkonstruksie gereduseer is en só as deel van die sin opgeneem is, en by B deurdat 'n betreklike voornaamwoord die "rivier" vervang in 'n ondergeskikte klous wat só 'n vorm aanneem wat hom vir inlywing in die ander klous geskik maak. Die "ander klous", die een waarby die ondergeskikte klous ingelyf word, is die **ontvangsin**.

Ons moet daarmee rekening hou dat 'n **sin ook in sy onafhanklike vorm ingelyf kan word**, hoewel daar 'n sekere identifisering met die gemeenskaplike gedagte nodig is. Dit kom veral voor waar die hoofsin se hoofwerkwoord die grondbetekenis "sê" het; meestal verrig die deiktiese woorde (vnw., bw.) dié identifisering.

14.1.6 *Konteks en inlywing* (sien ook §2.1 en §2.2)

Om die wesenlike van inlywing heeltemal te begryp, is dit nodig om weer eens na die uiters belangrike invloed van die **saam voorkom** van enige taaleenhede en/of uitings te verwys. Bloot die feit dat (sê maar) twee sinne binne dieselfde konteks voorkom, of hulle een uiting of twee uitings is, plaas hulle in dieselfde verband. Bv.

A Claassen het gisteraand by my kom kuier.

Die kêrel is nie te vertrou nie.

Dié twee sinne kan een uiting vorm (d.w.s. deur dieselfde mens gesê wees) of twee (waar die tweede 'n reaksie sal wees op die eerste uiting), maar dit is ondenkbaar dat, waar hulle in dieselfde konteks voorkom, die bedoeling met die tweede sin iets anders kan wees as dat "Claassen nie te vertrou is nie".

of: B "Ons gaan Juliemaand Wildtuin toe."

"Dis darem te ver; boonop verkies ek die koue, droë Karoolug."

Sonder verduideliking of sintaktiese verbandlegging is dit duidelik dat *dis* beteken "Die Wildtuin is" en dat die tweede spreker die Karoolug *bo dié van die Wildtuin* verkies, bloot omdat die twee sinne in dieselfde konteks voorkom.

Hier het ons **nie** met **inlywing** te doen nie; waar inlywing plaasvind, is die behoefte anders: soms vereis die sintaktiese samehang dit, soms is daar 'n besondere behoefte aan die stel van 'n semantiese samehang. Inlywing is dus nie 'n bewuste taaldaad nie; dit geskied uit die behoefte van die besondere gedagtesamehang heeltemal spontaan. Dit word eers by ontleeding agterna as inlywing onderskeibaar. Dit bestaan slegs in die vorm van die sin.

14.2 Klouse in naamwoordfunksies

In die meeste gevalle waar ons in 'n basiese sinstipe 'n selfstandige naamwoord vind, is dit moontlik om so 'n ingelyfde klous te kry (wat hier altyd tussen skuins strepe kom):

14.2.1 Klouse as voorwerpkomplement (= voorwerpsin)

As **voorwerp** kom dit baie voor, veral by werkwoorde met stambetekenis *sê* en *weet*:

A Die seun *sê*/dat hy die kwaaddoener sien weghardloop het/.

Dit kan ontleed word as:

Die seun *sê* (iets). (Die iets is:) "Ek het die kwaaddoener sien weghardloop."

Vergelyk daarmee:

B Die seun *sê*: "Ek het die kwaaddoener sien weghardloop."

In hierdie vorm kan ons dit nie 'n ingelyfde sin noem nie, hoewel die aangehaalde woorde nog altyd die voorwerp van *die seun sê* is; die aangehaalde sin is 'n heeltemal onafhanklike sin. Ons kan nie in dié soort geval van die beskouing uitgaan dat 'n "volledige gedagte" vereis dat *die seun sê* se voltooiing noodwendig ingelyfde deel van die sin moet wees nie — dit spreek hier eintlik vanself. Want wat die seun *sê* kan 'n onbepaalde getal sinne wees — 'n hele boek selfs. En wat word dan van ons begrip *sin*?

Daar is ook 'n "tussenvorm":

C Die seun *sê*/hy het die kwaaddoener sien weghardloop/.

Hier het die voorwerpsin die onafhanklike woordorde. Dit is die soort inlyfsin waarna in §14.1.5 verwys is; die identifisering met die gedagte van die ontvangsin word verrig deur die (deiktiese) voornaamwoord "hy" wat "die seun" vervang. Ook hier kan die oordra van wat die seun *sê* oor 'n hele

klomp sinne loop:

Die seun sê hy het die kwaaddoener sien weghardloop. Hy het hom nog agternagesit, maar het hom uit die gesig verloor toe hy om 'n hoek sny. Teen die tyd dat hy by die hoek kom, was die agtervolgde weg. . . .

Slegs by die eerste sin (wat by C aangehaal is) is daar van inlywing sprake. Die ander is gewoon onafhanklike sinne met "die seun sê" daarby geïmpliseer; die vorm van die sinne toon die onafhanklikheid.

Met dié soort werkwoorde kan enige uiting tot voorwerp gemaak word. Ander soortgelyke tipes lyk soos die volgende voorbeelde:

D Die toeskouers het gesien/hoe die tier die kind aanval/.

E Die bure het gehoor/hoe die twee mekaar uitskel/.

F Sy weet/wat hulle van haar sê/.

G Die leerling het gevra/wanneer die toerspan aankom/.

H Die reisiger het gewys/waar hulle die rivier oorgesteek het/.

Voorbeelde van voorwerpsinne in natuurlike taalgebruik is volop, maar die sinspatroon is selde so kunsmatig enkelvoudig soos hierbo. Enkele voorbeelde uit André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 1974, op bl. 74—75 gee 'n aanduiding:

- (i) "Daar wás mense wat te vertel gehad het/dat sy op sy sterfbed nog sy laaste glasie water uit sy hande geneem het/. . ."
- (ii) "Maar dit kan net hoorsê wees, en ek vertel lieverste net/wat ek self kan staaf/".
- (iii) "Dit wys ook net weer/dat die mens nooit te veel moet wik nie/, want die beskik is nie in sy hande nie."
- (iv) "/Wie eerste beginne het/, weet ek nie. . . ."
- (v) "Ek weet vandag nie eens meer/wie van die twee nou veronderstel was om die Nat-simbool te gewees het nie. . . ./"

en: "Wêl beteken dit:/dat die enkeling hom met suiwer verantwoordelikhedsbesef aan die volmaakte volvoering van sy taak wy/. . . ." (Elize Botha)

'n Voorbeeld van hoe een klous voorwerp van 'n ander voorwerpsin kan wees (uit Eitemal se *Jaffie*):

"Jy't gehoor/hoe die vuilgoed van 'n Ribbok gister van die ashoop af vir die hele wêreld afgekondig het//Vaaltyn maak uier/."

Soos by onderwerpsinne (§14.2.2) kan die vnw. *dit* ook as voorlopige voorwerp dien:

"Ek kon **dit** nooit kleinkry/dat hy so doodstil sit/nie," (Boer-neef: *Boplaas*, 140)

14.2.2 Klouse as onderwerp (= onderwerpsin)

Klouse kom ook as **onderwerp** van 'n ander klous voor:

/Dat hy so iets sal doen/, is net nie waar nie.

Maar meestal is die struktuur so dat die voornaamwoord *dit* of *daar* voorlopig die plek van 'n onderwerp in die **ontvangsin** inneem (sien §14.8):

Dit is net nie waar/dat hy so iets sal doen nie/.

Wanneer die ontvangsin 'n passiefsin is, is die voorlopige onderwerp meestal *daar*:

Daar word vertel/dat dit in die huis spook/.

In natuurlike (geskrewe) taalgebruik lyk dit só; waar 'n "voorlopige" onderwerp voorkom, word dit skuins gedruk:

- (i) /"Wat oorgebly het/, is die somber mure" (André P. Brink: Gister en Vandag (uit *Kompas*))
- (ii) "Baie lank was *dit* nou nie/dat ek wyle Willemse geken het nie/."
- (iii) "Net een keer het *dit* gebeur/dat mevrou Willemse buite die hekkie was (toe ek op my stap daar verbykom)/. . . ." (André P. Brink: *Die Klap van die Meul*)

14.2.3 Klouse as predikatief by koppelwerkwoorde (= *gesegdesin*)

Die koppelwerkwoord het 'n predikatief nodig; ons weet dat 'n b.nw. of 'n s.nw. gewoonlik die predikatief is. 'n Klous kan ook as predikatief dien:

Die bedoeling was/dat hulle ons moes help/.

Die uitslag is/soos ons dit voorsien het/.

Die soort klous kom baie in natuurlike taalgebruik voor:

- (i) "Gevolg is/dat die skrywer van die essay sonder/"
- (ii) "/Wat hy nie kon word nie/, sal jy nou word." (Boerneef: *Boplaas*)
- (iii) "Feit was net/dat een van hulle op 'n dag op die jaarlikse Skou die beker . . . gekry het . . . /." (André P. Brink)
- (iv) "Die vermoede is/dat so 'n wyfie haar in 'n skeepshouer tuis gemaak het . . . /." (Die Burger, 28/5/75)

Of die ondergeskikte klous in die volgende tipe sin ook 'n naamwoord-funksie verrig, is twyfelagtig; dis eerder byvoeglik, hoewel ook 'n predikatief:

Dit is/asof die wind deur jou liggaam sny/.

Hy lyk nog maar/soos ons hom ken/.

Dit is nie ongewoon om 'n sin te kry waarby klouse die funksies van sowel onderwerp as predikatief verrig nie; soms is àl wat van die ontvangsin "oorbly", die koppelwerkwoord:

/Wat daar gebeur het/is/wat ons te wagte was/.

"/Wat die kerkblad opgeval het/is/dat gruwelstories teen die blankes telkens hul oorsprong by geestelikes en kerkleiers het . . . /." "

"/Wat mens tref/, is/dat hulle met die stelligste sekerheid getuienis aflê . . . /"

(Albei: Die Burger, 31/7/1973)

14.2.4 Klouse as voorsetselvoorwerp

Voorsetfels word altyd deur 'n naamwoord gevolg; wanneer 'n klous volg, het só 'n klous naamwoordfunksie (as daar enige nodigheid vir sodanige benoeming bestaan!), soos:

Ons maak staat op/wat hy sal bydra/.

Hy is chronies moeg; hy leun teen/wat ook al byderhand is/.

In lewende taalgebruik:

“Ons het tog meer as genoeg rede om trots te wees op ons vroue en meer as dankbaar vir/wat hulle tot stand gebring het/. (Die Burger, 14/10/72)

“Daar is in ons samelewing geen ooreenstemming oor/wáár die grens tussen goeie en slegte kuns getrek moet word nie/.” (Die Burger, 9/1/1971)

14.2.5 Klouse as bystelling by s.nw.

Ons ken die s.nw. wat 'n bystelling is by 'n ander s.nw., eintlik 'n verklaring of verduideliking in bekender terme van iets vaers of onbekends. As 'n klous dié verklaring gee — let wel: nié 'n bepaling nie — sal dié klous die bystelling wees in naamwoordelike funksie:

Paul Kruger,/wat lank president van die Zuid-Afrikaanse Republiek was/, is in die vreemde oorlede.

Hy het die boodskap/dat Hendrik siek is/gebring.

In natuurlike taalgebruik:

- (i) “By die werk van G.R. von Wielligh het ons van die verskynsel gepraat/dat hy 'n lewenshouding uit 'n vervloë tyd vir ons lewend kon maak deur die wyse (waarop sy geskifte opgestel is)/. (Elize Botha)

En by N.P. v.W. Louw: *Rondom eie werk*:

- (ii) “Daar is gevaar/dat 'n jong mens verliteratuur raak/. . . .”
(iii) “En tog het ek in 'n stemming gekom/dat teregwyding by 'n taalfout my soos 'n voorslag gesny het/. . . . Ek het die gevoel gekry . . . /dat 'n digter (wat 'n taalfout maak,) 'n knoeier is . . . /”
(iv) “. . . ; dié dae was ons dan voorbeeldig die vermaning indagtig/dat kinders gesien, maar nie gehoor moes word nie/.”

Êrens tussen die voorsetselvoorwerp en die bystelling lê dié soort klous:

Hulle hou *daarmee* rekening/dat hy heeltemal nuut in die werk is/. wat as 'n bystelling by die vnw. *daar-* beskou kan word, òf wat as voorwerp van die voorsetselwerkwoord *rekening hou met* gesien kan word waarby *daar-* 'n soort voorlopige voorsetselvoorwerp word. By dié tipe gebruik kry ons dikwels infinitiefkonstruksies:

Ons sal nou *daartoe oorgaan*/om 'n bestuur te kies/.

Opmerking:

Dit is 'n soort fout wat dikwels — blykbaar toenemend — voorkom om die konjunkte bywoord (*daar* + voors.) weg te laat in sinne soos hierdie:

Ek is *daarvan* oortuig/dat hy nog sal opdaag/.

Ek maak staat *daarop*/dat hy die feesrede sal hou/.

Hy is bewus *daarvan*/dat min mense hom dit kan nadoen/.

14.3 Klouse in byvoeglike funksie (= byvoeglike/betreklike bysin)

Byvoeglike naamwoorde kan **bepaal** of **prediseer**. (Sien §10.1.1). As hulle bepaal, sê hulle oor watter saak gepraat word en word dan attributief gebruik; as hulle prediseer, is dit wat van die saak gesê wil word.

Dié onderskeiding loop ook deur tot klouse wat byvoeglik gebruik word:

As die klous bepalend werk, staan dit nader aan die s.nw. op so 'n manier dat in spraak daar geen pouse tussen antesedent en betreklike vnw. (§13.7.1) kom nie, en dat op skrif geen leesteken dié twee woorde skei nie:

Die man/wat langs ons woon/, is 'n gawe kêrel.

Bolplante/wat in die lente blom/, moet liefste nie in die somer natgemaak word nie.

Dit is duidelik dat die byvoeglike klouse bepaal van watter *man/bolplante* gepraat word.

As die klous 'n **bykomstige** predisering gee (want die hoofpredisering is in die ontvangsin vervat), staan dit verder van die antesedent in dié opsig dat daar 'n pouse tussen antesedent en betr. vnw. is wat op skrif met 'n komma, selfs 'n streep of 'n punt, aangedui word:

Dié man,/wat 'n vioolspeler is/, is 'n ellendige buurman.

Dié bolplante,/wat in die lente blom/, is reeds erg skaars.

In hierdie gevalle sê die ingelyfde klous iets nuuts van die antesedent; dat die man 'n vioolspeler is en daarom 'n ellendige buurman, en dat die bolplante skaars is *en* in die lente blom. Meestal weet spreker en hoorder reeds van watter saak gepraat word; sulke klouse verrig nie 'n byvoeglike funksie nie.

In bostaande voorbeelde gee die ingelyfde klous 'n bykomende predisering; die doel is om nóg iets nuuts van die onderwerp te sê. Dieselfde klous word ook gebruik om die enigste predisering te lewer:

“Onwelkome Europese ‘immigrante’ het hulle vir 'n oorlas in die Kaap gevestig. Dit is goud- en swartkleurige wespe (*Vesula germanica*),/wat in die noordelike somer maak dat 'n mens nie in die buitelug in rus en vrede 'n glasie koeldrank of ander soetheid kan geniet nie/.”

en:

“Mnr. V. Whitehead, insektekenner van die Suid-Afrikaanse Museum het pas 'n geskrif gepubliseer oor die vreemde wespe,/wat maar hoogstens twee jaar gelede hier verskyn het/.”

Vergelyk dit met:

“'n Werker/wat in Kirstenbosch met sy grassnymasjien 'n kolonie gesteur het/, moes alles los en vlug.”

(almaal uit *Die Burger*, 28/5/1975) waarin die betreklike klous wêl bepaal watter werker moes vlug.

Nog voorbeelde:

- (i) “. . . : dit is een van die stukke uit dr. O’Kulis se boek *Die Eselskakebeen*,/wat in 1909 verskyn het/.” (Elize Botha)
- (ii) “Deur middel van die doop leer die nuwelinge die seniors ken,/wat baie belangrik is/.”
- (iii) “En dié Maandagmôre is tant Lalie toe so waar laat./Wat nog nooit gebeur het nie/.” (André P. Brink, *Die Klap van die Meul*)

- (iv) “Drie van die dertig spelers/wat op 30 April in Toulouse gekies is/, moes hulle weens beserings aan die span onttrek.” (Die Burger, 28/5/75) (Dié vb. kan ook anders gesien word.)
- (v) “Die probleme lê by die losvoorspelers — wat nie heeltemal aan die verwagtinge voldoen nie — by die skakels en by die senters.” (Die Burger, 28/5/75)

In dié verband moet ons verwys na die sg. **gesplete sin** (Engels **cleft sentence**), §14.8.5. wat juis só gebou is om ’n bekende bepaling of prediseering by die onbekende onderwerp(= saak) te pas te bring:

Dit is hy/wat my daarvan vertel het/.

14.4 Klouse in bywoordelike funksie (= *bywoordelike bysin*)

Al die semantiese waardes wat ons onder bywoorde kry, kom ook in klouse voor wat deur inlywing dan dié betekenis in die sin indra (en daarby nog verskeie betekenis wat ons nie in woorde alleen kry nie!) Omdat die ondergeskikte klouse nie (soos sommige bywoorde en bywoordelike sinsnedes) juis aan spreidingsbeperkinge onderhewig is binne die sin nie, hoef ons slegs vlugtig na semantiese verhoudings te kyk.

Hier volg nou (geformaliseerde) voorbeelde van sulke klouse in sinne met ’n betekenis aanduiding by elk:

- A *Plek*: Hulle woon/waar die strome ineenvloei/.
- B *Tyd*: Die boekhouer moet sy geld wegsluit/voordat hy huis toe gaan/.
Sy is versigtig/sedert sy die nare ding beleef het/.
/Nadat hulle klaar was/, het hulle vertrek.
- C *Manier*: Hy doen dit nog altyd/soos hy geleer is/.
- D *Rede*: Hy woon by sy kinders/omdat hy sorg nodig het/.
- E *Teenstelling*: Hier is dit warm/terwyl dit in die binneland baie koud is/.
- F *Voorwaarde*: Ons begin oes volgende week/tensy dit reent/.
- G *Gevolg*: Die grond was deurnat/sodat die boere nie kon ploeg nie/.
- H *Doel*: Hulle rig ’n hoë gebou op/sodat hulle genoeg kantooruimte kan hê/.
- I *Toegewing*: Hulle vra sy raad/ofskoon hy reeds afgetree het/.
- J *Vergelyking*: “Miskien verstaan hy meer/as wat jy dink .../”
(Boerneef)
- K *Verhouding*: Dit het kouer geword/namate ons hoër geklim het/.

Hiermee is die meeste van die betekenisgroepe wat tradisioneel aangedui word, gegee, maar op dieselfde manier kan enige ander semantiese waarde wat deur so ’n klous gedra word, aangedui word. Dit het immers geen grammatiese funksie nie.

Waarvan ons wel moet kennis neem, is die feit dat daar baie maniere is waarop losstaande gedagtes in ’n sin ingelyf kan word en dan die waarde van disjunkte bywoorde kry, ’n soort parentese:

/Na verneem word/, het die ongeluk op ’n nat pad gebeur.

Hierdie bygedagte het selfs soms die vorm van hoofsin:

“/En ek moet sê/, my hart is by haar.” (André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 22)

“/Ek moet sê/dat ek oom Gielie se houding enigsins kan verstaan.” (Boerneef: *Boplaas*, 15)

14.5 Inlywing: taaleenhede van ander ordes

In §2.11 het ons aangetoon dat 'n klous 'n taaleenheid is wat nie 'n sin is nie, maar sy eie grammatiese predikaat het; in §2.12 dat sommige taaleenhede met groeps karakter maar sonder 'n eie grammatiese predikaat (of finiete werkwoord) soms 'n sin genoem word. In die beskouing van een jong skool vind grammatici dié beskouing goed; in die tradisionele beskouing word die ander beskouing verkies.

Dan moet ons net baie bewustelik daarvan kennis neem dat 'n volledige gedagte soms vereis dat taaleenhede groter as woorde maar van 'n ander orde as klouse by sinne ingelyf kan word, taaleenhede wat ook groeps karakter het **binne die groter sin**, sodat dié taaleenheid as sinsdeel optree:

A Om vyfuur maak hy hom gereed/om huis toe te gaan/.

B Sy het my gevra/om haar te help/.

C Dr. H.C. Smit,/tot onlangs president van die Suid-Afrikaanse Wetenskapvereniging/, sal as gids vir die geoloë optree.

D “/Om die woord ‘pakkie’ deesdae sonder waarskuwing in Alet se teenwoordigheid te gebruik/is/om moeilikheid te soek/.” (André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 22)

E “/By die toepassing van 'n permitstelsel/sal onderskeid gemaak moet word tussen” (Die Burger, 28/5/1975)

Die funksie van die konstruksies (tussen skuins strepe) kan telkens maklik geïdentifiseer word — waar dit nodig is. Hoofsaak is dat dit vir die stel van die “volledige gedagte” nodig is en dat die taal 'n struktuur beskikbaar het daarvoor; 'n struktuur waarbinne daar so 'n wye verskeidenheid van vorme moontlik is dat ons slegs 'n paar kerne noem waaromheen die konstruksies opgebou word:

- (i) **Voorsetselkonstruksies**, so genoem omdat hulle telkens met 'n voorset begin, waardeur die verband of verhouding met die sin vasgelê word (soos o.a. in E hierbo).
- (ii) **Infinitieskonstruksies**, wat baie met klouse gemeen het omdat hulle ook die werkwoordelike betekenis het, egter sonder om die samehang met 'n onderwerp te toon (soos in A, B en D hierbo waar hulle om-te-infinitiese is — §2.12).
- (iii) **Naamwoordkonstruksies**, wat as bystellings, maat- of hoeveelheidsaanwysers, besitters en in bywoordelike funksie (veral by tyd) dikwels bepalende funksies verrig (soos in C hierbo).

Die heel oorspronklike gebruik wat van hierdie middele gemaak word, en die besondere aanwending deur fyn taalkenners soos in die voorbeelde hierna, toon wat ons **sintaktiese stylfigure** kan noem: bloot die sintaktiese samehang in 'n besondere rangskikking:

- (i) N.P. v.W. Louw: *Rondom eie werk*, 25:

“En dan die heerlike eie lewe van jonk verliefwees; van tussen tien-talle boeiende jong liefdes te leef — en van almal te weet. Ek kry ons kinders jammer wat in óns beperkte, effe voorstede opgroei . . .”

Let op die eerste “sin” sonder onderwerp en grammatiese predikaat: die infinitiewe neem volledig die plek daarvan in.

- (ii) André P. Brink: Gister en Vandag (uit *Kompas*, 51):

“Maar nou is die tapyte en die tapisserieë weg, die kristalkandelare en die goud en silwer, al die skatte wat uit die hele wêreld hierheen aangedra is.”

Die sin word stewig gehou deur dit af te rond met die “weg”, maar dan volg ’n opnoemreeks **buite** die eintlike sin, waardeur die geheel versterk word.

- (iii) André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 8 (reeds in §5 aangehaal):

“En soms sal jy die waardevolste reis van almal aflê, tussen mens en mens, intiem en stil en selde durend, maar altyd kosbaar.

En gevaarlik, vir jou méér, omdat jy seun is en nie meisie nie. Want hulle, meisies, het ’n wondbaarheid van buite, dog hulle leef so ánderkant alle wete gevestig in hulle werklike onaanraakbaarheid. Maar ’n seunskind met soveel bravade, soveel durf, sulke slim vingers en gladde antwoorde en vasgeperste lippe — watter wondbaarheid lê nie dááragter nie?”

Let op die klem wat deur breuke in die sin verkry word; selfs tussen paragrawe.

- (iv) Boerneef: *Boplaas* (1938), 37

“Ek staan met my rug na die vuur gedraai en kyk met vaak oë na die ver rante van ou Swartrug waar ek een jaar ’n hele dag in die sneeu verdwaal het. Sneeu! En hierdie stof en sand en vaalgeskroeiende vlak! Maar waarlik, hierdie sonsopkoms oor die wye ooptes is darem mooi vanmôre. En hierdie Karoo-wêreld lyk vir my op hierdie oomblik ook mooi. Ou Hans en Vossie en ek en ons doodgaan-troppie in hierdie onbarmhartige mooi wêreld . . .”

Let op die trefkrag van dinge bloot te noem, sonder predisering, soos in die tweede, derde en laaste sinne.

14.6 Ontleding van die samegestelde sin

Ons het reeds gesê dat ons in die samegestelde sin dieselfde boustukke vind wat die enkelvoudige sin uitmaak; nou is daar egter ook sinsdele van die orde van klouse, en nie net meer woorde en konstruksies nie. Die grootte van die sin maak oorsigtelikheid nou moeiliker, en die feit dat klouse opgesplyt kan word, skep ook probleme. Daarom is beskrywing meestal die aangewese metode — waar so ’n ontleding tog nodig is.

In die Senior Sertifikaat-eksamen van die Onderwysdepartement Kaap vir Afrikaans “Hoër” 1940 is die volgende sin gegee met die opdrag: “Ontleed in sinne en toon die sinsverband aan:

“Dat hy dit gesê het, is blykbaar waar, want by verskillende geleent-

hede waarby ek teenwoordig was, het hy, ten spyte van die feit dat ons hom gewaarsku het, in dié rigting gepraat."

Hier is "sinne" dieselfde as klouse, en die voorkoms van 'n predikaat, 'n finiete werkwoord, is daarvan die sleutel. 'n Ontleding sou dus só kan lyk:

- | | |
|---|--|
| A dat hy dit gesê het | — Naamwoordelike bysin, onderwerp van "is waar" in B |
| B is blykbaar waar | — Hoofsin |
| C want by verskillende geleenthede het hy ten spyte van die feit in dié rigting gepraat | — Newegesikhte hoofsin, redegewend met B verbind |
| D waarby ek teenwoordig was | — Byvoeglike bysin wat "geleenthede" in C bepaal |
| E dat ons hom gewaarsku het | — Naamwoordelike bysin, bystelling by "feit" in C. |

Ons weet nou dat só 'n ontleding op sigself geen doel mag wees nie; die insig om dit te kàn doen is egter nog altyd nodig vir **begrip van waarom dit gaan in die gebruik van die taal: wat wil die spreker sê!**

Daar is 'n aantal feite wat in verband met die struktuur van sulke komplekse sinne in gedagte gehou kan word, o.a.:

1. Daar is geen besondere deug in die bou van lang, komplekse sinne as sodanig nie. 'n Sin moet niks langer wees as wat hy móét wees nie.
2. Waar 'n voegwoord of 'n betreklike voornaamwoord voorkom, begin 'n (nuwe) klous; daar kom nie twee van hierdie woorde by mekaar in dieselfde klous voor nie, (behalwe in seldsame gevalle *en* of *maar* of hulle sinonieme as eerste van die twee).
3. Alle klouse begin nie noodwendig met 'n voegwoord of 'n betr. vnw. nie. Klouse kan daarsonder ook in noue verband met mekaar optree.
4. 'n (Ondergeskikte) klous wat met 'n onderskikkende voegwoord begin, kan ook vóór die ander klous staan; 'n newegesikhte hoofsin nié. (Met "ander klous" bedoel ons dié klous waarmee die onderhawige klous verband hou.)
5. Daar is ànder verhoudings tussen klouse in dieselfde sin as net newegesiktheid en ondergesiktheid; klouse kan naasliggend maar onafhanklik wees mèt of sonder verbindwoorde soos voornaamwoorde en voornaamwoordelike (= konjunkte) bywoorde; dan speel interpunksie soms 'n rol om iets van die intonasie by gesproke taal te verteenwoordig.
6. Die bymekaarbring binne een sin van uiterlik losstaande sinne, en daarteenoor die losmaak van essensieel samehangende klouse, het (in die hand van kunstenaars) 'n belangrike stilistiese waarde.

14.7 Die sin is méér as die som van woordbetekenisse

Hierdie gedagte het ons al meermale opgehaal; vir sommige taalkundiges is dit fundamenteel in hulle beskouing van die sin, só:

As iemand sê: "Die luggie is koel." stel hy (a) sy mening oor die temperatuur van die lug; (b) sy gevoel van behae òf mishae daaroor, (c) sy

geloof dat ander ook soos hy daaroor sal voel, en (d) sy oortuiging van die waarheid van wat hy sê, ens.

Op 'n soortgelyke manier sal aangetoon kan word dat elke uiting veel meer oordra as wat in die blote woordbetekenisse steek. Deur die gebruik van sekere uitdrukkings (woorde en ander taaleenhede) wat in 'n bepaalde verband 'n nog swaarder gevoelswaarde dra, kan die bykomende inhoud nog beduidender word. As iemand sê:

“Is Pieter al weer in die dorp?”

is dit waarskynlik glad nie as vraag bedoel nie; hy weet goed dat Pieter wel in die dorp is. Dit is eerder 'n manier om sy misnoeë daaroor te kenne te gee dat Pieter weer eens in die dorp is, omdat hy meen — en dit ook by implikasie sê — dat Pieter te veel in die dorp kom.

Ons sê dan dat 'n sin ook *'n houding van die spreker ten opsigte van die sinsinhoud* gee. In die volgende kyk ons na enkele maniere waarop dié aspek in sinne gebruik word.

14.7.1 *Afgeronde sinne*

Om die ander tegnieke duideliker te onderskei, wys ons eers op die sinne wat in vorm die volledigste ooreenkom met wat as die geïdealiseerde sin beskou kan word: 'n sin wat *afgerond* is, wat 'n volledige kommunikasie inhou sonder om enigsins op die konteks staat te maak, sy dit taalkonteks of buitetaalse konteks (§2.2). Dié soort sin is inderdaad nie baie volop nie:

Die mens is 'n nuuskierige wese.

Die suidewind is meestal 'n koue wind.

My neefs woon almal in dieselfde stad.

Dit is ook nie heeltemal seker dat almal oor die mate van afgerondheid sal saamstem nie. Groter sinne, waarin aspekte wat onsekerhede kon skep, deur inlywing toegelig is, kom dikwels nader aan afgerondheid:

Die treinongeluk op 7 Mei naby Johannesburg het heelwat vertraging veroorsaak, sodat baie passasiers groot ongerief aangedoen is.

Die man wat die pakkie kom opeis het, is in hegtenis geneem en sal op aanklag van smokkelary moet verskyn, want die pakkie het dagga bevat.

14.7.2 *Sinne met gevoelswaarde*

Byna alle sinne het “gevoelswaarde” — ons het dit reeds probeer aantoon — maar hier kyk ons na enkele soorte sinne wat in 'n baie hoë mate op die oordra van gevoelswaarde, 'n houding, 'n emosionele inhoud, leun. Dit is geen poging om volledig te wees nie — die gebied is te wyd: dit loop oor die veld van die stilistiek en die prosodie heen; ons kyk alleen na sommige van dié wat grammaties beskryf kan word.

1. Die sinsklem en daarmee gepaardgaande volgorde van sinsdele kan die spreker gebruik om 'n bepaalde houding teenoor die inhoud van sy sin te gee: In plaas van bv. te sê:

Ek het gister in die dorp die nuus gehoor.

kan hy sê:

Gister het ek die nuus in die dorp gehoor.

of:

Dié nuus het ek gister in die dorp gehoor.

waardeur hy die voorgeplaaste sinsdeel (*gister* en *die nuus* onderskeidelik) beklemtoon. Daarnaas kan hy ook natuurlik enige gedagte (woord of ander taaleenheid) bloot deur die versterking of verheffing van die stem beklemtoon. (Sien ook §17.4 onder *fonologie*).

2. Die **uitroep** (tussenwerpsel) is by uitstek 'n "sin" wat op die gevoelswaarde staatmaak. Ek meen dat 'n uiting wat nêr uit 'n uitroep soos "au!" bestaan, nie grammaties 'n sin is nie; dit is nie 'n taalteken nie omdat dit geen "vaste" betekenis het nie. Dit is anders met bv. "eina!", wat wel so 'n vaste betekenis het. Maar in ieder geval kan sulke uitroepe binne die konteks 'n heel identifiseerbare inhoud oordra:

Ou bielie!

Skote petoors!

Mooi so!

Alla wêreld!

Hierby sluit die gebruik van krag- en vloekwoorde aan en ook die "verwensings" (die voorbeelde is uiteraard "gesensureer"!) in gevalle soos:

Hy maak my so *verdomp* kwaad.

Kan jy nie 'n slag stilbly nie, *verdomp*!

Die *swernoot* het my met 'n kerie gegooi.

Jong, *jou maai*, ek help jou nie.

3. Nagenoeg alle **disjunkte** (bywoorde en konstruksies) dra tot die gevoelswaarde in die sin by:

Natuurlik sal hy jou daaroor verwyt.

Sy optrede is *klaarblyklik* deur afguns ingegee.

Maar 'n sekere groepie het die uitsluitlike funksie om 'n emosionele lading op die mededeling te plaas:

Jy sal my hiermee help, *nê*?

Skryf gou weer, *hoor*!

Ons gaan hulle deeglik uitstof, of *hoe*?

Hierby hoort ook o.a. *mos*, *dare*m, *so waar* . . . en *tog* in

Help my *tog*!

4. Of die reeks **stopwoorde** en **-sinsnedes** wat so dikwels in gesprekke voorkom, ook sinne of selfs uitings is, is 'n vraag. Omdat hulle tog 'n sekere plek inneem om 'n gesprek te laat vloei (of andersom!), noem ons hulle hier. Dit is die naastebly betekenislose woorde of sinsnedes wat sommige mense dikwels oor en oor sê terwyl 'n ander (of hulle self) praat:

Is dit? So? Regtig? Jy sê nie! Nou hoor net! Wat praat jy alles? Net so! Ditsit! Ditsem! Daar's water! Ja-nee!

en die verteller self: Weet jy (wee-jy), nou ja, . . .

5. Die **retoriese vraag** steun vir sy gebruik uitsluitlik op die emosionele lading; 'n eksplisiete antwoord is oorbodig want die vraagvorm word hier vir 'n stelling gebruik:

Wie is so onselfsugtig soos 'n moeder?

Waar voel jy nog so tuis as by jou eie huis?

6. Die vervanging van die sg. "tweede *nie*" (§14.9) deur die negatief self, en die daarmee gepaardgaande verplasing van die negatief tot slotwoord in die sin, is nog 'n sintaktiese middel waardeur 'n veel swaarder gevoelswaarde op die sin gelê word:

Jy doen daardie onbehoorlike ding *nie*!

Jy kan gaan waar jy wil, maar so gelukkig soos hier voel jy in die hele wêreld *nêrens* (nie)!

7. Alle vorme van **herhaling** werk beklemtonend; soms kan dit vervelig raak, maar dikwels is dit 'n doeltreffende manier om die sinsinhoud te verryk:

Sy pa het gepleit, sy ma het gepleit, maar niks het gehelp nie.

"Geeneen oorskadu die ander of steek hom weg nie, want die vrosomerwindjie speel gedurig oor almal, *en* almal dans *en* koes *en* bewe *en* skitter asof van blydschap en opgewondenheid." (M.E.R.)

"... dwars teen die mening van sy vriende in, teen die aanvalle van sy vyande, teen die onbegrip van die massa, teen sy eie menslike vrees en teen die eie diepwortelende twyfel aan die ongevormde lewe wat hy met alle mense gemeen het." (N.P. v.W. Louw: *Groot Kuns*)

8. Ten slotte, alle vorme van wat gewoonlik **stylfigure** en **beeldspraak** genoem word, is gevalle waar die inhoud van die sin of uiting meer is as die woordbetekenisse. Let maar op die oordrag van die byvoeglike naamwoorde soos:

"Die ou lewe is so vinnig verby, omtrent soos 'n pampoenrank op die ashoop. . . . Vandag is hy groen en sy blomme geel, more hang sy blare swart en lapperig, en oormore ken jy sy plek nie meer op die ashoop nie." (Eitemal: *Jaffie*, p.9)

of die skynbare teenstrydigheid by

"Maar dit is 'n *nuwe*, *ou* les in perspektief en betreklikheid." (André P. Brink: *Son en Sneeu*)

14.7.3 Die suggestiewe sin

Met dié soort sin kom die taalgebruiker ongeveer op die buitengrens van die taalbereik: hy sê in der waarheid wat hy nie sê nie. Daar is veral twee vorme: eerstens **insinuer** hy iets, d.w.s. hy kies sy woorde só dat daaruit 'n afleiding gemaak kan word omtrent iemand (gewoonlik onvleiend) sonder dat dit gesê is, soos in Langenhoven se beroemde:

"Ek begint toe jammer te kry vir hulle, maar gelukkig kom ou Meester Hotz by, die enigste verstandige man in die dorp. Hoe op aarde hy tot Stadsraadslid gekies is, sal ek nooit begryp nie." (*Versamelde Werke II*, 40)

Ander tipes is:

"Selfs mnr. Kadali moes toegee dat hy dit nie geweet het nie." (∴ Mnr. Kadali gee nie maklik toe dat hy nie weet nie.)

"Hy het nie weggevlug nie; hy wou net die situasie in breër perspektief sien." (toe hy vinnig padgee het!)

"Of hy jou sal help? Jy kan hom natuurlik vra."

Tweedens word die eintlike gebeurtenisse verswyg:

"Hy moes nie geglimlag het nie, en hy moes nie gekoets het vir die skoene nie, dan was tant' Hessie se groot spieël nog heel en sy bas ook." (*Wysheid uit die rooi kole* — C.J. Langenhoven)

"Eers deur die eetkamer; die deur is anders altyd toe. Gisteroggend was hy oop. Ook nie behoorlik oop nie. Ek dog eers dit was 'n inbreker wat klaar staan met 'n stuk yster. 'n Rukkie daar stil gestaan en toe vryf-vryf verder kombuis toe." (*'n Slegte dag*. C.J.L.)

14.7.4 Die elliptiese sin

Hier het ons met 'n "onvolledige" sin te doen; 'n sin wat nogtans nie aangevul kan word deur taaleenhede wat in 'n voorgaande sin (of uiting) gebruik is, soos dié wat ons elders bekyk het nie, bv.

"Waar gaan julle die langnaweek heen?"

"Durban toe."

is *Durban toe* onvolledig, maar word beduidend binne die konteks omdat dit voltooi word uit die taaleenhede in die voorgaande sin, so:

(*Ons gaan*) *Durban toe*.

Hierdie soort onvolledige sin behandel ons òf nie, òf slegs nadat ons dit voltooi het.

Vergelyk daarmee:

A "Want by dié liewe sussie van my swaai 'n mens altyd teen die hoogste vaart. *Geen mak stootjies daar nie*. Nee, as Trix" (Audrey Blignault, *In Klein Maat*, 7)

B "Maar Alet se ma is 'n tante wat graag haar dogter se hart met geskenke verbly, en sy besluit toe om 'n nogal duurderige present te pos opdat dié Alet by haar aankoms in die nuwe stad kan inwag. *Lofwaardig, allesins lofwaardig*." (André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 22)

C "Boeta dink sommer oor die Boplaas van jare gelede, oor . . . en van Boplaas oor honderd jaar. *Stilte*. In die voor hier by ons, gly die helder, koel water . . ." (Boerneef: *Boplaas*, 4)

D Ook die aanhaling van Boerneef in §14.5(iv) met:

"Sneeu! en hierdie stof en sand en vaalgeskroeiende vlak!" . . .

"Ou Hans en Vossie en ek en ons doodgaantroppe in hierdie onbarmhartige mooi wêreld . . ."

Hier word die ontbrekende dele om die uitings tot ideële sinne te voltooi, nie in die konteks gevind nie. Die leser (andersins hoorder) kàn dit op sy eie manier aanvul as hy sou wil; eintlik is hulle grammaties volledige sinne (ofskoon konteksgebonde), omdat hulle alles sê wat hulle wil sê. Die egte **elliptiese sin** vra nie om aanvulling nie; dit is selfstandig.

14.7.5 Die verklarende sin

Veral in nugtere (betogende, wetenskaplike, bespiegelende . . .) taalgebruik berus die spreker nie in die ietwat onduidelike wat kan vloei uit die feit dat 'n hoorder sy eie vertolking kan heg aan wat hy hoor nie; hy wil presieser sê wat hy die hoorder wil laat verstaan. Hy sal dus eerstens minder gebruik maak van die soort woord en/of konstruksie met sterk gevoelswaarde; hy sal liefs die nugterder woord gebruik. Maar daarmee is alles nog nie helder nie.

Dikwels vereis 'n stelling toeligting, sodat die sin 'n stuk verklaring inhou. Een manier is om eksplisiet te sê dat die verklaring volg; dan gebruik die geskrewe taal gewoonlik 'n dubbelpunt. Interessante toepassings is:

“Hy word koning, keiser, nog meer as keiser: die stem van die massa word werklik die stem van God. Die stemme van die leiers: van die profeet, van die boetprediker, van die groot enkelinge, die kultuurskeppers, klink klein en verlate in daardie gedurige dreuning op.” (N.P. v.W. Louw: *Die Aristokratiese Ideaal*)

“Want die beoordeling van sy essay as literêre produk kan óók word: 'n beoordeling van die mens wat hom op dié wyse uitdruk.” (Elize Botha: *Afrikaanse Essayiste*, 7)

“Maar die toe-spreker betrek steeds die vrae van sy hoorders in sy betoog, gaan met homself te rade, en voer, al sprekende en lerende, ten slotte nog: 'n gesprek.” (Elize Botha: *Afrikaanse Essayiste*, 101)

Nog 'n manier is om die verklaring in 'n *dat*-klous te gee (wat meestal òf 'n predikatief òf bystelling is):

Daar het ek die eerste keer kennis gemaak met die verskynsel/dat die son byna nooit ondergaan nie/.

Die rede is/dat hy nog nie tevore daar was nie/.

“En dit is ook so/dat ons merendeels by die lees van 'n essay die indruk kry [dat dit geen wetenskaplike betoog kan of wil wees nie, maar slegs 'n baie persoonlike visie op die betrokke onderwerp]/.” (Elize Botha: *Afrikaanse Essayiste*, 7)

'n Derde tegniek is om eers die negatief van die teenoorgestelde te stel en dan met 'n *maar*-klous (ook *dog* en *wel* . . .) die positiewe. In die laaste aanhaling uit Elize Botha is die deel tussen vierkanthakies daarvan 'n voorbeeld.

Die teenstellende kom nie net in die nugtere stelwyse voor nie; ook in die beskrywing word dit gebruik:

“Dit is nie die stil braai in die son van die vygies nie — hoewel dié ook hier is. Hierdie goed loop oor van die lewe; dit is of hulle so byna-byna kan wegkom.” (M.E.R.: *Die Kamiesberge*)

Die volgorde verander natuurlik ook: eers die positiewe, dan die negatiewe:

“Alle kultuur kom van enkeles wat hulle in daardie gees aan hulle taak wy,/en geen massa-maatstaf reik werklik daaraan toe nie.” (N.P. v.W. Louw: *Die Aristokratiese Ideaal*)

14.8 “Dit/daar”-sinne

Die taalstudent leer gou dat ’n sin wat met *dit* of *daar* begin, dikwels sy sorgvuldig opgeboude opvatting oor sinstruktuur omvergooi. Ons het reeds baie van die probleme in die verskillende gebruike teëgekrom; hier vat ons hulle saam en ondersoek ’n struktuur waarna ons net nog verwys het in §14.3 en §13.5.4.

14.8.1 “Dit” vervang ’n voorgenoemde taaleenheid

“Dit is moontlik as hy betyds kom.”

In dié sin weet ons nie wat die *dit* is nie; *dit* vervang hier ’n taaleenheid wat waarskynlik vantevore in die konteks voorkom, maar ook later kan voorkom, soos in §14.8.4 as ’n *dat*-klous, of andersins. In hierdie geval is *dit* ’n **persoonlike vnw.** of ’n **aanwysende vnw.** na gelang van die klem.

Ook:

Dit sal gebeur as die perde horings kry.

Dit is presies wat ek hom gesê het.

Dit is wat ons almal verwag het.

14.8.2 “Dit” vervang niks nie – onpersoonlik

Dit sneeu in die berge.

Dié *dit* is volledig in §13.5 behandel; dis duidelik dat hierdie voornaamwoord op niks teruggaan nie — dis leeg aan betekenis en staan tradisioneel as die onpersoonlike vnw. bekend.

Ook:

Dit was donker toe ek daar kom.

Dit gaan sleg met die Springbokke.

en hierbo M.E.R. se sin:

“ . . . ; *dit* is of hulle so byna-byna kan wegkom.”

14.8.3 “Daar is/was” – ’n onpersoonlike voornaamwoord (§13.5.5)

Daar is baie onreg in die wêreld.

Hierdie *daar* vul die sinsposisie van ’n onderwerp by die koppelwerkwoord (*is, was . . .*) op so ’n manier dat die eintlike onderwerp as predikatief optree. Die ww. *wees* hou nie daarvan om as selfstandige werkwoord op te tree nie:

* Baie onreg in die wêreld *is*.

en met hierdie optrede verhelp *daar* dié ongemak. Ook:

“*Daar is* ’n afsydigheid en ongenaakbaarheid en kilheid hierin, ’n gebou sonder menslikheid, Middeleeus en sonder hart.” (André P. Brink: Gister en Vandag (uit *Kompas*))

14.8.4 “Dit/daar” as voorlopige “stut” (§14.2.2, §13.1.4)

1. *Dit* is moontlik dat hy betyds kom.

As jy jou afvra: “Wat is moontlik?” is die antwoord duidelik: “Dat hy betyds kom.” In hierdie sin staan *dit* dus “voorlopig” in die plek van “dat hy betyds kom”, wat die eintlike onderwerp — grammatiese en logiese

onderwerp — van “is moontlik” is.

Dat hy betyds kom, is moontlik.

As ons dit vergelyk met die voorbeeldsin in §14.8.1, is die verskil duidelik: daar het die *dit* op iets **buite** die sin geslaan; hier slaan *dit* op 'n deel van die sin self. Albei vervang egter 'n spesifieke taaleenheid (binne of buite die onderhawige sin) en is dus **persoonlike voornaamwoorde**.

2. *Daar* word vertel dat hier nog luiperds boer.

Dit is dikwels al beweer dat leeus lafaards is.

As jy vra: “Wat word vertel/is beweer?” vind jy die antwoord in die sin self: “dat hier nog luiperds boer/dat leeus lafaards is” Hier word *daar/dit* dus “voorlopig” in die plek gebruik van die klous wat die eintlike **grammatiese** onderwerp van die sin is. “Word vertel” en “is beweer” is duidelik **passiewe** predikate; ondersoek toon dat in beide gevalle die **logiese** onderwerpe, die doener, ontbreek — daar staan nie “*Wie* vertel/beweer” nie.

In sulke passiewe sinne sonder doener (omdat dié onbekend of onbelangrik is), met 'n klous as grammatiese onderwerp by 'n werkwoord met stambetekenis “*sê*”, word *daar* of *dit* as voorlopige onderwerp gebruik.

3. *Daar* is vannag by die bank ingebreek.

In dié sin is géén onderwerp nie, nóg grammaties nóg logies. Die sinsorde kan gewysig word tot die ongewone maar korrekte:

Vannag is by die bank ingebreek.

of: By die bank is vannag ingebreek.

Hier dien *daar* dus as 'n sintaktiese stut of kruk om 'n leemte te vul in 'n sinstruktuur, wat anders alleen met 'n sekere “verleentheid” vir die sinsbou verander kan word. Want bogenoemde alternatiewe is aan 'n sekere “houding” gebonde; dit plaas 'n klem waar die sin dit hier en nou nie wil hê nie.

Ek meen die gebruik van *daar* in dié struktuur sluit aan bysy gebruik om op voornaamwoordelike wyse in te staan vir meer eksplisiete bywoordelike plek- en ander bepalings met 'n s.nw. daarin.

Tussen hierdie en die volgende tipe is slegs 'n graadverskil:

As *daar* gelieg moet word, stoot hulle ou Piet voor.

“Waaroor word *dit* dan nou so diep gedink?” (Boerneef)

In hierdie gevalle kan die sinne ook sonder die *daar* of *dit* gebruik word; hulle verrig dieselfde funksies as dié in 2 en 3 hiervoor in passiewe sinne. In hierdie sinne is daar ander dele wat die behoefte aan so 'n sintaktiese stut 'n bietjie verminder. Die *dit* in die voorbeeld uit Boerneef is ongewoon; by dié soort gebruik kom eintlik net *daar* voor.

In ander passiefsinne kom dit ook voor, veral by voorsetselwerkwoorde:

Daar word op die gevolge gelet.

Daar moet kennis geneem word van dié neigings.

“...nie 'n paleis van waar die wêreld... verower kan word nie, maar waar *daar* voortdurend verdedigend op wag gestaan word daartéén!” (André P. Brink: Gister en Vandag, uit *Kompas*)

4. Hy het my *dit* belowe om te kom help.

Ek belowe jou *dit*: jy sal nie weer alleen hoef te sukkel nie.

In albei gevalle is die *dit* 'n direkte voorwerp: in die eerste voorbeeld ietwat onnodig omdat die voorwerp by wyse van infinitiefkonstruksie volg, maar dalk is dit ook slegs om 'n sintaktiese leemte voorlopig te vul.

In die tweede voorbeeld is *dit* 'n sterk beklemtoonde voorwerp, 'n enkele woord om die klem te dra wat nie oor die hele klous (wat die eintlike voorwerp is) versprei kan word nie. Dié gebruike is eerder stylmiddele in die gebied van die stapelvorm.

5. Ek is *daarvan* oortuig dat hy ons sal help. (§13.1.4, §14.2.4)

By voorsetselwerkwoorde met 'n klous as voorsetselvoorwerp (§2.8, §7.6.2.1) kry ons ook 'n voorlopige voorwerp in die vorm *daar-* wat met die voorsetsel vergroei soos in §13.1.4 aangetoon. Ander voorbeelde is:

Sy maak *daarop* staat dat haar vader haar sal bystaan.

Hy verlustig hom *daarin* as die kinders so lekker speel.

Die vader verheug hom *daarin* as sy kind gelukkig is.

6. *Dis* hier te kort en daar te lank

Dit kan nie hoër of laer nie,

Dis nou dit, dan dāt.

“*Daar* is vir ons nie so 'n ding soos saans gaan lê en slaap tot die anderdagmôre nie, nee, *dis* maar kort-kort uit en keer en nader druk werf toe.” (Boerneef: *Boplaas*, 37)

Hierdie besonders Afrikaanse gebruik van 'n onpersoonlike en onbepaalde *dit/dis* behels miskien 'n paar verskillende tipes. Hier, by gebrek aan 'n volledige ondersoek, is hulle bymekaar gegooi, sonder verdere verklaring.

14.8.5 “*Dit*” in die *gesplete sin*

Hierdie soort sin kry sy naam uit Jesperson se siening dat dit 'n enkelvoudige sin is wat gesplyt word en só samegesteld word:

Dit is die baba/*wat* huil.

uit: Die baba huil.

Behalwe deur Jesperson is reeds verskeie verklarings daarvoor aangebied, die volledigste miskien dié van R.B. Lees in sy artikel “Analysis of the ‘Cleft Sentence’ in English” (1963). Dit kom tog voor asof die hoofsaak hier 'n versterkte klem is op (bv.) die doener, die onderwerp, maar iets meer as net klem: Waar ons in die “normale” sin of uiting 'n grammatiese onderwerp het wat vir spreker en hoorder gemene kennis is, en van wie die spreker nou iets sê, het ons hier 'n gemene predisering (= spreker en hoorder weet wat van iets gesê kan word) maar die **onderwerp** is vir die hoorder nuus. Soos hierbo: albei is bewus van die “huilery”, die spreker verskaf die onderwerp: hy sê wie huil.

Dié beklemtoonde inhoud kan ons die *spil* noem (R.B. Lees praat van “the sole focus”). Dit is egter nie net die logiese onderwerp wat verskaf kan

word nie; nagenoeg enige sinsdeel kan só die spil van 'n gesplete sin word, maar altyd sal die sin met *dit is/was* begin:

Dit is 'n tang wat hy soek.

Dit was vir die onderwyser wat hy die boek moes gee.

Dit is van sy broer wat hy die hulp verwag.

Dit is hy wat my gehelp het.

Dit was op die tafel dat hy dit neergesit het.

Dit was in die oggend dat hy die swaarste gekry het.

Veral die konjunkte bywoorde dien dikwels as spil:

Dit is *daar* dat/waar jy hom sal vind.

Dit is *hier* waar ons begin het.

Dit was *toe* dat hy my die storie vertel (het).

Dit is *so* dat ons die waarheid kan soek.

Dit was *daarom* dat hy so lank getalm het.

Dit is *daarvoor* dat hy sy lewe veil gehad het.

Dit val op dat

- (a) as die spil die logiese onderwerp of voorwerp van die bysin is, die skakelwoord 'n betreklike voornaamwoord is:

Dit is my vriend *wat* daar staan. (onderwerp)

Dit is my vriend *wat* jy daar sien. (direkte voorwerp)

Dit is altyd sy aan *wie* hy dink. (voorsetselvoorwerp)

- (b) as die spil 'n bywoord/-elike bepaling (ook 'n voorsetselkonstruksie met bywoordelike funksie) is, is die skakelwoord *waar* of die voegwoord *dat* (sien voorbeelde hierbo). In die substandaard-spreektaal kom ook *lat/laat* vir *dat* voor, en ook *wat* i.p.v. *dat*, soos by Eitemal: Jaffie, 19:

“Dis toé wat hy sy besluit van verlede week by die garingkraal skoon vergeet het.”

Ander interessante gebruike:

- (i) “Dit is hier waar my vriend Niklaas ter sprake kom . . . en dit was hý wat in die moeilike dae van siekte gesorg het . . .” (André P. Brink: *Die Klap van die Meul*, 124)
- (ii) “Dit kan nie die demokrasie wees waaraan 'n mens teen die wanhoop in, vasklou nie!” (N.P. v.W. Louw: *Liberale Nasionalisme*, 78)
- (iii) “Dit is elke keer by die verstaan, by die begrip, by die betekenis dat daar in die skool halt geroep word!” (Elize Botha: *Afrikaanse Essayiste*, 30)

14.8.6

Let in die volgende uit Frederik Rempel: *Lampe langs die Pad* (1940), bl. 21, op die verskillende gebruike van *dit/dis*:

“Dis altyd die woord wat van hart tot hart gaan, wat onuitwisbaar daarin gegrif word. Daarom is die juiste woord nooit uitgedink nie, dis nie die woord wat die verstand ingee nie, maar die woord wat die hart sê. Dis altyd kort. Dis nooit nodig om baie woorde te spreek om

die juiste gevoel, die juiste stemming te wek nie. Baie woorde sou daar nie op hulle plek wees nie. Dis die slegste wiel wat die hardste kners.”

14.9 Negatiewe sinne

Die sg. “dubbele ontkenning” kom in verskeie tale voor, waarvan Vlaams en Frans, naas Afrikaans, die bekendste vir ons is. Maar dit lyk nie in die genoemde ander tale net soos in Afrikaans nie.

Hoewel andertaalsprekendes daarmee in Afrikaans dikwels baie sukkel, bly die waarheid dat dit aan ’n duidelike wetmatigheid onderhewig is: elke Afrikaanssprekende gebruik dit normaalweg met suiwer aanvoeling.

Ons kan die ondersoek vereenvoudig deur die moontlike **ontkenningswoorde** (**negatiewe**) op te noem: *nie*, *niks*, *niemand*, *nêrens*, *nooit*, *geen*, *geeneen*, *geensins* en *g’n* met die **tweede *nie*** telkens op die end in (eenvoudige) sinne soos:

Ek ken *nie* die man *nie*.

Hy weet *niks* daarvan *nie*.

Hulle help *niemand* anders *nie*.

Ek kry *nêrens* genoeg geld *nie*.

Hulle besoek ons *nooit* *nie*.

Hy het nog *geen* taak voltooi *nie*.

Hulle het *geeneen* betyds gekom *nie*.

Hy is *geensins* dom *nie*.

Hy maak *g’n* hond haar-af *nie*.

Hy sal ons *g’n* help *nie*. (Substandaard!)

Om dit te orden moet ons dadelik ’n skeiding maak:

1. die gebruik wanneer die “**houding**” van die spreker neutraal is teenoor die inhoud van die sin; en
2. die gebruik wanneer ’n spreker ’n **spesiale houding** inneem.

14.9.1 Gewone gebruik: neutrale houding: onafhanklike sinne

Met die “gewone gebruik in ’n neutrale houding” bedoel ons dat die spreker geen besondere gesindheid ten opsigte van enige bepaalde deel van die sinsinhoud openbaar nie; daar is niks wat in die besonder ontken word nie.

Waar só ’n sin die **normale onafhanklike woordorde** (§2.13.3.1.1) kry, is die **algemene reël** dat die **ontkenningswoord** op die (eerste lid van die) **predikaat volg** en die **tweede *nie*** heel aan die einde van die sin kom.

By dié algemene reël is daar o.a. die volgende voorbehoude:

1. As die sin net uit ’n onderwerp en ’n **predikaat in die presensvorm bestaan** (waar daar dus naas die onderwerp net nog een ander woord in die sin voorkom), volg **nèt die ontkenningswoord** sonder ’n tweede *nie*:

So ’n uiterste lui aard werk *nie*.

Sy rus *nooit*.

Ons weet *niks*.

Dit is egter baie algemeen dat (behalwe by *nie*) tog 'n tweede *nie* volg; by verskeie word die tweede *nie* standaard:

Ek sien *niks nie*.

Sy rus *nooit nie*.

Ek sien *niemand nie*.

2. As die sin 'n persoonlike (of ander) **voornaamwoord** as (direkte of belanghebbende) **voorwerp** het, kom dié voornaamwoord onmiddellik na die (eerste lid van die) predikaat, en dan eers die ontkenningwoord:

Die opsigter het *dit nie* gedoen *nie*.

Ek het *hom nêrens* gesien *nie*.

Hulle sal *haar nooit* vergeet *nie*.

Die amptenare kon *ons nie* die nodige hulp verleen *nie*.

3. Enige **direkte voorwerp** kan voor die ontkenningwoord geplaas word:

Hulle het die beeste *nie* betyds versorg *nie*.

Hulle het *nie* die beeste betyds versorg *nie*.

4. As 'n voornaamwoord as **belanghebbende voorwerp** met *vir* of *aan* gebruik word, kan dit ook vóór of ná die ontkenningwoord optree:

Hulle maak *vir hom nie* plek *nie*.

Hulle gee *nie vir/aan hom* die nodige steun *nie*.

5. Die ontkenningwoord kan ook onmiddellik voor hom een van die versterkende graadbywoorde *glad* en *hoegenaamd* of die beperkende *nog* kry:

Hulle weet *glad niks* daarvan *nie*.

Hy doen *glad nie* sy werk *nie*.

Die kind doen *hoegenaamd niks* om jou te pla *nie*.

Hy het my *nog nie* kom spreek *nie*.

Ons het *nog niemand* daar gesien *nie*.

Opmerking:

Hoegenaamd kom ook ná *niks* en *niemand* voor:

Hy weet *niks hoegenaamd nie*.

6. *Niks*, *niemand*, *geeneen*, *geen/g'n* is voornaamwoorde en kan self as onderwerp of voorwerp (of as deel van die onderwerp of voorwerpe) optree. Wanneer hulle die onderwerpsposisie inneem, lyk dit só:

Niks kan die vasgekeerdes meer red *nie*.

Niemand weet iets van die saak af *nie*.

Geeneen het my daarvan gesê *nie*.

Geen lid mag uit die vergadering praat *nie*.

Wanneer hulle as voorwerp optree, val hulle in die gewone patroon 1 en 2 bo:

Hy kan *niks* doen *nie*.

Ek het *niemand* daarvan gegee *nie*.

Hulle het *geeneen* gesien *nie*.

Opmerking (met erkenning aan Ponelis, 1968):

Die woorde *meer* en *eens/eers* het 'n bepalende funksie met 'n beperkende

betekenis by negatiewe sinne, verwant aan dié van *nog*, maar hulle volg op die ontkenningwoord:

Hy ken my nie *meer* nie.

Daar is niemand *meer* nie.

Jy kry nêrens *meer* so iets nie.

Hy besoek hulle nooit *eens* meer nie.

Hy het nie *eens* geprobeer nie.

teenoor:

Hy kan *nog nie* goed swem nie.

as teenhanger vir:

Hy kan *al* goed swem.

14.9.2 Neutrale houding: Afhanklike woordorde

Waar die hele predikaat in 'n **afhanklike klous** na die einde verskuif, verander die **algemene reël** net in een opsig: **die ontkenningwoord kom net na die onderwerp**. Verder bly alle voorbehoude soos by die onafhanklike woordorde.

(Hy sê) dat hy *nie* die man ken *nie*.

dat hy *niks* daarvan weet *nie*.

dat hulle ons *nooit* besoek *nie*.

dat (hulle) *geeneen* betyds gekom het *nie*.

Belangrik: Omdat die predikaat (ook 'n presens) nou na die einde van die sin skuif, vind ons in die afhanklike woordorde **altyd** die **dubbele** ontkenning. As ons dit met die voorbehoud 1 in §14.9.1 vergelyk, word dit duidelik:

So 'n uiterste luiaard werk *nie*.

(Ek weet) dat so 'n uiterste luiaard *nie* werk *nie*.

As daar 'n voorwerp in die sin is, is weer eens twee posisies van die ontkenningwoord moontlik:

(Hy sê) dat hy *nie* die man ken *nie*.

dat hy die man *nie* ken *nie*.

As twee voorwerpe (direk en belanghebbend) optree, kan drie volgordes voorkom (slegs met neutrale houding):

(Ek het gesien) dat my broer *nie* vir sy seun die motor gegee het *nie*.

dat my broer *nie* die motor vir sy seun gegee het *nie*.

dat my broer die motor *nie* vir sy seun gegee het *nie*.

As die twee voorwerpe albei voornaamwoorde is:

(Ek weet) dat sy *nie* vir hom dit gun *nie*.

dat sy dit vir hom *nie* gun *nie*.

dat sy (vir) hom dit *nie* gun *nie*.

dat sy dit *nie* vir hom gun *nie*.

14.9.3 Spesiale houding

Toe ons in §2.13.3.1.2 na **woordorde** gekyk het, en o.a. van die **spesiale houding** wat die **omgekeerde woordorde** meebring, kennis geneem het, het dit gegaan om dele van die sin wat deur vóórplasing beklemtoon word. Die

spesiale houding hiér het slegs op die **ontkenning** van 'n bepaalde sinsinhoud, sinsdeel of soms woord, betrekking. Dan is die algemene reël dat ons die **ontkenningswoord** onmiddellik vóór die sinsdeel plaas waarin die woord wat ontken word, voorkom:

In 'n sin soos: "Jan staan elke oggend vroeg op." kan die meeste afsonderlike dele ontken word, bv.:

Jan staan *nie* elke oggend vroeg op nie. (neutraal)

Jan staan *nié* elke oggend vroeg op nie. (neutraal sterk)

Nie Jan staan elke oggend vroeg op nie. (maar wel Piet)

Jan staan elke oggend *nie* vroeg op nie. (maar wel laat)

Let op:

(a) Dit is *nie* moontlik om die werkwoord afsonderlik te ontken *nie*; blykbaar is die werkwoord as predikaat die kern van die ontkende sin. Enige verdere ontkenning vereis blote klem.

(b) Dit geld ook vir onderdele van 'n konstruksie wat 'n bepaalde funksie verrig; die afsonderlike woord moet net beklemtoon word, die *nie* kan *nie* voor onderdele van 'n konstruksie kom *nie*:

Jan staan *nie elke* oggend vroeg op nie. (wel meestal)

Jan gaan werk *nie elke oggend* nie. (wel elke namiddag)

14.9.4 Ontkenning in ontvangsinne

Besondere komplikasies ontstaan wanneer 'n negatiewe sin die ontvangsin word by inlywing van 'n ondergeskikte klous. In so 'n geval word die inlyfsin (die ondergeskikte klous, die bysin) 'n sinsdeel — met naamwoordelike, byvoeglike of bywoordelike funksie — van die ontvangsin (§14.2 — §14.4).

Die volgende voorbeelde toon telkens die ontvangsin in kursiewe druk, en die inlyfsin tussen skuins strepe, met die funksie van die inlyfsin tussen hakies.

Ek weet nie/wat my te doen staan/nie. (voorwerp)

Die seun/wat laat gekom het/is nie gestraf nie. (byvoeglik)

Ek ken nie die seun/wat daar loop/nie. (byvoeglik)

Die kinders speel nie graag/waar die gras so erg hoog is/nie.
(bywoordelik — plek)

Hulle bly nie buite/as die son eers onder is/nie. (bywoordelik — tyd)
(Hulle het gesê) *dat hulle nie buite bly/as die son eers onder is/nie.*
(bywoordelik — tyd)

Die algemene reël bly dus staan: die ontkenningswoord kom nog net na die (eerste lid van die) predikaat — of na die onderwerp in afhanklike klouse — en die tweede *nie* op die end van die sin, bysin (wat 'n sinsdeel is) ingesluit.

Opmerking:

Newegesikhte klouse word *nie* geraak *nie*; by neweskikking word 'n klous *nie ingelyf* *nie*, dit word *aangelas*, bv.:

Hy werk *nie* in sy tuin *nie* en ook *nie* binnenshuis *nie*.

Hy sê dat sy ma nie meer siek is nie maar tog nie die vergadering sal bywoon nie.

Elke sin sluit sy eie ontkenningwoord en tweede *nie* in homself in. As die inlyfsin óók 'n ontkenkende sin is, kan dit wees

A dat elke klous sy volledige verloop het:

Ek het *nie* die lede/wat *nie* by die vorige vergadering was *nie*/, se name aangeteken *nie*.

of B dat die ontvangsin en inlyfsin se tweede *nie*'s saamval:

Ek dink *nie* daar is 'n landstreek wat hy nog *nie* deurreis het *nie*.

14.9.5

Daar is (betreklik seldsame) gevalle waar die tweede *nie* baie gouer geplaas word as die teoreties korrekte posisie, waar 'n sin baie lank word en die tweede *nie* later verdwaal sal lyk; die latere posisie word tog wel ook gebruik:

Ek het nie geweet (*nie*) dat in gevalle waar die geadresseerde nie meer by dieselfde adres woon nie, die poskantoor moeite doen om 'n posstuk tog by die regte bestemming afgelewer te kry (*nie*).

Dit gebeur dikwels dat 'n spesiale houding 'n omgekeerde woordorde meebring wat plek vir net een ontkenningvorm (die ontkenningwoord) laat, en 'n tweede *nie* dan nie voorkom nie:

“Ouer sal sy seker word, maar gemoedelik *nooit*.”

“Maar haar sterkste vooroordele verswyg sy *nie*:” (Audrey Bignault: *In Klein Maat*, 37)

In Afrikaans het 'n gebruik van die ontkenningvorm ontwikkel wat geen ontkenning of negatief inhou nie in sinne soos:

“Wat het daardie stoere leier *nie* alles vir ons volk beteken *nie*?” (waar die spreker impliseer “baie”).

So 'n retoriese vraag sal eintlik betekenisloos word sonder die *nie*'s:

“Wat het daardie stoere leiers alles vir ons volk beteken?” (of die spreker impliseer “niks of baie min”).

In 'n ander soort sin het 'n “onnodige” *nie* ontstaan:

“Ek sal nie gaan voordat ek *nie* seker is alles is op hulle plekke *nie*.”

Die kursiewe *nie* kan ontbeer word; trouens, dis hier heeltemal oorbodig. 'n Voorbeeld van so 'n oorbodige *nie* wat met ander saamval, kry ons in Chris Barnard: *Mahala*, bl. 10:

“. . . . hy sal haar *nie* vergeet kry voor hy (*nie*) weet waarheen sy gaan *nie*.”

14.9.6 Ontkenning by vraagsinne

In die voorafgaande het ons net stel- of beweringsinne behandel. As ons die gebruik van die ontkenningwoorde en die tweede *nie* by die stelsinne ken, kan ons die gebruik by vraagsinne maklik formuleer; die algemene reël bly wesenlik onveranderd.

Ons weet dat die woordorde in die vraagsin van dié in die onafhanklike (normale) stelsin net dáárin verskil dat die onderwerp en die (eerste lid van

die) predikaat net omruil:

Jan het die boek gekoop.

Het Jan die boek gekoop?

Waar die ontkenningswoord in die stelsin onmiddellik op die (eerste lid van die) predikaat volg, beteken dit eintlik dat dit **net na** die onderwerp-predikaat (of eerste lid daarvan) staan. In die vraagsin ook; nou volg die ontkenningswoord op die onderwerp:

Jan het nie die boek gekoop nie.

Het Jan nie die boek gekoop nie?

Woon hulle nie meer in dié huis nie?

Kom kuier hy nooit meer hier nie?

Het jy hom nêrens gesien nie?

Kan hulle glad nie sement te koop kry nie?

Al die voorbehoude in §14.9.1 gestel, bly dus hier ook geldig.

14.9.7 Ontkenning by bevelsinne

As ons nou van bevelsinne praat, gaan dit net om die egte bevelsin, wat gewoonlik aan die afwesigheid van 'n onderwerp herken word:

Bring die leertjie hierheen, asseblief!

Staan opsy!

Afrikaans het hierby sy eie negatiewe bevelshulpwerkwoord ontwikkel: die modale hulpwerkwoord *moet* het fonologies en morfologies aan die ontkenningswoord vasgegroei in die vorm/'muni/en/'muno:it/; hiervan word *moenie* in die skryfvorm erken, maar andersins skryf ons "*moet nooit*" terwyl ons "*moenooit*" sê:

Moenie die leertjie wegneem nie asseblief!

Moenie nou padgee nie!

Moet nooit toegee aan die druk van teenstanders nie!

By die ander ontkenningswoorde vind die saamgroei van *moet* met die ontkenningswoord nie plaas nie:

Moenie êrens vertoef nie; kom gou terug!

Sê niks daarvan nie! ≠ Moenie iets daarvan sê nie!

Vertel niemand/geeneen wat jy gesien het nie!

Laai g'n/geen mens op wat jy nie ken nie!

14.9.8 Vraag en negatiewe antwoord

Daar is 'n korrelasie tussen die ontkenningswoorde en ooreenstemmende positiewe begrippe, 'n korrelasie wat hom veral aan die aandag opdring wanneer 'n ontkenkende antwoord op sekere vrae gegee word:

A Het jy *iets* daarvan gehoor?

Nee, ek het *niks* daarvan gehoor *nie*.

B Is daar *iemand* buitekant?

Daar is *niemand* buitekant *nie*.

C Weet jy of ek *êrens* so iets sal vind?

Nee, jy sal so iets *nêrens* vind *nie*.

D. Het hy *al ooit* jou beroemde oom raakgeloop?

Ek het hom *nog nooit* gesien *nie*.

E. Is hy *enigsins* besorg oor sy kinders?

Nee, hy maak hom *geensins* oor hulle besorg *nie*.

By A, B en C kan 'n gewone *nie*-ontkenning ook optree:

Nee, ek het *nie iets* daarvan gehoor *nie*.

Daar is *nie iemand* buitekant *nie*.

Jy sal *nie* so iets *êrens* vind *nie*.

Hierdie korrelate in positiewe teenoor negatiewe sinne sluit aan by dié waarna ons in die slotopmerking by §14.9.1 verwys het (*meer en eens/eers*).

14.10 “Direkte en indirekte rede”

By die gebruik van die sogenaamde “direkte” en “indirekte rede” het ons met 'n stylaangeleentheid te doen en nie met 'n grammatiese verskynsel nie. Die meeste mense het daarmee te doen gekry as 'n oefening in die “skoolgrammatika”, en omdat dit oor 'n grammatikale boeg gegooi is, het dit 'n hele reeks fobieë verwek. Laat ons dit in perspektief probeer plaas:

Ons sê dit is 'n stylaangeleentheid. As 'n skrywer (selde 'n spreker) groter lewendigheid, onmiddellikheid, dramatiese krag, aan sy vertelling wil verleen, stel hy dikwels ook van die (skynbaar) eie woorde van die persone in sy vertelling voor: hy gebruik **dialog** of die **direkte rede**. So skryf Dolf van Niekerk in *Skepsels*, bl. 75—76:

Stofberg lyk effens verbaas. “Ek weet nie van so 'n lêer nie, meneer,” sê hy na 'n rukkie.

Die sekretaris frons. “Miskien het u vergeet — dis 'n maand gelede na u toe gestuur.”

“Dink u nie aan meneer Beuselman nie?”

“Ek het gister met meneer Jooste gepraat — hy het my verseker dat u die opdrag ontvang het.” . . .

Stofberg glimlag. “Meneer Jooste het my natuurlik met meneer Beuselman verwar.”

Die sekretaris gebruik sy telefoon. “Meneer Beuselman asseblief.”

Flou en met veel minder kleur sou dit gewees het as die skrywer dit só gestel het:

“Stofberg lyk effens verbaas. Na 'n rukkie sê hy aan sy hoof dat hy nie van so 'n lêer weet nie. Die sekretaris frons. Hy stel dit aan Stofberg dat hy miskien daarvan vergeet het; dis 'n maand **vantevore** na hom toe gestuur. Stofberg wil weet of hy nie dalk aan (meneer) Beuselman dink nie, maar sy hoof beweer dat hy **die vorige dag** met (meneer) Jooste gepraat het en dat dié hom verseker het dat hy, Stofberg, die opdrag ontvang het. Met 'n glimlag beweer Stofberg dat Jooste hom natuurlik met Beuselman verwar.

Daarop gebruik die sekretaris sy telefoon om meneer Beuselman te ontbied.”

'n Mens merk dadelik die verlies aan dramatiese krag en die omslagtigheid wat soms nodig word om helderheid te verseker. Dit is dan die sg.

“indirekte rede”. ’n Vergelyking tussen die twee stylaarde toon dat die wisseling saamhang met die gebruik van ’n “ontvangsin” waarvan die predikaat die grondbetekenis *sê* het; werkwoorde soos *beweer, meen, antwoord, konstateer* . . .

14.10.1 Die direkte rede

1. Dit is by dialoog dikwels onnodig om die *sê*-sin eksplisiet te stel; die aanhaal van die betrokke verhaalpersoon (of karakter) se woorde is voldoende, soos hierbo:
“Dink u nie aan meneer Beuselman nie?” en verder.
2. Die direkte rede (= eie woorde) is onafhanklik van die verhouding tussen die tyd waarop en die tyd waarvan gepraat word; die tyds- en aspekverhoudings wat tussen ontvang- en inlyfsin (hoof- en bysin) bestaan, verval.
3. In die aangehaalde dele by dialoog is alle deiktiese bepalings *soos vir die spreker in die verhaal*; persoonlike, besitlike en ander voornaamwoorde sowel as tyd- en plekbywoorde val hieronder.

14.10.2 Die indirekte rede

1. Om hoegenaamd tred te hou met die gesels in ’n oorvertelde konteks, moet die *sê*-sin eksplisiet gestel word, soos hierbo in die omgestelde stuk:
“... hy stel dit aan Stofberg
Stofberg wil weet
... maar sy hoof beweer
... (om Beuselman) te ontbied”
Dit dra natuurlik in hoë mate tot die lompheid en omslagtigheid by, maar is onvermydelik in ’n oorvertelling van ’n gesprek.
2. In so ’n oorvertelling tree die tyd- en aspekverhoudings ten opsigte van die gebruik van die **presense** en **perfekte** in (§7.2). Dit spreek vanself dat enige poging om hierby “kort” reëls vir omsetting te gee, op ’n skewe beeld moet uitloop.

Opmerking:

Omdat verwante tale veral bepaalde werkwoordkategorieë by sekere soorte inlywings gebruik (soos Duits met sy konjunktiefvorme by die inlywing van sinne wat “gesê” is), of (soos Engels) ’n baie sterk tydsamehang (“sequence of tenses”) het, het ’n opvatting bestaan dat ons dit ook in Afrikaans moes soek, òf daarteenoor, géén samehang het nie. Albei beskouings is verkeerd.

3. Wanneer die woorde van ’n spreker oorvertel word, sal alle deiktiese bepalings soos vir die oorverteller word. Die keuse van voornaamwoorde sal bv. afhang van wie die oorverteller is, aan wie hy vertel en van wie hy praat.

14.10.3 *Omsetting van direkte in die indirekte rede (of omgekeerd)*

In die verband moet ons onthou dat die “oefening” of “toets” waarby die een in die ander omgesit word, ’n onnatuurlike, onnodige en nuttelose bedryf is, in nog ’n erger mate as die omsetting van aktiewe in passiewe sin. Die een vorm is die aangewese stylbehoefte in ’n bepaalde geval en dit moet dan gebruik word; daar bestaan geen behoefte aan ’n omsettingsoefening nie; die twee “redeforme” het nie eens ’n vaste korrelaat wedersyds soos by die sinsvorme — aktief en passief — nie.

Wanneer iemand werklik ’n gesprek, of die bepaalde woorde van ’n sekere persoon, moet oorvertel, sal sy intuïtiewe grammatika hom hier in dieselfde mate as andersins tot die aanvaarbare gebruike lei. Dit is slegs in onnatuurlike “skoolsituasies” dat verkeerde gebruike voorkom.

14.11 “Talfoute”

Soms verneem ’n mens ’n standpunt wat beteken dat iemand in sy natuurlike (of moeder-)taal nie ’n fout maak solank sy hoorder hom verstaan nie.

Andersyds is dit duidelik dat daar sinne is wat “verkeerd” is in die sin dat hulle grammaties of semanties onaanvaarbaar is. Dié soort sin, word aanvaar, kom nie in die taalgebruik van die spreker in sy moedertaal voor nie.

Die opmerkings hier is nie ’n poging om dié standpunte afdoende te weerlê of te bevestig nie: dit stel bloot ander standpunte wat ook deel van die beskouings oor taalgebruik kan wees.

14.11.1

Noam Chomsky (uit sy wiskundige en wysgerige hoek gesien) sê êrens dat die moedertaalspreker wêl foute in sy eie taal maak. Selfs die mens wat ’n vaardige rekenkundige is en sekuur weet hoe om (bv.) te vermenigvuldig, verrig nie altyd dié bewerking fouteloos nie; hy kan ’n fout begaan en ’n foutiewe produk kry. Iemand wat in sy taalgebruik ’n fout maak, toon nie daarmee dat hy sy taal nie ken nie.

14.11.2

’n Taal, in ons geval Afrikaans, word nie deur almal eenders gepraat nie; ons het hierop in ons eerste hoofstuk (Oriëntering) ingegaan. Daar is egter genoeg gemene kenmerke op elke gebied dat ’n norm aangewys kan word. Wat buite hierdie norm val, word opgemerk en as afwykend aangevoel. As so iets afwykends “verkeerd” genoem word, is dit **vir die kommentator** “verkeerd”. As genoeg sprekers van dié taal dit as “verkeerd” bestempel, is dit verkeerd.

14.11.3

In die Suid-Afrikaanse talesituasie is die korrektheid van Afrikaans aan ’n drieërlei aanslag blootgestel: Dié enersyds van die magtige kultuurtaal Engels, wat (weens die taalverwantskap) genoeg ooreenkoms met Afrikaans het om ongemerk inkruipelek te kry, maar genoeg afwyk om gevaar-

lik besmetlik te kan inwerk. Vir party mense is dit die wese van hulle grappe: 'n Engelsheid in die Afrikaans.

Dié van die onontwikkelde laag van die Afrikaanse taalgemeenskap, wat deur sy spontaneïteit en kleurrykheid tref, maar wat dikwels in vorm en onsuiver woordkeuse sterk van die norm afwyk. Juis daarom word die taalgebruik van baie 'n bron van vermaak; daar is dié wat so 'n taalgebruik ook Afrikaans wil hê. Dit is seker 'n dialektiese Afrikaans — soos Engels, Nederlands en Frans ook gekreoliseer is — maar lê buite die norm.

Dié van die minderwaardigvoelende Afrikaanssprekende wat uit onkunde 'n enkele ongewone woordgebruik, meestal streektaalverskynsels, uitlig en tot spotterny of tot besondere taalkenmerk wil maak. Dink maar aan die paar Namakwalandshede, selfs studentetaal, en die plek wat dit soms in taalmenings inneem.

14.11.4

Daar is 'n opvatting wat sê: Watter saak maak dit, so lank soos hulle verstaan wat ek wil sê? So 'n beskouing is dom: dié persoon dink nie daaraan nie dat sy hoorder hom wel verstaan, maar intussen tog meen: jy is darem vreeslik ongeletterd! Want ook die een wat bogenoemde opvatting bely, voel minagting vir 'n ander wat soos hy maak!

14.11.5

Met watter suiwer of kwasie-wetenskaplike argumente 'n saak vir die voorkoms al dan nie van foute by die moedertaalspreker uitgemaak kan word, het 'n lang verkeer met mense aan die lig gebring dat die deursneemings glo in die reg en verkeerd van taalgebruik, dat hy volgens die lig wat hy het die taal "reg" probeer gebruik, en dat hy van die "taalkenner" leiding vra in sy soek na die regte.

In dié verband haal ek graag uit Paul Roberts: *English Syntax*, 1964, aan van bl. 294 en 386, effens verkort en vertaal:

"Sprak is vir die mens so natuurlik soos loop, en ons het geen mag om die kenmerke van taal — dit is, van die grammatika — te verander nie. Dit is so dat ons dikwels ongrammaties praat, met opset of per abuis. Dit is ook so dat die grammatika stadig met verloop van tyd verander. Maar taalfoute is slegs 'n kortstondige afwyking van 'n stabiele, duursame sisteem, terwyl wysigings in die grammatika oor eeue heen teweeggebring word deur magte geheel buite beheer van die taalgebruikers. Inderdaad, die grammatika het 'n eie lewe. Ons leer sy vorme as ons klein kinders is, en daarna beheer dit ons eerder as dat ons dit beheer"

"Om onwetend die grammatika geweld aan te doen, is om 'n nalatige en waarskynlik 'n swak skrywer te wees. Om bewustelik te oortree, is om digter te wees."

DEEL 2
MORFOLOGIE

DIE MORFOLOGIE: TEORETIESE GRONDSLAE

In die behandeling van die sintaksis het ons reeds gesien hoe intiem die verskillende fasette van die taalondersoek met mekaar verweef is: ons moes telkens die sintaksis en morfologiese verskynsels met mekaar saam behandel. In dié proses moes ons soms terme gebruik wat deel van die teoretiese grondslae van die morfologie uitmaak, maar sonder om hulle daar te verklaar. In hierdie hoofstuk moet ons nou sommige van dié leemtes aanvul. In hoofstuk 16 sal ons dan aspekte van die morfologie behandel wat ons wel kan skei sonder te ernstige steurnis.

Waar ons in deel 1, die sintaksis, die sinvolle gebruik van veral die **woord** (maar tog ook groter taaleenhede soos die konstruksie en die klous) binne die **sin** ondersoek het, is ons doel om in die morfologie veral die **woorddele**, hulle vorm in hulle betekenissamehang binne die woord, te ondersoek.

15.1 Woord ≠ lekseem

Vergelyk:

A Die seun koop 'n nuwe fiets.

B Die seuns het nuwe fietse gekoop.

Sin B bestaan uit ses "woorde". Vier van hulle sal (gewoonlik) tog nie as lemmas in woordeboeke voorkom nie: *seuns*, *nuwe*, *fietse* en *gekoop*; wel sal ons *seun*, *nuut*, *fiets* en *koop* kry.

Is *seun* nou dieselfde woord as *seuns*, *nuut* as *nuwe* en *koop* as *gekoop*? Klaarblyklik tog nie sonder meer nie; om dieselfde woord te wees, moet die vorm en die betekenis dieselfde wees (§1.2).

Vergelyk verder:

C Hy het sy oue aan 'n koper uit die buurdorp verkoop.

Is *koper* en *verkoop* nou op dieselfde manier aan *koop* verwant as wat *gekoop* is? Klaarblyklik ook nie.

Ons kan die eerste onderskeiding só stel:

Koop en *gekoop* het dieselfde leksikale betekenis. Die verskil in **vorm** is aan 'n **grammatiese betekenisverskil** toe te skryf: *Koop* is 'n presens en *gekoop* 'n voltooide deelwoord wat saam met *het* 'n perfek vorm (§ 7.7). Op dieselfde manier is die vormverskil tussen *seun* en *seuns*, *nuut* en *nuwe* en *fiets* en *fietse* aan grammatiese betekenisverskille toe te skryf, terwyl ons dieselfde leksikale betekenis in elke paar terugvind, geknoop aan 'n deel wat in elke woord bestaan. Daarom gebruik ons die term **lekseem** om na 'n taaleenheid soos *koop* te verwys as ons meteen ook aan die hele reeks woorde dink wat dieselfde leksikale betekenis het maar vormverskille toon wat met grammatiese betekenisverskille saamhang. M.a.w., as ons van die **lekseem** *koop* praat, sluit ons daarby die **woorde** *koop* en *gekoop* in; *koop* en *gekoop*

is lede van dieselfde lekseem *koop*. So ook is *seun*, *seuns* lede van die lekseem *seun*, *nuut* en *nuwe* lede van die lekseem *nuut*. Ons neem telkens die **eenvoudigste vorm** van die reeks wat tot dieselfde lekseem behoort, as verteenwoordiger van die lekseem.

Vergelyk verder:

D Hy verkoop sy fiets.

E Sy verkoop haar fiets aan hom.

Hoe staan dit met *sy* in D en *sy* in E? Hulle is klaarblyklik nie dieselfde woord nie, want hulle verwys na manlike en vroulike mense onderskeidelik: hulle is **homonieme**, ons term vir verskillende woorde met dieselfde vorm.

En *sy* en *haar* in E? Net soos *hy*, *sy* in D en *hom* in E verwys hulle na dieselfde “iets”, maar die vorme verskil geheel en al. Verskillende grammatici hanteer dié sake verskillend, en om in Afrikaans vir die klein getal gevalle ’n hele reeks terme te gebruik, is onekonomies. Vir ons doel gaan ons waar dit nodig word, na sulke gevalle verwys as “verskillende grammatiese vorme van ’n lekseem”, omdat hulle, net soos *gekoop* teenoor *koop* e.d.m., toe te skryf is aan grammatiese betekenisverskille.

Is *koper* en *verkoop* ook lede van die lekseem *koop*? Nee; hulle is ander woorde met ander leksikale betekenisse en ander vorme hoewel daar ’n gemeenskaplike element “koop” in hulle gevind word. Om by die hele antwoord uit te kom, begin ons voor.

15.2 Simplekse en komplekse

Hierbo het ons die woorde *koop*, *gekoop* en *verkoop* teëgekom. Deur ’n groot getal woorde te vergelyk, word dit duidelik dat *koop* uit net een betekenisdraende deel bestaan, terwyl *gekoop* en *verkoop* elk uit twee betekenisdraende dele bestaan: *ge-* en *ver-* naas *-koop*.

Woorde soos *koop*, *dink*, *karakter*, *verskil* . . . wat uit net een betekenisdraende deel bestaan van so ’n aard dat dit meteens ook die eenvoudigste vorm van die hele woordfamilie is, noem ons **simplekse**. Ons moet “betekenisdraende deel” of “eenvoudigste vorm” nie met “eensillabigheid” verwar nie: *Karakter* en *verskil* het meer as een sillabe, maar kan nie in betekenisdraende dele ontleed word nie. Die “kar” of die “rak” wat ons as klankgrepe uit *karakter* kan isoleer, het binne dié woord geen semantiese waarde nie. So ook in *verskil*: die “-skil” van *verskil* hou geen verband met die woord *skil* (van ’n vrug, ens.) nie.

Dan het ons woorde soos *verkoop*, *gekoop*, *winskoop*, *koper(y)*; *gedink*, *dunk*, *verdink*, *denke*, *denkbaar*; *karaktervas*, *karakterloos*, *karakters*; *verskille*, *verskillend*, *karakterskil* . . . wat uit meer as een betekenisdraende deel opgebou is; ons noem hulle **komplekse**. Weer eens blyk dit dat kompleks en meersillabigheid nie dieselfde is nie: *Dunk* het net een sillabe; ander komplekse soos *saans*, *speels* . . . ook.

Die betekenisdraende eenhede waaruit komplekse opgebou word, noem ons **morfeme** (ekv. **morfeem**).

15.3 Morfeem ≠ morf

Daar is twee beskouings oor die begrip **morfeem**, in een waarvan daar naas die morfeem ook plek ingeruim word vir die begrip **morf**.

F.F. Odendal in *Die Struktuur van die Afrikaanse Wortelmorfeem*, 1962, bl. 26 se definisie lui: “’n Morfeem is ’n minimale klankkombinasie wat òf as woord, òf as deel van meerdere woorde optree met dieselfde of andersins voorspelbare vorm en, indien dit meerdere kere gerealiseer word, met dieselfde of ’n verwante betekenis in sy verskillende realiserings.” Vir praktiese doeleindes en sonder om die versigtige formulering van die taalwetenskaplike in ag te neem, word dié beskouing kortweg gestel: “die morfeem is die kleinste taaleenheid met ’n vaste vorm en ’n vaste betekenis”, wat dan ook ons bruikbare vertrekpunt bly.

Maar dit bring vir ons sekere probleme mee: daarvolgens kan *wees*, *is* was . . . ; *krimp*, *bekrompe*; *gaan*, *vergange*; *doen*, *daad* . . . nie met mekaar in verband gebring word nie. Ons kan dan agter die sinchroniese taalbeskrywing “skuil” en sê dat die taalgeskiedenis nie deel van die huidige taalbeskouing is nie. Ons hou ons dan opsetlik dom vir klaarblyklike taalverbande: die genoemde vorme is nie voorspelbaar nie; hulle betekenis is dikwels glad nie meer “verwant” nie juis omdat ons hulle vir besondere betekenis behou het.

Om dit te oorbrug, gebruik ons die begrip **morfeem** as ’n abstraksie (soos ook **foneem** — kyk §17.2) wat sy realisering, sy vormverskyning, het in die **morf** (soos ook die **foon** — kyk §17.2). Dit laat dan die moontlikheid dat dieselfde morfeem in verskillende morfe gerealiseer kan word wat dan **allomorfe** van dieselfde morfeem sal wees, só: die woord *dra* word deel van die kompleks *verdra*, waarin *-dra* nou ’n maklik herkenbare morfeem is. In *draaglik* en *verdraagsaam* het ons nog dieselfde morfeem, maar nou in die realisering *-draag-*; in *verdrag* kry ons dieselfde morfeem weer in die realisering *-drag*. Nou kan ons sê: Ons het drie **morfe**: *dra*, *-drag* en *-draag*; drie **allomorfe** van die **morfeem** *-dra-* (waar ons willekeurig die bekendste vorm van die morfeem as verteenwoordiger neem).

Opmerking:

Dit beteken nie dat alle stukke woorde wat ’n sekere ooreenkoms toon, dieselfde morfeem sal wees nie. Dikwels kan slegs etimoloë uitsluitel gee; in bostaande geval Boshoff en Nienaber se *Afrikaanse Etimologieë* en Dr. J. de Vries se *Etymologisch Woordenboek*.

15.4 Soorte morfeme

In die komplekse wat ons in §15.2 as voorbeelde gebruik het, is daar telkens ’n morfeem/morf wat ons ook as **selfstandige woord** ken: *koop*, *wins*, *dink*, *karakter*, *verskil* . . . Deur baie komplekse te ondersoek, sal ons in verreweg die meeste een of meer sulke morfeme vind. Dit blyk ook dat dié soort morfeem — vanweë die feit dat hy ’n **eie leksikale betekenis** het waar hy selfstandig gebruik word — altyd as die kern van so ’n kompleks optree in dié sin dat die betekenis van die kompleks — vir sover dit identifiseerbaar is — in hoë mate met sy betekenis saamhang. (Soos ons

later sal sien, geld dit nie altyd letterlik so nie.) Hierdie morfeem word dan die **vrye morfeem** genoem omdat dit ook 'n selfstandige woord kan wees; of die **sentrale morfeem** omdat dit die kern van 'n kompleks vorm, of die **stammorfeem** omdat die ander morfeme by wyse van spreke daaraan groei. Hierin word verder net **stammorfeem** of kortweg **stam** gebruik om te vereenvoudig.

Naas die stammorfeem kan daar ook morfeme met grammatiese betekenis gebruik word om van die stammorfeme meervoude/voltooid deelwoorde/vergrotende trap van vergelyking/persoonsname/werkwoorde/bywoorde/byvoeglike naamwoorde . . . te maak, terwyl ander wel 'n semantiese waarde het maar nie selfstandig voorkom nie, alleen in samehang met 'n stammorfeem. Daarom word hulle **gebonde of perifere morfeme** genoem. Hierin sal net **gebonde morfeem** gebruik word.

In *verkoop* is die morf *koop* dus die stammorfeem en die morf *ver* 'n gebonde morfeem. In *winskoop* het ons die morf *wins* en die morf *koop* wat elk 'n stammorfeem verteenwoordig. In *verskille* is die morf *verskil* die stammorfeem en die gebonde morfeem word in die morf *-(l)e/ə/* gerealiseer. *Dink* en *denk* is allomorfe van die morfeem *dink*; met die gebonde morfeem *-e* word die abstrakte selfstandige naamwoord ('n massanaam) daarvan afgelei en ons kry dit in die kompleks *denke*; met 'n ander gebonde morfeem met dieselfde algemene semantiese waarde (nl. om 'n abstrakte s.nw. te vorm) wat in stamklinkerverandering gerealiseer word, word die klompleks *dunk* gevorm. So ook is *wen* en *win* allomorfe van dieselfde morfeem, en die morf *win* word met die morf *-s* ook tot abstrakte s.nw. *wins* gevorm. *Dink*, *denk*, *win* en *wen* is almal stammorfeme; die verskil in klinkers is aan ou dialektiese klankverskille toe te skryf en is nie morfeme nie. Die klinkerverskil tussen *dink-dunk* is wel 'n morfeem, 'n gebonde morfeem, soos ook die *-e* en die *-s* by *denke* en *wins* onderskeidelik.

Daar is egter ook verskille by die stammorfeme en by die gebonde morfeme waarna ons moet kyk:

15.5 Stammorfeme

Ons het veral twee onderskeidende kenmerke van stammorfeme genoem: dat hulle 'n identifiseerbare leksikale betekenis het, en dat hulle as selfstandige woorde ook kan optree.

15.5.1

Daar is egter woorde wat nooit (of slegs in heel besondere omstandighede) deel van 'n meerdere woord — 'n kompleks — word nie, soos die persoonlike en besittlike voornaamwoorde *ek*, *jy*, *hy* . . . , *syne*, *joue* . . . , en woorde soos die voegwoorde *maar*, *want* . . . en voorsetsels soos *vir* . . . Soms word hulle **woordmorfeme** genoem; eintlik is vir hulle geen naam nodig nie — dit word nie gebruik nie. Daar is tog sulke uitsonderlike gebruike (kontekstuering!) soos:

Niemand kan hom veel nie; hy is te *ekkerig*.

15.5.2

Die meeste stammorfeme word as selfstandige woorde en onveranderd in verbinding met ander morfeme in komplekse gebruik, soos die morf *dak* in *sinkdak*, *dakkamer*, *dakpan*, *dakkie*, *dakke* . . . en soos *min* in *minder*, *minste*, *verminder*, *minnerig*, *allerminste* . . . *Dak* en *min* en dergelikes noem ons **selfstandige stammorfeme**.

15.5.3

Daar is ook morfe wat uit hulle gebruik in komplekse 'n baie duidelike (maar soms moeilik identifiseerbare) leksikale betekenis kry en klaarblyklik die kern van dié komplekse vorm — dus net soos stammorfeme in komplekse optree — maar net nooit as selfstandige woord optree nie. So kry ons *-bruik-* in *gebruik*, *verbruik*, *misbruik*, *hergebruik*, *bruikbaar*, *gebruiklik*, *bruikleen* . . . en *-moei-* in *bemoei*, *vermoei*, *moeilik*, *moeisaam*, *bemoeilik*, *moeilikheid* . . . maar nêrens word **bruik* of **moei* as woorde gebruik nie. Daar is taamlik baie van hulle, en hulle word **onselfstandige stammorfeme** genoem. Nog 'n paar voorbeelde is:

erbarm, erbarmlik, barmhartig . . . maar geen **barm* nie

verkwis, kwistig . . . maar nie **kwis* nie

berug, gerug, rugbaar . . . maar nie **rug* (in verwante betekenis) nie

betuig, oortuig, getuig . . . maar nie **tuig* nie.

15.6 Gebonde morfeme

By die gebonde morfeme is daar ingrypende verskille merkbaar as by die stamme; ons benoem vier soorte, maar hulle is nie almal altyd komplementêr in die sin dat as 'n sekere morfeem onder één soort geklassifiseer word, hy daarom nie onder 'n ander soort ook kan kom nie. Maar voordat ons dié onderskeiding maak, moet ons van een baie belangrike feit kennis neem, nl. dat verreweg die meeste van ons komplekse (in Afrikaans) oorgeërf is uit soms baie vroeë periodes uit ons taalverlede. Dit bring mee dat dit dikwels baie moeilik is om te sien hoe 'n sekere morfeem (stam- en gebonde) beland het waar hy is, omdat die kompleks of die simpleks 'n betekenisverskuiwing ondergaan het (vgl. *staan* en *bestaan*); dit bring ook mee dat ons in baie gevalle net die geërfde woorde het, maar nie meer nuwes op dieselfde manier kan vorm nie: ons sê dat die morfeme **onproduktief** is. Dit geld veral vir prosesse wat in die taalkunde as **ablaut** (§ 15.6.3 en § 7.7.4.2) en **umlaut** (§ 18.2.1. (3)) bekend is, maar ook in die geval van baie ander morfeme.

15.6.1

Fleksiomorfeme bou buigingsvorme in sekere kategorieë, d.w.s. hulle bou verskillende grammatiese vorme van 'n lekseem. In 'n gedeflekteerde taal soos Afrikaans (en Engels) is hulle baie minder in getal as in 'n taal soos Latyn. Met die gebruik van die fleksiomorfeme sluit die sintaksis en die morfologie by mekaar aan; daarom het ons reeds voorheen na die meeste van hierdie vormkategorieë verwys in ons behandeling van die sintaksis.

Ons kry fleksiemorfeme by die volgende:

- (a) By sommige werkwoordvorme: op vyf gevalle na het die onvoltooide (teenwoordige) deelwoorde, wat hoofsaaklik in byvoeglike funksie gebruik word, die postmorfeem *-end(e)* by die infinitief:

werk — werkende mense

Dit is volledig in §7.7.5 behandel.

Verder vorm baie werkwoorde hulle voltooide deelwoord met die premorfeem *ge-*, soos:

kom — het gekom

Dit is in §7.7.4.1 behandel.

Ons het vandag nog die vorme wat met metamorfeme (§15.6.3) gevorm is en nou as sterk voltooide deelwoorde in veral byvoeglike funksie gebruik word:

bring — volbragte taak

Dit is volledig in §7.7.4.2 behandel.

- (b) By sommige selfstandige naamwoorde word meervoude van die enkelvoudsvorme gebou met behulp van fleksiemorfeme, veral *-s* en *-e* soos in:

tafel — tafels

stoel — stoele

Ons behandel dit in §16.1.2.

- (c) By baie byvoeglike naamwoorde en by 'n beperkte getal bywoorde word trappe van vergelyking met behulp van fleksiemorfeme gevorm:

sterk — sterker — sterkste

Dit word in §16.1.3.(2) behandel.

Baie byvoeglike naamwoorde word met die paramorfeem *-e* (§15.6.4) verbuig as hulle as voorbepaling by 'n s.n.w. gebruik word:

'n lelike gedierte

Dit word in §16.1.3(1) behandel.

Dit is opmerklik dat fleksiemorfeme, in vergelyking met afleidingsmorfeme, die volgende kenmerke vertoon:

- (i) Waar hulle voorkom, verander hulle nie die woordklas nie: *man* en *mans* is albei selfstandige naamwoorde; *groot*, *groter* en *grootste* bly wesenlik byvoeglike naamwoorde, ens.
- (ii) Hulle het vaste waardes of grammatiese betekenis, sodat geflekterde woorde “voorspelbaar” ten opsigte van vorm en betekenis is. Ons kan bv. sê dat 'n Afrikaanse woord se meervoud op 'n *-s* of 'n *-e* sal eindig onder sekere omstandighede; dat 'n voltooide deelwoord onder omskrewe voorwaardes die voorvoegsel *ge-* sal hê, ens.

15.6.2

Afleidingsmorfeme bou nuwe woorde, komplekse waarvan die betekenis leksikaal van dié van enige van sy dele sal verskil, hoewel die betekenis van die stammorfeem gewoonlik nog deel van die betekenis van die komplekse sal vorm:

Bekroon beteken om aan iemand 'n *kroon* toe te bedeel.

Lelikheid is die toestand van *lelik* te wees.

Koelte is 'n plek waar dit *koel* is of 'n *koel toestand*.

Maar hoe *verstaan* se betekenis met *staan* verband hou, is iets wat in die mistigheid van die geskiedenis verborge is.

Met behulp van afleidingsmorfeme (sowel as met ander middele) word die woordvoorraad van die ope woordsoorte — die s.nw., b.nw., ww. en bw. — voortdurend uitgebou.

In vergelyking met fleksiemorfeme het afleidingsmorfeme die volgende kenmerke:

- (i) Deur hulle gebruik verander hulle baie dikwels die woordsoort: met die agtervoegsels *-heid* en *-te* word van 'n b.nw. 'n s.nw. gemaak:
eensaam — eensaamheid
warm — warmte;
deur *-lik* word 'n s.nw.-stam in 'n byvoeglike naamwoord verander:
dier — dierlik . . .
- (ii) Hoewel hulle eie semantiese waardes betreklik vas is, is die komplekse vorm en betekenis nie so voorspelbaar soos by fleksie nie. Om te sê dat iemand nie kinders het nie, sê ons hy is *kinderloos*, maar iemand wat nie susters het nie, is nie **"susterloos"* nie; ook as hy sonder *menslikheid* is, is hy nie **"menslikheidloos"* nie, maar *onmenslik*.

15.6.3

Metamorfeme lewer geflekteerde sowel as afgeleide komplekse. Die aanduiding word gebruik vir morfeme wat nie as vormlik waarneembare morfe gestel kan word nie, maar wat komplekse lewer wat deur klankprosesse van lank gelede (soos by umlaut en ablaut) ontstaan het en behoue gebly het, in die geval van Afrikaans baie dikwels in besondere betekenisverbande. Voorbeelde kry ons by die volgende:

doen — gedane (sake), daad
krimp — 'n bekrompe (opvatting)
aanbeveel — aanbevole (kandidate)
bind — band, bond, bende, bundel, bondel

Die term "metamorfeem" is dus eintlik 'n vae, omvattende term om dié soort morfeme te behels waardeur 'n "verandering, verskuiwing" in die vorm van 'n woord teweeggebring word. Want hierdie komplekse is op 'n verskeidenheid van maniere gevorm deur prosesse wat glad nie meer in Afrikaans voorkom nie; ons het net die geërfde vorme wat nog in ons taal 'n belangrike plek inneem vanweë hulle betekenis en ook vanweë die groot getal wat ons het.

15.6.4

Paramorfeme is nie "heeltemal" morfeme nie; hulle "is afwykend, lê langs-

aan". In Afrikaans het ons eintlik net die -e wat by die -e-verbuiging van byvoeglike naamwoorde (en soms bywoorde) voorkom: dit maak geen verskil aan die betekenis of die woord *lelik* of *lelike* is nie; alleen die posisie voor 'n s.n.w. veroorsaak die verskil. (Kyk § 16.1.3-1) Die voorvoegsel on- word ook tweemaal as paramorfeem gebruik: *koste* is dieselfde as *onkoste*, net soos *guur* en *onguur*.

Opmerking:

A Net soos ons sinonimie en homonimie (kyk § 19.7.6 en § 19.8.1 by Semantiek) by woorde kry, kom dit ook by gebonde morfeme voor:

- e as paramorfeem by "moeilik — moeilike",
- e as fleksiemorfeem by "hond — honde", en
- e as afleidingsmorfeem by "koud — koue" is homonieme.

Die afleidingsmorfeme -heid en -te vorm albei selfstandige naamwoorde:

- dor — dorheid
- warm — warmte,

en ons vorm meervoude met sowel die fleksiemorfeem -s as -e:

- tafel — tafels en
- stoel — stoele.

Die morfeme -heid en -te is dus sinonieme, net soos -s en -e by meervoudsvorming.

B Dit sal blyk dat

- (i) komplekse wat uit 'n stam(-morfeem) met 'n fleksiemorfeem gevorm is, **verskillende vorme van dieselfde lekseem** is;
- (ii) komplekse wat met behulp van 'n afleidingsmorfeem gebou is, **verskillende woorde** is wat ons **afleidings** noem;
- (iii) komplekse wat uit twee (of meer) stamme gebou is, **komposita** is, d.w.s. samestellings, samekoppelings of samevoegings;
- (iv) meer as een woordbouende proses in die vorming van 'n kompleks kan optree, hoewel dit amper altyd by wyse van een-op-'n-slag gebeur.

C Die volgende terme onderskei nie ander soorte morfeme nie, maar is geriefsterme waar dit nodig is:

premorfeem vir **voorvoegsel**, 'n morfeem vooraan die stam: *bestaan*;

postmorfeem vir **agtervoegsel**, 'n morfeem agteraan: *mans*;
daarnaas kry ons die tradisionele terme: **prefiks** = premorfeem,
suffiks = postmorfeem en **affiks** = gebonde morfeem.

15.7 Woordbou met stammorfeme: komposita

In §15.5 het ons vlugtig na stammorfeme en hulle kenmerke gekyk, en in §15.6 het ons gesien hoe stammorfeme as kern kan dien van komplekse waarin fleksie- of afleidingsmorfeme saam met die stamme optree. Nou moet ons kyk na die baie groot veld van woordbou waarin twee of meer stammorfeme 'n nuwe woord vorm. Sulke komplekse noem ons **komposita**

(enkelvoud: kompositum); ons gebruik die Latynse woord omdat daar twee tipes komplekse is wat hieronder val. Ons noem die twee tipes onderskeidelik **samestelling** en **samekoppeling**, en, hoewel hulle by die eerste aanblik baie eenders kan lyk, is daar 'n belangrike verskil tussen hulle.

Voordat ons met volle begrip op die ooreenkomste en die verskille tussen die twee, trouens, op die wese van die kompositum, kan ingaan, moet ons twee begrippe helder kry:

Eerstens: Ons werk met stamme; hulle kan dus ook as geïsoleerde, selfstandige woorde voorkom in sinne waarin hulle dus 'n bepaalde **funksie** sal hê (as 'n bepaalde **woordsoort** sal optree). Ons sal dit nodig vind om na hierdie funksie wat so 'n stam as selfstandige woord verrig, te verwys, ook wanneer ons van hom as stammorfeem in 'n kompositum praat, waar hy dus nie 'n sintaktiese funksie het nie. Dit sal korrek wees om dan te sê: "In *eetkamer* het *eet* 'n werkwoordkorrelaat en *kamer* 'n selfstandige naamwoord-korrelaat." en "*eetkamer* is saamgestel uit stamme wat 'n ww.-korrelaat en 'n s.nw.-korrelaat onderskeidelik het". Om korter te praat, sê ons nou (verkeerd): *eetkamer* is uit 'n ww. en 'n s.nw. saamgestel." maar bedoel die regte!

Tweedens: Ons weet dat dit in die aard van woorde van 'n sekere woordsoort lê om gewoonlik by (voor of na) woorde van 'n sekere **ander** woordsoort in 'n sin as los (geïsoleerde) woorde voor te kom, bv. 'n b.nw. staan gewoonlik net voor 'n s.nw., 'n onderwerp net voor die finiete ww. van die predikaat, 'n bywoord baie dikwels net voor die hoofwerkwoord in die afhanklike woordesde, en so ook 'n s.nw. wat as voorwerp dien net voor die hoofwerkwoord as 'n hulpww. ook in die predikaat optree. As ons nou van (**losse sintaktiese**) **jukstaposisie** praat, verwys ons na hierdie as-los-woorde-langs-mekaar-stanery-in-'n-sin. Byvoorbeeld:

Die rylopers hou *pad langs* want daar kry hulle geleentheid.

Wie in die vak *belang stel*, sal daaroor lees.

Leghorns is *wilde hoenders*; hulle vlieg oor elke draad.

Die kursiewe woordgroepe staan in jukstaposisie: ons kry hulle baie dikwels (soms altyd) só.

15.7.1 Samestelling en samekoppeling

Vergelyk die twee sinne:

A Hy drink graag *koeimelk*.

B Hy gaan die *koei melk*.

In A "drink hy graag melk" waar die komponent *koei*-alleen die betekenis van *melk* beperk. *Koeimelk* beteken dus: "melk wat van koeie verkry is", miskien in teenstelling tot bv. bokmelk. In B is die verhouding tussen *koei* en *melk* anders: hier is *koei* die voorwerp van die predikaat *gaan melk*. In sin B staan *koei* en *melk* dus in jukstaposisie en is aparte woorde; in A is *koeimelk* 'n samestelling. Die komponente van *koeimelk* kán dus in jukstaposisie voorkom, maar dan is die verhouding tussen die dele anders.

Vergelyk nou weer:

C Hy geniet *visvang* meer as enigiets anders.

D As hy *vis vang*, gaan ons hulle braai.

Ons kyk eers na D: hier is *vis* die voorwerp van *vang*, en in hierdie bysin is dit hulle normale volgorde; hulle staan in jukstaposisie. Maar in C het *visvang* se komponente presies dieselfde verhouding teenoor mekaar: *vis* is nog altyd die voorwerp van *vang*, alhoewel die sin nie nou daardie soort struktuur het nie. In C is *visvang* 'n samekoppeling, want die twee komponente kan as los woorde in jukstaposisie met dieselfde verhouding tussen hulle voorkom. Prof. W. Kempen (kyk §15.10.1 by naslaanwerke: *WK*) stel die verskil só op bl. 92:

“Die dele van die samestelling is nie isoleerbaar tot losse sintaktiese jukstaposisie met behoud van dieselfde verhouding tussen die dele nie. Daarenteen is die dele van die samekoppeling wel isoleerbaar tot losse sintaktiese jukstaposisie met behoud van dieselfde verhouding tussen die dele.”

In die volgende voorbeelde het ons in die reeks (a) sinne met samestellings in kursiewe druk, in reeks (b) dieselfde dele in woordgroepe in jukstaposisie en in reeks (c) sinne met samekoppeling; bostaande onderskeiding kan daarmee getoets word:

(a) Hulle *melkkoeie* is van puik gehalte.

Die *koeistal* is ver van die huis.

Hy het hom aan die *stowepatats* ooreet.

(b) Hulle *melk koeie* dié tyd van die aand.

Jy moet reg staan wanneer die *koei stal* toe kom.

Sy ma *stowe patats* vir die middagete.

(c) Deesdae dra sommer klein seuntjies al 'n *langbroek* (of: *lang broek*).

Geelwortels is 'n gesonde slaai.

Groenvye maak heerlike konfyt.

As jy *belangstel* (of: *belang stel*), kan jy saamgaan.

Hy wil nie die eie vir minderwaardige dinge *prysgee* nie.

Sy het die boef *padlangs* die waarheid vertel.

Die onderskeiding tussen samestelling en samekoppeling is nie absoluut nie; daar is baie gevalle waar 'n saak vir enigeen uitgemaak kan word. En selfs tussen kompositum en konstruksie (of: groep los woorde) kan soms nie met beslistheid onderskei word nie: ons sê:

Hy hou van *visvang*.

Hy hou van *perdry*.

Hy hou van *motorbestuur* of *motor bestuur* (?).

Hy hou van *gevaargebiede/ondersoek* (?).

Só belangrik is die onderskeiding seker darem ook nie. Net dit: waar daar soms vryheid van skryfwyse (los of vas) is by samekoppeling, omdat die betekenis-, aksent- en funksionele eenheid nog nie finaal gestel is nie, is daar by 'n samestelling nie so 'n vryheid nie: hulle is altyd een woord.

15.7.2 Fonologiese/morfologiese, semantiese en funksionele eenheid

As jy met die “fonologiese eenheid” van ’n woord sy “een-woord-wees” wil bewys, begewe jy jou op glibberige terrein. As ons sê dat ’n kompositum — samestelling en samekoppeling — eenheidsaksent soos elke ander woord het, bewys ons daarmee niks nie, maar gee slegs ’n kenmerk van komposita. Want dis doodgewoon dat ’n hele woordgroep en ’n konstruksie ook so ’n hoofaksent met mindere aksente en onbetoonde dele kan hê, soos

Die 'kind 'sit in die 'waentjie / di 'kənt 'sət əni 'vɑ:ɪŋci/
(die strepies staan voor betoonde sillabes en/of woorde) waar *in die waentjie* so ’n eenheidsaksent het op *waen-* en tog nie een woord word nie. Maar vergelyk nou:

X As 'jy 'n 'vis 'vang, sal 'ek hom 'help 'eet.
waar *vis* en *vang* albei sterk betoon kan wees, maar in

Y As hy visvang, onspan hy heerlik.
waar 'visvang eenheidsaksent (op *vis*) het.

Dit is naamlik ’n kenmerk van **komposita** dat hulle die **woordaksent op die eerste lid** dra. As ons hierby in gedagte hou dat afleidings hulle woordaksent meestal op die stammorfeem dra — sy dit vóór of agter — (hoewel hierop afwykings is, bv. die postmorfeem *-aal*: *provins*’aal kry die aksent), is dit ’n geregverdigde vraag of die sg. “onskeibaar samegestelde werkwoorde” (d.w.s. samekoppelings van s.nw./b.nw./bw. en werkwoordstam: *oorwéég*, *deurlóóp*. . .) komposita is of nie. Ons gaan dit nie probeer uitmaak nie; ons behandel hulle as komplekse. Om dié rede sê ons:

'boeksak, 'vensterbank, ge'bruikswyse,

'Strandstraat,deurloop . . .

Anders as met die woordaksent wat op die eerste lid val, dra die laaste deel van die kompositum in Afrikaans gewoonlik die kernbetekenis: ’n *boeksak* is ’n *sak*; ’n *sakboek* is ’n *boek*. . . Hierby moet ons tóg onthou: in seldsame gevalle het die dele (net twee) se totale betekenis oorgegaan in die nuwe woord soos *doofstom*, *skaamkwaad*. . . ; in enkele gevalle het ons ’n vreemde kompositum geleen, soms in vertaling, soos *sekretaris-generaal*, *chaise-longue*, waar ons die vreemde betekenisplasing behou. Maar belangrijker as dit is die feit dat die kompositum baie dikwels ’n betekenisverskuiwing ondergaan, soms só dat die kompositum se betekenis niks met die dele s’n te doen het nie — hoogstens ’n figuurlike verband behou:

’n *kraaibek* is ’n soort werktuig, ’n sleutel;

’n *maanhaar* is soms ’n leeu;

’n *sweetvos* is ’n perd;

’n *skemerkelkie* is ’n drankie of ’n partytjie . . .

iemand is *hoenderkop* as hy dronk is

en *dikbek* as hy vies is . . .

Die laaste twee voorbeelde bring ons by die funksionele aspek: hoewel die funksies van die samestellende dele dikwels onderskeibaar is, en hoewel die (gewone) funksie van die laaste deel dikwels ook die funksie van die hele kompositum is, is dit geen reël nie:

Hoenderkop en *dikbek* is nie 'n *kop* en 'n *bek*, dus s.nw. nie, maar albei tree as b.nw. op. So is *broekskeur* nie 'n ww. nie, maar 'n bw.; *aansterk* nie 'n b.nw. nie, maar 'n ww.

Maar, en dit is miskien hoofsaak vir begrip van die kompositum as taalverskynsel, die voorstelling van 'n kompositum as 'n optelsom is prinsipiële verkeerd:

**karperd* = *kar* + *perd*.

Ons kyk daarna in 'n afsonderlike paragraaf.

15.7.3 *Die verhouding tussen die dele van die samestelling*

Dis duidelik dat 'n *karperd* nie 'n *kar* en 'n *perd* is nie; dit is 'n *perd* alleen, al is die gedagte dat dit 'n *perd* is wat veral geskik is om 'n *kar* te trek. Onderzoekers in dié veld sal dit seker 'n onderwerp-voorwerp-verhouding noem: (die) *perd* (trek die) *kar*.

Daar is 'n groot getal verhoudings moontlik, wat egter meestal moeilik formeel geïdentifiseer kan word. Om bloot nominaal te onderskei, is maklik; om dit só te doen dat 'n ander verstaan wat jy bedoel, is iets anders. Om dié rede neem ons kennis van die **komponente se gewone funksie**, d.w.s. in watter woordsoortlike hoedanigheid hulle gewoonlik voorkom in 'n sin; ons stel vas in watter **funksie die kompositum** gewoonlik gebruik word, en ons probeer formuleer die verband/verhouding tussen die komponente, ongeveer só:

In *drinkwater* is *drink* (gewoonlik) 'n werkwoord, *water* 'n s.nw., *drinkwater* 'n s.nw. wat beteken: "water vir drinkdoeleindes; water wat gedrink kan word".

In *slaapkous* is *slaap* 'n ww., *kous* 'n s.nw., *slaapkous* 'n s.nw., wat beteken: "'n persoon (aangedui met *kous*) wat baie slaap".

In *hardekwas* is *harde* 'n b.nw., *kwas* 'n s.nw., *hardekwas* 'n b.nw. wat beteken: "'n *kwas* (= eufemisme vir *agterent*, as deelbenoeming of sinekdogee vir *mens*) wat *hard* (= parmantig) is".

Ons voorstelling is dus nie:

**kas* + *deur* = *kasdeur*

nie, maar:

die *deur* van 'n *kas* is 'n *kasdeur*.

die *kamer* waarin jy eet is 'n *eetkamer* . . .

15.7.4 *Bepaler en kern*

By die bou van 'n kompositum is die eerste komponent meestal ondergeskik aan die tweede; die eerste bepaal die tweede. In *kasdeur* bepaal *kas* die komponent *deur*; *kas* sê watter (soort) *deur*. Nou sê ons dat *deur* die **kern** en *kas* die **bepaler** in hierdie samestelling is; die eerste komponent is altyd die bepaler en die tweede die kern (in Afrikaans).

Hiermee hou ons rekening in die hiërargiese bou van 'n veelledige kompositum: die dele word gewoonlik twee-twee ingebou — nie noodwendig van een kant af nie — tot die geheel:

buite—band // werk—plaas
 motor—(buite—band) // versool—(werk—plaas)
 motor—(buite—band)—versool—(werk—plaas)
 motorbuitebandversoolwerkplaas

Dié patroon kan herhaal word tot 'n speletjie wat op aardige verspottig-hede uitloop, maar die neiging is om eerder met behulp van voorsetsels en met lidwoorde sintagmaties te bou as om te lang samestellings te vorm:

“'n werkplaas vir die versoling van motorbuitebande”.

15.7.5 Analogie

Ons maak hier die stelling: nuwe woorde — by wyse van afleiding of samestelling of andersins — word hoofsaaklik deur **analogiewerking** gebou.

Geen twee vorminge is presies eenders nie; dan sou een oorbodig wees. Hoe weet iemand nou dat hy maar 'n sekere afleiding of samestelling kan maak, veral diégene wat nie grammatika geleer het nie? Eenvoudig: hy maak die nuwe op die patroon van die bestaande.

Vanselfsprekend: hoe meer daar van 'n bestaande patroon reeds voor-kom, hoe makliker word verdere nuwes gemaak. Dit bring mee dat voor-beelde van sekere patrone baie volop is en ander tipes baie skaars — en dan lyk 'n nuwe vir ons maklik vreemd, selfs “verkeerd”. Vergelyk maar hoe volop die tipe s.nw. + s.nw. → s.nw. is soos *boeksak*, *kerkpak* . . .

Nou is dit ook te begrype dat die taalgebruiker — en derhalwe taalmaker — nie altyd eers gaan bereken voordat hy praat nie; hy gaan o.a. die eenheidsbetekenis van 'n samestelling of samekoppeling as genoegsame teken van die “woord” neem om dié woord in 'n nuwe kompositum te gebruik: as hy na die *sleutel* vir die *kasdeur* soek, vra hy na die *kasdeursleutel*. Soos by alle komplekse moet ons dus ook by die komposita, veral die samestelling, met die hiërgiesse bou rekening hou:

kasdeursleutel
 kasdeur—sleutel
 (kas—deur)—sleutel

Op bostaande is daar egter beperkinge. Hoewel groter groepe makliker produktief is as klein groepe, is dit moontlik dat selfs baie klein groepe en selfs enkelgevalle kan lei tot nuwe vorminge. Dan is dit dikwels só dat die maker (die taalgebruiker) bewustelik met die woordskeppinge “speel” om sy verlangde effek te bereik.

Verder moet onthou word dat analogie net as ontstaansgrond vir nuwe skeppinge sal dien as die analogiese werking volkome en presies is; 'n aanduiding van hoe “korrek” die “intuïtiewe grammatika” van die gewone taalgebruiker tog is, selfs al is hy nie in die “geskrewe grammatika” onderleg nie.

Dit is ook interessant dat, hoewel fiktiewe begrippe nie met behulp van komposita (of dan ander woordvormende middele) benoem kan word nie, vind oordrag gereedelik plaas en daaruit dan kompositumvorming. Prof. Kempen (in sy werk in §15.10.1 genoem) haal die geval aan van die woord

hoenderlamp, wat vir proefpersone onaanvaarbaar as samestelling was vanweë die feit dat dit nie bestaan nie (totdat die vakgebruik vir “’n lamp wat snags in hoenderhokke vir produksiedoeleindes brand” uitgewys is). Daarteenoor het ons sulke bekende woorde wat in hulle letterlike betekenis onbestaanbaar is, maar in oordrag algemeen aanvaar word: “tjankbalie, grenskous, hoendervrugte, brompot . . .”

15.8 Die woordvorm oorheers die onderdele

In die gebruik van die gebonde morfeme om komplekse te vorm, maar ook by komplekse van meer as een stammorfeem, die komposita, vind ’n mens getuigenis van die oorheersing van die geheel (die woordvorm) oor die onderdele (die morfeme):

15.8.1 Buigingsmoontlikhede

Die nuwe woord (wat met afleidingsmorfeme of met stammorfeme gebou is) word as geheel geflekter waar fleksie wel voorkom: in die kompleks *eensaamheid* kan *eensaam-* (oorspronklik b.n.w.) nie nou meer trappe van vergelyking kry nie: **eensamerheid*/*eensaamsteheid* of selfs **eensameheid* bestaan nie. Ook in *dierlik* kan dit nie **dierelik* of **diertjelijk* word nie. Waar ’n -e- soos ’n meervoudsmorfeem voorkom, is dit ’n meervoud (*studenteraad, lede-aand* . . .) of die /-ə-/moet anders verklaar word (oorgangsklank, e.a. — sien fonologie, §18.1.9)

Die geheel word wel geflekter: *dierliker, dierlikste; stoelpote* (maar nie **stoelepoot/stoelepote* nie); *gereinig* (maar nie ***reiner-ig*/**reinste-ig* nie).

15.8.2 Ordening in bou

Komplekse is dus nie net ’n aantal aanmeakaargerygde morfeme met ’n betekenis wat gelyk is aan die som van die betekenis van die morfeme nie. Die kompleks is ’n **eenheid in vorm en betekenis**.

As ’n kompleks uit meer as twee morfeme bestaan, is (sê maar) die vier morfeme nie in een proses in ’n kompleks ingebou nie; gewoonlik is twee tot ’n nuwe eenheid gebou met sy eie eenheidsvorm en -betekenis, en dié is dan met sy betekenis ingebou saam met ’n derde morfeem in ’n nuwe kompleks waarin die (tweemorfemige) kompleks en die volgende morfeem se betekenis — en soms vorm — opgaan in ’n nuwe komplekse woord se eenheidsvorm en eenheidsbetekenis.

Die woord *onverantwoordelikeid* het ses morfeme: *on-ver-ant-woord-(e)lik-heid* (waar -e- ’n oorgangsklank is). Ons kan sy bou só sien: nadat *antwoord* ontstaan het uit die stammorfeem *woord*, is nie “antwoordelik” nie maar wel *verantwoord* gebou, wat nou nie meer beteken “om ’n weerwoord op ’n vraag te lewer” nie, maar iets soos “rekenskap gee, instaan vir”. Dááruit eers kon *verantwoordelik* (= in staat — bevoeg — om rekenskap te gee; bevoeg om in te staan vir, te verdedig) ontwikkel. Nou kan enigeen van die morfeme *on-* of *-heid* bykom volgens behoefte. Ons sê dan dat so ’n kompleks **progressief opgebou** word; dit vind met (nagenoeg) alle komplekse met drie of meer morfeme plaas.

15.8.3 Morfeembou ≠ sillabebou

Dié oorheersing van die geheel, die woord, oor die dele, die morfeme, blyk ook daaruit dat die sillabiëse verdeling in die woord hom maar min steur aan die morfologiese struktuur. Daar is natuurlik baie komplekse waarin die morfeme met die verdeling in sillabes ooreenstem: *kar—perd*, *oud—heid*, *eeu—e*, *boom—tak* . . .

Maar fonologiese invloede bring maklik mee dat die morfeemgrens nie meer met die sillabegrens saamval nie: *gou—i—gheid* /'xœu—ə—xəit/, *pa-le* (i.p.v. *pa(a)l-e*), *ster-ker* i.p.v. *sterk-er*, *sag-te* i.p.v. *sagt-e* (sien onder allomorfe) . . . Dit kom selfs by samestellings met twee stammorfeme voor: *suidoos* (in die realisering: /sə'do:s/) *jassak* /'ja—sak/ . . .)

15.8.4 Aksentverskuiwing

In baie tale, ook die Romaanse groep waaruit ons baie leenwoorde oorge neem het, is die verskuiwing van die woordaksent na gelang van die behoeftes van die kompleks 'n algemene verskynsel, waarvan ons 'n aanduiding kry in

'foto ≠ *foto*' *graaf* ≠ *fotogra*' *fie* = *foto*' *grafies*

In die Germaanse tale, ook in Afrikaans, is dit anders: die woordaksent bly gewoonlik behoue in komplekse, alhoewel dit by samestellings ondergeskik raak aan die woordaksent van die geheel:

'ta-fel en *'la-ken* – *'ta-fel*, *la-ken*

(waar 'n strepie bó / *'ta-* / 'n hoofaksent en 'n strepie ònder / *la-* / 'n byaksent aandui).

Sien dit ook in: *roof* ≠ *'rower* ≠ *'rowery* ≠ *'bank*, *rowery*;
ge'sels ≠ *ge'selskap* ≠ *ge'selsery* ≠ *to'neelge*, *selskap*.

Opmerking:

Ons weet dat dit 'n kenmerk van samestellings is dat die hoofaksent op die eerste morfeem van die uiteindelijke kompleks val, behalwe skynbaar by (egte) samegestelde werkwoorde.

By komplekse waarin die stammorfeme 'n werkwoord met 'n supplement (§ 7.4.3) is, bly die aksent op die supplement, soos wanneer dit in jukstaposisie voorkom:

A Hy moet tydelik as hoof *'waarneem*.

B Hy het die wild rustig *'waargeneem*.

(Verskillende woorde gebou uit dieselfde morfe!)

C Hy is die *'waarnemende* hoof.

D Hy is 'n betroubare natuurkundige *'waarnemer*.

E Hy bring baie tyd in sy *'waarnemings*, pos deur.

In A en B het ons die aksent soos die supplement en werkwoord in jukstaposisie voorkom; in C, D en E het ons komplekse wat toon dat die aksent vas bly. Soortgelyke gevalle is:

'toenemende

'skoonmaak, *middels*

'opgaardery

'wetgewende

'aftree, *ouderdom*

'tennis, *spelers* . . .

As dieselfde morfe egter in 'n (egte) samegestelde werkwoord voorkom, kom die woordaksent op die werkwoorddeel (die tweede morf), soos in *aan'skou, aan'vaar, agter'haal* . . . In verdere komplekse behou die woordaksent dié plek:

aan'skoulik, aan'skouings,les . . .

aan'vaarding, aan'vaarbaar, aan'vaarbaarheid . . .

Ons sien die teenstelling by enkele pare:

F Die *'oorweëry* van die pakkies is vervelend.

G Die *oor'weging* dat dit gevaarlik kan wees, het beslis.

H Die *'ondergaande* son verwek mooi kleure.

I Die *onder'gane* lyding was alles vergeefs.

'n Paar komplekse uit werkwoorde met supplemente kry ook 'n oordragtelike betekenis (soms naas 'n letterlike) waarmee hulle dan ook t.o.v. aksent by dié uit samestellings aansluit:

J Die pale *steek* by die bak van die vragmotor *uit*.

Oppas vir die *'uitstekende* pale.

≠Hy is 'n *uit'stekende* losskakel.

Ook:

'aanstaan ≠ *aan'staande*

'aansteek ≠ *aan'steeklik*

'aanstoot ≠ *aan'stootlik*

'aantrek ≠ *aan'treklik*

'opmerk ≠ *op'merklik*

In só 'n effens deurmekaarlopende prentjie is dit begryplik dat die grense soms vaag word en substandaardvorme in onversorgde spraak voorkom, soos **wet'gewend, *toe'nemend* . . .

Of die morf *hard* altyd 'n oordragtelike betekenis gee saam met 'n werkwoordmorfeem, is nie duidelik nie, maar behalwe *'hardgebak* het sy komplekse die aksent op die ww.-morfeem: *hard'horend, hard'werkend* (wat as Anglisisme beskou word!), en ook ander komplekse: *hard'koppig, hard'lywig, hard'nekkig, hard'vogtig* . . .)

Dit is duidelik dat die aksent ook onderhorig gemaak word aan die *woordgeheel*; dit bly soos in die onderdeel of dit verander na gelang van die reëlmaat van die woord.

15.9 Produktiewe en onproduktiewe morfe/morfeme

Dit is reeds genoem: verreweg die meeste komplekse in Afrikaans bestaan reeds van baie lank voordat ons taal hier in Suid-Afrika gebruik is (en dan sluit ons Nederlands daarby in). Van hulle het ontstaan uit prosesse wat nie meer aktief is nie, sommige baie lank reeds nie meer nie — ook nie in Nederlands nie. Daaronder moet ons ook heelwat gebonde morfeme reken waarvan ons nog baie duidelik die semantiese waardes kan onderskei omdat daarvan genoeg voorbeelde bestaan om dit moontlik te maak; daaronder val ook 'n aantal stamme: van hulle is reeds elke moontlike kompositum, afleiding en fleksievorm gemaak waartoe hulle kenmerke hulle in staat stel. As ons nou van produktiewe en onproduktiewe morfeme

praat, het ons eintlik net gebonde morfeme in die gedagte.

Sulke onproduktiewe gebonde morfeme is bv. die postmorfeme *-aard*, *-erd* en *-erik* soos in *gierigaard*, *lelikerd* en *stommerik* . . .

Maar baie afleidingsmorfeme word steeds nog vir die bou van nuwe komplekse gebruik, o.a. *-erig* in bv. *bulterig*, *buierig* . . ., *-heid* in bv. *vertonerigheid* . . . en *-er* in bv. *redigeerder* (waar die *-d-* voor die *-er* 'n oorgangsklank — §18.1.9 — is) . . .

Die belang van hierdie feit lê daarin dat ons nie moet gaan soek na nuwe vorminge, nuwe komplekse, met al die stam- of gebonde morfeme wat ons êrens teëkom nie. By die gebonde morfeme vind daar veroudering plaas net soos by alle ander dele van die taalskat. In die werke waarna ons later verwys, word dié aspek duidelik uitgewys.

15.10 Allomorfe

Ons het reeds in § 15.3 die begrip gebruik: **dit gaan om alternatiewe op die gebied van die morfeem van só 'n aard dat die wysiging of afwyking tog nog dieselfde morfeem is.**

Die morfeem is tweesydig: dit het vorm en betekenis. Daar kom afwykings in die vorm en in die betekenis voor; ons definisie (van Odendal, in §15.3 aangehaal) aanvaar “dieselfde of andersins voorspelbare vorm . . . met dieselfde of 'n verwante betekenis”. Die vraag is: hóéveel afwyking, hóé ver verwant?

15.10.1 Vormvariasie

Elke taal met 'n verlede, d.w.s. met 'n betroubare rekord van hoe hy vroeër gelyk het, wat dus iets op skrif het uit sy vroeëre stadiums, sit met 'n soortgelyke probleem: Daar is wisselende vorme van stamme en gebonde morfeme, want baie invloede werk op die vorme in. En elke taal het “erfgoed” en “eiegoed”: onder andere komplekse wat hy uit sy ouer periodes min of meer onveranderd geërf het in vergelyking met die normale taalveranderings, en daarteenoor komplekse wat hy nuut gemaak het met latere of eietydse vorme. Juis dit is miskien die bron van die meeste wisselende vorme, en waarskynlik betekenis ook.

Hoe lyk die probleem?

Ons het 'n woord *lamp* met 'n verkleinwoord *lampie* en 'n meervoud *lampe*; die verkleinwoord het sy eie meervoud: *lampies*. Dis alles maklik: die stam is *lamp*, die gebonde morfeem wat meervoud vorm, is *-e* en die morfeem wat die verkleinwoord vorm is *-ie*, weer met 'n mv. *-s*.

Maar van *dag* het ons die meervoud *dae*. As *-e* die meervoud vorm soos by *lamp-e*, wat het van die *-g-* geword?

Nag het weer die meervoud *nagte*. Waarvandaan kom die *-t-*?

By *drifte* het ons dieselfde vraag as by *nag*. Maar die meervoud van *sif* is weer *siwwe*; die stemlose *-f* het 'n stemhebbende *-w-* (*-ww-*) geword.

Is daar 'n stam *nag* en 'n stam *nagt*? Of is daar 'n meervoudsuitgang *-e* en 'n meervoudsuitgang *-te*? Is daar 'n stam *sif* en 'n stam *siww* met dieselfde betekenis?

Só lyk 'n stukkjie van die probleem; daar is natuurlik baie ander skynbare ongerymdhede.

'n Wetenskaplike ordening hiervan is nodig, want daar is ook baie vorme wat eenders lyk of baie na mekaar lyk, maar wat heeltemal verskillende dinge is. Maar hoewel taalwetenskaplikes in baie tale hulle hiermee besig gehou het en nog werk, is 'n teoretiese grondslag wat oral toepasbaar is, nie maklik te formuleer nie. Dit het uitgeloop op uitgebreide studies ook in Afrikaans, waaraan ek ook byna al die gegewens hierin ontleen en met dank erken. Vir dié doel verwys ek na die volgende drie werke:

F.F. Odendal: *Die Struktuur van die Afrikaanse Wortelmorfeem* (H.A.U.M., 1962), wat hom veral met die **stammorfeme** besig hou. Ek verwys verder hierin na dié werk as FFO.

W. Kempen: *Samestelling, Afleiding en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans* (Nasou, 1969), wat volledig ingaan op die sake in die titel genoem, maar wat dan ook 'n volledige beskrywing van die **afleidingsmorfeme** gee. (Verwys: WK)

M. de Villiers: *Afrikaanse Klankleer (Fonetiek, Fonologie en Woordbou)* (Balkema, 1969), wat sowel die teoretiese grondslae as die Afrikaanse fonologie en morfologie effens meer oorsigtelik behandel. (Verwys: MdeV)

In hierdie behandeling word geen beredenering gegee nie, en ook geen uitgebreide reekse voorbeelde nie; dit is in bogenoemde werke te vind vir die student wat dit soek. Dit gaan immers om **woordeskat** in erkende vorme; woordeboeke sal die erkende vorme gee. Waar ek die formuleringe anders gee of anders kies as die bogenoemde skrywers, is dit my fout of my verantwoordelikheid.

'n Paar veralgemeninge:

Hoewel ons hier na **vormvariasie** kyk, kan dit alleen via die betekenis gaan, anders loop ons die gevaar om met verskillende dinge te werk.

Die skrifbeeld van die taaleenhede waarmee ons werk, is dikwels misleidend. Ons sal dus soms van fonetiese/fonemiese skrif gebruik moet maak om duidelikheid te gee. Die hoofstuk oor die fonologie en die bylae met die fonetiek moet dus geraadpleeg word as die tekens nie bekend is nie.

Om die behandeling oorsigteliker te maak, groepeer ek tipes saam en vereenvoudig soms die interpretasie en/of formulering. (Bogenoemde drie werke saam loop naamlik oor nagenoeg 1000 bladsye; hierdie werk wil dit in 'n paar bladsye behandel!)

Ons kyk eers na **stamme** en dan na **gebonde morfeme**, voordat ons na variasie in die betekenis oorgaan.

1. **Vormvariasie (= allomorfe) by stamme**

Ons het onself afgevra; hoeveel afwyking, hoe ver verwant? is allomorfe; wanneer word verwante stamme "ander" stamme?

Ons ken die woord *dra*, wat in "nuwe" komplekse (d.w.s. komplekse wat

ná die vestiging van Afrikaans as taal gevorm is) as morfeem voorkom: *draklere*, *draradio* . . . maar in alle (?) “ou” komplekse (wat reeds in Nederlands en/of vroeë Afrikaans bestaan het) net as die morf *draag* voorkom; *draagbaar*, *draaglik*, *draagmat* . . . Ons aanvaar dat *dra* en *draag* **allomorfe** van dieselfde morfeem is.

Daarteenoor: ou taalprosesse het ons die twee verwante vorme *drink* en *drank* gegee; selfs in geeneen van ons voorouertale vind dié taalprosesse vandag nog plaas nie: almal het net die resultate van die prosesse. Ook *drenk* (= laat drink, laat deursig) is deur sulke prosesse van *drink* gevorm. Nou gebruik ons die term **metamorfeem** (§ 15.6.3.) om na al die woordvormende klankprosesse van toentertyd te verwys; metamorfeme vorm **nuwe woorde** deur een van die prosesse (wat ons nie vir ons doel nader spesifiseer nie): *drink*, *drank* en *drenk* is nie allomorfe nie, maar aparte woorde. Elkeen kan nou weer as stam optree by die vorming van verdere nuwe woorde:

drinker, drinkbaar, drinkgewoonte . . .

drankasem, drankbedryf, drankmisbruik . . .

drenkeling (blykbaar die enigste, indien dit wel van *drenk* kom!)

- (a) Daar is woorde waarvan een deel op grond van sy vorm en betekenis as ’n stammorfeem herken word, maar die ander deel van die woord kom nêrens voor nie, soos die kursiewe deel in: “bruidegom, boeglam, tjoepstil . . .” Sulke **unieke komponente** is nie morfeme nie. (MdeV 174)

- (b) Nogal ’n taamlike groot getal woorde waarvan die etimologie soms die herkoms kan toon en uitwys dat hulle as komplekse ontstaan het: oomblik>ogenblik (= blik met die oog)
wingerd>wyngaard (waar “gaard” = aanplanting, soos ook in: boord>boomgaard)

het hulle geaardheid as komplekse verloor omdat hulle vir die gewone taalgebruiker ondeursigtig is, en nou beskou ons hulle as simplekse waarin ons nie mindere stammorfeme onderskei nie. Nog voorbeelde is:

gomlastiek, diefstal, daeraad, dagvaar, baldadig, armoede . . .
(MdeV 174—175)

- (c) Afrikaans het heelwat gevalle waar net een woord uit ’n vreemde taal oorgeneem is (hoewel daar dalk meer met dieselfde morfeme in die vreemde taal bestaan). Hoewel taalgeleerdes die morfeme kan identifiseer, word sulke woorde as simplekse in Afrikaans gehanteer:

temperament, justisie, kontingent, nostalgies, prisonier, sporadies, insurgensie . . . en ook: arriveer, laboratorium, sakrament, panorama . . . hoewel lg. groepie één van ’n paar is met ’n baie seldsaam gebruikte maat. (FFO 30—31)

- (d) By groep (c) sluit ’n groot groep aan waar ’n “familie” vreemde komplekse oorgeneem is en dikwels in algemene gebruik is, maar sonder die simpleks(e) wat as stamme gedien het:

administreer, administrasie, administrateur . . . maar sonder “administ(e)r”

Hier sal ons “administr-” as ’n **onselfstandige stam** (§15.5.3) kan beskou, vir sover dan as wat ons hulle binne die Afrikaanse morfeemstelsel wil behandel. (Nog voorbeelde: MdeV 176—177, 191—193)

- (e) Daar is baie woorde waarin ons “be-, er-, ge-, ont- on- en ver-” herken en waarin hulle semanties en morfologies soos die voorvoegsels optree, maar waarvan die “stam” nie as woord en/of as morfeem in ander komplekse voorkom nie:

behaag, bekoor, besef, betaal, berokken . . .

erbarm, erlang . . .

genees, genoeg, gewoon, gepeupel, gebaar, gedoog, gedwee, gehug . . .

ontbeer, ontdaan, ontferm . . .

verlep, verbrysel, verdwyn, vergeet . . .

onverskillig, onstuimig, onbeskof . . .

(Voorbeelde uit FFO 31, en eie.)

Hulle is nie eenderse gevalle in alle opsigte nie, maar wel in dié opsig dat hulle as simplekse beskou moet word.

Tot hiertoe het ons nog net gewys op gevalle wat nie morfeme is nie. Vervolgens ondersoek ons die stammorfeme waar ons allomorfe onderskei; daarvoor moet ons weer eens net verwys na Odendal se definisie van die morfeem waarin die begrip “voorspelbare vorm” belangrik is. Daarmee word (baie vereenvoudig) bedoel dat daar genoeg gevalle moet wees met ’n sodanige patroonmatigheid dat ’n reël geformuleer kan word waarvolgens die hele reeks gevorm word. Ons sien dit in die volgende tipes:

A Voorspelbare vormvariasie (Raadpleeg Fonologie en bylae oor Fonetiek.)

- (i) Die tipe:

wolf — wolwe (uitspraak: /vɔlf/ — /vɔlvə/)

hoed — hoede (/ɦut/ — /ɦudə/)

rib — ribbe (rɛp/ — /rɛbə/)

In hierdie tipe wisseling kry ons dat die selfstandige woord met ’n stemlose klank, /f/, /t/ en /p/, eindig, maar waar dit as stam in ’n kompleks dien, het die stam daar ’n stemhebbende klank, /v/, /d/ en /b/. By *hoed* — *hoede* en *rib* — *ribbe* bring ons spelreëls (AWS, 1964, bl.2: derde grondbeginsel i.s. gelykvormigheid) mee dat die uitspraakverskil nie in die skryfwyse blyk nie.

Daar is heelwat voorbeelde van die verskillende tipes, hoewel nie almal ekv. ≠ mv. nie: mof — mowwe, drif — driuwe, skryf — skrywe, beef — bewe; hand — hande, boud — boude, kind — kinders, perd — perde (hoewel by *hande*, *kinders*, *perde* ook nog ander klankwerkinge voorkom: assimilasie); rob — robbe, web — webbe, skub — skubbe . . . By hierdie tipe wisseling is /vɔlf/ en /vɔlv/ dus allomorfe, en hoewel die vorm /vɔlv/ die **onselfstandige allomorf** is, neem ons hom as die **verteenwoordigende allomorf** en formuleer die reël van sy kant af; alleen dan word die wisseling voorspelbaar: “as ’n (onself-

standige) morfeem 'n /v/, /d/ of /b/ in die **auslaut** (§ 17.2) het, sal dit net in komplekse met sekere gebonde morfeme voorkom, terwyl die **selfstandige allomorf** die stemlose /f/, /t/ of /p/ in die auslaut sal hê." (Let op dat die reël nie andersom kan werk nie: 'n selfstandige stam soos *kat*, *rot*, *bult* . . . het nie 'n meervoud *"kadde, rodde, bulde . . ." nie, maar behou die /t/ in die kompleks. Dis net as die **kompleks** die /d/ het dat die **stam** die /t/ het. Dit geld ook vir /v — f/ en /b — p/.)

In die geval van

berg — berge (/berx/ — /bɛrgə/

dwerf — dwerge en gevolg — gevolge

vind die wisseling ook tussen 'n stemhebbende en 'n stemlose klank plaas, maar tussen /x/ en /g/ is daar ook ander fonologiese verskille (vergelyk daarvoor by die fonetiek).

(ii) Die tipe:

las — laste, lastig

ŋag — sagte, sagter

drif — drifte, driftig

vrug — vrugte

stip — stipte

deug — deugde

Die postmorfeme is telkens /ə/ of /əx/ of /ər/; in die komplekse het die stamme telkens 'n /t/ of 'n /d/ wat nie in die selfstandige stam voorkom nie. (Ons weet dat Nederlands hierdie -t of -d aan die woorde gehad het, maar dat Afrikaans dit verloor het in die selfstandige woord, maar dat ons die kompleks so ongewysig uit Nederlands geërf en behou het. Dit vorm nie deel van ons beskrywing nie, maar dit is net ter verklaring dat die taal nie volkome ordeloos is nie.)

Weer neem ons die onselfstandige allomorf as die verteenwoordiger van die morfeem, d.w.s. die morf met die /t/ of /d/, en sien dat dit verlore gaan in die selfstandige allomorf na /f/, /x/, /p/ en /s/ in die auslaut. Dié reël geld ook by "naak — naakte" . . .

(iii) Die tipe:

oog — oë (/o:x/ — /o:ə/), hoog — hoë

dag — dae, vlag — vlac

wig — wê

sog — sôe

rug — rûe, brug — brûe

eg — êe

vroeg — vroeë

vaag — vae

Hier is die selfstandige stam die verteenwoordiger; sy /x/ val weg voor /ə/, soos in die meervoud en by die /ə/-verbuiging by byvoeglike naamwoorde, en voor /ər/ by persoonsname en vergrotende trappe.

Dié wisseling is nie volkome konsekwent nie: by enkele kry ons nog allomorfe: /o:g/, /da:g/ en /da:x/ (soos in *daag* en *daaglik*) en /ho:g/; soos in: oge, dage en hoge in sekere streke.

Dieselfde reël kan ons oordra op die wisseling by

wyd — wyer (/vəit — /vəiər/)

breed — breër (/bre:t/ — /bre:ər/)

waar die /t/ ook voor die /ə/ en die /ər/ wegval; egter ook nie konsekwent nie, want by *wreed-wreder* bly dit.

(iv) Die tipe:

warm — warmer (/varəm/ — /varmər/)

term — terme

toorn — toornig

modern — moderne

walm — walming

bedwelm — bedwelming

Hier lê die wisseling (wat net opval as die werklike klankvorm met die skrifbeeld vergelyk word) daarin dat daar tussen die twee foneme /rm/ of /rn/ of /lm/ in die **auslaut** die klank /ə/ gesê word sodat die woord daardeur nog 'n sillabe bykry. Maar as die woord nog 'n morfeem agteraan kry en dié met 'n vokaal begin, val die (ongeskrewe) /ə/ weg en word die laaste konsonant in die stam deel van die volgende sillabe (maar natuurlik nie deel van die volgende morfeem nie), soos in die tweede voorbeeld by elke groep hierbo. In 'n kompleks soos *warmte* bly die /ə/ egter behoue.

B Onvoorspelbare vormvariasie: oorgangsklank, onselfstandige allomorf, verbindingsklank

“Onvoorspelbaar” beteken hier meteen ook “onordenbaar”; ons moet eintlik die allomorfe wat so 'n onvoorspelbare wisseling toon, maar elkeen afsonderlik beskryf. Waar ons hier met die teoretiese grondslae van die morfologie besig is, is dit tog dalk nodig dat ons na drie gesigspunte verwys waarin daar 'n sekere veralgemening moontlik is.

Eerstens is daar 'n baie beperkte getal voorbeelde van skynbare morfeemvariasies wat deur fonologiese verskynsels verklaar moet word, soos die invoeging van 'n /d/ by *ver* ≠ *verder* of 'n /ə/ by *ontsteld* ≠ *ontsteltenis*. (§18.1.9)

Tweedens is daar 'n groot getal allomorfe by stamme wat daaraan toe te skryf is dat die selfstandige woord sekere **klankkomponente** verloor het wat nog in die onselfstandige allomorf — soos dit in die kompleks voorkom — teruggevind word:

dra — draaglik — verdraagsaam — draagbaar, kry — verkrygbaar, gee — gewer, bly — verblyf — blywend, skei — skeiding, ru — ruwer, hu — huwelik (teenoor: hubaar), goed — goeie . . .

of waarin vokaalverskille voorkom wat ook uit die geskiedenis ver-

klaar kan word:

skip — skepe, stad — stedelik, bevel — bevele, vat — vate . . .
Derdens het ons baie allomorfe waar die stammorfeem in die kompleks 'n komponent het wat oorspronklik (in die ouer taalvorme, Nederlands en ouer) 'n morfeem of morfeme was, maar nie in Afrikaans as sodanig aangevoel word nie. Aan hierdie groep moet ons verdere aandag gee.

Ons het gesê dat dié komponente oorspronklik morfeme was; dit geld egter nie altyd nie. Vandag nog vorm ons samestellings soms met 'n verboë vorm as eerste lid (die tweede of laaste lid kan buitendien enige fleksie ondergaan wat by die betrokke woordsoort moontlik is):

padoppervlak ≠ paaiedepartement
breed ≠ breëblaarplante
doodtevrede ≠ dooierus ≠ doodskis

Maar dis ewe duidelik dat baie samestellings met sulke klanke gevorm word waar dit klaarblyklik nie fleksie inhou nie; om na te gaan wat die fleksievorme (waar hulle bepaalbaar is) werklik beteken, sal meebring dat 'n mens 'n veld moet ondersoek wat glad nie meer in Afrikaans bestaan nie. Omdat daar ook nie andersins orde uit te skep is nie, word gewoonlik maar die betrokke “tusseninklanke” as uitgangspunt geneem en die bestaande komposita daarvolgens gerangskik. By gebrek aan 'n term wat dié klanke suiwer kan benoem, word maar van die term “verbindingsklanke” of “**verbindingsvorme**” gebruik gemaak. Dié naam is misleidend, want hulle funksie is nie om te “verbind” nie; hulle behoort streng tot die **voorgaande stam**, en hulle lewer ook (vandag) geen bydrae tot die betekenis van die kompleks nie. Hulle is dus ook in sekere sin paramorfeme. Hoofsaak is: **stam plus “verbindingsvorm”** is 'n **allomorf van die stam alleen**.

Die rangskikking wat volg, is met klein wysigings oorgeneem uit prof. W. Kempen se genoemde werk, bl. 94—95: telkens is die voorbeelde by (a) gevalle waar die allomorf van die stam waarby die “verbindingsvorm” hoort, nie in vrye gebruik (d.w.s. as selfstandige woord) voorkom nie. Die voorbeelde onder (b) dui 'n selfstandige woord aan wat in dieselfde vorm voorkom as wat as morfeem in die kompositum bestaan. Die werklike klankvorm word in fonemiese skrif aangegee.

1. -d /t/: huishoudskool, houdbaar, skeldnaam (≠ hou, skel)
2. -dens /dəns/: benydenswaardig, lydensbeker (≠ beny, ly)
3. -ens /əns/: (a) aanbevelenswaardig, afkeurenswaardig (e.a. met -waardig)
(b) nooiensvan (en: nooiens)
4. -ns /ns/: (a) binnenshuis, buitenshuis, vergewensgesind, vertrouensdaad (teenoor: binne, buite, vergewe, vertrou)
(b) gewetensangs, lewenslig, vermoënsbelasting, wesenstrek (en: gewetens, lewens, vermoëns, wensens)

5. -en /ən/: vliegensnel (≠ vlieg)
6. -n /n/ : koppenent, voetenent (≠ koppe, voete)
7. -tens /təns/: agtenswaardig (≠ ag)
8. -ds /ts/: skeidslyn, leidsman (≠ skei, lei)
9. -s /s/:
 - (a) houtskool, aanvangsklas, ambagsman, dorpslewe (≠ hout, aanvang, ambag(te), dorp(e))
 - (b) doktersbehandeling, slagtersblok (en: dokters, slagters)
10. -te /tə/: geestesbesweerder, kreeftegang, toeristeklas (en : geeste, kreefte, toeriste)
11. -e /ə/:
 - (a) leeu-eaandeel (≠ leeu(s))
 - (b) beddegoed, denneboom, duiwehok, dieretemper (en: bedde, denne, duiwe, diere)
12. -(te)ren -(e)r /tər/ of /ər/: oosterkim, westergrens, suiderbreedte, noorderlig (≠ oos(te), wes(te), suid(e), noord(e))
13. -er /ər/: A: (a) aanvullenderwys, vraenderwys, vergelykenderwys (≠ aanvullend, vraend, vergelykend)
 - (b) billikerwys, gelykerwyse (en: billiker, gelyker)
 B: kinderkamer, lammerhok, kalwerhok, (≠ kind, lam, kalf)

Naas die bogenoemde is daar ook verbindingsvorme wat net in een of in 'n paar gevalle voorkom, en dan, soos sommige van bogenoemde ook, bloot omdat spelreëls of klankprosesse dit meebring. Die bedoeling is ook nie om die voorbeelde uit te put nie; wel om 'n aanduiding te gee van waarmee ons te doen het. Daar steek egter ook nog veel meer in hierdie verskynsel, maar ons behandel dit nie verder nie. Die belangstellende kan dit nagaan in die werk van prof. Kempen waaruit die meeste van hierdie gewens kom.

Nog een bevinding van prof. Kempen is tog interessant in dié verband: dat dit blyk dat die -s-verbindingsvorm in Afrikaans toeneem in vergelyking met Nederlands, maar dat die -e afneem. Die eienaardige daarvan is o.a. dat die -s toenemend voorkom waar daarvoor eintlik, selfs histories gesien, nie rede of plek is nie.

Dit is goed om in die gedagte te hou dat die samestelling veral, maar die kompositum oor die algemeen, vir ons taal 'n baie nuttige benoemingsmiddel (in die breedste betekenis) is. Dit het die kenmerk dat die betekenisverhouding tussen die dele van die samestelling nie baie presies aangedui hoef te word nie; intendeel, meestal kan ons bloot aflei dat die eerste lid net wil sê dat hy iets met die **kern**, die laaste lid, te doen het, maar wát, is selde of nooit duidelik nie: ons weet dat 'n "blompot" gebruik word om blomme in te rangskik, maar die woord sê dit nie. Dit sal bv. ewe goed 'n pot kan wees met blomme daarop geverf, of wat die vorm van 'n blom het, of 'n pot wat blom en nie juis vrugte dra nie (en ander verspottighede ook nog, as ons dit op die verhoudingspatrone van ander wil baseer). Maar natuurlik, dit geld vir nagenoeg alle woorde: hulle benoem iets, hulle definieer dit nie.

Miskien is dit nodig om daarop te wys dat verbindingsvorme nie net by komposita voorkom, soos die uitsluitlike gebruik van komposita as voorbeelde miskien mag suggereer nie. Dieselfde en ander allomorfe by stammorfeme kom by fleksie en by afleiding voor, soos die volgende voorbeelde (net komplekse) afdoende sal aantoon:

huishoudelik, gewetenloos, lewendig, wesenlik, skeiding, leidende, geestelik, oosters, kinderlik, kalwers . . .

2. Vormvariasie by gebonde morfeme

Ons het elders reeds gesê: die gebonde morfeme is baie vas, veel vormvaster as die stamme, en behalwe homonieme morfeme ook met veel minder betekenisvariasie as by stamme.

Eerstens moet ons 'n geval bekyk wat werklik geen vormvariasie is nie, maar waar die skryfwyse op grond van ons spelreëls miskien misleidend kan wees:

Die premorfeme *her-* en *ver-* se *-e-* word verskillend uitgespreek; almal weet dit, maar dit bring reeds mee dat vir klein kinders (kinder-tuin) soms die *ver-* verkeerd ingegee word blykbaar in 'n poging om hulle met spelling te help: *her-* word /hər/ gesê; *ver-* is /fər/.

Nog 'n geval waar die skryfwyse verwarrend werk, is by die uitgang *-ing* en *-ling*: met *-ling* vorm ons persoonsname, met *-ing* vorm ons ander soorte (veral abstrakte) selfstandige naamwoorde: daarom

tweeling, drenkeling, aankomeling . . .

maar: vergadering, blinding . . .

Maar soms eindig 'n woord op *-l* en word deur 'n kort beklemtoonde klinker voorafgegaan (*AWS* 1964, bl. 20, spelreël XII, 8) en nou volg weer die klinker *-i-* van *-ing*, en dan moet die *-l-* verdubbel word, soos in

samestelling, velling, telling, rilling . . .

waar die uitgang *-ing* is. In *balling* en *rilling* het ons dus verskillende postmorfeme.

In die volgende geval gaan dit eintlik om postmorfeme wat homograwe is, d.w.s. wat maar net eenders geskrywe word, want daar is 'n klemverskil:

In: Party jongkêrels geniet nogal die *drukkery* in 'n tou voor die fliek.

en: Voor Kersfees hou die *bakkery* sommer daelank aan.

val die klem op *druk-* en *bak-*, maar in

Bestel liever jou groetkaartjies by die *drukkery*.

en: Sy koop haar brood elke dag vars by die *bakkery* om die hoek.

val die klem op die *-ry* (hoewel baie mense in die lg. geval fout maak). As dit op die proses slaan, is *-ery* onbeklemtoon, maar as dit op die plek slaan, moet *-ry* die klem kry.

Soos oral in die taalgebruik speel *assimilasie* ook dikwels 'n rol: ons sê hoeveelheid /fi'fe:lhəit/, waarin ons die *-h-* in *-heid* hoor:

maar: "gouigheid" word /'xəuəxəit/, waar die *-h-* volkome met die *-g-* voor hom geassimileer word.

Assimilasie is ook grotendeels verantwoordelik vir die variasie in die klankvorm van die voorvoegsel *on-* in die volgende tipes gevalle, hoewel

ons die skrifbeeld eenders hou:

A	ondeug	/ʔəndøx/
B	onpaar	/ʔəmpa:r/
C	onraad	/ʔə:ra:t/
D	onkunde	/ʔəŋkəndə/
E	onmanierlik	/əmə'ni:rlək/

Ondanks die verskil in die klankvorm van die vyf premorfeme, is die semantiese ooreenkoms saam met die mate van klankoorenkoms wat wel bestaan, genoeg om ons te laat besluit dat ons met allomorfe van dieselfde morfeem te doen het. Fonologiese ondersoek toon dat ons by A die **verteenwoordigende vorm** van die morfeem het, by B en D gedeeltelike assimilasië, by E algehele assimilasië en by C nasalering.

Die afleidingsmorfeme waarmee ons verkleinwoorde vorm, t.w. /i/, /ci/ en /pi/, het elk 'n hele paar allomorfe. Hulle word volledig by die verkleinwoorde (§ 16.2.2) behandel en ons verwys nou net daarna; hulle lewer van die interessantste allofone en allomorfe in ons taal. Dit is seker goed om net daarop te wys dat die skrifbeeld hier (soos ingegee deur die reeds genoemde derde grondbeginsel by die spelreëls) 'n totaal misleidende beeld van eenvormigheid by die verkleiningsmorfeme gee, wat egter in hoë mate die leesbaarheid en begrip bevorder.

15.10.2 Betekenisvariasie

Dit is baie moeiliker om ordening in die afwyking by morfeembetekenis te verkry as by die vormafwykings. Daarom gaan ons in hierdie werk met sy beperkte omvang net op enkele gesigspunte wys om só 'n sekere bewustheid van sulke afwykings te skep, eerder as om dit te probeer behandel.

Ons herinner daaraan dat die **aard** van die betekenis by stamme van dié van gebonde morfeme verskil, en dat daar ook 'n verskil is tussen fleksie en afleidingsmorfeme:

'n stam(morfeme) het leksikale betekenis (alhoewel dit by ou komplekse soms nie meer helder te onderskei is nie (staan ≠ verstaan));

'n fleksiemorfeme het 'n kategoriale betekenis, wat ons dan meestal as 'n "betekenisfunksie" aantoon: ons sê wat hy **doen**;

'n afleidingsmorfeme het 'n wysigingsfunksie by die leksikale betekenis van die woord wat nou as stam dien in die kompleks.

Soos die sinonieme *pa* en *vader* (naastenby) dieselfde betekenis het, het ook die fleksiemorfeme -s /s/ en -e /ə/ in *tafels* en *stoele* dieselfde betekenis (funksie); hulle is sinonieme morfeme, soos ook -igheid /əxəit/ en -te /tə/ in *gouigheid* en *koelte* sinonieme morfeme is, omdat albei abstrakte selfstandige naamwoorde van byvoeglike naamwoorde maak. As ons dus van "'n meervoudsmorfeme" sou praat, sluit dit -e en -s in; 'n verkleiningsmorfeme sluit /i/ soos in *boekie*, /ci/ soos in *fooitjie* en /pi/ soos in *boompie* in. Hulle is nie dieselfde morfeem nie maar sinonieme morfeme wat weer in verskillende morfe gerealiseer kan word (soos /ci/ in *hartjie* en /ici/ in *stalletjie*) wat dan allomorfe kan wees.

Eerstens weet ons dat **fleksiemorfeme** baie vaster in (vorm en) betekenis

is as sowel afleidings- as stammorfeme. Gedagtig daaraan dat daar naas sinonieme morfeme ook hononieme morfeme bestaan (soos -e /ə/ wat meervoud kan vorm en as paramorfeem by bv. *hard* – *harde* kan optree en ook as afleidingsmorfeem vroulik kan vorm in bv. *prinsipale*), sal 'n fleksiomorfeem altyd dieselfde betekenisfunksie verrig. Dit is egter nodig om te weet dat dit nie ongewoon is dat ons by sommige grammatiese vorme van dieselfde lekseem nie altyd noodwendig die (verwagte) fleksiomorfeem vind nie; soms kom sulke vorme deur nulmorfeem of sero-morfeem tot stand, wat beteken dat geen vormverandering plaasvind nie, hoewel die betekenis wel aanwesig is. Bekende voorbeelde vind ons by voltooide deelwoorde van werkwoorde wat met die premorfeme be-, ge-, . . . gebou is, waar ons dus voltooide deelwoorde kry wat net soos die infinitiewe (en die presense) lyk. In sommige streke word algemeen gepraat van iemand “wat skaap oppas” en dan bedoel hulle 'n hele trop skape.

Tweedens, as ons na **afleidingsmorfeme** kyk, verander die saak: In *verkleë, verplaas, verskuif* het die afleidingsmorfeem ver- /fər/ die betekenis “anders, elders”.

Maar nie oral nie: in *veras, verbeter, verblind* is die betekenis nie meer “anders” nie; miskien “(tot) . . . maak”.

In *verbind, vergun, verdeel* het dit net 'n versterkende waarde by die betekenis van die stam.

In *verbrand, verbruik, verbrokkel* beteken /fər/ “tot niet, gedaan, op”.

In *verstaan, verken, vergeet, vergeef, verhaal* = *vertel*, wat beteken /fər/?

As ons al die betekenisonderskeidings wat bv. by /fər/ moontlik is, sal identifiseer, sal ons daar **homonieme** kry en **polisemie**, maar ook ander verwante betekeniswaardes wat ons nie anders as betekenisafwykings by dieselfde morfeem sal kan noem nie, soos alle polisemiese gevalle ook is. Dieselfde verskynsels kan by nagenoeg alle afleidingsmorfeme nagegaan word.

Derdens, die **stammorfeme**, en hier is dit nog veel gekompliseerder: Vergelyk bv.:

Staan: bestaan, verstaan, ontstaan, weerstaan . . . en

Stand: bestand, verstand, weerstand, gestand . . .

Ons kan dalk in *weerstaan* en *weerstand* iets van die betekenis van die stamme *staan* en *stand* terugvind (ongeveer “staande bly teen”), maar in die ander afleidings het die betekenis “staan ≠ sit, lê” verlore geraak.

Dit is by sulke ou vorminge te verwagte: dit kom baie voor dat daar ná die vorming van die kompleks 'n betekenisverskuiwing intree (en oor sulke lang tye dalk meer as een) en dit kan soms glad nie meer nagespeur word nie. Kyk bv. na 'n oordrag soos by:

Die vleis is nog *bloederig*.

Dit was die *bloedigste* veldslag van die oorlog.

Hy het hom *bloedig* vererg.

Vergelyk op dieselfde manier die betekenis of die betekenisverband tussen die stamme in:

Ken: beken, erken, herken, ontken, verken

Sluit: besluit, ontsluit

waar ons in *ontsluit* duidelik dieselfde betekenis as in *sluit* terugvind, soos dit deur *ont-* gewysig word; so ook die deursigtige oordrag in *besluit* van “sluit → toemaak → klaarmaak → afrond → besluit” soos ons dit nog kry in *ten besluite* en in die meerledige predikaat *sluit af*.

Dan moet ons ook nog met homonieme stamme rekening hou, soos in *sleg* = *besleg*, waar die twee morfe *sleg* nie dieselfde woord is of was nie.

Indelings verklaar nie alles nie; indelings en beskrywings rangskik bloot beskikbare verklarings waar hulle bestaan. Die taal kom na ons toe uit 'n voortyd sonder aantekening; hier en daar aanvaar ons wat ons nie kan bewys nie! Hier het ons heelwat daarvan.

Daarom beskou ons *ken* en *staan* en *sluit* en andere as allomorfe ten opsigte van hulle betekenisaspek in al die realiserings in die verskillende komplekse. Maar *sleg* en *besleg* bevat nie allomorfe nie, wel homonieme, net soos

las in *laste dra* en *lasse heg*;

veel in *te veel werk* ≠ *beveel* ≠ iemand nie *veel* nie.

15.11 Samestellende afleiding

Hier het ons 'n proses (of die resultaat daarvan) waar samestelling en afleiding gelyktydig plaasvind, d.w.s. waar minstens twee stamme plus minstens een afleidingsmorfeem gelyktydig (in teenstelling tot die hiërargiese bou waarna ons in § 15.8.2 gekyk het) in 'n nuwe kompleks ingebou word. *Dikvellig* is so 'n geval: ons het geen woord **“dikvel”* waarby *-ig* gevoeg kan word nie, en ook geen **“vellig”* waarvoor ons *“dik”* kan voeg nie: *dik* plus *vel* plus *-ig* moet in een proses tot kompleks gemaak gewees het.

Die volgende is enkele van die voorbeelde uit voorgenoemde werk van prof. W. Kempen wat hy op bl. 593 — 595 gee en rangskik:

bywoner, broodsnyer, tweedekker, blystaners, mooiskrywery, hoedemakery, hardnekkig, eentonig . . .

'n Verwante gelyktydige optrede van morfeme kom in ander gevalle ook voor, by nuutskeppinge vir 'n bepaalde doel wat gedeeltelik na analogie van bestaandes gebou word:

“die verrimpelde gesig van 'n *vervodka* ou vroultjie . . .” (André P. Brink)

waar die afleidingsmorfeem *ver-* van die stam met s.nw.-korrelaat *vod* 'n ww. maak en die postmorfeem *-de* 'n voltooide deelwoord in byvoeglike gebruik maak, alles meteen.

Daar is nie 'n afsonderlike studie van samestellende afleiding nodig nie, omdat stamme en afleidingsmorfeme wat hier gebruik word, net soos in hulle ander gebruike optree, behalwe dat die prosesse gelyktydig plaasvind.

15.12 Die morfologie van leenwoorde

Die morfologie van leenwoorde (in Afrikaans soos in enige taal) bied sekere probleme, net soos ook in die fonologie. In ons Suid-Afrikaanse

talesituasie het nog 'n verdere probleem ontstaan: Afrikaanssprekendes wat nie met die taal van herkoms van die betrokke leenwoord vertrouwd is nie, is geneig om sulke leenwoorde op Engels (volgens hulle eie interpretasie) uit te spreek (gewoonlik die sekerste manier om totaal verkeerd te loop!). In die meeste taalgemeenskappe word aanvaar dat leenwoorde op enige van twee maniere gehanteer kan word: dié wat hulle daartoe leen, word uitgespreek volgens die lenertaal se fonologiese en morfologiese sisteem of dié van die taal van herkoms: vir Afrikaans sal die Franse woord *buffet* as of die Franse /by'fɛ/ of die Afrikaanse /bœ'fɛt/ uitgespreek word, maar tog net nie op die halfbak Engels /bu'fei/ nie. Ander leenwoorde wat hulle nie leen tot verafrikaansing nie, móét maar op sy vreemde taal se manier uitgespreek word, of nie gebruik word nie.

Die groot reeks leenwoorde uit die klassieke tale vorm 'n hanteerbaarder groep: hulle is meestal "assimileerbaar" ten opsigte van uitspraak. Tog is daar dikwels van 'n bepaalde woordfamilie verskeie komplekse oorge-
neem, maar nie die stam nie, soos

administrasie, administreer, administrateur . . . maar nie "administr" nie.

Daarnaas gebruik ons sekere onselfstandige stamme as eerste deel by verskeie woorde: "anti-, bio- . . ." en ander weer as laaste deel: "-foon, -skoop . . ." (Vir volledige reeks kyk MdeV bl. 176—177.) Hulle sluit nie by die Afrikaanse morfologiese sisteem aan nie: ons moet elke woord as simpleks beskou, of 'n ad hoc-morfologie vir hulle opstel. Hulle vorm in ieder geval 'n eie groep.

DIE MORFOLOGIE VAN SEKERE AFRIKAANSE KOMPLEKSE

In hierdie hoofstuk wil ons 'n paar gebiede waarop ons komplekse in die lewende taal teëkom, 'n bietjie nader bekyk. Dit is so dat hierdie gebied die volledigste in ons skoolsillabusse en ook in die skoolpraktyk gedek word, sodat elke geskoolde mens 'n stewige kennis hiervan het. Skoolhandboeke bevat dan ook voldoende voorbeelde van hierdie materiaal.

Ons het reeds gesien dat ons drie soorte komplekse kry, wat natuurlik ook "gemeng" kan wees in die sin dat by enige één kompleks daar meer as een woordbouproses kon meegehelp het, (naas nog die samestellende afleiding waarin twee prosesse gelyk gewerk het) nl.: fleksie, afleiding, komposita.

In hierdie hoofstuk gaan ons nie aan die komposita verder aandag gee nie; in prof. W. Kempen se genoemde werk (§ 15.10.1) behandel hy alle aspekte van samestelling en samekoppeling volledig oor sowat 270 bladsye. Daar is myns insiens nie 'n middeweg tussen die elementêre van bv. die skoolhandboeke en die volledige nie. Die persoon op wie hierdie werk gerig is, sal reeds meer as die elementêre ken en sal alleen kan baat by die volledige en insiggewende behandeling van prof. Kempen.

Dieselfde geld vir die afleiding: dit behandel prof. Kempen in dieselfde werk van bl. 355 tot bl. 609. Daarin gee hy semantiese, morfologiese en dikwels fonologiese en funksionele gesigspunte omtrent afleidingsmorfeme en afleidings, en waar ter sake gaan hy op die geskiedenis daarvan in. Hulle word semanties in groepe verdeel, maar die afleidingsmorfeme word ook almal individueel behandel en hy toon aan in watter mate elkeen produktief is of nie. Op bl.361—362 gee hy in tabelvorm die semantiese groepering van afleidingsmorfeme, waarmee elke taalgebruiker intuïtief rekening hou in sy taalgebruik en miskien bewustelik moet rekening hou in sy taalbeskouing waar hy oor die "reg en verkeerd" wil oordeel.

Maar daar is enkele onderdele by afleiding wat so 'n klein stukkie van 'n voet in die sintaksis het, en waarby ons toe gesê het dat ons die morfologie op die geleë plek sal behandel. Dit sluit in:

Geslag by die selfstandige naamwoord, wat in §16.2.1
en: Verkleinwoordvorming by die selfstandige naamwoord,
wat in §16.2.2 behandel word.

By fleksie gaan dit om die bou van vorme van dieselfde lekseem, en daarna moet ons nog in § 16.1 kyk.

16.1 Fleksie

Ons weet reeds dat fleksie in Afrikaans net nog by die werkwoord, die selfstandige naamwoord en die byvoeglike naamwoord voorkom.

16.1.1 *Fleksie by die werkwoord*

Omdat dit heeltemal in die sintaksis staan, het ons die fleksie by werkwoorde dáár behandel. Hier gaan ons nou net baie saaklik opsom:

- (a) Van baie werkwoorde word die voltooië deelwoord gevorm deur die premorfeem *ge-*, soos in:

kom – gekom

maar baie ander vorm die voltooië deelwoord deur nulmorfeem:

begaan – begaan.

Dit is volledig in § 7.7.4.1 gegee.

In § 7.7.4.2 het ons van die sogenaamde **sterk** voltooië deelwoorde kennis geneem. Semanties val hulle in twee groepe: dié wat nog direkte betekenisverband met die grondwoord, die werkwoord, behou:

“die *gekose* lede” is lede wat gekies is;

teenoor dié wat slegs ’n indirekte betekenisverband met die werkwoord het, ’n verband wat gewoonlik as “oordragtelik” onderskei word, maar waar ons ewe goed ’n “groepsbetekenis” kan sien, d.w.s. waar die betrokke sterk voltooië deelwoord net in ’n bepaalde verband (of enkele verbande) gebruik word:

“’n *gebroke* hart” is mos nie letterlik “gebreek” nie,

maar dit berus op oordrag.

Morfologies val hulle in dié groep wat deur **metamorfeme** tot stand gekom het.

- (b) Ook die beperkte getal imperfekte en die verboë vorme van die modale hulpwerkwoorde is deur prosesse gevorm waarby metamorfeme ’n rol gespeel het, hoewel die premorfeem *ge-* ook voorkom:

wees — was — is — sy — synde — gewees

hê — had — het — hebbende — gehad

weet — wis

(dink — dag/dog)

kan — kon, moet — moes, wil — wou, mag — mog, sal — sou.

- (c) Die vorm van die onvoltooië deelwoorde het uit Nederlands na ons toe gekom, en daar was hulle natuurlik fleksievorme. Sinchronies kan ons hulle as afleidingsmorfeme beskou as ons wil:

werk — werkende,

maar die vyf vorme met net *-de* soos:

sien — siende.

Dit is in § 7.7.5 behandel.

16.1.2 *Fleksie by die selfstandige naamwoord*

Van die kategorieë by die selfstandige naamwoord, word net die bou van meervoudsvorme as ’n fleksieverskynsel beskou; geslag en diminutiewe word onder afleiding gereken omdat by hulle die leksikale betekenis van die lekseem verander.

Getal

Afrikaans het twee produktiewe morfeme waarmee meervoudsvorme van

die enkelvoud gevorm word, nl. -e /ə/ en -s /s/, soos in
skoën — skoene
veter — veterans

Daar is blykbaar nie 'n reël wat die voorkoms van die twee morfeme beskryf nie.

'n Betreklik klein getal woorde het meervoude met -s of -e om 't ewe;

idee : idees / ideë; term : terme / terms; alkali : alkali's / alkalië,
versoeking : versoekings / versoekinge (en baie ander wat op -ing
eindig, maar nie almal nie. Let op dat by: stelling : stellings / stellinge
die postmorfeem -ing is, nie -ling nie; die tweede -l- is bloot daar op
grond van spelreëls.)

'n Groep woorde wat uit Latyn oorgeneem is met behoud van hulle -cus-
of -um-uitgange, het ook hulle Latynse meervoud naas 'n verafrikaanse
behou:

kritikus : kritici of kritikusse

botanikus : botanici of botanikusse (Let op: by hierdie woorde val die
woordaksent op die derdelaaste sillabe en behou dit daar in die
meervoud: politikus /po'litikəs/ : politici /po'litisi/.)

Ook: museum : musea of museums

stadium : stadia of stadiums

Toe ons oor allomorfe gepraat het, het ons 'n reeksie gevalle teëgekom
waar die diachronie toon dat stamme, en in ons huidige geval: woorde, met
verloop van tyd vormveranderinge ondergaan het, en dat die ouer vorme
wat nou nie meer as selfstandige woorde in Afrikaans voorkom nie, in
komplekse terugkeer. Dit gebeur op betreklik groot skaal by die meer-
voudsvorming: die enkelvoud het verander, maar in die meervoud het ons
die stam onveranderd geërf. Maar daar is ook ander oorsake waarop ons
nie hoef in te gaan nie. Ons neem net kennis van die allomorfe wat as
selfstandige woorde voorkom en as stamme by die meervoudsvorme dien.
Hier volg 'n groepering; dit is nie in heel fyn besonderhede deurgevoer nie;
dit gee ook nie 'n verklaring nie. Op hierdie stadium sal die student of
ondersoeker self die verklaring kan gee.

- (a) kind — kinders, lam — lammers, kalf — kalwers, maat — maters, klip
— klippers (naas *maats* en *klippe*)
- (b) gevoel — gevoelens, wa — waens
vermoë — vermoëns, genoeë — genoeëns
lewe — lewens, wese — wesens, gewete — gewetens
- (c) skip — skepe, lid — lede, smid — smede, gebed — gebede
- (d) oog — oë, sog — sê, rug — rûe, brug — brûe, wig — wê, eg — êe
dag — dae, weg — wê
- (e) kloof — klowe, slaaf — slawe, kreef — krewes (ook: kreefte)
- (f) gat — gate, glas — glase
staf — stawe
stof — stowwe, mof — mowwe, drif — driwwe, hef — hewwe
hof — howe

- (g) god — gode
- (h) nag — nagte, drag — dragte, plig — pligte, vrug — vrugte, gif — gifte, bees — beeste, fees — feeste, lees — leeste, guns — gunste, joernalis — joernaliste, orrelis — orreliste . . .

Opmerking:

Na analogie van bv. die tipe in (h) hoor ons nou al die meervoud “aanlegte” van “aanleg” (bv. ’n fabrieksaanleg), terwyl “aanleg” nooit so ’n -t gehad het nie. Die reëlmatige vorming sal seker “aanlegge” of “aanlêe” wees.

- (i) deug — deugde, voog — voogde
hoof — hoofde

Morfonologies gesien hoort ook nog die volgende hierby, maar omdat dit nie in die skryfwyse blyk nie, is taatgebruikers nie so daarvan bewus nie; ons verwys net na §15.10 — 1A, tipe i, ii en iii, bl. 368

- (j) berg — berge, dwerg — dwerge
hoed — hoede, skub — skubbe

Net soos spelling of skryfwyse meebring dat sommige werklike allomorfe of andersoortige wisselings nie maklik opval nie, bring hulle weer andersyds die indruk mee van wisselings waar dit nie bestaan nie. Dat “sleë, seë, oorvë” met ’n deelteken geskryf word op die meervouds-e en die enkelvoud nou net een e het, is net omdat dié e nou in ’n ope lettergreep te staan kom en daarom (soos: beer — bere) net een e het. Ander sulke skynwysigings kry ons in: “karba’s, bomme, bome” . . .

- (k) Nog ’n spellingreëling waarvan ons moet kennis neem omdat dit indruis teen die gewone (en dan nie klop met die beeld i.s. allomorfe nie), staan in die *AWS* (1964) XIII, 2. i. (op bl. 21):

“By alle persoonsname wat nie met afkappingstekens geskryf word nie, skryf ons -e of -s, al na die geval:” en dan volg voorbeelde. Waarom dit vir ons hier gaan, is dat eiename nie aan die reëls i.s. die verlies of verdubbeling van klinkers of medeklinkers onderhewig is by ope lettergrepe nie. Dus skryf ons:

Die *Maase* langs ons is gawe mense; mnr. *Maas* is ’n bankamptenaar. Roos — Roose, Schoonees — Schooneese . . .

- (l) Nie net ’n spelreëling nie maar werklik ’n saak van fleksie volg in die *AWS* op dieselfde plek in die volgende paragrafies:

- (i) “By woordkoppeling by samegestelde titels wat ’n rangsverhouding in ’n rangstelsel aandui sonder vermelding van die amphoedanigheid waarin die rang bekleed word en waarby een van die dele ’n bepaling van die ander is, verbuig die laaste deel by meervoudsvorming:

generaal-majoor, sersant-majoor; luitenant-generaals, luitenant-kolonels

Opmerking:

By die eerste twee voorbeelde bepaal die laaste deel die eerste, terwyl dit by die laaste twee voorbeelde net andersom is.

- (ii) By kopulatiewe samestellings, naamlik by samestellings waarby een deel nie die ander bepaal nie, maar waarby die begripsinhoud van die geheel die som van die dele is, kom die meervoudsuitgang eweneens aan die einde van die laaste deel:
 . . . luitenant-betaalmeesters, sekeretaris-penningmeesters, speurder-sersante . . .
- (iii) By woordkoppeling wat 'n ampshoedanigheid aandui en waarby altyd die laaste deel 'n bepaling van die eerste is, kry die eerste deel die meervoudsuitgang:
 adjudante-generaal, . . . kommandante-generaal, kwartiermeesters-generaal . . .”

16.1.3 *Fleksie by die byvoeglike naamwoord*

Dit behels die sogenaamde /ə/-verbuiging wat by sommige byvoeglike naamwoorde voorkom as hulle voorbepalings by selfstandige naamwoorde is, en die trappe van vergelyking.

1. Die verbuiging met die paramorfeem /ə/ is taamlik onvas, maar die volgende kan daarby genoem word (kyk ook § 10.1.2.7):

A Alle meersillabige byvoeglike naamwoorde behalwe dié wat op *-er* eindig, ingesluit vergrotende trappe van vergelyking, word met die *-e* verbuig:

'n lelike mens, 'n haglike toestand, 'n suinige man . . .
 maar: 'n lekker snoek, 'n dapper soldaat, 'n warmer dag . . .

B Baie eensillabiges word nie verbuig nie:

'n *swaar* vrag, 'n *sterk* man, 'n *dik* boek . . .

C Daar is 'n groep eensillabiges wat wel met *-e* verbuig word na gelang van hulle fonologiese vorm, ook diachronies gesien:

(i) Dié wat op 'n *-d* eindig voorafgegaan deur 'n m, n, l, r:

'n *vreemde* besoeker
 'n *ronde* venster
 'n *wilde* perd
 'n *harde* kluit

(ii) Dié wat op 'n *-d* eindig voorafgegaan deur 'n lang vokaal; hulle verloor dan gewoonlik die intervokaliëse *-d*, só:

wyd — *wyde — wye gang
 Verder: 'n *breë* pad, 'n *koue* nag, 'n *goue* ring, 'n *doeie* dier, 'n *goeie* oes . . .
 Maar: 'n *wrede* moord
 en met 'n kort vokaal: 'n *gladde* pad . . .

(iii) Dié wat op 'n *-g* eindig, en ook hulle verloor dan die intervokaliëse *-g*:

vaag — *vage — vae bewering
 Verder: 'n *lae* tak, 'n *hoë* boom, 'n *droë* vlei, 'n *moeë* reisiger, 'n *vroeë* reën, 'n *ruie* bos . . .
 Maar: *vuige* laster (dalk om die minder frekwente gebruik?)

- (iv) Die paar ope eenlettergrepig op *-u*; hulle word dan met 'n *-w*-geskryf omdat hulle ook soms met 'n oorgangsklank gesê word:

slu — 'n *sluwe* skelm sku — 'n *skuwe* diertjie
ru — 'n *ruwe* speler kru — 'n *kruwe* woord

Hierby sluit ook *nuut* – *nuwe* aan.

- (v) Dié wat op *-g*, *-s* en *-p* eindig (maar hulle Nederlandse slot-*t* verloor het); hulle kry dan die *-t* terug:

sag — 'n *sagte* antwoord
lig — 'n *ligte* vraggie
eg — 'n *egte* diamant
reg — 'n *regte* takhaar
vas — 'n *vaste* hand
woes — 'n *woeste* storm
stip — 'n *stipte* werker

- (vi) Dié wat ná 'n kort klinker op 'n *-f* eindig; die intervokaliese *-f-/f/* word *-ww-* /*v/*:

dof — 'n *dowwe* ster
muf — 'n *muwwe* reuk (maar: *muf* brood)

en ook na die lang vokaal:

doof — 'n *dowe* kind

- (vii) Dié wat op *-s* na 'n konsonant eindig:

slaafs — 'n *slaafse* navolging
wulps — 'n *wulpse* vroumens
hoofs — *hoofse* manier
skalks — 'n *skalkse* glimlaggie
stuurs — 'n *stuurse* (ook: *stuurs*) mens

- (viii) Ander wat op *-s* eindig, is onvas; die meeste kry blykbaar *-e*:

wys — 'n *wyse* man, 'n *wys* perd
grys — *grys* hare
kuis — 'n *kuis(e)* lewe
kies — 'n *kiese* dame
kras — *krasse* maatreëls, 'n *kras* antwoord
rats — 'n *ratse* beweging
mals — die *malse* gras

2. Die trappe van vergelyking (§ 10.3.1) word genoem die **stellende**, **vergro-
tende** en **oortreffende trap** (positief, komparatief en superlatief). Die
vergotende en die oortreffende trappe word van die stellende gevorm
deur die postmorfeme *-er* /*ər*/ en *-ste* /*stə*/ onderskeidelik:

(a)	sterk	sterker	sterkste
	lelik	leliker	lelikste
	warm	warmer	warmste . . .

Om historiese en ander redes verwant aan dié wat ons hierbo by die *-e*-verbuiging en by die behandeling van die allomorfe (waarmee ons

hier ook te doen het) teëgekom het, kry ons ook hier skynbare afwykings:

(b)	droog	droër	droogste
	hoog	hoër	hoogste
	laag	laer	laagste
	traag	traer	traagste
	vaag	vaer	vaagste
	moeg	moeër	moegste
	vroeg	vroeër	vroegste
	ruig	ruier	ruigste
maar	vuig	vuiger	vuigste
(c)	breed	breër	breedste
	koud	kouer	koudste
	oud	ouer	oudste
	wyd	wyer	wydste
maar	benoud	benouder	benoudste
	wreed	wreder	wreedste
en:	wild	wilder	wildste
(d)	vas	vaster	vasste
	juis	juister	juisste
	woes	woester	woesste
	sag	sagter	sagste
	lig	ligter	ligste
	eg	egter	egste
	sleg	slegter	slegste
	stip	stipter	stipste
(e)	ru	ruwer	ruuste
	slu	sluwer	sluuste
	sku	skuwer	skuuste
	kru	kruwer	kruuste
(f)	skeef	skewer	skeefste
	dof	dowwer	dofste
	grof	growwer	grofste
	laf	lawwer	lafste

In die volgende gevalle het ons voorbeelde van tipes waar bloot **spelreëls** veroorsaak dat die skrifbeeld op afwykings dui; die klankvorm is reëlmstig:

(g)	fris	frisser	frisste
	glad	gladder	gladste
	dik	dikker	dikste
	swak	swakker	swakste
	smal	smaller	smalste

dol	doller	dolste
berouvol	berouvoller	berouvolste
plat	platter	platste
vaal	valer	vaalste
skoon	skoner	skoonste
groot	groter	grootste
skeel	skeler	skeelste

'n Paar tipes wat veral vir laerskoolkinders spelprobleme veroorsaak, is:

skaars	skaarser	skaarsste
stadig	stadiger	stadigste
maklik	makliker	maklikste
kwaai	kwaaiër	kwaaieste
lui	luier	luiste
eng	enger	engste

In die volgende tipe — dié wat op 'n -r eindig — kry ons in die vergrotende trap 'n oorgangsklank -d:

(h)	ver	verder	verste
	duur	duurder	duurste
	donker	donkerder	donkerste
	bitter	bitterder	bitterste
	swaar	swaarder	swaarste
	naar	naarder	naarste
	maer	maerder	maerste . . .

Daar is 'n klein groepie waarby ons onreëlmatige vorme aantref:

(i)	nuut	nuwer	nuutste
	kwaad	kwater	kwaadste
	graag	liewer	graagste, liefste
	goed	beter	beste
	baie	meer	mees, meeste
	min	minder	minste

In 'n aantal gevalle waar woorde fonologies nie hierdie -er- of -ste-uitgange kan dra nie, word die vergrotende en oortreffende trappe van *baie*, nl. *meer* en *mees*, voor hulle geplaas vir vergelykingsdoeleindes:

'n *geheime* dokument — 'n *meer geheime* dokument — die *mees geheime* dokument
gedenkwaardige — meer gedenkwaardige — mees gedenkwaardige

Wanneer dit nie om maat of hoeveelheid gaan nie, maar om gehalte bv., word "goed" se trappe gebruik: *beter* en *bes*:

'n (goed) gekwalifiseerde — 'n *beter* gekwalifiseerde — die *bes(te)* gekwalifiseerde verpleegster . . .

In Afrikaans werk ons suinig met die *meer/mees*; dit is 'n taalfout om dit sommer by enige byvoeglike naamwoord te plaas, soos so dikwels onder die invloed van die Engelse "interesting" ook by "interessant" gedoen word.

16.2 Afleiding t.o.v. die semantiese kategorieë “geslag” en “verkleining”

Ons behandel net hierdie twee groepe omdat hulle in skoolverband as belangrik beskou word. Hulle is in sekere sin teenoorgesteldes: waar verkleinwoorde as semantiese groep in Afrikaans toegeneem het, het geslag sterk afgeneem. Veral waar ons hier met geslag te doen het, sal ons ons ook nie tot afleiding alleen beperk nie, maar die verskillende opposisietegnieke almal bekyk. Ons gaan egter nie hier op die semantiese waardes in nie; ons kyk maar net na die morfologie.

16.2.1 Die opposisie: *manlik* ≠ *vroulik* (Kyk § 9.5.3)

Die geslagsverskil word op drie maniere getoon:

1. Ons gebruik verskillende woorde vir gemeenskaplik (waar dit bestaan), manlik en vroulik onderskeidelik:

	mens	—	man	—	vrou
	kind	—	seun	—	dogter
of:			jongetjie	—	meisie
	perd	—	hings	—	merrie
	bees	—	bul	—	koei
	hoender	—	haan	—	hen
	skaap	—	ram	—	ooi
			heer	—	dame
			meneer	—	mevrouw
			oom	—	tante

en ander. Die voorbeelde is beperk; dit behels die mens self en plaasdiere.

2. Ons gebruik geslagaanduidende woorde as eerste of as laaste lid van samestellings om te onderskei, waarby “mannetjie” en “wyfie” die meeste voorkom:

donkiehings	—	donkiemerrie
sebrahings	—	sebramerrie
koedoebul	—	koedoekoei
olifantbul	—	olifantkoei
springbokram	—	springbokooi
impalaram	—	impalaooi
leeumannetjie	—	leeuwylie
kalkoenmannetjie	—	kalkoenwyfie
mannetjiekat	—	wyfiekat
mannetjieduif	—	wyfieduif
verkoopsman	—	verkoopsdame
verkeersman	—	verkeersdame . . .

3. Ons gebruik sekere postmorfeme om die manlik en die vroulik te onderskei. In sommige gevalle word die manlik as grondwoord geneem en die postmorfeem word aangelas:

-e /ə/ :

Die voorkoms van -e om die vroulik te vorm, word al seldsamer en

is miskien die vernaamste slagoffer van die neiging om nie tussen die geslagte in beroepe te onderskei nie. Die opposisie *prinsipaal – prinsipale* word nog gereeld gebruik, en ook *pianis – pianiste, orrelis – orreliste*; let op dat by lg. twee ons ook allomorfe in die stamme het. Baie selde kry ons nog dat iemand van 'n dame uit 'n bepaalde land praat as 'n (bv.) *Hollandse* teenoor 'n *Hollander* vir die man.

-in /ən/ :

Volgens prof. Kempen word -in nog in 'n stuk of twintig woorde in Afrikaans gebruik, “maar net sowat 'n twaalf is redelik gebruiklik en goed bekend, bv. *godin, gravin, heldin, jodin, kelnerin, koningin, lugwaardin, vriendin*”. Ons weet wel van *leeuin, wolvin, slavin* en in die Bybel word *mannin* gebruik.

-es /ɛs/ :

Dié agtervoegsel word agter aan spesifiek manlike woorde gevoeg om die vroulik te vorm, waar -er so 'n afleidingsmorfeem vir die vorming van manlike agensname is (in teenstelling tot -ster vir die vroulik — kyk net hierná):

baron	—	barones	burgemeester	—	burgemeesteres
danser	—	danseres	dienaar	—	dienares
minnaar	—	minnares	onderwyser	—	onderwyseres
prins	—	prinses	regent	—	regentes
sondaar	—	sondares	verweerder	—	verweederes
bewaarder	—	bewaarderes	en bewaarster		
maar: sekretaris	—	sekretaresse			
bibliotekaris	—	bibliotekaresse			

Daar is drie gevalle waar die postmorfeme wat vroulike persoonsname vorm, die manlike postmorfeme **vervang**:

-ster /stər/ vervang -er:

Hiervan het ons ook nog maar min voorbeelde in algemene gebruik oor:

(huishouer)	—	huishoudster
klaer	—	klaagster
(tikker)	—	tikster
voorsitter	—	voorsitster
verpleër	—	verpleegster
speler	—	speelster

hoewel soms vir die helderheid geleentheidsvorme nie ongewoon is nie.

-euse /øsa/ vervang -eur /ør/ :

Hierdie opposisie wat uit die Frans oorgeneem is, kom na my wete net in drie gevalle in Afrikaanse voor:

masseur	—	masseuse
regisseur	—	regisseuse
souffleur	—	souffleuse

-rise /risə/ vervang -eur en -or:

Ook hierdie vroulike vorme is baie min in getal wat nog in gewone gebruik is, en sal seker ook al minder word omdat hulle ook in die “beroepsgroep” val waar die onderskeiding tussen manlik en vroulik aan die verdwyn is:

inspekteur	—	inspektrise
registrateur	—	registratrise
lektor	—	lektrise

16.2.2 Verkleinwoorde (Kyk §9.5.2)

Ons weet reeds dat in Afrikaans verkleiningsvorme nagenoeg by alle woordsoorte kan voorkom, maar dan meer bepaald in kindertaal of ander spraak met sterk emosionele inhoud, en dan is die meeste vorme ook ad hoc-skeppinge vir die geleentheid. Ons weet ook dat die betekenis nie net tot die begrip “kleinheid” beperk is nie.

Hier gaan ons nou net na verkleiningsvorme by die selfstandige naamwoord en die bywoord kyk, want alle ander word met dieselfde middele gevorm.

By selfstandige naamwoorde kry ons die afleidingsmorfeme /i/, /pi/ en /ci/, in die realiserings (op skrif met inagneming van ons spelreëls) -ie, -pie, en naas -tjie ook -jie, -etjie en -kie. Die derde grondbeginsel in ons spelling, dié i.s. eenvormigheid, gee 'n sterk misleidende beeld van die werklike klankvorme, sowel afleidingsmorfeme as stamme. Ons sal dit probeer uitwys.

-ie /i/ word gevoeg by woorde wat op f, g, k, p en s eindig, bv.:

stofie, skafie, skrefie . . .
stoffie, beffie, skroefie . . .
lagie, vegie . . .
laggie, boggie, voegie . . .
takie, spokie, spekie . . .
takkie, rokkie, nekkie, rankie . . .
slapie, slopie, repie . . .
happie, lampie, koppie . . .
hasie, besie, Kosie . . .
kassie, bossie, bessie, gunsie . . .

'n Mens moet bostaande in die lig van die spelreëls lees! Van die klankvorm van die woorde uitgegaan, is daar nie afwykings in die stamme nie, ook nie in die postmorfeem nie, behalwe miskien by dié waar die stam op -k uitgaan. Kyk hieronder by /ci/ vir die uiteensetting.

-pie /pi/ word gevoeg by woorde wat op -m uitgaan voorafgegaan deur

(a) 'n lang vokaal of diftong:

toompie, boompie, raampie, naampie . . .
pruimpie, rympie . . .

(b) 'n toonlose /ə/ (wat op skrif inhou: -e-, -r- en -l-)

besempie

halmpie, salmpie, walmpie, helmpie . . .

wurmpie, dermpie, armpie . . .

Ander is onvas: ons kry *riempie* maar *kiemetjie*, *noem-noempie* . . .

Waar die morfeem -pie gebruik word, is daar nie afwykings by stam of afleidingsmorfeem nie.

Die verkleiningsmorfeem /ci/ word op skrif deur vier uitgange verteenwoordig: ons neem -tjie as basiese vorm, en dan kry ons nog -etjie, -jie en -kie. Hier sal ons hulle rangskik volgens die skrifvorm en by elke geval aandui watter afwykings daár voorkom. Daar is egter 'n afwyking wat by verskeie plekke voorkom en wat in die fonologie sy verklaring kry, nl. oral waar /ci/ onmiddellik voorafgegaan word deur 'n -n en/of 'n agtervokaal (kyk Bylae A, §3.3) tree daar 'n oorgangsklank, 'n half-/i/, op, soos by *hondjie* /'hɔŋci/ en *stadjie* /'staɪci/; die oorgangs-/i/ word in die boonste helfte van die reël geplaas om te sê dat dit nie 'n volle klank is nie.

Ook die uitgang -kie word as /ci/ beskou omdat daar palatalisasie van die /k/ tot /c/ plaasvind voor die hoë voorvokaal /i/ — kyk Bylae A, §3.3. Om streng konsekwent te wees, moet ons die gevalle met -ie /i/ hierbo wat op k eindig (takie . . . takkie . . .) ook dan as allomorfe by die stamme beskou.

Hier volg dan die gevalle met /ci/:

-tjie /ci/: Dit word (op skrif) gevoeg by woorde wat eindig op:

(a) l, n en r, voorafgegaan deur lang vokale of /ə/ (= toonlose -e):

saaltjie, naeltjie, voëltjie . . .

paartjie, bedelaartjie, oortjie, vuurtjie, uurtjie . . .

haantjie, waentjie, toontjie, boontjie (let op die oorgangs-/i/!)

reëntjie, beentjie . . .

dekseltjie, dubbeltjie, eseltjie . . .

bekertjie, houertjie, stanertjie, oppastertjie . . .

tekentjie, hawe(n)tjie, dekentjie . . .

boertjie, toertjie . . .

tuiniertjie, winkeliertjie . . .

(b) -l, voorafgegaan deur 'n tweeklank/diftong:

kuiltjie, uiltjie . . .

byltjie, vyltjie . . .

(c) -n, voorafgegaan deur 'n diftong of -oe- of -ie-:

treintjie, wyntjie . . .

skoentjie, soentjie . . . (let op oorgangs-/i/ na agtervokaal!)

kantientjie, Karlientjie . . .

(d) enige vokaal; let hier ook op oorgangs-/i/ na agtervokale:

geboutjie, outjie, toutjie . . .

aiatjie, kaiatjie . . .

boerderytjie, bakkerytjie . . .

plantasietjie, meisietjie . . .

verdienstetjie, kleinstetjie, hoogtetjie, verkouetjie . . .

dametjie . . .

-etjie /ɪci/, selde /æci/: Dit word (op skrif) gevoeg by:

(a) woorde wat uitgaan op l, m, n, r voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde vokaal behalwe oe en ie:

rolletjie, frikkadelletjie, relletjie, (muis)valletjie,

balletjie, kolletjie, vulletjie . . .

lammetjie, dammetjie, kommetjie, lemnetjie . . .

pannetjie, pennetjie, hennetjie, vriendinnetjie, ('n) dunnetjie . . .

karretjie . . .

Na oe, ie en lang vokale is dit onvas:

poeletjie ≠ stoeltjie

wieletjie ≠ sieltjie

koletjie en kooltjie

(b) eenlettergrepige woorde op -ng en meerlettergrepige woorde op -ng met die klem op die laaste lettergreep:

dingetjie, ringetjie . . .

tongetjie, longetjie . . .

gangetjie, tangetjie . . .

gesangetjie, gedingetjie . . .

-jie word gevoeg by woorde wat op d of t eindig. Morfonologies gesien, word /t/ in die auslaut van die stam/woord by verkleining deur /ci/ vervang, en as die woord 'n -n- of 'n agter- of 'n middellae vokaal as voorlaaste klank het, tree die oorgangsklank /i/ op; die /n/ word vervang deur /ŋ/:

badjie, latjie, naatjie, saadjie . . . ook: vat — vaatjie

netjie, bedjie . . .

slootjie, bootjie . . .

rotjie, lotjie, potjie . . .

hoedjie, bloedjie, voetjie . . .

ritjie, litjie . . .

landjie, rantjie . . .

hondjie, mondjie . . .

oondjie, ventjie, lintjie, puntjie . . . en: paalementjie

In die voorgaande voorbeelde tree die oorgangs-/i/ op; nie in die volgende nie:

ertjie (as ons “ert” as stam aanvaar), stertjie . . .

hartjie, kaartjie, baardjie . . .

boordjie (van: boord), (strand)oordjie . . .

stoutigheidjie, soutigheidjie, besigheidjie . . .

stouterdjie

-kie word (op skrif) gevoeg by die meeste woorde op -ng wat nie (hierbo genoem) -etjie kry nie; die -g verval dan. Maar let op dat dit net op skrif is; in die klankvorm van die verkleinwoord bly die klank /ŋ/ ook behoue. Daar kan (soos reeds boontoe gesê) 'n verskil van beskouing wees oor watter foneem (§18.1.7) die -k- werklik voorstel: of dit die velêre eksplousief /k/ of die gepalataliseerde /c/ verteenwoordig. Hier

word aanvaar dat die hoë voorvokaal /i/ se invloed sterk genoeg is om die palatalisering deur te voer, dus:

woninkie /'vo:nəŋci/, vertoninkie, toringkie, horingkie . . .

surinkie

vertellinkie

afdelinkie, rekeninkie . . .

Die mate van onvastheid blyk o.a. uit:

swerwelinkie of swerwelingetjie

vreemdelinkie of vreemdelingetjie

Waarskynlik as gevolg van die swaar gevoelslading by verkleinwoordgebruik is daar afwykings: Vir Potgieter het ons dikwels die vorm "Pottie" (en nie "Potjie" nie), en in "mamma-taal": skoemies, hannies . . . Dit bring nie enige verandering in die geldigheid van bostaande nie.

By bywoorde word bogenoemde uitgange met 'n -s verleng en die voorkoms stem presies ooreen met wat vir dié by die s.nw. aangegee is, sodat ons voorbeelde kry soos:

saggies, netjies, mooitjies, stilletjies, skelmpies . . .

met die uitgange: -ies, -jies, -tjies, -etjies en -pies.

Die verkleinwoorde beteken gewoonlik dieselfde as die grondwoord met net 'n mate van versterking daarin.

16.3 Enkele aspekte van die morfologiese struktuur van Afrikaans

16.3.1

In sy werk, *Die Struktuur van die Afrikaanse Wortelmorfeem* (1962), het F.F. Odendal verslag gedoen van sy studie oor die struktuur van wat ons as die stammorfeem ken vir sover dit Afrikaans betref, ingesluit vreemde woorde in Afrikaans. Vir sy doel het hy van die sillabebou van alle simplekse uitgegaan, ingesluit onselfstandige stamme, en hulle bou bepaal op grond van die foneempatroon wat hulle vertoon, d.w.s. hoe hulle uit vokale en konsonante gebou is waar diftonge as enkele foneme geld, voorgestel deur K vir konsonant en V vir vokaal. 'n Stam vir sal dus die patroon KVK vertoon, *sken* is KKVK, terwyl *skuins* as KKVKK voorgestel word.

Hoewel die studie reeds in die vyftigerjare gedoen is, kan ons aanvaar dat daar nie 'n beduidende verandering in die taalmateriaal sal ingetree het nie. Ek haal graag die volgende daaruit aan; eers enkele statistieke, dan van sy interessante afleidings:

A Hy het 'n totaal van 7 564 verskillende stamme in sy materiaal gevind;

3 272 eenlettergrepig, met 708 homofone;

2 997 tweelettergrepig, met 72 homofone;

1 135 drielettergrepig, met 3 homofone;

145 vierlettergrepig;

13 vyf- en

2 seslettergrepig (nl.: parafe(r)nalie en laboratorium)

7 564 altesaam.

- B By die vier-, vyf- en seslettergrepig, en in mindere mate by die drielettergrepig, oorheers vreemde morfeme en/of morfeme wat histories samestellings of afleidings is (maar waarin nou nie meer kleiner morfeme onderskei kan word nie).
 - C Hy het geen verskil tussen “gewone” en “vreemde” morfeme in hulle struktuur gevind nie, behalwe dat die toonlose /ə/ by vreemde morfeme baie minder in die tweede tot die vyfde lettergreep voorkom as by “gewone”, en dat die vreemde morfeme ’n paar tipes ongewone auslautskombinasies vertoon.
 - D Hy het 207 verskillende struktuurtypes of patrone onderskei, maar 58,6%, meer as die helfte van die morfeme, word in slegs 8 tipes gekonsentreer, nl. die tipes: KVK (873), KVKVK (820), KVKK (627), KVKK (487), KVKVK (485), KVKV (246), KVKVK (245) en KVKVKVK (192). (Die syfers gee die getal morfeme by elke tipe.)
 - E Die volgende is gevolgtrekkings waartoe hy in sy slothoofstuk kom en waaruit ek enkele uittreksels maak (met die paragraafnommers op bladsy 180 waarin hulle voorkom):
 - 7.3.1 Die Afrikaanse morfeem het nie meer as 5 sillabes nie (want die twee sessillabiges is onbeduidend).
 - 7.3.2 Die Afrikaanse morfeem ken geen kombinasie van meer as drie konsonante nie.
 - 7.3.3 Daar kom nie meer as 5 konsonante in an- plus auslaut voor nie: ’n driekonsonantanlaut + driekonsonantauslaut is dus onmoontlik.
 - 7.3.5 Geen Afrikaanse morfeem het in totaal meer as 10 konsonante nie.
 - 7.3.6 In geen Afrikaanse morfeem kan meer as twee vokale direk op mekaar volg nie. Die Afrikaanse morfeem het ook ’n afkeer van twee direk opeenvolgende vokale.
 - 7.4.1 Daar is ’n baie sterk voorkeur by die Afrikaanse morfeem vir ’n lengte van een of twee lettergrepe (wat saam sowat 83% van alle morfeme vorm).
 - 7.4.2 Daar is ’n sterk voorkeur vir ’n konsonantiese begin of einde bo ’n vokaltiese begin of einde: 88,4% van die totaal het (’n) konsonant(e) in die anlaut en 84,1% (’n) konsonant(e) in die auslaut.
- Odendal maak die gevolgtrekking dat die morfonologiese bou van Afrikaans beslis deur (positiewe en negatiewe) struktuurreëls beheers word.

16.3.2 Insaake die morfologiese struktuur van die ope woordsoorte

Ons het mos gesê dat dit ’n kenmerk van die ope woordsoorte, t.w. die selfstandige en die byvoeglike naamwoord, die werkwoord en die bywoord, is dat die woordvoorraad maklik uitgebrei word; dat daar dus voortdurend nuwe woordeskat op dié gebied bykom. Omdat die voorraad van hierdie soorte woorde buitendien ook die grootste deel van die woordeskat beslaan, kan ons aanvaar dat hulle ook die grootste deel van die morfeemvoorbeelde waarmee Odendal (§ 16.3.1) gewerk het, uitmaak.

Hoewel dit dus eintlik in hoë mate vanselfsprekend is, dien hierdie opmerking net om te sê dat die voortdurende uitbreiding waarvan ons hierbo praat, veral op drie maniere geskied:

- A Deur samestelling, waar die taal uit sy eie stamme nuwe woorde vorm;
- B deur afleiding, en
- C deur ontlening uit ander tale. Vandag word dit baie vergemaklik deur die gerieflike (tele-)kommunikasie-middele en dan veral op gebiede soos die natuurwetenskappe, die politiek en die ekonomie en die sosiologie. Dit val ook op dat daar baie ruim uit die materiaal van die klassieke tale, Grieks en Latyn, geput word by die skep van nuwe woorde, veral in die Engelssprekende wêreld van waar dit dan verder versprei, en so ook in Afrikaans beland.

Nogtans moet ons onthou dat verreweg die meerderheid van alle gangbare woorde in ons taal as erfgoed uit die Nederlands na ons toe gekom het, of hulle simplekse of komplekse is. Van alle bestaande komplekse in Afrikaans is slegs 'n baie klein minderheid eiegoed, hoewel daaronder besonder vindingryke skeppinge voorkom.

Iets waarop ons reeds gewys het maar wat in hierdie verband tog net weer noemenswaardig is, is hoe baie (konjunkte) bywoorde òf in oorsprong voornaamwoorde is òf 'n voornaamwoord in sy struktuur ingebou het (§6.2).

16.3.3 Insake die morfologiese struktuur van die geslote woordsoorte

Op hierdie gebied is die toestand anders: baie selde word 'n nuwe woord tot die voorraad toegevoeg. Op die gebied van die lidwoorde en die voornaamwoorde het Afrikaans inderdaad 'n groot verlies aan vorme van dieselfde lekseme gehad; dit was deel van die deflektering van ons taal.

Die ander drie, voorsetsels, voegwoorde en telwoorde, is vormvaste woorde en dit is te betwyfel of Afrikaans enige nuutskoppinge het sonder dat dit êrens in sy voorouertale ook voorgekom het.

Wat daar op enige van hierdie gebiede uit te wys is, is reeds gedoen waar dié woorde behandel is.

DEEL 3

FONOLOGIE

FONOLOGIE: TEORETIESE GRONDSLAE

Nadat ons nou die sintaksis en die morfologie behandel het, en veral die laasgenoemde, moet dit duidelik wees dat die **klankvorm** van die woord, van die konstruksie en van die sin so 'n belangrike plek in die taalgebruik inneem, dat 'n nadere ondersoek daarvan noodsaaklik is. Want in die woordvorm het die klank altyd 'n baie belangrike rol gespeel en doen dit nog in enige taal; 'n spreker kan bloot deur die tempo, die toonhoogte en die wisseling daarin te "manipuleer", totaal verskillende dinge met dieselfde woord of sin sê.

Die rol wat die klankvorm van die taal speel in die taalgebruik, is die studieveld van die fonologie. Dit is 'n studieveld wat hom uitstekend tot "formalisering" leen en in die heel moderne fonologiestudie val die klem op so 'n formalisering, d.w.s. 'n stelwyse waarin formules 'n belangrike plek inneem. Omdat ons op die tradisionele manier ons beskrywing gee, sal ons probeer om ook hier só te werk te gaan.

17.1 Akoestiese en auditiewe kenmerke

Opmerking:

Die fonetiese tekens vir spraakklanke word in Bylae A gegee.

Die taal word gebruik in geestesverkeer tussen mense, dus is daar 'n **spreker** en 'n **hoorder** by betrokke. Wat hulle sê en hoor, moet **betekenis** hê want dit moet iets van spreker tot hoorder oordra.

17.1.1

Met ons spraakorgane kan ons (spraak-)klanke voortbring wat in alle opsigte met taal ooreenkom behalwe dat hulle nie betekenis het nie, bv.

*Ha won at ytel kais.

Akoesties is dit nie van taal te onderskei nie; die **fonetiek** sal presies aantoon hoe dit uitgespreek moet word.

Die hoorder sal egter nie weet wat die spreker wou oordra nie; **auditief** is dit leeg.

17.1.2

Twee mense uit die Boland en die Transvaal onderskeidelik mag dalk praat van /fə'lidə vik/ teenoor /fər'leədə veək/ en nogtans mekaar volkome verstaan. Net soos 'n volwasse man met 'n swaar basstem totaal anders-klinkende spraakklanke voortbring as sy sesjarige dogtertjie; tog verstaan hulle mekaar goed.

Die verklaring is:

Mense wat dieselfde taal praat, verwerk elke stuk(kie) spraak wat hulle hoor, spontaan en onmiddellik tot 'n gemeenskaplike, onderskeidende taalteken (= **taaleenheid**); iets wat deur 'n **bepaalde reeks klankkenmerke** met 'n bepaalde **inhoud** saamhang.

Anders gestel: wat ook al die presiese klank wat hy hóór, hy verwerk dit tot die klank wat hy verstaan; spraak is nie klanke met slegs akoestiese kenmerke nie maar met **ouditiewe** kenmerke.

17.2 Fone, allofone, foneme

Hierbo het ons daarna verwys dat die *-ee-* van *week* soms as [i] en anders as [eə] uitgespreek word. Só sê sommige die *-w-* in *twee* met 'n tuitmond [tve:], ander labiodentaal [tve:]; sommige gebruik in *rek* die rol-r en 'n ope Engelse [æ]-klank: [ræk]; 'n ander mag die bry-r en 'n geslote [ɛ] gebruik: [rɛk].

17.2.1

Al die spraakklanke wat ons (onder die Fonetiek in bylae A) onderskei, word — as hulle gesê en gehoor word — **fone** (ekv. **foon**) genoem in die internasionale terminologie. Dus is [i, e, ə, eə, v, ʊ, r, R, ɛ, æ] almal verskillende fone met verskillende akoestiese kenmerke.

17.2.2

Wanneer ons 'n sintagma het wat uit fone opgebou is, bv. [ve:k], kan verskillende fone in die konteks [v — k] voorkom: [vik], [veək], [va:k], [vəik]. Daar is tussen [vik], [veək] en [ve:k] nie 'n verskil in betekenis nie; die verskillende fone [i,e,eə], is dus hier verskillende realiserings van dieselfde taaleenheid-op-die-vlak-van-die-spraakklank, want hulle verander nie die betekenis van die woord nie. Sulke akoesties verskillende fone wat tog geen invloed op die woordbetekenis het nie, noem ons **allofone**. Omdat daar dikwels 'n voorkeurvorm bestaan (hoewel nie altyd nie), sal ons sê dat [i] en [eə] **allofone** van [e:] **binne die konteks** [v — k] is; ewe goed is: [i], [eə] en [e:] is allofone.

17.2.3

Dit word duideliker as ons na die ander hierbo kyk:

[va:k] en [vəik] is heeltemal verskillende woorde; die fone [a:] en [əi] in die konteks [v — k] verander die betekenis van die woord: ons kry *waak* en *wyk* i.p.v. *week*. Sulke akoestiese onderskeibare **fone wat wel die betekenis van 'n woord verander as hulle verander, noem ons foneme** (ekv. *foneem*). In ons voorbeeldwoorde is /e:, a:, əi/ verskillende foneme, en so ook /v, k/. Maar [i,eə] is **allofone** van die **foneem** /e:/ **binne die konteks** /v — k/.

Let wel: Soos u nou opgemerk het, skryf ons (om te onderskei) fone tussen vierkanthakies: [e:], maar foneme tussen skuins strepe: /e:/. Daarom moet ons altyd enige sintagma in fonetiese skrif waar dit vir ons om die betekenis gaan, tussen skuins strepe skryf; 'n akoestiese voorstelling om die klank alleen, kan tussen vierkanthakies kom.

17.2.4

Verskillende fone kan alleen **allofone** van dieselfde foneem **binne 'n bepaalde konteks** wees.

Die woord *boom* word deur sommige Bolanders as /bum/, deur sommige Hoëvelders as /boəm/ en deur mense in Garies as /bo:m/ uitgespreek. Binne die konteks /b — m/ is [u, oə] en [o:] allofone van die foneem /o:/.

Maar die woord *boor* word deur die hele Afrikaanse taalgemeenskap as [boər] uitgespreek. As iemand sou sê [bu:r], sou hy 'n ander woord sê: *boer*. En 'n uitspraak soos [bo:r] of [bur] kom in Afrikaans nie voor nie; die slot -r het die kenmerk dat dit die foon [u] voor hom lank maak en die foon [o] voor hom tot [oə] diftongeer.

Vergelyk daarmee die woord *pool*, wat ook algemeen as [poəl] uitgespreek word. Daarteenoor kry ons die woord *poel* in die klankvorm /pul/. 'n Uitspraak [pu:l] kom nie voor nie; 'n slot -l het voor hom 'n kort [u] of 'n gediftongeerde [oə], maar nie 'n lang [u:] of 'n [o:] nie, behalwe *koel* ≠ *koeël*.

Daar bestaan egter in Afrikaans geen geval waar [o, o:] of [oə] 'n betekenisverskil tussen woorde maak nie (behalwe /ku:l ≠ kul/); daarom sê ons dat die fone [o, o:, oə] almal allofone van die foneem /o/ is. Dus skryf ons die woorde *boor* en *kool* fonemies as /bo:r/ en /ko:l/ onderskeidelik; selfs as /bor/ en /kol/.

Dan kan ons sê: Binne die konteks /-r/ en /-l/ (òf: voor -r en -l) is /o/ en /u/ foneme, terwyl [o, o:, oə, u, u:] in ander gevalle dikwels allofone van die foneem /o/ is.

17.2.5

Stellings t.o.v. foneme en allofone wat vir een taal geld, geld nie noodwendig vir 'n ander taal nie. Bv:

Daar is Engelse woorde *boor* /buə/ en *moor* /muə/, maar geen woord *[bu:(r)] *[mu:(r)] nie; wel *book* /buk/ en *lose* /lu:z/. In Engels kom in die konteks /-r/ net die (Afrikaanse) foneem /o/ in die realisering [uə] voor; in ander gevalle net die foneem /ul/ en /u:/.

Ons sê dan dat die foneme /o/ en /u/ in Engels in **komplementêre spreiding** voorkom.

Dit kry ons ook in Afrikaans met die kort [i] teenoor die lang [i:]: die lang [i:] kom voor [r] voor en die kort [i] in ander gevalle; hulle kom ook in komplementêre spreiding voor:

tier /ti:r/ teenoor *tien* /tin/;

kier ki:r/ teenoor *kiel* /kil/, *kies* /kis/, *kiek* /kik/.

Opmerking:

Hier /hir/ is egter dikwels kort.

17.2.6 Posisionele (en ander) allofone; koartikulasie

In die taalwetenskap word 'n hele reeks soorte allofone onderskei, d.w.s. allofone wat uit 'n verskeidenheid van omstandighede spruit, soos bv.: Elke mens se "praatapparaat" verskil van dié van ander, wat moet beteken dat die spraakklanke wat hy voortbring, van dié van ander (in 'n mate) sal verskil, selfs kenmerkend kan wees. Dit is dié feit wat meebring dat ons

iemand wat ons ken, aan sy “stem” kan herken selfs wanneer ons hom nie kan sien nie maar net hoor praat. Waar dit sekere foneme geld, sal ons dit as **persoonlike allofone** kan beskou.

Simptomatiese allofone is miskien minder kenmerkend, omdat hulle eerder tydelike en veral emosionele afwykings aantoon, soos moedeloosheid, opgewektheid of hovaardigheid.

As iemand bewustelik ’n sekere houding “aanslaan” of miskien dramatiese wil vertel, kan hy nadrukliker en miskien langamer praat en sekere foneme buitengewoon rek of versterk en so van **ekspressiewe allofone** gebruik maak.

Gewestelike allofone het ’n dialektiese kleur. Daaromtrent bestaan in Afrikaans sommige populêre opvattinge, soms in ’n mate gegrond en ander grotendeels oordrewe, wat wesenlik nog nie deeglik ondersoek is nie. Ons verwys maar net na die opvattinge oor die “Bolandse *weet* /vit/ of *loop* /lup/” die “Hoëveldse verbreding”, die *perdjie* /pɛ:ci/ van die sg. “Gam-mattaal”, sommige Griekwavorme, ens.

Maar omdat ons probeer om die standaardtaal te beskryf, gaan ons nie hierop in nie, ofskoon sommige hiervan belangrik mag wees. Ons gee slegs aandag aan die soort allofoon waarvan ons ’n paar in §17.2.4—5 bekijk het, nl. dié wat deur hulle posisie in die woord, d.w.s. deur die invloed van hulle buurklanke, beïnvloed word om van die verteenwoordigende foneem af te wyk. Hulle word **posisionele allofone** genoem, en hulle het selde enige dialektiese verbintenisse; hulle vorm wesenlik deel van die algemeen-beskaafde taalvorm.

Met hulle hang gedeeltelik ’n ander begrip saam, t.w. **koartikulasie**: die verskynsel dat klanke wat langs mekaar voorkom, op die een of ander manier die een die ander se gerealiseerde klankvorm beïnvloed, m.a.w. die twee word in klankvorm nader aan mekaar gebring, selfs eenders gemaak of selfs as een klank gesê. Dit is natuurlik nie iets snaaks nie: geen taalgebruiker sê die spraakklanke afsonderlik nie; spraak is immers ’n “klankstroom”. Dit is egter slegs by sommige klankkombinasies dat die koartikulasie in die klankvorm merkbaar word, en nie alle gevalle van posisionele allofone is aan koartikulasie toe te skryf nie.

In hoofstuk 18, §18.1.6, sal ons oorsigtelik na sommige gevalle van posisionele allofone in Afrikaans kyk; die tipes in §17.2.4—5 is voorlopig genoegsaam as illustrasie.

Opmerking:

Omdat die begrip **foneem** met sy allofone ’n hele paar leemtes in die wetenskaplike ondersoek laat (ons kyk na enkele in hoofstuk 18.3), het fonoloë tydens die laaste paar dekades steeds fyner onderskeidings probeer maak en só meer en meer “wetenskaplik” probeer formuleer. Een so ’n poging loop op die gedagte uit dat die foneem nie die kleinste taaleenheid is nie, maar dat daar “onderskeidende kenmerke” of “kenmerkende eenskappe” van ouditiewe klanke is. Daarvoor word alle spraakklanke geïdentifiseer op grond van opposisies t.o.v. hulle “onderskeidende kenmerke”,

en dan ook net sover as wat hulle in dié groep opposisies beduidend is. Bv.:

Dan is 'n /p/: + oraal
+ labiaal
- stem
+ eksplosief

en die /n/ is: + nasaal
+ alveolêr

en by /n/ hoef stemhebbendheid ens. nie genoem te word nie omdat dit by die begrip “nasaal” ingesluit is. “Nasaal” en “oraal” word as 'n opposisie gebruik. Dit is 'n gevorderde studie wat in veel fyner besonderhede ingaan as wat die doel met hierdie werk is.

17.3 Sintagmatiese en paradigmatische verhoudinge by foneme

Ons het nou gesien dat die **aard** (= klankwaliteit, duur . . .) van 'n foneem beduidend kan wees, maar net soos by die ander (groter) taaleenhede is ook die **volgorde** van foneme, en dus die **plek** van 'n foneem, bepalend vir die betekenis van die woord. Die woord *las* bestaan uit drie foneme: /l,a,s/, maar net in daardie volgorde. As die volgorde verander, verander die woordvorm en woordbetekenis: /sal/ gee *sal*; /sla:/ gee *slae* en /als/ gee *als* (= kruiebos).

Om vas te stel watter kombinasies alles bestaan, is deel van die fonologiese ondersoek, en dit is ook vir Afrikaans reeds gedoen. Ons verwys daarna in hoofstuk 18.3. Daar is nie baie kombinasies met drie foneme wat vier woorde of meer gee soos ons /s,a,l/ nie; hoe meer foneme vir die patroon geneem word, hoe minder woorde lewer dit op. Dit is dus eintlik verbasend hoe baie “potensiële woorde” daar is wat nooit “werklike woorde” geword het nie. Maar 'n klein bietjie van die “speletjie” toon ten minste waarom sommige woorde nie gerealiseer is nie; enigeen kan met die speletjie voortgaan solank dit hom plesier gee!

Bv.: *las* — **lsa*; **asl* — *als*; *sal* — **sla* (4)

nek — **nke*; **ekn* — **enk*; **kne* — *ken* (2)

nok — **nko*; **okn* — **onk*; **kno* — *kon* (2)

Behalwe die getal sien ons nog iets: 'n woord **lsa*, **nke*, **nko* kan nie bestaan nie, omdat ons /ls/, /nk/ in die **anlout** nie kan uitspreek nie; d.w.s. as dit die eerste twee foneme in 'n woord of 'n lettergreep sou wees, sal 'n Afrikaanssprekende dié woord nie reg kan sê nie. Net so weer is dit vir ons onmoonlik om 'n foneempaar soos /sl/ in die **auslout**, dus aan die einde van die woord, te sê. Maar in al drie gevalle is die omgekeerde wel moontlik: ons kan /ls/ en /nk/ in die **auslout** sê:

als, *wals*, *behels* . . .

wink, *lank* . . .

en so ook /sl/ in die **anlout**:

slaan, *sloop* . . .

In die soort toets wat ons hierbo gemaak het, om te kyk watter **sintagmas** ons almal met dieselfde foneme kan maak (en watter bestaan en watter nie, en dan waarom nie vir sover moontlik), bind ons ons aan dieselfde groep

foneme. Ons kan die toets ook anders aanlê:

las: bas, das, gas, *has, jas, kas, mas, *nas, pas, ras, *sas, tas, vas, was
Hier volg ons die alfabet (sonder c, q, x en z) om 'n **paradigma** vir die eerste foneem in die konteks /-as/ op te stel. Ons sien dat daar 'n paradigma van 12 uit 'n moontlike 15 bestaan (F verval hier); die ander 3 kòn bestaan het maar bestaan nie.

Dieselfde toetse kan met enige kombinasie gedoen word, na gelang van wat die ondersoeker wil toets. As hierdie soort toetse oor die veld van verskeie tale gedoen word, bied dit materiaal vir vergelyking waaruit ook interessante gegewens verkry kan word solank dit natuurlik met fonologies eenderse materiaal gedoen word (o.a. deur die gewone skrif nie te gebruik nie).

17.4 Aksent, klemtoon en intonasie

Met **intonasie** dui ons op 'n geheel van "sinmelodie", 'n moeilik identifiseerbare wisseling van toonhoogte, toonduur, tempowisseling en pousering, sowel as beklemtoning van dele van die uiting waarmee 'n spreker 'n inhoud bo en behalwe die woordbetekenisse wil oordra. Oor die geheel kan min ondubbelsinnigs gesê word, maar oor die onderdele is daar soms iets helders te stel. Hier gaan dit net om die gesproke taal.

17.4.1 Toonhoogte

'n Mens kan die toonhoogte waarop jy praat, vir bepaalde doeleindes wissel. In Afrikaans doen ons dit veral wanneer ons ernstiger, gretiger praat of ergerlik is; dan is die toonhoogte van die hele uiting egalig hoër as anders. Dit verander nie die leksikale betekenis van die uiting nie; slegs die houding van die spreker.

'n Mens kan ook die toonhoogte van sekere dele van die uiting wissel en só 'n beduidende verskil in die betekenis teweegbring. Kyk na 'n sin soos:

Hy is nog nie tuis nie.

Dit sal 'n blote stelling wees as die toonhoogte van *tuis* af daal en op die laaste *nie* sterk sak. Dit kan 'n blote vraag wees as die toonhoogte van *nog* af geleidelik styg en by die laaste *nie* skerp opswaai. Maar as die toonhoogte op *nog* meteens hoog styg, dan weer gestadig daal oor *nie tuis* en by die laaste *nie* weer effens styg, spreek jy waarskynlik jou verbasing of jou ergerlikheid uit oor die feit dat hy nog nie tuis is nie.

Omdat daar by hierdie wisselende toonhoogte, tempo en toonduur groot verskille tussen mense bestaan, en ook omdat elke sin sy eie norme het, is daar min reëlmattigs hierby te formuleer. Ons noem net die volgende:

- (a) Intonasie hang met die **sin** en **taalgebruik** saam. Ons kry wel by een-woord-sinne belangrike intonasieverskynsels; nogtans bly dit sinsverskynsel. Vergelyk hoe ons "Ja" sê as ons
- op 'n gewone vraag bevestigend antwoord;
 - te kenne gee dat ons die (ander man se) bewering betwyfel;
 - met ingenomenheid saamstem;
 - nie gretig is om toe te gee nie.

(Daar is tale waarin die toonhoogte en toonwisseling woordonderskeidend is.)

- (b) Die **gebruik van leestekens** hang ten nouste met die intonasie saam, maar juis daarom is daarvoor so moeilik reëls neer te lê: die samehang tussen gedagtes is 'n heel persoonlike saak waarvoor nie altyd voorskrifte gegee kan word nie. Alleen die alleroppervlakkigste intonasieverskynsels kan in reëls gestel word om vir geskrewe taal te gebruik.
- (c) Dit is opmerklik dat 'n **hoër toonhoogte** meestal met 'n **vinniger tempo gepaard** gaan; of die een die ander veroorsaak, sal 'n aparte ondersoek verg. Die gretigheid of ergerlikheid is dalk die oorsaak van albei; dalk is die oorsaak bloot meganies deurdat die vinniger tempo vinniger stemtrillings meebring. Hoe ook al, tempo is ook 'n belangrike beklemtoningsmiddel (sien hierna onder Aksent).

17.4.2

Aksent is anders: hier het ons òf te doen met die **bedoeling** om 'n deel van 'n sin ('n konstruksie, 'n woord, 'n hele onderdeel) te laat uitstaan bo die res omdat ons dit aan die hoorder se aandag wil opdwing, òf met 'n onmiskenbare **fonemiese eenheid** in die woord; eersgenoemde word ook **klemtoon** genoem; laasgenoemde is **woordaksent**.

17.4.2.1

Klemtoon word verkry deur bv. dié deel **harder** te sê, dus met groter intensiteit. Dit is miskien die gewoonste manier in Afrikaans om wat ons as hoofsaake beskou, onder ons hoorder(s) se aandag te bring.

Maar ook 'n **styging in toonhoogte** het dieselfde uitwerking; dié twee gaan dikwels saam. Daar is tale wat veral van hierdie **melodiese klem** vir dié doel gebruik maak; van die Bantoetale en Italiaans val daaronder. In Afrikaans gebruik ons die melodiese klem by die aanwysende voornaamwoord *dié*; u kan dit in die voorgaande sin toets.

Dikwels **versnel** of **vertraag** ons ons spraak om wat ons sê te laat uitstaan. Die versnelling gaan met 'n hoër toonhoogte gepaard, die vertraging bring 'n vollediger, presieser uitspraak van woorde mee waardeur assimilatieverskynsels verminder en die geluidstroom verbrokkel word.

Omdat dit 'n soort negatiewe aard het, ontgaan 'n baie belangrike klemgewer dikwels ons aandag: die **pouse**, dikwels baie kort, wat ons vóór en dikwels ná die beklemtoonde eenheid laat om dit as't ware los te maak uit die res.

In geskrewe taal probeer ons dié klemtoon voorstel met behulp van leestekens, in uiterste gevalle met die dubbelpunt waarmee ons 'n sterk **pouse** suggereer soos in die aanhaling (elders) uit Elize Botha: "... en voer, al sprekende en lerende, ten slotte nog: 'n gesprek."

17.4.2.2

Woordaksent is 'n fonemiese eenheid; dit het onderskeidingsfunksie soos elke ander foneem:

Afrikaans het geen woord **“bekér”* met uitspraak *[be'kər] nie; wel 'n woord *beker* met uitspraak /'be:kər/; ook geen woord **“kàstrol”* met uitspraak *['kàstrəl] nie; wel *kas'trol* met uitspraak /kas'trəl/. As ons in *beker* die kwaliteit van die vokale wil behou, sal ons merk dat ons die aksent nie kàn verander nie; iets soos *[be'kər] kan nie gesê word nie.

Ander gevalle kan wel die aksent omruil, soos ons dit by baie sprekers onder Engelse invloed hoor doen:

i.p.v. *aspek* /as'pek/ hoor ons *['aspek]

projek /pro'jek/ hoor ons *['pro:jek] . . .

In enkele gevalle is die woordaksent ook woordonderskeidend:

appèl /a'pəl/ teenoor *appel* /'apəl/

kopie /ko'pi/ teenoor *kopie* /'ko:pi/

gesels /xə'sels/ teenoor *gesels* /'xe:səls/

Die paal *waarom* hy draai . . . /var'əm/

Waarom doen jy dit? /va:r'əm/

. . . as die son *ondergaan* . . . /'ən(d)ərxa:n/

. . . 'n verandering *ondergaan* . . . /ən(d)ər'xa:n/

Die laaste voorbeelde bring ons by die onderskeiding tussen woorde met **leksikale aksent**, d.w.s. woorde wat om hulle identiteit (betekenis, vorm en/of funksie) altyd aksent kry of nooit aksent kry in 'n sin nie, teenoor woorde wat **sintaktiese aksent** kry omdat die spreker die inhoud van daardie woord wou beklemtoon. Die woord *na* wat op plek of rigting slaan, kry nooit aksent nie; die woord *na* wat op tyd dui, kry altyd aksent:

Hy ry elke dag *na* sy werk toe.

Hy kom dadelik *na* werk huis toe.

Dié twee woorde het dus leksikale aksent. In die volgende twee sinne toon *in* sintaktiese aksentuering, want dit hang van die bedoeling van die spreker af:

Hy werk *in* 'n lekker koel kantoor. (Sonder klem.)

Die melk is *in* die koelkas, nie bo-op nie. (Met klem.)

Woorde met drie en meer sillabes toon ook nog dikwels 'n **byaksent**, naas die sillabe met die **hoofaksent** en dié wat sonder aksent is of **aksentloos**. In 'n woord soos *vergroting* het *-gro-* klaarblyklik die hoofaksent, terwyl die ander twee sillabes, *ver-* en *-ting* aksentloos is. In *oorgrote* het *oor-* die hoofaksent, maar *-gro-* het veel meer aksent as *-te*, dus 'n byaksent. As breë neiging weet ons dat die toonlose *-e* /ə/ nooit aksent dra nie, maar dit geld byvoorbeeld nie vir 'n *-i-* wat ook as /ə/ uitgespreek word nie; dit het dikwels aksent, bv. in *betig* /bə'tɪx/. Maar 'n mens kan nie peil trek op die besondere foon, selfs vokaal, in 'n bepaalde sillabe om daarvolgens die aksent te plaas nie: in *bewering* en *bewerig* is daar net 'n verskil in die slotkonsonant en tog verskil die aksent heeltemal, saam met die klankkwaliteit van die e's.

Verskillende tale het dikwels 'n verskillende aksentpatroon. Ons sal in hoofstuk 18, § 18.1.10, na iets van die Afrikaanse kyk.

17.5 Fonologiese verandering

Ons noem dit dikwels dat die taal voortdurend verander. 'n Mens sou verwag dat ons daarvan nie so veel sal sien in tale met 'n ou gevestigde skryftradisie nie; maar kyk maar wat vandag aan die plaasvind is onder die (jonger) Engelssprekendes in Suid-Afrika, moontlik onder invloed van die Amerikaanse rolprent- en televisiekultuur, maar waarskynlik ook as deel van die "opstand" teen die "establishment". Sònder so 'n stewige skryftradisie laat dit nog meer moontlikhede vir afwykende (ook substandaard-) vorme wat om stilistiese oorwegings soms in 'n literêre werk voorkom, om in die spraak en latere literatuur opgeneem te word en om só hulle pad na die standaardtaal te vind.

Wanneer dit om fonologiese veranderinge gaan, kan dit nie altyd gou of selfs hoegenaamd in die **skrifbeeld** opgeneem word nie; baie sal dan chaos veroorsaak.

Omdat ons dié soort wysigings in die lewende taal wil uitwys en hulle dus in hoofstuk 18 moet behandel, sal 'n teoretiese behandeling hier 'n lastige verdubbeling en herhaling meebring. Daarom verwys ons nou na hoofstuk 18 vir die verklaring van die taalveranderinge sowel as die terminologie wat daarmee saamgaan.

Opmerkings:

- A Vir taalwetenskaplikes is heelwat ander aspekte as dié wat hierin aangeraak is, van groot belang. Wat hier gegee is, verteenwoordig my opvatting van wat nodig en nuttig kan wees vir diegene wat as die moontlike gebruikers hiervan beskou word; daar kan maklik verskil van mening wees. Daarom verwys ek na die reeds genoemde werk van prof. Meyer de Villiers: *Afrikaanse Klankleer: Fonetiek, Fonologie en Woordbou*, waarin al die sake wat hierin net aangeraak is, vollediger bespreek is, en waarby 'n uitgebreide bibliografie gegee word vir wie verder belangstel.
- B Die fonologie, hoewel 'n betreklik jong dissipline in die taalwetenskap, het blykbaar 'n magdom van beoefenaars. Daar is 'n biblioteek aan wetenskaplike teorie daaromheen; of dié teorie ook op konsensus berus, is nie so duidelik nie. Ek haal prof. John Lyons se opmerking in sy *Introduction to Theoretical Linguistics* op bl.117 met 'n mate van instemming aan: "Enough has been said here to arouse in the reader the suspicion . . . that the 'facts' which a linguist discovers about the structure of a particular language are not entirely independent of the theories with which he approaches it in the first place."

ENKELE ASPEKTE VAN DIE GESPROKE TAALVORM VAN AFRIKAANS

Die fonetiek (Bylae A) gee vir ons 'n tegniek waarmee ons klanke deur skryftekens kan voorstel, en wel meer bevredigend as die gewone skrif. Maar nog altyd is dit geen waarborg vir goeie **spraak** nie, want nog altyd is dit moontlik om jou eie (verkeerde!) klank vir 'n bepaalde teken te maak.

Boonop is spraak nie die voortbring van los, afsonderlike klanke nie, maar 'n geluidstroom, waarby juis die kenmerke van vloei en afbreek wesenlik deel van die verstaanbaarheid van die eintlike taal is.

Daarom kyk ons na die volgende:

18.1 Standaarduitspraak: skrifbeeld en uitspraak/klankvorm

18.1.1 Standaarduitspraak

Op die vraag: Wat is die regte uitspraak? is die antwoord dikwels nie maklik nie, want die taal leef immers in die mond van die sprekers, en daar is verskil in die uitspraak van mense. In die uitspraak word die leiding van kultuurmense gevolg. Dáárom het kultuursentra soos universiteitstede en -dorpe, ander stede en ouer gebiede hier 'n groot invloed, soos in ons land Stellenbosch, Potchefstroom, Pretoria, Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein . . .

In ons tyd het die radio, die televisie en die uitspraak van aankondigers 'n toenemende invloed; hulle dra dus 'n groot verantwoordelikheid wat sommige nie altyd nakom nie.

'n Uitspraakvorm wat aanvaar word as 'n norm waarvolgens mense hulle uitspraak rig, word die **standaarduitspraak** genoem, meestal tot SU afgekort. In baie gevalle is daar verskeie moontlike vorme van die SU, omdat daar ook geen goeie rede bestaan om altyd alleen één te aanvaar nie.

In dié verband wys ons net daarop dat Afrikaans betreklik min afwykende uitspraakvorme het, want oor die hele Afrikaanse spraakgebied klink die taal baie eenders. In die ou taalgebiede (van Europa bv.) is daar groot afwykings, en is die SU dikwels tot 'n baie spesifieke plek of gebied terug te voer, soos bv. Londen vir Engels en Den Haag en Amsterdam vir Nederlands.

Op beperkter terrein, bv. op 'n dorp, is die invloed van veral gesiene mense baie sterk, en in die besonder dié van die onderwyser op die kinders, en daarom is sy verantwoordelikheid op dié gebied baie groot.

18.1.2 Letteruitspraak

Toe ons hierbo na die voortbring van los, afsonderlike klanke verwys het, het ons ook **letteruitspraak** in die gedagte gehad. Ons is reeds bekend met die tekortkominge van ons gewone skryfstelsel(s). Iemand wat op só 'n manier praat dat hy hom daarop toelê om al die letters se vermeende klanke te laat hoor, pleeg letteruitspraak.

Dit kan op alle terreine van die taal voorkom, dus wys ons slegs op enkele van die opvallendste voorbeelde, soos wanneer mense se:

vergeet as [fər'xe:t] in plaas van [fər'xe:t];

mens as [məns] in plaas van [mɛ:s];

eenders as ['e:ndərs] in plaas van ['e:nərs].

Daarenteen is daar natuurlik in 'n opsetlike "slordigheid" of 'n doelbewuste nastreef van die onversorgde en die platte, net omdat dit van die skrifbeeld afwyk, geen deug nie. Laasgenoemde het nou miskien te lank reeds as (voorgewende) norm vir voorligting by die uitspraak van Afrikaans gedien. Ons kan die feit van die geskrewe taal nie ontken nie, en as ons met alle ander invloede moet rekening hou, dan ook met dié van die geskrewe taal. Waar sommige uitsprake wat van die geskrewe vorm verskil, as die enigste aanvaarbare beskou word (deur andersins betroubare voorskrifskrywers soos Le Roux en Pienaar se *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*), is daar ruimte vir verskil. Om vir *Januarie* alleen /'janəvari/ te aanvaar en /'janyari/ as letteruitspraak te bestempel, is 'n foutiewe oordeel, om van *Februarie* /'fe:bərvə:ri/ nie eens te praat nie. Om te beweer dat by *kinders* en alle *kinder*-komplekse die uitspraak van ontwikkelde mense slegs /'kənər-/ is, is net nie waar nie, en om dit as enigste aanvaarbare voor te skryf, is 'n fout.

Daar is so iets soos letteruitspraak, maar ons moet dit nie in allerhande dinge wat soos die skrifbeeld lyk, gaan soek nie; dit sal 'n oordrywing van 'n goeie ding wees.

18.1.3 Assimilasie

Hier het ons by uitstek 'n verskynsel waar die botsing tussen aanvaarde SU en skrifbeeld hom opdring; ons voorbeeld hierbo i.s. die uitspraak van *kinders* is juis daarvan 'n voorbeeld.

Vir 'n beter begrip van wat by assimilasie gebeur, herhaal ons twee reedsgenoemde samehangende feite: As ons praat, artikuleer ons nie elke letter (as so 'n stuk geskryf sou word) nie; want spraak is nie die artikulering van los, afsonderlike klanke nie, maar 'n **klankstroom**, waarby die aaneenskakelings en afbrekings deel van die verstaanbaarheid is.

Nou gebeur dit baie dat ons 'n bepaalde woord (ook: klank) nie oral waar dit voorkom, eenders uitspreek nie, maar ons pas die uitspraak, die artikulasie, by die buurklank(e) aan. Só bv. in plaas van *met die* [mɛt di] sê ons dikwels ['mɛdi].

in plaas van *sal jy* [səl jəi] sê ons dikwels ['səjəi]

in plaas van *op die* [əp di] se ons dikwels ['əpi]

in plaas van *onmoontlik* [ən'mo:ntlək] sê ons dikwels [ɔ:'mo:ntlək]
of [ɔ'mo:ntlək]

in plaas van *onbeleef* ['ɔnbəle:f] se ons ['ɔ:bəle:f]
of ['ɔmbəle:f]

in plaas van *volgende* ['fɔlxəndə] sê ons ['fɔləndə]

Hierdie aanpassing van ons mondstand en artikulasie by buurklanke noem ons dan **assimilasie** (= gelykmaking).

Onder die voorbeelde is daar dié waarby:

- (a) die gelykmaking volkome is, soos by *op die* en *onmoontlik*, en dit word **algehele assimilasië** genoem
- (b) die gelykmaking net gedeeltelik is, in dié opsig dat klanke wat met mondstande gevorm word wat ver van mekaar verskil, se artikulasieplek tot by mekaar gebring word, soos by *onbeleef*, *Stellenbosch*. Nou is dit **gedeeltelike assimilasië**
- (c) die verandering by 'n klank intree onder invloed van 'n klank wat volg, soos by *met die*, *onmoontlik*. Dit noem ons **regressiewe** (= agteruit) of **antisipatoriese** (= vooruitlopende) **assimilasië**
- (d) die verandering onder invloed van die **voorafgaande** klank intree, soos by *op die*. Dit is dan **progressiewe** (= vorentoe) of **perseveratiewe** (= aanhoudende) **assimilasië**.

Sandhi is 'n term (aan die Oud-Indiese grammatika ontleen) vir assimilasië by samestelling, afleiding of buurwoorde in 'n sin, waar daar klankveranderinge by die woordgrense intree soos by *met die*, *laat ek* [la:k], *handboek* ['hanbuk] . . .

Hoewel die verskillende vorme van assimilasië baie dikwels by spraak voorkom, word dit **nie** in die skrif erken of getoon nie, behalwe in spesiale gevalle ter illustrasie, of in die letterkunde waar die skrywer deur sy persoon se spraak sy karakter of milieu wil beeld. Dit is immers duidelik dat, as assimilasië in die skrif getoon moet word, daar van spelling as sodanig niks sal oorbly nie, en lees geweldig bemoeilik sal word.

Dit beteken egter nie dat uitspraakvorme met assimilasië verkeerd is nie. Intendeel, sonder die assimilasië sou 'n spreker hom **soms** aan letteruitspraak skuldig maak, hoewel hierop uitsonderings is by verhewe spraak (soos van die kansel soms) en vir **sommige** voordragdoeleindes. Andersyds is die oordrywing van assimilasië dikwels "plat" of onversorg.

18.1.4 Nasalering en vokalisering

As 'n mens met terme besete is, kan jy sê dat ons by nasalering koartikulasie kry, waar sowel progressiewe/perseveratiewe as regressiewe/antisipatoriese assimilasië optree. Want hier beïnvloed fone wat langs mekaar voorkom mekaar ingrypend.

Ons het in Afrikaans vier **nasale** konsonante, en in noue verband met hulle het die (gewone) letters a, e, o en u dikwels ook 'n nasale uitspraak:

dans	—	[dā:s],	ook:	gans, kans, krans, Frans, ens.
mens	—	[mē:s],	ook:	spens, grens, wens, venster, ens.
gons	—	[xō:s],	ook:	ons, dons, spons, ens.
lunsriem	—	[lœ:rim],	ook:	kunsies.

Hier word die klinkers [a, ɛ, ə, œ] deur die neus uitgespreek onder invloed van die [n] wat onmiddellik sou volg, **maar** wat inderdaad nooit geartikuleer word nie omdat die monddeurgang nie heeltemal gesluit word nie; d.w.s. die neuskanaal word te vroeg geopen (reeds as die klinker nog geartikuleer word), maar die mondkanaal word nooit gesluit (soos dit vir die artikulasie van die [n] nodig is) nie.

Ons sê dan dat **die klinker genasaleer word**, terwyl **die [n] gevokaliseer word**, d.w.s. in 'n vokaal opgeneem word.

Daar moet onderskei word tussen dié Afrikaanse woorde waar die nasalering SU en die enigste regte is, soos dié hierbo genoem en andere, en dié waar nasalering soms voorkom, maar nie verpligtend is nie, d.w.s. waar beide vorme SU is, bv.:

onseker — [ən'se:kər, ʒ:se:kər]

aanstoot — ['ɑ:nsto:t, ǣ:sto:t]

invryf — ['ənfrəif, ǣ:frəif]

Veral die klinkers [ɑ, ə, ɐ, ɛ] is só aan opsionele nasalering onderhewig. veral voor [n] wanneer dit gevolg word deur veral die frikatiewe [s, f, x], maar soms ook ander klanke, selfs in daaropvolgende lettergrepe en woorde.

Interessant is die feit dat hierdie (toevallige) nasalering byna nooit by “geleerde” en “verhewe” woorde, soos: *konstruktief*, *sensuur* en *mansjet* voorkom nie, en glad nooit by verboë vorme soos *mans* nie.

Die *Uitspraakwoordeboek* (Le Roux en Pienaar) gee in hierdie opsig 'n genasaleerde uitspraak as enigste vorm by baie woorde waar die ongenasaleerde net so of meer dikwels voorkom. Ek meen dit is een van die terreine waar 'n kwasie-kenmerk van Afrikaans by voorligting oordryf word.

18.1.5 Ontronding

Hiermee het ons een van die werklike foute in die Afrikaanse uitspraak: die SU het nie plek vir ontronding nie. Die woord is selfverklarend: geronde vokale word ongerond uitgespreek:

/y:/	soos in <i>muur</i> /my:r/,	word as /i:/	soos in <i>mier</i> /mi:r/,
/y/	soos in <i>nuut</i> /nyt/,	word as /i/	soos in <i>niet</i> /nit/,
/ø/	soos in <i>beur</i> /bø:r/,	word as /e:/	soos in <i>beer</i> /be:r/,
/œ/	soos in <i>rug</i> /rœx/,	word as /ə/	soos in <i>rig</i> /rəx/, en
/œy/	soos in <i>buit</i> /bœyt/,	word as /əi/	soos in <i>byt</i> /bəit/

uitgespreek.

Dit word 'n “lui” manier van praat, en by sommige, veral sommige dames, 'n aanstellerige manier om nié die lippe te gebruik nie. Dan word al dié soort klanke ontrond; dit is nie tot 'n paar woorde beperk nie.

Net so moet 'n mens natuurlik teen die oordrewe óórronding waak, soos sommige mense hulle monde onnatuurlik tuit by die uitspraak van dié klanke, veral /œy/ wat soms na əi/ klink (soos: Hui klim oit die skoit oit)

18.1.6 Posisionele allofone in Afrikaans

In §17.2.6 het ons aangetoon wat dié term beteken, en in §17.2.4—5 het ons voorbeelde van posisionele allofone in Afrikaans gesien. Saamgevat lyk die posisie min of meer só:

Baie dikwels het die twee likwidale, /l/ en /r/ 'n baie sterk invloed op die duur van sekere vokale en die neiging is baie sterk dat ons vóór 'n /l/ of 'n /r/ die lang vokaal, en in ander posisies die kort vokaal, kry:

- (a) Die vokale /i/ en /i:/ staan so in **komplementêre spreiding**: die lang /i:/ kom voor /r/ voor en die kort /i/ in ander gevalle:

bier, dier, fier/vier, gier, kier, lier, mier, nier, sier, tier, wier; spier, stier . . . ; versier, bankier, manier, plesier . . . , maar “hier” “hiert” en “sliert” is kort! Daarteenoor: bied, dien, dief, riet, kiel, lied . . . met kort /i/.

Ons moet daarby altyd onthou dat kort en lank ten opsigte van die duur van vokale 'n relatiewe begrip is, en dikwels baie moeilik om te bepaal. Daar bly dus 'n groep waar ons maar nie te uitgesproke oor die duur wil wees nie!

Dieselfde verhouding tref ons tussen die kort /u/, /y/ en /ə/ en die lang /u:/, /y:/ en /ə:/ aan, as ons daarby in die gedagte hou dat “voor 'n /r/” beteken “voor 'n /r/ in die auslaut”, en dat die posisie kan verander as daar in dieselfde sillabe nog 'n foneem ná die /r/ kom. Hulle lyk dus só:

- (b) Die lang /u:/ kom voor in:

boer, koer, loer, toer . . . sowel as in: floers, jaloers . . .
met die /r/ voorlaaste in die sillabe, hoewel die uitspraak van “floers” twyfel inhou. Daarteenoor is die volgende kort:

boet, goed, hoed, moed, roet, voet . . . en: doen, noen, soen, verfoes, joernaal, moeras . . . sowel as: koers, skoert, ploert . . .
(hoewel Le Roux en Pienaar: *Uitspraakwoordeboek* hulle as lank aangee), maar wel: voert, voertsek (albei kort).

- (c) Die lang /y:/ kom voor in:

buurman, duur, guur, huur, muur, puur, suur, tuur, vuur, borduur, natuur . . . stuurs,
en 'n langerige /y:/ kom voor in die auslaut by die beperkte getal woorde wat dit het soos:

du, kru, ru, slu, skadu . . . ,
maar die werklike duur is moeilik om te bepaal. Die kort /y/ kom voor in ander soort gevalle:

debuut, bruusk, nuut, nuwe, nuus, absoluut . . .
By verskeie woorde is dit moeilik om met sekerheid die duur van die -uu-klank te bepaal:

buro, humeur, akkuraat, amuseer . . .

- (d) By die /ə ≠ ɔ:/ geld dieselfde reël seker, maar dis moeilik om te bevestig omdat die materiaal so min is. 'n Duidelike kort /ə/ kry ons in woorde sonder /r/ soos:

kon, lont, bont, knop, knol . . . en ek meen ook in: sôe, trôe,
waar die /ə/ daarna dit laat langer klink. Met 'n /r/ daarna tree daar wisseling in: As die /r/ die voorlaaste foneem is, is dit (gewoonlik) kort soos in:

morg, sorg, borg, korf . . . en: kort, gort, bort, stort, mors . . .
Maar dit voel asof die /ə/ in *word* langer is as in *wording* en dalk is ook *bord(e)* langer as bv. *kort*. *Môre* en *sôre* het lang /ə:/ in die ope lettergrepe.

Woorde met /r/ in die auslaut is skaars. Le Roux en Pienaar gee *knor* aan met 'n lang /ɔ:/, maar *moren* en *tor* met 'n kort /ɔ/. Ek meen dat die twee dele van *knortjor* presies eenders gesê word; ek meen ook dat *mor* en *tor* lank is, of in ieder geval langer as bv. *mors*. (Le R. en P. gee nie *tjor* of *knortjor* nie.) Dit is egter nie die bedoeling om te kenne te gee dat 'n mens daaroor hoef te stry nie; hoofsaak is om bewus te wees van fonologiese verskille en die reëlmaat of gebrek daaraan in sulke verskynsels.

- (e) By die voorkoms van lang /ɛ:/ en kort /ɛ/ is daar wisseling en 'n reël is nie maklik te formuleer nie. Met /r/ in die auslaut sien ons:

- (i) Ope lettergrepe bring blykbaar 'n lang /ɛ:/ mee:

skêre, bêre, têre; maar "skêr" het dit ook.

Die leenwoorde op -êr(e) het dit:

literêr(e), militêre, sekondêr(e) . . .

Die -e- is ook 'n lang /ɛ:/ in:

ver, verder, verste; ster. Maar dit is kort in:

verre, sterre (en ook in: berg, terg.)

In kêrel, pêrel en wêreld is die -ê- 'n lang /ɛ:/; hê, sê, lê is die enigste woorde met /ɛ:/ in die auslaut, hoewel die kwaliteit van die /ɛ:/ van dié by ander woorde verskil.

- (ii) In woorde soos: perd, stert, tert, werd, koevert, konsert, ertjie, erdewerk, operd, snert . . . wissel dit van lank tot kort, maar "lantern, lusern" is blykbaar lank.

- (iii) By die volgende gevalle word deur (sommige, baie, alle?) mense deur die duur van die klank tussen woorde onderskei:

met kort /ɛ/ is: pers ('n drukkerij), kersie (die Engels cherry), vers (soos in poësie), erns;

met lang /ɛ:/ is : pers ('n kleur), kersie (wat lig gee), vers ('n jong vroulike bees), êrens.

Voor ander konsonante en voor /r/ gevolg deur /p, k, f, x, m, n/ is die /ɛ/ kort (MdeV; *Afr. Klankleer*, bl. 106):

vet, vel, ken . . . ; serp, kerk, gerf, berg, ferm, kern . . .

- (f) 'n Opvallende voorbeeld van posisionele allofone kom voor in die wisseling van /v/ met /ʋ/, waar laasgenoemde bilabiale vorm van die stemhebbende frikatief voorkom na /k, t, d, s/ soos in:

kwaai, kwel; twee, twaalf; dwars, dweep; sweer, sweis . . .

waar ander dit as labiodentale foon uitspreek.

- (g) Of ons in die voorkoms van die /ʃ/ 'n wisseling met /s/ of iets anders het, is nie so duidelik nie; dit is moontlik grotendeels 'n saak van minder of meer vreemd. Ons kry die /ʃ/ in die anlaut van bv.:

sjampanje, sjarmant, sjef, sjerrie, chirurg . . .

en in die inlaut (dus: binne-in die woord) by bv.:

nasionaal, posisioneel, tradisioneel . . .

waar baie mense i.p.v. /naʃo'na:l/ sê /nasio'na:l/. Dit kom ook voor in plaas van die /x/ by "korrigeer".

- (h) 'n Hele groep waar almal ook 'n wisseling toon onder min of meer dieselfde voorwaardes (maar wat ook nie volkome konsekwent is in al die tipes nie), is die reeks waar 'n stemlose konsonant in die auslaut wissel met 'n stemhebbende konsonant as dit by fleksie of andersins deur die toonlose -e /ə/ gevolg word; ook 'n /h/ en 'n /d/ het soms dié uitwerking: Dit kom voor by:

/t—d/ : hand /hant/ — hande /handə/, gebied — gebiede . . .
 /p—b/ : rib /rəp/ — ribbe /rəbə/, rob — robbe . . .
 /f—v/ : drif /drəf/ — driuwe /drəvə/, skryf — skrywe . . .
 /x—g/ : berg /bərɪx/ — berge /bərgə/, erg — erger . . .
 /s—z/ : wys /vəis/ — wyse /vəizə/, wysgeer — wysheid . . .

Die laasgenoemde tipe word soms vir Anglisisme uitgemaak. Daarvoor bestaan nie betroubare getuienis nie. Om alle /s/-klanke daarenteen tot /z/ te maak by vokale (fasade, basalt . . .) kan nie as normaal beskou word nie; dis dikwels aanstellerigheid.

(Hierdie verskynsel het ons in § 15.10.1 (1 A) onder die morfologie ook teëgekom.)

- (i) 'n Verdere paar posisionele allofone kom voor in woorde met agter- en middellae vokale in die laaste sillabe, ook wanneer hulle op 'n /t, n, nt/ eindig, en 'n verkleinwoord met uitgang /ci/ word daarvan gevorm. Die vokale is /a, ɑ:, ə, ɔ:, o:, ɛ, ø, u, ə/; dan kom 'n oorgangsklank /i/ in die plek van die konsonantgroep voor die verkleiningsmorfeem /ci/; (kyk ook § 16.2.2):

straat : straatjie /'strɑ:ci/
 rot : rotjie /'rɑci/
 land : landjie /'lɑnci/
 laan : laantjie /'ɑnci/

Hierin kom ook nog 'n fonologiese verskynsel voor wat ons net hierná onder palatalisasie behandel.

18.1.7 Palatalisasie

In die bylae oor die fonetiek behandel ons die verskillende spraakklanke en verwys o.a. na velêre klanke, wat by die velum of sagte verhemelte gemaak word soos die /k/, en palatale klanke, wat by die “palatum durum” of harde verhemelte gemaak word soos die /ç/ en ander. Spraak is 'n klankstroom: dit bring mee dat een klank beïnvloed word deurdat die posisie waar die volgende klank voortgebring word, verskil, en dan reeds die voorgaande klank na sy posisie toe trek. Dit word opvallend by die hoë voorvokaal /i/ wat konsonante soos die /k, f, x/ wat velêre en glottale klanke is, na voor en na bo trek en só hulle klank verander:

- (a) /k/ word /ç/ voor /i, e, ɛ/ in *kielie* /'çili/, *keel* /'ce:l/ en *kerk* /çerk/
 . . .
 (b) /x/ word /ç/ voor /e, ɛ/ in *geel* /çe:l/, *geld* /çɛlt/ . . .
 (c) /f/ word /j/ voor /e, ɛ/ en *hele* /'je:lə/, *help* /jɛlp/ . . .

In al hierdie gevalle het ons met posisionele allofone te doen, en waar /k/ tot /ç/ en /x/ tot /ç/ versag, word dit as SU aanvaar. Maar 'n te sterk

verskuiwing van /f/ tot /j/, van /x/ tot /ʃ/ en van /k/ tot /tʃ/ word as substandaard beskou, soos wanneer mense vir *geld* sê /ʃelt/, en vir *kind* sê /tʃent/.

18.1.8 Sillabifikasie (of lettergreepverdeling)

In die fonologie verkies ons om van “sillabe” te praat bo “lettergreep”, omdat “lettergreep” die gewig op die skrifbeeld met sy letters plaas in plaas van op die klankvorm. Hoe ook al, dié begrip is in die proses van te leer spel en te leer skryf op skool van soveel belang, dat die gebruiker van hierdie boek genoegsaam daarmee vertrouwd sal wees. Waar die bedoeling hier nie is om ’n volledige fonologie van Afrikaans te skryf nie, word net maar verwys na die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* hoofstuk V, bls. 9 vlg. wat die kwessie van die een kant benader, en bv. prof. Meyer de Villiers se meermale aangehaalde werk, *Afrikaanse Klankleer* . . . , meer bepaald hoofstuk VII paragraaf 8 (bl. 134 en verder), waarin dit van die fonologiese kant benader word.

Veral in die volgende twee paragrawe moet ons van die erkende sillabifikasie- of lettergreepverdelingsreëls gebruik maak.

18.1.9 Oorgangsklanke

Die naam word gebruik vir die hoorbare klank, wat selde ’n duidelike foneem is in die sin dat dit woordonderskeidend is en tog op plekke voorkom “waar dit niks soek nie”! Ons het reeds ’n paar teëgekom:

die /i/ by sekere verkleinwoorde: *hondjie* /ʰɔ̃ˈnɔ̃/

die /ə/ by *hart(e)lik* en *vry(e)lik*: /ʰartələk/ en /ʰrɛ̃ɪələk/

’n Ander is die /d/ in die vergrotende trappe *naarder*, *swaarder*, *verder* . . . en ander woorde soos *vermeerder*, *verloorder* . . . , ’n klank wat van buite bygebring is om die woord “sêbaarder” te maak. By **“armder*, *warmder*, *skelmders*” is dit verkeerd; dit moet *armer*, *warmer*, *skelmer* wees.

Nog een is die /t/ (?) by *eintlik*, *wesentlik* (uit *eigenlijk*, *wezenlijk*); met ’n vraagteken, omdat dit t.o.v. artikulasiebewegings geen /t/ is nie. Dit is slegs die tongbeweging van die volle afsluitingsposisie vir die /n/ af om teen die kaakkante af oop te maak vir die /l/; maar daarom ’n werklike oorgangsklank sonder fonemiese waarde. Almal kom by die sillabegrens voor.

By bv. *benodigdhede* is die *d* na *-dig-* geen oorgangsklank nie en kan nie weggelaat word nie; dit is grammaties noodsaaklik en ’n foneem. (Die *-d-* is deel van die volt. deelw. van die ww. *benodig*, wat daarvan ’n b.nw. *benodigd* maak en waarvan die s.nw. met *-heid* gevorm word.)

18.1.10 Woordaksent

Die ontwikkelde taalgebruiker het gewoonlik min moeite met die woordaksent in sy moedertaal. Alleen in ’n talesituasie soos dié in Suid-Afrika, waar twee naverwante tale, wat bowendien nog ’n uitgebreide gemeenskaplike leenwoordvoorraad gebruik, langs mekaar leef, ontstaan daar probleme: Engels en Afrikaans lê die woordaksent dikwels by sulke

ontlenings op verskillende woorddele, verskillende sillabes. Die paar goeie woordeboeke, vertalend en verklarend, en die *Uitspraakwoordeboek* van Le Roux en Pienaar waarna ons telkemale al verwys het, gee hieroor uitsluitel. (Waar hulle verskil, soos soms gebeur, kan die student sy eie keuse maak en weet hy het nou gelyk!) Daarom gaan hier nie die hele veld gedek word nie; daarvoor is dit te uitgebreid.

Iemand wat wel belangstel in die reëlmaat wat daar wel bestaan, kan dit naslaan in prof. Meyer de Villiers se *Afrikaanse Klankleer*, hoofstuk VII, paragraaf 9 en 10 (bl. 139 vlgg.).

Elders, omdat hulle in die verband dáár ter sake was, het ons enkele veralgemenings oor woordaksent gestel; ons vat net saam:

Samestellings het die woordaksent op die eerste lid van die samestelling; as dit gebou is met komponente wat reeds samestellings was, is daar gewoonlik nog êrens 'n byaksent ook:

'karperd, 'perdekar, kom'plotsmeëry, 'klerewinkelver, toonvensters . . .

Maar samegestelde werkwoorde het die klem op die tweede, die werkwoorddeel:

oor'weeg, onder'handel . . .

By die “internasionale” woorde plaas Afrikaans die woordaksent gewoonlik agtertoe, (maar Engels vorentoe):

kon'tak (net as s.nw.), as'pek, tele'foon, tele'graaf, tele'visie, dupli'kaat, kon'stant, kabi'net, direk'teur, ak'tief, kri'tiek ≠ 'krities, 'krisis ≠ kri'tiek, fak'tuur . . . anar'gis ≠ argi'varis, biolo'gie, fisiolo'gie ≠ bio'logies, fisio'logies, spiri'tis ≠ 'spiritus, po'litikus, po'litici, radioak'tief, radio'graaf, radiogra'fie, radiolo'gie, radio'loog, maar: 'radiogram (want dit is 'n samestelling) . . .

Let op dat die hoofklemstrepie bo en voor die sillabe met die hoofklem staan; die byaksent word deur die strepie onder en voor die sillabe met die byaksent geplaas. Let ook daarop dat sommige woordeboeke die woordaksent aandui met 'n strepie ná die geaksentueerde sillabe.

Daarmee stap ons hiervan af.

18.1.11 Vokaalreduksie

Sillabes met lang vokale dra altyd aksent, soms in komplekse 'n byaksent; sillabes met kort klinkers kán aksent dra maar kan ook sonder aksent wees. Nou gebeur dit dikwels dat 'n sillabe sonder klem so min “aandag” by die sê ontvang dat die vokaal daarin sy “kleur” verloor en verdof tot die toonlose /ə/. Alle vokale is blykbaar hieraan onderhewig, maar gewoonlik nie die diftonge nie:

figuurlik /fə'xy:rlək/
publiek /pə'blik/
soveel /'so:fəl, 'sæfəl/
patats /pə'tats/

rumatiek /rəmə'tik/
hoeveel /'hufəl/
baklei /bə'kləi/
krokodil /krəkə'dəl/

Die term **vokaalreduksie** word gebruik om te verwys na hierdie verskynsel.

18.1.12

In die spraak van 'n taalgemeenskap kom daar nog allerlei ander fonologiese verskynsels voor wat soms nie algemeen genoeg is om studie te regverdig nie; hulle word maar waargeneem as uitspraakvorme wat vir 'n bepaalde taalgebruiker vreemd klink. Sulkes is o.a.:

- (a) die verhoging en vernouing in die artikulasie van /o/ en /e/ by sommige Bolandse sprekers, waarna ons reeds verwys het, en
- (b) die neiging tot diftongering van dieselfde vokale in sommige binelandse streke tot /oə/ en /eə/.
- (c) Daar is bv. die uitspraak /broər/ van *broer*, wat lig moontlik histories die oudste is maar deur 'n letteruitspraak verdring is. Dit is verwant aan die verskynsel wat vir die deelteken in bv. "voël, spieël . . ." verantwoordelik is.

18.2 Taalverandering deur fonologiese verskynsels

In §18.1 (1 — 12) het ons na fonologiese verskynsels gekyk wat ons in die spraak waarneem, waarvan sommige deel van die standaardtaal is en ander nie, maar waarvan geeneen (behalwe in sommige opsigte die oorgangsklanke) in die geskrewe taal opgeneem word nie. Die rede is dat dieselfde foneme en dieselfde morfeme as allofone en allomorfe in ander woorde, as stamme of as komplekse, in die lewende taal bestaan sonder die onderhawige klankwysigings. As ons die allofone en allomorfe in die skrifbeeld oorneem, word lees en begrip van die gelese taal baie bemoeilik. Ons neem hulle dus nie in die skryfwyse op nie.

Maar daar is baie taalveranderinge wat in die loop van 'n taal se ontwikkeling plaasvind en wel opgeneem word in die geskrewe taal en só soms alle spore van die ontwikkelingsgang verloor. Sommige is historiese verskynsels en tans dood; van ander gaan die werking nog voort in ander woorde. In die volgende paragrawe kyk ons baie vlugtig na sommige van hulle en probeer aantoon waar van hulle nog in werking is. Hulle kan in drie groepe geskei word: klankwysigings, klanktoevoeging en klankverlies.

18.2.1 Klankwysiging

Die meeste van dié prosesse is dood, maar nou moet ons onthou dat tydgenootlike prosesse nie altyd opval nie. Dit is moontlik dat daar wel tans nog van hulle aan die gang is; van sommige is ons wel bewus.

1. Assibilasie kom deur slap spanning tot stand, 'n vorm van "slordige" spraak, sodat eksplosiewe tot frikatiewe of trillers gewysig word:

kriewel het uit *kriebel* ontstaan,
struweling uit *strubbeling*, en
riffel uit *ribbel*;

hulle is nou reeds deel van ons taal.

Vandag vind dit nog plaas:

Die /d/ word /r/ in *padda* /'para/, *hoede* /'hura/, *bottel* /'bərəl/,
middag /'marax/;

die /b/ word /v/ in *lobbe* /'ləvə/, *kapabel* /ka'pa:vəl/, *babber* /'bavər/, *teenstribbel* /'tē:stɾəvəl/ *dubbel* /'dævəl/;

en die /d/ word /s/ in *slordig* /'slɔrsəx/ . . .

2. **Dissimilasie** is 'n seldsame verskynsel waardeur gelykluidende konsonante wat naby mekaar in 'n woord voorkom, verskillend gemaak is: die een /x/ in *nieuwsgierig* is tot /k/ gewysig in *nuuskierig*.
3. **Umlaut** is die naam van 'n klankwetmatige verandering van 'n agtervokaal tot 'n voorvokaal onder invloed van 'n hoë voorvokaal wat in die volgende sillabe voorkom. Die resultate van hierdie proses is nog sigbaar in moderne Duits en ook in Engels, hoewel dit daar nie so opval nie. In Afrikaans en sy taalverwante is dié proses baie lank al dood, maar die vokale in bv. *ken, lê, euwel* . . . het só ontstaan. (Die wisseling van *kan* (die modale hww.) wat in sommige streke *ken* word en *laagte* wat *leegte* word, lyk soos umlaut, maar is dit nie; die omstandighede is nie daarin aanwesig nie.)
4. **Diftongering** is 'n proses waardeur 'n vokaal eers verleng en dan tot tweeklank verander word. Met die stigting van die volksplanting aan die Kaap was so 'n proses in die Nederlande nog aan die gang, waardeur 'n klankvorm
 /ɦus/ eers /hy:s/ en toe /hœys/ = *huis*
 en /'liðən/ eers /'li:dən/ en toe /'ləidən/ = *lijden* = *ly*
 geword het. In Afrikaans is dié proses dood, tensy ons die gedeeltelike verbreding van /o:/ en /e:/ in sommige dele van die land tot /oə/ en eə/ daarmee gelyk wil stel.
5. **Metatesis** is die versprying van 'n konsonant, veral /r/ en /l/, na 'n ander posisie in die woord, gewoonlik óór 'n vokaal. In die volgende pare het ons voorbeelde van woorde wat vroeër één woord was maar met verloop van tyd in verskillende tale en soms in dieselfde taal deur metatesis verander het (terwyl sommige ook nog ander klankveranderinge ondergaan het):

gars	—	gras
bors	—	(Duits) Brust, (Engels) breast
derde	—	(Duits) dritte
kers-	—	Christ(us)
pers	—	(Engels) press
naald	—	(Duits) Nadel

Hulle is almal aanvaarde deel van die taal waarin hulle voorkom. Maar tans kom die versprying nog in Afrikaans voor sonder dat hulle (nou al) as standaard-Afrikaans beskou word:

/pər'be:r/ vir *probeer*
 /fitər'jʊl/ vir *vitriol*
 /pəl'si:r/ vir *plesier*
 /kærk/ vir *kruk*
 /xər'na:t/ vir *granaat*
 /'træksfai/ vir *turksvy*
 /pər'sent/ vir *present*

18.2.2

Klanktoevoeging is die algemene naam vir die verskynsel dat 'n woord in sy ontwikkeling 'n klank vooraan, binne-in of agteraan kan opdoen waar 'n mens dit nie soek nie. In die ontwikkeling van Afrikaans het dit betreklik selde gebeur, en ook tans nog vind ons dié wisseling maar min. Ons kan tog op die volgende wys (en dan moet die terme asseblief vergeef word! In die "goeie ou dae" is hulle gebruik om hoërskoolleerlinge mee vas te vra; ek wil hoop dat hulle vandag nog net vir wetenskaplike onderskeidingsdoelindes gebruik word!) Ons onderskei naamlik na gelang van in watter posisie in die woord die toevoeging voorkom:

1. **Protese** (of: *protesis*) dui op die **voorvoeging** van 'n klank. In die groei van Afrikaans kry ons:

Nederlands *goeden avond* word *goeienaand* en dan *naand*, waar die eerste *n* as protese by *naand* geld, soos die *s* weer in *des avonds* deur *savonds* tot in *saans* bly sit. Dieselfde proses kry ons in: *soggens*, *smôrens*, *snags*.

In ons tyd kry ons nog die wisseling tussen
Dit *raak* my nie. $\neq$ Dit *traak* my nie.

2. **Epentese** is die **invoeging** van 'n klank soos die huidige Afrikaanse woorde

karnallie uit Nederlands *kanalje* uit Frans *canaille*;
eintlik uit *eigenlijk* en
wesentlik uit *wezenlijk*

ontstaan het. In eietydse Afrikaans het ons (naas oorgangsklanke waarna ons in § 18.1.9 gekyk het) die /r/ in *agterlosig* naas *agtelosig*, die /m/ in *pampier* (wat nie aanvaar word nie; *agterlosig* wêl) naas *papier*. Die /r/ in *skierlik* naas *skielik* beskou prof. Kempen as ou Nederlands!

3. **Paragoge** is die **toevoeging** van 'n klank aan die **end** van 'n woord:

oond uit *oven*.

Die -d by (n)*iemand* uit (n)*ieman* is 'n baie ou geval van paragoge. In ons tyd kry ons nog 'n paragogiese -t by *diakent* naas *diaken*, *lakent* naas *laken* en *reken* naas *reken*; geeneen standaard-Afrikaans nie. As die toutologiese uitgange -ter/-der by **liewerster*, **anderster*, **beterder* . . . as paragoge beskou kan word, val hulle ook onder die substandaard-vorme.

18.2.3

Klankverlies of **elisie** het egter 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands; miskien is dit verantwoordelik vir die meeste opvallende verskille. Weer eens onderskei ons tussen posisies: vooraan, binne-in en agteraan.

1. **Prokopee** (of **voorafkapping**) het selde voorgekom. Ons ken eintlik net *spens* uit *dispens* (wat ook nog nie finaal is nie), en miskien *mos* uit *immers*.

2. Sinkopee, wat dui op die uitkapping van 'n klank êrens binne-in die woord, verteenwoordig verreweg die meeste van die veranderings, waaronder:

- (i) die intervokaliëse -d-, soos by

boom uit bodem	leeg uit ledig
weer uit weder	mee uit mede
koue uit koude(n),	maar: koud bly koud!
ou uit oue uit oude,	maar: oud bly oud!
breë uit breede,	maar: breed bly breed!

Waarom het *wrede* tóg sy -d- behou? En waarom kom *vree* (uit *vrede*) in Nederlands wel voor, maar nie in Afrikaans nie (behalwe Jan Celliers se osse wat hulle jukke "tevree" dra)?

- (ii) die intervokaliëse -g- (wat in Nederlands 'n veel "sagter" klank was as in Afrikaans):

Afrikaans	teen	Nederlands	tegen
	weens		wegens
	weë		wegen
	spieël		spiegel
	oë (of ongewysig: oge)		oge(n)

Die gevalle *môre* uit *morgen* en *orrel* uit *orgel* toon die werking van die likwidaal /r/, wat deur sy sterk vokaliëse karakter hier soos 'n vokaal optree.

- (iii) die intervokaliëse -v-, wat in Nederlands stemhebbend was maar tog 'n bietjie van die skuurgeluid van die /f/ behou het: dit het tussen ons /v/ en /f/ gelê:

toor uit	tover(en)
oond	oven
aand	avond
oor	over en orent uit overeind

In ons tyd kom sinkopee veral by die /ə/ in woorde voor, elders egter ook:

definitief	≠ defnitief
porselein	porslein
ramenas	ramnas
terug	trug
gerus	grus (Jy kan grus help.)
kniehalter	knelter

3. Apokopee, agterafkapping, is ook vir baie verskille tussen Afrikaans en Nederlands verantwoordelik, maar hoofsaaklik die verlies van die -t-klank aan die end van woorde, waar die -t en die -d soms wegval na die klanke /f, x, k, p, s/, soos in:

drif	≠ drift
nag	nacht
naak	naakt

stip	stipt
kis	kist
hoof	hoofd
deug	deugd

Dit behels ook die verlies van die -t-uitgang by werkwoorde in die derde persoon enkelvoud in die presens: hy *skryf* uit *schrijft*, en die -d- of -t-uitgang by swak voltooië deelwoorde ook in byvoeglike funksie:

bedroef uit *bedroefd* . . .

Die proses is nie meer aktief nie.

18.3 Sommige verskynsels in verband met foneme

18.3.1

Die studie van die Afrikaanse fonologie sou inhou dat 'n volledige ondersoek na die voorkoms van foneme en hulle samehang ingestel moet word. Dit is gedeeltelik gedoen deur o.a. prof. M. de Villiers en hy doen daarvan verslag in sy *Afrikaanse Klankleer* (eerste druk 1958 en latere verwerkings) waarin hy ook ander ondersoekers aanhaal (o.a. U.L. Badenhorst oor eenlettergrepige simplekse), en waarna ek graag verwys, maar waaruit ek slegs die volgende aanhaal:

- (a) Daar is net ses woorde wat uit 'n enkele foneem bestaan:
u en 'n; *ou*, *ui*, *ooi*, en *eeu*
- (b) Die eensillabige woorde met die meeste foneme het ses; met die patroon:
KKK + V + KK soos *stronk* (altesaam 6 voorbeelde)
of: KK + V + KKK soos *skerts* (altesaam 4 voorbeelde).
- (c) Van die sowat 2 600 sulke eensillabige woorde met 15 patrone, vind ons 1 905 by 4 patrone (waar vokale diftonge insluit); die oorgrote meerderheid dus:
K + V + K : 868 bv. *baan*, *vuïs*
KK + V + K : 602 bv. *blaas*, *bruin*
K + V + KK : 308 bv. *wors*, *veins*
KK + V + KK : 127 bv. *blind*, *skuins*
- (d) As 'n vokaal of diftong op die end van 'n woord voorkom, is dit lank, behalwe die [ə] van die onbeklemtoonde uitgang en in die woorde *se* en *te*, wat kort is.
- (e) Die foneem /ŋ/ kom nie in die anlaut voor nie; die foneme /b, d, v, f, j/ nooit in die auslaut nie (waar anlaut = die eerste foneem in 'n woord, auslaut = die laaste, en inlaut = binne die woord).

18.3.2

By 'n ondersoek soos waarna ons hiervoor verwys het, sal 'n mens ook op allerlei ander verskynsels afkom wat tot interessante vrae lei:

1. As ons die woord *poot* wil sê, tuit ons die mond reeds vóórdat ons die /p/ sê in "voorbereiding" vir die /o:/ wat kom. As ons *pet* wil sê, trek

ons die lippe plat vir die /ε/ nog voor die /p/. Is die /p/ van *poot* dieselfde /p/ as dié van *pet*?

2. As ons sê *kaal* klink die /k/ anders as wanneer ons sê *kies*; die /k/ vir *kaal* word by die sagte verhemelte gemaak en dié vir *kies* hoër op, selfs by die harde verhemelte, sodat dit 'n /c/ word. Is die /k/ by *kaal* en die /c/ by *kies* dieselfde foneem? (Kyk: palatalisasie §18.1.7.)
3. As ons sê *krap*, artikuleer ons die /k/ soos vir *kaal* by die velum. As ons sê *knop* of *klip* word die klank vóór die *n* of die *l* selde as velêre eksplosief gerealiseer. In plaas daarvan dat die velum en agter tong 'n afsluiting maak, maak die plat van die tong 'n afsluiting teen die harde verhemelte soos dit vir die vorming van die /n/ sal lê. Dan, as ons *knop* wil sê, maak die kleintongetjie oop na die neuskanaal toe vir die /n/; as ons *klip* wil sê, maak die tong die opening weerskante teen die bokaak vir die sykklank, die /l/. In plaas van 'n velêre eksplosief /k/, sê ons 'n nasale eksplosief en 'n laterale eksplosief onderskeidelik. Is hulle dieselfde foneem as /k/?
4. Die woord *hand* word uitgespreek /hant/. Die woord *hande* word uitgespreek /'hanə/ of /'hantə/; die woord *handel* word gesê /'hanəl/ of /'handl/ of /'hantəl/; en die woord *handelaar* òf /'handla:r/ of /'handəla:r/ of /'hanəla:r/. Is die /t/ van *hand* en die /d/ van *hande* — waar dit gesê word — dieselfde foneem? En waar daar by /'hanə/ geen eksplosief voorkom nie, en gesien die feit dat ons met dieselfde betekenisdraende taaltekens te doen het — hoe rym ons dit met die begrip “foneem”?
5. In ope sillabes soos by *professie* en *kubiek* sê ons /pro-/ en /ky-/ onderskeidelik. Maar by *prokureur* sê ons /prəkə'rør/. By *teken* sê ons /'te:kən/, maar by *telefoon* /tələ'fo:n/ — en laasgenoemde is geen “Anglisistiese” uitspraak nie, en die een wat die meeste voorkom ondanks die “Uitspraakwoordeboek” — hoe versoen ons dit?

Daar is baie ander probleme, maar bostaande is genoeg om te gebruik om die koers waarin ons die verklaring soek, te toon. **Met behoud van die begrip “foneem”**, probeer ons dit dan só verklaar:

- (a) In gevalle 1, 2 en 3 het ons probleme wat uit **koartikulasie** spruit: die neiging by spraak om komende klanke vooruit te loop. By 1 het ons aangetoon waarom die lipstand by die vorming van die /p/ van *poot* en *pet* verskil — dit is by die lipstand vir die /o:/ en die /ε/ aangepas. Nogtans klink die /p/ in albei gevalle eenders; dit is sonder meer dieselfde **foon** en dieselfde **foneem**. Maar as hulle artikulasiebeweginge en dié van alle fone beskryf moes word, word dit 'n haglike onderneming.
- (b) By die /k/ van *kaal* en *kies* onderskeidelik het ons ook met koartikulasiegevalle te doen — met 'n verskil. By *kaal* en *kies* staan die velêre /k/ en die palatale /c/ in **komplementêre spreiding**; die /c/ tree voor middelhoë tot hoë voorvokale op; die /k/ elders — dus by lae, middel-lae, sentrale en agtervokale.

Opmerking:

Hier is die komplementêre spreiding nie absoluut nie: baie mense sê /k/ ook voor hoë voorvokale: /kis, kør, ke:p, ke:r . . ./ en baie sê wel 'n verskil tussen bv. *harkie*/'harki/ en *hartjie*/'hɑrci/.

Dieselfde (gedeeltelik) komplementêre spreiding kry ons by /h/ en die gepalataliseerde /ɸ/ in die klankvorm /j/ by *hark* /hark/, *hok* /hɔk/ en *hurk* /hœrk/ . . . teenoor *heel* /je:l/, *help* /jelp/ . . .

Interessant dat dit nie voor /i/ plaasvind nie: *hier is nie* */jir/ nie, maar /hir/; *hiet* word nie */jit/ nie, maar is /hit/.

- (c) By *krap*, *knop* en *klip* is die artikulasiebewegings totaal verskillend, die klank (dalk) ook, maar vir die hoorder is dit betekenisvol. As ons die woorde *hardloop* en *klip* in natuurlike konteks sê (soos: Hy hardloop vinnig. en: Hy tel 'n klip op.), merk jy dat die -dl- van *hardloop* en die -kl- van *klip* amper-amper eenders gesê word.

Hier het ons 'n voorbeeld van vrye allofoniese speling ("allophonic free variation"), 'n verskynsel wat 'n taamlike warboel van die begrip foneem maak.

- (d) By *hand* en *hande* het /t/ by /hant/ en /d/ by /'hɑndə/ dieselfde fonemiese waarde, soos /u/ en /oə/ by *boom* in die spraak van verskillende mense. Maar daar is weer 'n verskil: waar /u/ en /oə/ willekeurig of uit gewoonte gebruik word, dus 'n saak van keuse is, móét jy sê /hant/ en nie */hand/ nie; jy kan nie sê */hɑntə/ nie, wel /'hɑndə/ of /'hɑnə/. Nou sê ons dat die fonemiese verskil tussen /t/ en /d/ in hierdie geval **geneutraliseer** is, en sommige fonoloë het die term **argifoneem** ontwerp om 'n soort foneem aan te dui wat aan so 'n **neutralisasie** onderhewig is. (Dan skryf hulle /hant/ en /'hɑndə/ om te sê dat /T, D/ nié die woord se betekenis verander nie.)

- (e) Die verskil tussen *professie* /pro'fesi/, *kubiek* /ky'bik/, en *prokureur* /prøkə'rør/ kry ons ook, effens anders, in *foneties* /fo'netis/ teenoor *fonetiek* /fonə'tik/ waar die vokaal in die tweede sillabe foneties heeltemal verskil. In al die gevalle is die verskil toe te skryf aan die **aksent** in die woord. Na gelang van die sterkte van die aksent, het die vokaal meer of minder van sy besondere kwaliteit; oor die algemeen bring 'n mindere aksent 'n afname in die kwaliteit mee totdat die vokaal tot die sentrale /ə/ verbleek en selfs verdwyn. (§18.1.11).

Saamgevat kan ons sê dat die akoestiese kenmerke van 'n foneem in hoë mate beïnvloed word deur sy posisie, sy buurklanke, die **konteks** waarin dit voorkom. En in die finale instansie is die **woordklank** deurslaggewend: die **geheel** van woord en sin as taalgebruikseenhede staan bo-oor die besondere van akoestiese kenmerke.

18.4 Die fonologie van leenwoorde (Ook §15.12)

Leenwoorde skep 'n lastige probleem op die gebied van die fonologie en die uitspraak. Enkele ontlenings sluit maklik by die Afrikaanse sisteem aan: *krieket*, *tennis*, *Sturm und Drang* . . . Maar wat maak ons met *gentleman*? Ons (in die Suid-Afrikaanse taalsituasie) ken die uitspraak goed; dit skep

nie probleme nie: ons sê hom op sy Engels! Maar as ons dié woord fonologies by Afrikaans wil betrek, moet ons nagenoeg die hele Engelse fonologiese sisteem in die Afrikaanse inkorporeer!

En met *garage*? Ons kan hom nie 'n Afrikaanse uitspraak gee nie; spreek ons hom dus op sy Frans uit (wat min mense kan) of op sy Engels? Sê ons /ga'ra:z/ of /'gæra:dz/? Puriste sê: vervang hom deur *motorhuis* en *motorhawe*.

En *cello*? Met 'n Engelse /œu/?

Heeltemal sonder leenwoorde kan ons nie bly nie; hulle moet noodwendig fonologies geïgnoreer word wanneer ons met Afrikaans besig is.

Hulle uitspraak is iets anders. Daar is 'n tweërlei standpunt: As jy 'n woord nie kan sê nie, moenie probeer nie; vermy hom en gebruik wat jy ken en kan. Maar as jy dan móét, moenie 'n andertaalwoord in 'n Afrikaanse verband op sy Engels uitspreek nie: dis 'n doodseker manier om baie verkeerd te sê! Engels is die enigste taal (in die Wes-Europese groep) met sý uitspraak vir 'n -a- en 'n -o-, 'n -ea- en andere. Spreek die andertaalwoord desnoods op sy Afrikaans uit en jy sal nie tē erg verkeerd loop nie! Maar leenwoorde bly noodhulp en sterk kruie, fonologies gesien.

DEEL 4
SEMANTIEK

SEMANTIEK

Baie lank is die betekenisaspek van taal eintlik sommermaar “aanvaar”; dit was nagenoeg sinoniem met “taal”; dit was die taalgebruik. In ’n mate is dit nog so: wanneer ons van die **grammatiese aanvaarbaarheid**, die **semantiese aanvaarbaarheid** en **ondubbelsinnigheid** as voorvereistes vir die sin/uiting praat, praat ons immers (soos ons gaan probeer aantoon) van die betekenis.

Dit was eers toe taalkundiges sowat anderhalf eeu gelede die betekenis begin skei het van die res van die taal — toe hulle met taalvorme buite of sonder hulle betekenis begin werk het — dat daarvoor ’n vakkie in die kompleks gesoek is. Sedert die Franse taalkundige M. Bréal sowat ’n eeu gelede die naam **semantiek** uit die Griekse woord vir “teken” ontwerp het, het taalkundiges “betekenis” as sodanig begin bestudeer.

Dit beteken nie dat die betekenis van taaleenhede nooit belangstelling uitgelok het nie; intendeel. Dit het altyd mense en ook taalkundiges geïnteresseer, selfs in só ’n mate dat die heftigste stryd deur die eeue heen, sedert Plato, van tyd tot tyd opgevlam het oor die vraag of daar ’n “natuurlike verband” tussen die woord(vorm) en sy betekenis bestaan, soos die “naturaliste” beweer het, en of dit ’n blote toevalligheid, ’n arbitrêre samehang, ’n konvensionele ooreenkoms, was soos die “konvensionaliste” gemeen het.

Vandag stry taalkundiges nie meer daaroor nie. Sedert F. de Saussure meer as ’n halfeeu gelede in die taalteken die tweesydigheid van vorm en betekenis as kenmerke van sy identiteit onderskei het en dit in sy sosiale agtergrond as resultaat van ’n ooreenkoms geplaas het, kan ons dit in duideliker perspektief sien.

19.1 Deursigtige ≠ ondeursigtige woorde

Ons weet nou dat daar woorde is wat bloot op arbitrêre ooreenkoms hulle semantiese waarde het: daar is niks wat meebring dat die betekenis van *mes* en *vrk*, *stoel* en *tafel* of *loop* en *sit* nie omgeruil kan wees nie, behalwe net: hulle is só en nie anders nie. Sulke woorde kan as **ondeursigtige woorde** beskou word.

Maar in baie woorde kan ons ’n sekere “verklaring” van die betekenis sien. Die voor-die-hand-liggendstes is die klanknabootsende woorde soos in: “Die bye *zoem*; die wind *suis*; die vlamme *knetter* . . .”, en name soos *kiewiet*, *kelkiewyn* . . . Nogtans is daar reeds die wese van die taaleenheid aanwesig: dit word só aanvaar, en nie anders nie. Niemand sal sê: “Die bye *zoen; die wind *vuif; die vlamme *knapper . . .” nie. ’n Mens sê: “*Pieriet*, *pieriet* sê die *kiewiet*.” maar nooit: “**Kiewiet*, *kiewiet* sê die *pieriet*.” nie. Hierdie klanknabootsings is nou reeds woorde: hulle het ’n vaste vorm en ’n vaste betekenis en is onveranderlik (t.o.v. moedswillige veranderinge!) ’n Nuwe klanknabootsing kan vir dieselfde klank gemaak word, soos

pieriet hierbo, maar nie om die woord te vervang nie. Hoewel die **woord deursigtig** is en in 'n mate "selfverklarend", is dit 'n woord.

Ander deursigtige woorde kry ons in die komplekse: afleidings en samestellings (naas die voorspelbaarder fleksievorme van dieselfde lekseme) waarby ons reeds die betekenisse van die morfeme "aanvaar". As ons eers die woorde *boom* en *stam* (as ondeursigtige woorde) "beet het", is die betekenis van *boomstam* volkome deursigtig. As "ont-" vir jou beteken "weg, verwyder" en *boesem* is "die setel van jou gemoed", verklaar *ontboesem* hom self as "uit jou gemoed verwyder".

'n Derde soort selfverklaring kry ons veral in metaforiese gebruike: die *voet* van 'n berg, lamp, kelkie . . . uit: 'n mens se *voet*. So ook *oog* (by naald), *oor* (by 'n koppie) en *kop*, *been*, *poot* . . . by allerlei gebruiksartikels. Ook geleentheidsoordragte: "Frik is pure *staal*. Jan is 'n *biltong*. Hy is net *sening*."

19.2 Keuse en betekenis

Dit is 'n basiese noodsaak dat 'n taaleenheid net betekenis het as dit die spreker vry gestaan het om ook iets anders te sê. Ons normale groet-uitings soos *goeiemôre* of net *môre/middag* . . . is voorbeelde van taaluitings waarby ons nie na betekenis soek nie. As ons 'n klompie vriende of familie by mekaar is oor 'n naweek, en op 'n oggend kom Jan teen tienuur eers uit sy slaapkamer te voorskyn terwyl ons ander reeds lankal aan die gang is, sê ons mos vir hom op sy groet, nie ook "*môre*" nie, maar "*middag*". Sy "*môre*" het nie betekenis nie; dis 'n geluid om te kenne te gee dat hy ons "waarneem". Ons "*middag*" het wêl betekenis: ons sê vir hom dat hy darem erg laat eers opstaan! As iemand 'n wilde stelling maak en vir my (in die geselskap) vra "Of hoe?", sal my *swye* (bv.) betekenis hê; of my "ja-a, maar . . ." ook. As ons 'n bekende raakloop en groet, vra ons "Hoe gaan dit?" As die antwoord lui: "Goed." beteken dit (gewoonlik) niks nie. Daarom vra jy gewoonlik gou daarna: "En hoe gaan dit verder?" As hy egter antwoord: "Sleg, man . . ." het dit betekenis: dit wyk af van wat ons eintlik verwag dat hy sou antwoord.

Ons sê dan dat 'n uiting **beduidend** is of betekenis het namate dit as uiting nié aan voorskrif beantwoord nie; namate dit die spreker vry staan om te kies wat hy wil sê. Dit geld ook vir **dele** van uitings.

19.2.1 Groepbetekenis en konvensionele betekenis

In gewone taalgebruik het ons baie groepe wat 'n vaste vorm aangeneem het en waarbinne die afsonderlike dele nie meer aan die keuse van die spreker oorgelaat word nie. Ons het verskeie kere reeds voorbeelde teëgekom:

uit sy "prille jeug"
in die reine bring
'n vergelyk tref
'n geskil bylê
in gebruik neem . . .

In sulke gevalle het 'n hele paar woorde saam eintlik die betekenis van 'n enkele woord, of die gebruik van één woord vereis die gebruik van die ander woord(e) daarby. Hier het ons met **groepbetekenis** te doen.

Daarnaas kry ons 'n klompie vorme wat eintlik net 'n gewoonte (soms 'n swak gewoonte!) geword het:

die Evasgeslag
moeder aarde
sy lagspiere prikkel
huiswaarts keer . . .

Hierdie vorme het blote **konvensionele betekenis**. (§19.9)

19.3 Betekenis op die vlak van die verskillende taaleenhede

Al gebruik ons taaleenhede van watter rang ook al, bly betekenis een kant van die tweesydigheid naas die vorm.

Daarom het elke **sin** betekenis as dit beduidend is, d.w.s. as dit nie een van die reeks pligpleginge is waarna ons in §19.2 verwys het nie. Ons het baie van die semantiese waardes van sinne en dele van sinne reeds in deel I, die sintaksis, bekyk; in §19.3.1 gaan ons die belangrikstes daarvan opsommend behandel.

In die **klous** en die **konstruksie** soek ons ook na beduidendheid op dieselfde manier as in die sin, hoewel dit nie nou om 'n "volledige gedagte" gaan nie. Dieselfde gesigspunte wat ons in §19.3.1 by die sin gaan bekyk, is hier ook ter sake, en ons gaan dit nie herhaal nie. Net een belangrike gesigspunt moet genoem word: by klouse steek daar 'n kernbelang in die skakelende woorde of ander taaleenhede: die voegwoorde, betreklike voornaamwoorde en konjunkte bywoorde, sowel as in die intonasie wanneer dit om die gesproke taal gaan. Dit is redelik uitvoerig in §2.11 en by die onderhawige woordsoorte behandel.

By die **konstruksies** hou 'n mens veral in die gedagte dat onversoenbare begrippe die dood van betekenis inhou: *"jeens die tafel" kom normaalweg nie voor nie; *"die wind staan" is gewoonlik onsin, tensy die konteks dit sinvol maak. In konstruksies met ondergeskikte dele kan juis 'n ongewone of onverwagte sameplasing veelseggend wees:

'n suur glimlaggie, 'n jeugdige oubaas, "n nuwe, ou les" . . .

Om aan die ander end van die reeks te vervat: ons weet dat die **foneem** nie betekenis het nie, maar dat dit 'n rol in die betekenis van bv. woorde speel: as 'n foneem verander, verander of vernietig dit die betekenis van die woord. As ons in die woord *land* /lant/ die /l/ deur /t/ vervang, het ons 'n ander woord *tand* /tant/, terwyl 'n /x/ daar die betekenis tot niet sal maak: */xant/. Daarmee volstaan ons hier.

In die hoofstuk oor die morfologie het ons veral in §15.10.2 op die semantiese waarde van die verskillende soorte **morfeme** ingegaan; ons herhaal dit nie.

Van §19.4 af sal ons die bespreking beperk tot semantiese aspekte van die **woord**.

19.3.1 Sinsemantiek: 'n paar aspekte

Omdat die sin die eenheid van **taalgebruik** is, spreek dit eintlik vanself dat die inhoud wat enige spreker wil oordra, eintlik daarin saamloop: met sy sin kan hy die ondergeskikte semantiese waardes manipuleer om uiteindelik te sê wat hy in die gedagte gehad het. Daarom sê ons dat die inhoud van 'n sin nié maar net gelyk is aan die som van die betekenis van die woorde daarin nie.

Waar ons in hoofstuk 2 met die ontleding van die sin in sinsdele besig was, was die semantiek voortdurend ons uitgangspunt: die betekenis van die werkwoord, wat die sinspatroon bepaal, lê aan die kern daarvan. Die hele begrip van komplemente en die vrye uitbreidings by die predikaat vloei daaruit voort: alles is deel van die sinsemantiek. Hier gaan ons dit nie herhaal nie. Iemand wat dieper daarop wil ingaan, kan die indringende ontleding van prof. Meyer de Villiers in *Die Semantiek van Afrikaans* (H.A.U.M. 1975) naslaan. Ons vat net saam:

A Die struktuur van die sin en hoe hy inmekaarsteek om sinvol die inhoude oor te dra, is deel van die **grammatiese betekenis** wat in 'n mate teenoor die **leksikale betekenis** van veral woorde staan.

B Nog grammatiese semantiese waardes lê in die verskil tussen die sinstipes: die stel- of beweringsin, die vraagsin, die bevelsin (met die versoeksin) en die uitroep (§2.9). Dit verteenwoordig naamlik ook sekere modaliteite, d.w.s. maniere waarop die spreker van die taal optree om inhoude oor te dra of te soek.

C Na gelang van watter onderdeel van die inhoud in die spreker se gees vooropgestel staan, en, saam daarmee natuurlik soms, ook watter onderdele van weinig belang of dalk irrelevant is, kan hy die aktiewe of die passiewe sinsvorm gebruik. Dit is in §7.5 behandel.

D Benewens die genoemde grammatiese tegnieke is daar verskeie ander tegnieke waardeur die sin gebruik word om semantiese waardes oor te dra wat nie sonder meer uit die woordbetekenisse spreek nie. Ons kan sê dat die spreker in dié gevalle (soos die bekende diplomaat sou gesê het) die taal gebruik om sy gedagtes te verberg, maar dan ook nog met ander motiewe: soms wil hy iets beklemtoon, soms dramatiseer, soms kwets, maar altyd het die spreker in hierdie gevalle 'n onderliggende doel wat nie met die "normale" taalgebruik bereik kan word nie. Soos in die volgende tipes:

E Ons het reeds telkemale na die **houding** of attitude van die spreker verwys, en dat hy dit laat blyk deur bv. die volgorde van die sin te verander: die voorplasing vir beklemtoning gebruik, die hoofsaak deur intonasie uitlig, wat dan weer deur leestekens en aksenttekens op skrif aangedui word, deur pousering en herhaling . . .

F Daar is ook mense, soms kunstenaars, soms redenaars en ook demagoë, soms leermeesters en profete, wat die taal kan brei en vorm gee om mooi boodskappe, ewige waarhede, tere emosies, intieme stemminge, temperende spot, bitsige venyn en kwetsende neerhaling oor te dra. Dan kry ons die taal wat "nie sê wat hy sê nie". Dit word

dan beeldspraak of soms stylfigure:

G Die meesgebruikte is seker die **metafoor**, waar een saak deur 'n ander, dalk meer bekende maar veral meer sprekende, voorgestel word om die hoorder (leser) sy eie beeld te laat vorm van wat die spreker wou oordra, soos “die kersie van ons liefde” (N.P.v.W.Louw in “Dat alle liefde . . .” uit *Alleenspraak*) in die konteks van die gedig.

H 'n Opvallende voorbeeld kry ons by die **ironie**, waar die (gewoonlik kwetsende) bedoeling bereik word deur die teenoorgestelde te sê van wat bedoel word, maar tog sodat daar geen twyfel oor die eintlike gedagte bestaan nie:

“Met jou slordigheid het jy nou 'n *mooi* voorbeeld vir die kinders gestel.”

I Daar is nog baie ander stylfigure waarmee die betekenisaspek van taalgebruik die grens van die gewone woordbereik oorskry, soos die hiperbool, die eufemisme, die metonimia . . . Handboeke oor die styl gee daarvan baie voorbeelde en dit vorm deel van die skoolsillabusse.

J 'n Ryk veld vind ons in die idiomieskat van die taal: die “idoom” van die taal: daar steek heelwat waarheid in, die segswyse: dit gaan maar broekskeur, en die spreekwoord: die beste mis is die boer se spoor. Daar is 'n paar “idiomeboeke” in Afrikaans beskikbaar; die taal van kinders en jongmense wemel van segswyses wat sprankel (as 'n mens net versigtig loop vir die invloed van die veral Amerikaanse idioom wat met die “flik” en die “TV” saamkom!)

K Dan is daar 'n wye gebied wat nie gerangskik kan word (sonder 'n veel dieper studie as dié wat ek gemaak het) nie. Daar is bv. die interessante gebruik van negatiewe in Afrikaans:

Vergelyk bv. die volgende sin wanneer iemand dit sê as hy soebat:

“Wil jy my nie help nie?”

teenoor die verwyte:

“Wil jy my nie help nie!”

As iemand sê: “Waar het hy nie oral gereis nie!” sê hy dat “hy” sowat die hele wêreld deurgereis het. Maar as hy vra: “Waar het hy oral gereis?” wil hy maar net die streke se name weet; hy kan daarmee selfs beweer dat die “hy” nog nêrens gereis het nie!

Aspekte van die voorgaande is ook in §14.7.2 behandel.

19.4 Leksikale en grammatiese betekenis by woorde

Ons het in §19.2 van **keuse** gepraat, d.w.s. die moontlikheid om uit 'n paradigma, 'n reeks alternatiewe, te kies. 'n Eerste onderskeiding tussen leksikale en grammatiese betekeniseneenhede sluit hierby aan: by leksikale eenhede het ons met die sg. **ope** soorte te doen, dié soorte woorde waar daar 'n groot reeks alternatiewe bestaan, soos by die selfstandige en byvoeglike naamwoorde, die werkwoorde en bywoorde. By hulle kan ons meestal die betekenis “uitwys” (vgl. §19.5) of anders identifiseer. Die **geslote** woordsoorte het meestal nie so 'n uitwysbare betekenis nie; hulle vorm klein, beperkte groepe en toon weinig keusemoontlikhede indien enige: die para-

digma is klein. Dit behels die persoonlike, besitlike, wederkerende e.a. voornaamwoorde, die hulpwerkwoorde, die voorsetsels in “idiomatiese gebruik” en voegwoorde. Dit behels ook die semantiese waardes van die meeste gebonde morfeme; hulle betekenis is dikwels bloot ’n grammatiese funksie.

Nou moet ons egter nie aanvaar dat ’n sekere woord (sê maar) leksikale betekenis het en dus nie grammatiese betekenis kan hê, of andersom, nie. Dit is naamlik die verskil in hulle leksikale betekenis wat die keuse tussen bv. *boom* en *baadjie* bepaal, maar dit is die grammatiese betekenis wat die keuse tussen *boom* en *bome* of tussen *boom* en *loop* bepaal. Dit is die leksikale betekenis wat die keuse tussen “op die tafel” en “langs die tafel” meebring, maar in “reken op jou hulp” het “op” net grammatiese betekenis. “Het” as hulpwerkwoord het net ’n grammatiese betekenis; “kan” en “moet” het sowel leksikale as grammatiese betekenis. Ons sal in §19.9 na die sintagmatiese samehang tussen woorde kyk wat soms op hulle leksikale betekenis maar soms op blote tradisionele samehang berus.

Met al die genoemde aspekte in die gedagte is ’n definisie van **betekenis** nie maklik nie. John Lyons sê: “. . . die semantiek probeer die mate van eenvormigheid in die ‘gebruik’ van die taal verklaar waardeur normale kommunikasie moontlik word.” Reichling sê dat betekenis dit is “wat jy in die woord dink”.

As ons van Ferdinand de Saussure se beskrywing van die tweesydigheid van die taalteken uitgaan en teweens weet dat dié twee, vorm en betekenis, nie geskei kan word nie, is dit voldoende om te begryp dat die betekenis dit is wat saam met die vorm die identiteit van die taalteken, die taaleenheid, bepaal; dit wat nié vorm is nie, maar alleen deur die vorm kenbaar word.

19.5 “Verwysing” en “sin”

Omdat betekenis is wat dit is, verloop die soek na ’n formulering maklik in subjektiewe bespiegeling; dit raak met die sielkunde en die filosofie verstrengel. Dit wil ons nie: die moderne beskouing wil van elke aspek van die taalkunde ’n empiriese wetenskap maak. En die enigste vorm waaroor ons empiriese beheer het, is die daaglikse **gebruik** van die taal. Hierdie **gebruik** van die taal veronderstel die gebruik in uitings, d.w.s. nie as geïsoleerde woorde nie, maar, soos alle spraak, soos dit in die natuurlike plasing voorkom wat ons **konteks** noem. Ons moet hier daaraan herinner dat elke taaluiting vanuit ’n sekere situasie gemaak word, ’n situasie waarin die spreker sentraal staan. Ons weet dat sekere deiktiese elemente tot die oriëntering bydra (§1.7). Hierdie situasie is deel van die **konteks**, en dit sluit ook buitetaalse konteks in, soos ruimtelike en tydverband.

Dan is dit belangrik dat ons raaksien dat die onderskeie woorde nie ’n “begrip” benoem nie; in daardie geval sou ’n konteks nie nodig gewees het nie. Ons sê liever dat ’n woord na iets **verwys**. Hierdie verwysing kan ook **uitwysing** wees, wanneer jy na ’n konkrete iets kan wys om te toon wat die bepaalde woord beteken: *pen, boek, huis* . . .

Maar ook wanneer iets nie konkreet bestaan nie, is daar allerlei waarmee uitgewys kan word dat dit tóg (andersins as konkreet) bestaan: “deur sy *vrygewigheid* het ek die skaars plant bekom”. Hoewel ons nie na *vrygewigheid* kan wys nie, bestaan dit andersins uitwysbaar. Só dan word deur woorde na allerlei nie-konkrete dinge ook verwys.

Ook deur van bekende verwante woorde gebruik te maak, kan ’n nie-uitwysbare betekenis (van ’n woord bv.) gedefinieer word: “’n *jas* is ’n *kledingstuk* wat bo-oor die ander klere aangetrek word.” Deur van die bekende betekenis van *kledingstuk* gebruik te maak, word *jas* gedefinieer, en sy betekenis só uitgewys.

Vergelyk nou:

- A Die *ambisieuse* jongman werk hard vir sy maatskappy.
- B So ’n *ambisieuse* politikus laat nie vriendskap in sy pad staan nie.
- C Of hulle genoeg kapitaal vir so ’n *ambisieuse* onderneming het, is ’n vraag.

In die drie sinne het *ambisieus* dieselfde betekenis, ongeveer “met groot ideale besiel”. Maar dis duidelik dat die spreker telkens iets anders in die gedagte het: in A gebruik hy die woord in die sin van “met mooi ideale vir vooruitgang”; in B in die sin van “vooruitstrewend tot elke prys” en in C in die sin van “miskien te groot vir die beskikbare kragte”.

Dit hang dus af van in watter sin ons ’n woord gebruik: *sin* is hier nie die grammatiese term vir die Engels “sentence” of Duits “Satz” nie, maar dit hang saam met die begrip “betekenis”, Engels “sense” en Duits “Sinn”; in Afrikaans het ons dieselfde “sin” in “onsin, sinvol, sinryk”.

Dit is nie dieselfde as “verskillende betekenis van dieselfde woord (vorm)” nie; ons behandel dit onder homonimie; dit is ook nie polisemie (sien daar) nie. Die *sin* waarin ons (sê) ’n woord gebruik, word bepaal deur die *verhouding* tussen die verskillende (leksikale inhoude van die) woorde in ’n uiting, en is nie, soos die *verwysing*, betreklik konstant en op homself aangewese nie.

Ons kan dit ook toets in:

’n *dapper* soldaat (wat hom dus bv. op die slagveld onderskei),

’n *dapper* daad (wat dus van dapperheid by die doener getuig),

’n *dapper* besluit (wat van ’n vaste, grootse voorneme getuig),

’n *dapper* moeder (wat ondanks teenspoed bv. vir haar kinders sorg) en dergelike meer. Elke woord (behalwe miskien sommige presies gedefinieerde natuurwetenskaplike terme) word in betekenis deur die *sin* waarin hulle gebruik word, beïnvloed.

Die *betekenis* van ’n woord is dus dit waarna die woord *verwys* en dit word beïnvloed deur die *sin* waarin dit voorkom. Dit is dus nie waar dat ’n woord se betekenis “presies” aangegee kan word nie; dit is ook nie nodig nie. In aansluiting by die gedagte oor *konteks* en *sin* waarin ’n taaluiting of ’n woord gebruik word, nog dit: die spreker is hom meestal glad nie bewus van enige ander sin waarin dit ook kan voorkom nie, d.w.s. nie terwyl hy dit in één sin gebruik nie. Dieselfde waarheid geld ook by polisemiese en homonimiese woorde: vir die spreker het die woord *op daardie oomblik*

waarskynlik net één betekenis. (Daarop berus die hele trefkrag van die woordspeling!)

19.6 Hiërargie in woordbetekenis

Sommige woorde se **verwysing** is enger as dié van ander woorde; ons het reeds *jas* en *kledingstuk* gehad. Van hierdie feit word dikwels by die definiëring van 'n woord gebruik gemaak; dit is heel natuurlik dat die enger betekenis dadelik in 'n omgrensde veld geplaas kan word deur dit binne 'n bekende, wyer woordbetekenis te plaas:

Samestelling is 'n wyse van *woordvorming* . . .

'n *Kwal* is 'n *weekdier* . . .

Buideldiere is *soogdiere* . . .

Daar is natuurlik soms hele enger of wyer wordende reekse moontlik:

hen — hoender — pluimvee — voël — werweldier . . .

In hierdie samehang gebruik ons vir die woord met die **wyer** betekenis die term **superordonaat**; die **enger** betekenis kry ons in die **subordinaat** (as ons die terme nodig vind).

Die feit van sulke hiërargiese reekse betekenise van self dat elke woord in betekenise binne dieselfde **veld** as ander lê. Hierdie **betekenisvelde** kan van velerlei aard wees:

hen — haan

hen — kuikens

hen — makouwyfie, eendwyfie, ooi, koei, merrie (. . .)

hen — hok — skrop — veer — kam — bel — kloek — kekkel (. . .)

Terloops, 'n interessante feit wat uit ondersoeke op hierdie gebied aan die lig gekom het, is dat verskillende tale die “grense” tussen verwante begrippe binne 'n reeks soms anders stel. Ons aanvaar dat historiese, kulturele en sosiologiese invloede binne verskillende taalgemeenskappe 'n invloed hierop uitoefen. Voorbeelde hiervan, heel op die oppervlak, vind ons bv. in die feit dat Engels 'n “father-, mother-, sister-, brother-in-law” het, terwyl Afrikaans 'n “skoonpa, -ma, -suster” maar 'n “swaer” het; Engels het “nephew, niece, cousin” terwyl Afrikaans net “neef, niggie” het.

Opmerking:

In aansluiting hierby ontleed taalkundiges wat binne die raamwerk van die TGG werk, tans die betekenise van woorde en ander taaleenhede in “komponente” wat uit die wyer velde gekies is en sekere sintaktiese of ander vormlike kenmerke het, waardeur die betekenisstruktuur opgebou word. Die tegniek sluit weer by die fonologiese ontleding in “onderskeidende kenmerke” aan. Bv. omdat *seun* kan *loop* (maar nie kan *vloei* of *vlieg* nie) en die betr. vnw. *wie* in 'n konstruksie met 'n voorsetsel vereis (*van wie* en nie *waarvan* nie) word *seun* ontleed in (sê maar) + **menslik**, + **manlik**, -**volwasse**

In die volgende paragrafe gaan ons na betekenisvelde uit verskillende hoeke uit kyk. Eerstens kyk ons na fasette van “betekenisverskuiwings” by dieselfde woord, §19.7; dan na betekenisvelde waarin woorde in **paradigma-**

tiese **verhouding** tot mekaar staan, §19.8; en ten slotte na betekenisvelde waarin die woorde in **sintagmatiese verhouding** tot mekaar staan, §19.9. Telkens sal ons slegs probeer aantoon watter verbande daar moontlik is sonder om baie helder grense te trek; die voorbeelde kan die student self onbeperk aanvul uit woordeboeke. Trouens, die gebied van die woordbetekenis in die vorm van definisie of by wyse van vertaling, is die gebied wat gewoonlik die volledigste opgeteken is in 'n taal se woordeboeke, waarheen ons dan ook die student verwys.

19.7 Dieselfde woordvorm met betekenisaanpassings

19.7.1 Woorde: hulle beteken en noem

Ons weet nou dat 'n woord na iets **verwys**, maar dat die betekenis ook afhanklik is van die **sin** waarin dit gebruik word. Dit is moontlik dat die woord se betekenis ondubbelsinnig gedefinieer kan word, maar dat dit verskeie — en soms sterk verskillende dinge — kan **noem**. Dit kan ons die maklikste illustreer met 'n selfstandige naamwoord soos bv. *dop* waarvan die *Kernwoordeboek van Afrikaans* die basiese betekenis gee as “harde, stywe omhulsel wat iets geheel of gedeeltelik bedek”. Dit word egter gebruik om sulke uiteenlopende, ongelyksoortige dinge te **noem** soos die *dop* van 'n *skilpad*, *bom*, *eier*, *erijie(s)*, *neut*, *vulpen*, *petroltenk*, *akker*, *motornaaf*, *druiwekorrel*, *krap*, *toktokkie*, *beeshoring* . . .”, maar by almal beteken dit nog die “omhulsel”, alhoewel dit soms al erg “gerek” moet word (*petroltenk*, *motornaaf*, *vulpen* . . .).

Toets dit by *huis(ie)* in verband met *woning*, by 'n *bril*, by 'n *lemoen*, *parlement*, *handelsaak*, (*konings*=) *geslag*, *sade*, *skulp* . . . en *skroef* waarmee jy dinge *vasskroef*, *vasklamp*, *vliegtuie voortdryf* . . .

Ook by ander woordklasse kom dit voor: Hy *dra*:- 'n *tas*, sy hare *middelpaadjie*, 'n *safaripak*, groot verantwoordelikhede, sy *jare goed* Ons hoor van 'n *harde* mineraal, 'n *harde* baas, 'n *harde* oordeel, 'n *harde* werker, 'n *harde* werk, 'n *harde* hou/slag . . .

Hoe uiteenlopend die gebruike is, merk ons eers as ons 'n parafrase probeer maak van die uitdrukking waarin dit voorkom; nietemin het ons m.i. in die voorbeelde altyd nog by elke groep met **dieselfde woord in dieselfde betekenis** te doen; dit is net die **noemfunksie** wat **verskil**.

19.7.2 Primêre en sekondêre betekenis

Iemand wat wil, sal kan vasstel watter van die verskillende noemfunksies van 'n woord die oudste (bekende) is, en ook by baie ander woorde is dit sonder meer duidelik watter gebruik die “oorspronklike” is, wat ons die **primêre** betekenis kan noem. Dis redelik veilig om aan te neem dat die oervorm van *voet* primêr die liggaamsdeel van 'n mens *aangedui* het, en dat die gebruik by *berg*, 'n *naaimasjien*, *drinkglas*, *lamp*, *brief* . . . sekondêre ontwikkelinge is.

Op dieselfde wyse sal *hoog* seker primêr 'n fisieke groot afstand bokant die grond gewees het soos by *hoë boom*, en *hoë ideale*, *hoë mense* . . . is sekondêr. *Speel* soos kinders dit bedryf, is seker primêr, en die toepassings .

by *klavier, viool, rugby, tennis* sekondêr. *Dop* in die betekenis “sopie” is ook sekondêr by dié onder §19.7.1 (tensy daar ’n verband met die Suid-Nederlandse woord bestaan).

Sinchronies gesien is dit van geen belang watter primêre en watter sekondêre betekenis is nie; almal is ewe geldig. Die *etimologie* hou hom met die studie van die ontwikkeling van woordvorme en woordbetekenis besig.

19.7.3 *Betekenisoordrag*

Verskeie van die pasgenoemde betekenisaanpassings het hulle oorsprong in die vorme van oordrag wat ons ook as beeldspraak ken, veral die metafoor en die personifikasie. Dit verklaar die verskeidenheid van noemfunksies van *voet*; op dieselfde manier is *oor* oorgedra na ’n *beker, koppie* . . . Ook begrippe soos by ’n *horlosie* wat *staan* of *loop*, ’n *boek* wat *lê*, ’n volwasse *mens* is *ryp*, ’n *swaar taak* . . .

Gevalle soos die bogenoemde, wat meestal reeds gevestigde gebuike van die betrokke woorde is, word in woordeboeke opgeneem, maar alle digters en ander skrywers maak voortdurend sulke oordragte vir die behoefte van die oomblik, in só ’n mate dat dit nie in die semantiek beskryf kan word nie, hoewel daaraan tog perke is. (Ook §19.3.1)

19.7.4 *Oornoeming*

Ook hierdie vorm van betekenisverskuiwing hang met beeldspraak saam; waar één kenmerk van ’n saak as brug dien om dié saak se naam te gebruik om ’n heeltemal ander saak te benoem:

Omdat altwee bokant toemaak, noem ons ’n *hoed* ’n *dakkie*.

Omdat ons op albei kan ry, is ’n *fiets* ’n *ysterperd*.

Ons sê ’n materiaal vir klere is *appelkoos* of *pruim* omdat dit die kleur van die vrug het.

Die swaar motor *suip* petrol; en die komkuiermeisietjie *pik* net aan die kos!

’n *Moedswillige* windjie word soms deur ’n *genadige* reëntjie gevolg

. . .

19.7.5 *Individuele betekenis*

Hiermee is geen rekening te hou in die semantiek nie; dit bring ons op die gebied van die idiolek: waar ’n besondere omstandigheid veroorsaak dat ’n sekere persoon aan ’n bepaalde woord/begrip ’n assosiasie knoop wat van die “gewone” ingrypend afwyk. ’n Mens dink aan besondere ongelukke of vreugdes. Maar ietwat meer algemeen: iemand wat op Stellenbosch of in die Tuine in Kaapstad e.a. grootgeword het, móét aan die woord *akkerboom* ’n betekenis knoop wat iemand op Sasolburg nie kan nie. *Sneeu* vir iemand van Dordrecht en *kapok* vir een uit die Sneeuberge is iets anders as vir ’n Swartlander. Hierby sluit *gevoelswaardes* aan, waaroor ons onder *sinonimie* praat.

19.7.6 Polisemie en homonimie

Die voorafgaande (§19.7.1 — 5) hou verband met die begrip **polisemie**, waaronder ons verstaan dat 'n woord **veelduidig** kan wees, dat dit in meer as een **sin** gebruik kan word, dat dit verskillende sake (kenmerke, handeling) kan **noem**, maar altyd nog binne dieselfde betekenis. Anders — so gou soos dit 'n ander betekenis het — is dit 'n ander woord, en sulke pare (of groepe) word dan **homonieme** genoem.

In die sintaksis en die morfologie het ons al verskeie kere na aspekte hiervan verwys. Kom ons probeer dit orden:

(a) Ons kan sê:

Die son se *lig* maak plantegroei moontlik.

Gee pad; jy staan in my *lig*.

Ek het heelwat nuwe *lig* op die saak gekry.

Dit is duidelik dat *lig* hier telkens iets anders **noem**, onderskeidelik: 'n fisiese iets wat deur die son uitgestraal word; iets wat teenoor “duister-nis” staan en waarin ek kan sien; “duidelikheid”. Omdat *lig* egter klaarblyklik semanties met mekaar verband hou en telkens net in 'n ander **sin** gebruik word, het ons dieselfde woord wat verskillende dinge noem — 'n geval van **polisemie**.

(b) Vergelyk daarmee:

Die son se *lig* is baie skerp.

Die waarheid kom aan die *lig*.

Hy stel die gebeure in die regte *lig*.

Die *lig* hang in die middel van die kamer.

Hier, hoewel nog in dieselfde semantiese veld, beteken die eerste *lig* “helderheid”, die tweede *lig* is “openbaarheid, bekendheid”, die derde *lig* beteken “perspektief, verhouding”, en die vierde *lig* is 'n “lamp”; die laaste drie sekondêre betekenisne wat uit die eerste ontwikkel het. Hier het ons ook met **polisemie** te doen; hier is die woord *lig* **polisemies**.

(c) Kom ons by:

Daar is net een *lig* in die vertrek.

Sy *lig* met die flits waar ek soek.

Die sonnige vertrek is baie *lig*.

word dit moeiliker. Dit is klaarblyklik nog altyd binne dieselfde betekenisveld en 'n mens sou dadelik ook hierdie gebruike as “dieselfde woord” wil klassifiseer. Maar as ons die sinne wysig dat die paradigma van *lig* telkens voorkom, lyk dit dalk só:

Daar is genoeg *ligte* in die vertrek.

Sy *het* met die flits *gelig* waar ek soek.

Die sonnige vertrek is *ligter* as die een wat suid kyk.

Nou is *ligte*, (*het*) *geligen* *ligter* nie meer (vorme van) dieselfde lekseem nie; telkens het hulle verskillende **funksies**, behoort hulle tot verskillende **woordsoorte**; hulle word telkens verskillend verbuig; hulle het dus verskillende grammatiese betekenisne. Prof. M. de Villiers noem hulle **grammatiese homonieme**; ons het met transposisie te doen.

(d) Vergelyk nou:

A Die vertrek is *lig* en helder.

B Kurk is baie *lig*.

Telkens het *lig* 'n ander betekenis uit 'n ander semantiese veld; hulle is inderdaad ook histories verskillende woorde (vgl. Duits *licht/leicht*). In sulke gevalle praat ons van **homonieme**: woorde met verskillende betekenisse (en herkoms en soms grammatiese funksies), maar (toeval-*lig*) eenderse vorm.

In 'n ander funksie is *lig* in

C Sy *lig* met die flits.

en D Hy *lig* sy hoed.

ook homonieme. Hierby moet ons in gedagte hou dat ons van **klank-**vorm praat; die spelling hou meestal met die klankvorm verband, vandaar dan die eenderse skryfwyse. Wanneer die skryfwyse tog verskil; bv. by: vyl, veil, feil e.a., word soms van **homofone** gepraat. Fonologies gesien is hulle dieselfde as homonieme.

As sulke eendersluidende maar betekenisverskillende woorde ook tot verskillende woordklasse behoort (*by* vir die insek en as voorsetsel, *kan* — modale hww. en houer vir koffie, *voor* — voorsetsel en sloot . . .) onderskei sommige grammatici verder (waarop ons nie ingaan nie).

Ons moet in gedagte hou dat ons met homonieme (dikwels dalk) op 'n ontwikkelingstrap in die taal te staan gekom het waarvandaan dié ontwikkeling dalk kan voortgaan. Iets daarvan sien ons in die twee woorde *kan* vir koffie, wat uit die Nederlands *kan* kom, en die hulpww. *kan* van Nederlands *kan* uit *kunnen*. In Afrikaans word die tweede woord in sommige streke dikwels /kən/, maar die eerste bly altyd /kan/.

Dit is duidelik dat homonieme kan ontstaan uit taamlik normale klankwysigende prosesse, soos *boom* uit Nederlands *boom* en *bodem* onderskeidelik. Ander kom deur ontlening wat toevallig eendersklinkende woorde tot gevolg het, soos *bank* wat enersyds in sy ou Germaanse betekenis “wal, rif” as “sitplek” behou is ook in Afrikaans, en andersyds via Nederlands uit Italiaans *banca/banco*, vir “geldinstelling”. Italiaans het dit oorspronklik uit die Germaans geleen, en langs die weg van geldwisselaarstafel het dit dié betekenis gekry en is so teruggeleen. Ander interessante gevalle is o.a. *mat*: die betekenis “vloerbedekking” stam uit Latyn *matta*; die betekenis “moeg” uit Oud-Frans *mat* = “magteloos”; die betekenis “dof” uit Frans *mat* van 'n werkwoord *matir* (= “verwelk”), en in die woord *skaakmat* via Frans en Spaans uit Arabies *sjah mat* (= “die koning is dood”).

- (e) 'n Verskynsel wat miskien die beste as “betekenisverdwyning” aangedui kan word, kry ons by die “geïsoleerde taaleenhede” wat soos woorde lyk, maar geen betekenis het buite die vaste groep waarin hulle voorkom nie, soos *loef* in “iemand die loef afsteek”, *gewag* in “gewag maak” en *hart* en *riem* in “'n riem onder die hart steek/wees”. Ons

noem dié groepe weer later.

Uit die gesigspunt van die semantiek gesien, word die verskynsel **polisemie** as onvermydelik in die taal aanvaar: die taalgebruik bring mee dat dieselfde taalvorm met dieselfde betekenis telkens in 'n ander sin ("sense") voorkom. Daarenteen is dit goed moontlik dat 'n taal sonder **homonieme** kan bestaan, hoewel ons ook dié verskynsel in alle verwante tale aantref.

Samevattend dus: By (amper?) alle woorde is daar 'n speling in die betekenis waarby ons nogtans van **dieselfde woord** praat. Daarnaas kan ons homonieme kry waar die **vorm** van die woorde eenders lyk, maar waar ons met verskillende woorde te doen het.

19.8 Betekenisvelde met paradigmatische verhoudings

Woorde met uiteenlopende vorme en soms uiteenlopende betekenis, lê ook op 'n ander maniere binne dieselfde betekenisveld.

19.8.1 *Sinonimie*

Die voor-die-hand-liggendste betekenisverwantskappe kry ons waar woorde "dieselfde" beteken: as iemand van sy *pa* of sy *vader* praat, noem hy dieselfde persoon. Nou weet ons dat slegs weinige woorde, indien enige, in elke sin van hulle moontlike gebruike dieselfde waarde het; daarvoor werk die taal te spaarsaam. Maar daarom word soms beweer dat daar nie werklik sinonieme bestaan nie.

Vir ons doel aanvaar ons die bestaan van sinonieme woorde, en bedoel dan dat twee (of meer) woorde (of ander taaleenhede) mekaar in 'n sin kan vervang só dat die betekenis van die sin dieselfde bly.

Dan weet ons van dié genoemde seldsame gevalle waar woorde volkome sinoniem is (onderhewig aan individuele aanvoeling — §19.7.5) soos by *bemiddelde*, *gegoede*, *welgestelde* en miskien ook *vermoënde*, almal in die betekenis "taamlik ryk".

Daarnaas het ons groepe woorde wat in één (of meer) van hulle betekenis of noemfunksies sinoniem is:

In Suid-Afrika woon niemand van Jan van Riebeeck se *geslag/nakomelingskap* nie.

Mense van die ouer *geslag/generasie* is meestal behoudender as die jongeres.

Vandag is die vrou glad nie meer die swakker *geslag/seks* nie.

Baie skrywers teer op sommige mense se beheptheid met *geslag/seks*. Noag het mos 'n paar diere van elke *geslag/soort* saamgeneem in die ark.

Twee soorte hiënas behoort tot die *geslag/genus* *Hyaena*.

In hierdie geval van *geslag* het ons ses verskillende noemfunksies met telkens 'n ander sinoniem; en boonop heeltemal ontwyfelbaar, m.a.w. hierby speel eie aanvoeling nagenoeg geen rol nie. Naastenby dieselfde kry ons by *gesond* in:

Hy voel nou heeltemal *gesond*. (= nie siek nie)
 Hy het nou sy *gesonde* been ook beseer. (= nie gebreklik nie)
 Die Karoo het 'n *gesonde* klimaat. (= weldadig)
 Gee jou kinders *gesonde* vermaak. (= nie verderflik nie)
 Hy het genoeg *gesonde* verstand. (= stewige, ewewigtige)
 Oor só 'n boek swyg 'n resesent met *gesonde* smaak liewer. (= onbedorwe, suiwer)

So ook sinonieme van *gesig* in:

sy *gesig* was (= gelaat); *gesig(te)* trek (= skewebek); by die eerste *gesig* (= aanblik); 'n swak *gesig* (= sienvermoë); uit die *gesig* verloor (= sienafstand); 'n pragtige *gesig* oor die vallei (= uitsig); 'n onvergeetlike *gesig* (= toneel); 'n *gesig* sien (= visioen) . . .

Of kyk na die werkwoord *smoor* in:

in die bloed *smoor* (= stik, verstik); in die rook *smoor* (= nie asem kry nie); 'n vuur *smoor* (= smeul); (op 'n warm dag) *smoor*; vis of vleis *smoor* (= stadig gaar maak); jou gewete *smoor* (= onderdruk); radiuitsendings *smoor* (= belemmer) . . .

In bogenoemde voorbeelde kry ons meteens voorbeelde van die baie noemfunksies van die betrokke woorde, en soms ook gevalle van polisie. Van dié verskynsel is die taalgebruik vol.

'n Derde tipe sinonieme groep is dié waar ons bloot om die *stylaard* van die bepaalde geval 'n sekere woord eerder as sy *stilistiese sinoniem* verkies:

Die verlore seun sal opstaan en na sy *vader* gaan (nie sy *pa* of sy *oukêrel* nie); ons dink aan die *volksmoeders* (en nie *mammies* nie); haar beeldskone *gelaat* (en nie *smoel* nie); die vrou probeer die kroon op haar man se *hoof* hou (en nie op sy *harspan* nie); ons sê 'n dier het 'n *bek* en 'n *poot* en hy *vrek* as hy gif *vreet* — 'n mens het 'n *mond* en 'n *voet/hand*, en hy *sterfas* hy gif *eet* . . . Vir ons ouer mense was *lieg* 'n lelike woord, iemand *jok* liewer! Vandag nog wil sommige mense nie iets *vat* nie: jy *neem* dit; vrugte is miskien *sleg* maar tog nie *vrot* nie; daar is dalk *onsuiwer* in, maar nie *wurms* nie! Jy moet oppas vir die *weerlig* tydens *swaarwêér*; *bliksem* en *donderweer* word vir grootmense gereserveer; iemand *vloek* nie, hy *praat lelik*; om iemand te *kul* is nie so *sleg* soos om hom te *bedrieg* of te *verneuk* nie . . .

Hierby sluit die “kanselarytaal” of amptenaretaal en die joernalistieke gebruike aan:

'n saak *geniet aandag* = word voorlopig opsygesit vir latere behandeling; mense *tree in die huwelik* of *word in die eg verbind* eerder as *trou*; hulle *lê besoek af* i.p.v. *besoek*; iets *is 'n toeristeaattraksie* i.p.v. dit *lok besoekers* . . .

By 'n vierde groep is daar inderdaad 'n verskil in *gevoelswaarde*; sommige woorde noem nie net iets nie, dit sluit 'n waardeoordeel in of gee die spreker se houding of gesindheid daarteenoor gelyktydig:

'n *Brak* is 'n *hond* sonder status, 'n *baster*.

'n *Knol* is 'n afgeleefde, ellendige *perd*.

'n *Tjor* is 'n rammelrige *motor*.

Die grense is hier nie altyd duidelik nie en die waardes loop maklik deurmekaar:

jy hou jou nie met daardie soort *vrou* op nie, maar jy betoon agting aan 'n *dame*, hoewel die moeder Maria 'n geseënde *vrou* (nie *dame* nie) was.

Hieronder val groepe soos:

man, heer, vent, kêrel, ou . . .

gesig, fisionomie, gelaat, smoel, gevreet, tronie, bakkies, aangesig

. . .

voorwendsel, verskoning, dekmantel, uitvlug, smoesie, ekskusie . . .

kla, pruttel, mopper, neul, löl, tjommel . . .

vertoef, versuim, talm, draai, draal, dreutel, slenter, treusel . . .

werk, arbei, swoeg, sloof, jou afbeul . . .

warm, drukkend, benouend, bedompig, swoel, soel . . .

guur, onguur, snerpend, triestig, onstuimig . . .

toiings, flarde, slierte, snippers, flenters . . .

En hoe onderskei ons tussen:

'n els, priem, bros, boor?

gru, ril, gril, ys, griesel, huiwer, sidder?

loop, stap, wandel?

treurig, tragies, triestig?

19.8.2 Antonimie

Ook hier het ons maar 'n beperkte groep woorde wat lynreg teenoor mekaar staan in betekenis; *antonieme* is naamlik woorde wat (in 'n sekere sin) in betekenis teenoorgesteld is.

In sy absolute konsekwensie vereis só 'n stelling dat as die een woord ontken word, dit moet beteken dat die teenoorgestelde waar word. Dit geld slegs in seldsame gevalle: in Afrikaans dikwels waar die premorfeem *on-*gebruik word, soos in

Iemand wat nie *gelukkig* is nie, is *ongelukkig*.

Iets wat nie *dubbelsinnig* is nie, is *ondubbelsinnig*.

Iets wat nie *gewoon* is nie, is *ongewoon*.

Maar ook:

Iemand wat nie *manlik* is nie, is *vroulik*.

As iets nie in die *enkelvoud* voorkom nie, is dit in die *meervoud*.

Daar is ook 'n soort teenoorstaande begrip wat alleen *deels* geldig is: net as Jan die *broer* is van Tina, is Tina die *suster* van Jan; so ook met *man* en *vrou*.

In die meeste gevalle van teenoorgesteldes, is die werklik teenoorgestelde nie die enigste betekenismoontlikhede nie: alle mense is nie net *of groot of klein* nie; nie net *of lelik of mooi* nie. Hierby merk ons dan meteens die verskynsel dat ons, wanneer ons bv. sulke byvoeglike naamwoorde gebruik, by implikasie 'n vergrotende trap (van vergelyking) gebruik, so:

As ons sê: "Jan is 'n *groot* kêrel". is daar geen algemeen aanvaarde norm wat bepaal dat as iemand só of só 'n lengte bereik, hy *groot* genoem kan

word, en daarònder is hy *klein* nie. Met só 'n sin bedoel ons: "Jan is **groter** as die gemiddelde kêrel."

Iemand of iets kan dus *groot* wees aan die een punt, *klein* aan die ander ent, en 'n wye veld van onbepaaldheid lê tussenin. Eienaardig dat ons nie in die taal — alle tale — "tusseninterme" het nie; selfs "middelmatic" beteken "swak" as dit op die tussenstadium dui. Ons vra ook altyd met 'n positiewe term uit: "Hoe *groot* is dit?" en nie: "Hoe klein is dit?" nie. So ook: "Hoe *oud*, *sterk*, *ver* . . . is dit?"

Ons moet dus hierby onthou: as ons sê "A is *groot*," beteken dit "A is nie klein nie." Maar as ons sê: "A is nie *klein* nie", beteken dit nie "A is groot" nie; A kan maar net die gemiddelde ook wees.

Tog is die groot veld van antonieme van hierdie soort:

sterk — swak	oud — jonk
wild — mak	treurig — vrolik . . .

Die sin waarin 'n woord gebruik word, sal meestal gedeeltelik die antoniem bepaal:

'n <i>flou</i> stem	≠	'n <i>helder</i> stem
'n <i>flou</i> liggie	≠	'n <i>sterk</i> , <i>helder</i> lig
<i>flou</i> koffie	≠	<i>sterk</i> koffie
'n <i>flou</i> grap	≠	'n <i>smaaklike</i> , <i>goeie</i> grap
'n <i>flou</i> poging	≠	'n <i>ywerige</i> , <i>geesdriftige</i> poging

19.8.3

Daar is ook 'n aantal **betekenisvelde** waarbinne die gebruik van één die gebruik van die ander uitsluit; tog is hulle nie antonieme nie. 'n Tipiese groep is die *kleure*: as iets *groen* is, is dit immers nie *blou* of *rooi* of *geel* . . . nie, maar één kleur is nie in die gewone sin teenoorgesteld aan 'n ander nie (hoewel die fisika met sulke opposisies werk). Daar is baie paradigmas wat hierby gehaal kan word na gelang van hoe wyd 'n mens die betekenisveld wil oopstel:

mes, vurk, lepel . . .
stoel, tafel, kas . . .
vloer, plafon, muur . . .
hoender, eend, makou, gans, kalkoen . . .

In verskeie gevalle is daar 'n oorkoepelende woord wat almal insluit, soos *eetgerei*, *meubels*, *pluimvee* . . . Maar die belangrike is dit: sulke groepe woorde lê in dieselfde betekenisveld; ons assosieer hulle met mekaar met of sònder 'n oorkoepelende woord:

skaap: ram, ooi, lam, kapater . . .
en wol, sy, katoen, bokhaar, nylon . . .
baksteen, sand, sement, kalk . . .

As ons egter iets sê soos:

"In die dorpie se hoofstraat vind ons die poskantoor, bank, twee winkels, telefoonpale, 'n hotel en die polisiekantoor . . ."

voel ons *telefoonpale* as ongerymd aan, hoewel die stelling volkome waar kan wees. Van dié soort ongerymdheid word soms gebruik gemaak om 'n

komiese of 'n skokeffek te verkry; die onpas een word dan laaste genoem.

19.8.4

'n Aspek wat taalkundig nie hierby hoort nie (eintlik nêrens hoort nie!), maar waarop tog in die verbygaan gewys kan word, is die “mal à propos”, die onvanpaste woord. Dit kom uit 'n sekere vormooreenkoms tussen heeltemal verskillende woorde; as die woorde uit 'n vreemde taal geleen is, is die gevaar soveel groter (soos baie Engelse vertellings toon: “Mrs Malaprop” en verskeie van O'Henry s'n).

In Afrikaans het ons die verwarring tussen

1. pensionaris: 'n hoë Nederlandse amptenaar.
pensioentrekker, gepensioeneerde: iemand wat 'n pensioen trek.
(In sommige woordeboeke word “pensionaris” reeds vir “pensioentrekker” aangegee vanweë die veelvuldige verwarring.)
2. 'n Gewoonte is daar in *swang*.
Die partytjie was goed aan die *gang*. (en nie: “in volle swang” soos Engels: “in full swing” nie).

Baie ander is elders genoem en word tereg in skoolhandboeke aangegee, soos: klerklik ≠ klerikaal, leersaam ≠ didakties . . . en selfs eenvoudige, alledaagse woorde soos:

'n vergelyk *tref*: tot 'n ooreenkoms geraak

'n vergelyking *trek*: vergelykbare sake teenoor mekaar stel.

Dink ook maar aan die verwarring by: 'n sekere optrede *gelas* (= gebied), waar, veral by: 'n *optrede afgelas*, dit met *las* verwar word.

Goeie woordeboeke gee hier voldoende uitsluitel.

19.9 Betekenisvelde met sintagmatiese verhoudings

R.H. Robins (in *General Linguistics*, 67) maak die opmerking (vertaal): “In 'n taal dra elke woord wat na die wêreld buite hom verwys, sý besondere betekenis en tree in sinne op sóos dit optree, omdat dit met 'n deel van die wêreld op 'n besondere wyse anders saamhang as enige ander woord.”

Hierdie samehang of samehorigheid van één woord met sekere ander woorde in die sintagma verskil van die grammatiese samehang wat ons in die sintaksis ondersoek het; dáárom onderskei ons tussen “grammatiese aanvaarbaarheid” en “semantiese aanvaarbaarheid”, wat albei vir die aanvaarbaarheid van 'n sin nodig is.

Hierdie semantiese samehorigheid val vanself in 'n aantal tipes:

Eerstens het ons die gewone “vanselfsprekende” betekenis-samehang: Hoewel iets soos 'n *helder nag* goed denkbaar is en inderdaad voorkom, is *donker nag* seker gewoen. So ook: *groen gras*, *blou hemel*, *blonde/donker hare*, *sonnige dag*, *koel luggie* . . ., *honde blaf*, *voëls vlieg*, *wind waai*, *verkeer dreun* . . ., *kook kos*, *lui die klok*, *drink water/koffie* . . ., *slaap rustig*, *ry lekker* . . . Die samehang van lidwoorde en ander lede van die lidwoordparadigma met die s. nw., van voegwoorde met dié soort klouse wat hulle inlei en sommige voorsetsels in hulle konstruksies is òf te los òf te vas om hierby te onderskei.

Tweedens, die oordrag (waarvan ons in §19.7.3 gepraat het) bring soms 'n ander samehang mee: teenoor 'n *ware verhaal* praat ons van 'n *ware skelm*; *suiwer alkohol* ≠ *suiwer onsin*; 'n *mooi meisie* ≠ 'n *mooi gemors* . . .

Derdens is daar 'n groot groep uitdrukings met "konvensionele" en met "groepbetekenis", waarmee ons bedoel dat (sommige van) die woorde in die uitdrukking geen afsonderlik identifiseerbare betekenis meer het buite die uitdrukking nie, of dat dit elders 'n ander betekenis het. Sulke gevalle is:

met dapper en stapper	te velde trek
in die reïne bring	op die vooraand van
iemand die loef afsteek	buite beheer raak
'n ogie in die seil hou	van plan wees . . .

Baie hiervan word as deel van die idiomieskat van die taal beskou.

'n Vorm van samehorigheid wat uit swak taalaanvoeling spruit en dikwels die gevolg is van 'n napratery tydens pligpleginge, was oorspronklik beeldspraak, soms swak beeldspraak, wat deur herhaling deel word van mense se taalgebruik. Ons kry dit ook dikwels by kerklike gebruike, selfs in gebede, maar meer alledaags in gevalle soos:

ek hoop en vertrou
sy dank en waardering uitspreek
'n woord van hartlike dank
herwaarts en derwaarts
huiswaarts keer
uit betroubare bron verneem
die mening uitspreek
'n saak aanhangig maak . . .

Hierby sluit 'n groot groep vaste uitdrukings aan:

met broek en baadjie
gedas en geboordjie
heen en weer . . .

19.10

Dit is nie die doel met hierdie werk om die semantiek van Afrikaans as aparte dissipline volledig te probeer behandel nie. Al die ander taalfasette is in die lig van hulle betekenis behandel. Hier wil ons slegs aspekte van betekenis orden waar die beeld daarvan ietwat troebel mag wees na die voorafgaande fragmentariese hantering.

In §19.3 en §19.3.1 het ons reeds in 'n mate saamgevat; hier wil ons by wyse van afronding verwys na betekenis-aangeleenthede wat ook elders ter sprake gekom het.

1. Heel aan die begin, in §1.2, het ons betekenis as die een kant uitgewys, as keersy van die vorm wat die ander kant van die *twesydige* taaleenheid uitmaak.
2. Ons het deurgaans die belang van die *samehang* in 'n taaluiting aange-ton, wat o.a. meebring dat 'n taaleenheid in 'n bepaalde *konteks* in betekenis gebind word. Ondanks die feit van polisemie en homonimie

kan 'n taaleenheid in 'n bepaalde konteks net 'n betekenis of betekenis se binne 'n bepaalde veld hê. Dit ontken nie die feit van verskillende "lae van betekenis" in byvoorbeeld die poësie nie; maar, daarenteen, as iemand bv. in Eugène Marais se

"lê die velde *in sterlig en skade*"

iets lees van "ramp en verlies" in die woord "skade", is hy of moedswillig of hy verstaan nie Afrikaans nie.

Die hele effek van die woordspeeling (waarvoor Engels met sy "pun" so lief is) berus juis op hierdie waarheid.

3. Hierdie samehang of konteks skep ruimte vir die bestaan van **deiktiese** woorde, wat taaleenhede met 'n ad hoc-betekenis is: by elke gebruik sal hulle 'n (ander?) inhoud hê na gelang van die taaleenheid waarna hulle in dié bepaalde konteks verwys. Dit is in §1.7 en §2.2 aangeraak en kom in §2.11.4, §6.2 en hoofstuk 13 onder andere ter sprake.
4. In §2.4 het ons aangetoon dat die betekenis van die **hoofwerkwoord** die vorm van die sin in hoë mate bepaal.

In samehang daarmee het ons uitgewys dat daar van 'n soort **groepbetekenis** sprake is in die **meerledige predikaat** (§2.5(b), §7.4.3) en in die predikaat met **voorsetselwerkwoord** (§2.5(c), §7.6.2.1). Andersoortige betekenisbindinge kry ons by die **wederkerende** (§7.6.2.2) en die **onpersoonlike werkwoorde** (§7.6.2.3) en die **kopulas** (§7.6.2.4).

Ander gesigspunte wat in die taalgebruik rondom die werkwoord van groot belang is, is die leksikale en grammatiese semantiese waardes van **modale hulpwerkwoorde** (§7.3), en die **betekeniskategorieë** by die predikaat (§7.2).

5. Die uitwerking van die keuse van die sinsvorm, **aktief of passief**, (§7.5), sowel as dié van die vooropstelling in 'n sin van 'n ander sinsdeel as die onderwerp (§2.13.3.1.2), is dikwels baie beduidend.
6. Die feit dat die taaluiting, en dus ook die sin, uit konstruksies opgebou is waarin al die afsonderlike woorde nie van gelyke semantiese waarde is nie (§2.6/7), is 'n faset van betekenis wat van die opperste belang in die taalgebruik is.

Dit is ook nie nodig om hier die betekenis van enige bepaalde taaleenheid uit te wys nie; dit is immers die taak van die woordeboek, waarvan Afrikaans genoeg goeies het. Vir uitsluitel oor reg en verkeerd by die baie gevalle waar twyfel kan bestaan, is daar reeds 'n uitgebreide reeks naslaanwerke beskikbaar. Hier wou ons alleen die wetmatighede wat in die taalgebruik bestaan, rangskik.

Die bogenoemde, en ander, betekenisfasette is in hierdie gees by die aangeduide plekke en deur die werk heen, behandel; trouens, die betekenis moet by elke behandeling meepraat, anders is ordening nie moontlik nie. Elke taalondersoeker sal aan die einde van sy besondere stuk ondersoek noodwendig moet uitkom waar hy begin het: by die komplekse **geheel** van die taal.

BYLAE A

INLEIDING TOT DIE FONETIEK

1

TAAL: KLANKBEELD EN SKRIFBEELD

Sonder enige poging om (hier) taal te definieer, kan ons aanvaar dat taal gepraat is baie lank voordat dit geskryf is. Hoewel ons vandag taal op skrif (soos in boeke) en op ander maniere "ingemaak" kry, soos op (grammofoon-) plate en vasgelê op (magnetiese) band, moet ons as uitgangspunt by die taalstudie die **mondelinge taalgebruik** behou. Daar bestaan tale wat alleen (tans) in geskrewe vorm voorkom, soos die klassieke tale Grieks en Latyn, en ander ou tale soos Goties, waarvan die ontwikkeling doodgeloop het, en kunsmatige tale soos Esperanto, maar hulle is "dooie" tale. Daar is ook verskeie tale waar ons 'n baie groot verskil aantref tussen hulle geskrewe vorm aan die een kant en die gesproke vorm(e) aan die ander kant. Maar die taal bly in sy wese 'n geesteswerksaamheid wat hom boweal vir die gehoor (en nie vir die gesig of ander sintuie nie) deur spraakklanke waarneembaar maak.

DIE INTERNASIONALE FONETIESE ALFABET (IFA)

2.1

Om hierdie oorwegings (en om ander wetenskaplike redes) wou taalvorsers 'n betroubaarder visuele voorstelling van die klankbeeld van woorde hê as wat met die gewone skrif moontlik is. Vir blote ondersoek sou grammofoonplate of bandopnames 'n ideale vorm gewees het, maar dit is betreklik jong uitvindings. Boonop is dit nie in **geskifte** oor die onderwerp bruikbaar nie.

Teen 1870 het taalwetenskaplikes die **Internasionale Fonetiese Alfabet (IFA)** opgestel in 'n poging om in die behoefte te voorsien. Hiermee het hulle geprobeer om 'n reeks tekens daar te stel wat sal meebring

- (a) dat 'n bepaalde teken altyd net één klank voorstel en
- (b) dat vir 'n sekere klank altyd net dieselfde teken gebruik word;
- (c) en dat daar 'n teken vir elke klank in die taal is.

Hierin het die opstellers in hoë mate geslaag, hoewel

- i) daar in sommige tale klanke voorkom waarvoor daar aanvanklik nie tekens opgestel is nie. Hierdie tekortkoming kon maklik vir dié tale aangevul word deur tekens te ontwerp vir dié klanke in dié tale.
- ii) Maar omdat die sprekers van verskillende tale (ook van een en dieselfde taal!) klanke dikwels verskillend voortbring, gebeur dit dat die klanke van verskillende tale wat tog deur dieselfde teken voorgestel word, soms effens en soms heelwat van mekaar verskil, en selfs binne dieselfde taal soms verskil. Hiervoor kan 'n mens veral die [e] en in mindere mate die [a] vergelyk soos hulle in verskillende tale en woorde voorkom.

2.2

Alvorens ons by die tekens van die IFA kom, moet ons ons afvra waarvoor óns dit sal gebruik. 'n Student moet in staat wees om die presiese (korrekte, aanvaarde) uitspraak van die woorde in die taal (tale) wat hy gebruik, te kan vasstel. Met kennis van die fonetiek kan hy dit doen met behulp van die *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*, saamgestel deur T.H. le Roux en P. de V. Pienaar (uitgewer: J.L. van Schaik, Pretoria). Waar verskillende taalondersoekers in enkele gevalle verskillende tekens vir dieselfde klanke gebruik, gaan ons dié van genoemde uitspraakwoordeboek gebruik, omdat dit vir praktiese doeleindes die beste is (en net in één geval daar gegronde bedenking teen hulle teken ingebring kan word, waarop ons te geleener tyd sal wys).

Daarbenewens is 'n behandeling van die **fonologie** sowel as verskeie ander aspekte van die taalkunde alleen moontlik as 'n presieser skriftelike weergawe van die **gesproke** taal gebruik kan word. Om dié redes moet ons vertrouwd wees met die waardes van die IFA en bedrewe in die gebruik daarvan.

2.3

In verband met die gebruik van die fonetiek moet ons allereers van die volgende kennis neem:

- (a) Om verwarring met gewone skrif te voorkom (en omdat die meeste fonetiese tekens soos gewone letters lyk) skryf ons alle fonetiese skrif tussen vierkantige hakies. (In die fonologie en waar dit om foneme gaan, skryf ons die betrokke tekens tussen skuins strepe).
- (b) In fonetiese transkripsie kom geen “hoofletters” voor nie; dit sou immers dadelik twee tekens vir dieselfde klank meebring.
- (c) In fonetiese transkripsie van ’n deurlopende stuk maak ons wel van al die gewone **leestekens** wat in die oorspronklike voorkom, gebruik. ’n Ander (maar myns insiens baie onbevredigende) gebruik is om nie die gewone leestekens te gebruik nie, maar die langer pouses (soos vir ’n punt) deur ’n dubbele skuins streep en korter pouses (soos die komma, kommapunt) deur ’n enkele skuins streep aan te dui. Leestekens doen egter baie meer as net ’n korter of langer pouse aandui.
- (d) Ons maak van geeneen van die gewone skryftekens (= diakritiese tekens) gebruik nie, nl. die kappie ^, die akuutaksent ´, gravisaksent ` , deelteken ¨, koppelteken -, en afkappingsteken ´. Die behoefte aan hulle gebruik (behalwe die twee aksenttekens) verval immers uit die aard van die IFA.
- (e) Die fonetiek het wel ’n groot aantal eie diakritiese (= onderskeidende) tekens, waarvan vir ons doel vir Afrikaans net die volgende vier nodig is:
 - (i) [:] soos ’n dubbelpunt, altyd net ná die tekens vir sommige vokale om aan te dui dat hulle langer van duur is.
 - (ii) [ʔ] soos die vraagteken maar sonder die punt daaronder, om ’n stembandklapper (sien later) aan te dui.
 - (iii) [ˈ] ’n regaf strepie vóór die sillabe wat in ’n meerlettergrepige woord die **hoofklem** dra, in die **boonste** helfte van die reël.
 - (iv) [ˌ] ’n regaf strepie in die **onderste** helfte van die reël ook vóór die sillabe wat in ’n woord ’n **byaksent** dra.

Ons gee in enkele gevalle ook tekens wat nie in Afrikaans voorkom nie, omdat hulle wel in Engels en soms Nederlands voorkom en die vergelyking dit duideliker maak. In die Suid-Afrikaanse taalsituasie het dit vir 'n student ook ander voordele.

3.1 Vokale

1. [ɑ] a — soos in vat
 [ɑ:] a, aa — soos in vate, laat
 [a:] a, aa — 'n helder a soos in Nederlands (klaar, later, en Duits Vader)
 (Die Engelse [ɑ:] soos in father is weer nog dowwer as die Afrikaans. Dit kom in sommige kringe in Afrikaans voor.)
2. [e] e — kort, soos in metode, metodiek, lerares
 [e:] e, ee — lank, soos in mening, leraar, weet
 (Let ook op die kwaliteitsverskil in die e-klank in lg. drie woorde.)
3. [ɛ] e, è — kort, oop, soos in les, nè
 [ɛ:] e, ê — lank, oop, soos in ver, bère, sê
 (Engels [æ] a — soos in that is 'n ander klank; nie in Afr. nie.)
4. [ə] i, e — neutrale klank, kort, soos in wil, beleef
 [ə:] (moontlik î — lank, soos in wîe; Engels work)
5. [i] i, ie — kort, soos in vlieg
 [i:] ie — lank, soos in vier
6. [ɪ] (i — Engels bit, Hollands wit, Duits ich, bitten.
 Lê tussen nommer 4 en 5. Soms van aanstellerigheid in Afrikaans gebruik by ewig, ens.)
7. [o] o — kort indien onbeklemtoon, in oase, olienhout
 [o:] o, oo — lank, soos in olie, room
8. [ɔ] o — kort, soos in bot, os
 [ɔ:] o, ô — lank, soos in bord, môre
9. [u] oe — kort, soos in boet
 [u:] oe — lank, soos in roer
10. [œ] u — kort, soos in lus, brug
 [œ:] û — lank, soos in brûe
 (Let op dat die tekens by 9 en 10 vir die Afrikaanse gevoel net omgekeerd behoort te wees!)
11. [ø] eu — gerond, slegs lank, soos in neus, leuse
12. [y] u, uu — gerond, kort, soos in rusie, nuus
 [y:] uu — gerond, lank, soos in vuur
13. [ʌ] (Engels u soos in but, us. Nie Afr. nie.)

In verband met vokale is daar nog die volgende twee aspekte:

- (a) Sommige klinkers ondergaan soms **nasalering** (sien later), wat ons in fonetiese skrif met 'n gegolfde strepie (=tilde:~) bo die letter aandui.
- (b) Sommige klinkers vorm twee-twee 'n kombinasie wat aaneenlopend (dus eensillabig) uitgespreek word, en staan bekend as **tweeklanke of diftonge**.

Genasaleerde vokale:

Let wel: Die woorde gemerk / **moet** nasalering kry. Vir verpligte ≠ opsionele nasalering sien §18.1.4.

14. [ã] aan — onbeklemtoond, kort, soos in **aangaande**
[ã:] an, aan — met klem, lank, soos in kans/, **aangestel**
15. [ẽ] en — onbeklemtoond, kort, soos soms in **enjambement**
[ẽ:] en — met klem, lank, soos in wens/
16. [ĩ] 'n, in — soos soms die lidwoord 'n, **ingeval** (= as)
17. [õ] on — onbeklemtoond, kort, soos **onseker**
[õ:] on — met klem, lank, soos **ons**/
18. [œ] um, un — snorkgeluid: **hum**
[œ] un — lank, soos in **lunsriem**/, **kunsies**

Tweeklanke of diftonge:

19. [ai] ai — kort, soos in uitroep: **aitsa!**
[a:i] aai — lank, soos in **baai**
20. [e:u] eeu — lank, soos in **meeu**
21. [əi] ei, y — lank, soos in lei, ly
22. [o:i] ooi — lank, soos in **mooi**
23. [ə:i] ôi — lank, soos in **nôi**
24. [ui] oei — kort, soos in **bloei**
25. [æy] ui — soos in **muis**
26. [ou] ou — soos in **hout** (Ons sal met prof. M. de Villiers saamstem dat hierdie teken [œu] behoort te wees, omdat [ou] klaarblyklik nie klankgetrou is nie. Omdat die *Uitspraakwoordeboek* [ou] gebruik, behou ons dit tog.)
27. [au] (au in Duits, ou in Engels: soos Duits **Haus**, Engels **house**. Kom in Afrikaans net by klanknabootsing **miaau** en in uitroep **au!** voor.)

Opmerking:

Sommige fonetici meen dat dit onnodig is om diftongtekens spesiaal vas te stel, omdat hulle skryfwyse van self kom as ons net die gewone tekens vir die klanke sou gebruik. Daarin het hulle volkome gelyk. Maar ander oorwegings maak dié aanduiding tog nuttig: daar is gevalle — meestal by leenwoorde — waar die twee klanke aan twee sillabes behoort.)

3.2 Medeklinkers of Konsonante:

1. [b] b — soos in **buk**
2. [d] d — soos in **dier, daad**
3. [f] f, v — soos in **flink, ver, dof**
4. [g] g, gh — soos in **berge, ghoen, nege** (ook: x)
5. [x] g — soos in **gaan, lug, leeg, nege**
6. [ç] g — soos soms in **geel, geld, moeg** (Duits **ich**)
7. [ɦ] h — stemhebbend, soos **hawe, hand**
8. [h] h — stemloos, soos Engels **hand**. (Nie Afrikaans nie.)
9. [j] j — soos in **jaag**
10. [k] k — soos in **koffie**
11. [c] tj, dj, k — soos in **voetjie, hoedjie, handjie**, en soms **kies, keel**
12. [l] l — soos in **leeg**
13. [m] m — soos in **maan**
14. [n] n — soos in **nee**
15. [ɲ] n — net in verkleinwoorde soos **kantjie, handjie**, en enkele vreemde woorde soos **sjampanje**. (Dit is geen uitgemaakte saak dat Afrikaans hierdie klank onderskei nie!)
16. [ŋ] ng — soos in **bang, lank**
17. [p] p — soos in **paal**
18. [r] r — die rol-r soos in **ruk**
[R] r — die bry-r
19. [s] s — soos in **soos**
20. [ʃ] sj — soos in enkele vreemde woorde: **sjarmant, sjablone, sjampanje** (Kom baie in Engels en Duits voor.)
21. [ʒ] g — in sommige vreemde woorde soos **genre** en ook **genie, regie**, (ook soms **regiment**). (Kom baie in Frans voor.)
22. [t] t — soos in **tien, dood**
23. [tʃ] tj — soos in **tjank** (Kom in Engels baie voor — **church**.)
24. [dʒ] (Soos in Engels **judge** — kom nie in standaard-Afrikaans voor nie; wel as Kaapse dialekvorm in **jy, jou, ja**.)
25. [v] w — soos in **water**
26. [ʋ] w — soos soms (met albei lippe) in **kwaad, twee**
27. [w] w — (die Engelse tuitmond-w in **walk** — kom nie in Afr. voor nie.)
28. [z] z, s — stemhebbend, soos in **zoem**
29. [ð] (Engelse th in **this, father**)
30. [θ] (Engelse th in **think**)

Opmerkings:

1. Die stembandklapper [ʔ] is geen afsonderlike klank nie, maar is slegs as deel van die aanvangsvokaal by sillabes wat met 'n vokaal begin, merkbaar. As 'n mens die woord *bereis* [bə'rɛis] sê langs die woord *vereis* [fər'ɛis] is die stembandklapper in [fər'ɛis] duidelik merkbaar op die plek waar die aksentstrepie staan. Ons toon die stembandklapper slegs aan as ons baie bepaald daarop wil wys, gewoonlik om te onderskei. In ons voorbeeld hierbo is dit nie nodig nie, omdat die aksentstrepie aantoon dat die sillabe met die vokaal begin; ons kàn ook skryf [fərʔɛis].
2. In elke woord met twee of meer sillabes *moet* ons in fonetiese skrif die sillabe wat die hoofklem dra met die aksentteken aantoon, soos hierbo, en soos in [po'litisi], [xə'na:dəslax]. Ons toon die byaksent net om spesiaal daarop te wys.
3. In fonetiese transkripsie gee ons altyd die werklike standaarduitspraak (SU, sien §18.1.1) en nie letteruitspraak (sien §18.1.2) nie, tensy dit juis om die vergelyking gaan. Ons aanvaar egter alle erkende uitspraak-vorme binne die SU.

Ons gebruik die fonetiese alfabet só om los woorde se uitspraak te gee:

kalf	— [kalf]	verrassing	— [fə'rasəŋ]
twalf	— [tvɑ:lf; tvɑ:lf]	verassing	— [fər'asəŋ, fərʔasəŋ]
beskuit	— [bə'skœyt]	verrykend	— [fə'rɛikənt]
dotjie	— ['dɔici]	verreikend	— ['fər(r)ɛikənt]
handjie	— ['hɑŋci]	bloeiende	— ['bluiəndə]

'n Deurlopende stuk word só geskryf:

“Meen jy ook Koos se sêgoed is snaaks?” vra hy so ewe ongeërg.
[“me:n jəi o:k ko:s sə 'sɛ:xut əs snɑ:ks?” frɑ: həi so'e:və'ð:xəʔɛrx.]

DIE INDELING VAN SPRAAKKLanke

Ons ken nou die fonetiese alfabet en die spraakklanke waarvoor hulle staan, en kan makliker volg as ons nou vasstel hoe dié spraakklanke voortgebring word.

4.1 Stem


Vereers vat ons net die volgende saam:

- (a) Ons praat met behulp van die lug wat uit die longe oor die spraakorgane gedryf word. (Die inheemse volke van ons land maak in hulle tale ook van invloeiende lug gebruik, nl. by die verskillende klapklanke. Europese tale doen dit nie; Afrikaans net by “t-t-t” as ons spyt of so iets te kenne gee.)
- (b) Aan die bo-ent van die lugpyp is die strottehoof, waarbinne die stembande (stemlippe) geleë is. Hierdie stembande bring geluid voort as lug uit die longe oor hulle gaan terwyl hulle gespan is, en hulle dus laat tril. Hulle kan ook ontspanne wees, wanneer die lug vrye deurgang het sonder dat enige geluid voortgebring word deur die stembande. Die geluid wat deur die stembande voortgebring word, noem ons **stem**.
- (c) Spraakklanke waarby daar ’n trilling van die stembande voorkom — wat dus stem het — noem ons **stemhebbende** klanke, terwyl die klanke sonder stem, **stemloos** is.
- (d) As ’n klank gevorm word deur die stembande se trilling en gekenmerk word deur sy **resonansie**, maar verder ongesteurd deur die mond of neusopening uitgaan, noem ons dit ’n **vokaal**. **Konsonante**, daarenteen, word veral gekenmerk deur ’n hoorbare steuring of onderbreking van die lugstroom bokant die stembande.
- (e) Alle vokale bestaan dus hoofsaaklik uit stem; konsonante is of stemhebbend of stemloos.

4.2 Ander spraakorgane


Verder klassifiseer ons alle klanke op grond van die **plek** waar en **manier** waarop hulle bokant die stembande gevorm word. Omdat die internasionaalgebruikte terme meestal van die Latynse woorde vir die verskillende monddele gevorm is, en om ’n beter begrip van die spraakorgane te kry, gebruik ons die volgende skets met name in Afrikaans en Latyn (waar nodig):

- 1 — Neusholte
- 2 — Lippe (labia)
- 3 — Tande (dentes)
- 4 — Tandwortels (alveolae)
- 5 — Harde verhemelte (palatum durum)
- 6 — Sagte verhemelte (velum)
- 7 — Huig of kleintongetjie (uvula)
- 8 — Mondholte
- 9 — Keel
- 10 — Stemspleet (glottis) tussen stembande
- 11 — Tongwortel
- 12 — Tongblad
- 13 — Tongpunt



4.3 Vokale of klinkers


- (a) Na gelang van die **posisie in die mond** waar 'n resonansruimte vir die vorming van die besondere vokaalklank geskep word deur die tong en/of die onderkaak en/of die sagte verhemelte, word vokale as **agter**, **sentraal** of **voor**, en as **hoog**, **middelhoog**, **middellaag** of **laag** geklassifiseer. Vir dié doel is die sogenaamde **vokaalvierhoek** ontwerp, wat só in die mond sal pas as ons die tong "uithaal":
(Vierkantige hakies weggelaat by fonetiese tekens!)



Hierdie nege vokaalpunte word die **kardinale vokale** genoem, en verteenwoordig die uiterste posisies waarby hierdie klanke gevorm kan

word. In Afrikaans vorm ons geeneen van ons vokale met soveel spanning as wat hiervoor vereis word nie. (Verskeie Wes-Europese tale doen dit by sommige wêl.)

In die volgende vierhoek (nou in die vorm gegee soos dit meestal voorgestel word) word die benaderde posisies van die Afrikaanse vokale tussen vierkantige hakies voorgestel, terwyl die kardinale vokale sonder hakies staan (gebaseer op M. de Villiers: *Afrikaanse Klankleer*, 1965, bl. 55, en T.H. le Roux: *Afrikaanse Taalstudies*, 11de druk, 1968, insetsel):



- (b) As die **lippe** ook tot die artikulasie bydra, kom die verdere aspek van **geronde** of **ongeronde** klanke by; iets wat net by enkele vokale ter sprake kom, soos hierna aangetoon. Nogtans is dit van baie groot belang, want dit is van die sterk onderskeidende kenmerke van sommige spraakklanke in Afrikaans (wat nogal vir sommige Engelssprekendes 'n bietjie moeilikheid gee omdat dit nie by dieselfde klanke in Engels voorkom nie).

- (c) Ons sal die Afrikaanse vokale dus só klassifiseer:

- | | | |
|---------------------|-----------------------|---------------------|
| 1. Voorvokale: | A. Hoog: | (i) Ongerond: [i] |
| | | (ii) Gerond: [y] |
| | B. Middelhoog: | (i) Ongerond: [e] |
| | | (ii) Gerond: [ø] |
| | C. Middellaag: | (Net ongerond): [ɛ] |
| 2. Sentrale vokale: | | (i) Ongerond: [ə] |
| | | (ii) Gerond: [œ] |
| 3. Agtervokale: | A. Hoog: | Gerond: [u] |
| | B. (Hoog) Middelhoog: | Gerond: [o] |
| | C. Middellaag: | Gerond: [ɔ] |
| | D. (Laag) Middellaag: | Ongerond: [ɑ] |

Opmerking:

In plaas van **hoog** praat baie taalkundiges van **geslote**; i.p.v. **middelhoog** — **halfgeslote**; i.p.v. **middellaag** — **halfoop**; i.p.v. **laag** — **oop**.

4.4 Konsonante of medeklinkers

Die konsonante word geklassifiseer volgens

- (a) die **manier** waarop die lug (uit die longe) en die spraakorgane gebruik word om die klank voort te bring, en
 - (b) die **plek** of **spraakorgaan** wat gebruik word, en
 - (c) of die konsonant **met of sonder stem** is.
- (a) Volgens **manier** van artikulasie:
1. **Eksplousiewe** word gevorm as die vloei van die lug êrens bo die strottehoof geheel afgesny word, en dan skielik weer vrygestel word, soos by [p, b, t, d, k, g, c], en die ?
 2. **Frikatiewe** ontstaan wanneer die lug deur 'n vernouing in die spraakkanaal gedryf word en só 'n hoorbare geruis maak, soos by [h, fi, x, ç, j, s, z, ʃ, ʒ, θ, ð, f, v] en miskien [v] (= by *twee*, *kwaad* met albei lippe).
 3. **Trillers** word veroorsaak deurdat lug die tongpunt of kleintongetjie (huig) vinnig laat beweeg, om die klanke [r] of [R] onderskeidelik voort te bring.
 4. **Laterale of syklanke** word gevorm deurdat die tong êrens teen die verhemelte vas druk, maar die lug aan een of albei kante deurlaat. Hoewel daar 'n hele aantal maniere (in dieselfde en in verskillende tale) is waarop hierdie klanke gevorm word, gebruik ons net die een fonetiese teken [l] daarvoor.
 5. **Nasale** word gevorm as die deurgang van die lugstroom deur die mond heeltemal afgesny word, maar die neuskanaal oopgemaak word, soos by [m, n, ŋ, ŋ].
- (b) Volgens **plek** van artikulasie:
- (i) **Bilabiale** klanke word met albei lippe gevorm, soos die [p, b, v, m].
 - (ii) **Labiodentale** klanke word met die onderlip teen die botande gevorm, soos die [f, v].
 - (iii) **Alveolêre** klanke of **alveolare** word met die tongpunt teen die tandwortels (en soms teen die tande self) gevorm, soos die [t, d, s, z, r, l, n]. (As die tong teen die tande gedruk word, praat ons van apikodentale klanke, soos die [θ, ð].)
 - (iv) **Palatale** klanke word met die (plat van die) tong teen of by die harde verhemelte gevorm, soos die [tʃ, dʒ, ʃ, ʒ, c, ç, j, ɲ].
 - (v) **Velêre** klanke of **velare** word met die agtertong by of teen die sagte verhemelte gevorm, soos die [k, g, z, ŋ] en soms die [R].
 - (vi) **Uvulêre** klanke of **uvulare** word met die huig (= kleintongetjie) gemaak, en is in Afrikaans net die [R] soos deur sommige bryers gemaak.

(vii) **Glottale** klanke is dié wat ontstaan as lug deur die spleet tussen die stembande gedryf word met 'n sterker asemstoot as wat met vokaalvorming gebeur, soos vir die [h, fi, ?].

(c) 'n Nuttige bykomstige onderskeiding (wat in werklikheid nie 'n afsonderlike soort klank aandui nie) word vir die [l] en die [r] gemaak; ons noem hulle die **likwidale**; soms word die [m] en die [n] ook daarby gereken. Hulle het dikwels 'n besondere invloed op die spraakklanke in hulle omgewing.

In *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* is op bl. x 'n *tabel van konsonante*, wat ons in staat stel om die verskillende konsonante te identifiseer, soos:

[p] — bilabiale stemlose eksplosief

[z] — alveolêre stemhebbende frikatief

[ŋ] — velêre nasaal

en dergelike meer.

Hieronder is 'n effens gewysigde tabel wat vir ons doel voldoende is.

Manier van vorming Plek van vorming	Eksplosief	Frikatief	Triller	Syklank	Nasaal
Bilabiaal	p b	v			m
Labiodentaal		f v			
Alveolêr	t d	s z	r	l	n
Palataal	c	ʃ, ʒ ʒ, j			ɲ
Velêr	k g	x			ŋ
Uvulêr			R		
Glottaal	ʔ	h fi			

L.W.: Waar twee of meer tekens in een blokkie staan, is die stemlose klank(e) eerste.

—oOo—

BYLAE B

TERMINOLOGIELYS

aanhangelingsgeval (=selfnoem-funksie) §9.1.2
aanspreekvorm §3.6
AB-taal (=algemeen beskaafde) 'n uitdrukking om die standaardtaal aan te dui
ablaut §15.6.3
absolute werkwoorde §7.6.2.5
adjektief (byvoeglike naamwoord) §3.3 hfst. 10
adjektiewe (byvoeglike . .) funksie §2.8.7, §10.1
afhanklike woordorde §2.13.3.2
afleiding §15.6.2, §16.2
afleidingsmorfeem §15.6.2
agens §7.5.1.1
agtervokaal Bylae A, §4.3
akoesties §17.1
aksent §17.4.2
aktief §7.5
allofoon §17.2
allomorf §15.3, §15.10
alveolêr Bylae A, §4.4
analogie §15.7.5
anlaut §17.3
antoniem, antonimie §19.8.2
apokopee §18.2.3(3)
aspek §7.2.2
assibilasie §18.2.1(1)
assimilasie §18.1.3
atemporeel §7.2.1
attribuut, attributief §10.1.1-2
auslaut §17.3

basiese sinspatroon §2.7
beduidend §2.1
beklemtoon (klem) §17.4
belanghebbende (=indirekte) voorwerp §2.8.3
bepaal §2.8.5-7, §10.1
bepaler (by komposita) §15.7.4
bepaling §2.8.5, 5-7
besitter, besitterskonstruksie (genitiefkonstruksie) §2.8.7, §9.1.4
betekenis §1.2, hfst. 19
betekenisveld §19.6
betrek(like) §3.3.7.2, §13.7
bevelsin §2.9(c)
bilabiaal Bylae A, §4.4
bysin (-ne) §2.11.5
bystelling §3.3.7.2
byvoeglike (adjektiewe) funksie §2.8.7, §10.1
byvoeglike naamwoord §2.8.7, hfst. 10
bywoord §2.8.5, hfst. 6
bywoordelike bepaling §2.8.5
bywoordelike funksie §2.8.5

deiksis, deiktiese woord §1.7, §6.2, hfst. 10

determineer § 5.2.3: 'n term wat sê dat genoemde saak meebring dat 'n bepaalde vorm of taaleenheid gebruik moet word, bv. "n onderskikkende voegwoord determineer die afhanklike woordorde in die klous wat dit inlui."
determineerders §3.3.6, §8.3
deursigtige (≠ondeursigtige) woorde §19.1
diachronies §9.3.1(3): 'n diachroniese taalbeskrywing gee die bestaande op die agtergrond van die geskiedkundige ontwikkeling.
diftong (tweeklank) Bylae A, §3.1
diftongering §18.2.1
direkte voorwerp §2.8.2
disjunk §6.3
dissimilasie §18.2.1 (2)
dominant, dominansie §7.2
duratiewe (aspek) §7.4.8

eerste werkwoordlid van die predikaat §2.11, §7.1.5
eksplisiet (=in woorde gestel) §2.7
eksplosief Bylae A, §4.4
elisie §18.2.3
ellips, elliptiese sin §5.1.1
enkelvoudige predikaat §7.4.4
enkelvoudige sin §2.11.1
epentese, epenteties §18.2.2 (2)
etimologie §19.7.2

figuurlike (oordragtelike) betekenis §19.7.3
finiete werkwoord §7.1.5
fleksie (=buiging) §15.6.1, §16.1
fleksiomorfeem §15.6.1
foneem §17.2
fonologie hfst. 17 + 18
foon (fone) §17.2
frikatief Bylae A, §4.4
funksie (1) (=op die vlak van die sinsdeel) §2.8
funksie (2) (=op die vlak van die woord) hfst. 3
funksiewisseling (=transposisie) §3.7

gebonde morfeem §15.6
genitiefskonstruksie (besitterskonstruksie) §2.8.7
geronde vokaal Bylae A, §4.3
gesegde (predikaat) §2.5
geslote woordsoorte §3.10
gesplete sin §14.8.3
geykte uitdrukking: 'n uitdrukking wat 'n vaste vorm

het en 'n min of meer vaste betekenis wat nie sonder meer met die "ge-sigswaarde" van die woorde in die uitdrukking ooreenstem nie.
glottaal Bylae A, §4.4
grammatiese betekenis §19.4
grammatiese homonieme §3.8, §19.7.6
groepbetekenis §19.2.1
groepvorming §3.2, §8.1

hendiadis §7.4.5
heteronieme (sien homograwe)
hiperkorreksie §7.3.2.6 = 'n oordrewe poging om korrek te praat/skryf waarin daar dan na analogie van ander (korrekte) vorme in 'n sekere geval 'n fout begaan word
historiese presens §7.2.1
homofoon §19.7.6
homograwe (=heteronieme)
Woorde wat eenders geskryf word maar in uitspraak en betekenis verskil, bv. "gesel" vir strafuig of meeloper.
homonieme, homonimie §19.7.6
hoof (van 'n konstruksie) §2.7
hoofsin §2.11.2
hoofwerkwoord §7.1.1-2
hoog (hoë vokaal) Bylae A, §4.3
houding (=attitude) §1.7
hulpwerkwoord §7.1.2

imperatief §7.2.3
imperfek §7.1.3
impliseer, implisiet, (by) implikasie §2.7
indikatief §7.2.3
indirekte (=belanghebbende) voorwerp §2.8.3
infinitief §7.1.2
ingressiewe (aspek) §7.4.7
inkohatiewe (aspek) §7.4.7
inlaut §18.1.6 (g)
inlyf (ingelyf, ingelyfde, inlywing) §14.1.5
inlyfsin §14.1.5
interpunksie = die gebruik van leestekens §2.8
intonasie §17.4
intransitiwewerke (=onoorgan-klike) werkwoorde §7.6.1
ironie §19.3.1 (h)
iteratiewe (aspek) §7.4.9

juktasposisie §15.7.4: 'n term om te verwys na taaleen-hede in hulle normale po-

sie langs mekaar in die
sin; naasliggendheid
karakteriserende §7.2.1

kategorie (kategorieë, kate-
goriale) §3.11

kern (by komposita) §15.7.4

kern (sinskern) §2.4

klem (klemtoon, beklemtoon)
§17.4.2.1

klinker (=vokaal) Bylae A,
§3.1, §4.3

kloos §2.11 (F) en voetnoot

koartikulasie §17.2.6

kompleks §15.2

komplement §2.4

komplementêr §7.6.2.2

komplementêre spreiding
§17.2.5

konformeer §2.13.3, §7.2

konjunk (-te bywoord) §6.2

konjunktief §7.2.3

konsonant (=medeklinker)
Bylae A, §3.2, §4.4

konstruksie §2.7

konteks (1) die konteks waar-
binne lede van 'n para-
digma optree §17.2(2-4)

konteks (2) die konteks waar-
binne 'n skynbaar onvolle-
dige sin wel sin is; wat 'n
onreëlmatigheid binne die
reël bring; waarbinne die
konjunk, die deiktiese
woord, optree

koppelwerkwoord (kopula)
§7.6.2.4

kopula (koppelwerkwoord)
§7.6.2.4

laag (lae vokaal) Bylae A,
§4.3

labiodentaal Bylae A, §4.4

lateraal (=syklank) Bylae A,
§4.4

lekseem §15.1

leksikale betekenis §19.4

lemma (-s) §15.1 "Titelwoord,
trefwoord in 'n naslaan-
werk"

likwidaal Bylae A, §4.4

medeklinker (=konsonant)
Bylae A, §3.2, §4.4

meerledige predikaat (deeltjie-
werkwoord) §7.5.3

metafoor §14.7.2(7), §19.3.1
(G)

metamorfeem §15.6.3

metatesis §18.2.1 (5)

middelhoog Bylae A, §4.3

middellaag Bylae A, §4.3

modaal §7.2.3

modale hulpwerkwoord §7.1.4,
§7.3

modale predikaat §7.1.4

morf §15.3

morfeem §15.2

morfemiese (bou) §7.1.2

morfologie hfst. 15 en 16

naamwoord §2-8, §2.8.1-4,

§3.3, hfst. 8

nabepaling §10.1.6

nasaal Bylae A, §4.4

nasalering §18.1.4

newegeskik §2.11.2, §14.1.2,
§5.1.2

neweskikkende voegwoord
§2.11.2, §5.1

normale (woordorde, hou-
ding) §2.13.3.1.1

nulmorfeem §15.10.2

om-te-infinitieskonstruksie
§2.12, §7.7.1

onafhanklike sin §2.11.3

ondergeskik §2.7, §2.11.5

ondergeskikte kloos (sin)
§2.11.5

onderwerp §2.3, §2.8.1

ongeronde vokaal Bylae A,
§4.3

onoorganklike (=intransi-
tiewe) werkwoorde §7.6.1

onpersoonlike voornaam-
woord §7.6.2.3, §13.5

onpersoonlike werkwoord
§7.6.2.3

onproduktief (onproduktiewe
morfe) §15.9

ont ronding §18.1.5

ontvangsin §14.1.5

oordrag (van betekenis)
§19.7.3

oordragtelike (figuurlike)
betekenis §7.7.4.2 (c)

oorgangsklank (-vorm)
§18.1.9

oorganklike (=transitiewe)
werkwoorde §7.6.1

ope woordsoorte §3.10

o-p-konstruksie §2.13.3, §4.1

ouditief §17.1

palataal Bylae A, §4.4

palatalisasie §18.1.7

paragoge §18.2.2 (3)

paramorfeem §15.6.4

partitief (deelbegrip) §4.3.1.1

passief §7.5

passiefkorrelaat §7.1.1, §7.5.1

perfek §7.1.2

perfektief (aspek) §7.4.6

persoon §13.1

persoonlike voornaamwoord
§13.1

plek §1.4

polisemie, polisemies §19.7.6

posisionele allofoon §17.2.6

postmorfeem §15.6 (opm. C)

predikaat (gesegde) §2.5

predikatief §2.5(a), §7.6.2.4

predisering §2.3, §2.5

premorfeem §15.6 (opm.c)

presens §7.1.1

produktief §15.9

prokopee §18.2.3(1)

protese §18.2.2(1)

realiseer (realisering) §15.10.2
'n klank-of skrifvorma-

neem; die aanname van 'n
klank- of 'n skrifvorm;
deel word van 'n uiting
rededeel (woordsoort, woord-
klas) hfst. 3

reger §5.2.1: 'n term wat sê
dat die gebruik van 'n
sekere woord 'n bepaalde
vorm van 'n samehangende
taaleenheid verpligtend
maak, bv. "n Voorsetsel
reger die voorwerpsvorm
van 'n persoonlike voor-
naamwoord na hom." Hy
sit voor my, (nie ek nie)
resonansie Bylae A, §4.1

samestelling §15.7.1-5

sandhi §18.1.3

selfstandige naamwoord hfst.
9

selfnoemfunksie (=aanhaling-
geval) §9.1.2

semantiek hfst. 19

sentrale vokaal Bylae A, §4.3

sillabe (syllabies) §15.7.3

simpleks §15.2

sin (1) §2.1

sin (2) §19.5

synchronies §7.7.4.2: 'n sin-
chroniese taalbeskrywing
beskryf die taal net soos
dit hom op die bepaalde
tydstip vertoon — sonder
verklaring of historiese ag-
tergrond.

sinkopee §18.2.3 (2)

sinoniem, sinonimie §19.8.1

sinsdeel §2.8

sinskern §2.4

sinspatroon §2.4

sinstipe §2.9

sinsverband §14.1

sinsverbinder §2.11.4

sinsvorm §7.5

sintagma §1.4

sintaksis deel 1, hfst. 2-14

sintuiglike werkwoorde
§7.4.4.8

stammorfeem §15.5

stam: selfstandig §15.5.2

stam: onselfstandig §15.5.3

SU (=standaarduitspraak)
§18.1

stelsin (stelling, beweringsin)
§2.9 (a)

stem, stemhebbend, stemloos
Bylae A, §4.1

sterk voltooiende deelwoord
§7.7.4.2

subordinaat (en superordi-
naat) §19.6

supplement §2.5, §7.4

swak voltooiende deelwoorde
§7.7.4.1

taal §1.1

taaleenheid (taalteken) §1.3

teenwoordige tyd §7.2.1

- tempo §17.4.1
- toonhoogte §17.4.1
- transitiewe(=oorganklike)werk-
woorde §7.6.1
- transposisie (=funksiewisse-
ling) §3.7
- trappe van vergelyking §10.3.1,
§16.1.3(2)
- triller Bylae A, §4.4
- tyd §7.2.1
- tydeloos §7.2.1
- uitbreidings §2.4, §2.7
- uiting §2.1
- uitroep §2.9, §3.6
- umlaut §18.2.1
- unieke komponent §15.9.1(1)
- uvulêr Bylae A, §4.4
- veelduidig(heid) §1.7
- veelvoudige predikaat §7.4.4
- velêr Bylae A, §4.4
- verbale hendiadis §7.4.5
- verboë vorm §4.1.1, §13.1.2
- verlede tyd §7.1.2, §7.2.1
- versterkwoorde §3.6
- vokaal (=klinker) Bylae A,
§3.1, §4.3
- vokaalreduksie §18.1.11
- vokalisering §18.1.4
- volgorde §2.13
- voltooide deelwoord §7.1.2
- voltooide infinitief §7.1.2
- voornaamwoord hfst. 13
- voorbepaling §2.8.7, §10.1.2
- voorsetselkonstruksie §4.1
- voorsetselwerkwoord §7.6.2.1
- voorvokaal Bylae A, §4.3
- vorm §1.2
- vraagsin §2.9(b), §14.9.6,
§14.9.8
- vrye uitbreidings §2.7
- wederkerende voornaam-
woord §13.3
- wederkerende werkwoord
§7.6.2.2
- werkwoorde hfst. 7
- woord §1.3
- woordaksent §18.1.10
- woordorde §2.13
- woordsoort (woordklas, rede-
deel) hfst. 3
- W-vraag(sin) §2.9